
AD DESTINATUM



1910 — 1960

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Geskenk aan




Ondervoorsitter van die Raad



Rektor en Onderkanselier

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Ou Letteregebou.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AD DESTINATUM

GEDENKBOEK

VAN DIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



VOORTREKKERPERS BEPERK
JOHANNESBURG
1960

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE samestelling van hierdie gedenkboek is kragtens besluit van die raad van die Universiteit van Pretoria opgedra aan die volgende redaksiekomitee:

Prof. dr. C. H. Rautenbach (rektor, voorsitter en eindredakteur), prof. dr. S. P. Engelbrecht (professor-emeritus), prof. dr. A. N. Pelzer, dr. F. J. du T. Spies, dr. W. J. de Kock en mnr. C. H. Cilliers (skakelbeampte van die Universiteit, sekretaris en tegniese redakteur).

Prof. dr. M. S. B. Kritzinger (professor in die Afrikaanse Letterkunde) het die taalkundige versorging waargeneem en mnr. J. Fourie, assistent vir die skakelbeampte, is gekoöpteer as hulpsekretaris.

Die geskiedskrywing is behartig deur prof. dr. A. N. Pelzer (hoof van die departement Geskiedenis), dr. F. J. du T. Spies (senior lektor in die departement Geskiedenis) en dr. W. J. de Kock (voormalige senior lektor in die departement Geskiedenis).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VOORWOORD

OP 17 Mei 1960 sal die Universiteit van Pretoria die vyftigste verjaarsdag gedenk van die inwerkingtreding van Wet no. 1 van 1910. Deur hierdie wet het die Transvaalse Parlement op die vooraand van die verwesenliking van die Unie van Suid-Afrika die Transvaalse Universiteitskollege, 'n korporasie met ewigdurende opvolging, in Pretoria tot stand gebring.

In werklikheid is daarmee 'n tweede fase ingelui, want sedert 11 Februarie 1908 het in Pretoria 'n vertakking van die destydse Transvaalse Universiteitskollege wat ook die inrigting vir hoër onderwys in Johannesburg ingesluit het, gefunksioneer.

Hoewel Wet no. 1 van 1910 aan die Transvaalse Universiteitskollege 'n afsonderlike bestaan in Pretoria verseker het, was die jong inrigting nie volkome selfstandig nie, omdat dit, net soos ander dergelike inrigtings in Suid-Afrika, nog grootliks onderworpe aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gelaat is. In 1918, met die inwerkingtreding van Wet no. 12 van 1916, is groter selfstandigheid moontlik gemaak, toe die T.U.K. saam met ander universiteitskolleges ingelyf is in 'n Federale Universiteit bekend as die Universiteit van Suid-Afrika. Volkome selfstandigheid is eers op 10 Oktober 1930 verkry, toe die Transvaalse Universiteitskollege die Universiteit van Pretoria geword het. Op 13 September 1932 is deur amptelike besluit die Universiteit meer bepaaldelik in diens van die Afrikaanssprekendes gestel.

Wat die leser hier aangebied word, is 'n relaas van die T.U.K. en van die Universiteit van Pretoria oor 'n bewoë halfeeu heen. Gedurende dié tyd het die inrigting in belangrike opsigte nie alleen van voorkoms nie maar ook van karakter verander en het dit gegroei van 'n heel beskeie begin met 'n handjievol studente in 'n Pretoriase woning tot die grootste residensiële universiteit in die land. Omdat die wordingsgang van die Universiteit van Pretoria so intiem bepaal is deur landsgebeurtenisse sedert Unie, is die groei van die Universiteit in sekere sin ook 'n weerspieëling van die geskiedkundige groei van ons land.

Dit is dus paslik dat in die vyftigste jaar van sy bestaan die Universiteit van Pretoria hom rekenskap sal gee van die pad waarlangs hy ontwikkel het en wat hom van 'n nederige begin gevoer het tot die trotse plek wat hy vandag in die akademiese lewe van Suid-Afrika inneem. Met regmatige trots word saam met duisende vriende, studente en oudstudente dankbaar gelet op steeds toenemende geleenthede wat die Universiteit gebied word om te dien en langs dié weg in eie kring die vertroue te bevestig wat die hele Suid-Afrika in sy toekoms stel.

Langs hierdie weg wil die Universiteit sy dank en waardering betuig teenoor almal wat op een of ander manier met die samestelling van die *Gedenkboek* behulpsaam was. Omdat die wordingsgang van die Universiteit, veral met betrekking tot die bedrywighede van sy studente, nie volledig in dokumente vasgelê is nie, was die herinneringsbeelde van ouddosente, oudstudente en ander belangstellendes besonder waardevol. Ook die dekane, departementshoofde en lede van die administratiewe personeel het waardevolle hulp verleen. Insonderheid is die Universiteit dank verskuldig aan die komitee wat hierdie uitgawe voorberei het.

C. T. Tilwale

KANSELIER.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

EERSTE DRUK: APRIL 1960

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

INHOUD

VOORWOORD v

I AANVANGSJARE: PRETORIA EN DIE HOËR ONDERWYS VOOR 1910 1

II DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE (1910 — 1930) 25

III VOERTAAL EN AFRIKAANSWORDING 48

IV DIE WEG VAN DIE UNIVERSITEIT (1930 — 1960) 74

V DIE FAKULTEITE 105

- LETTERE EN WYSBEGEERTE 105
- WIS- EN NATUURKUNDE 130
- LANDBOU 143
- GODGELEERDHEID 163
- REGSGELEERDHEID 176
- HANDEL EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE 188
- VEEARTSENYKUNDE 196
- OPVOEDKUNDE 215
- GENEESKUNDE 221
- TANDHEELKUNDE 235
- INGENIEURSWESE 241

VI BUITEMUURS 249

VII TERREIN EN GEBOUE 264

VIII DIE NIE-DOSERENDE AFDELING 297

IX STUDENTELEWE 323

X TUKKIESPORT 419

XI HIERVANDAAN VERDER 446

VOLLEDIGE INHOUDSOPGAWE 451

ILLUSTRASIES 454

REGISTER 456

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK I

AANVANGSJARE: PRETORIA EN DIE HOËR ONDERWYS VOOR 1910

POGINGS VOOR 1899

DIE hoër onderwys is in Suid-Afrika meer as 'n eeu gelede gebore met die aanname van Wet No. 5 van 1858 deur die Kaapse Parlement wat 'n „Board of Examiners" in die lewe geroep het met bevoegdheid om sertifikate in die Lettere, Natuurwetenskap, Regte, Landmeetkunde, Ingenieurswese en Skeepvaartwetenskap uit te reik. Op daardie tydstip was Pretoria 'n gehug, pas amptelik drie jaar oud en die hele Transvaal staatkundig nog in die woelige jare van sy adolessensie. Selfs van georganiseerde laer onderwys was daar nog haas geen spore nie en middelbare onderwys was 'n saak van die toekoms.

Deur verdere Kaapse wetgewing oor hoër onderwys (Wet No. 13 van 1873) het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as eksaminerende liggaam tot stand gekom in die jaar nadat president Burgers staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword het. In die Kaapkolonie begin verskeie residensiële en doserende kolleges waaronder die Suid-Afrikaanse Kollege (1829) die oudste was en die Victoriakollege op Stellenbosch die nuweling (1874), vir die eksamens van die pasgestigte universiteit kandidate oplei. Die Boererepublieke was van hierdie geleentheid tot 1896 uitgesluit.

In Februarie 1874 het president Burgers eiehandig die konsep geskrywe van 'n onderwyswet vir die Republiek. Dit is deur die Volksraad (Art. 155 van 23 Oktober 1874) as Wet No. 4 van 1874 aangeneem en op 23 Februarie 1876 in werking gestel. Die Burgerswet het onder meer voorsiening gemaak vir „hoger onderwijs" en daar is sprake van 'n „Rector" wat aangestel sou word vir die gimnasium of „hoogere school". Tydens sy Europese besoek het die president ook „hoogleraars" gewerf, o.a. dr. J. A. Roorda Smit vir die filosofiese vakke en dr. E. J. P. Jorissen vir die letterkundige vakke en „oude talen". In werklikheid het ons hier met niks meer as middelbare onderwys te doen nie en selfs dit is (soos baie van pres. Burgers se goedbedoelde planne) nie verwesenlik nie. Die wet is in 1880 deur die Britse bewind in Transvaal herroep.

In die herstelde Republiek kom in die jaar na Majuba Wet No. 1 van 1882 op 4 Mei tot stand. Dit is ontwerp deur ds. S. J. du Toit, die taalpionier, wat nou Superintendent van Onderwys in Transvaal was. Die Du Toit-wet het ook duidelike „bepalingen voor het hooger onderwijs" bevat, insluitend die oprigting van 'n „normaalschool op de zetelplaats (Pretoria)" om amptenare en onderwysers op te lei en oor die algemeen „eene behoorlijke wetenschappelijke opleiding binnen het bereik van de blanke bevolking der Zuid-Afrikaansche Republiek te brengen".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Een afdeling van die normaalskool sou dan praktiese opleiding in ses studierigtings gee wat haas soos fakulteite van die toekoms omskrywe word:

„(a) Paedagogies, ter opleiding van onderwijzers, meer bepaald in de opvoedkunde en 't schoolbestuur;

(b) Juridies, ter opleiding van rechtsgeleerden tot Landdrosten, Procureurs, enz.;

(c) Commercieel en Administratief, ter opleiding van klerken en kantoorbeambten, meer bizonder in het boekhouden en de algemene administratie;

(d) Staatkundig, ter opleiding van Staatsambtenaren, meer bizonder in de Staathuishoudkunde enz.;

(e) Krijgskundig, ter opleiding van een artillerie-corps, in de beginselen der krijgskunde, vestingbouwkunde enz.;

(f) Landbouwkundig, ter bevordering van de Landbouw, met een modelboerderij in verband daarmede."

Die instelling van die kursusse sou van die inskrywings afhanklik wees. Aangesien die minimumgetal nie ontvang is nie, het die ambisieuse bepalings van die wet 'n dooie letter gebly.

Wel het 'n goeie skool in Pretoria vir elementêre onderwys daardeur tot stand gekom. Dit was die Opleidingskool van meester Wessel Louis. Jong Transvalers wat meer gevorderde onderwys wou geniet, is aangemoedig om met beurse wat die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging in Amsterdam na 1885 uit sy Studiefonds beskikbaar gestel het, na Holland te gaan. Intussen skryf *De Volksstem* op 7 Julie 1883: „Wij hopen nog den dag te beleven om in Pretoria een degelijke Hoogeschool te zien verrijzen, met leervakken in de voornaamste takken van wetenschap, welke hier in ons jeugdig land vereischt worden . . . "

Teen Mei 1889 kom die Uitvoerende Raad van die Republiek self met die voorstel om 'n universiteit op te rig en vra Louis en sy bestuur van die Opleidingskool wat hulle dink „over eene Inrichting voor Hoogere Opleiding of Universiteit in ons land." Die bestuur was van mening dat dit geleidelik moes kom en dat een of meer professore intussen aangestel moes word om die grondslag te lê vir die toekomstige inrigting om die land se seuns vir die hoogste betrekkings op te lei. Die Volksraad het op 12 Junie 1889 aan hierdie gedagtes uitvoering gegee. Met die steun van Kruger en Joubert is besluit om 'n universiteit in Pretoria op te rig en £20,000 is daarvoor bewillig. Uit die besprekings blyk die beweegredes duidelik: eerstens, dat jong Transvalers nie buite die landsgrense hul geleerdheid moes gaan soek waar die sedebederf van Europa hulle kon aantas nie, en voorts dat die landsburgers in staat gestel moes word om self poste in die openbare diens te beset, sodat dit nie outomaties in die hande van Kolonialers of Hollanders moes val nie.

Met behulp van dr. W. J. Leyds en ds. S. J. du Toit word in 1889 ernstig na 'n professor in die regsgeleerdheid gesoek. President Kruger nader self sy vriend, die Nederlandse teoloog en staatsman, dr. Abraham Kuyper, om iemand aan te beveel. Hy bied £1,000 per jaar as salaris, skryf hy, maar hy wil dan 'n professor hê „zoo hoog in geleerdheid als de beste Professor in Holland en toch een kind van God".

Die soektog het in Holland niks opgelewer nie; dr. Kuyper en andere was van mening dat die tyd nog nie ryp is nie. Wonderlik genoeg was die Transvaalse dorp Middelburg meer optimisties. Vooraanstaande ingesetenes het aan die einde van 1889 'n memorie begin onderteken waarin op grond van ligging, klimaat en die goeie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sedes van Middelburg versoek word dat die regering die universiteit daar moet oprig, omdat „eene eenvoudige plaats" soos hulle dorp verkieslik is bo die „groote steden" soos Pretoria, Heidelberg, Johannesburg en Potchefstroom „waar te veel aanleiding wordt gegeven voor jonge menschen om van het pad der deugd weg te dwalen"!

Ds. S. J. du Toit het in 1890 in Europa nog probeer professore vind vir „eene originele stichting naar landsaard en volksbehoefte," met drie fakulteite: Regsgeleerdheid, Geneeskunde en Wis- en Natuurkunde. Hy laat die Nederlandse professor Kocks 'n memorandum skrywe „meer bepaaldelijk over de practische inrichting der Medische Faculteit inzonderheid ter opleiding van vroedvrouwen." Hy pols dr. H. F. Jonkman as dosent vir wis- en natuurkundige vakke en verklaar ook dat hy liewer geen teologiese fakulteit wil hê nie. Hy sal self as onderwyshoof in die Republiek *ex officio* rektor wees. Du Toit se pogings het (soos sy eie loopbaan in Transvaal) skipbreuk gely. Hy word deur dr. N. Mansvelt opgevolg wat in 1892 met nog 'n onderwyswet vir die Republiek (Wet No. 8 van 1892) voor die dag kom. Ook daarin was klousules oor „hoger onderwijs" en daaruit spruit die stigting van die bekende Staatsgimnasium (in Augustus 1893) wat alleen vir middelbare onderwys voorsiening gemaak het.

Die eerste rektor was 'n jong klassikus, dr. H. Th. Reinink, uit die personeel van die Teologiese Skool van die Chr. Gereformeerde Kerk in Kampen, en in die personeel het as dosent in Engels gedien W. A. Macfadyen, M.A., LL.B. Albei sou later professore van die T.U.K. word. Die wetenskapsdosent was dr. H. G. Breyer, geoloog, wat in 1897 die „Mijnschool der Z.A.R." sou oprig en ook by die totstandkoming van die T.U.K. 'n aandeel sou hê.

Mansvelt was 'n sterk handhawer van die Hollanderinvloed in die Republiek en geen voorstander van die gedagte aan 'n Transvaalse universiteit nie. Hy sou liewer leerlinge na Nederland sien gaan vir gevorderde studie. Sy houding het gereeld kritiek in die Volksraad uitgelok waar van 1895 af die oprigting van 'n inrigting vir hoër onderwys ongeveer elke jaar ter sprake was. In 1896 is aan Mansvelt opdrag gegee om 'n wetsontwerp ter oprigting van 'n universiteit voor te berei. Dit het hy gedoen, hoewel dit nie wet geword het nie. Die Volksraad het steeds bly aandring op die handhawing van „landzonen" teenoor ingevoerde Kapenaars of Hollanderonderwysers en -amptenare wat die „zuivere Afrikaansche geest" van die Republiek kon aantas en (so is beweer) die nasionaliteit elk op sy eie manier eweveel bedreig het. Oor die Kapenaars kon Mansvelt saamstem. Daarom was hy nie in 1896 daarvoor te vinde nie om die Republiek te laat gebruik maak van die geleentheid om kandidate op te lei vir die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop se eksamens wat deur die Kaapse Wet No. 6 van 1896 ook nou vir die Republieke en Natal oopgestel is.

Op 10 Maart 1899 het die Volksraad die laaste keer oor 'n universiteit gepraat. Die regering word met meerderheidstem opgedra om die vorige besluite oor die oprigting van 'n universiteit deur te voer. A. D. W. Wolmarans was die vernaamste woordvoerder; die Ned. Hervormde Kerk het sy steun toegesê en uit die Vrystaat het *De Express* gepleit vir een universiteit van die twee Boererepublieke om sodoende „zuiver Britsche scholen van de Eckstein's, Beit's en hun bewonderaars aan de Rand" te beveg met 'n suiwer Hollands-Afrikaanse universiteit.

In die vlamme van die oorlog het die planne van voor 1899 opgegaan. Eers in die tydperk van weeropkoms sou dié ideaal, soos soveel ander wat Paul Kruger en die leidsmanne van die Republiek gekoester het, langs ander weë herrys en na vervulling gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE „TRANSVAAL TECHNICAL INSTITUTE"

TERWYL die stryd nog woed, het Milner die onderwys in Transvaal begin herorganiseer. Onder diegene wat hiermee behulpsaam was, tref ons op die Rand weer die latere professor W. A. Macfadyen aan. Ook aan hoër onderwys is daar gedink. Die Direkteur van Onderwys in Transvaal, E. B. Sargant, skrywe op 26 April 1901 aan Milner oor „a teaching university for the two new colonies". Waar moes dit gevestig word? Hoe moes dit begin? Deur enkele professore of splinternuwe kolleges, of deur afgevaardigdes van Balliol en Trinity? Hy doen aan die hand dat Milner self in Oxford en Cambridge 'n groep geleerdes uitsoek en na Suid-Afrika as kommissarisse stuur om toestande te kom ondersoek. Dit het ewenwel nie gebeur nie.

In Julie 1902 het Sargant, in medewerking met die Witwatersrand Council of Education, daartoe oorgegaan om 'n komitee van 21 Engelssprekendes te benoem onder voorsitterskap van Fabian Ware om hom oor hoër tegniese onderwys te adviseer. Hierdie komitee was ten gunste van „a Technical Institution of the Highest kind, which should include all branches of Engineering study" en hulle is opgeneem in 'n breër kommissie (weer onder Fabian Ware, wat in 1903 self Direkteur van Onderwys in Transvaal word) en aan die einde van 1902 deur sir Arthur Lawley, luitenant-goewerneur van Transvaal, benoem.

Intussen het daar vertoë uit die Suid-Afrikaanse Kollege gekom dat die kommissie veral aandag moes skenk aan tegniese onderwys wat met mynwese verband hou en waarby vir Kaaplandse studente in die mynboukunde in hul derde en vierde studiejaar voorsiening gemaak moes word.


Die Ware-kommissie het amptelik geheet „a Commission to enquire into the provision of a Technical and Scientific University at Johannesburg" en het in Julie 1903 verslag gedoen. Naas die instelling van 'n tydelike politegniese instituut in Johannesburg, het hulle aanbeveel dat mettertyd voorsiening gemaak moes word op 'n plek binne bereik van Pretoria en Johannesburg vir universiteitsopleiding in Transvaal deur „subsidiary institutions at a proper centre to develop into a Transvaal university". Voorts moes beplan word vir 'n landboukollege, departemente vir letterkundige en natuurkundige vakke, 'n laboratorium vir bakteriologiese navorsing, Chemie en Patologie, en les bes, 'n normaalkollege vir Johannesburg.

Reeds op 17 Augustus 1903 (Besluit No. 674) rig luitenant-goewerneur Lawley en die Uitvoerende Raad ingevolge Ordonnansie No. 7 van 1903 (Transvaal) waarkragtens onderwys in die Transvaalkolonie beheer is, die Transvaal Technical Institute op, met Ware as eerste voorsitter van die Raad van nege lede. Die raadslede, onder wie dr. G. A. F. Molengraaff, die vroeëre Pretoriase staatsgeoloog, het almal die mynwese verteenwoordig. Op 8 September 1903 het hulle die eerste keer vergader. Een van hul eerste besluite was om die studente van die Cape School of Mines (van 1896 in Kimberley gevestig) nou na Johannesburg oor te bring. In die ou notuleboek wat nog in die Universiteit van die Witwatersrand te sien is, staan oor die eerste vergadering ook: „Resolved that the Council approves in principle the taking over of certain sections of the Technical Education work at Pretoria . . . ". Aan die begin van 1904 word die eerste professore aangestel onder wie dr. H. G. Breyer van Pretoria vir Wiskunde en Fisika.

Saam met verteenwoordigers van die Instituut se raad vorm hulle op 12 Februarie 1904 'n „Board of Studies" met opdrag „to deal with academic matters", en met die senior professor as voorsitter. Die liggaam se besluite sou geen uitvoerende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

krag hê sonder goedkeuring van die raad nie. Dit kan beskou word as die eerste vorm van 'n universiteitsenaat in die Noorde. In Maart het lord Milner en sir Arthur Lawley self die Instituut in tydelike geboue in Kerkstraat kom open en in April 1904 het die inrigting met 'n regeringsubsidie van £38,000 en geldelike steun van die Witwatersrand Council of Education begin.



J. E. (*sir* JOHN) ADAMSON (1867 — 1950).

In die loop van 1904 is die raad uitgebrei tot 25 altesame. Die Pretoriase Stadsraad het ook nou een verteenwoordiger daarin gehad. Op aanbeveling van die destydse Koloniale Sekretaris van Transvaal, mnr. Patrick Duncan, is een lid vir Wes-Transvaal benoem: mnr. J. van der Merwe van Potchefstroom, en een vir Oos-Transvaal: mnr. Johan Rissik van Pretoria. In die loop van 1905 en 1906 kom onder die benoemde raadslede se name bekende Pretorianers voor: E. F. Bourke, J. E. Adamson (Direkteur van Onderwys), Johannes G. van Boeschoten, F. B. Smith (Direkteur van Landbou) en adv. (genl.) J. C. Smuts wat in 1907 vervang is deur dr. F. V. Engelenburg.

Reeds vanaf die Instituut se stigting is daar sprake van sy „Pretoria evening classes" waarvoor in 1904 'n aparte prospektus uitgegee word. Benewens tegniese opleiding in skrynwerk, masjien- en boukonstruksie, „practical mathematics" en „a class in Electricity" was daar aan die begin van 1904 ook al in Pretoria „Law classes" waargeneem deur adv. George T. Morice (1858 — 1930) wat die eerste professor in die regsgeleerdheid aan die T.T.I. sou word. In Junie 1905 het hy op sy lys 43 „law students" in sy Pretoria-klasse. Hy doseer o.a. in die Romeins-Hollandse Reg in Pretoria en gelyktydig in Johannesburg. Die onderwys aan die Instituut was uiteraard toegespits op verskillende ingenieursvakke as voorbereiding vir diens in die mynbedryf. Die inrigting self was ook die eerste paaiement van 'n toekomstige Transvaalse universiteit waarvan dit 'n onderdeel of kollege sou vorm.

In 1904 is daar al sprake van „Arts and Science faculties" wat in die toekoms êrens „in the Country", dit is buite Johannesburg, kon ontstaan. Maar in afwagting van hierdie ontwikkeling word daar gedink aan voorsiening vir die *humaniora* binne die Instituut, „pending the development of the University scheme". Naas die Instituut (aldus sir Arthur Lawley op 25 Januarie 1904) was die bedoeling om 'n gebou op die Plein op te rig waar 'n „School of Music and Art, Museum en Art Gallery" mettertyd bygevoeg sou word.

In die middel van 1905 maak die Raad reeds voorsiening vir die instelling by die T.T.I. van drie departemente:

„(a) Arts, including Classics, English Literature and Modern Languages,
(b) The Sciences connected with Agriculture, and
(c) Law."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dié vakke is van die begin van 1906 gedoseer. Dit was eintlik 'n eksperimentele onderneming met die oog op die invoering van volle graadkursusse later.

In die departement Lettere is in 1905 reeds aangestel die voormalige rektor van die Staatsgimnasium, dr. H. Th. Reinink, wat hom intussen by die C.N.O.-beweging aangesluit het en ook by die Eendrachtskool in Pretoria les gegee het. Engels sou behartig word deur professor John Purves uit Skotland en Moderne Tale (blykbaar Frans en Duits want Nederlands is nie hier gedoseer nie) is aan plaaslike deeltydse kragte oorgelaat. In dié verband mag vermeld word dat op 20 Januarie 1905 selfs 'n „European teacher in Chinese" benoem is, waarskynlik met die oog op die Chinese arbeid in die goudmyne. Daar is ook toe 'n professor in die Wysbegeerte en Opvoedkunde benoem, die eerw. J. H. Hertz, Ph.D. (Columbia). Vir die regskundige vakke is adv. G. T. Morice in September 1905 as professor benoem. Morice het hom uit die staanspoor uitgespreek teen die „Kaapse" rigting van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, sover dit regsopleiding betref. Hy wou die T.T.I. 'n eie rigting sien volg met „a certain measure of independence and degree-giving power".

Die T.T.I. het nooit grade uitgereik nie, slegs sertifikate: na drie jaar studie in een van die drie studierigtings Lettere en Wetenskap, Ingenieursvakke en Mynboukunde, of Regsgeleerdheid is 'n *General Certificate* toegeken in drie klasse: *First Class Honours, Second Class Honours* en *Pass*. Na nog twee jaar voortgesette, „nagraadse" studie is die status *Associate* toegeken.

Hoewel die humanistiese vakke nog weinig lewensvatbaarheid in Johannesburg geopenbaar het — trouens dit tot die einde van 1907 ook nie sou doen nie — het die Raad al in April 1906 op aanbeveling van die dosente 'n besluit geneem dat die naam Transvaal Technical Institute verander moes word. Op 25 Mei 1906 word besluit om by die Regering voor te stel dat deur wetswysiging die nuwe naam moet wees *Transvaal University College*. Hiermee het die Uitvoerende Raad van Transvaal op 21 Junie ingestem. Op 7 Julie 1906 het die waarnemende luitenant-goewerneur, sir Richard Solomon, die akte onderteken waardeur die bestaande aktes gewysig word en die Transvaal Technical Institute sy nuwe naam kry „whereas the said Institution or Association in carrying out its objects has developed two separate branches of work, the one including work of a University character and the other Technical work of a Character usually associated with the term 'Technical Institute'." Onder die nuwe naam het die Raad sy eerste vergadering op 27 Julie gehou en op 1 Augustus 1906 is die T.U.K. formeel deur die Hoë Kommissaris, lord Selborne, geopen op die Plein waar in 1909 die permanente gebou sou kom.

Intussen is aan die hele hoër onderwysplan vir Transvaal al van die begin van 1905 'n nuwe wending gegee. Dit was bekend dat die bekende mynmagnaat, sir Alfred Beit, in Desember 1904 'n skenkingsakte in Londen onderteken het waarkragtens hy sy groot landgoed, Frankenwald, tussen Johannesburg en Pretoria, aan trustees oorgedra het „to be used in perpetuity by the Government of the Transvaal for educational purposes of all kinds and solely and only for such purposes". Daar is ook bepaal dat die eiendom oorgedra kon word aan 'n „University or other Body" wat opgerig mag word om sulke doeleindes uit te voer. In 1905 het Beit sy testament gemaak waarin hy £200,000 nalaat aan „the University of Johannesburg" (die benaming het later geblyk 'n vergissing van die prokureurs te wees, want so 'n inrigting het op daardie oomblik nie bestaan nie) om geboue op Frankenwald mee op te rig. Intussen kon die geld gebruik word deur die „Board of Education" (ook 'n vergissing waaroor die hof later beslis het dat bedoel was die Witwatersrand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Council of Education). Indien dit nie binne tien jaar na Beit se dood gebruik is nie — hy is op 16 Julie 1906 oorlede — sou die skenking na die boedel terugval.

Een van die T.T.I. se eerste professore in 1904 was W. Hele-Shaw van die Universiteit van Liverpool wat gedurende die jaar 1905 as „Principal and Organiser" opgetree het. Hy het die Beitplan met geesdrif omhels en in April 1905 twee lang memoranda geskrywe waarin hy van die standpunt uitgaan dat Frankenwald die setel sou word van 'n toekomstige universiteit met drie fakulteite: Ingenieurswese, Landbou-bosbou en Opvoedkunde (met oorplasing van die Pretoriase Normaalkollege na Frankenwald). Die ligging was onverbeterlik en daar was ruimte. So sou Beit dit wou gehad het, aldus prof. Hele-Shaw. As hoogleraar in die Meganiese en Elektrotegniese Ingenieurswese het hy hom dit veroorloof om sy plan verder toe te lig: daar moes gedeeltelik 'n spesiale treinspoor oor Frankenwald, naby die Modderfontein-dinamietfabriek, gebou word na Pretoria (die bestaande oor Germiston was te ver ooswaarts geleë). Dit moes 'n elektriese spoorlyn wees wat studente van Johannesburg na die universiteit binne tien minute vervoer; van die Pretoriakant sou die reis twintig minute duur! Hy het alle moontlike besonderhede oor die spoorwegplan verstrek en daarby voeg hy die mening dat die Kaapse Universiteit nou „obsolete" geword het. Hier was die geleentheid om in Transvaal 'n eerste doserende „University of Central South Africa" op te rig.

Die Koloniale Sekretaris, mnr. Patrick Duncan, het al die planne droogweg beskrywe as „a little roseate" en in Julie 1905 weier hy om 'n wetsontwerp op versoek van die Raad van die T.T.I. aan die Wetgewende Raad voor te lê wat die oprigting van 'n universiteit sou magtig. Nogtans was Frankenwald voortaan deel van alle bespieëlings oor die Transvaalse Universiteit van die toekoms; sommige het dit beskou as terrein vir 'n „College of Science", ander het dit teen 1906 begin verbind aan 'n landboukollege wat deel moes word van die universiteit.

In die hele land is teen 1906, toe die T.U.K. in Johannesburg sy naam gekry het, heelwat oor die universiteitswese gepraat. Trouens, die „universiteitskwessie" sou nog meer as 'n dekade lank die aandag eis. Die Transvaalse regering het pas die eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop vir Transvaal ook toeganklik gemaak, maar die hoofvraag was nou hoe die patroon van die toekoms sou lyk: 'n enkele groot federale, doserende universiteit vir die hele land met geaffilieerde kolleges oor die hele land? Of die toelating (soos die South African College dit reeds wou hê) van wat destyds genoem is „single college universities", doserend-eksaminerende, residensiële eenhede. Die dosente van die bestaande T.U.K. was sterk voorstanders van hierdie laasgenoemde rigting, maar in breëre kringe was die gevoel voorlopig nog ten gunste van die federale idee, die middelpuntsoekende. Dit het goed ingepas by die heersende politieke toenaderingsluim wat op die Unie sou uitloop. Op die lange duur sou wel blyk dat die sentrifugale neiging dit sou wen, m.a.w. voorlopig het die Kaapse Universiteit se eksamens hul intrede in Transvaal gedoen en van 1906 het lede van die T.U.K. se Raad sitting gekry in die Raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. In 1906 was adv. J. C. Smuts een van dié verteenwoordigers. Toe hy in 1907 minister geword het, is regter Johannes W. Wessels in sy plek benoem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

SMUTS EN DIE T.U.K.: 1907 — 1908



J. C. SMUTS (1870 — 1950).

IN MAART 1907 het genl. J. C. Smuts Koloniale Sekretaris geword in genl. Botha se Transvaalse kabinet. Hy was byna 37 jaar oud en uit die staanspoor weens sy verstandelike krag en persoonlike eienskappe deur die pers aangedui as die „iron hand" van die Regering. Onder hom sou alle onderwys ressorteer en hy het die besondere voorreg gehad om een van die grootste opvoedkundiges in ons geskiedenis in sy departement aan te tref, die Direkteur van Onderwys, J. E. (later sir John) Adamson. Adamson het toe reeds die Normaalkollege in Pretoria gevestig; hy sou tot 1924 die T.U.K. en die Transvaalse onderwys dien en daarna tot in sy gryse ouderdom sy briljante aandeel tot die saak van die opvoeding bly lewer.

Smuts het die portefeulje aanvaar met die vaste voorneme o.a. om die letterkundige en die wis- en natuurkundige vakke van die T.U.K. uit Johannesburg na Pretoria te bring. Dit was deel van wat hy met die onderwys in Transvaal beoog het. Op Boksburg hou hy op 27 Maart 1907 'n toespraak wat groot publisiteit kry. Hy betreur dit dat Transvaal se kinders wegtrek as hulle die laerskool deurloop het. „Zijn idee was hier een ras te zien opgroeien gehegt aan het land, een ras dat zijn denkbeelden had ingedronken van Transvaalsche bodem, waarop zij allen trots waren, en hij kon niet inzien waarom onze kinderen naar een ander deel van Zuid-Afrika gezonden moesten worden of ergens elders om hun opvoeding te volmaken." Aldus die minister.

Hy het geen beswaar om in April toe te laat dat die T.U.K.-raad trustees word van Beit se £200,000 en van Frankenwald nie, maar teen 22 Mei kom sy vroeëre kollegas te hore dat hy 'n gesprek met dr. Breyer gevoer het waarin hy sy plan om „Arts and Science" na Pretoria te verskuiwe, meegedeel het. Die Raad was onthuts omdat hy gereken het dat beslissings oor hoër onderwys by hom tuishoort, nie by die minister nie. Daar is dus besluit „to urge that if the Arts work were disconnected from the Transvaal University College, Frankenwald, and not Pretoria would be a better site for carrying on the work."

Intussen het Smuts sy saak op skrif gestel as leidraad vir Adamson om aan die Raad mee te deel. „The root-idea of the scheme", skrywe hy, „is to carry on the different sides of the work at the centres where they would be most likely to attract the largest number of students, and where the educational conditions are most favourable, and at the same time to preserve through a common institution and a common council unity of educational aim and effort." Hy sou die uittog na Kaapland en die Vrystaat keer. Johannesburg se lettere-klasse was byna leeg (aldus sy memorandum) en die stad sou nooit plattelandse studente trek nie. Hy beskou dit dus as wenslik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om hoër onderwys in Transvaal in drie te verdeel: (a) Tegnologie en Mynwese in Johannesburg, (b) Landbou op Frankenwald en (c) in Pretoria „the Literary Courses and Science Courses, such as are prescribed for the B.A. and higher degrees of the Cape University."

Die T.U.K. moes hierin berus. Op 7 Junie 1907 het die Raad die Koloniale Sekretaris se skema in beginsel aanvaar, maar oor die besonderhede daarvan uitspraak voorbehou. Terwyl hulle as komitee die professore Stanley, Purves en Breyer benoem om die werkverdeling tussen Johannesburg en Pretoria uit te werk, benoem Smuts sy eie departementele komitee op 29 Junie 1907. Adamson was voorsitter, daar was vier T.U.K.-raadslede benewens regter Wessels, dr. Breyer en F. B. Smith. Eintlik moes hulle rapporteer oor wat Smuts klaar besluit het. Dit het hulle op 23 September gedoen. Die driedelige stelsel is as onvermydelik aanvaar, maar daar is aanbeveel dat die naam T.U.K. ook vir Pretoria moes bly. In Pretoria moes „complete Arts and Science Courses" gevestig word met die vakke in drie groepe. Die eerste groep was Latyn (en Romeinse Geskiedenis), Grieks (en Griekse Geskiedenis), Engels, Nederlands, Moderne Tale (Frans en Duits), Moderne Geskiedenis, Logika, Sielkunde, Filosofie, Suiwer en Toegepaste Wiskunde, Fisika, Chemie, Plantkunde, Dierkunde, Opvoedkunde, Hebreeus, Staatsleer en Geologie. Die tweede afdeling sou Regsgeleerdheid wees, die derde Landmeetkunde.

Die Pretoria-klasse moes aan die begin van 1908 'n aanvang neem met huisvesting moontlik in „the building now being planned upon the town lands to the East of Pretoria."

Daar is verder kennis geneem van die feit dat Beit se eksekuteur nie genoeë neem met Frankenwald bloot as landboukollege nie. Die £200,000 uit die boedel was dus nie beskikbaar vir die plan soos deur Smuts voorgestel nie, maar wel as Frankenwald die universiteitsetel word. Weens die ligging word dit egter as onwenslik beskou. Op die Plein was bowendien reeds bouplanne ter waarde van £90,000 aan die gang om studente in die nabyheid van die myne hul opleiding te gee. Dus, 'n T.U.K. in drie dele met hierdie bedenking daarby: „But it seems to us inevitable that while plurality of the branches will be real, their unity will be artificial. Actual distance must bring it about that they will become to all intents and purposes separate, and, so far as their inner life is concerned, independent institutions. There can be no common corporate existence in which students of the three branches can participate . . . "

Aan die begin van November is aan die T.U.K.-raad die rapport van die Adamsonkomitee gestuur met Smuts se mededeling dat hy (soos verder in die rapport voorgestel) die hele Raad versoek om te bedank, sodat 'n nuwe, verkleinde liggaam met gelyke seksies vir Johannesburg en Pretoria ingestel kan word. Die Raad, waarvan die merendeel Johannesburgers was, het nou begin uitvlugte soek, en daarop gewys hoe hulle konsekwent in die saak deur die Minister veronagsaam is. Smuts was bereid om te luister, maar het duidelik te kenne gegee dat hy intussen betyds reëlings moes tref om die klasse in Pretoria aan die gang te kry. Die pers het die „tripartite scheme" van Smuts in Johannesburg begin aanval en Percy Fitzpatrick het verklaar: „Things would be at a deadlock if the tripartite scheme were accepted."

Smuts het van sy kant die knoop op tipies outokratiese manier deurgehak deur die Raad te laat weet dat hy self intussen in Pretoria as raad sou optree, die klasse instel en dan wag tot hulle sy skema aanvaar, bedank en bereid is om op die nuwe raad te dien! Intussen was dit bekend dat hy al aan twee Johannesburgse professore — Purves en Reinink — poste in Pretoria aangebied het. Die Raad het volop rede gehad om gebelg te voel oor die eiegeregtige minister, maar was magteloos om hom teen te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die drieledige Smutsplan, 1907.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gaan. In werklikheid was die lesings in Pretoria al twee weke aan die gang voordat die Raad hersamegestel kon word. Smuts het die vestiging van die T.U.K.-klasse in Pretoria eiehandig en alleen deurgevoer. Hy was inderdaad die stigter daarvan en van die Universiteit van Pretoria wat daaruit sou groei.

DIE „PRETORIA CENTRE" VAN DIE T.U.K.: 1908 — 1910

DIE Transvaalse Departement van Onderwys het in Desember 1907 in opdrag van genl. Smuts inderhaas begin reëlings tref om die eerste vier professore te werf wat in Pretoria diens sou doen. Die Johannesburgse inrigting het daar tot Maart 1908 niks mee te doen gehad nie. Aan een van die toekomstige dosente skryf Smuts: „You may have heard that it is my intention to start University Classes at Pretoria early next year — if possible as a branch of the Transvaal University College; if not, then as a nucleus of a Separate Arts and Science College."

Die poste is ook nie as professorate aangebied nie, slegs as „a post on the staff of the University Classes." Vanselfsprekend is blykbaar aangeneem dat die rang dié van professor sou wees.


Aan prof. H. Th. Reinink van die T.U.K. in Johannesburg word op 11 Desember 1907 geskrywe deur mnr. J. E. Adamson. Hy word die pos in „Dutch and other Modern Languages" aangebied en moes ook bereid wees om met die Klassieke te help. Hoewel Reinink eintlik vir Grieks aangestel is, val die nadruk hier op ander vakke waarvoor daar nie aparte dosente was nie.

Dr. H. Th. Reinink was al 'n ervare dosent ten tyde van sy aanstelling. Vanaf 1893 het hy al in Pretoria en Johannesburg diens gedoen as onderwyser en professor in die klassieke tale. Hy was 'n persoonlike kennis van genl. Smuts wat graag met hom as klassikus 'n gesprek gevoer het. Toe hy in 1930 uit die diens van die Universiteit getree het, was dit Smuts wat voorspraak gedoen het om aan hom 'n leefbare pensioen te verseker. Reeds in 1909 het die Raad besluit om hom teen dieselfde salaris aan te stel as wat hy tot 1899 as rektor van die Staatsgimnasium ontvang het en hoër as dié van professore. Reinink was 'n man van statige, imponerende voorkoms. Hy het steeds Nederlands bly spreek, nooit Afrikaans nie. Onder studente was hy bekend om sy strenge en onverbiddelike eise in sy vak. Weens sy meerdere ervaring was hy aan die begin vanselfsprekend voorsitter van die Senaat aan die Pretoriase afdeling van die T.U.K.

Waarskynlik op dieselfde dag as aan prof. Reinink — die dokument ontbreek — is ook aan prof. John Purves van die T.U.K. in Johannesburg 'n pos deur Adamson aangebied in Engelse Taal en Letterkunde, die vakke wat hy van 1906 af in Johannesburg gedoseer het. Purves was 'n egte Skot, ook in die uitspraak van sy moedertaal. Sy tydgenote onthou hom as 'n deeglike teoretiese taalman en knap student. Hoewel „Modern Languages" aan Reinink toegesê is, het Purves die Frans behartig. Dit kon hy goed doen want hy was voor sy koms na Suid-Afrika 'n ruk dosent in Lyons. In Johannesburg was hy in 1906 en 1907 ook eksaminator in Frans vir Matrikulasie en vir die universiteitseksamens.

Die derde brief op 11 Desember 1907 is gerig aan mnr. Alfred Croom Paterson, dosent aan die Pretoria-Normaalkollege. „You would be responsible for Classics and should be prepared to take Philosophy and Hebrew (the former probably temporarily) if the necessity should arise," is aan hom meegedeel. Paterson het die professoraat aanvaar met die verstandhouding dat hy professor in die Klassieke sou wees; toe hy bevind dat die doseerwerk nie verdeel is soos hy verwag het nie, het hy reeds in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die eerste vier professore, 1908.
V.l.n.r.: D. F. DU TOIT MALHERBE, J. PURVES, A. C. PATERSON *en* H. TH. REININK.

Maart 1908 bedank. Sy aanstelling as professor in die Klassieke is egter in Junie bekragtig en hy sou tot 1923 die leerstoel in Latyn en Hebreeus beklee. Daarnaas het hy in 1908 ook nog met Duits gehelp waarvan hy 'n goeie kennis gehad het omdat hy 'n ruk in Duitsland gestudeer het.

Paterson was 'n besondere figuur onder die T.U.K. se vroeë dosente, 'n joviale en geniale Skot, deur kollegas bemin en deur studente op die hande gedra. In Maart 1903 het hy saam met 'n groep jong gegradueerdes van Oxford en Cambridge na Suid-Afrika gekom om die onderwys op die Transvaalse platteland te kom help organiseer. Teen 1905 is hy lid van die personeel van die Normaalkollege in Pretoria. Hy was nog betreklik jonk en lewenslustig. Met sy rooierige kenbaardjie en yl hare het hy onder sy vriende die bynaam „Captain Kettle" gekry, 'n karakter uit 'n destyds gewilde romanreeks van populêre aard. Paterson was 'n geesdriftige sportman. Hokkie, tennis en voetbal het hy saam met die studente op Normaal gespeel en saans aan hul debatsvereniging deelgeneem. Hy was aan tafel 'n gevatte en luimige spreker, veral as dit Saterdagaande oor wenspanne gegaan het in „The Residency" waar hy huisvader was. Vir toneelspel het hy 'n groot voorliefde gehad. In die jaar toe hy professor geword het, het hy op 15 November 1908 nog Autolycus in *The Winter's Tale* vertolk op 'n wyse wat lank onthou is. Vir een wat hom baie jare geken het, bly hy tot vandag „the most brilliant scholar and the most amusing personality." Hy het 'n veelsydige kennis gehad wat uit sy gesprekke geblyk het en daarby 'n verbasende geheue. Teenoor sy kollegas was hy die smaaklike grapverteller, veral oor sy rasgenote, die Skotte. In Holland het hy as student genoeg Nederlands geleer om oor die weg te kom en as hy Afrikaans gepraat het, was dit (soos een van sy kollegas dit stel) 'n soort „hoog-Afrikaans". Van vroeg af was A. C. Paterson al 'n soort permanente sekretaris van die Senaat in Pretoria en (tot 1910) by die sittings in Johannesburg.

Naas twee Skotte en 'n Nederlander, al drie werksaam in die geesteswetenskappe, kom 'n Afrikaner as eerste professor in die natuurwetenskappe. Op 24 Desember 1907 skrywe genl. Smuts self aan dr. D. F. du Toit Malherbe, seun van een van die Paarlse *Patriot*-manne, gepromoveerd in die Chemie in Halle-Wittenburg en van 1906 onderwyser en vise-hoof op Middelburg, Kaap. Die bekende Kaapstadse chemikus, prof. P. D. Hahn, het die jong Malherbe se naam by Smuts genoem en vroeg in Januarie kry hy die aanstelling. Maar behalwe Chemie moes hy ook voorlopig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir Fisika, Geologie en Wiskunde verantwoordelik wees. Op Malherbe se protes het genl. Smuts oor die omskrywing van die leeropdragte meegedeel „(that) the whole matter is simply one of convenience of arrangement." Geen wonder dat onder die vier eerste professore in Pretoria die gesegde ontstaan het dat jy hier geen *chair* beklee nie maar 'n *settee*!

Die tyd sou wys watter wyse keuse genl. Smuts gedoen het toe hy die 28-jarige Malherbe aangestel het; uit die geskiedenis van die T.U.K. en die Universiteit sal telkens hierna blyk watter rol hy gespeel het tot sy aftrede 34 jaar later, nie net as dosent nie maar as deelnemer in die voorste ry aan die Afrikaanse kultuurstryd.

Die begin van die universiteitsklasse in Pretoria op 10 Februarie 1908 was so onopsigtelik dat daar in die pers nie eers 'n beriggie oor verskyn het nie. Die vier professore het die Dinsdagoggend bymekaargekom in die ongemeubileerde woonhuis Kya Rosa, Skinnerstraat 270. Van die waarnemende Direkteur van Onderwys, eerw. W. E. C. Clarke, was daar 'n boodskap dat hulle by die firma T. W. Beckett tafeltjies en stoele kon bestel om die volgende dag gereed te wees as die dertigtal ingeskrewe studente vir die eerste onderrig opdaag.

Kya Rosa, waar die toekomstige Universiteit van Pretoria op so 'n nederige wyse gebore is, staan vandag nog daar en huisves kantore van die Departement van Arbeid. Die grond (erf 613) is in 1895 gekoop deur Leo Weinthal, die Joodse joernalis wat redakteur was van *The Press* in Pretoria. Weinthal het Kya Rosa na sy huwelik gebou en na sy eggenote vernoem. In een van die woonvertrekke is nog teen die plafon die Davidster-embleem te sien soos dit oorspronklik deur die eerste bewoners aangebring is. In 1902 is die eiendom deur die Koloniale Sekretaris van Transvaal gekoop tesame met die eiendom wat aan die noordekant daaraan grens (erf 565 met die huis Schoemanstraat 271). Die twee huise is aan die einde van 1904 vir onderwysdoeleindes gereserveer en het toe 'n regeringstehuis vir onderwyseresse geword tot dit vir die gebruik van die T.U.K.-klasse vrygestel is.

Gedurende 1908 is alleen Kya Rosa vir lesings gebruik. Een vertrek is as die raadskamer ingerig waar die Pretoria Standing Committee van die T.U.K. en ook die volle Raad van die T.U.K. sou vergader. In die gebou het die eerste sekretaris van die Pretoria Standing Committee, D. G. Hafner, ook van Maart 1908 die pligte van 'n registrateur verrig. Die Schoemanstraatse huis is van die begin af as losiesplek vir 'n paar manstudente en inwonende dosente gebruik.

In die loop van die eerste jaar het die Raadskomitee besef dat 'n mate van publisiteit nodig was. Die publiek het die universiteitsklasse nog verwar met die Boys' High-skool (toe nog in die ou Staatsmodelskool in Van der Waltstraat) wat ook die naam „Pretoria College" gevoer het. Die meeste mense het nog nie geweet wat die nuwe inrigting agter sy hoë heinings aanbied nie. Daarom het die komitee op 5 Augustus 1908 besluit dat die sekretaris reëlings moet tref „to get two Signboards put up, one at the Skinner Street entrance, and one at the Schoeman Street entrance". 'n Foto van die een in Schoemanstraat is bewaar. Vroeg in September is by die Raad ook aanbeveel „to take steps by notices in the Press or otherwise to advertise the fact that there is a College for Higher Education in Pretoria". In sekere koerante sou vaste advertensies geplaas word en dié blaaie sou versoek word „to draw attention to the advertisement occasionally in the News Columns".

In 'n brief van 13 Augustus 1959 skrywe die bejaarde prof. Purves uit Edinburgh sy herinneringe aan die beginjare soos volg neer:

„The College opened in the idyllic setting of Kya Rosa. And if the setting was idyllic, instruction, too, was something of an idyll. Formal lecturing is difficult in


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

domestic surroundings, and classes had to be more or less conversational, which gave an opportunity to get to know students personally. There were also sometimes informal tutorials in the evenings. Conditions, too, were favourable for gaining knowledge of one's colleagues. Dr. Reinink, the Hollander, Paterson the Scot and Dr. Malherbe, the South African, were a strongly-contrasted trio, but they and the rest of us lived in perfect amity from the first.

Indeed, all through the early history of the College, nothing was more striking than the complete absence of the academic jealousy and dissension so often found in the older institutions. I think we were all conscious of being engaged in launching a new enterprise in which human relations would be of great importance . . . "

Onderwyl Kya Rosa al aan die begin van 1908 besig was om sy eerste studente te ontvang, het die Johannesburgse meerderheid van die T.U.K.-raad nog nie besluit of hulle met Smuts se reorganisasieplan sou saamgaan nie. Teen die einde van Januarie het hulle voorgestel dat die nuwe Raad nie 10 lede nie (soos deur Smuts voorgestel) maar wel 14 in die plek van die sittende 25 moes hê, 7 vir Pretoria en 7 vir Johannesburg. Smuts het ingestem. Die Raad het toe op 18 Februarie bedank en vanaf 26 Februarie is 'n nuwe aangestel wat op 4 Maart 1908 in Johannesburg vergader het onder voorsitterskap van W. F. Lance.

Smuts se Pretoriaplan is goedgekeur. Daar is ook besluit om maandeliks om die beurt in Johannesburg en Pretoria te vergader. Vaste komitees is aangewys met die Pretorialede en dié van Johannesburg elk as aparte „Standing Committee". Ook die Senaat sou voortaan op dieselfde wyse saam vergader en apart 'n „Local Committee of Senate" vorm. Amptelik was Kya Rosa se klasse van 4 Maart 1908 nou die „Pretoria Centre of the Transvaal University College," deur sy eie Raadskomitee van 7 lede beheer. So sou dit bly tot 17 Mei 1910.



Die Schoemanstraatse ingang van die T.U.K. („*Kya Lami*"), 1908.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die name van die eerste sewe Pretorialede verdien eervolle vermelding: J. E. Adamson, J. G. van Boeschoten, J. de V. Roos, F. B. Smith, dr. H. P. Veale, Tielman N. de Villiers en regter J. W. (later sir Johannes) Wessels, die eerste voorsitter. Voor 1910 kom ook nog die prokureurs H. L. (Hennie) Malherbe en Pieter I. de Kock en E. F. Bourke by. Die meeste van hulle sou jarelank tyd en kragte aan die T.U.K. en sy opvolger op belangelose wyse opoffer, Wessels as voorsitter, Veale onafgebroke as raadslid en by wyle as voorsitter tot 1930, Roos as raadslid, finansiële raadgewer en in ander hoedanighede tot 1938.

Min persone het vir die eerste groei van die T.U.K. soveel beteken as dr. Herbert Prior Veale. Gepas is dit dus dat hy in 1930 een van die eerste twee ere-doctores van die Universiteit sou wees en aan hom 'n ereknoop met wapen oorhandig sou word.

Die finansies van die „Pretoria Centre" was van 1908 tot 1913 in die konserwatiewe en versigtige hande van mnr. Jimmy Roos, prokureur en vriend van genl. Smuts, en van 1909 Sekretaris van Justisie, eers van Transvaal en toe van die Unie. Dit was die begindae toe die Raadskomitee nog aandag moes skenk aan die studente se wasgoedkoste, die loon van die tuinjong en die wenslikheid van 'n linoleum op die raadskamer se vloer. Roos het die eerste £1,562 in ontvangs geneem wat die T.U.K.-raad die „Pretoria Centre" as bruidskat saamgegee het. Daaruit moes toerusting en lopende koste vir 1908 gedek word. In 1909 is aan die T.U.K. vir salarisse en alle ander koste £25,000 deur die Regering toegeken waarvan £10,894 vir Pretoria met die toevoeging van studente-inkomste wat nog minimaal was omdat byna alle studente beurshouers van die Onderwysdepartement was. Vir 1910—1911 was die Pretoria-toekenning £11,895 en die inkomste uit studente was £700. Roos kon sy boeke op 13 Mei 1910 afsluit met 'n batige saldo van £1,824 wat aan die selfstandige T.U.K. in Pretoria vir algemene gebruik en vir die biblioteek oorgedra is.

Dit was van die begin duidelik dat die verskeidenheid vakke wat onder die eerste vier professore verdeel is, 'n onbillike en onmoontlike doseerlas sou meebring. Op 10 Maart 1908 het die professore met die Raadskomitee vergader en hul saak gestel. Afgesien van tydelike hulp is daar aanbeveel dat minstens nog twee professorate geskep moet word, naamlik „Mental and Moral Science (Philosophy)" en „Modern Languages". Daar moes ook so spoedig moontlik vir Fisika 'n professor kom.

Gedurende die tweede semester van 1908 het mej. C. G. Phillips, B.A., gehelp met Engelse Letterkunde en Wysbegeerte. Vir Wysbegeerte is terselfdertyd as tydelike dosent aangestel eerw. (dr.) J. H. Hertz wat al in 1906 in Johannesburg by die T.U.K. as professor in Wysbegeerte opgetree het. Hy was 'n bekwame man en gepromoveerde van die Columbia-universiteit. Dit het die las vir professore Purves en Paterson verlig, veral omdat Frans en Duits terselfdertyd waargeneem is deur die assistent-lektor, Gerrit Besselaar, B.A., onderwyser aan die Eendrachtskool. Geskiedenis is voorlopig verdeel tussen Paterson (Ancient History) en Purves (Modern History). Prof. Purves het die meeste van die Geskiedenis gedoseer.

Prof. Malherbe het as deeltydse hulp in Wiskunde gekry J. T. Thomas, onderwyser van die Boys' High-skool in Van der Waltstraat, en dr. H. G. Breyer wat van Johannesburg oorgekom het. Ná hulle kom van Julie 1909 'n Engelssprekende Deense lektor A. H. T. Muller, (M.A. van Cambridge), 'n eksentrieke, fynbesnaarde man wat enkele jare lank Wiskunde behartig het. As lektor in die Geologie is in 1909 aangestel dr. Izak B. Celliers (broer van die digter) wat egter na enkele maande bedank het, omdat hy hardhorend was en ook met Engels as medium nie goed oor die weg gekom het nie. Hy het die T.U.K. nie vergeet nie; uit sy boedel het hy £3,000 nagelaat vir die Jan Celliersbeurs (genoem na sy vader) en bestemd vir 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beurs aan verdienstelike Geologiestudente. Hy is as lektor opgevolg deur sy neef dr. Louis Celliers de Villiers, die latere professor.

Op 11 Desember 1908 het die Raad die instelling van Dierkunde en Plantkunde as gesamentlike pos oorweeg. Die eerste onderrig in hierdie vakke is van Maart 1909 gegee deur mnr. A. J. T. (later dr.) Janse, bekende entomoloog en latere ereprofessor van die T.U.K. en die Universiteit. Die eerste voltydse lektor het eers aan die begin van 1910 diens aanvaar: H. A. Wager uit Engeland wat ook later tot professor bevorder is.

In Augustus 1908 is besluit om gelyktydig aansoeke te vra vir twee nuwe leerstoele, die een Fisika, die ander Geskiedenis en Wysbegeerte (met voorkeur aan iemand wat ook Logika en Sielkunde kon doseer). Wat Geskiedenis betref, is al van Junie af geprobeer om 'n „local man" te kry om die lesings waar te neem. Daarin is nie geslaag nie. Toe die professoraat nou geskep is, was die gedagte om oor moontlike applikante die bekende Oxfordse historikus, H. A. L. Fisher, wat juis op besoek in Johannesburg was, se advies te vra. Hy sou waarskynlik 'n Britse aspirant aanbeveel het. Die naam van prof. John Edgar van die South African College in Kaapstad is ook vir die vakature genoem. Van sekere kringe het die gedagte uitgegaan dat 'n Afrikaanssprekende aangestel moes word, veral met die oog op die behartiging van die vaderlandse geskiedenis. Dit het dus heelwat maneuvers gekos om teen die gevoel van die meerderheid in die Raad en die Senaat die kandidatuur te bevorder van dr. Leo Fouché wat pas in Gent in die Geskiedenis gepromoveer het en nog in Berlyn vir voortgesette studie in die Wysbegeerte vertoef het. Fouché is in Desember 1908 aangestel eintlik as 'n soort *quid pro quo* teenoor die benoeming van dr. P. G. Gundry as professor in Fisika. Hy het in 1909 diens aanvaar met die leeropdrag Geskiedenis, Wysbegeerte (waarvoor hy spesiaal 'n semester in Berlyn gaan deurbring het), Logika en Sielkunde.

Prof. Gundry, voormalige professor in Cirencester en gepromoveerd in Göttingen, het Fisika en Wiskunde van prof. Malherbe aan die begin van 1909 kom oorneem, met A. H. T. Muller as lektor. Daar is in Maart 1910 besluit om voorlopig nie 'n leerstoel vir Wiskunde te skep nie, maar liewer twee lektorate, een elk vir Fisika en Wiskunde.

Aan die einde van 1909 is as professor in Nederlands en Moderne Tale aangestel T. H. le Roux wat op 17 Februarie 1910 in Leiden sou promoveer in die Nederlandse lettere met die proefskrif *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*. Die benoeming is voorafgegaan deur 'n navraag van die Raad in Nederland o.a. by mnr. G. A. A. Middelberg, prof. Melius de Villiers (destyds hoogleraar in Leiden) en prof. De Salverda wat die belowende jong Afrikaner-taalkundige aanbeveel het. Prof. Le Roux het in Maart 1910 in Pretoria aangekom en al die lesings in die Nederlandse Taal en Lettere oorgeneem. G. Besselaar wat nog 'n semester lank met Frans en Duits in die departement behulpsaam was, het toe as professor in Nederlands na die Pietermaritzburgse Kollege vertrek.

Met die herindeling van die hele T.U.K. in Maart 1908 is daar nog geen sprake van fakulteite nie. Al die onderrig is verdeel in drie „departments" waarvan „Arts and Science" in Pretoria gevestig is, „Applied Science" in Johannesburg en „Law" as derde departement met lesings in Johannesburg en in Pretoria deur afsonderlike dosente oor dieselfde leerstof. Regsvakke is in Pretoria toe al lank gedoseer, eers deur adv. G. T. Morice en daarna deur adv. William Pittman wat van 1905 sy kantoor in Pretoria gehad het.

Die opleiding vir professionele eksamens in die regte, soos deur Pittman in sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

advokatekamers waargeneem, was inderdaad 'n voortsetting van die doseerwerk wat al voor 1899 deur praktiserende advokate in Pretoria onderneem is. In die jare voor die oorlog het adv. (later sir) Johannes Wessels onder andere as dosent opgetree. Na die onderbreking van die oorlogstyd het dit enkele jare geduur voor die regslewe en die opleiding van jongmanne vir die regseksamens weer aan die gang gekom het.

In Augustus 1906 word Pittman deeltydse dosent van die T.U.K. Voor 1910 het hy nie sitting in die Senaat gehad nie en die status van professor is eers veel later aan hom toegeken. Maar in 1906 kom een van sy studente reeds eerste in die staatsdienseksamen in die regte en 'n ander behaal dieselfde onderskeiding in die prokureurstoelatingseksamen waarvoor Pittman ook opgelei het.

In 1907 het Pretoria al 54 studente in die regte teenoor 51 in Johannesburg.

Soggens na agtuur het Pittman 'n uur lank les gegee in sy kantoor in vakke wat soos volg aangegee word: „Roman Dutch Law; Roman Law and Notarial Practice, Criminal Law and Law of Evidence, English Law; the Law of Contracts and Torts, (and) Statute Law." Dit was bedoel vir die „Law Certificate" en die laer staatsdienswetseksamen. Indien daar genoeg aanvraag was, sou hy ook vir die Kaapse LL.B.-eksamens voorberei. Van begin 1909 het hy op versoek van die Raad van die T.U.K. ook lesings vir die hoër staatsdienswetseksamen gegee. Uit Pittman se klasse is weldra die Fakulteit van Regsgeleerdheid van die T.U.K. gebore.

Met die bestaande „evening classes" in tegniese vakke in Pretoria en 'n versoek om ook natuurkundige vakke in die aand te doseer, wou die Raadskomitee van die begin af niks te doen hê nie. Dus is Pretoria se „Polytechnic" en ambagskool in 1908 oorgedra aan die Onderwysdepartement en daaruit sou mettertyd die Pretoriase Tegniese Kollege ontstaan.

Op 9 Mei 1908 is op 'n volle Raadsvergadering in Kya Rosa besluit om 'n Senaat van die T.U.K. in te stel. Sedert 1903 het die vergadering van professore en dosente geheet 'n „Board of Studies".* Die Senaat sou met 15 lede (insluitende lektore) begin „and any other member of the Teaching Staff who may be annually nominated by the Council on the recommendation of the Senate". Die liggaam sou jaarliks sy eie sekretaris en voorsitter kies en „general control of all academic work of the Council" as vernaamste funksie hê. Maar die voorsitter van die Senaat sou nie die funksie van 'n prinsipaal uitoefen nie. In Johannesburg en Pretoria sou die lede 'n „Local Committee of Senate" wees met eie voorsitter en eresekretaris. Hulle sou oor studenteaangeleenthede en leerplanne adviseer en dissipline beheer.

Daar was ook bepalings dat die Senaat in die Raad verteenwoordig sou wees. Sover dit Pretoria aangaan, is hieraan nie voor 1910 uitvoering gegee nie. Individuele professore is wel uitgenooi om bepaalde sittings van die Raadskomitee by te woon, maar op 17 November 1908 het die komitee besluit „that (they) do not think it necessary to appoint a member of their (Senate) committee as an assessor". Dit het nie verhinder dat die Senaatskomitee in Pretoria sy plig doen nie. In 1908 het dit bv. gebeur dat studente voor die volle komitee moes verskyn om te verklaar waarom hulle werk so swak was. Senaatsvoorstelle oor leergange en fasiliteite is ook gereeld deur die Raadskomitee behandel. Vir Senaatslede was dit tot die begin van 1910 in werklikheid 'n aangename uitstappie om al om die twee maande op 'n Woensdagmiddag in Johannesburg te gaan vergadering hou.

In vergelyking met byna 8,000 studente in die jaar 1960 lyk die eerste studentesyfer van 1908 werklik nietig: 32 het by Kya Rosa kom inskryf van 11 Februarie

* Notule (1903—1910) gedeeltelik aanwesig in die Universiteitsbiblioteek, Universiteit van die Witwatersrand.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die eerste studente en dosente van die T.U.K., voor Kya Rosa, 1908.
Dosente (l.n.r.): mnr. J. T. THOMAS, *prof.* J. PURVES, *prof.* H. TH. REININK, *prof.* A. C. PATERSON, *prof.* D. F. DU T. MALHERBE, *mnr.* G. BESSELAAR.

1908 af (volgens prof. Paterson se syfers was dit 36 vir die eerste jaar). Daar was in hierdie jaar in die hele Transvaal maar 108 matrikulante. In 1909 was daar 70 studente (volgens Paterson 76) en in 1910 was daar 69 in die begin van die jaar.

Onder die eerste 32 van 1908 was 19 Normaalstudente. Om begryplike redes sou die Normaal in die eerste jaar die vroedvrou vir die T.U.K. in Pretoria wees. Ter verhoging van die opleidingspeil van die onderwysberoep het Adamson se departement 'n 0.2-sertifikaat ingestel met Intermediate (eerste jaar B.A.) as vereiste aan die akademiese kant. Terselfdertyd is daar kwistig volle beurse vir losies en studiegeld toegeken, selfs aan matrikulante wat in die Derde Klas geslaag het. Dié soort beurshouers is eers later by die Intermediate uitgeskakel. Studente in die Junior-B.A. (tweede jaar) en B.A. (derde jaar) was dus baie skaars — slegs een elk in die jaar 1908. Die eerste paar grade is eers in die begin van 1910 verwerf en intussen het elke Intermediateklas grotendeels die volgende jaar verdwyn.

In 1909 het 34 in die Intermediate geslaag (meer as op die ou gevestigde South African College vir daardie jaar), en onder die eerste studentegroepe was vyf wat in die jare na 1916 professore aan die T.U.K. sou word: J. C. Bosman, A. M. Bosman, J. C. Faure, Gilles v. d. W. de Kock en J. Boxwell, en een dosent, P. W. Zorn. Kenmerkend van die eerste studente was dat Afrikaanssprekendes nog nie in die meerderheid was nie. Benewens Duitssprekendes was daar heelwat Joodse studente en Engelssprekendes.

Die eksamens vir die Intermediate, die verdere B.A.-jare (daar was g'n aparte naam nog vir 'n graad in die natuurwetenskappe nie) en die nagraadse studie was uiteraard ekstern, want die T.U.K. was geaffilieerd met die Universiteit van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kaap die Goeie Hoop, ook na 1910. Selfs toe die Universiteit van Suid-Afrika na 1918 gekom het, is eksamenbeheer deur die kolleges self slegs geleidelik toegestaan. In die woorde van prof. Reinink: „In de eerste jaren van ons bestaan gingen we geheel op in een Engelsch stelsel: opleiding voor de examens der Kaapsche Universiteit, bij welke examens de docent absoluut niets had in te brengen, een groepeering van vakken, die niet steeds in het belang der studenten was; gebrek aan zelfstandigheid van den docent in dien zin, dat hij met zijn studenten werken had te behandelen, die hem van elders werden voorgeschreven . . . ".

Dosente kon alleen as eksaminatore vir die Kaapse Universiteit optree as hulle in die betrokke jaar geen studente vir die kursus opgelei het waarin hulle sou eksamineer nie. Dit het dan ook dikwels gebeur dat hulle beskikbaar was omdat veral vir die tweede of derde jaar g'n enkel student in hul vak ingeskryf het nie.

Huisvesting van klasse en onderdak vir studente wat vandag na 'n halfeeu nog voortdurend die kwellende probleem van die Universiteit bly, was van die heel eerste jaar, 1908, al aanwesig. Dit was duidelik dat die woonhuis Kya Rosa en die tweede huis aan Schoemanstraat nie lank as woon- en doseerruimte vir die kollege kon dien nie. Trouens, genl. Smuts het al in die vooruitsig gestel dat op 'n deel van die „Sunnyside dorpsgronden" ten ooste van Pretoria geboue opgerig sou word. Dit was in September 1907 bekend dat die Stadsraad van Pretoria hierdie grond (waarvan die voorgeskiedenis hierna in verband met die Universiteit se hoofterrein breedvoeriger vermeld word) graag vir dié doel sou wou afstaan. Maar in 1908 het die Regering nog nie aanstaltes gemaak om vir die T.U.K. te bou nie. Wel is besluit om die Boys' High-skool uit Van der Waltstraat soontoe te verskuiwe. Die nuwe gebouegroep vir die skool is geplaas in die suidwestelike hoek van die Stadsraad se „educational site" wat toe ruweg 'n groot vierhoek beslaan het binne die huidige Park-Burnettstraat, Roperstraat, Kollegelaan (Bailey's-Muckleneuk) en Kirknessstraat, na die suide verleng. Die driehoek oos van die Oosterspoorweg was alleen 87 morg groot en was die eintlike „dorpsgronde". Die hoeksteen van die nuwe Boys' High-skool is op 11 Julie 1908 gelê en dis die volgende jaar op 15 April 1909 deur genl. Smuts geopen.

By die T.U.K. was dit veral die natuurwetenskappe wat primitief en beroerd gehuisves was. Prof. Malherbe moes in 1908 sy laboratoriumwerk oorkant die straat in die Boys' High-skool se laboratorium laat doen. Dit was sonder enige toerusting vir universiteitsbehoeftes. Hy het dan ook die sterkste op beter huisvesting aangedring. Die Raad het die saak met genl. Smuts bespreek. Op 14 September 1908 het die Raadskomitee van Pretoria hom om 'n gebou by Brooklyn gevra „similar to the Boys' High School", maar hy het daarvoor nie kans gesien nie. „The Gymnasium he thought the only place that would be satisfactory for a few years to come, but he agreed with the Committee that sooner or later buildings worthy of an institution for Higher Education would be erected on the site near Brooklyn . . . ". Intussen sou hy die T.U.K. ook nie in sy gebruik van Kya Rosa stoor nie.

Dus is daar aan die begin van 1909 met sak en pak uit Kya Rosa verhuis na Proesstraat 159 en op die eerste verdieping van die rooibaksteengebou van die gewese Staatsgimnasium ingetrek waar die T.U.K. tot September 1911 gehuisves sou bly. Vir minstens een dosent was dit 'n bekende omgewing: prof. Reinink was hier van die oprigting van die gebou in 1897 tot 1899 rektor van die Gimnasium. Tans is alleen die boonste verdieping gebruik, met ruim lokale wat aan die ooste- en suidekant vir laboratoria ingerig is. In Februarie 1909 is die eerste vyf laboratoriumtafels (elk vir ses studente) deur die Departement van Openbare Werke vervaardig en


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

chemikalieë uit Kaapstad bestel. Toerusting vir 'n fisikalaboratorium vir 20 Intermediatestudente word ook bestel. In die gebou was daar die geologiese versameling van die Departement van Mynwese wat die T.U.K. kon gebruik. Aan die noordekant was 'n gemeenskapskamer vir dosente in die oostelike hoek en daarnaas 'n kantoor vir die sekretaris, mnr. Hafner, 'n leeslokaal met die klein biblioteek wat begin ontstaan het en 'n groter „Intermediate"-kamer wat 40 of 50 studente kon bevat en waar omtrent al die lesings gehou is.

Die Raadskomitee het ook Kya Rosa verlaat en op 24 Februarie 1909 die „Board Room" in die Gimnasium begin gebruik. Ruimte was daar nou genoeg, maar daar was een vlieg in die salf. Op die begane grond van die gebou was 'n „Infant School" gehuisves. Die lawaai van die laer onderwys onder was storend vir die hoër onderwys op solder. „Complaints of the Senate and Students are bitter and in the opinion of the Committee amply justified" skryf die Raadskomitee en dring weer eens by genl. Smuts aan om die gebou in Brooklyn op te rig.

Met die ontruiming van Kya Rosa en die gelyktydige verhuising van die Boys' High-skool kon van 1909 af die eerste twee studentekoshuise tot stand kom, een vir dames by Kya Rosa, die ander vir mans by die vroeëre Boys' High-skool se koshuis.

Om die dames te huisves, is die Schoemanstraatse huis by Kya Rosa ook ontruim. Daar het mev. C. Honey al van vroeg in 1908 losies verskaf aan sewe studente wat in kamers tussen die twee woonhuise geplaas is, bekend as „The Compound". Die twee huise en die kamers word nou deur damestudente betrek onder sorg van ene mev. Martin en met 'n „Lady Warden", mej Alice Acutt, as hoogste, inwonende gesag. Sy was lektrise aan die Normaal, 'n dame uit 'n bekende Natalse familie, streng in haar opvattings oor „behaviour" en „deportment". Oor die onbuigsaamheid



Die gebou van die Staatsgimnasium.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van „Ouma" Acutt, veral nadat die manskoshuis daar digby ontstaan het, is die verhale legio: „(a lady of) somewhat austere bearing which is, it would appear largely superficial." Dit was Adamson se sienswyse oor haar. By die Normaal het sy onderwys in Frans gegee, hokkie afgerig en Shakespeare opgevoer. Dit was ook sy wat eintlik vir die aanvaarding van die Drie Lelies-motief vir die Normaalwapen verantwoordelik was.

Die manstudente het teen die middel van 1909 hul tehuis gekry in die gewese „Boarding Establishment" van die Boys' High-skool op die hoek van Van der Walt- en Schoemanstraat. Dit het „Prospect House" geheet. Eintlik was dit ook maar 'n noodgedwonge reëling. Die Raadskomitee het genl. Smuts in Februarie 1909 gaan vra om £10,000 vir die oprigting van „College Boarding Houses" maar hy het geweier. Hy het hulle Prospect House aangebied en in 1910 (toe die Departement van Openbare Werke dit wou terugneem) toegestaan dat dit nog langer gebruik kon word. Die gebou was toe al ruim 30 jaar oud. Die hoeksteen is nog in 1878 deur sir Theophilus Shepstone gelê. Dit was toe agtereenvolgens die Prospect Seminary, ou meester R. D. Collins se Ebenhaezerskool en die „Eerste Staatstehuis" of koshuis vir leerlinge van die Staatsgimnasium en van die Staatsmodelskool (net langsaan). In 1901 het dit die Boys' High-skool se koshuis geword en in 1955 is die gebou gesloop om plek te maak vir die huidige gebou van die Bevolkingsregister.

Die forse mev. C. Honey het huismoeder geword in 1909 en verskeie dosente, dr. L. C. de Villiers, H. A. Wager, prof. Gundry en ander het daar as huisvaders opgetree. Dat alles daar nie so vreedsaam toegegaan het nie blyk uit 'n verslag van 26 Junie 1909: „The Secretary reported that during the last Term the Students have destroyed a considerable quantity of furniture, and requested authority to pay for the damage done to the furniture in the home of Miss van Breda hired for the accommodation of students."

Enkele maande later moes dr. Veale namens die Raadskomitee een van die inwoners waarsku „that a certain standard of behaviour was expected of every student of the University College, and that he must conform thereto, or steps would have to be taken to ensure compliance."


Die ou, verweerde skoolgebou sou as eerste manskoshuis van die T.U.K. dien tot eindelik die £10,000 wat al in 1909 gevra is, deur die Regering toegestaan en Kollegetehuis op die Brooklynterrein gebou is.

Van die begin was die ideaal van die Pretoria Standing Committee om hul kollegegeboue almal in Brooklyn te hê. Toe genl. Smuts op 15 April 1909 die Boys' High-skool se nuwe gebou open, het regter Wessels, dr. Veale en prof. Reinink die kans benut om met die Koloniale Sekretaris te onderhandel. In sy toespraak het hy reeds gesê dat die T.U.K. ook op die terrein 'n gebou sou kry „which would be the finest in South Africa". Aan die komitee het hy nou meegedeel dat hy £50,000 op die begroting sou laat plaas om kollegegeboue op die munisipale grond in Brooklyn op te rig en „that he would be prepared to hand over these buildings in perpetuity to the Transvaal University College for the purposes of Higher Education, but that the dominium of the buildings would remain in the hands of the Government, and their care in that of the Public Works Department."

Die volgende week is dr. Veale en mnr. J. de V. Roos deur die Raadskomitee benoem „(to) present a report accompanied with a sketch at the next meeting as to the Building to be erected for the College on the Brooklyn site." Op 12 Mei het Roos 'n „ground plan" gereed gehad wat aan die Senaatskomitee voorgelê is en op Saterdag, 15 Mei 1909, is die terrein in geselskap van amptenare van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Departement van Openbare Werke ondersoek. Op 27 Mei kon Roos rapporteer dat die terrein finaal uitgesoek is „for the proposed College Buildings at Pretoria, on the high ground in the vicinity of the High School Buildings at Brooklyn."



J. DE V. ROOS (1869 — 1940).

Die hoofargitek van die Departement van Openbare Werke, mnr. Percy Eagle, het 'n plan voorgelê soos deur die Senaatskomitee goedgekeur, maar daar sou 'n nuwe plan opgestel word „such plan to include a Boarding house for 50 male students and still allow for future extension." Die bedoeling was dat die doseergeboue £40,000 moes kos en die toerusting £10,000. Teen 14 Augustus is hierdie planne ook goedgekeur.

Op 11 Desember 1909 was daar 'n haakplek. Die Raadskomitee het spesiaal vergader om die Senaatskomitee se besware aan te hoor teen beweerde wysigings in die goedgekeurde plan. Prof. Leo Fouché het namens die dosente gepraat. „(He) explained that the Senate did not object to the accommodation but that the outside appearance of the building was not such as would be desired and the Senate strongly urged that another elevation view of the outside should be submitted". Daarop het argitek Eagle (wat ook die Boys' High-skool ontwerp het) geantwoord dat g'n wysigings van betekenis aangebring is nie. „The building had merely been turned round and that the plan was the best he could evolve for the money, and he considered that questions as to the style of building should be left to his Department."

Daar het ongelukkig g'n tekeninge bewaar gebly oor die omdraai van die gebou en wat die oorspronklike rigting was nie. Die front is nou na die noord-weste. Na heelwat bespreking is die planne aanvaar en op 17 Desember 1909 deur genl. Smuts goedgekeur. Maar daarna moes 'n afvaardiging nog na E. P. Solomon, Minister van Openbare Werke, gaan om te vra dat spoedig 'n begin met die bouwerk gemaak word. Prof. A. C. Paterson was die segsman. Die minister het beloof om dadelik tenders te vra en die boutyd tot twaalf maande in te kort.

Pas twee maande voordat die T.U.K. op 17 Mei 1910 sy nuwe status ontvang het, is met J. J. Kirkness die kontrak gesluit vir die oprigting van die huidige Ou Letteregebou en Ou Chemiegebou.

DIE SELFSTANDIGE T.U.K. IN PRETORIA: 17 MEI 1910

TOE J. E. Adamson op 23 September 1907 die rapport van die Transvaal Higher Education Commission geskrywe het waarin Smuts se „tripartite scheme" vir die T.U.K. aanvaar is, het hy gewaarsku dat die drie dele weens gebrek aan kontak en gemeenskaplike doelstelling vroeër of later elk sy eie weg sou gaan bewandel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie bespieëling is gou bewaarheid. Twee jaar nadat Smuts die verskuiwing van „Arts and Science" na Pretoria geopper het, kom hy met die tweede stap in sy beleid: die takke Johannesburg en Pretoria van die T.U.K. moes geheel en al geskei word, sodat daar twee geïnkorporeerde inrigtings vir hoër onderwys sou ontstaan, elk met eie program en finansiële voorsiening.

Vir die derde afdeling van die bestaande T.U.K., die landboukollege, wat nog steeds 'n latente gedagte gebly het, sou terselfdertyd permissiewe voorsiening gemaak word — maar in of by Pretoria, nie meer op Frankenwald soos in 1907 nog beoog is nie. Dit het Smuts duidelik gestel toe hy in Maart 1909 nog 'n keer deur die T.U.K.-raadsvoorsitter versoek is om nie geboue in Pretoria op te rig nie, maar wel op Frankenwald.


Op 19 Mei 1909 het Smuts in Johannesburg 'n gesprek gevoer met die twee T.U.K.-raadslede, mnre. Cullen en W. Lance, L.W.V. vir Jeppe, waaroor hulle soos volg rapporteer: „In the course of discussion Mr. Smuts took occasion to state that he thought it might be well if some scheme could be brought into existence whereby the functions of the two sections of the College should be entirely separated, the idea being that the Johannesburg branch should develop into a South African School of Mines and Technology, confining itself to that work exclusively." Lance het as voorsitter van die Raad oor die gesprek privaat aan J. de V. Roos geskrywe en melding gemaak van „a separation of the two branches, Pretoria with the title of 'Transvaal University College' and Johannesburg with the title of 'Transvaal School of Mines'." Dit was waarop dit neergekom het: die ou naam T.U.K. moes ook na Pretoria kom en Johannesburg moes 'n nuwe naam kry. Die Raad het dit in Junie so aanvaar en by voorbaat reeds besluit: „that, pending legislation, the Council delegates its authority in regard to local affairs to the Standing Committees at Johannesburg and Pretoria, each of these committees to manage the affairs of its own centre and to arrange its expenditure in accordance with the estimates."

Die wetgewing het uitgebly tot die laaste sitting van die Transvaalse Parlement in 1910. In Februarie het Smuts die konsepwet aan die Pretoriase Raadskomitee vir kommentaar gestuur. Hulle het alleen een opmerking gemaak: daar moes 'n ruim skenkingsfonds wees. Regter Wessels het die „endowment" (wat die staat moes voorsien) selfs op £100,000 gestel. Dit het egter net 'n vrome wens gebly.

Op 7 April 1910 het genl. Smuts as Koloniale Sekretaris toe gelyktydig drie wetsontwerpe ingedien: die eerste (Wet No. 1 van 1910) om 'n universiteitskollege in Pretoria op te rig, die tweede (Wet No. 4 van 1910) om 'n skool vir mynwese in Johannesburg tot stand te bring en die derde (Wet No. 2 van 1910) om 'n nasionale landboukollege te stig.

Die wet „om voorziening te maken voor Hoger Onderwijs in de Letterkundige en Wis- en Natuurkundige vakken in Transvaal en voor andere doeleinden" het hy eerste toegelig. Die amptelike titel was „Transvaalse Universiteits-Inlijvingswet, 1910" en dit het voorsiening gemaak vir inkorporasie met regspersoonlikheid. Daar sou 'n beherende liggaam of Raad wees aanvanklik met 10 lede en die moontlikheid van toevoeging later om donateurs en die konvokasie te verteenwoordig. Die pligte en magte van hierdie Raad is omskryf, sowel as dié van die Senaat. Die wet het voorts bepaal dat alle bates en die voordeel van bestaande beurse verbonde aan die Pretoria-sentrum van die T.U.K. nou in die geheel op die te stigte T.U.K. in Pretoria sou oorgaan. Die tiende klousule stipuleer dat „een hierna te bepalen gedeelte van de grond, bekend als de Sunnyside dorpsgronden, voor onderwijsdoeleinden uitgehouden, met de gebouwen daarop, bij de raad (zal) berusten."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



SIR JOHANNES WESSELS

Die Koloniale Sekretaris het benadruk dat die verhouding van die nuwe kollege dieselfde teenoor die Kaapse Universiteit sou bly as voorheen. Daar was teen die wet eintlik geen teenstand nie, behalwe in die toespraak van W. Lance, wat as voorsitter van die T.U.K.-raad tot Junie 1908 so 'n uiters belangrike rol in die kollege se vooruitgang gespeel het. Hy het die neiging van Smuts „to force things to Pretoria" afgekeur en het die sienswyse uitgespreek dat 'n sentrale kollege op Frankenwald tog meer sou vermag het „to abolish racialism". Hy het ook voorspel dat Johannesburg nie daarvan sou afsien om later sy eie fakulteite vir lettere en natuurwetenskappe in te rig nie. Die tweede lesing is op 11 April aangeneem en op 17 April is die wet deur die waarnemende luitenant-goewerneur van Transvaal, generaal Goodenough, onderteken. Dit is op 17 Mei 1910 in die Transvaalse regeringsgaset gepubliseer en het dus van hierdie dag af in werking getree.* Die Raad van die T.U.K. is deur die Uitvoerende Raad van Transvaal soos volg op 30 Mei 1910, die dag voor die totstandkoming van die Unie, aangestel: J. E. Adamson, E. F. Bourke, H. Crawford, T. N. de Villiers, F. V. Engelenburg, sir Johannes Wessels (voorsitter), H. L. Malherbe, J. de V. Roos, F. B. Smith en dr. H. P. Veale.

Die wet rakende die Johannesburgse inrigting is stilweg aangeneem en ook oor die landboukollege is weinig in die Parlement gesê. Die agtergrond was bekend: by die kongres van die Transvaalse Landbou-unie is aan die begin van 1910 onder toejuiging die voorstel van Alfred G. Robertson (die latere administrateur van Transvaal) aangeneem om 'n landboukollege in Pretoria op te rig en genl. Botha (Eerste Minister en self Minister van Landbou) het op staande voet beloof om dit te doen. Daarvoor sou £100,000 deur die Transvaalse Parlement afgesonder word, betaalbaar uit terugbetalings van voorskotte uit die Repatriasiefonds. Die kollege sou voorsiening maak vir onderrig in Landbou-, Veeartsenykundige en verwante wetenskappe en navorsing in verband daarmee. Die Stadsraad van Pretoria het by monde van J. G. van Boeschoten gekom met die aanbod van 'n gedeelte van Groenkloof as proefplaas. Dit sou lê tussen die militêre pompstasie in die Fonteinedal en Klapperkop (insluitende die huidige terrein van die inryteater). Ná hierdie aanbod is die wet deur die Transvaalse Parlement aangeneem. Met die stigting van die T.U.K. het die landbouplan in hierdie stadium geen verband nie; eers teen 1916, toe daar met die beoogde landboukollege nog geen steek gevorder is nie, ontstaan die gedagte om die uitvoering van Wet No. 2 van 1910 (Transvaal) aan die Raad van die T.U.K. op te dra. Deur Unie-wet No. 20 van 1917 is dit toe gedoen.

* In die Nederlandse vertaling word „Transvaal University College" eienaardig genoeg aangegee as *Transvaal Universiteit Gymnasium.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


HOOFSTUK II

DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE (1910—1930)

DIE EERSTE JARE

DIE aanname van die wet (No. 1 van 1910) waardeur die T.U.K. in Pretoria gestig is, het in die daaglikse werk in Proesstraat geen verandering hoegenaamd meegebring nie. Die Pretoria Standing Committee het op 12 Mei 1910 sy laaste vergadering gehou. Toe die lede weer op Dinsdag, 14 Junie, byeenkom, was die hele „Pretoria side" van die vroeëre T.U.K. nog daar met drie addisionele lede (mnre. Adamson, Bourke en Smith was by die eerste vergadering afwesig). Daar is 'n nuwe notuleboek aangelê en formeel besluit „that the college be carried on with the statutory name of the *Transvaal University College* in stead of *Transvaal University College Pretoria Committee* and that all the necessary alterations be made."

Die T.U.K. neem aldus sy plek in naas die bestaande sewe konstituerende kolleges van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop wat onderrig gee in vakke soos vir die hoër universitêre eksamens voorgeskryf: die Suid-Afrikaanse Kollege, Diocesan-kollege, Victoria-kollege, Huguenot-kollege, Rhodes-kollege, Grey-kollege



Personeel en studente, 1910.
Dosente (*l.n.r.*): *proff.* D. F. DU T. MALHERBE, J. PURVES, A. C. PATERSON, H. REININK, T. H. LE ROUX, P. G. GUNDRY, H. A. WAGER.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en Pietermaritzburg-kollege. Johannesburg sou vir sy eie sertifikate tot 1918 oplei, met die Kaapse matrikulasie as toelatingseksamen.

Die kontrakteur Kirkness was reeds besig om die fondamente te lê van die hoofgebou en die wetenskapgebou op die stuk oop grond oorkant die spoor by Brooklyn waar doring- en kareebome, struike en lang gras nog op die hele bult welig gegroei het. Die Raad se eerste taak was om vir die plegtige hoeksteenlegging reëlings te tref. Eers is die datum vir 30 Julie, daarna vir Woensdag, 3 Augustus 1910, bepaal. Die pasgestigte Unie se eerste goewerneur-generaal, burggraaf Herbert Gladstone, sou die hoeksteen lê. Die steen se opskrif sou (so is na 'n bespreking besluit) tweetalig wees en prof. Reinink sou die Nederlandse vertaling lewer. Die sekretaris is ook deur die Raad gemagtig om hoogstens £50 aan verversings te bestee. Wat op die gedenkwaardige dag gebeur het, staan soos volg in *De Volksstem* te lees:

> „Op de oost van Pretoria gelegen dorpsgronden, nabij Rissik station gelegen boven op een kop, staken op Woensdag, ll. met vlaggen voorziene steigerpalen mager de lucht in. Behalve vele Union Jacks zag men daar de kleuren van Italië, Duitsland, Nederland, tot zelfs van Japan. Guirlandes van kleine vlaggetjes verbonden de steigerpalen. Een heldere winterdag met juist genoeg wind om de vlaggen in beweging te houden, tal van jongedames, leerlingen van de Normaalschool, andere dames in sierlike wintertoiletten, hoogbehoede heren en jeugdige studenten die zich tegen drie uur versameld hadden rond de hoeksteen, moeten Lady en Lord Gladstone wel opgewekt hebben toen ze de platform beklommen waarop de plechtigheid zou worden verricht. Onder de aanwezigen merkten we op mevr. Louis Botha, mevr. Abraham Fischer, mevr. Dr. Reinink, mevr. van Trotsenburg, mevr. de Villiers Roos, en de heren Dr. Kan, Zorn, Magistraat Juta, de Villiers Roos, E. Bourke, Dr. Reinink, Van Trotsenburg, de eerw. Weavind, H. S. Bosman, Godfrey, Phillips, A. L. Henderson, Dr. W. MacDonald, J. G. van Boeschoten, Carl Jeppe, Adamson, Genl. J. Smuts, H. Crawford, D. Joubert, H. L. Malherbe, D. Hafner, E. Chappel, F. B. Smith, Dr. Veale, Dr. Savage, I. van Alphen, administrateur J. Rissik, Kirkness, P. de Kock, Clark, Dr. Fouché, Dr. Engelenburg, Dr. Gunning, Prof. Purves, Prof. Paterson, de meeste dezer met hun dames.
>
> De Direkteur van Onderwijs, de hr. Adamson, ontving Lady en Lord Gladstone met gevolg. Aan Lady Gladstone werd door mevr. Adamson een bloemruiker (aangeboden). Na het door hun innemen van de bestemde zetels, opende Ds. H. S. Bosman de plechtigheid met het uitspreken van een gebed in de holl(andsche) taal. Daarna nam de hr. Adamson het woord . . . . "

Adamson het die kollege die bekroning van die stelsel van laer en middelbare onderwys in Transvaal genoem. Bouaannemer J. J. Kirkness het toe aan die goewerneur-generaal die kassie met silwertroffel en steenhouershamer as aandenking oorhandig. Na die hoeksteen gelê is, het lord Gladstone in sy rede die hoop uitgespreek dat die kollege deel van 'n werklik nasionale „Akademie" mag word waarin alle takke van die wetenskap, ook die regte, geneeskunde en teologie tot hul reg sou kom. Genl. Smuts het namens sy kollega, minister F. S. Malan, gepraat. Verwysende na Sy Eksellensie se *Alma Mater* het hy gesê: dalk breek die dag nog aan dat hierdie T.U.K. vir ons land sal wees wat Oxford vir Engeland is, miskien moet ons die gras nog honderd jaar op die veld sien groei eer dit gebeur, maar 'n goeie begin is gemaak. In Hollands het prof. Reinink namens die Senaat gepraat. Lord Gladstone het beken dat hy wel nie verstaan het wat in die Hollandse taal gesê is nie, maar ewenwel bedank en daarna is daar „afternoon tea" bedien, deur mnr. Kirkness „op onbekrompen wijze" verskaf!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die hoeksteen, Ou Letteregebou.

In September 1911 trek dosente en studente oor na die twee pasvoltooide geboue op die nuwe Kollegeterrein in Brooklyn — die Ou Lettere- en die Ou Chemiegebou, soos hulle later genoem is. Hierdie twee geboue het die hele Universiteit gehuisves vir die eerste elf jaar. Daar was op daardie stadium sewe professore, ses lektore en 62 studente. Die administratiewe personeel het bestaan uit 'n sekretaris.

Die terrein was afgeleë. Die koshuise was nog in die stad en die studente moes per spesiale bus kom. Baie jare sou die personeel by die stadsraad aandring op die verlenging van die tremlyn van Sunnyside tot by die Kollegeterrein. Daar is 'n opsigter aangestel en naturellebediendes; die Raad het die terrein laat uitlê, bome laat plant die eerste tennisbane laat maak. Gaandeweg het die terrein meer bewoonbaar geword. In 1914 verskyn 'n derde gebou op die terrein, dié van die manskoshuis Kollegetehuis.

So was die begin, klein en nederig. Almal het mekaar geken; daar was 'n informele ongedwongenheid tussen studente en dosente. Die Raad het nog tyd gehad om oor die aankoop van 'n kruiwa te besluit. Gaandeweg het die getalle toegeneem. Die lewe het meer gekompliseerd geword. Die studie het meer vertakkinge bygekry. Die eerste geboue het te klein geword — en so gaan die T.U.K. met sy ontwikkeling voort.

BEHEER EN BESTUUR

OP sy derde vergadering, gehou op 8 Julie 1910, het die Raad van die T.U.K. die eerste reëls en regulasies neergelê. Daarin is bepaal dat die Raad een keer per maand sal vergader, dat dit self 'n voorsitter sal kies; ook hoeveel lede 'n kworum sal vorm, hoe die lede aftree en hoe hulle verkies of aangestel word, en wat die toesighoudende taak van dié liggaam sal wees.

Daar is bepaal dat daar twee vaste komitees van die Raad sou wees: 'n „Finance Committee" wat beheer oor die geldsake van die inrigting kry en 'n „Building, House and Equipment Committee" wat te doen sou hê met alle geboue en toerusting van die inrigting, ook met studentelosies. 'n Paar maande later, op 22 September, het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nog 'n komitee op voorstel van dr. F. V. Engelenburg bygekom, die „Educational Functions Committee" wat die onderwysaangeleenthede self moes behartig.

Daar is ook bepalings gemaak oor die Senaat, eintlik 'n komitee van die Raad, bestaande uit al die professore en lektore wat hoofde van departemente was. Hierdie liggaam, wat 'n voorsitter en sekretaris uit sy geledere moes kies, het die onderwys in die verskillende vakke, asook die dissipline oor studente en dergelike aangeleenthede behartig.

Dit is geen oorspronklike indeling nie; dit was immers die gebruiklike by universitêre inrigtings in Suid-Afrika. Die Senaat het op sy beurt weer verskillende vaste komitees gehad waarvan die heel eerste die Biblioteekkomitee was. Die reëls en regulasies van die Senaat (Senate Handbook) is natuurlik van tyd tot tyd verander. In 1926 het daar 'n verandering gekom en toe weer in 1929. Ander vaste komitees wat later bykom, is die Uitvoerende Komitee van die Senaat, 'n Roosterkomitee, 'n Kalender-(jaarboek)komitee en nog verskeie meer. Die fakulteitsrade kan ook beskou word as komitees van die Senaat. Dit is moeilik om vas te stel watter fakulteite eerste ontstaan het. Toe die Landboufakulteit in 1916 begin vorm aanneem het, is ook aanbeveel dat die Raad die Senaat toelaat „to extend their Rules of Order so as to provide for the constitution of separate Faculties of Senate, for the independent working of the same in all matters of independent interest, and for joint working in all matters of joint interest."

Waarskynlik het toe (in 1916) ook naas die Landboufakulteit die opsplitsing van die oorspronklike aantal vakke in 'n Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en 'n Fakulteit van Wis- en Natuurkunde plaasgevind. 'n Statuut van die toekomstige Universiteit van Suid-Afrika wat in 1916 onder die aandag gekom het, het hierdie indeling bevat en het waarskynlik ook as voorbeeld gegeld. Dit kan ook wees dat genoemde twee fakulteite reeds voor 1916 ontstaan het, maar die Senaatsnotule van voor hierdie jaar het verlore geraak en die Raadsnotule maak geen melding daarvan nie. Registrateur A. A. Roberts stel dit elders so dat daar in 1913 reeds twee fakulteite bestaan het.

In die Senaatsnotule van 11 September 1917 lees ons: „It was unanimously resolved to request the Council to authorise the alteration of the Rules of Order of Senate so as to permit of the establishment of sub-committees for Arts, Science, Agriculture, Education, Divinity and Law to discuss and report to Senate upon all matters affecting the Department concerned."

In 1918 is weer in die reglement van die Senaat neergelê „(that) there shall be the following permanent committees of Senate: Arts, Science, Agriculture, Law, Theology, Education . . . . " Natuurlik is hier nog geen sprake van fakulteitsrade as sodanig nie, maar dit kan tog seker as die voorlopers daarvan geld. Of die volgorde waarin dit hierbo gestel is as aanduiding kan dien vir die volgorde waarin die verskillende fakulteite tot stand gekom het, is nie seker nie. Die eerste fakulteitsnotule is eers van 1919.

Hoewel die opleiding in regsvakke eintlik ouer as die Universiteit self is, dateer die notule van die Fakulteit Regsgeleerdheid van Oktober 1920 af. Reeds in die begin van 1917 is daar in die Senaatsnotule sprake van 'n „Theological Faculty Committee" en die ontstaan van die Fakulteit Godgeleerdheid moet waarskynlik in hierdie jaar geplaas word. Van 'n Fakulteit van Opvoedkunde word daar in hierdie jare ook reeds gepraat, hoewel dit eers veel later 'n fakulteit in die werklike sin van die woord geword het.

'n Belangrike uitbreiding ontstaan in 1919, toe die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie ingestel is. Daarmee het die Buitemuurse afdeling ook sy beslag


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gekry wat universitêre studie binne bereik van talryke staatsamptenare en ander werkende persone gestel het. Van 1921 word die eerste buitemuurse gebou op Kerkplein gebruik wat aan hierdie afdeling 'n byna selfstandige sentrum besorg. In 1919—1920 kom die Fakulteit van Veeartsenykunde tot stand wat in samewerking met die navorsingsinstituut van Onderstepoort 'n landswye betekenis kry. In 1922 is met die opleiding in Musiek begin. Dit ontwikkel in die jare daarna tot 'n fakulteit.

As gevolg van hierdie ontwikkeling word in hierdie jare gepraat van die fenomenale groei van die T.U.K. Dat dit miskien te vinnig was, het allerlei behuisings- en finansiële moeilikhede aangetoon. Toe dr. N. M. Hoogenhout in 1925 rektor word, het hy die T.U.K. vergelyk met 'n kind in sy puberteitstadium „when the body seems to have reached a stage of unequal growth and disproportionate development; a stage in which clothes are outgrown rather than outworn."

Nadat die administrasie van die T.U.K. aanvanklik behartig is deur 'n sekretaris en 'n tikster, is die eerste registrateur in 1916 benoem. Hy was prof. A. C. Paterson wat met hierdie aanstelling egter nie sy doseerpligte in Latyn prysgegee het nie. Die dubbele taak was byna te veel vir hom en reeds in 1917 het hy, toe hy met verlof gegaan het, kennis gegee dat hy nie daarmee kan voortgaan nie.

Toe prof. Paterson in Oktober 1917 op die vooraand van sy verlof in die Senaat aankondig dat hy nie langer die pligte van registrateur en professor kan waarneem nie, het die vraag ontstaan — prof. Reinink het dit in die Senaat geopper — of die tyd nie aangebreek het vir die T.U.K. om 'n rektor te benoem nie. Na 'n onderkomitee die saak ondersoek het, word dit op aanbeveling van die Senaat deur die Raad goedgekeur. Die keuse val toe op prof. A. C. Paterson en na die minister se goedkeuring verkry is, word hy van 1 Oktober 1918 af as die eerste rektor van die T.U.K. aangestel.



A. C. PATERSON (1875 — 1932).

Alfred Croom Paterson is op 12 *Februarie* 1875 *gebore in die pastorie op Dalry (Ayr) in Wes-Skotland. Hy was die jongste uit 'n predikantegesin van dertien kinders. Een van sy vader se broers was John Paterson, die Kaapse politikus. Sy opleiding geniet hy aan die Universiteit van Edinburg waar hy in* 1895 *die M.A.-graad behaal het, en daarna aan die Universiteit van Oxford waar hy ook 'n M.A.-graad met onderskeiding in Moderne Tale en Lettere behaal.*

Hy tree in die onderwys, o.a. op die eiland Jersey, en emigreer in 1903 *na Suid-Afrika om die Milner-administrasie behulpsaam te wees in dié se poging „to start country schools in the Transvaal after the war". In* 1905 *word hy op die personeel van die Pretoriase Normaalkollege aangestel.*

Sedert sy aanstelling as professor in Latyn en Hebreeus aan die T.U.K. het hy, soos uit die voorafgaande blyk, 'n aktiewe rol in die sake van die kollege gespeel. Van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hom is deur sy tydgenote gesê dat hy baie van die T.U.K. se korrespondensieleêers in sy hoof omgedra het omdat hy so maklik uit die geheue oor administratiewe sake kon aanhaal. Om redes wat hierna verduidelik word, verlaat hy die T.U.K. in 1924 *om 'n betrekking aan die Universiteitskollege van Auckland, Nieu-Seeland, aan te neem. Na hy sy nuwe betrekking in Nieu-Seeland aanvaar het, het hy Suid-Afrika by twee geleenthede weer besoek, in* 1928 *en* 1931. *Hy is op* 13 *Februarie* 1932 *oorlede.*

Vir prof. Paterson het die aanstelling as rektor geen wesenlike verandering in sy posisie gebring nie. Waar hy voorheen registrateur was, is hy nou rektor, terwyl daar geen registrateur meer is nie. Origens bly hy professor met doseerpligte. Sy taak het, indien dit verander het, net moeiliker geword. Sy gesondheid het daaronder begin ly en hy bedank aan die begin van 1919 as rektor, met ingang van 31 Maart.

Dit laat die Raad besluit om 'n registrateur aan te stel en na die minister se goedkeuring verkry is, word prof. Paterson versoek om sy bedanking in heroorweging te neem. Dit het toe gebeur. Adv. A. A. Roberts is op 25 April 1919 as die eerste voltydse registrateur aan die T.U.K. aangestel en prof. Paterson het as rektor aangebly.

DIE EERSTE REKTORKWESSIE

TOE prof. Paterson in Februarie 1920 weer eens dreig om te bedank, besluit die Raad om hom van alle doseerpligte te onthef en hom slegs nominaal professor in Latyn te laat bly. Op hierdie stadium het die mediumkwessie die saak in 'n hoë mate beïnvloed. Prof. Paterson het tot dusver die indruk gewek dat hy die eise om Afrikaansmedium-onderrig baie objektief behandel en hy het die Afrikaanse groep gepaai om ter wille van die finansies nie te sterk op gelykheid aan te dring nie. In die vakansie 1920—1921 het hy egter 'n beslissing geneem wat 'n deel van die Afrikaanse groep in die harnas teen hom gejaag het. In die Senaat het 'n mosie van wantroue in hom, voorgestel deur prof. Holloway, weliswaar misluk maar hy moes self gevoel het dat sy posisie as rektor nie baie langer houdbaar was nie.

In Februarie 1921 deel prof. Paterson weer eens mee dat hy om gesondheidsredes na die einde van sy termyn op 31 Maart nie 'n herbenoeming sal aanvaar nie. Daarop word die rektorskap toe aan sir Arnold Theiler aangebied, terwyl Paterson versoek word om intussen as rektor waar te neem. Theiler wys egter die aanbod van die hand en Paterson bly aan as waarnemende rektor tot iemand anders gevind kon word.

Die iemand anders was nie so maklik te vind nie en die saak het gesloer.

'n Suggestie het toe van prof. Leo Fouché gekom, naamlik dat prof. Paterson versoek moet word om waar te neem tot iemand van vooraanstaande status gevind kan word om die rektorskap te aanvaar. So iemand was op daardie stadium nodig, so word geredeneer, om die nodige samewerking tussen die twee groepe (Afrikaans en Engels) te verkry. So was die rektorskap eindelik vakant, maar om die „superman" te vind, was nie so maklik nie. Aan allerhande moontlike en onmoontlike figure is gedink, maar daar is geen vordering gemaak nie: „Wie ons wou hê, wou nie kom nie en die wat dan wou kom, wou ons nie hê nie," so is destyds gesê.

Teen April 1922 besluit die Raad om die Eerste Minister, genl. Smuts, te versoek om iemand as rektor voor te stel en die Senaat word intussen met dié vooruitsig gepaai. Die onderhoud met genl. Smuts deur 'n afvaardiging bestaande uit regter A. Mason, dr. J. E. Adamson en prof. P. J. du Toit vind egter eers op 1 September plaas. Teen hierdie tyd was prof. Paterson ook nie meer waarnemende rektor nie. Hy het op 1 Julie 1922 met verlof gegaan en sy pos neergelê. Dus soveel te meer rede om by genl. Smuts

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan te dring. Die onderhoud het egter niks finaals opgelewer nie. Die Eerste Minister het gereël dat die Senaat gesamentlik verantwoordelikheid moet aanvaar as daar iets aan die werk van een van hulle kollegas haper. Origens maan hy dat die onkoste so laag moontlik gehou moet word en „that what the College needed most was an undisturbed period of steady development." Daar word ooreengekom om voorlopig sonder 'n rektor klaar te kom en die Raad het ook besluit om die registrateur intussen £10 per maand ekstra te betaal vir die addisionele werk wat nou binne sy taak val.

Intussen was die posisie van die Kollege nie benydenswaardig nie. Onder die personeel was daar skerp wrywing omdat iedereen geweet het dat daar twee groepe is wat sterk van mekaar verskil. Daar was dus nie die vrymoedigheid wat daar onder akademiese kollegas behoort te bestaan nie. In die stad en in die land was die interne stryd by die T.U.K. nie onbekend nie en dit was nie bevorderlik vir die welsyn van die Kollege nie. 'n Poging om 'n driemanskap, bestaande uit proff. J. E. Holloway, H. Reinink en P. J. du Toit te laat waarneem, het ook nie geslaag nie.

Die ooreenkoms wat met genl. Smuts getref is, is nogal eienaardig. Wat word bedoel met die bewering dat die Kollege behoefte het aan „an undisturbed period of steady development" wat die aanstelling van 'n rektor blykbaar sou verstoor? Dit is alleen te verklaar uit die feit dat politieke verhoudinge teen dié tyd baie skerp begin uitkom het, ook binne die Universiteitskollege. Die Nasionale Party was sterk aan die opkom. Vir die Smutsregering was die staking van 1922 al die skrif aan die muur. Sake moes dus kalm gehou word.

Die soek na buite het op 'n mislukking uitgeloop. Daar word nou besluit, altans deur die Afrikaanse groep, om 'n rektor onder die geledere van die Senaat self te vind. Hierin het prof. Holloway die leiding geneem; nadat hy sy kollegas goed deurgekyk het, het hy tot die slotsom gekom dat prof. A. E. du Toit, professor in Wiskunde sedert 1913, die enigste is wat vooruitgestoot kan word. Op hierdie stadium was prof. Du Toit voorsitter van die Senaat en het dus wat dit betref reeds al 'n leidende posisie ingeneem.

In Oktober 1923 behaal prof. A. E. du Toit die meerderheid in 'n Senaatsvergadering teenoor drie ander wat voorgestel is, naamlik prof. A. C. Paterson, prof. J. E. Holloway en adv. A. A. Roberts. Vir die Raad was prof. A. E. du Toit egter nie aanvaarbaar nie, en hulle weier om sy naam aan die minister voor te dra, omdat die Senaat nie eensgesind genoeg was nie.

As tydelike maatreël word die voorsitter van die Senaat — in dié geval prof. A. E. du Toit — benoem om die bykomende pligte en verantwoordelikhede (soos die van rektor) op hom te neem, teen 'n ekstra besoldiging van £200 plus £100 onthaaltoelae. Dit word egter duidelik gestel dat hy net koördinerend tussen Senaat en studente optree en nie juis administratiewe verantwoordelikheid het nie.

In die begin van 1924 verlaat prof. Paterson Pretoria om 'n professoraat aan die Universiteit van Nieu-Seeland in Auckland te aanvaar. Die pers vertel uitgebreid van al die afskeidsonthale wat hom te beurt val: van die Rolbalklub, van die Raad en personeel van T.U.K., van die Caledonian Society, van die Vrymesselaars, van oudstudente en nog meer. Hy was 'n populêre en 'n gewaardeerde figuur in baie kringe. Maar 'n enkele opmerking van die koerant suggereer hoe sy posisie intussen aan die T.U.K. geword het: „We believe that latterly he has felt that newer conditions at the College limited his scope; hence his decision."

In die jaar 1924 het die rektorkwessie voortgeduur. Die Senaat dring aan op 'n permanente aanstelling, maar die Raad bly maar soek na „a man who would command the support of a large majority of Senate and Council."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


By die aftrede van sir John Adamson as direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement beveel die Raad by die Senaat aan dat hy tot rektor benoem moet word. Maar weer eens kies die Senaat prof. A. E. du Toit, hierdie keer met 'n groter meerderheid, maar weer weier die Raad om hom aan te stel.

Eindelik is op 5 Maart 1924 tydens 'n gesamentlike vergadering van die Raad en Senaat deur prof. Fouché voorgestel om 'n tydelike aanstelling te maak, net om die Kollege oor 'n kritieke tyd heen te help. Hoewel daar hier geen besluit geneem is nie en maande lank hierna ook nie, is hierdie voorstel blykbaar nie vergeet nie.

Meer en meer kom die saak in die pers ter sprake. *De Volksstem* bepleit die aanstelling van prof. Du Toit en stel dit so dat die T.U.K. se moeilikhede alleen sal ophou as die inrigting 'n beslis Afrikaanse rigting kies. Hy waarsku dat as gevolg van al die getalm die geldsake van die Kollege „in die honderd" begin loop.

So het dit voortgegaan. In Oktober 1924 besluit die Raad weer eens „that prof. A. E. du Toit be not appointed Rector." Hierna het prof. Du Toit met 'n jaar verlof gegaan en prof. Holloway is as waarnemende voorsitter van die Senaat benoem tot hy aan die begin van 1925 direkteur van Sensus en Statistiek geword het. Daarna het prof. J. C. Faure waarnemende voorsitter geword.

Toe J. H. Hofmeyr administrateur van Transvaal geword het, is hy ook as Raadslid aangestel. Hy het die houding ingeneem dat dit die Kollege benadeel om nie 'n rektor te hê nie. Op sy voorstel beveel die Raad toe dr. N. M. Hoogenhout, prinsipaal van die Pretoriase Normaalkollege, as rektor vir 'n tydperk van twee jaar aan. Dr. Hoogenhout neem aan, mits die Senaat die aanstelling goedkeur. Eindelik was daar 'n kandidaat waaroor Raad en Senaat dit eens was. Die Transvaalse Uitvoerende Komitee keur dit ook goed — daarvoor het administrateur Hofmeyr waarskynlik gesorg — mits dit geen ekstra koste meebring nie. Die Raad besluit vervolgens om dr. Hoogenhout se plaasvervanger in die Normaalkollege se salaris te betaal en dr. Hoogenhout se salaris aan te vul.



N. M. Hoogenhout (1876 — 1932).

Nicolaas Marais Hoogenhout was 'n figuur wat sy stempel op die onderwys van Transvaal afgedruk het. Hy is gebore op Wellington in 1876 *en was die seun van C. P. Hoogenhout, bekende taalstryder van die Eerste Taalbeweging. Sy opleiding geniet hy in Stellenbosch, B.A.* (1896), *M.A.* (1899), *en aan die Universiteit van Straatsburg waar hy in* 1902 *tot doktor in die Germaanse Filologie promoveer. By sy terugkeer in* 1903 *is hy 'n jaar lank dosent op Stellenbosch as plaasvervanger van prof. W. J. Viljoen. In* 1904 *word hy hoof van die Eendracht-skool in Pretoria, een van die grootste C.N.O.-skole van die tyd. Hierna het hy 'n leidende rol in die Transvaalse Onderwys gespeel — onder andere as voorsitter van die Transvaalse Onderwysersvereniging. In* 1908 *word hy viseprinsipaal van die Pretoriase Normaal-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kollege en sedert 1921 *prinsipaal van die inrigting. In* 1909 *was hy een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die kroon op sy loopbaan het gekom nadat hy as rektor afgetree het en as direkteur van Onderwys in Transvaal aangestel is. Hy het op hierdie stadium ook op die Raad van die T.U.K. gedien en was die eerste voorsitter van die Raad van die Universiteit van Pretoria in* 1930. *Hy is op 'n betreklik vroeë leeftyd op* 9 *Februarie* 1932 *op Pretoria oorlede. Die Raad het by sy afsterwe 'n mosie van deelneming aangeneem en „met innige dank teruggedink aan die groot dienste wat hy aan hierdie inrigting bewys het.*"

Op 7 Mei 1925 word die nuwe rektor in 'n volle Senaatsvergadering deur die voorsitter van die Raad, dr. Veale, en die aftredende voorsitter van die Senaat, prof. J. C. Faure, voorgestel. Hy was natuurlik al 'n ou bekende in die Senaat. As hoof van die Normaalkollege was hy ook professor in Opvoedkunde aan die T.U.K. en as sodanig lid van die Senaat. Hy lewer 'n kort en kragtige toespraak; as enigste riglyn eis hy dat die belange van die student bo alles gestel moet word. Hy het vertroue ingeboesem, was 'n kragtige persoonlikheid wat, hoewel streng volgens die reëls, tog met takt kon optree. Hy moet as een van die grondlêers van die Universiteit van Pretoria in sy annale 'n hoë plek inneem. Hy het die Kollege oor 'n baie moeilike periode heen gehelp. Daar is dan ook vroeg probeer om sy dienste vir langer as twee jaar te behou. In Oktober 1926 word hom verhoging van salaris en 'n vry huis aangebied vir 'n verdere tydperk van vyf jaar. Hy sou waarskynlik gebly het, maar die Minister van Onderwys wou nie die voorwaardes goedkeur nie en daarop laat dr. Hoogenhout die Raad weet dat hy na beëindiging van die twee jaar, op 30 April 1927, terugkeer na die Normaalkollege. En so het dit dan ook gebeur.

Na die aftrede van dr. Hoogenhout is prof. A. E. du Toit weer as waarnemende rektor vir die res van die jaar 1927 aangestel, op voorwaarde dat hy hoof van die departement Wiskunde bly en vier lesings per week waarneem. Hierna het die ou storie, die soek na 'n rektor, maar weer begin. 'n Onderkomitee van die Raad, bestaande uit dr. Holloway en dr. Veale, kon alleen aanbeveel dat prof. A. E. du Toit vir die jaar 1928 ook benoem word.

Vir die Senaat was daar op hierdie stadium net een kandidaat vir die rektorskap en dit was prof. A. E. du Toit, maar die Raad het weer telkens geweier om sy aanbeveling aan te neem. Toe die Raad J. de V. Roos, ouditeur-generaal van die Unie, voorstel, het die Senaat hom geweier op grond van die feit dat hulle 'n jonger persoon verkies. Op die Raad was teen hierdie tyd 'n paar figure wat die Senaat gesteun het, onder andere dr. Holloway en dr. H. D. van Broekhuizen. Dr. Holloway het as lid van 'n onderkomitee wat die rektorsaak moes hanteer, aangedring op 'n beslissing, maar die Engelse lede het die saak steeds op die lange baan geskuiwe om redes wat later geblyk het. Dr. Holloway moes in 1928 na Europa en skaars het die skip Tafelbaai verlaat of die Raad besluit, sonder om die Senaat te raadpleeg, om die rektorskap aan prof. Paterson aan te bied. Dr. Van Broekhuizen was toe ook juis in die Kaap vir die parlementsitting.

Prof. Paterson was in hierdie jaar met verlof in Suid-Afrika en hy is waarskynlik in die geheim ingelaat. Geen wonder nie dat hy teenoor 'n koerant as sy indruk weergee: „South Africa generally is still a terrible country for politics."

Die Raad se besluit insake Paterson het die T.U.K. weer eens voorbladnuus gemaak. Nog voor die deputasie by die minister uitgekom het, was dit orals bekend waarom dit gaan. Die Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, was natuurlik ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op hoogte van sake toe die deputasie by hom uitkom. Op sy vraag of die Senaat in die besluit geken is, moes daar ontkennend geantwoord word en taktvol het hy gesê dat hy sy beslissing voorbehou in die hoop dat daar eensgesindheid bereik sal word.

Binne die Raad self was daar al heelwat onenigheid. Toe A. P. Brugman in Oktober voorstel dat die besluit insake Paterson herroep word, word dit net met die beslissende stem van die voorsitter, dr. Veale, afgestem. Weer word 'n deputasie na die minister afgevaardig maar hy eis nog steeds eensgesindheid.


Onder die omstandighede word prof. A. E. du Toit vir 'n verdere ses maande, tot Junie 1929, as waarnemende rektor benoem en gemoedere kom enigsins tot rus.

Dit was duidelik dat die „Engelse" groep besig was om grond te verloor, ook in die Raad. In Junie 1929 word eindelik besluit om prof. A. E. du Toit as rektor vir 'n termyn van vyf jaar by die minister aan te beveel. Hierteen kom toe die studente onder leiding van die V.S.R. in opstand. Dit is beweer dat hulle teen prof. Du Toit opgestook is. Op 'n monstervergadering word met 180 teen 43 stemme teen die aanstelling protesteer, en daar word allerlei beledigende aanmerkings teenoor die rektor gemaak. Die Senaat het hierop die V.S.R. ontbind, maar die studente wou nie 'n ander in die plek daarvan kies nie. Na baie lawaai en na die leiers van die versetgroep prof. A. E. du Toit om verskoning gevra het, is die moeilikheid bygelê.

Hierdie studentemoeilikheid het die finale aanstelling nog 'n paar maande vertraag, maar uiteindelik is die aanstelling van prof. Du Toit as rektor van 1 Augustus 1929 af deur die minister bekragtig.

Dit is inderdaad opvallend dat na N. M. Hoogenhout die T.U.K. in A. E. du Toit weer 'n rektor gekry het wat uit die kringe van die Eerste Taalbeweging afstam. Sy vader was namelik S. G. du Toit, die sekretaris van die Genootskap van Regte Afrikaners.

Anthonie Eduard du Toit is op 26 *Januarie* 1885 *op Rawsonville, distrik Goudini, gebore waar sy vader skoolhoof was en waar hy sy skoolopleiding geniet het. Daarna studeer hy aan die Victoria-kollege, Stellenbosch, waar hy 'n M.A.-graad behaal en vervolgens aan die Universiteit van Parys waar hy 'n graad in ingenieurswese behaal. By sy terugkeer in Suid-Afrika is hy vir 'n tyd lank werksaam as lektor in Stellenbosch en word vervolgens in* 1913 *aan die T.U.K. aangestel as professor in Suiwer en Toegepaste Wiskunde. Soos reeds aangedui, het hy vanweë sy bekwaamheid en persoonlikheid gaandeweg 'n leidende posisie onder die personeel van die T.U.K. ingeneem sodat hy die Senaat se vanselfsprekende keuse vir die rektorsposisie was. As rektor het hy 'n belangrike aandeel in die Universiteitswording en die Afrikaanswording van die inrigting gehad.*



A. E. DU TOIT (1885 1942).

Na sy rektorale tydperk in 1934 *verstreke was, het prof. A. E. du Toit weer teruggekeer na die leerstoel in Wiskunde. Hierdie pos lê hy in* 1938 *neer om as kandi-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daat vir die parlement vir die kiesafdeling Wonderboom te staan. Hy word egter nie verkies nie en gaan hom voortaan op sy plaas in Natal vestig waar hy ywerig in die politiek bly belang stel en onderleier van die Hervormde Nasionale Party in Natal word. Hier is hy op 12 *Julie* 1942 *oorlede. Sy asse rus in die kerkhof langs die historiese kerkie op Tulbagh waar sy grootvader en naamgenoot asook verskeie ander familielede begrawe is.*

FINANSIES (1910 — 1930)

TOT 1916—1917 was die T.U.K. 'n suiwer staatsinrigting wat al sy toelaes vir salarisse en so meer direk van die Staat ontvang het. Daar is in 1910 vir die oprigting van die eerste geboue £50,000 afgestaan en dit is ook die som wat as die bates van die inrigting vir die jaar aangegee word. Maar as 'n mens die waardevolle terrein wat die Stadsraad van Pretoria geskenk het ook in aanmerking neem, dan kan die syfer seker hoër gestel word.

Die inrigting was in sy beginjare. Vir feitlik elke stap wat die Raad gedoen het, was hy afhanklik van die goedkeuring van die regering. Vir elke gebou wat opgerig is, vir elke boom wat geplant is, vir elke kursus wat ingestel is, moes die nodige geld direk van die staat verkry word. Dit is opvallend hoeveel deputasies die Raad na die Minister van Onderwys afgevaardig het om soms betreklik nietige bedrae aan te vra.

In 1911 word die jaarlikse uitgawe van die T.U.K. deur J. de V. Roos teenoor die Thomson-kommissie op £11,892 gestel waarvan aan studentegelde slegs £750 ingevorder is. Die res moes die staat bydra. Die koste per jaar per student vir die staat word deur genoemde kommissie op £195 gestel. In 1914 het die Laurence-kommissie dit op £100 gestel.

Dit is egter duidelik dat van die begin af besef is dat 'n universitêre inrigting oor eie fondse moet beskik en die verskillende parlementêre kommissies het dit dan ook telkens aanbeveel. Hoewel duidelik gestel word dat 'n universitêre inrigting nooit selfonderhoudend kan wees nie, word tog klem daarop gelê dat so 'n inrigting oor 'n groot mate van vryheid moet beskik wat dit alleen kan verkry indien daar voldoende geld tot sy beskikking is.

Die ideaal wat gestel is, is 'n staatsondersteunde inrigting soos die twee universiteitskolleges op Stellenbosch en Kaapstad toe alreeds was. Natuurlik het die T.U.K. in hierdie jare wel enkele bedrae uit privaatbronne gekry, maar die is byna uitsluitlik aan beurse en lenings vir studente bestee. Hoewel die Thomson-kommissie in 1911 en die Laurence-kommissie in 1914 daarop aangedring het dat skenkings liewer vir algemene fondse verkry moet word en nie vir beurse, waaraan soms lastige voorwaardes verbonde is nie, lyk dit of hierdie beroep wat die Raad van die T.U.K. betref op dowe ore geval het. Dit is te verstaan. Steeds meer studente was op hierdie stadium van lewensbelang vir die inrigting en hulle moes met beurse aangelok word.

Deur die Transvaalse Onderwyswet van 1907 is alreeds 'n aantal beurse vir studente van die T.U.K. beskikbaar gestel. Hierdie beurse was driesoortig: vir opleiding in die onderwysberoep, vir graadopleiding en vir nagraadse opleiding aan 'n oorsese universiteit. In 1910 het die Stadsraad van Pretoria twee beurse van £200 elk per jaar ingestel aan persone wat 'n graad aan die T.U.K. behaal het — dus ook 'n nagraadse beurs vir oorsese opleiding. Van senator Samuel Marks, bekende Pretoriase finansier, is van 1911 £200 per jaar vir 'n periode van ses jaar gekry wat ook aan beurse bestee is. Na afloop van die ses jaar is die beurse nog vir etlike jare verleng. Dan was daar natuurlik ook beurse deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop beskikbaar gestel waarvoor T.U.K.-studente kon meeding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die beurse is egter as te min beskou. In 1911 beveel die Raad aan dat lede van die Senaat plattelandse dorpe moet besoek om munisipale beurse te kry vir studente van die bepaalde dorpe. Of die Senaat hierop gereageer het, word nie gemeld nie. Wel het burgemeester Andrew Johnson in 1912 vyf beurse geskenk vir behoeftige studente uit Pretoria.

In 1913 dring die Sekretaris van Onderwys by die Raad daarop aan dat van die Transvaalse publiek fondse ingesamel moet word. Die regeringstoelae is in hierdie jaar met £160 besnoei en na aanleiding hiervan word besluit om burgemeesters en magistrate dwarsdeur Transvaal te versoek om die publiek aan te moedig om geld aan die T.U.K. te skenk. Toe die beurstoelae van die staat in 1916 van £620 tot £550 verminder word, is weer die Pretoriase parlementslede versoek om hulle invloed te gebruik. Dieselfde jaar is die jaarlikse toelae van die Stadsraad van £500 tot £1,000 verhoog met die bepaling dat dit vir beurse aangewend moet word.

Met Wet no. 20 van 1917 (Wet tot Additionele Regeling van het Hoger Onderwijs) breek daar 'n nuwe tydperk vir die finansies van die T.U.K. aan. Hierin word bepaal dat „geen kollege na de invoering van deze wet beschouwd (zal worden) als een staatsinstelling zullende na zodanige invoering elk Kollege worden aangemerkt als een van staatswege ondersteunde instelling." Reeds in 1916 het daar verandering gekom. Van hierdie jaar af tot die boekjaar 1922/23 is die stelsel van staatsondersteuning aan universiteite en kolleges gebaseer op hulle *goedgekeurde uitgawes* soos verteenwoordig deur salarisse, onderhouds- en algemene uitgawes en rente en delgingskoste op lenings. Dit was klaarblyklik die staat se beleid om self 'n wakende oog oor die finansies van die universiteitsinrigtings te hou. Dit val natuurlik saam met die



Personeel en studente, 1914.
Dosente (l.n.r.): T. H. le Roux, A. E. du Toit, H. A. Wager, J. Purves, P. G. Gundry, H. Reinink, D. F. du T. Malherbe, W. A. Macfadyen *en* L. C. de Villiers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

instelling van die Universiteit van Suid-Afrika en die twee onafhanklike universiteite van Stellenbosch en Kaapstad. „Onderwysende universiteite en kolleges . . . was 'n nuwigheid en hulle moes vir 'n tyd aan die leiband gehou word voor hulle op eie bene kon staan en feitlik as selfregerende inrigtings kon voortgaan." (Adamson-verslag).

Onder die nuwe bedeling het die skoen al gou begin druk. Dit is egter meer te wyte aan die vinnige groei wat die inrigting op hierdie stadium deurmaak as aan die verandering van beleid, hoewel die jaarlikse toelaes na verhouding tog stap vir stap verminder is. Die regeringstoelaag het gestyg van £11,852 in 1913 tot £16,258 in 1918 en £33,460 in 1923, maar dit het eenvoudig nie tred gehou met die eise wat die nuwe ontwikkeling gestel het nie. In 1920 was daar bv. 'n tekort van £1,845 wat die volgende jaar aangegroei het tot £4,800.

Onder dié omstandighede het rektor Paterson in 1920 voorgestel dat die Minister van Onderwys gewaarsku moet word dat die Raad verplig sou wees om die hele inrigting aan die staat terug te gee, tensy voldoende regeringsteun ontvang word. In September 1921 is daar 'n deputasie van die Raad by die Minister van Onderwys, mnr. Patrick Duncan, en die sekretaris en ondersekretaris. Hier wys prof. Paterson die minister op die moeilikhede om van 'n suiwer staatsinrigting na 'n staatsondersteunde inrigting oor te skakel. „The Treasury appeared to regard the Council as an importunate beggar," lui sy verwyt „instead of a body which had undertaken at the Government's request to look after the interests of a Government Institution." Die minister was simpatiek, maar kon niks belowe nie. „I shall do what I can . . . I know it is badly wanted," was sy woorde.

In Augustus 1922 is daar alweer 'n afvaardiging voor die minister met die versoek om die opgehoopte tekort aan te suiwer, met die belofte dat in die toekoms beter met die Kollege se fondse gewerk sou word. Weer kon die minister niks belowe nie, maar sy woorde: „I recognise that the Government has got to do something to help you", gee die toestand weer soos dit inderdaad was. Die regering moes maar altyd weer help. Daar was geen ander uitweg nie.

Onder die enigsins haglike omstandighede is dit te verstaan dat die owerhede hulle ernstig beywer het vir fondse-insameling uit privaatbronne. As mikpunt word gestel 'n skenkingsfonds van £250,000 wat die Kollege 'n jaarlikse inkomste van £5,000 sou verseker. Dat dit in hierdie na-oorlogse jare maar moeilik gegaan het, is begryplik.

In Mei 1921 is 'n uitgebreide kermis op die Kerkplein en die markterrein gehou wat veral deur die dosente en hulle vrouens georganiseer is. „Koopies vir mans, oues, huisvroue, nooiens, jonges, kinders, Koopies vir Almal", aldus is die geleentheid geadverteer wat afgesluit is met 'n dans in die Erasmussaal. 'n Paar maande later is 'n propagandakomitee deur die Raad benoem om die veldtog vir fondse-insameling voort te sit. Op aanbeveling van dié komitee het die Raad toe ds. P. J. Swart as kollektant aangestel teen 'n salaris van £650 per jaar plus reiskoste.

Wat die veldtog gestimuleer het, was die idee dat die Kollege 'n selfstandige Universiteit kan word sodra dit oor genoeg fondse beskik. In Februarie 1922 skryf genl. Smuts 'n brief aan die rektor waarin hy die veldtog van harte steun: „I have always looked forward to the day when your Institution would develop into the University of the North . . . In your present campaign the one thing that astonishes me is the modesty of the figure aimed at. You should have asked for a million." In die brief bied genl. Smuts dan die £3,000 aan waarmee later die Louis Botha-leerstoel vir Plantkunde ingestel is en wat hy reeds tydens die opening van die eerste Landbougebou aangekondig het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Liggaam wat die Kollege in die begin baie goed gesteun het, was die Stadsraad van Pretoria. In 1922 is die jaarlikse toelae van die stadsraad verhoog tot £2,000 bo en behalwe ses beurse van £22 10 0 elk.

In Oktober 1922 het die burgemeester op 'n openbare vergadering die fondse-insamelings onder die aandag van die publiek gebring. Hier is 'n sterk sentrale komitee gevorm waarop verskillende invloedryke en kapitaalkragtige liggame verteenwoordig was. Volgens 'n koerantverslag was op daardie stadium £73,681 van die beoogde £250,000 ingesamel.

Ook het die Kollege-owerhede die hand in eie sak gesteek. Van die Senaat is 'n belofte van 'n bedrag van £850 gekry, maar toe dit ingesamel moes word, het dit om begryplike redes nie so maklik gegaan nie. Verskeie senaatslede het eenvoudig geweier. Dit lok 'n besluit van die Raad uit dat die bedrag uit die Senaat gekry moes word, hoe dan ook, „whether by deductions, or by any other method" en by dié wat botweg weier „compulsion should be employed." Op twee na het die personeellede toe ten slotte hulle gewillig verklaar om te betaal en £700 is ingesamel.

Sedert 1916 het daar tog heelwat ander fondse ingekom wat weer hoofsaaklik aan beurse bestee is. Die verhoogde toelae van die Stadsraad van Pretoria is reeds genoem. Daarby moet nog genoem word die bedrag van £25,000 wat die Stadsraad betaal het vir Donkiekamp wat eers vir die Landboufakulteit beskikbaar gestel is. Van die som geld is die Proefplaas toe gekoop. Met die totstandkoming van die Landboufakulteit het die T.U.K. ook erfgenaam geword van die som van £100,000 wat in 1910 deur die Transvaalse regering vir 'n landboukollege gereserveer is.

In 1917 het mnr. B. Kitzinger van Londen 'n jaarlikse som van £250 vir twintig jaar geskenk „with the view of promoting and encouraging education at the T.U.C." Hiervan is tien beurse van £25 elk per jaar ingestel. 'n Baie waardevolle skenking is 'n bedrag van £10,000 wat in 1919 van die Nasionale Bank van Suid-Afrika ontvang is. Hiervan is later 'n leningsfonds ingestel wat baie studente oor die jare heen gehelp het. Ter herdenking van hulle seun Patrick Millar wat in die Eerste Wêreldoorlog die lewe gelaat het, het mnr. en mev. William Millar van Pretoria in 1920 die Patrick Millar-fonds gestig waaruit 'n beurs van £30 jaarliks aan 'n teologiese student van die Presbiteriaanse kerk uitgereik word. Van mnr. Louis Reyersbach van Londen is dieselfde jaar 'n bedrag van £5,000 vir beursdoeleindes ontvang.

In 1922 het lady Steel van Pietermaritzburg, 'n suster van prof. Paterson, 'n som van £1,000 geskenk waaruit elke jaar 'n £25-beurs vir damestudente in die Landboufakulteit geskenk is. Dieselfde jaar is ook die Albert Harcourt Giovanetti-fonds gestig wat 'n beurs van £30 per jaar opgelewer het deur mnr. en mev. C. W. Giovanetti ter nagedagtenis aan hulle seun wat in die oorlog geval het. Die volgende jaar het die George Farrar-fonds van £4,000 bygekom waarvoor 'n nagraadse beurs van £100 per jaar in Landbou ingestel is.

In 1922 is die grondslag vir die subsidiëring van universitêre inrigtings ingrypend verander. Die totaal van die bedrae wat deur die parlement vir die finansiële jaar 1922/23 onder die hoofde salarisse, onderhouds- en algemene uitgawes en spesiale toekenning gestem is, is die Toekenning vir Algemene Doeleindes genoem en is na goeddunke van die universiteitsowerhede op die algemene uitgawes van toepassing gemaak. Hier kom dus 'n nuwe beginsel te voorskyn. „Dit het egter baie meer beteken as 'n optelsom en 'n administratiewe vereenvoudiging. Dit het 'n groter mate van uitvoerende beheersvryheid vir die rade van die inrigting en sodoende 'n groter mate van verantwoordelikheid beteken. Die swaartepunt van kontrole is, om so te sê van die regering na die inrigting verplaas." (Adamson-verslag).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Tweede nuwe finansiële beginsel was die aanvaarding van onafhanklike inkomste as 'n faktor by die vasstelling van die staatsubsidie. Die volledige inkomste uit alle bronne vir die een jaar word nou in aanmerking geneem vir die bepaling wat die subsidie die volgende jaar sou wees, onderworpe aan 'n verhoging van hoogstens een-tiende (later verminder tot een-twintigste).

Hoewel die nuwe bepalings vir die T.U.K. inderdaad meer vryheid in die besteding van sy gelde gebring het — daar is onder andere vryer lenings aangegaan om nuwe geboue te bekostig — het dit tog nie juis verbetering in die finansiële posisie van die Kollege self gebring nie.

In 1924 is dit aan J. de V. Roos opgedra om die finansies van die inrigting grondig te ondersoek en verslag uit te bring. Sy verslag gee 'n helder blik op die finansiële posisie in daardie jaar. Aan salarisse het die T.U.K. betaal £3,930 aan die administratiewe en £28,250 aan die doserende personeel. Die skuld van die inrigting het £109,000 beloop waarop jaarliks 'n rente van £6,426 betaal moes word. Van die Nasionale Bank is £10,000 vir die fonds ontvang wat egter vir algemene uitgawes bestee moes word. Teen 'n uitgawe van £52,000 per jaar was die inkomste aan studentegelde slegs £11,000 en om dit in te kry, moes £5,000 aan lenings en beurse bestee word. Hy het bevind dat daar £431 uitstaande is aan agterstallige studentegelde in die Binnemuurse en £2,000 in die Buitemuurse Afdeling. Uitstaande lenings het £2,925 beloop.

Sy aanbeveling is dat alle uitstaande gelde ingesamel moet word en dat probeer moet word om uit die skuld te kom, anders sal die kollege later geen krediet meer hê nie. Studentegelde moet stip ingevorder word. Alleen deur streng optrede kon die posisie verbeter word. Hy beveel selfs aan dat nog 'n jaar sonder 'n rektor klaargekom word, want dit bespaar die Kollege £1,147.5.0. Hy beveel ook aan om minder vrygewig met beurse te wees. Daar was op daardie stadium 105 beurse van gemiddeld £30 elk. Ook koste op laboratoria moet besnoei word en hy doen 'n beroep op die doserende personeel om, wat verlof en plaasvervanging betref, die uitgawes laag te hou.

Om in die boukoste te voorsien, is toe veral geprobeer om openbare lenings aan te gaan. So is vir die bou van die eerste dameskoshuis 'n lening van £17,000 deur middel van die Nasionale Bank gefloteer. Die geld vir die Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat is weer deur 'n gewone oortrokke bankrekening verkry.

Die Landboufakulteit het teen hierdie tyd ook behoefte aan meer fondse gevoel. Daar is 'n Landbou-uitbreidingsvereniging gestig met die doel om £100,000 vir die Landboufakulteit in te samel. Dit staan onder beskerming van die Goewerneur-generaal, die graaf van Athlone, wat persoonlik die woord gevoer het in die Macfadyen-saal in die Buitemuurse Gebou op 'n aand in September 1927, toe die veldtog geloods is. Ook genl. Smuts was die aand teenwoordig. 'n Grootskaalse kermis is 'n paar dae later op die tentoonstellingsterrein gehou wat weer deur prinses Alice geopen is. Teen 1929 het hierdie vereniging £1,050 ingesamel.

Enkele belangrike skenkings tussen die jare 1925 — 1930 wat genoem kan word, is die volgende: die „Million Shilling Fund" van £1,500 wat deur 'n vroueverenigning onder leiding van lady Van Boeschoten bymekaargemaak is en wat vir die stigting van 'n huishoudkundedepartement gebruik is, 'n som van £850 wat deur die Neder-duitsch Hervormde Kerk geskenk is, £210 van die broers Mosenthal, £1,500 van die Sportvereniging wat onder dosente en oudstudente gestig is, £500 van die Union Castle-maatskappy, £500 van wyle mnr. Julius Heymans vir beursdoeleindes, £30 per jaar van mnr. en mev. H. Katzenellenbogen ter herinnering van hulle enigste seun Maurice wat in 1926 gesterwe het. Daar was nog meer sulke skenkings.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Alles bymekaar was dit tog nog nie baie nie. In 1926 het 70.3% van die totale inkomste van die inrigting nog van die staatstoelae gekom en slegs 4.04% van skenkings.

Teen 1928 het die groot depressie sy skaduwee al vooruitgegooi en die regering het besluit om te besuinig. Die toelaes aan universitêre inrigtings is ingekort. Dit het groot konsternasie aan die T.U.K. veroorsaak en daar is weer eens 'n afvaardiging na die minister (dr. D. F. Malan) gestuur maar sonder sukses. Die volgende jaar is weer by die Stadsraad van Pretoria aangeklop om 'n verhoogde toelae. Dr. Veale, voorsitter van die Raad, het met dankbaarheid opgesom wat die Stadsraad in die verlede vir die inrigting gedoen het, maar wys daarenteen daarop watter bate die Universiteitskollege met dosente en studente vir die stad is; ook die belasting van £1,900 wat jaarliks aan die Stadsraad betaal word. Daar word op gewys dat die Universiteit 'n skuld van £54,000 het wat van die regering geleen is en waarop rente en delging betaal moet word. Die Stadsraad het toe sy toelae verhoog van £2,000 tot £3,500 per jaar. Nog 'n donasie wat in 1929 met dankbaarheid ontvang is, is £1,000 van sir Otto Beit vir die Landboufakulteit.

In 1930 kom daar 'n brief van die Sekretaris van Onderwys wat die beleid van die regering aankondig om op alle gebiede te besuinig en die T.U.K. se medewerking versoek. Van toe af sou al meer sulke briewe kom. Tog het die inrigting ondanks alle ekonomiese moeilikhede vinnig gegroei. As een van sy sterkste argumente, toe in 1930 'n onafhanklike oktrooi aangevra is, was 'n bate van £383,000 waarop gewys kon word.

OP PAD NA ONAFHANKLIKHEID

TOE met Wet No. 1. (Transvaal) van 1910 die T.U.K. in Pretoria tot stand gekom het, was daar alreeds sprake van om die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop te vervang met 'n meer doelmatige inrigting. Die T.U.K., soos ook ander binnelandse kolleges, het erg hierna uitgesien, want hulle was na verhouding baie gebrekkig op die Raad van genoemde Universiteit verteenwoordig.

Op 8 November 1910 besluit die Raad van die T.U.K. om in 'n brief die Minister van Onderwys te versoek „to convert the University of the Cape of Good Hope into a South African University". Daar word ook gevra „Adequate representation to Transvaal, O.F.S. and Natal on the University Council." Die brief is onderteken deur die voorsitter, sir Johannes Wessels, wat op hierdie stadium juis baie hard vir die T.U.K. geveg het.

Die minister het die brief na die Raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verwys wat 'n spesiale komitee benoem het om dit te behandel. Die belangrikste aanbeveling in die verslag van hierdie komitee is „that the University of the Cape of Good Hope become the 'University of South Africa'."

'n Wetsontwerp (the South African University Bill) is in 1911 opgestel en aan die verskillende instansies vir kritiek deurgestuur. Aan die T.U.K. was beide Raad en Senaat ten gunste van meer selfstandigheid wat voorgraadse werk betref.

Op die 1912-gradedag van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het die Minister van Onderwys, adv. F. S. Malan, in 'n toespraak 'n idee gegee van wat die opvatting van die regering oor die saak is. Daar sê hy: „The University Scheme to be aimed at by us should be elastic if it is to meet the changing conditions of our young country." Niemand weet wat die toekoms in die volgende 50 jaar sal wees nie, maar ons moet voorbereid wees vir 'n groot ontwikkeling, aldus die minister. „We

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

are today only at the beginning of things." Almal voel dat die dae van 'n suiwer eksaminerende universiteit getel is, al het hy 'n goeie funksie op sy dag vervul en dat „teaching and examination should go together."

Die vraag oor watter vorm die nuwe bedeling moet aanneem, het heelwat verskil van mening gewek.

Om die toekoms van hoër onderwys behoorlik uit te pluis, is in 1913 'n gekose komitee onder voorsitterskap van sir Perceval Maitland Laurence aangestel. Die komitee begin met sy ondersoek in Februarie 1914 en bring in November daardie jaar 'n lywige verslag uit. Inligting is van alle kolleges ingewin om uit te maak vir watter fasiliteite voorsiening gemaak moet word.

Van drie moontlikhede: elke kollege 'n selfstandige inrigting, een groot nasionale universiteit, of een of ander federale organisasie, vind die kommissie slegs die laaste uitvoerbaar. Interessant is dit dat die meeste kolleges, ook die T.U.K., voorstel dat daar twee federale universiteite tot stand moet kom, een in die suide (Stellenbosch en Kaapstad) en een in die noorde (die kolleges in Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria en Pietermaritzburg). Rhodes kan dan kies waar hy wil aansluit. Die kommissie is self van mening „that, at all events as a temporary measure, it is the only expedient calculated to meet the exigencies of the situation."

Die kommissie ontwikkel toe 'n uitvoerige skema van verteenwoordiging op die Sentrale Raad en Senaat — baie aanbevelings waarvan later aangeneem is.

Wat ten slotte tot stand gekom het, was dat Stellenbosch en Kaapstad elk 'n selfstandige universiteit geword het en dat deur Wet No. 12 van 1916 al die ander Universiteitskolleges ingelyf is in die federale Universiteit van Suid-Afrika wat die plek inneem van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, met sy administratiewe setel in Pretoria. Die T.U.K. word toe een van ses samestellende kolleges van die federale Universiteit.


In hoofsaak het die verandering daarop neergekom dat waar die ou Kaapse Universiteit 'n suiwer eksaminerende Universiteit was met die regulasie dat geen dosent sy eie studente mag eksamineer nie, die nuwe Universiteit van Suid-Afrika, 'n doserende universiteit word, met die regulasie dat geen professor of lektor van 'n samestellende kollege sonder seggenskap in die eksamens van sy eie studente is nie. Waar die doserende personeel volgens die ou stelsel geen direkte seggenskap in die bestuur van die universiteit gehad het nie, is die doserende personeel nou direk verteenwoordig op die Raad van die Universiteit. Buitendien is die organisasie en beheer van alle leerplanne en eksamens nou toevertrou aan die Senaat, wat bestaan uit alle professore en lektore van die samestellende kolleges wat aan die hoof van 'n erkende departement staan.

Belangrik vir die toekoms van hierdie federale Universiteit is 'n besluit wat reeds in Februarie 1916 deur die Raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop aangeneem is, naamlik dat die betrokke wet êrens moes aandui „the intention of raising the Colleges to the status of Universities, should they develop sufficiently." Met ander woorde: aan die universiteitskolleges word ruimte gelaat vir selfstandigwording.

Inderdaad is in Seksie 3 subseksie (4) van die Universiteit van Suid-Afrika-wet (No. 12 van 1916) vasgestel: „The Council of any constituent College shall have power to promote legislation for the incorporation of such College as a university."

Hoewel die wet reeds in 1916 aangeneem is, het daar heelwat tyd oor heengegaan voor die Universiteit van Suid-Afrika tot stand gekom het. Daar is konferensies en samesprekings gehou oor die statute, en so meer. En eindelik is 2 April 1918 as die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dr. H. P. VEALE.

„vasgestelde dag" (appointed day) bepaal waarop die nuwe Universiteit tot stand sou kom.

Op 18 Maart 1918 het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop sy laaste gradedag in Kaapstad gehou. By dié geleentheid het die vise-kanselier, regter Malcolm Searle, met heimwee die verlede van die ou inrigting in herinnering geroep: meer as 17,000 studente het daaraan deel gehad, meer as 1,800 B.A.-grade is toegeken, maar verandering was op die duur noodsaaklik. „Whether the particular form adopted is in all respects the most suitable development and whether it was wise in the middle of a great war, to attempt to remodel our whole plan of higher education in so drastic a manner, may . . . perhaps be regarded as still open to doubt," het hy gesê. Hoe ook al, die verandering het gekom en op 13 April 1918 kom die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika vir die eerste keer in sy nuwe hoofkwartier Somerset-huis, Pretoria, bymekaar. Die T.U.K. is verteenwoordig deur mnr. J. E. Adamson, prof. D. F. du Toit Malherbe en dr. H. P. Veale. Dr. W. J. Viljoen is as die eerste vise-kanselier gekies.

In 1917 is weer die wet tot addisionele reëling van die hoër onderwys (Wet No. 20 van 1917) spesiaal aangeneem om eenvormigheid in die verhouding tussen die regering aan die een kant en die universiteitsinrigtings aan die ander kant te bewerkstellig. Sommige was tot op daardie stadium (soos reeds vermeld) gewone staatsinrigtings, onder andere ook die T.U.K., terwyl ander staatsondersteunde inrigtings was.

Volgens hierdie wet word almal nou staatsondersteunde inrigtings. Dit bring komplikasies maar ook groter vryheid mee. Genoemde wet het die T.U.K. ook die beskikking oor die £100,000 gegee wat in 1910 vir 'n landboukollege beskikbaar gestel is, en die stigting van die Landboufakulteit moontlik gemaak. Dit het die inrigting dadelik meer status gegee, soos trouens ook die Buitemuurse Afdeling en die Fakulteit van Veeartsenykunde wat in die jare hierna tot stand kom.

Ten minste een persoon op die personeel van die T.U.K. het toe al aan die moontlikheid van 'n selfstandige inrigting gedink. Hy was prof. J. P. R. Wallis wat in 1918 in die Senaat „the possibility of the T.U.C. attaining in the near future the status of a University" opper en die volgende jaar weer „a scheme for the amalgamation of the School of Mines and the Transvaal University College with the view of bringing about the formation of a university of the Transvaal." Of hierdie idees ooit ernstig opgeneem is, blyk nie uit die notule nie.

In 1920 kom enkele kleiner veranderings, een waarvan die naamsverandering van die *South African School of Mines and Technology* tot die *University College of Johannesburg* inhou, wat trouens die eerste stap was tot die selfstandigwording van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie inrigting. In September 1920 kom 'n versoek om selfstandigheid van hierdie Kollege voor die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika. Die Raad was daarteen gekant omdat dit beskou is as die eerste stap tot die ontbinding van die Universiteit van Suid-Afrika.

Aan elkeen van die universiteitskolleges is toe die vraag gestel of hulle dink dat die U.C.J. vir die verandering ryp is. Die Raad van die T.U.K. het geweier om hieroor 'n opinie uit te spreek, maar het tog daarby gevoeg, „that it would nevertheless point out that the granting of a charter to the U.C. Johannesburg would mark the commencement of the dissolution of the University of South Africa and that other applications might be received for charters, particularly from the Transvaal University College."

Hierdie aangeleentheid het die eerste stemme laat opgaan vir 'n selfstandige universiteit in Pretoria. Soos gewoonlik kom dit eerstens van die Senaat wat by die Raad aandring om 'n dergelike versoek tot die minister te rig en aandring op 'n onmiddellike veldtog vir fondse-insameling. Die reaksie van die Raad hierop was om op 15 September 1921 met 9 teen 5 stemme te besluit „that this Council adopts the proposal of a University Charter for the Transvaal University College and that steps be taken forthwith to give effect to it."

Ten spyte van al die voorspooksels het in 1922 die selfstandige Universiteit van die Witwatersrand tot stand gekom. Wat waarskynlik baie gewig by die minister gedra het, was 'n knap opgestelde minderheidsverslag van J. H. Hofmeyr, destyds onderkanselier van die Johannesburgse Kollege. Daarin het hy daarop gewys dat studentegetalle oor die algemeen so snel aangroei dat afskeiding van U.C.J. sowel as T.U.K. geen verswakking van die Universiteit van Suid-Afrika behoort te beteken nie.

Die groot struikelblok was die swak finansiële toestand van die T.U.K. Die Raad en die Senaat het hulle bes gedoen om volgens 'n groots opgesette skema geld in te samel. Die mikpunt was £250,000. Daar is gevoel dat die besit van 'n groot trustfonds die aansprake op selfstandigheid sal versterk.

Hierna het die rektorskrisis aan die T.U.K. blykbaar die aandag in beslag geneem, altans tot 1928 word nie veel van die strewe tot selfstandigheid gehoor nie. By die benoeming van prof. A. E. du Toit as rektor het die Kollege 'n besonder sterk kampvegter vir onafhanklikheid aan bewind van sake geplaas. In 'n openingstoespraak van die T.U.K. op 1 Maart 1928 laat hy hom as volg uit: „Die T.U.K. kan nooit sy inherente hoedanighede ten volle ontwikkel, of die Transvaal tot die uiterste van sy moontlikhede dien nie tensy dit in 'n onafhanklike Universiteit verander word."

Later in die jaar het die Van der Horstverslag verskyn wat vir die Buitemuurse Afdeling en die Fakulteit van Handel en Publieke Administrasie 'n bedreiging ingehou het en gevolglik die noodsaaklikheid van selfstandigheid baie sterk onder die aandag gebring het.

Hoewel die universiteitskonferensie wat die Minister van Onderwys in Januarie 1929 in Kaapstad byeengeroep het onder andere besluit het „that the Commission erred in recommending that these students (extra mural) should not be allowed to obtain degrees" en die bedreiging vir die Pretoriase Buitemuurse Afdeling herroep is, is tog gevoel dat die T.U.K. selfstandige status moet kry om dergelike bedreigings in die toekoms beter die hoof te kan bied. Die inrigting het in 1929 al oor die 900 studente getel. Dit was verreweg die grootste van die universiteitskolleges.

Op 8 Oktober 1929 besluit die Raad eenparig dat maatreëls onmiddellik geneem moet word om 'n onafhanklike oktrooi te verkry en om 'n deputasie na die minister

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te stuur, bestaande uit lede van die Raad en die Senaat sowel as vooraanstaande lede van die publiek, en dat die wetsontwerp in hulle hande gelaat moet word.

'n Spesiale komitee het toe die wetsontwerp opgestel. Vir die doel is die privaatwetsontwerp waardeur die Johannesburgse kollege sy onafhanklikheid gekry het as basis geneem. Van nou af was die rektor, prof. A. E. du Toit, die hooffiguur in die onderhandelings. Daar is weinig opposisie teen die wetgewing verwag, inteendeel byna alle persone wat met die saak te doen gehad het, was dit goedgesind. Bogenoemde afvaardiging wat gelei is deur burgemeester F. Dey, is simpatiek deur die minister aangehoor. Daarna het die minister dit in die Kabinet ter sprake gebring en ook daar is dit goed ontvang. Die bedoeling was dat dit 'n gewone openbare wet sou wees en die reëlings daarvoor is getref. Die Sekretaris van Onderwys, dr. S. F. N. Gie, het die saak vervolgens opgeneem, die nodige aankondigings gedoen en verdere reëlings getref.

Toe die Speaker vroeg in Desember 1929 sy aandag aan die wetsontwerp gewy het, het hy gereël dat weens die presedent wat in die geval van die Universiteit van die Witwatersrand geskep is, die wetsontwerp as 'n privaatwetsontwerp ingedien moet word. Daar moes dus opnuut kennisgewings in dié verband gepubliseer word: prof. A. E. du Toit het persoonlik na Kaapstad gegaan om te voorkom dat dit uitgestel word. Hy het verneem dat die kennisgewing nie voldoende is nie en met behulp van 'n parlementêre agent is die hele aangeleentheid toe weer opnuut gedurende Januarie 1930 in verskillende koerante dwarsdeur die Unie aangekondig. Op dié manier is as 'n spesiale guns verkry dat die wet tog nog op die ordelys vir die komende parlementsitting geplaas is.

Op 31 Januarie 1930 is die saak na 'n gekose komitee verwys om verslag uit te bring. Die lede was dr. Hjalmar Reitz (voorsitter) en mnre. R. H. Struben, P. C. de Villiers, Harm Oost, J. W. J. Wessel Roux en F. C. Sturrock. P. C. de Villiers is 'n paar dae later deur dr. N. J. v.d. Merwe vervang. Die hoofgetuie voor die komitee was die rektor, prof. A. E. du Toit, wat op uiters bekwame wyse die saak bepleit het en al die nodige gegewens voorsien het.

Getuienis is voorts ook deur die volgende afgelê: dr. S. F. N. Gie, mnr. C. W. Giovanetti, L.V. vir Pretoria-Oos en lid van die Kollegeraad, mnr. C. C. Grant, registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika en dr. H. D. van Broekhuizen, L.V. vir Wonderboom en ook lid van die Kollegeraad.

Al die lede het dit as hulle oordeel uitgespreek dat die inrigting 'n mate van ontwikkeling bereik het wat sy selfstandigheid regverdig. Volgens prof. Du Toit het die T.U.K. in 1929 oor 918 studente en 144 personeellede beskik waar in 1916 die U.K. by sy selfstandigwording slegs 468 studente getel het en 57 personeellede; Stellenbosch 336 studente en 38 personeellede, terwyl Witwatersrand in 1921 ongeveer 800 studente en 72 personeellede getel het. Veral word klem gelê op die verskeidenheid van kursusse wat gevolg en grade wat verkry kan word. Een saak wat amper 'n haakplek veroorsaak het, was die gewetensklousule wat volgens sommige parlementslede uitgelaat moes word. Uiteindelik is dit tog in die wetsontwerp ingevoeg.

Uiteindelik is die „Privaat wet op die Universiteit van Pretoria" (Wet No. 13 van 1930) sonder veel moeite op 24 Maart 1930 aangeneem. Die rektor het daarna 'n dinee aan sommige parlementslede en vooraanstaande persone aangebied, terwyl die Raad besluit het om 'n blyk van waardering (dit was in elke geval 'n Pierneefskildery) aan dr. H. Reitz, dr. H. D. van Broekhuizen en senator F. S. Malan aan te bied vir die hulp wat hulle verleen het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Nuwe universiteitswapen het die spesiale aandag van die Raad geniet en heel paslik is 10 Oktober 1930 gekies as die vasgestelde dag waarop die Universiteit van Pretoria tot stand sou kom.

Die plegtigheid van die oorhandiging van die stigtingsoorkonde het dié dag met gepaste seremonie plaasgevind. Dit het begin met 'n optog van die Buitemuurse gebou af na die ou stadshuis in Pretoriusstraat. Vooraan het die lede van die Raad geloop, toe die Senaat en personeel, gevolg deur die studente — almal in akademiese drag. In die stadsaal het dr. N. M. Hoogenhout as voorsitter van die Raad die voorsitterstoel ingeneem.

Ds. L. E. Brandt, moderator van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Transvaal, het die verrigtinge met gebed geopen. Daarna het dr. Hoogenhout die aanwesiges welkom geheet en dr. D. F. Malan, Minister van Onderwys, die geleentheid gegee om die oorkonde te oorhandig. Dr. Malan het die Universiteit gelukgewens en die stad en provinsie gewys op hulle verantwoordelikheid teenoor hierdie, hulle eie universiteit. Hy het die hoop uitgespreek dat die Universiteit van Pretoria „die trots sal wees van Pretoria en die trots van Suid-Afrika en die volk wat daarin woon."

Na hy die stigtingsoorkonde in ontvangs geneem het, verseker dr. Hoogenhout die aanwesiges dat die Raad dit sal gebruik tot vooruitgang van die volk van Suid-

PROKLAMASIE

VAN GENERAAL-MAJOOR SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE DIE GRAAF VAN ATHLONE, RIDDER VAN DIE MEES EDELE ORDE VAN DIE KOUSBAND, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES EDELAGBARE BATHORDE, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN ST. MICHAEL EN ST. GEORGE, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE KONINKLIKE VICTORIA ORDE, GESEL VAN DIE ONDERSKEIE DIENSORDE, PERSOONLIKE AIDE-DE-CAMP VAN SY MAJESTEIT DIE KONING, HOË KOMMISSARIS VIR SUID-AFRIKA EN GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 140, 1930.]

Onder en kragtens die magte my verleen deur subartiekel (1) van artiekel *een* van Wet No. 13 van 1930 verklaar, proklameer en maak ek hierby bekend dat die tiende dag van Oktober 1930 deur my vasgestel is as die datum waarop die Transvaalse Uniwersiteitskollege, Pretoria, sal word „Die Uniwersiteit van Pretoria."

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika, te Durban, hierdie Derde dag van Julie Eenduisend Negehonderd en Dertig.

ATHLONE,
Goewerneur-Generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-Generaal-in-Rade .

D. F. MALAN.

Proklamasie van die stigting van die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Oorhandiging van die Stigtingsoorkonde aan die Universiteit deur die Minister van Onderwys, dr D. F. MALAN, *in die ou Stadsaal, Pretoria.*

V.l.n.r.: Prof. A. M. BOSMAN, *prof.* A. E. DU TOIT (*gedeeltelik sigbaar*), *dr.* D. F. MALAN, *dr.* N. M. HOOGENHOUT, *adv.* A. A. ROBERTS, *dr.* E. H. D. ARNDT (*gedeeltelik sigbaar*), *dr.* A. PIJPER, *ds.* L. E. BRANDT, *dr.* H. A. LORENTS (*Nederlandse gesant*), *dr.* S. F. N. GIE (*Sekretaris van Onderwys*), *dr.* WILKINSON (*Universiteit van die Witwatersrand*).



Die eerste Raad van die U.P., 1930.

V.l.n.r.: W. S. DUXBURY, I. SOLOMON, C. W. GIOVANETTI, J. E. HOLLOWAY, T. P. C. BOEZAART, C. MAGGS.

Staande: D. E. MALAN, P. U. RISSIK, P. ROUX, A. M. BOSMAN, G. MOERDYK, D. J. KEET, R. L. BARRY (*registrateur*), N. SPENCER.

Sittende: A. E. DU TOIT, *mev.* M. MALHERBE, N. M. HOOGENHOUT, H. P. VEALE, A. P. BRUGMAN, H. D. VAN BROEKHUIZEN.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrika, en voeg by: „Raad en Senaat sal studente daarop attent maak dat die universiteit nie net daar is om hulle boekgeleerdheid te gee nie, maar ook om van hulle goeie mense en burgers te maak."

Adv. A. A. Roberts, eerste president van die Konvokasie, het daarop meegedeel dat regter Tielman Roos eenparig tot kanselier gekies is en het laasgenoemde se verskoning oorgebring dat hy nie teenwoordig kan wees nie.

Ander sprekers was burgemeester F. Dey wat dr. Malan bedank het vir die diens wat hy aan die stad Pretoria bewys het, sir Carruthers Beattie, onderkanselier van die Universiteit van Kaapstad, wat die gelukwense van dié inrigting oorgebring het en mnr. H. R. Raikes, hoof van die Universiteit van die Witwatersrand, wat 'n goeie gees van samewerking tussen die twee groot Transvaalse universiteite versoek het. Verder is etlike boodskappe van gelukwense voorgelees, onder andere van die Universiteit van Stellenbosch en van die Universiteit van Amsterdam.

Tydens die viering van Krugerdag dieselfde aand in die Bereasaal, het sprekers soos prof. S. P. Engelbrecht en dr. D. F. Malan 10 Oktober in verband gebring met die totstandkoming van die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK III

VOERTAAL EN AFRIKAANSWORDING

DIT is duidelik dat in 1910 met die oprigting van die T.U.K. in Pretoria, die selfstandige uitbouing van die South African School of Mines in Johannesburg en die beoogde landboukollege waarvoor toe nog nie 'n bepaalde tuiste gevind was nie, die verdeling nie as 'n rasse-aangeleentheid beskou is nie. J. E. Adamson bied hiervoor die bewys, toe hy in sy laaste rapport as Transvaalse Direkteur van Onderwys voor unifikasie in 1910 die volgende geskryf het: „It should never be lost sight of that the triplicate division need not, and will not, be a racial division. It is a division of faculties, not races. English and Dutch will be found working together in technology at Johannesburg, in arts and general science at Pretoria, and in agriculture wherever the college may finally be found. There is no reason why the three institutions should not only further the cause of the three branches of learning and industry, but the greater cause of national unity."

Gedurende die eerste jare ná 1910 was dan ook nêrens 'n sweem van rasseverdeling waarneembaar nie. Die Afrikaner in die noorde wat sedert 1902 op so 'n groot aantal terreine in 'n agterstand verkeer het, het nie die tyd of geleentheid gehad om hom te bekommer oor wat op akademiese terrein aangaan nie. Vir alle praktiese doeleindes was beide universitêre inrigtings — die een in Johannesburg en die een in Pretoria — op die oog af eensydig Engels-georiënteerd en is die situasie skynbaar sonder teenspraak aanvaar.

Dat die T.U.K. egter mettertyd 'n Afrikaanse rigting sou inslaan, was histories bepaal en histories te regverdig. Toe die Universiteit van die Witwatersrand in 1921 in 'n oorwegende Engelse omgewing 'n suiwer Engelse koers ingeslaan het, was dit logies dat minder as 40 myl daarvandaan in Pretoria waar die Afrikaanse gedagte sterk gevestig was en 'n noue verband met die Afrikaanse platteland onderhou is, noodwendig vroeër of later in terme van 'n Afrikaanse inrigting vir hoër onderwys gedink sou word. Dit is dus nie die uiteindelike ver-Afrikaansing wat verbasing wek nie, maar wel die feit dat die beweging in dié rigting so lank vertraag is.

Te meer nog wek dit verbasing, omdat by verskillende geleenthede voor 1932 die moontlikheid van 'n eentalig Afrikaanse inrigting in Pretoria deur hoogs verantwoordelike instansies gesuggereer is. In 1917 het sir Johannes Wessels na aanleiding van „the request of certain students for instruction through the medium of Dutch", in sy verslag oor die aangeleentheid op die moontlikheid van 'n enkeltalige inrigting as 'n oplossing van die taalprobleem gesinspeel. Sy gedagte het by die Raad egter nie byval gevind nie en in die behandeling van die verslag is dit duidelik gestel dat „the transformation of the College into a purely Dutch medium institution, was not a solution which commended itself to Council as desirable or indeed practicable."

By geleentheid van die tweede gradeplegtigheid van die Universiteit van Suid-Afrika wat in 1920 in Pretoria gehou is, het die Vise-Kanselier, dr. W. J. Viljoen, Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, as geleentheidspreker opgetree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om die toekomstige posisie met betrekking tot universiteite in oënskou te neem en die moontlikheid in die vooruitsig gestel dat binne 'n jaar of vyf, twee afsonderlike universiteite in Pretoria en Johannesburg mag ontstaan „in one or other of which English or Dutch, as the case might be, might gradually become the principal, if not the sole medium of instruction." Ook na aanleiding van hierdie suggestie was die Raad van die T.U.K. dadelik op sy agterpote en is by die eerste geleentheid besluit „that a public statement be made that the Council of this College entirely dissociates itself from the views expressed by the Vice-Chancellor in his address on Degree Day, and deprecates the suggestion that this College will become a purely Dutch College."

Na aanleiding van 'n samespreking wat aan die begin van 1931 in verband met tweetaligheid en universitêre opleiding in Kaapstad plaasgevind het, het mnr. H. R. Raikes, prinsipaal van die Universiteit van die Witwatersrand, 'n memorandum oor die saak aan sy kollega in Pretoria voorgelê. Hierin word o.a. aanbeveel dat „for unrestricted Faculties this University should co-operate with the University of Pretoria, students who wish to be educated preponderantly in Afrikaans being recommended to enrol at the University of Pretoria, while those who desire education through the English medium should enrol at Johannesburg." Ook in hierdie geval het die suggestie nie byval gevind nie, want nadat die memorandum bestudeer is, is geantwoord „that the Council of the University of Pretoria cannot agree to the suggestions embodied in the memorandum."

Dit behoort dus duidelik te wees dat die Universiteitsraad wat in die eerste instansie vir die beleidsbepaling van die inrigting verantwoordelik was, vir baie jare lank 'n Afrikaanse oriëntering nie goedgesind was nie. Van die raadslede was dr. F. V. Engelenburg miskien 'n eensame uitsondering. Reeds by geleentheid van die heel eerste raadsvergadering van die T.U.K. wat op 14 Junie 1910 gehou is, het hy aan die hand gedoen „that this Council should approach the Cape University with reference to obtaining equality of languages in the examinations." Die reaksie moes selfs vir hierdie stoere ou kampvegter van Hollands en later Afrikaans, ontmoedigend gewees het. In die amptelike notule staan dat die suggestie wel bespreek is, maar „without any resolution being taken." Dit waarvoor dr. Engelenburg in 1910 gevra het, sou eers in 1916 werklikheid word, toe deur die Raad van die „University of the Cape of Good Hope" wat as eksaminerende liggaam van alle inrigtings vir hoër onderwys, insluitende die T.U.K., opgetree het, toegestaan is „to allow candidates to use Dutch as their medium in answering questions in the B.A. Pass and Honours Examinations in and after 1916 in all subjects except English."




F. V. ENGELENBURG (1863 — 1938).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


„Ons Hoop, Ons Ideaal"

Met die totstandkoming in April 1918 van die Universiteit van Suid-Afrika wat as eksaminerende liggaam die plek van die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop ingeneem het, het in baie opsigte 'n verandering ten goede ingetree. Aan die samestellende kolleges word 'n groter mate van outonomie as voorheen verleen en daarmee die moontlikheid geskep dat wat aan een van die inrigtings in verband met groter erkenning van Afrikaans gebeur, invloed kon hê op die gang van sake aan 'n susterinrigting.

Afgesien van hierdie groot voordeel lewer die personeel van die T.U.K. in hierdie dae een van die groot yweraars vir Afrikaans in die akademiese wêreld op. Reeds in 1917 gee prof. D. F. du T. Malherbe 'n aantal lesings in Afrikaans aan sy gevorderde studente in Skeikunde en begin die jaar daarna ook met lesings in Afrikaans in die eerstejaarsklas.



D. F. du T. Malherbe (geb. 1879).



D. J. van Rooy.

Sy voorbeeld was 'n inspirasie wat nie anders as 'n heilsame invloed op die jong Afrikanerstudent kon hê nie. Asof uit 'n slaap gewek, het die generasie van 1918 hulleself ontdek en vir die eerste keer in die geskiedenis van die T.U.K. van 'n ontwaakte nasionale gevoel blyke gegee. *Die Studenteblad* wat in Junie 1918 vir die agtste keer verskyn, gee hier voldoende blyke van, toe deur nie minder nie as vier medewerkers gewaag word om die sluimerende volksgevoel tot openbaring te bring.

Die redakteur vir Hollands, mnr. (tans professor) D. J. van Rooy, gee die toon aan, wanneer hy na aanleiding van die nuwe status van die inrigting onbevreesd vra: „Gaan ons kollege altyd verder ontwikkel tot 'n Afrikaanse kollege, 'n Afrikaanse Universiteit, waar in die eerste plaas Afrikaans gekweek sal word? Sal ons kollege sig eendag helemaal tuis voel op Afrikaanse bodem te midde van ons volkslewe?" Waarop hy dan self ten

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

antwoord gee: „Dit is ons hoop, ons ideaal!" In 'n anonieme geskrif wat in dieselfde uitgawe verskyn, word tydgenote verwyt: „Ons het te skroomvallig te werk gegaan tot hiertoe, ons optree was nog meesal 'n soort van apologie vir ons aanwesigheid hier, net of ons nie die reg het om hier te wees nie."

Elders in die blad bring „Tikka" hulde aan prof. Malherbe vir die voorbeeld wat hy gestel het en praat dan padlangs verder: „Laat ons hoop dat die gees van gehegtheid aan die Engelse taal en verset van en vooroordeel teen Afrikaans spoedig mag verdwyn, dan en dan alleen sal dit die Universiteit vir Afrikaans by uitstek wees en word dit wat ons ook al lang naar verlang het: 'n Afrikaans- en Volksuniversiteit." In 'n artikel „Besware teen die gees van onse eeuw," neem L. P. 'n sterk standpunt in teen die ondergeskikte plek wat Afrikaans teenoor Engels aan die T.U.K. moet inneem en eindig sy bydrae op uitdagende toon met die woorde: „En die eerste skeiding wat vereis word dis tussen Boer en Brit. Boer is die besembos, hij moet son hê bo en rotsgrond onder: Brit is die varingplant wat in die skaduwee en nattigheid groei, in dieselfde grond kan die twee nooit akkordeer nie! Dis die natuur se wet!"

By hierdie bydraes in die Studenteblad het die yweraars vir Afrikaans dit nie gelaat nie, maar vroeg in die jaar reeds op inisiatief van die A.S.B. 'n verteenwoordigende deputasie na die Senaat gestuur waar op kragtige wyse voorspraak vir Afrikaans gedoen is. Daardeur in die hoek gedryf, is die Senaat sowel as die Raad genoodsaak om hulle tradisionele houding van onverskilligheid opsy te skuif en 'n standpunt van een of ander aard in te neem. Op 'n buitengewone vergadering wat op 2 Mei 1918 plaasgevind het, het die Senaat die kwessie van taalmedium oorweeg, maar in plaas van na 'n oplossing te soek mankoliek uitvlugte bedink. Tog was sy reaksie nie sonder betekenis nie, want wat die ou sisteem van „English Medium only" betref, is kort en saaklik geoordeel: „This method is no longer possible." Vir die alternatief om dan Hollands as enigste medium te gebruik, het die Senaat ook nie kans gesien nie. „This would act very detrimentally on the general welfare and development of the college. It would be bad policy to estrange the English section of Pretoria and the rest of the country from the T.U.C. It would strengthen the hands of Johannesburg in the matter of a rival Agricultural Faculty." Nadat die moontlikheid om alle geriewe te dupliseer ook as onprakties en onwenslik verwerp is, kom hy dan tot die gevolgtrekking „That the solution lies in considering each case on its merits, in a method of give and take and in relying on the good sense of the students and the public not to demand the impossible and unobtainable."

Op sy vergadering waar die Raad hierdie bevindinge van die Senaat behandel het, is besorgdheid geopenbaar oor die „considerable amount of unrest amongst the College students as regards the language medium." Asof in vertwyfeling word die bul sterker by die horings gepak en die minister geadviseer dat 'n oplossing geleë is in 'n volledige duplikasie van alle geriewe. Omdat so 'n beleid uit 'n finansiële oogpunt onuitvoerbaar was, het die Raad egter aanbeveel „to adopt as a temporary solution the partial duplication of both professorships and lecturerships according to the need in each particular case and to such an extent as the finances of the country will allow." Om krag aan hulle argumente te verleen, het die Raad selfs so ver gegaan om in geselskap van die Senaat 'n deputasie na die minister te lei en hulle standpunt daar toe te lig.

Maar selfs hierdie „gedeeltelike" oplossing was vir die Minister van Onderwys nie aanneemlik nie. Duplisering was uit die bose want, so het hy geredeneer, studente moes die twee landstale so goed ken dat hulle in enigeen daarvan 'n lesing kon bywoon. „The bilingual student to be regarded as the normal student," word die slagspreuk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

waarmee die minister 'n oplossing vir die taalprobleme aanbied; ook omdat daarmee as grondslag die opleiding verdeel kon word „as occasion demanded — into English and Dutch medium-subjects." Dit was dun ys daardie waarop die Raad van die T.U.K. nie sou saamskaats nie, omdat met die oog op die nabygeleë ligging van Pretoria aan Johannesburg dit te voorsien was dat onder daardie omstandighede „the T.U.C. will become almost exclusively a Dutch College."

'n Uitweg is gevind toe „as 'n oorgang tot 'n finale oplossing van die medium-kwessie," 'n agttal departementshoofde hulle bereid verklaar het om die uitgesproke wens van die klasse in oorweging te neem, wanneer oor die taalmedium besluit word. Hoewel 'n mens die afleiding moet maak dat in die meeste van die agt departemente die meerderheid studente ten gunste van lesings in Engels was, het die reëling tog meegebring dat in 1919 meer Afrikaans as voorheen aan die T.U.K. gehoor is. In die kursusse van die Nederduitsch Hervormde Kerk is oorwegend, selfs byna uitsluitend, van Nederlands gebruik gemaak. Vir die vak Nederlands ten opsigte waarvan op een tydstip die eienaardige tegemoetkoming vir Engelssprekende studente bestaan het dat hulle vrae oor voorgeskrewe werk in Engels kon beantwoord, was die voertaal Afrikaans. Owerigens is naas prof. Malherbe Afrikaans by geleenthede ook nog deur prof. L. C. de Villiers gebruik. Van die tweede helfte van 1919 af het prof. Holloway sy lesings in Ekonomie slegs in Afrikaans gegee. Maar met hierdie uitsonderings was die T.U.K. in 1919 nog 'n Engelsmedium-inrigting.

'n Vlag word verbrand

Die studenteaksie van 1918 het die gevoelens al hoër laat oplaai en as dit nie was vir die uitbreek van die Griep en die vroeë sluiting van die Universiteit nie, sou daar bes moontlik in 1918 al 'n ding gebeur het. Toe die Universiteit vir die tweede semester in 1919 heropen, het die hele Pretoria gestaan in die teken van die groot Vredeviering waarmee die rebelse element van die T.U.K. 'n skrille kontras gevorm het. Terwyl die stadsvaders hulle in 'n onbeteuelde vlagswaaiery verlustig het, is warm debatte op die campus gevoer en nie slegs die slag van Delvillebos en die terugtog van Mons oorbaklei nie, maar ook die titaniese worstelstryd van 1899—1902.

Terwyl hierdie gespanne atmosfeer belemmerend op die goeie verhoudinge gewerk het, is uit die kring van feesvierendes die verwyt teenoor een van die studente gemaak dat die T.U.K. uit vrees vir die rebelse element onder sy geledere nie die moed gehad het om op die Kollegeterrein aan die vredeviering deel te neem nie. Die verwyt het die uitwerking van 'n uitdaging gehad met die gevolg dat by die Kollege ook 'n vlag uitgehang is. Hiervoor is volgens wat agterna bekend geraak het, 'n Union Jack gebruik wat tydens die terugtog van Mons deur een van die soldate gered is.

Elkeen sal toegee dat, vredeviering ofte nie, die aanwesigheid van die Union Jack 'n uitdaging ingehou het. Dit verbaas dus nie dat 'n klompie heethoofde dieselfde aand na ete in 'n kamer in Kollegetehuis kajuitraad gehou het hoe om die vlag daar verwyder te kry. Die beraadslagings was nog aan die gang, toe een uit die groep — „Duke" Erlank — sonder om iets te sê, uitgestap, teen die vlagpaal opgeklouter, die vlag afgeskeur en na sy maats gebring het. Die vlag is daarna vol lampolie gegooi en agter Kollegetehuis in die stookkamer aan die brand gesteek.

Sowat van beroering het die T.U.K., en bes moontlik ook Pretoria, sedertdien waarskynlik nooit weer beleef nie. Vir sy daad van jeugdige onbesonnenheid is W. J. du P. Erlank (Eitemal), tweedejaarstudent van 1919 en gevierde skrywer, digter en kultuurleier van later jare, vir ses weke ge-„rusticate", wat beteken het dat hy gedu-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rende daardie tyd nie binne die grense van die Kollege of die stad Pretoria mog verskyn nie. Die bepaling van die straf wat op die stad Pretoria betrekking gehad het, is op advies van adv. Tielman Roos en adv. Oswald Pirow gewoonweg geïgnoreer. „Duke" het in Pretoria gebly, met bydraes uit sy vriende se sakgeld privaat loseer, terwyl elke dag se aantekeninge vir hom gebring is, „beter as wat ek dit ooit self sou kon afgeneem het."

Die vlaginsident, op sigself van 'n verbygaande aard, het tog 'n betekenisvolle nawerking gehad. Die agterstand van Afrikaans is opnuut beklemtoon en by minstens 'n bepaalde groep is die begeerte gewek om met meer ywer en toewyding as voorheen, in belang van Afrikaans op te tree. Die A.S.B. het pligsgetrou die agterstelling van Afrikaans, hetsy in koshuise, hetsy by voorlesings, onder die aandag van die owerhede gebring en toe dr. W. J. Viljoen in 1920 by geleentheid van die gradeplegtigheid in Pretoria sy toespraak in Engels hou, het vyf-en-twintig gegradueerde studente van die T.U.K. nie alleen daarteen beswaar gemaak nie, maar ook met krag aangedring op 'n algehele gelykstelling van die twee landstale.



W. J. DU P. ERLANK (EITEMAL).



J. E. HOLLOWAY.

Ten gevolge van dit alles was die voertaalkwessie in 1920 reeds 'n brandende vraagstuk wat nie meer met onverskilligheid bejeën kon word nie. Om dié rede het die Senaat 'n komitee benoem om na te gaan in hoeverre Afrikaans as voertaal ingestel kon word. Hierdie komitee waarin dr. J. E. Holloway 'n leidende rol gespeel het, het die saak nugter benader en tot die gevolgtrekking gekom dat naas 'n mate van onwil aan die kant van Engelssprekendes, met die feit rekening gehou moes word dat 'n aansienlike deel van die dosente en studente Engels-eentalig was en dat selfs Afrikaanssprekende dosente aan hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vermoë getwyfel het om in Afrikaans te doseer. So iets soos 'n Afrikaanse vakterminologie het nog nie bestaan nie. Ondanks hierdie probleme het die komitee tog bereik dat vanaf 1921 in Grieks, Etiek, Opvoedkunde, Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis, Veeteelt, Entomologie, Skeikunde I en vanaf 1922 ook in Geologie I en Dierkunde I, lesings uitsluitlik in Hollands of Afrikaans gegee sou word. Terselfdertyd is ook die belangrike beginsel aanvaar dat, „where possible, arrangements should be made for duplication in the case of large classes." In 1923 is ook reëlings getref dat 'n deel van die lesings in Geskiedenis in Afrikaans gegee word, nadat dit bekend geword het dat 'n groep studente hulle gereed gemaak het om na die G.U.K. te gaan.

„A Hot-bed of Nationalism"

Teenoor Afrikaans as voertaal se vordering tot in 1921, ofskoon nog maar heel beperk, is in sommige kringe nie alleen skerp nie, maar ook uiters onvriendelik gereageer. Die bal is aan die rol gesit, toe ene adv. Davis in 'n toespraak wat hy voor die S.A.P.-klub in Pretoria gehou het die T.U.K. die verwyt teen die hoof geslinger het dat dit „a hot-bed of Nationalism" is. Afgesien van die kwaad wat daardeur veroorsaak is, het dit die voordeel ingehou dat daardeur aan manne soos prof. Reinink en adv. A. A. Roberts die geleentheid verskaf is om op 'n nugtere en saaklike wyse die werklike toedrag van sake onder die aandag van 'n wye leserskring te bring. Hoewel hulle veel daartoe bygedra het om die veldtog van verdagmaking hok te slaan, kon hulle tog nie keer dat 'n anonieme skrywer in een van die dagblaaie 'n nuwe tirade aangehef het, toe dit bekend word dat lesings in Dierkunde en Geologie deur medium van Afrikaans gegee sou word nie. Na die oordeel van hierdie skrywer was daar so laat as September 1922, net „three scientific languages in the world" en dit was Engels, Frans en Duits. Na aanleiding van hierdie aanvegbare stelling veroorloof hy hom dan die vryheid om in enigsins onbeheerste taal op Afrikaans los te trek. „When it comes to teaching a modern science in Africaans," so skryf hy, „then it seems to me that it is a case of Africaans gone mad." In dieselfde trant word voortgeborduur en beweer dat „this pushing of Africaans as a medium of science looks very much like a phase of Nationalism. If not, then at any rate it is a case of anti-English, which to my mind is the same thing."

Aan die foutvinders sou in die loop van 1922 nog 'n verdere geleentheid gebied word om hulle tot die stryd teen die T.U.K. aan te gord. In die loop van daardie jaar het daar naamlik 'n digbundel van Edgar Brookes getiteld „South Africa and other Poems" by die Nasionale Pers verskyn, nadat die firma wat dit gedruk het, onwillig was om dit uit te gee. Die sonde wat hierdie werk aangekleef het, was nie soseer dat Edgar Brookes 'n dosent aan die T.U.K. was nie, maar dat hy dit in die voorwoord durf waag het om 'n beroep op Suid-Afrika te doen om in 'n republikeinse rigting te beweeg. Dat Edgar Brookes, soos enige ander mens, die reg het om sy oortuigings in druk te laat verskyn, is botweg ontken en daar is in onbeheerste taal nie slegs teen hom nie, maar ook teen die T.U.K. losgetrek.

Die kroon op 'n langgerekte perskampanje is deur die „Sons of England Society" gespan toe dit, meer as 'n jaar later, skielik tot die strydperk toetree en onder datum 23 Oktober 1923 in 'n skrywe aan die Stadsraad ten sterkste protesteer teen „the grant of Municipal Funds to the Transvaal University College, whilst that Institution is run on the present political lines." Op die Stadsraad se teenvraag „in what respects the Transvaal University College is being run on political lines", het die S.O.E. geant-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

woord: „(a) The Transvaal University Calender for 1922 discloses the fact that in nearly all subjects the medium selected is Afrikaans," en „(b) Another matter that gives force to my Society's contention regarding the political complexion of this institution is the notoriety achieved by the Head of the Department of Politics and Public Administration (Dr. Edgar Brookes) at the Transvaal University College." Die beskuldiging vervat onder punt (a) is na die T.U.K. vir beantwoording verwys wat nie alleen geen moeilikheid ondervind het om dit te weerlê nie, maar tewens ook kon aantoon dat „a very large majority of lectures are delivered through the medium of English."

Die uitlating van adv. Davis voor die S.A.P.-klub het blykbaar groter besorgdheid by die Studenteraad as by die Kollegeraad gewek, want by die eerste die beste geleentheid daarna het die V.S.R. die taalbeleid van die inrigting langdurig bespreek en verskillende oplossings oorweeg. Aan die moontlikheid van parallelle klasse, die verdeling van vakke tussen die twee taalgroepe en die wenslikheid om die taal van die inrigting om die jaar tussen die twee tale te laat roteer, is gedink, maar omdat elkeen van die moontlikhede nadele ingehou het, is uiteindelik besluit om by die Raad aan te beveel „dat aan elke dosent sal oorgelaat word om die medium te kies en dat ons eis dat van volgende jaar af alle aanstellings tweetalig sal wees."

Die besorgdheid van die studente het die Senaat blykbaar ook aan die dink gesit, want op 4 September 1922 het die liggaam 'n mosie van prof. Holloway behandel wat in 'n sekere sin aansluit by die gedagtegang van die Studenteraad. Daarin is onder andere voorgestel dat elke dosent sy eie medium sal kies, en ongelooflik soos dit mag klink, ook nog „duplications of classes with the object of providing instruction in both media shall not be permitted." Die mosie is verwerp en in die plek daarvan is besluit om 'n lywige komitee met die taak te belas om 'n beleid met betrekking tot die mediumkwessie voor te berei.

Die resultaat van hierdie komitee was dat in November 1922 die eerste werklik belangrike taalbeleid van die inrigting ontwerp is. Daarin word ondubbelsinnig verklaar dat toekomstige aanstellings gemaak sal word „with reference solely to the ability and qualification of the individual in his proper subject," met die voorbehoud dat „adequate command of at least one of the official languages" vereis sou word. In die Landboufakulteit sou anders te werk gegaan word. Omdat hierdie dosente met die publiek moes saamwerk, sou taalvaardigheid in aanmerking geneem word en as dit nodig was om 'n eentalige dosent aan te stel, sou dit 'n voorwaarde van aanstelling word „that he acquire a sufficient knowledge of the second language in two years." Origens word nog bepaal dat elke dosent in 1923 oor sy eie medium sal besluit.

Daar bestaan geen aanduiding dat hierdie aanbeveling deur die Raad bespreek is nie; net so min as wat enigiets gevind kan word wat daarop dui dat die Raad gedurende die vroeë twintigerjare ooit ernstige aandag aan die formulering van 'n taalbeleid gegee het. Sake het min of meer 'n eie koers ingeslaan wat in die praktyk daarop neergekom het dat elke dosent self oor sy taalmedium besluit het. Van die Studenteraad se wens oor die benoeming van tweetalige dosente het voorlopig ook niks tereggekom nie. Die Raad het sy tradisionele beleid van onverskilligheid teenoor Afrikaans gehandhaaf, soos onder meer daaruit blyk dat toe die liggaam op 16 Mei 1928 vir die 205de keer sedert die ontstaan van die T.U.K. bymekaargekom het, vir die eerste keer in die geskiedenis die notule in Afrikaans voorgelê is.

Toe in 1923 'n ernstige poging aangewend is om fondse vir die Kollege in te samel, wou van die instansies by wie om hulp aangeklop is eers meer weet van wat die beleid van die inrigting is. Hierop het die Senaat flouweg geantwoord „that its policy with

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

regard to the medium question is to do justice to both sections of the community." Waarskynlik self onder die indruk dat hy met hierdie vae aanduiding niemand 'n rat voor die oë sal draai nie, volg presies 'n week later 'n volledige omskrywing van sy bedoelings, toe die Senaat sy beleid ondubbelsinnig en duidelik in die volgende formule saamgevat het: „The policy of the College with regard to the medium of instruction (so word aan die wêreld daarbuite vertel) is to subordinate considerations of medium to the maintenance of the highest possible efficiency in the work of the College, but subject to this to do all it can to meet the legitimate claims of both sections of the population." Met die fondsinsameling in gedagte word slim daaraan toegevoeg dat „the granting of further facilities for instruction in either medium is entirely dependent on the provision of further funds. The College is prepared to duplicate lectures in any subject, if funds, specially earmarked for the purpose are made available by the public." Om die hele beleid saam te vat, word beklemtoon: „Appointments are made solely with regard to the ability and the qualifications of the individual in his proper subject." Die Raad, dankbaar om so maklik 'n oplossing vir sy moeilikhede te vind, het twee dae later, op 23 Junie 1923, die beleid onderskryf.

Om een of ander onverklaarbare rede het na 1923 'n lang tydperk van stilte aangebreek. Selfs van studentekant word 'n opvallende stilswye bewaar. Eers in 1927 word deur die Buitemuurse Studenteraad daaraan herinner dat Afrikaans nog altyd in 'n groot agterstand verkeer het toe daar in die stryd om die erkenning van Afrikaans ook 'n nuwe geluid gehoor word. In 'n skrywe aan die dekaan van die Fakulteit van Handel word verneem „of iets nie gedoen kan word om te verkry dat die twee tale meer gelykop gehandhaaf sal word nie." Taalgelykheid — iets waaraan blykbaar nooit voorheen gedink is nie — het sy kop uitgesteek en vir die volgende aantal jare sou die stryd in belang daarvan aangeknoop word.

Die oplossing wat Buitemuurs nagestreef het, is op inisiatief van die A.S.B., ook aan die Binnemuurse afdeling, as beleid aanvaar. Aan die begin van 1929 is hierdie beleid, besonder matig en verstandig bewoord, in albei landstale opgestel en nadat die steun van ander verenigings — in beginsel selfs van die V.S.R. — daarvoor gekry is, na die Senaat en Raad vir oorweging deurgestuur. Hierin stel die ondertekenaars „dit tot hulle hoogste ideaal, dat die T.U.K. sal word tot 'n Suid-Afrikaanse Universiteit, waar lede van die verskillende blanke groepe van die bevolking van ons land hulle heeltemal tuis kan voel en waar hulle opgevoed sal word tot volle eerbied van ander nasionaliteite." Ter verwesenliking van hierdie ideaal „vra ons u beleefd en beloof ons om te werk vir die volle tweetaligheid van ons inrigting, d.w.s. dat die lesings sal gegee word op 'n basis van 50% in die offisiële tale van ons land."

Dat daar rede tot besorgdheid bestaan het, blyk uit 'n vraag wat in die Parlement gestel is oor die gebruik van Afrikaans en Engels by voorlesings aan Suid-Afrikaanse universiteite. Uit die antwoord wat verstrek is, het aan die lig gekom dat aan die T.U.K. in 1929 150 lesings per week in Afrikaans en 426 per week in Engels gegee is.

'N NUWE HAND AAN DIE STUUR

Die voorstel van die A.S.B. was so ingrypend dat dit nie maklik oor die hoof gesien kon word nie. Die Raad het dit blykbaar selfs nodig gevind om 'n buitengewone vergadering te belê waar die saak bespreek kon word. Na noukeurige oorweging van die voorstel is egter besluit „that the existing resolutions of the Senate and Council were the most suitable in the present circumstances of the Institution and that no further resolutions be taken." Prof. A. E. du Toit het in sy hoedanigheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as rektor egter anders gereageer. Ongeveer 'n week voor bogenoemde vergadering van die Raad plaasgevind het, het hy in 'n brief aan die sekretaris van die A.S.B. waardering uitgespreek vir „die bereidwilligheid van u bestuur om behulpsaam te wees in die rigting genome deur u," waaraan toegevoeg word „en ek sal in die toekoms sterk op u bystand en gewilligheid om werk te doen, reken."

Reeds sedert die vroeë twintigerjare is prof. A. E. du Toit in Afrikaanse kringe beskou as die persoon by wie die Afrikaanse gedagte die veiligste sou wees en in Oktober 1923 is die eerste poging aangewend om hom tot rektor verkies te kry. Dit het gebeur na aanleiding van 'n insident waarby prof. Paterson betrokke was en wat van Afrikaanse kant as troubreuk beskou is. Toe in 1920 deur 'n groep studente versoek is dat die lesings in 'n aantal eerstejaarskursusse in Afrikaans gegee moet word, het prof. Paterson die Afrikaanse dosente oorreed om met die oog op die finansiële posisie van die inrigting van die eis af te sien. Dit het ook gebeur. Toe 'n aantal ouers prof. Paterson aan die end van 1921 egter meedeel dat hulle hul kinders na 'n ander universiteit sou stuur, tensy alle eerstejaarskursusse in Engels aangebied word, het hy sonder raadpleging van die Senaat dadelik toegestem en vir Engelse lesings voorsiening gemaak. Wat dus nie die vorige jaar vir 'n veel groter groep Afrikaanse studente moontlik was nie, is dadelik toegegee vir vier Engelse studente.

Toe die Senaat daarna weer vergader, het 'n stryd ontbrand wat in werklikheid nie weer beëindig is voor die Universiteit in 1932 'n Afrikaanse inrigting geword het nie. Prof. Holloway het die leiding geneem en op grond van sy optrede in die voertaalsaak 'n mosie van wantroue in prof. Paterson as rektor voorgestel. Prof. Paterson het hierdie ronde nog oorleef, maar sy posisie daarna nie meer lank kon handhaaf nie. Toe prof. Paterson van die toneel verdwyn het, het A. E. du Toit al sterker op die voorgrond getree — eers as voorsitter van die Senaat en later as rektor.

Prof. Du Toit het baie vroeg reeds ingesien dat die kardinale probleem van die T.U.K. in sy tweeslagtige karakter geleë is. By geleentheid van die jaarlikse eetmaal van Buxtontehuis in 1927 het hy in antwoord op 'n heildronk, dit betreur „that the nationalist jingoes blamed the T.U.C. for being too English while the English jingoes called it a hot-bed of nationalism, with the result that we received the support of neither."

In 1927 het hy egter nog nie in die openbaar 'n aanduiding gegee van die rigting wat hy in die toekoms sou inslaan nie. In 1929 was dit anders, toe hy by geleentheid van die opening van die T.U.K. nie alleen in Afrikaans gepraat het nie, maar dit ook duidelik gestel het dat die tyd aangebreek het „om rigting te kies". „Wat my betref," so het hy moedig voortgegaan, „is daar geen sprake van 'n keuse nie: die T.U.K. moet staan in die diens van die plattelandse, meestal Afrikaanssprekende bevolking van groot Transvaal." Sy woorde het nie onopgemerk verbygegaan nie. Net na die funksie het die Engelssprekende eggenote van een van die personeellede wat 'n groot yweraar vir die Afrikaanse rigting was aan hom gesê: „You have this day lit such a fire, which, pray God, shall never be put out."

Hierna het prof. Du Toit in die brandpunt gestaan en by meer as een geleentheid die skyf geword vir 'n onbillike aanval van persone wat die Afrikaanse gedagte nie goedgesind was nie. Hiervan getuig die studenteopstand wat aan die begin van Junie 1929 plaasgevind het, toe by geleentheid van 'n massavergadering nie slegs onvriendelike nie, maar beslis ook onterende aanmerkings die persoon van die rektor teen die hoof geslinger is. Die opset van die hele onplesierige gedoente was glashelder — dit het die opstokers en aanhitsers nie om die kwaliteite van prof. Du Toit gegaan nie. Wat hulle wou bereik, was om sy verkiesing tot rektor te verydel en daarmee die Jan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ŝalie-gees van die destydse Raad met betrekking tot die taalbeleid van die inrigting te bestendig.

Vir prof. Du Toit was dit duidelik dat voordat die Afrikaanse beleid tot sy logiese konsekwensies uitgebou kon word, eers aandag aan die status van die inrigting gegee moes word. Daardeur sou die universiteit 'n groter mate van vryheid ook in verband met die bepaling van sy eie karakter verkry. Van 1929 af word met groot ywer en toewyding gewerk in belang van die selfstandigwording van die T.U.K. en toe hierdie ideaal op 10 Oktober 1930 verwesenlik is, het die pad na die eindbestemming, hoewel nie onbelemmer nie, tog oopgelê vorentoe.

Die „Vyftig-vyftigbeleid": teorie en praktyk

Die nuwe status het die Universiteitsraad vir die soveelste keer in die verleentheid laat beland, omdat nou met reg verwag kon word dat 'n duidelike beleid nie alleen gestel nie, maar ook daadwerklik nagestreef sal word. Toe die here F. Dey, C. Maggs en J. J. Kirkness die Raad pertinent daarna gevra het, is teen die end van 1930 aan hulle die beleid meegedeel wat die A.S.B. in 1929 voorgestel het, maar wat toe nie vir die Raad aanneemlik was nie. „There has been no change in the policy of this Institution which is now as it has always been to safeguard the interests of all sections of the community", so word vroom vertel en dan nog daaraan toegevoeg: „This Institution is entirely bilingual in its policy and all sections of the community will receive equal rights at the hands of the University of Pretoria."

Toe hierdie goedgeformuleerde beleid egter in die praktyk geïmplementeer moes word, het die Raad opnuut nie raad geweet nie. Die Senaat het die voortou geneem en met 'n meerderheid van 33 teen 1 besluit om die beginsel te beklemtoon „that both mediums be used to the same extent throughout the University." Met betrekking tot personeellede word duidelik gestel dat hulle tweetalig behoort te wees „and those who are not, should make a serious attempt to become so." Wat nuwe aanstellings betref, „primary regard should be given to competence in the particular subject," waaraan dan dadelik toegevoeg word dat „ability to teach through the medium of both official languages shall be one of the principal factors in assessing competence." Op hierdie grondliggende besluite van die Senaat het die Raad nie „ja" gesê nie, ook nie „nee" gesê nie, maar gewoonweg net kennis daarvan geneem.

Die versekering wat die Raad teen die end van 1930 gegee het ten opsigte van die volkome gelyke behandeling wat die twee seksies van die bevolking aan die Universiteit sal geniet, het enersyds hoë verwagtings gewek, andersyds egter 'n gevoel van ontevredenheid laat ontstaan, omdat in wye kring vermoed is dat die Raad se versekering nie met die werklikheid ooreenstem nie. Volgens amptelike syfers was die posisie op 17 Julie 1931 dat terwyl 65% van die studente aan U.P. Afrikaanssprekend was, slegs 32% van die lesings in Afrikaans gegee is. Daarby kom nog dat 36 van die 120 dosente eentalig Engelssprekend was.

Na die mate wat hierdie inligting bekend geraak het, het 'n stroom briewe uit alle dele van Transvaal die rektor bereik waarin sterk op 'n uitlewing van die neergelegde beginsel aangedring word. In baie van die briewe is die Universiteit verwyt dat hy voorgee om te wees wat hy nie is nie. In ander gevalle word harde woorde gebruik, soms byna gedreig. „Te lank is reeds gespeel met dié sake wat vir ons volk heilig is, en as dit die plan is van die Pretoriase Universiteit om ook maar te speel met mooi beloftes sonder dade, dan moet ons dit weet," lui dit op een plek. In som-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mige van die briewe word by die rektor daarop aangedring om sonder versuim na 'n suiwer Afrikaanse beleid oor te skakel.

Die druk wat deur belangstellende korrespondente van heinde en verre uitgeoefen is, kan nie gering geskat word nie. Om die Afrikaanse beleid wat kort daarna aanvaar is hieraan toe te skryf, sal egter verkeerd wees. Die saak lê veel dieper as dit. Aan die briefskrywers kon prof. Du Toit met groot vrymoedigheid antwoord dat ondanks al die goeie pogings wat aangewend word, dit onmoontlik is om skielik groot verandering aan te bring, omdat „van 'n staf alleen geverg kan word dit wat by aanstelling vele jare gelede, 'n opdrag was." Elke redelike mens behoort die billikheid hiervan in te sien en daarom waardering te hê vir die lastige probleem waarvoor die Universiteitsraad na 1930 te staan gekom het. Per slot van rekening is die Universiteit na sy amptelike Afrikaanswording ook nie oornag ver-Afrikaans nie. Trouens, op 1 November 1932 het prof. Du Toit nog in 'n brief aan die Sekretaris van Onderwys vermeld dat na 'n buitengewone poging van daardie jaar daarin geslaag is om die lesings wat in Afrikaans gegee is slegs op min of meer 30% te hou en betekenisvol daaraan toegevoeg dat na sy oordeel „dit die maksimum bereikbaar is met die staf van vandag."

Die verklaring vir die dramatiese wending wat gedurende 1932 ingetree het, is veel eerder geleë in die aard van die reëling waarop in 1930 besluit is. Toe die Universiteit van Pretoria in 1930 tot stand gekom het, was dit ondoenlik om daarvan, gelet die nabygeleë ligging van die Universiteit van die Witwatersrand, ook 'n Engelstalige inrigting te maak. Aan 'n Afrikaanse inrigting kon op daardie moment ook nie oorweging geskenk word nie. Nie alleen was die openbare mening nie op so iets voorbereid nie, maar die Raad by wie die finale beslissing per slot van rekening berus het, sou uit hoofde van sy samestelling moeilik vir so 'n reëling te vinde wees. Met die oog hierop is gerieflikheidshalwe aangesluit by die ietwat teoretiese grondwetsbepaling en gedink in terme van 'n gelyke behandeling van die twee amptelike landstale. Die sogenaamde vyftig-vyftigbeleid waartoe langs hierdie weg besluit is, was in sy wese niks minder nie as 'n kompromis wat swaar eise aan die deelhebbende partye sou stel.

Die vyftig-vyftigbeleid kan ook beskou word as 'n eksperiment, groots in opset en wat, sou dit slaag, 'n oplossing kon bied vir die dringendste nasionale probleem waarvoor sedert 1910 tevergeefs na 'n antwoord gesoek is. Konkreet gestel, kom die reëling van 1930 daarop neer dat minstens 'n poging aangewend sou word om aan twee uiteenlopende gedagterigtings binne die mure van die Universiteit nie slegs huisvesting nie maar ook 'n geestelike tuiste te bied waar die ideale van die Afrikaanssprekende sowel as die Engelssprekende, vrylik tot uitdrukking kon kom. En sou die eksperiment slaag, kon dit selfs daartoe lei dat die twee gedagterigtings mekaar in 'n sintese sou vind.

Wat hierdie poging des te moeiliker gemaak het, was dat die twee gedagterigtings nie slegs uiteenlopend van aard was nie, maar in die verlede dikwels teenoor mekaar te staan gekom het, met mekaar gewedywer het, selfs in 'n stryd tot die dood toe met mekaar geveg het. Van die begin af moes elke nugtere mens die vraag oorweeg het of 'n samevoeging van hierdie elemente wel moontlik was. Kon twee geestelike sfere wat so skerp van mekaar verskil het en in hulle onderlinge verkeer soveel gehad het wat aan stryd en botsing herinner, tot 'n eenheid saamgevoeg word?

Teoreties beskou, moet die antwoord positief wees. Ten spyte van die hindernisse wat die verlede ingehou het, was 'n vreedsame samegaan na 'n gemeenskaplike eindbestemming tog wel moontlik, mits dit sou berus op die gewilligheid om indien nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as gelykes nie, dan minstens as gelykwaardiges mekaar die hand te reik in die nastrewing van 'n gemeenskaplike doel. Sonder respek en agting vir wat weersyds reeds bereik is, gepaard met waardering vir pogings wat aangewend mag word om die eie verder uit te bou, was die kanse gering dat die eksperiment waarmee in 1930 'n aanvang gemaak is, sou slaag.

Spoedig het dit geblyk dat die goeie verstandhouding nie bestaan nie, omdat die twee wêrelde wat in universitêre verband saamgevoeg moes word, mekaar nie voldoende verstaan het nie. In werklikheid was hulle te verskillend om mekaar reeds op daardie tyd behoorlik te kon verstaan. Heel spoedig sou dit blyk dat dit haas onmoontlik was om te verwag dat die gevestigde en volgroeide Engelse gedagte sy bevoorregte posisie van haas volstrekte isolement en onbetwiste superioriteit sou prysgee om op 'n voet van gelykheid gestel te word „met een andere geestesbeweging, jong van jaren, onervaren, arm aan hulpbronnen, maar onstuimig van ontwakende bewustzijn en opborrelende levenskracht." Daarom het dit al spoedig na 1930 geblyk „dat zoowel in tempo van voorwaarts gaan als in oorspronklijkheid in het leveren van bijdragen tot het gemeenschappelijk doel, als ook in waardering en eerbied voor de gedachten en gevoelens van de andere partij binnen de muren van de jonge Universiteit een breuk bestond tusschen Afrikaansch en Engelssprekenden." Elders word deur waarskynlik dieselfde outeur die probleem van 1932 ook só gestel: „De Engelschsprekende (was) te onbeweeglijk om zich bij den Afrikaner te kunnen aanpassen, de Afrikaner te onstuimig in zijn voortgang om bij den Engelschsprekende te kunnen blijven stilstaan."

Dit is moeilik om altyd die vinger op die verskille te lê en aan te toon presies waardeur die breuk ontstaan het. Dit was meer 'n kwessie van atmosfeer, van gebrekkige aanvoeling, 'n element van ongemotiveerde wantroue wat die lug vertroebel het. Maar toe oorwegings soos spaarsaamheid, persoonlike vooroordeel en konserwatisme verhinder het dat die vyftig-vyftigbeleid na gees en inhoud uitgeleef is, het dit as speldeprikke gedien wat mettertyd noodwendig die teenstellings aan die Universiteit duidelik aan die lig gebring het. In hierdie atmosfeer van vertroebelde vertroue was die berugte Lamontsaak die laaste strooi wat die spreekwoordelike kameel se rug geknak het.

Wilfred Saint-Mandé

Laat ons dit dadelik duidelik stel: die Lamontsaak was hoogstens die aanleidende, nie die deurslaggewende oorsaak nie dat die Afrikaanse beleid as 'n oplossing van die bestaande moeilikhede aangebied is. Toe na die verskyning van die gewraakte werk die Engelssprekende dosente hulle aan die kant van Lamont geskaar het, het hulle waarskynlik uit hulle oogpunt beskou 'n daad van vanselfsprekende lojaliteit verrig. Die Afrikaner het daarin 'n aanduiding gevind dat eerbied vir die ontluikende Afrikaanse kultuur tevergeefs van die Engelssprekende verwag word. Die Lamontinsident het sterker as enigiets anders die bewys gelewer van hoe onmoontlik dit was om toe reeds 'n Suid-Afrikaanse Universiteit op te bou.

Die besonderhede van die saak kom kortliks op die volgende neer: In 1931 het by Cassels in Londen 'n boek verskyn onder die titel „War, Wine and Women." Om redes wat agterna duidelik geword het, het die skrywer verkies om van die skryfnaam „Wilfred Saint-Mandé" gebruik te maak. In Amerika en Engeland het die boek 'n gewillige mark gevind en dit is teen die end van 1931 ook in Suid-Afrika versprei waar dit kort na sy verskyning groot opspraak verwek het. Dit het naamlik geblyk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat naas 'n beskrywing van persoonlike ervarings van oorlogstoestande aan die front gedurende die Eerste Wêreldoorlog, die skrywer hom ook die vryheid veroorloof het om sake wat die Afrikaner na aan die hart gelê het in sy oorlogsverhaal te betrek. Die beskuldiging dat die Voortrekkers slawerny beoefen het, word met kleur en geur opgedis en die afkeer van dieselfde mense van geordende bestuur vir die Groot Trek verantwoordelik gehou. Van die predikante van die Ned. Geref. Kerk het die skrywer klaarblyklik nie gehou nie. Van hulle skryf hy op een plek: „I would rather trust myself to the tender mercies of a gang of brigands than to the Dutch Reformed Church predikants. They have no mercy, no charity, no human kindness in their miserable hearts." Ook die „back-veld Boer" wat net bad wanneer hy gedoop word, trou en begrawe word, loop kwaai deur.

Hoewel 'n ruime mate van onvergenoegdheid ontstaan het, sou waarskynlik niks aan die saak gedoen kon word as die skrywer sy identiteit geheim kon hou nie. As gevolg van sy eie mededeelsaamheid het gerugte baie gou die rondte begin doen dat die skrywer aan die personeel van die Universiteit van Pretoria verbonde is, terwyl in sommige kringe hardop gefluister is dat niemand minder nie as H. P. Lamont wat pas op 20 Maart 1931, nadat hy 'n tyd lank in die hoedanigheid waargeneem het, as senior lektor in Frans aangestel is, die outeur van die werk is. Na die mate wat hierdie suspisies gegroei het, het die Universiteit al sterker in die gedrang gekom.

Die Binnemuurse Studenteraad onder voorsitterskap van J. J. du Preez was die eerste wat geroer het toe in 'n vriendelike maar dringende skrywe die Senaat versoek is om vas te stel wie die skrywer van „War, Wine and Women" is. Daarna volg binne die tydsbestek van drie dae so 'n groot aantal briewe dat dit byna geregimenteerd voorkom. Die Afrikaanse Verbond, Die Afrikaanse Jongspan, Die Afrikanerkring, Die Afrikaanse Kultuurraad, Die Afrikaans-Hollandse Leesunie, Die Transvaalse Onderwysersvereniging skryf uit Pretoria, terwyl Die Handhawersbond, Die Bond Suid-Afrika en die F.A.K. uit Johannesburg van hulle laat hoor. Sommige briewe is simpatiek, moedig aan en beloof steun. Ander verwyt en skep leedvermaak. Enkeles knor en dreig dat indien nie drasties opgetree word nie, die Universiteit geen verdere steun van Afrikaanssprekendes in die noorde te wagte moes wees nie.

Gelukkig was die Senaat die brieweskrywers voor, want reeds op 13 April is op voorstel van prof. D. E. Malan besluit om met die oog op die gerugte wat algemeen die rondte doen, die aangeleentheid vir ondersoek na die Komitee vir Dissipline te verwys. By dieselfde geleentheid is 'n sterk bewoorde mosie van prof. T. J. Hugo aangeneem waarin die Senaat „sy sterkste verontwaardiging te kenne gee vir die growwe laster geuit teen die gedrag van die ouers en voorouers van 'n gedeelte van die volk van Suid-Afrika." Die Raad word ook versoek om by die betrokke minister aan te dring op die onderdrukking van die lasterlike werk.

Na hierdie sterk druk wat uitgeoefen is, het die Raad ook nie op hom laat wag nie. Onder datum 15 April 1932 word in die Raadsnotule opgeteken: „In view of the rumours prevalent that the author of 'War, Wine and Women' is a member of the staff of the University of Pretoria, the Rector was instructed to investigate the authorship of this book, and if the author be a member of the staff of the University of Pretoria, to identify him and to report to the Committee of Discipline." Op dieselfde vergadering het mnr. J. S. Smit, die Administrateur van Transvaal, wat deurgaans sterk in die Lamontsaak opgetree het, die stang vasgebyt en voorgestel „dat Lektor Lamont uit die diens van die Universiteit ontslaan word." Omdat die vermoede, soos in die voorstel beliggaam, enigsins voorbarig was, het regter G. J. Maritz wat voorgesit het, die voorstel buite die orde gereël.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Toe hierdie besluit geneem is, was die rektor op versoek van administrateur Smit reeds ongeveer 'n maand lank besig om vas te stel wat die aandeel van Lamont in „War, Wine and Women" is. Verskeie briewe is vir die doel aan Lamont gerig wat aanvanklik 'n onverskillige houding ingeslaan en ontwykend geantwoord het, maar op 18 Maart ondubbelsinnig verklaar het „however in the interests of peace and harmony you may inform your correspondent that I am *not* the author of the book mentioned." Kort daarop sou vir prof. Du Toit persoonlik groter sekerheid ontstaan, toe prof. J. P. R. Wallis in 'n onderhoud aan hom in vertroue meegedeel het dat Lamont die skrywer van die gewraakte boek is. Die interessante situasie het daarna ontstaan dat prof. Du Toit in opdrag van die Raad die skrywer van die boek moes opspoor, vir die doel onderhoude met personeellede gevoer het en selfs 'n poging aangewend het om met behulp van adv. Charles te Water, die Unie se Hoë Kommissaris, die outeurskap in Londen vas te stel. Hierdie ondersoek was nog aan die gang toe gebeurtenisse 'n dramatiese wending geneem het.

Op Maandag, 23 Mei, het vier jong mans, twee broers, agterkleinkinders van pres. Kruger, F. C. K. en S. P. E. Jacobsz, saam met G. W. H. Trichardt en M. Steyn Vorster lektor Lamont by sy tuiste te Arcadiastraat 745, opgesoek, met hom 'n praatjie in sy tuin aangeknoop, helder oordag gepak en teen sy sin per motor na 'n motorhuis in 'n rustige omgewing vervoer waar hulle hom laat ontklee, 'n baaikostuum aangetrek, met teer betakel en toe vol vere gestrooi het. Daarna het hulle stadwaarts beweeg, gemik-mik om die geveerde Lamont in een van die drukste strate te los, maar toe tog koers gekry Kerkplein toe waar „Wilfred Saint-Mandé" sonder seremonie aangesê is om spore te maak. Die ongelukkige slagoffer van aggressie het vlakby in die boekwinkel van mnr. Van Leer skuiling gesoek waar hy aan klere gehelp en na sy huis gebring is.

Soos maklik begryp kan word, het 'n yslike kabaal ontstaan en terwyl van Afrikaanse kant heimlik leedvermaak uit Lamont se verleentheid geput is, het die Engelse pers hom geroepe geag om vir Lamont in die bres te tree. Teen die vier aanranders is 'n saak aanhangig gemaak wat buitensporige openbare belangstelling geniet en gemoedere nog verder aangeblaas het. Op 20 Junie is die vier jong mans skuldig bevind en gevonnis tot 'n boete van £50 elk of ses maande hardepad.

Wat ook al die beswaar teen die optrede van die vier aanranders mag gewees het, het dit die voordeel ingehou dat prof. Du Toit deur die getuienis van die hofsaak gehelp is om sy opdrag van 15 April uit te voer. Toe die Komitee vir Dissipline weer op 23 Julie 1932 bymekaarkom, kon hy rapporteer dat volgens geswore getuienis in die magistraatshof in die saak Rex vs. Jacobsz en andere, lektor H. P. Lamont erken het dat hy die outeur is van die boek „War, Wine and Women." Die komitee het daarop met inagneming van die growwe en moedswillige belastering van die Afrikaanse volk, onder en tussen wie mnr. Lamont werksaam is en die ontwykende en onopregte antwoorde deur mnr. Lamont aan die rektor gerig toe definitiewe vrae aan hom gestel is aangaande die outeurskap van die boek, bevind „dat die indiensneming van mnr. Lamont as lektor aan hierdie Universiteit indruis teen die hoogste en beste belange van die Universiteit en noodwendig die Afrikaanssprekende element van die Afrikaanse volk moet vervreemd van ons inrigting tot onberekenbare nadeel daarvan," en eenparig is 'n aanbeveling gemaak wat op sy ontslag neerkom. Die aanbeveling van die Komitee vir Dissipline is deur die Senaat en Raad bekragtig, agterna enigsins gewysig, toe dit daarop neergekom het dat mnr. Lamont se dienskontrak met ingang 1 Oktober 1932 beëindig is. Aan hom is ook verlof toegestaan vir die onverstreke termyn van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sy kontrak, sodat hy na die gedenkwaardige 23ste Mei nie weer voor studente opgetree het nie.

Hoe 'n mens die Lamontsaak ook al wil beskou, dit was onvermydelik dat dit 'n uitwerking op die gang van sake aan die Universiteit sou hê. Van twee kante af het dit invloed uitgeoefen. Nadat die vier teer-en-veerders elkeen 'n boete van £50 opgelê is, was die reaksie spontaan en vinnig, en is daar dwarsdeur die land begin geld insamel. In die Koffiehuis in Kaapstad is met 'n sjielingfonds begin. Ceres, De Aar, Kroonstad, Heilbron en baie ander plekke het die voorbeeld gevolg. Die Vroue-Nasionale Party aan die Rand het met 'n insameling begin en op 25 Junie het *Die Vaderland* berig dat 'n fonds bekend as „Pro Patria" gestig is waaruit die boetes van die vier manne betaal sou word, terwyl die balans aangewend sou word „ter bevordering van die Afrikaanse belange aan die Universiteit van Pretoria." Die fonds wat onder beheer van persone soos dr. Hjalmar Reitz en dr. H. D. van Broekhuizen gestaan het, het reeds die eerste dag bykans £100 opgelewer.

Vir die simpatiseerders van Lamont was dit eens te erg. Reeds is geoordeel dat die aanranders te lig daarvan afgekom het, maar toe voorbereidings getref is om hulle boetes te betaal, is dit as 'n inmenging in die gang van die gereg beskou. Toe dit daarna blyk dat 'n groot aantal personeellede van die Universiteit van Pretoria ook tot die Pro Patria-fonds bygedra het, was daar aan die verontwaardiging nie meer perke nie. Intern is die verhoudings wat toe reeds glad nie meer goed was nie tot breekpunt gespan.

Net soos die breë publiek kant gekies het vir of teen Lamont, net so het die personeel van die Universiteit dit ook intussen gedoen en daarvan na buite blyke gegee. Die gevolg was dat gedurende April 'n sterk bewoorde protes onderteken deur 24 senaatslede in die pers verskyn het, gevolg deur 'n stuk waaraan 17 ander senaatslede hulle name verbind het ter verdediging van die toe nog onbekende skrywer van „War, Wine and Women." Die Senaat was in twee kampe verdeel en nugtere denke eintlik nie meer moontlik nie.

Die gespanne verhoudings is min of meer tot die spits gedryf, toe prof. J. P. R. Wallis en prof. A. M. Bosman as twee van die Senaat se verteenwoordigers op die Raad op 13 Mei prof. Du Toit in 'n vertroulike gesprek meegedeel het dat hulle vertroue in hom verloor het en van hom verwag om as rektor te bedank. Wat alles die besondere dag in die rektorskantoor gebeur het en wat die besondere redes was waarom proff. Bosman en Wallis so 'n versoek tot die rektor gerig het, sal waarskynlik nooit bekend word nie. Soveel is egter seker dat tot kort tevore die samewerking tussen die drie persone baie intiem was en daarom kan die feit dat prof. Du Toit een van die mede-ondertekenaars van die protes teen Lamont was alleen nie die breuk verklaar nie. Sou dit wees dat ten tye van sy beywering vir 'n hoër status vir die Universiteit prof. Du Toit sekere plegtige ondernemings teenoor proff. Bosman en Wallis met betrekking tot die toekomstige karakter van die inrigting aangegaan het? Niemand weet nie, maar in die lig van sy getuienis voor die Gekose Komitee aan die begin van 1930 kan so iets vermoed word.

Na aanleiding van die versoek wat tot hom gerig is, het prof. Du Toit die twee professore meegedeel dat, hoewel hy ten tye van sy benoeming tot rektor hulle beloof het „to resign in case he lost their confidence, he certainly could not be expected to have meant that he would resign on a lack of confidence of each of them individually." Indien hulle met die saak wou voortgaan, doen hy aan die hand, „a vote of no confidence should be proposed in Senate." Hierop was die twee here blykbaar voorbereid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


en met die mededeling dat so 'n mosie nog dieselfde dag by die registrateur ingedien sou word, is die onderhoud beëindig.

Dit het dan ook gebeur, met die gevolg dat senaatslede nog dieselfde dag in kennis gestel is van 'n spesiale vergadering wat op 18 Mei gehou sou word om die volgende mosie onderteken deur proff. A. M. Bosman, D. E. Malan, L. Fouché, J. C. Ross, J. M. Hector, H. D. Leppan, F. J. Tromp en J. P. R. Wallis te bespreek: „The leadership of A. E. du Toit as Rector and Chairman of Senate has been such as to forfeit the confidence of Senate and to estrange the sympathy and support of a considerable part of the Public: wherefore it is in the interest of the institution that he be called upon to resign." Onmiddellik nadat die inhoud van die mosie bekend geraak het, is 'n teenmosie onderteken deur proff. D. F. du T. Malherbe, W. P. de Villiers, S. P. Engelbrecht, H. G. Viljoen, J. H. Greyvenstein, T. J. Hugo, B. Gemser, A. J. Norval en D. Pont by dieselfde vergadering aanhangig gemaak. Hierdie mosie wat uit drie dele bestaan het, het soos volg gelui:

„1. Die Senaat spreek sy onvoorwaardelike goedkeuring uit oor die handelswyse van die Rektor, Professor A. E. du Toit, deur sy tydige en besliste optrede in belang van die beledigde Afrikanervolk en druk tewens sy volste vertroue uit in die beleid van Prof. du Toit as Rektor.

2. Die Senaat druk sy sterkste verontwaardiging uit oor die verregaande en uiters laakbare aanval gedoen op die hoof van hierdie inrigting en versoek proff. Wallis, Tromp en Bosman om as Dekane van Fakulteite te bedank, aangesien hulle verklaar nie meer vertroue in die beleid van die Rektor te besit nie.

3. Die Senaat versoek verder die drie verteenwoordigers van die Senaat op die Raad om as sulks onmiddellik te bedank."



H. D. VAN BROEKHUIZEN.

Namate die middag van 18 Mei nader geskuif het, het die spanning toegeneem. Elkeen kon voel dat die jong inrigting voor 'n vroeë krisis in sy bestaan te staan gekom het, want wat die uitslag van die samesprekings ook al sou wees, was dit ondenkbaar dat in dieselfde koers volgehou kon word. Met die uitsondering van prof. E. MacMillan was elke lid aanwesig toe rektor A. E. du Toit die vergadering open en met 'n plegtigheid wat by die geleentheid pas 'n verklaring voorgelees het waarin onder andere 'n beroep op die lede gedoen word „not to hurt each other's feelings but rather to confine our attention vigorously to what is conducive to the best interests of the University." Daarop het hy die voorsitterstoel verlaat en dr. H. D. van Broekhuizen gevra om die vergadering verder te lei.

Van wat op die vergadering gesê is, bestaan geen rekord nie. Ongetwyfeld is harde woorde gebruik. Soveel altans is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

duidelik: al het die mosies om die persoon van rektor A. E. du Toit gewentel, was hy as mens slegs sekondêr in die prentjie betrokke en was al die aandag toegespits op die botsing tussen twee gedagterigtings wat nie in 'n enkele patroon ingepas kon word nie. Voor die besprekings begin is, is 'n telegram van regter Maritz, die voorsitter van die Raad, aan die vergadering voorgelees waarin hy vanuit Kaapstad die lede tot kalmte gemaan het. Sonder twyfel moes dit 'n kalmerende uitwerking gehad het en belangrik daartoe bygedra het dat die vergadering steun slegs aan die positiewe gedeeltes van die mosies voor hom gegee het. Die mosies van wantroue in die rektor, die drie dekane en die drie verteenwoordigers van die Senaat op die Raad is gevolglik verwerp en slegs die mosie waarin vertroue in die rektor uitgespreek word, aanvaar.

Toe proff. Wallis, Bosman en Malan nie hulle doel met die Senaat kon bereik nie, het hulle presies dieselfde mosie, maar aangepas by die omstandighede, twee dae later aan die 14e gewone, maandelikse vergadering van die Raad voorgelê. Met ander woorde, 'n mosie wat deur die Senaat verwerp is, het hulle as Senaatsverteenwoordigers aan die Raad gaan voorlê en hulle daarmee baie beslis aan troubreuk skuldig gemaak. Op die Raadsvergadering het sake min of meer op dieselfde wyse as in die Senaat verloop. Nadat die wantrouemosie aan die orde gestel is, het administrateur J. S. Smit 'n mosie van wantroue in die drie verteenwoordigers van die Senaat voorgestel. Prof. A. M. Bosman wat in afwesigheid van regter Maritz die voorsitterstoel ingeneem het, het weer eens die telegram van die Raad se voorsitter voorgelees waarna tot stemming oorgegaan en albei mosies verwerp is.

Die beste bewys dat die besprekings wat in hierdie dae soveel emosies opgewek het nie om die persoon van prof. A. E. du Toit gegaan het nie word gelewer deur die mate van ongemak wat deur die Raad geopenbaar is. In plaas van te berus in die mosie van vertroue wat die rektor by die Senaat ingeoes het, het die Raad in 'n spesiale vergadering wat op 3 Junie 1932 gehou is, steun verleen aan die volgende mosie ingedien deur raadslede C. R. Henning, G. Moerdyk, T. P. C. Boezaart, J. P. Roux en D. J. Keet: „Aangesien die inwendige onrus, wat geruime tyd te merke was in die Universiteit, sterk twyfel werp op die beleid wat tot dusver gevolg is en aangesien dit 'n vraag is wat van belang is nie alleen vir die Universiteit nie maar ook vir wyere kringe, besluit die Raad om Sy Edele die Minister van Onderwys te versoek om 'n Kommissie aan te stel om ondersoek te doen na die vraag hoe die Universiteit die beste dienste aan die volk kan bewys, veral met die oog op die uiteenlopende belange van die twee seksies van die blanke bevolking."

Daar het duidelik behoefte aan leiding bestaan wat die Raad egter nie kon of wou verskaf nie. Die Minister van Onderwys het tereg geoordeel dat dit nie op sy weg lê om namens die Raad met die beleidsbepaling van die Universiteit behulpsaam te wees nie, hom ongeneë verklaar om so 'n kommissie te benoem en die Raad in 'n ongemaklike verleentheid gelaat. Toe die knoop kort daarna tog deurgehak is, was dit nie die Raad wat die inisiatief in verband daarmee geneem het nie.

Prof. Du Toit neem die leiding

Die gebeurtenisse van die voorafgaande maande het prof. Du Toit, soos waarskynlik ook vir baie ander persone, oortuig dat die vyftig-vyftigbeleid nie die toets van die tyd kon deurstaan nie. Ongeag hoe hy as persoon daardeur getref mag word, het hy in die volle besef van die verantwoordelikheid wat sy posisie meebring, handelend opgetree en in 'n brief van 17 Augustus 1932 aan die voorsitter van die Raad die posisie volledig in oënskou geneem. In hierdie brief wat van selfbeheersing getuig, stel hy in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onbewimpelde taal die mislukking van die dubbelslagtige beleid en beklemtoon dan: „The position, has to my mind, become so acute that the continued existence of the University in its present form is extremely doubtful, and the time has come for a full reconsideration of the services which the Institution can best render to the Country." Hy beklemtoon verderaan dat naas doeltreffende geriewe en moderne toerusting van 'n universiteit ook verwag kan word „to provide a definite atmosphere within which the students can rise to the highest pitch determined by inherent capabilities." Om die inhoud van die brief te kan bespreek en „in view of serious unrest which is fast accumulating", versoek hy die voorsitter om so spoedig moontlik 'n vergadering van die Raad byeen te roep.

Maar dit was nie net prof. Du Toit wat na 'n oplossing gesoek het nie. Volgens 'n berig wat op 4 Junie 1932 in *The Star* verskyn het, was 'n beweging aan die gang om die Universiteit op 'n heel nuwe grondslag saam te stel, ten einde aan die eise van al die uiteenlopende rigtings te voldoen. Die nuwe grondslag sou daarin gevind word „that the university should be run on federal lines, each section being entirely autonomous, with its own professional staff, shaping its own policy, and having complete control of its finances." Wat veral van belang is, is dat elkeen van die kolleges wat so in die lewe geroep word „should decide upon its language medium."

Die gevolg was dat toe die Raad op 1 September bymekaarkom om die brief van die rektor te bespreek, dit met die volgende twee heeltemal uiteenlopende mosies te doen gekry het:

„(a) (i) That the present fifty-fifty policy be abolished:
(ii) that the services of the University be instituted primarily to meet the needs of the Afrikaans-speaking section of the community:
(iii) that the language of the University be Afrikaans, with the proviso:
(iv) that safeguards be instituted to ensure the training of students in the full use of the other official language.


(b) That the necessary steps be taken to convert the Institution into a Federal University consisting of Colleges under independent control. The working out of this scheme to be referred to a Committee."

Toe daar na langdurige bespreking nog nie lig opgegaan het nie, is, kennelik met die doel om die Senaat ook 'n geleentheid te bied om hom oor die saak uit te spreek, besluit om op 'n later datum weer oor die saak te vergader. Of altwee voorstelle inderdaad voor die Senaat gedien het, is uit die amptelike notule nie af te lei nie. Al wat daarin staan, is dat die Senaat op sy vergadering van 7 September die voorstel genoem onder (a) hierbo, bespreek en aanvaar het.

Met hierdie voorbereidende werk agter die rug, was alles in gereedheid gebring, sodat die laaste bedryf van die aangrypende drama in die Universiteit van Pretoria se wordingsgang geskryf kon word. Dit sou gebeur op 13 September 1932 om agtuur in die aand. Op die bestemde tyd was die voorsitter, regter G. J. Maritz, in die stoel. Voorts was aanwesig raadslede T. P. C. Boezaart, A. M. Bosman, S. P. E. Boshoff, A. P. Brugman, W. S. Duxbury, H. du Toit, C. R. Henning, D. J. Keet, C. Maggs, G. Moerdyk, D. E. Malan, J. P. Roux, J. S. Smit, H. D. van Broekhuizen, R. van der Merwe, A. A. Roberts en rektor A. E. du Toit. Almal was daar, almal behalwe J. B. Gordon en prof. J. P. R. Wallis — laasgenoemde waarskynlik omdat hy in 'n dissiplinêre aksie teen prof. Du Toit betrokke was en die verslag van die Dissiplinêre Komitee volgens die aangekondigde agenda op dieselfde vergadering behandel sou word.

Op die vergadering is waarskynlik nie veel gepraat nie — daarvoor was die spanning te voelbaar sterk aanwesig. Buitendien was dit nie nodig nie omdat die Raad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



G. J. MARITZ (geb. 1889).

die mosies wat voor hom gedien het op sy vorige vergadering reeds grondig bespreek het. Daar kon dus betreklik gou tot stemming oorgegaan word, maar voor dit gebeur het, het die voorsitter eers die Senaat se besluit formeel aan die vergadering bekend gemaak. Daarna is 'n paar briewe wat op die saak betrekking het aan die vergadering voorgelees. Daarby was ook 'n kabelgram afkomstig uit Londen van niemand minder nie as sir Abe Bailey. Hy het nog probeer wal gooi. „South Africa is on the move do not try and stop it," was min of meer die strekking van sy gedagtegang.

Ook van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge is 'n brief voorgelees. Die rektor is daarin gelukgewens en morele steun is toegesê. Ook word die oortuiging uitgespreek „dat in hierdie tydperk van Afrikaanskulturele opbloei, daar geen vooruitsigte bestaan vir 'n inrigting wat regstreeks of onregstreeks kleurloosheid by die student in die hand werk nie. Die Afrikaner het rasbewus geword en" so word veelbetekenend daaraan toegevoeg, „verlang derhalwe dat die Universiteit wat hy gaan ondersteun, 'n standpunt sal inneem waarmee hy hom kan vereenselwig."

Onder die indruk van die erns van die situasie, het altwee die studentegroepe die geleentheid te baat geneem om hulle stem te laat hoor. Die aand voor die Raadsitting is Binnemuurs 'n lewendige monstervergadering gehou waar die studentemassa tussen twee voorstelle moes besluit. Na grondige gedagtewisseling het dit geblyk dat die twee gedagterigtings min of meer ewe sterk verteenwoordig was. Terwyl 192 aan die bestaande beleid voorkeur gegee het, het 174 studente hulle uitgespreek ten gunste van die mosie wat deur die Senaat aanvaar is en voor die Raad sou dien. Buitemuurs het dit nie so demokraties toegegaan nie. Waarskynlik om 'n goeie rede is die studentemassa daar nie geraadpleeg nie en het die V.S.R. op eie gesag gepleit vir die behoud van die bestaande stelsel „since the policy of so-called equality has not as yet been given a fair trial."

Nadat van al hierdie briewe kennis geneem is, het die vergadering tot stemming oorgegaan en met die voorsitter „given special leave to abstain from voting," met 'n meerderheid van 13 teen 4 die eerste van die twee mosies aanvaar, maar dit goed gedink om daaraan toe te voeg „that the execution of this policy will be applied gradually in consultation with the Senate and with a view to protect the rights of the unilingual members of the Staff." Dit is opvallend dat die notule van hierdie vergadering waar besluit is ten gunste van die Afrikaanse beleid, in Engels opgestel is. Dit was egter die laaste keer dat dit gebeur het.

Die besluit van die Raad het meegebring dat sonder verwyl reëlings getref moes word vir die implementering van die nuwe beleid wat, soos verwag kan word, heelwat aanpassing sou verg. Nadat die Senaat in die saak geken is, is op 21 Oktober met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

betrekking tot die voertaal bepaal „dat met die oog op die belange van studente wat reeds ingeskrywe is by die Universiteit, Afrikaans hoofsaaklik as medium gebruik sal word vir die eerste jaar in 1933, eerste en tweede jaar in 1934, eerste, tweede en derde jaar in 1935 en al die jare in 1936 en daarna." Wat eksamens betref, is as uitgangspunt aanvaar dat Afrikaans in die algemeen as medium gebruik sal word, maar dat kandidate wat dit verkies vraestelle deur medium van Engels mag beantwoord. Die vraag hoe met eentalige dosente te werk gegaan sal word, het groter moeilikheid opgelewer, maar is uiteindelik met die algemene strewe om studente so op te lei dat hulle met gemak die tweede taal nie slegs as 'n omgangstaal nie, maar ook as vaktaal sal kan gebruik, in verband gebring. Daarom is gereël om die uitvoering van hierdie beleid vir 'n proefperiode van een jaar in die hande van hoofde van departemente te laat. Die uitwerking hiervan was dat die implementering van die Afrikaanse beleid met allerlei aanpassings gepaard gegaan het en sommige dosente, in naam van tweetaligheid, jare later nog uitsluitlik deur medium van Engels gedoseer het. In baie gevalle het die tyd eers genesing gebring en moes gewag word tot 'n bepaalde dosent die leeftydsgrens bereik, voordat daar van 'n logiese toepassing van die Afrikaanse beleid enige sprake was.

Met betrekking tot twee fakulteite was dit van die begin af nodig om van die neergelegde beleid af te wyk. In die Fakulteit van Veeartsenykunde het omstandighede vereis dat die twee landstale gelyk as onderwysmedium gebruik sou word. Dit was trouens ook die begeerte van die Minister van Landbou dat die saak op dié wyse gereël sou word. Ook in die Fakulteit Landbou waar verhoudingsgewys 'n groot aantal Engelseentalige dosente werksaam was, sou onvermydelik nog 'n geruime tyd van albei tale gebruik gemaak moes word. Dit is egter nie as onredelik beskou nie, omdat die Landboufakulteite alleen by Afrikaanse inrigtings aangetref is en daar dus reëlings getref moes word om die Engelssprekende minderheid tegemoet te kom.

Onmin met die Stadsraad

Soos te verwagte is, het die Afrikaanswording van die Universiteit groot reaksie uitgelok. Van Afrikaanse kant is slegs van byvalsbetuigings verneem, soos afdoende blyk uit die haas ononderbroke stroom briewe wat die rektor na 13 September ontvang het. Anders as die briewe van voor 13 September waarin in hoofsaak afkeuring oor die bestaande beleid uitgespreek is en wat die vermoede gewek het dat dit geïnspireerd en waarskynlik selfs die vrug van 'n bepaalde organisasie kon wees, was dit nou uiters spontaan. In een geval het die blydskap 'n meer konkrete vorm aangeneem, toe deur 'n groep vriende besluit is om 'n Waaksaamheidskomitee te vorm wat die samewerking van goedgesindes deur die lengte en breedte van die land ten voordele van die Universiteit sou soek.

Van studentekant het geen besondere reaksie gevolg nie. Hoewel almal nie ewe gelukkig oor die verandering gevoel het nie, het die binnemuurse opposisiegroep 'n opvallende stilswye bewaar. Na die Raad se besluit bekend geword het, het die voorsitter van die Buitemuurse V.S.R. hom gehaas om die rektor te verseker dat die Studenteraad hom daarby neerlê en dat gerugte asof Buitemuurs onwillig sou wees om saam te werk van alle waarheid ontbloot is. Per slot van sake is slegs uit een rigting 'n wanklank verneem. Buxtontehuis wat tradisioneel baie intiem met die Engelse denkrigting verbind was, sou vanselfsprekend oor die verandering sleg te spreek wees. Die redakteur van die Buxtonjaarblad kon dit ook nie nalaat nie om hom in sy hoofartikel skerp uit te laat oor die aanvaarding van wat hy noem „a so called 100 per

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

cent policy" wat hy bestempel as „the most unfortunate incident in the history of our Alma Mater." Afgesien van hierdie een geval het die studente, na die uiterlike geoordeel, die verandering van 1932, vir sover dit nie geesdriftig verwelkom is nie, gelate aanvaar.

Van Engelse kant het baie min persoonlike reaksie teen die veranderde beleid ontstaan. Waarskynlik uit protes teen die gang van sake, het prof. Wallis, adv. Roberts en adv. G. Findlay as lede van die Universiteitsraad bedank. Ondanks bewerings wat gemaak is dat die donateurs van die Universiteit eensydig tot die Engelssprekende groep behoort, is mnr. Charles Maggs in die verkiesing wat in Oktober 1932 plaasgevind het nie meer as die verteenwoordiger van donateurs verkies nie. Van slegs 'n paar ouers is verneem dat hulle hul kinders van die Universiteit gaan wegneem; een dame het wrewelig versoek dat haar naam van die lys van konvokasielede verwyder moet word, omdat „an all Afrikaans University is of no further interest either to me or to my children." 'n Paar donateurs, waaronder mnre. Dey en Struben, het geld wat hulle voorheen aan die inrigting geskenk het, opgeëis, maar origens het Engelssprekendes negatief-berustend die saak in die hande van die pers gelaat wat inderdaad geruime tyd daarna nog op 'n verbitterde wyse byna roekeloos bly voortraas het. In hierdie proses is heelwat onvriendelike dinge aan die adres van die Afrikaner in die algemeen gerig wat toe per slot van rekening nie slegs die Universiteit onder die aandag gebring en daarvoor simpatie opgewek het nie, maar ook die Afrikaanssprekendes tot 'n hegte eenheid saamgebind het. So intens was die venyn op die Universiteit toegespits dat toe in November 1932 aangekondig is dat die Pretoriase Normaalkollege van 1933 af 'n Afrikaanstalige inrigting sou wees, dié belangrike mededeling haas onopgemerk by die Engelse pers verbygegaan het.

Ewemin is wyd verspreide openbare reaksie ondervind. Dit was haas net „The Pretoria Branch of the Transvaal Teachers' Association" wat van hom laat hoor het. In 'n matig bewoorde brief word die besluit van die Raad betreur „as being contrary to the best interests of education and as imposing a definite disability on many students." Die vereniging vind dit ook jammer dat inwoners van Pretoria verplig sal word om hulle kinders teen hoë koste na ander inrigtings te stuur. Veral uit die oogpunt van die onderwys, so word verder beklemtoon, sal die besluit 'n nadelige uitwerking hê, nie alleen omdat die studente van die universiteit dit moeilik sal vind om aanstellings te kry nie, maar veral omdat eentaligopgeleide leerkragte „will have a detrimental effect on the children in the schools and will also hinder the progress towards racial harmony in the teaching profession."

Al hierdie en soortgelyke aksies kan as van verbygaande aard beskou word wat die Universiteit nie noemenswaardig benadeel het nie. Toe daar egter 'n beweging op tou gesit is om die Stadsraad van Pretoria teen die Universiteit in die harnas te jaag, was dit 'n heeltemal ander saak. Sedert 1911 het die Universiteit benewens gelde wat vir beurse beskikbaar gestel is van die Stadsraad by wyse van spesiale skenkings 'n groot bedrag aan geld ontvang. Met die universiteitswording in 1930 het die Stadsraad weer eens met 'n bedrag van £25,000 wat in tien jaarlikse paaiemente betaal sou word, ruim tot die uitbreidingsfonds van die Universiteit bygedra. Sedert 1918 het die Stadsraad gereeld die Universiteit se lopende uitgawes help bekamp met bydrae wat, hoewel dit van tyd tot tyd kon wissel, tog gereeld in die buurt van £2,000 per jaar beloop het. Die Universiteit kon dit dus werklik nie bekostig om met die Stadsraad in onmin te leef nie.

Hoewel nie te regverdig nie, kon 'n mens tog begryp dat sekere instansies sou probeer om die Stadsraad as 'n stok te gebruik om die Universiteit mee te slaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Soos reeds voorheen opgemerk is, het veral die Engelse pers beswaar gemaak, toe bydraes uit alle oorde ingestroom het om die boetes van die vier teer-en-veerders te betaal. Toe 27 lede van die universiteitspersoneel ook tot die fonds bygedra het, het die *Pretoria News* daarin aanleiding gevind om op 25 Junie in 'n hoofartikel skerp teen die Universiteit te reageer en op enigsins bedekte wyse daarop te sinspeel dat die Stadsraad sy jaarlikse bydrae aan die Universiteit, wat toe op £2,500 gestaan het, vroeër of later in heroorweging behoort te neem. Slegs 'n paar dae later het 'n aantal stadsraadslede openlik in 'n vergadering die Universiteit aangeval en deur hulle opmerkings bewys dat die woorde van die *Pretoria News* in vrugbare aarde geval het. Veral raadslid Dey was bitter en het die Universiteit bestempel as „nothing more than a disgrace to the city." Hoewel by hierdie geleentheid nog nie 'n bepaalde besluit geneem is nie, is die jaarlikse skenking tog agterweë gehou.

Toe minder as drie maande daarna 'n nuwe beleid vir die Universiteit aangekondig word, was die aanleiding des te sterker om druk op die Stadsraad uit te oefen. Twee naamgenote, mnre. Charles Maggs en Charles Clark, het die inisiatief geneem en „'n vergadering van belastingbetalers, ouers van studente en inwoners van Pretoria" belê vir Dinsdag, 25 Oktober, in die Komiteekamer van die Kamer van Koophandel, Connaughtgebou. Volgens 'n advertensie in *Die Volkstem* sou voorstelle ten gunste van die handhawing van die sogenaamde vyftig-vyftigbeleid aan die Universiteit voorgelê en bespreek word. Alle belangstellendes maar insonderheid „vroue en verteenwoordigers van vroue-organisasies" is uitgenooi om die vergadering by te woon.

'n Uitvloeisel van hierdie vergadering was dat 'n afvaardiging van vooraanstaande inwoners van die stad en bestaande uit mnre. Charles Maggs, George Findlay, C. W. Clark, Johan Schoeman, sir Johannes van Boeschoten, sir Theodore Truter, mnre. J. J. Kirkness en F. Dey aangewys is om 'n onderhoud met die Minister van Onderwys en met die Raad van die Universiteit te voer om vertoë te rig vir die herstel van die vyftig-vyftigbeleid. „In order to make this committee truly representative," so is verder besluit, „some prominent Afrikaansspeaking persons, who were interested in this movement, should be co-opted." Hoewel op bogenoemde vergadering nie 'n woord gerep is van 'n onderhoud met die Stadsraad nie, het die komitee maar sonder die laasgenoemde twee lede, aan die begin van November die Komitee vir Algemene Doeleindes van die Stadsraad ontmoet en die standpunt gestel en verdedig „that the generous grants made by the Pretoria City Council to the University should be reviewed, as these grants were made on the understanding that a fifty-fifty policy of English and Afrikaans was to be followed."

Direk het min uit hierdie onderhoud voortgevloei — indirek baie! Want hoewel die enigste tasbare resultaat was dat die Stadsraad daarna amptelike sanksie verleen het aan die handeling wat reeds plaasgevind het — die opskorting van die jaarlikse toelae — het daarna 'n kwasterige verhouding ingetree. Oor en weer is dinge gesê wat liewers agterweë kon gebly het en waardeur 'n atmosfeer van vervreemding wat by tye van vyandigheid getuig het, opgebou is. En so het Stadsraad en Universiteit in die loop van 1933 so ver van mekaar ontwikkel dat slegs 'n eersterangse krisis hulle weer bymekaar sou bring.

Hiervoor het die Stadsraad gesorg toe hy op sy vergadering van 7 Desember 1933 tot 'n drastiese handeling oorgegaan het. In 'n skrywe word die Universiteit kort en saaklik meegedeel dat die Stadsraad nie 'n beperking van die inrigting se dienste aan die Afrikaanse gemeenskap beoog nie, maar van die Universiteit verwag „to extend its activities so as also to cater for the needs of the English speaking section of the

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

community in an equal manner." En, tot tyd en wyl aan hierdie vereiste voldoen word, so gaan die mededeling verder, „the Council, as trustees for the ratepayers of Pretoria, is unable to render the University any financial assistance."


Toe die Raad van die Universiteit op 12 Desember bymekaargekom het, is van die besluit van die Stadsraad kennis geneem en omdat die deure vir 'n direkte onderhandeling met die Stadsraad teen hierdie tyd deeglik toegesluit was, is besluit dat die Minister van Onderwys gevra word om met hom as voorsitter, 'n konferensie te belê tussen verteenwoordigers van die Stadsraad en die Universiteitsraad. Dit word nou reeds in die vooruitsig gestel dat langs hierdie weg moontlik alle misverstand wat mag bestaan, uit die weg geruim sal kan word.

Deur sy besluit van 7 Desember het die Stadsraad 'n wilde perd losgelaat wat 'n hele paar stringe aan stukke gebreek het voor dit weer getem kon word. As agtergrond van die gebeurtenisse wat hierna plaasgevind het, moet ons in gedagte hou dat juis in dié tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika, staatkundig beskou, met samesmelting 'n politieke eksperiment aangedurf is waarvan baie mense geen heil verwag het nie. Die politieke afvalliges, geskaar agter die banier van dr. D. F. Malan se Nasionale Party, het gretig op geleenthede gewag om met 'n verwytende vinger te wys na voorbeelde waar samewerking slegs in teorie bestaan het. Toe die Stadsraad van Pretoria op ondubbelsinnige wyse sy rug op 'n Afrikaanse inrigting gedraai het, was dit water op die meul van die groep wat buite die kring van samesmelters bly staan het. Daarom ook dat die geskil tussen die Universiteit en die Stadsraad nie as 'n plaaslike insident beskou is nie. Die belangstelling daarvoor het weldra landswyd uitgekring.

Die eerste reaksie het binne 'n week ingetree, toe 'n protesvergadering vir 13 Desember in die Nasionale Klub gereël is waar, volgens 'n berig in die *Pretoria News*, „at least 1,500 people" aanwesig was. 'n Poging om die vergadering te laat misluk deur die drade af te sny waardeur die vergadering in duisternis gehul en die mikrofoon en luidsprekers buite werking gestel is, het slegs die geesdrif verhoog. Dr. P. J. S. de Klerk het namens adv. E. G. Jansen as voorsitter opgetree wat deur die siekte van sy seun verhinder is om die vergadering by te woon. Dr. Wassenaar, professor T. J. Hugo en mnr. L. J. Erasmus het die aanwesiges toegespreek, en baie gou was dit duidelik dat die hele toon van die vergadering onvriendelik gestem was teenoor die koalisiegees. In 'n gemoedelik-ernstige gees was die gehoor bereid om saam te werk, met die gevolg dat 'n groot aantal voorstelle aangeneem is, waaronder een van dr. C. H. Rautenbach waarin die Stadsraad verantwoordelik gehou word „vir enige rassestryd wat ontketen mag word as gevolg van hulle handelswyse."

Die tasbaarste resultaat van die vergadering was dat deur sy invloed 'n afvaardiging Afrikaners wat werklik verteenwoordigers was van die erkende politieke groepe aangewys is om met die Stadsraad te onderhandel. Toe hierdie afvaardiging wat uit mev. K. Malherbe, L.V., kol. H. Mentz, mnre. J. P. Jooste, Louis Jacobsz, C. de Vries en W. van Heerden bestaan het geen onmiddellike reaksie van die kant van die Stadsraad kon uitlok nie en toe die Universiteit se finansies begin knel het tot die mate selfs dat dit begin lyk het asof dit nodig sou wees om van die personeel af te dank, het 'n aantal vertrouensmanne van die Universiteit na vore getree, die „Puniv-fonds" gestig en landswyd vir die Universiteit begin geld insamel. Op hierdie komitee het veral mev. M. M. Jansen en dr. T. Wassenaar verdienstelike werk gedoen. Toe die geskil met die Stadsraad aan die end van 1934 bygelê is, het die Puniv-fonds reeds £1,377 beloop. Hierdie bedrag is in 1936 aan die Universiteit geskenk vir aanwending ten bate van 'n Afrikaanse Geneeskundige Fakulteit.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



J. B. M. HERTZOG (1866 — 1942).

Die versoek wat die Universiteitsraad tot die minister gerig het, moes hom waarskynlik in 'n moeilike posisie geplaas het, maar met die oog op die politieke weerglas kon hy eintlik nie anders as om in te stem nie. Toe die Stadsraad ook met die reëling genoeë neem om onder voorsitterskap van min. Hofmeyr met die Universiteit te beraadslaag, was sielkundig al 'n hele end op weg na 'n herstel van die goeie betrekkinge gevorder. Omdat die jaarlikse sitting van die Parlement sou meebring dat die konferensie nie voor Junie kon plaasvind nie, het min. J. H. Hofmeyr op versoek van genl. Hertzog die Stadsraad aangemoedig om 'n *ex gratia*-skenking aan die Universiteit te maak. Aan hierdie versoek het die Stadsraad voldoen en 'n bedrag van £2,000 aan die Universiteit geskenk onder die uitdruklike verstandhouding dat „such payment, however, is not to be recognised in any way as weakening or prejudicing the expressed decision of the Council as set forth in the Council's resolutions, dated 7th December, 1933." Die Universiteit het op sy beurt die skenking met dank aanvaar, „met die vaste verstandhouding egter, dat die aanname van hierdie donasie die besluit van die Raad van 13 September 1932 insake die verklaarde beleid van die Universiteit in gener mate prejudiseer of verswak of afbreuk aan doen nie." Alhoewel albei partye waarskynlik ewe verlig gevoel het oor hierdie eerste tasbare toenadering, was hulle albei te hardkoppig om dit te erken!

Die sessie was knap verby, toe die samespreking waaroor vroeër ooreengekom is, op 21 Junie onder voorsitterskap van min. Hofmeyr plaasgevind het. Teen hierdie tyd was die troebel atmosfeer grootliks opgeklaar en kon op vriendskaplike wyse gesels word. Nadat baie misverstande uit die weg geruim is, het die verteenwoordigers van die Stadsraad hulle tevrede verklaar dat die belange van



J. H. HOFMEYR.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Engelssprekende studente deur die Universiteit in ag geneem sal word. Daarna is besluit om in die lig van die samesprekings die hele aangeleentheid vir 'n finale aanbeveling te verwys na 'n komitee wat sou bestaan uit minister Hofmeyr (voorsitter), administrateur S. P. Bekker, burgemeester I. Solomon, mnr. A. P. Brugman (voorsitter van die Universiteitsraad), rektor A. E. du Toit, raadslid J. J. Cooke en stadsklerk M. G. Nicolson.

Wat verder gebeur het, was van min of meer formele aard. Die goeie betrekkinge is herstel en met die jaarlikse bydrae tot die £25,000 uitbreidingsfonds onmiddellik voortgegaan, op voorwaarde egter dat hierdie bedrag soos dit jaarliks aangevul sal word „be invested in securities of a trustee nature, the interest to be utilised in equal shares for the Chairs of English and Afrikaans, which they suggest should be designated the Pretoria City Council Chairs of English and Afrikaans respectively." Wat die jaarlikse toelaag betref, is besluit om die bedrag vir die boekjaar 1934/35 op £2,000 te stel. Op grondslag van die basis waarop die Stadsraad in 1932 tot die fondse van die Universiteit sou bydra en met inagneming van die „ex gratia"-skenking van £2,000 was die Stadsraad aan die universiteit nog 'n bedrag van £3,000 verskuldig. Ook hierdie bedrag sou onmiddellik oorbetaal word, op voorwaarde dat £1,000 „be invested in respect of each of the departments of English and Afrikaans, and the interest to be available for the purchase of books and periodicals in connection with those departments." Die resterende £1,000 moes aangewend word in verband met die beoogde nuwe biblioteek.

In die samesprekings met die Stadsraad is andermaal beklemtoon hoe noodsaaklik dit is dat elke student so opgelei sal word dat hy beide landstale met gemak kan beheer. Van die kant van die universiteitsverteenwoordigers kon met vrymoedigheid aangevoer word dat dit inderdaad die beleid van die Universiteit is dat in die toekoms noulettend hiervoor geywer sou word en dat binne die perke van die moontlike ook hiervoor voorsiening gemaak sou word. Op die voertaalbeleid van die Universiteit was hierdie verstandhouding met die Stadsraad nie sonder uitwerking nie. Om mee te begin, is leerklasse vir Engelssprekende studente ingestel wat ooreenkomstig die behoeftes van die verskillende departemente van geval tot geval anders toegepas is. Om die taalvaardigheid van studente in die natuurwetenskappe op te knap, is spesiale kursusse in Afrikaans en Engels ingevoer. Om te verseker dat elke student oefening in die aanwending van die twee landstale kry, is in 1937 nog 'n hele reeks nuwe maatreëls van toepassing gemaak. Met die uitgangspunt dat lesings in Afrikaans gegee word, is bepaal dat vakterme algaande in Engels vertaal sou word. Seminaarklasse en praktika sou om die beurt in Afrikaans en Engels gehou word, terwyl skripsies om die beurt in Engels en Afrikaans ingedien moes word.

Met die loop van jare is steeds minder noulettend op die toepassing van hierdie bepalings ag geslaan, sodat die een na die ander in onbruik geraak het. Vandag is die voertaal van die Universiteit werklik wat in 1932 in vooruitsig gestel is — 100% Afrikaans. Dit hinder egter nie. Meer as 700 studente met Engels as huistaal, verteenwoordigende ongeveer 10% van die totale aantal in 1959 aan U.P. geregistreer, se belange word sonder voorskrifte van enige aard in so 'n mate in ag geneem dat die kwessie van voertaal by geen geleentheid ter sprake kom nie. Uit die troebele van weleer het 'n verstandhouding gegroei waaruit in toenemende mate 'n situasie ontstaan dat die twee taalgroepe in harmonie langs mekaar 'n gemeenskaplike tuiste aan dieselfde inrigting kan vind. Inderdaad bevestig 'n terugblik op die gebeure van die afgelope jare dat 1932 ver, baie ver agter die rug lê!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK IV

DIE WEG VAN DIE UNIVERSITEIT

(1930-1960)

UIT die geskiedenis van die eerste drie dekades wat op die universiteitswording van 10 Oktober 1930 volg, is reeds 'n belangrike greep uitgelig. Die Afrikaanswording was die dramatiese ontknoping van 'n noodwendige en onafwendbare innerlike groei en verset teen 'n kunsmatige orde. In die periode sedert die Eerste Wêreldoorlog verskyn dit by dosente en studente sporadies, soms aarselend, soms met ongeduld en onstuimige nasionale geesdrif wat in tempo toeneem namate die Afrikaner in die tydperk na 1924, en veral na 1929, op politieke terrein die emansipasie tegemoettree wat groter selfvertroue en daadkrag met hom meebring.


Die universiteitswording wat deurgevoer is met 'n ietwat gedwonge samewerking en enigsins oordrewe optimisme oor harmonie van die taalgroepe binne en buite die Universiteit en Pretoria, het sonder twyfel daartoe bygedra om die oomblik van beslissing oor die toekomsrigting van die Universiteit nader te bring. Binne twee jaar was dit daar. Hoewel die depressiejare aanvanklik op die algemene ontwikkeling van die Universiteit 'n dempende uitwerking minstens tot 1936 gehad het, was die saad van die toekomstige fenomenale groei al met die Afrikaanswording gesaai.

Daardeur het die inhiberende invloede weggeval wat onder die vroeë bedeling bestaan het en noodwendig 'n mate van verydeling en stagnasie tot gevolg gehad het. Bewustheid van eie vermoë na 1932 en die duidelike doelwit van 'n universiteit in diens van die Afrikaanssprekende bevolkingsdeel met Afrikaans as enigste voertaal was die potensiële dryfkrag wat ten spyte van die remmende invloede in eie geledere wat nog in die jare dertig te onderskei was, die verlamming van die oorlogsjare en interne struweling van die tydperk tot 1947, in die dekade voor 1960 op skouspelagtige wyse die Universiteit van Pretoria gevoer het tot die grootste in die land en een van die grootstes op die vasteland van Afrika.

Toe die Universiteit in 1930 deur wetgewing tot stand gekom het, was dit 'n inrigting met 1074 studente. Die 2,000-tal is in 1943 bereik; slegs vier jaar later is die 3,000-tal in 1947 oorskry, die 4,000-tal in 1953, die 5,000-tal drie jaar later in 1956, en in 1957 op weinige na die 6,000-tal, terwyl in 1959 al 'n groottotaal van oor die 7,200 ingeskryf het. Die sewe fakulteite van 1930 (met 511 en 145 studente onderskeidelik in die twee grootstes) het teen 1956 toegeneem tot 11 fakulteite waarvan in die twee grootstes in 1959 reeds elk meer as 2,000 studente ingeskrywe was. Die Buitemuurse Afdeling wat in die dekade voor die universiteitswording sy beslag gekry het, het gegroei van 'n totale studentetal van 438 in 1930 tot 1,770 in Junie 1959.

Van ongeveer 62 selfstandige departemente in 1930 het die getal tot 115 in 1960 aangegroei. In die eerste drie dekades het die doserende personeel van 144 in 1930 aangegroei tot 600 in 1959. Die Universiteit se bates het toegeneem van £334,156

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Groei van die totale studentebevolking (1908—1959).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in 1933 tot £1,094,218 in 1953 en (na die buitengewone groot bouprogram sedertdien) meer as verdubbel tot £2,519,672 in 1958 met die verwagting dat dit teen 1960 oor die £3,000,000 sal beloop. Die skamele £35,440 wat as regeringstoelaag in 1932 aan die Universiteit toegeken is, het teen 1959 tot £682,818 gestyg.

Uiterlike groei wat in die dekade na 1950 opmerklik versnel, spreek duidelik uit die bevolkings- en finansiële statistiek van die Universiteit se eerste dertig jaar. Daarnaas het egter ook in die wese van die Universiteit 'n fundamentele wysiging ingetree wat die onvermydelike uitvloeisel is sowel van sy reusegroei as die ingrypende verandering in die gemeenskapsomstandighede. Die verhaal van die tydperk na 1930 is dus ook die geskiedenis van 'n geleidelike omvorming van wat destyds 'n agrariese universiteit was wat 'n oorwegend agrariese samelewing bedien het tot 'n universiteit waarin deur die toevoeging van drie fakulteite van toegepaste natuurwetenskaplike aard na 1943 en die ingrypende veranderings in die eise wat aan die ouere fakulteit Wis- en Natuurkunde gestel is deur ongekende industriële opbloei na die oorlog, 'n belangrike en integrale aksentverskuiwing plaasgevind het.

Dit het nie alleen die posisie van die geesteswetenskappe in die besonder geraak nie, maar die Universiteit as geheel sover dit die aard, doelstelling en materiële voorsiening vir die onderwys betref voor aanpassingsvraagstukke gestel wat nie bestaan het in die dae toe die T.U.K. die waardigheid van 'n universiteit aanvaar het nie.

DIE SKRAAL JARE

DIE Universiteit van Pretoria het op 10 Oktober 1930 formeel tot stand gekom kragtens die „Universiteit van Pretoria (Private) Wet No. 13 van 1930" wat die volgende volledige omskrywing gedra het:


„Wet om te bepaal dat die Transvaalse Universiteitskollege, Pretoria, in die Provinsie Transvaal, 'n Universiteit sal word en as sodanig regspersoonlikheid sal verkry en verder om die inrigting, regte, bevoegdhede, voorregte en verpligtings van daardie Universiteit te reël en om in sekere opsigte sekere wette op universitêre en hoër onderwys te wysig."

Die bestaande regulasies van die T.U.K. het voorlopig van krag gebly en is eers na 1934 vervang. Die wet self het onveranderd gebly tot 1957. In 1955 is deur die Unieparlement wetgewing aangeneem (Wet No. 61 van 1955) tot samevatting en wysiging van al die wetsbepalings met betrekking tot universiteite. As gevolg hiervan was dit nodig om Wet No. 13 van 1930 te konsolideer en is op 5 April 1957 die Wysigingswet op Wet No. 13 van 1930 deur die Parlement aanvaar wat benewens kleinere veranderings vir die vermeerdering van die aantal verteenwoordigers van die Senaat in die Raad van drie na vier voorsiening gemaak het.

As eerste kanselier van die Universiteit van Pretoria is in 1930 verkies Sy Edelagbare regter T. J. de V. Roos, K.C., B.A., LL.B, wat tot 22 Desember 1932 gedien het.

Tielman Johannes de Villiers Roos is op 8 *Mei* 1879 *in Kaapstad gebore waar hy sy skool- en universiteitsopleiding geniet het. Hy het in* 1902 *na Pretoria gekom waar hy werksaam was by die prokureursfirma van sy oom, J. de V. Roos, wat van die beginjare ten nouste met die T.U.K. verbonde was. Hy het aan die balie in Pretoria gepraktiseer, deelgeneem aan die oprigting van die Nasionale Party en in* 1924 *Minister van Justisie in die eerste Hertzogkabinet geword. Tielman Roos was alombekend as skitterende redenaar in albei landstale, 'n aangename, nederige en vriendelike persoonlikheid en 'n invloedryke figuur in die politiek. In* 1929 *is hy as appèlregter aangestel.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



TIELMAN J. DE V. ROOS (1879 — 1935).

Toe hy aan die einde van 1932 *besluit het om na die politiek terug te keer, het hy as kanselier bedank. Hy is wel weer in Februarie* 1933 *genomineer, maar het die nominasie nie aanvaar nie. Tot sy dood in Johannesburg op* 28 *Maart* 1935 *het hy weer as advokaat gepraktiseer.*

As eerste visekanselier is die rektor, prof. A. E. du Toit, aangewys vir die tydperk wat op 10 Oktober 1932 sou eindig; daarna is hy vir nog twee jaar herkies. Die eerste voorsitter van die Konvokasie was adv. A. A. Roberts (oudstudent) wat die T.U.K. tot 1929 as registrateur gedien het en in 1930 lid van die Raad geword het.

Die Uitvoerende Komitee van die Senaat het op die dag na die universiteitswording in die Oeslaboratorium (in die Landbougebou naas die destydse administrasiekantore) vergader en daar het op 15 Oktober 1930 ook die eerste Senaatsvergadering van die Universiteit plaasgevind. Kenmerkend van die gisting wat toe reeds op te merk was, is die feit dat die vergadering 'n onbestrede mosie van dank aan die rektor aanvaar het vir sy aandeel aan die tot stand bring van die Universiteit en daarna 'n mosie bespreek het wat die rektor se beleid afkeur om briewe van amptelike en halfamptelike aard van dosente oop te maak wat by die kantoor ingelewer is.


Die Raad van die Universiteit het op 17 Oktober 1930 vergader in „the Hall of the Club House near the Arts Block," soos dit genotuleer staan. As voorsitter is gekies dr. N. M. Hoogenhout, voormalige rektor, vir die termyn wat op 30 November 1932 sou eindig. Hy is egter op 9 Februarie 1932 oorlede op 'n tydstip toe sy ervaring en wyse leiding juis van groot waarde vir die Universiteit sou gewees het. Onder die raadslede wat lang diens aan die T.U.K. gelewer het, was daar drie wat nou nie meer gedien het nie — dr. H. P. Veale en mnre. C. W. Giovanetti en Norman Spencer — en aan wie by wyse van mosies van waardering dank betuig is. Dr. Veale en genl. J. C. Smuts was ook die eerste twee persone aan wie in Desember 1930 eredoktorsgrade deur die Universiteit verleen is.

Na die bedanking van regter Tielman Roos is onder andere mnr. J. de V. Roos en regter Roos self genader om hulle as kandidate vir die kanselierskap verkiesbaar te stel maar albei het dit van die hand gewys. Op 6 Maart 1933 is ds. A. J. Louw onbestrede as kanselier gekies.

Adriaan Jacobus Louw is op 23 *Januarie* 1859 *in die distrik Paarl gebore as seun van die bekende ouderling Adriaan Louw van Babylons Toren. Hy is as leraar van die Ned. Gereformeerde Kerk aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch opgelei en het van* 1885 *in die bediening gestaan, eers op Riebeek-Wes en van* 1888 *tot* 1893 *op Vryheid. Van* 1893 *tot hy in* 1931 *sy emeritaat aanvaar het, was hy leraar van Heidelberg, Transvaal, waar hy naas sy kerklike arbeid 'n kragtige rol gespeel het*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om Heidelberg 'n belangrike onderwyssentrum te maak, onder meer deur die oprigting van die hoërskool en onderwyskollege. Ds. Louw was ook na 1893 *lid van die Kuratorium van die Staatsgimnasium, voorloper in die Republikeinse tyd van die hoër onderwys in Pretoria. Van* 1894 *was hy Actuarius Synodi van die Ned. Herv. of Gereformeerde Kerk in Transvaal en in* 1916, 1919 *en* 1922 *is hy as Moderator verkies. Na sy aftrede het ds. Louw in Pretoria kom woon. Hy het op* 18 *September* 1934 *sy bedanking as kanselier ingedien omdat dit vir hom weens toenemende doofheid moeilik geword het om aan openbare funksies deel te neem. Op* 23 *September* 1935 *is hy in Pretoria oorlede.*



A. J. Louw (1859 — 1935).

Toevallig het die Universiteit sy bestaan begin op 'n tydstip toe die landsekonomie op die eerste afdraande beweeg het van die groot depressie wat in die wurgjare 1931, 1932 en 1933 sy laagtepunt bereik het en daarna tot 1935 nog gedraal het voor die kentering ten goede deur die oorlog opgevoer is. Die depressie het die jong universiteit eerstens in sy studentetal getref wat van 1074 in 1930 teruggeloop het na 793 in 1933 en eers in 1936 die vorige hoogste inskrywing weer bereik het.

Naas die verminderde inkomste uit studentegelde het van regeringskant ook die opdrag gekom om op lopende uitgawe te besuinig. Die neiging in die jare twintig om 'n groter mate van beheersvryheid aan die Raad te laat en die swaartepunt van kontrole van die staat na die universiteit te verplaas, is in 1931 omgekeer. As deel van die noodmaatreëls om publieke uitgawes te besnoei, is die Wet op Hoër Onderwys (Finansiële Voorsiening) No. 27 van 1931 aangeneem. Die Universiteit moes voortaan in Oktober elke jaar sy begroting van inkomste en uitgawes vir die volgende jaar indien. Die subsidie is dan vasgestel volgens die behoeftes van die inrigting maar onderhewig aan die daling van algemene regeringsinkomste: 'n belangrike voorbehoud in die depressietyd.

Van die begin van 1931 is die Universiteit gewaarsku dat besnoeiing aan die kom is. Die begroting moes hersien word en drastiese besuiniging moes toegepas word met die oog op die inkorting van hulptoelaes vir hoër onderwys. „Nie alleen moet aan geen uitbreiding van werk gedink word nie" skryf die Sekretaris van Onderwys, dr. S. F. N. Gie, op 8 September 1931, „maar selfs die inkorting van bestaande dienste en die afskaffing van poste waarsonder dit enigsins moontlik sal wees om klaar te kom, moet ernstige aandag geniet." Die Senaat het sy bes gedoen, maar aan die einde van 1931 het weer 'n noodoproep gekom om nog £1,500 vir 1932 te bespaar „even by way of drastic measures . . . including further staff retrenchments." Dosente se inkomste is reeds met 8% verminder en dekane het gemeet en gepas om die rieme nog dunner te sny. Die besuinigings het tot wrewel gelei en minstens een departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mentshoof het as protes bedank. Die totale toelaag vir 1932 is uiteindelik op £35,440 gestel. Die totale inkomste vir hierdie vaalste jaar van die depressie was £61,012 (in 1958 was dit £844,507) en die rektor het self 'n patetiese lysie opgestel wat selfs skryfbehoeftes ingesluit het om die vereiste £1,500 te bespaar.

Op 'n brief van dr. Gie teken prof. A. E. du Toit in November 1931 aan: „Reported to Dr. Gie that further saving will cripple the University in many ways and suggested that the opportune moment for full revision of University policy in regard to Multiplicity of Institutions has probably arrived. He pointed out that political motives rendered action difficult if not impossible. He firmly intimated that whereever possible posts should not now be filled permanently but work should be carried on with temporary service at as low a cost as possible . . . "

In 1932 en die ewe haglike jaar 1933 moes die Universiteit dus die skamele kleed van die armoede nog stywer om hom woel en dis begryplik dat die Stadsraad van Pretoria se terughou van die jaarlikse kapitaalskenking soveel protes uitgelok en verbittering gewek het. Die wankele begroting kon so 'n klap werklik nie verduur nie. Met die universiteitswording in 1930 is 'n spesiale brosjure uitgegee om publieke steun vir die U.P.-skenkingsfonds te vra. Die reaksie was gering, maar die Stadsraad het £25,000 gestem, betaalbaar in tien jaarlikse paaiemente. Dit was hierdie paaiemente wat deur die geskil van 1932 twee jaar lank onderbreek is toe dit so broodnodig was. Intussen het die doserende personeel van Mei 1932 af ook nog ingewillig om uit hul salarisse £1000 in die fondse van die Universiteit te stort — 'n opofferende bydrae wat tussen $\frac{1}{4}\%$ en $3\frac{1}{8}\%$ volgens salarisskaal bedra het.

Die depressiebesnoeiings, die onsekerheid en die willekeurige bepaling van die staatsubsidie wat beleidsbepaling vooruit onmoontlik gemaak het, was die aanleiding vir die aanstelling van 'n komitee deur die nuwe Minister van Onderwys in die Koalisiekabinet, mnr. J. H. Hofmeyr, wat dr. D. F. Malan opgevolg het. Die voorsitter was sir John Adamson en die lede mnr. J. J. I. Middleton en dr. S. F. N. Gie. Die Adamsonkomitee moes 'n vaste subsidiebasis soek om die arbitrêre 1931-grondslag van die staatstoelaag van universiteite te vervang. Die komitee het hom eerstens uitgespreek teen subsidie op grondslag van uitgawes en in die plek daarvan die ideaal gestel om van universiteite staatsondersteunde instellings te maak (nie staatsinstellings nie) deur die subsidie op inkomste te baseer en die formule van steun so te stel dat 'n premie geplaas word op buitebronne en skenkings. Intussen sou vir drie jaar 'n vaste toelaag toegeken word tot die einde van 1936. Daarna sou die nuwe formule in werking tree wat buitebronne moes stimuleer.

Vir die Universiteit van Pretoria was die toelaag £42,000, sodat daar alleen deur 'n uiters suinige aanwending van inkomste tot 1936 verbygekom kon word, sonder enige kans op uitbreiding. Die basis vir die Adamsonformule — deur die minister as eksperimenteel bestempel en so aanvaar — was vir die Universiteit ook geen vrolike nuus nie, omdat daar juis in vergelyking met die ander en ouer universiteite sulke skrale kanse op die uitbreiding van skenkingsfondse was dat die Universiteit hom daarvoor moes klaarmaak om na 1936 deur die formule uiters nadelig getref te word, tensy intussen 'n suksesvolle poging aangewend kon word om kapitaalskenkings te bekom en onafhanklike inkomste te toon.

Nog voor die Adamsonverslag verskyn het, het die Universiteit dit gerade geag om sy eie huis te laat ondersoek. Die Raad sou ondersoek na die bedryfsaspekte en bestuur van die Proefplaas laat instel wat toe nog geheel en al onder die Universiteit geressorteer het. Die Raad besluit voorts op 19 Mei 1933, toe die geldelike toekoms nog baie duister was, om „met die oog op die finansiële posisie en die daling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in studente 'n komitee aan te stel om ondersoek in te stel en rapport uit te bring betreffende die vraag of die personeeltoekenning, organisasie en tydtafel van die personeel doeltreffend en ekonomies is, en aanbevelings te maak." Die lede sou wees mnr. J. de V. Roos (voormalige Kontroleur- en Ouditeur-generaal wat al in die jare twintig aan 'n ondersoek na die T.U.K. se finansies deelgeneem het) as voorsitter, dr. S. P. E. Boshoff, raadslid en Direkteur van Onderwys in Transvaal, en prof. P. J. du Toit, dekaan van die fakulteit Veeartsenykunde. Weens omstandighede kon die Rooskomitee eers vroeg in 1934 met sy ondersoek begin en in die eerste week van Mei is eksemplare van die verslag oor hierdie „Ondersoek van Doeltreffendheid van Personeel van die Universiteit" vertroulik beskikbaar gestel.

Dit was 'n wonderlike dokument wat 'n menigte sake aangeraak het — van 'n apparaat om metaal uit ertse te haal tot dosente wat te hardhorend of bysiende was om hul pligte behoorlik te vervul — maar sonder dat dit getuig het van 'n diepgaande ondersoek. Oor die algemeen was dit uitgesproke krities en geensins vleiend wat die werkverrigting van dosente en omvang en aard van navorsing (veral in die fakulteit Landbou) betref nie. Daar was te veel dosente vir die aantal studente; dosente moes soos staatsamptenare op kantoor bly gedurende sekere ure; sekere departemente moes verdwyn; studente moes nie aangelok word nie; leningsfondse moes nie vir lopende uitgawes aangewend word nie; nuwe regulasies moes vir die Universiteit opgestel word; rektors moes vir 'n langer tydperk aangestel word; die biblioteek moes gereorganiseer word. Vir diegene wat verwag het dat die Roosrapport die weg sou aandui uit die moeras deur aanvaarbare norme by die onderwys te stel en praktiese wenke te bied vir die finansiële beleid van die toekoms, was dit 'n teleurstellende verslag, te negatief, drakonies en verbeeldingloos in sy opset om enigsins bevrugtend of inspirerend te werk. Dit was 'n eerlike poging, maar het alleen 'n oes van afkeurende memoranda uitgelok toe die verslag aan die fakulteite en die Senaat voorgelê is.

Op enkele uitsonderings na het die aanbevelings van die Rooskomitee geen vrugte gedra nie, hoewel dit tot 1936 nog deur die Raad bespreek is. Bowendien was daar die eerste floue tekens dat die vernaamste aanleiding tot die ondersoek, naamlik die depressietoestande, teen 1934 besig was om op te klaar. Die Universiteit kon werklik vir dié jaar 'n rojale oorskot van £48.12.2 toon en die volgende jaar die surplus tot £259.19.9 opskuif! Studentegelde het begin vermeerder en met die Stadsraad was daar vrede gemaak. Nogtans het die skaduwee van die Adamsonformule nog oor die geldsake van die Universiteit bly hang. „Al sou ons aanneem dat die formule 'n volmaakte objektiewe maatstaf is," het die Raad verklaar, „kan ons met die beste wil in die wêreld nie in die vasgestelde driejaartydperk ons onafhanklike inkomste so vermeerder dat ons 'n toelaag sal verdien wat gelykstaan met die bedrag wat ons nou ontvang nie . . . "

Die enigste uitweg was om die skenkingsfonds op die een of ander wyse te styf. Afgesien van die Stadsraadsbydrae en die bedrag wat in 1930 reeds in die skenkingsfonds was, het tot 1934 net 'n powere £300 binnegekom. Die rektor, prof. A. E. du Toit, het al in 1932 „die aanstelling van 'n propagandist" by die Raad voorgestel en dis in beginsel aanvaar; 'n bedrag is in 1934 selfs op die begroting geplaas daarvoor, maar eers is gewag op die Roosrapport voor daar 'n aanstelling gemaak kon word. Daar het al van 1926 trouens 'n Propagandakomitee van die Senaat bestaan wat af en toe tot 1929 vergader het en daarna nie weer voor Augustus 1933 nie. Daar is nou planne opgestel om die platteland en die skole te bereik, en tegelyk studente en skenkings te lok. In 1934 het ds. Paul Nel wel as kollektant aan die werk gespring,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



H. J. VAN DER BIJL (1887 — 1948).

maar sy insameling was in belang van die oprigting van 'n Teologiese Fakulteit van die Ned. Geref. Kerk aan die Universiteit. Van algemene insameling ten bate van die Universiteit was nog nie sprake nie, hoewel daar teen die einde van 1934 op grondslag van 'n memorandum deur prof. T. J. Hugo die eerste stappe deur die Raad oorweeg is om dosente en oudstudente by die insameling te betrek en 'n sentrale kantoor in te rig.

Na die bedanking van ds. A. J. Louw is in November 1934 as kanselier verkies dr. H. J. van der Bijl, M.A., Ph.D., M.A.I.E., M.I.R.E., D.Sc., F.R.S.S.A., F.R.S., wat tot sy dood in 1948 gedien het.

Hendrik Johannes van der Bijl, een van die grootste ingenieurs wat Suid-Afrika nog voortgebring het, is in Pretoria gebore op 23 *November* 1887. *Hy het sy skoolopleiding op Franschhoek voltooi en aan die Victoria-kollege op Stellenbosch sy graad behaal voordat hy in Leipzig gepromoveer het. Hy werk as fisika-instrukteur aan die Keiserlike Skool vir Tegnologie in Dresden tot* 1913 *en van* 1913 *tot* 1920 *as navorsingsfisikus van die Western Electric Company in New York waar hy deur sy uitvindings en ondersoek op die gebied van elektrotegniese en radio-ingenieurswese hoë roem verwerf. Op dringende versoek van die Unieregering keer hy na sy vaderland terug as Tegniese Adviseur van die Departement van Mynwese* (1920—1922). *Hy lê in die jare twintig die grondslag vir die nywerheidsontwikkeling van die Unie. In* 1923 *kom op sy aansporing die Elektrisiteitvoorsieningskommissie tot stand waarvan hy lewenslank voorsitter bly. Onder sy voorsitterskap kom ook in* 1928 *die S.A. Yster- en Staalkorporasie tot stand. Hy het die kanselierskap aanvaar met 'n skitterende intreerede oor die taak van die Universiteit, gelewer op* 8 *Desember* 1934 *by geleentheid van die gradeplegtigheid in die Plazateater.*

In die Tweede Wêreldoorlog was dr. Van der Bijl die sleutelpersoon in die Unie se oorlogsnywerheid as Direkteur van Oorlogsvoorrade en Direkteur van Voorrade. In die na-oorlogse jare was hy verbonde aan verskeie nywerheidsondernemings en maatskappye en voorsitter van die S.A. Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

Van hom het 'n groot aantal wetenskaplike publikasies verskyn en hy was lid van talryke Suid-Afrikaanse en buitelandse geleerde liggame. Hy is op 2 *Desember* 1948 *oorlede.*

DIE REKTORKWESSIE (1934 — 1935)

Op 30 Junie 1934 sou die diensperiode van prof. A. E. du Toit as rektor verstryk. Ten spyte van die prominente rol wat hy sedert die begin van die jare twintig gespeel het en sy leidende aandeel na 1929, eers in die universiteitswording en daarna in die Afrikaanswording, was dit al in 1933 duidelik dat hy geleidelik in die Senaat steun

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verloor. Die teenstanders van die voertaalbeleid was al vanselfsprekend van 1932 teen hom gekant, maar nou het ook onder diegene wat hom in die beleidsmosie van 1932 heelhartig gesteun het, 'n verandering van gesindheid ingetree wat uit verskillende oorwegings gespruit het. In die eerste plek was daar diegene wat teen die persoon van die rektor en sy metodes van optrede gekant was. Voorts was daar teenkanting teen wat beskou is as 'n te toegeeflike houding teenoor die oorblyfsels van die vorige bedeling in die positiewe uitvoering van die Universiteit se Afrikaanse beleid.

Volgens sy ondersteuners het die simpatieke houding van die rektor teenoor die uitbreiding van die fakulteit Godgeleerdheid om ook die Ned. Geref. Kerk in te sluit aan hom teenstanders besorg, in so 'n mate selfs dat prof. Du Toit se ondersteuners in 1934 van 'n „kerkistiese beweging" teen hom gepraat het. Hierteenoor is daar egter twee verklarings deur al sewe dekane van fakulteite van 12 Mei en 2 Junie 1934 waarin hulle uitdruklik ontken dat die opposisie teen die rektor uit enige oorwegings van kerklike aard spruit, dat hulle verset bloot teen sy persoon is „en dat by geeneen van hulle die minste beswaar bestaan teen die voorgestelde veranderings in die Fakulteit van Teologie nie . . . "

Op 20 April 1934 het die Raad besluit om die rektor te vra om in afwagting van die Rooskomitee se aanbevelings (wat ook die dienstermyn van rektors sou raak) nog 'n jaar aan te bly. Daarop het die dekane van fakulteite kennis gegee van die volgende mosie vir die eerskomende Senaatsvergadering: „Dat dit teen die belange van die Universiteit sou wees om die dienstyd van prof. A. E. du Toit as rektor te verleng, dat intussen 'n voorsitter van Senaat aangestel sou word en dat 'n nuwe rektor in oorleg tussen Raad en Senaat aangestel sou word."

Ten spyte van pogings van die Raad om die mosie te laat terugtrek, is dit op 2 Mei met 32 stemme teen 8 deur die Senaat aanvaar. Verdere onderhandelings tussen die Raad en Senaat het vrugteloos geblyk. Op 28 Mei 1934 het prof. A. E. du Toit skriftelik sy bedanking as rektor ingedien en versoek om na sy leerstoel as professor in Wiskunde wat hy tot 1927 beklee het, te mag terugkeer. Aan hom is vir die tweede semester van 1934 verlof toegestaan en hy het van die begin van 1935 tot sy bedanking in 1938 weer die professoraat in Suiwer Wiskunde beklee.

In die geskiedenis van die Universiteit sal „A.E." seker altyd 'n omstrede figuur bly. Dié wat hom persoonlik teengestaan het, het hom voorgestel as 'n ambisieuse mens, bewus van sy bekwaamheid, 'n gewikste diplomaat wat kon maneuvreer sonder om dit te nou te neem met wat as eerbare ondernemings tussen mens en mens geld. Sy vriende en selfs dié wat van hom om ander as persoonlike redes verskil het, het in hom 'n openhartige, opregte en beminlike mens gesien, tipies „Frans" in sy spraak, houding en reaksies, opvlieënd soms in vergaderings, 'n skitterende akademikus en vlug van begrip, maar in sy handeling teenoor sy medemens dikwels taktloos. Met die Universiteit van Pretoria het hy dit goed bedoel in die kwarteeu van sy dienstyd.

In Junie 1934 was die groot vraag om vir prof. A. E. du Toit 'n opvolger te vind. Daarmee het die eintlike rektorkwessie begin wat tot diep in 1935 sou voortsleep en wat hier alleen kortliks aangestip hoef te word. Dit is basies veroorsaak deur die teenstelling tussen die wense van die Raad aan die een kant en aan die ander kant die Senaat waar die sewe dekane — feitlik die Uitvoerende Komitee van die Senaat dus — die inisiatief in hande geneem het.

Na oorlegpleging tussen Raad en Senaat is teen 13 Augustus 1934 ooreengekom dat prof. F. Postma van Potchefstroom die aangewese kandidaat sou wees, maar op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

17 Augustus word deur die Raad vyf name aan die Senaat voorgelê: prof. Postma, ds. Wm. Nicol, prof. T. J. Haarhoff, dr. S. P. E. Boshoff en prof. R. W. Wilcocks. Na lang onderhandelings is aan die einde van Oktober 1934 weer ooreengekom dat prof. Postma die aanneemlike kandidaat is. Nogtans het die Raad op 16 November tog sonder raadpleging met die Senaat aan prof. Wilcocks van Stellenbosch getelegrafeer om te verneem of hy bereid sou wees om vir die rektorskap in aanmerking te kom.

Prof. Wilcocks het vir die aanbod bedank en in die rektorkwessie het tot Maart 1935 geen verdere verwikkelings ingetree nie. Intussen was die Universiteit rektorloos. Dr. S. P. E. Boshoff was van Julie tot Oktober 1934 vise-kanselier en is toe deur prof. H. G. Viljoen opgevolg wat al sedert Julie as voorsitter van die Senaat opgetree het en in hierdie hoedanigheid ook verder aangebly het tot 'n rektor benoem sou word.

Op 15 Maart 1935 het die Raad drie name aan die Senaat deurgestuur: dr. S. P. E. Boshoff, adv. E. G. Jansen en prof. H. G. Viljoen. In die stadium het die komitee van dekane — proff. E. H. D. Arndt, J. P. Duminy, S. P. Engelbrecht, D. Pont (sekretaris), J. C. Ross, P. J. du Toit en H. G. Viljoen — gereeld begin vergader om namens die Senaat 'n gedragslyn teenoor die Raad te beplan. Verskeie name het op hul kladlys verskyn: prof. M. C. Botha (pas as Sekretaris van Onderwys aangestel), proff. W. Blommaert, D. F. Malherbe, mnr. G. Moerdyk, sir Arnold Theiler en dr. A. J. R. van Rhyn. Maar uiteindelik het hulle weer prof. Postma aanbeveel, met prof. H. G. Viljoen as tweede keuse.

Die Raad het op 17 April 1935 deur eliminasie gestem en die naam van dr. S. P. E. Boshoff aan die Senaat gestuur. Hierop het die dekanekomitee op 18 April skerp gereageer: dr. S. P. E. Boshoff is deur hulle as 'n onaanneemlike kandidaat beskou, die naam van prof. Viljoen sou weer voorgedra word en van die Senaat sou die dekane opdrag vra om self die minister te nader. 'n Buitengewone vergadering van die Senaat op 24 April het die dekane die opdrag gegee om 'n onderhoud met mnr. J. H. Hofmeyr aan te vra. Namens die dekane het prof. D. Pont die memorandum opgestel wat as basis vir die onderhandeling met die minister moes dien. Hoewel die dekanekomitee geen *locus standi* gehad het nie, het die minister hulle tog in Mei 'n onderhoud toegestaan. Toe die Raad dus op 19 Mei 1935 die naam van sy kandidaat aan die minister voorlê, het hy die aanstelling geveto en as presedent die optrede van dr. D. F. Malan in 'n dergelike geval aan die T.U.K. genoem toe die minister die wenslikheid beklemtoon het dat daar 'n redelike mate van eenstemmigheid by Raad en Senaat moet wees oor 'n kandidaat vir die rektorskap. Twaalf jaar later sou die geskiedenis hom herhaal en sou dieselfde minister weer dieselfde gedragslyn volg.

Na meer as 'n jaar van vertraging het die Raad aan die einde van Junie 1935 mnr. C. F. Schmidt, Kontroleur- en Ouditeur-generaal van die Unie wat binnekort sou aftree, na oorleg met die Senaat as rektor by die minister aanbeveel. Daar was teen die aanstelling geen beswaar nie en mnr. Schmidt is deur die Staatsdienskommissie toegelaat om op 20 Augustus 1935 as rektor diens te aanvaar.

Carl Friedrich Schmidt is op 13 *November* 1875 *op Amalienstein by Ladismith (Kaap) gebore op die sendingstasie van die Berlynse Sendinggenootskap waar sy vader gearbei het. Hy het die Victoria-kollege besoek en daarna deur privaatstudie die graad B.A. verwerf, nadat hy in* 1893 *tot die staatsdiens toegetree het. In die kantoor van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal in Pretoria was hy tot* 1915 *werksaam. Daarna het hy Sekretaris van die Provinsiale Onderwysdepartement in Bloemfontein geword. In* 1918 *volg hy dr. W. J. Viljoen op as Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



C. F. SCHMIDT (1875 — 1948).

In 1926 *word hy Sekretaris van Binnelandse Sake. In dié hoedanigheid was hy departementshoof vir dr. D. F. Malan by die totstandkoming van die Vlagwet. In* 1929 *volg hy mnr. J. de V. Roos op as Kontroleur- en Ouditeur-generaal. Ten tyde van sy aanstelling as rektor was hy ook nog voorsitter van die Nasionale Padraad en het dit tot* 1936 *gebly.*

Mnr. Schmidt het sy nuwe amp aanvaar met die voordeel van lang en waardevolle administratiewe ervaring en besondere kennis van finansiële aangeleenthede. Dit was trouens een van die spesifieke oorwegings by sy aanstelling, omdat die geldsake van die Universiteit deskundige hantering nodig gehad het. Aan die ander kant sou hy in sy nuwe werkkring steeds onder 'n agterstand verkeer, omdat hy geen universiteitsman was nie en in die akademiese kring 'n betreklike vreemdeling.

Die Universiteit het hom en sy eggenote egter spoedig leer ken as sjarmante gasheer en gasvrou wat met die doserende personeel noue kontak opgeneem het en te midde van heelwat spanning en konflikte van die vooroorlogse tydperk geen persoonlike vyande gelaat het in die vyf jaar wat hy aan die hoof van die Universiteit gestaan het nie.

In 1940 *het sy dienstyd verstryk en die Universiteit het aan hom in April* 1941 *die eregraad D. Phil. (Publieke Admin.) verleen. Na sy aftrede het hy hom in Die Strand gevestig waar hy op* 12 *Oktober* 1948 *oorlede is.*

AARSELENDE VOORUITGANG TOT 1940

NA die statiese tydperk van finansiële knelling wat eintlik al in 1929 sy uitwerking op die Universiteit begin toon het, kom daar in die tweede helfte van die dekade 'n mate van ontdooiing en vooruitgang. Die studentetal neig weer omhoog. In 1936 steek dit weer na ses jaar die duisendtal verby en klim veral vinnig na 1938 om op 1629 te staan te kom in 1940, voordat die oorlog die toeloop weer tydelik tot stilstand bring.

Uitbreiding by die onderwys is te sien in die toevoeging van Opvoedkunde as agtste fakulteit in 1937. Dit het geen noemenswaardige veranderings meegebring nie, omdat die fakulteit grotendeels deur aanwending van personeel van reeds bestaande departemente op dreef gebring is. In die jaar 1937 begin ook die propaganda ten gunste van 'n fakulteit Geneeskunde in alle erns; dit was egter die begin van 'n opdraande weg wat nie voor 1941 tot konkrete resultate sou voer nie.

Anders was dit met die instelling van 'n fakulteit Godgeleerdheid om predikante van die Ned. Geref. Kerk op te lei. Die voorbereidingswerk was al van 1934 gedoen en word in 1937 afgerond. Die bestaande fakulteit word van die begin van 1938

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in twee outonome afdelings georganiseer om die twee grootste Afrikaanse kerke in die Noorde te bedien.

In 1939 neem die fakulteit van Landbou ook die gewigtige besluit (waaroor weldra 'n mate van berou gevoel is) om sy status as gewone fakulteit te verruil ten einde werknemers van die staat en deel van die Departement van Landbou te word.

Hoewel kapitale fondse nog 'n groot gebrek was en van regeringskant weinig tegemoetkoming verkry is, begin die Universiteit vir die eerste keer sedert 1931 weer aan geboue dink. Met heelwat inspanning word genoeg byeengebring om die Merenskybiblioteek in die Eeufeesjaar 1938 te voltooi en (deels as gevolg van die buitengewone insamelingspoging van die betrokke departement self) kon ook die Plantkundegebou in 1940 voltooi word.

Indien dit die bedoeling was dat die nuwe rektor na 1935 aan die finansiële posisie van die Universiteit wondere moes verrig, dan was dit 'n onrealistiese verwagting. Dit het in die vooroorlogse jare nog ewe moeilik as tevore gegaan om die begroting te laat klop. Met die oog op die gevaar dat die Universiteit na 1936 weens gebrek aan buite-inkomste minder as die vasgestelde £42,000 aan toelaag volgens die Adamsonformule sou verdien, is noodgedwonge die eerste daadwerklike insamelingspogings aangepak. Die toelaag is ewenwel nie verminder nie. Dit het na samesprekings met die minister op £42,000 bly staan (wat bepaald onvoldoende was vir die groeiende behoeftes van die Universiteit) en is eers na 1941 geleidelik verhoog. Van 1938 is ook 'n gedetailleerde tabel van subsidietariewe ingestel wat nog die nadruk op buite-inkomste laat val het maar ook studentegelde vir subsidie in aanmerking geneem het.

Prof. Hugo se plan van April 1934 het as vernaamste punt gestel „dat ons 'n kantoor moet inrig waarin een persoon belas sal wees alleen met die insameling en rangskikking van alle verkrygbare gegewens wat betrekking het op hierdie saak veral van die Transvaal." Dit sou dan die „sekretariaat van die Universiteitskenkingskomitee" wees en adresse van moontlike skenkers en oudstudente versamel. Daarbenewens sou 'n propagandakomitee van senaatslede gevorm word wat deur studentekomitees op die vernaamste dorpe sou werk. Die publiek sou aangemoedig word om deur skenkings, legate, bemakings, beloftes van jaarlikse bydraes, polisse, vasgoed en grond 'n bydrae tot die kapitalefondse van die Universiteit te doen. Dié goeie planne het tydens die rektorskrisis ingesluimer maar op 9 April 1935 skryf die visekanselier en voorsitter van die Senaat, prof. H. G. Viljoen, 'n memorandum in dieselfde trant, maar met veel meer ambisieuse opset: 'n tienjaarplan met die leuse „mik hoog" 'n sekretariaat en baie komitees om eindelik £200,000 in te samel. „Die publiek moet voel dat dit ons erns is en dat geen teleurstelling ons gaan afskrik nie." Die veldtog moes nie net geld lewer nie maar ook studente — minstens 100 van die Rand alleen.

Prof. Viljoen het in Augustus 1935 voorsitter van 'n publisiteitskomitee geword wat ingeskakel is by die propagandakomitee waarvan die rektor, mnr. C. F. Schmidt, voorsitter was. In die eerste maande van 1936 is die insamelingsplanne verder uitgebrei. 'n Propagandasekretaris is aangestel wat die rektor vergesel het op sy besoeke van die Hoëveldse dorpe, terwyl proff. L. I. Coertze, S. P. Engelbrecht en T. J. Hugo Noord- en Wes-Transvaal besoek het. Die propagandakomitee (gesamentlik uit die Raad en Senaat saamgestel) het gereeld vergader om die plattelandse veldtog te organiseer en die eerste reëlings is getref om in Mei 1937 'n groot kermis te hou. Ook die studente is ingespan om met kollektelyste hul tuisgebiede te fynkam en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Raad besluit dat gelde in dorpe en distrikte ingesamel in die eerste plek vir plaaslike seuns en dogters as voorskotte of beurse beskikbaar sou wees.

Die ywerige werk van 1936 het eers in 1937 behoorlik vaart gekry. In Maart 1937 word F. S. Steyn (oudstudent) as propagandasekretaris aangestel. Hy het sy taak met geesdrif aangepak. Tot sy bedanking aan die begin van 1941 sou hy 'n betekenisvolle bydrae lewer om die Universiteit se werk en behoeftes by die Transvaalse publiek bekend te stel.

Behalwe die universiteitskermis wat £3,200 opgelewer het, is veral in 1937 die boufonds vir die biblioteek onder die aandag gebring deur 'n reeks kompetisies en skemas. 'n Aantal brosjures is namens die Universiteit opgestel en versprei. Daaronder was een om matrikulante in te lig, 'n brosjure van die Buitemuurse Studenteraad en die eerste publikasie vir oudstudente, gekonsipieer en uitgegee deur die propagandasekretaris. Dit het geheet *Universiteitsnuus* en het van September 1937 tot Januarie 1939 vyf uitgawes belewe. In 1937 het mnr. Steyn ook as samesteller opgetree van die vlugskrif: *Ons vra 'n Afrikaanse Geneeskundige Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria* waarvan duisende eksemplare dwarsdeur die land versprei is. In Augustus 1937 word intensiewe bearbeiding van die platteland weer eens beplan en goedopgestelde skenkingsvorms in gereedheid gebring. In Oktober het dan ook 'n indrukwekkende uittog van dosente per motor na alle windstreke plaasgevind.

Die oes aan geld wat op al hierdie bedrywigheid gevolg het, was skraal en teleurstellend. Dit was nog 'n tyd van sikspense en trippense. Maar in ander opsigte was die propaganda van 1936—1937 van oneindige groot waarde. Dit het die studentetal opvallend laat vermeerder. Teenoor 'n styging van slegs 3.18% in 1937 was die toename 12.5% in 1938 en 17.92% in 1939. Terselfdertyd is die goeie gesindheid en welwillendheid van die platteland van Transvaal gewek; die Universiteit van Pretoria is bekend en bemind gemaak onder diegene uit wie sy studente moes kom.



Die Ossewatrek van 1938: *waens by die Burnettstraatse ngang van die Universiteit.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tot hierdie goeie gesindheid het 1938, die jaar van die Ossewatrek, 'n verdere kragtige bydrae gelewer. Aan die landswye opwelling van Afrikanervolkstrots en nasionale gevoel wat in Desember 1938 om die hoeksteen van die Voortrekkermonument sy klimaks bereik het, het die Universiteit, sowel studente as dosente, 'n volle aandeel gehad. Reeds in 1936 het die Senaat by monde van prof. I. D. Bosman vertoë gerig om die Voortrekkermonument by Pretoria te laat verrys. Terwyl die ossewaens die hoofstad genader het, is oral in Transvaal deur dosente feesredes gelewer en voorbereidings getref om die waens luisterryk op die Universiteitsterrein te ontvang.

Deur 'n erewag van 300 dames in wit geklee het die kanselier, rektor en dekane van fakulteite as touleiers die feeswaens binnegelei; 30,000 mense het op die sportvelde voor die huidige Nuwe Letteregebou op die aand van 13 Desember 1938 feesgevier. As herinnering aan hierdie gedenkwaardige dae is tans nog die spore van die wa *Andries Pretorius* voor die Merenskybiblioteek te sien en brand nog in die portaal van die ou Letteregebou die Eeufeesfakkelvlam wat sedert 1938 aan die Universiteit toevertrou is. Die A.T.K.V.-wa *Louis Trichardt*, U.P. se eie ossewa van 1938 — het ook jarelank, tot 1959, 'n ereplek gehad in die Ou Letteregebou en staan nou in die Rautenbachsaal. Amptelik is die naam „Voortrekkeruniversiteit" wel nie destyds aanvaar nie, maar dit staan op die eeufeesgedenkbundel wat dosente van die Universiteit in 1938 laat verskyn het en het tot vandag nie-amptelik bly voortleef.

Wat sy interne aangeleenthede betref, het die Universiteit in die paar jaar wat die oorlog voorafgegaan het 'n gebrek aan positiewe leiding van bo ondervind op 'n tydstip toe daar in eie geledere 'n geldingsdrang, ewe sterk by dosente as studente, waar te neem was wat letterlik by die spuigate uitgestoot het. Die Senaat was 'n woelige forum in die late jare dertig waar botsende standpunte en koukusgroepe soms tot gespanne persoonlike betrekkings gelei het. Aan die einde van 1938 moes selfs 'n komitee onder voorsitterskap van ds. Wm. Nicol benoem word om ondersoek in te stel na slegte verhoudings onder dosente. Meestal was dit die Afrikaanse beleid en aard van die Universiteit waarom dit gegaan het. In studentekringe was dit nie anders gesteld nie. Veral in die jaar 1939 het die onderstrominge wat met die landspolitiek 'n bepaalde verband vertoon het, die studente voortdurend in beroering gehou.

Die toetrede van die Unie tot die oorlog in September 1939 en die skielike heroriëntering wat daarmee in die Suid-Afrikaanse politiek ingetree het—die neutraliteits- of Malan-Hertzoggroep teenoor die pro-oorlogse Smutsparty — het ook op die Universiteit sy uitwerking gehad waar die gesindheid in oorwegende mate teen die oorlogsbeleid was. Met die Duitse inval in Nederland en België is die oorlogsbeleid na Mei 1940 ook gesteun deur diegene aan die Universiteit wat gebore Nederlanders was of simpatie met die Nederlandse saak gehad het, maar origens die Afrikanernasionale standpunt bly huldig het. Binne die anti-oorlogse groep, wat in sy geheel (soos trouens dwarsdeur die land) simpatie met die Duitse oorlogspoging vertoon het, kom na 1940 'n verdeling tussen die simpatiseerders met die nasionaal-sosialisme en ander wat dit onaanvaarbaar vind.

Dié wat die nasionaal-sosialisme aanvaar het, het 'n tuiste gevind in die Ossewabrandwag waarby nie alleen studente nie, maar ook 'n aantal vooraanstaande dosente die leiding aan die Universiteit geneem het en waarby ook die A.N.S.-studenteorganisasie gaandeweg sy lot ingewerp het.

Dit spreek vanself dat daar binne die Universiteit in die oorlogsjare volop wrywing sou wees in Senaatskringe en in die studentegemeenskap. Maar Pretoria was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bowendien ook die spil van die Unie se oorlogspoging waar gedurig 'n groot aantal troepe aanwesig was en van buite is die Universiteit beskou as 'n broeiplek van anti-semitisme en Naziïsme, „Malanazis", steeds „bedevilled by politics" en betower deur Hitler, „the biggest scoundrel the world has ever produced" (om uit die pers enkele grepe aan te haal).

Met die uitbreek van die oorlog is die Eeufeesfakkel op 6 September 1939 in die Ou Letteregebou deur kwaadwilliges in die nag geblus. In 1940 het die spanning tussen die studente en lede van die publiek hoog begin oplaai. Daar was soveel dreigemente dat die rektor in Junie 1940 verplig was om die Universiteit 'n week voor die einde van die semester te sluit. Na die geweldpleging op Potchefstroom waarby soldate en studente betrokke was, was die voorsitter van die Raad in Augustus 1940 verplig om na die minister te gaan om beskerming vir eiendom van die Universiteit van Pretoria te vra. Dit was 'n toestand wat hom in die oorlogsjare nog meermale sou herhaal.

In sulke gespanne omstandighede het die rektorskap van mnr. C. F. Schmidt ten einde geloop. Deur 'n gesamentlike komitee van die Raad en die Senaat is twee name aan die Raad voorgelê: prof. M. C. Botha en prof. H. G. Viljoen. Die name is sonder kommentaar na die Senaat deurgestuur. Op 13 Augustus 1940 is prof. M. C. Botha, M.A., D.Litt., as rektor vir 'n tydperk van sewe jaar van die begin van 1941 aangestel.

Marthinus Christoffel Botha is uit 'n behoeftige boeregesin in die distrik George op 26 *Augustus* 1886 *gebore. Nadat hy op George sy eerste skoolonderrig ontvang het, werk hy op die plaas, daarna vier jaar as poskantoortelegrafis en drie jaar as laerskoolonderwyser voor hy op George matrikuleer. Hy hou weer skool, onder meer aan 'n eenmanskool. In* 1914 *behaal hy met lof die B.A.-graad op Stellenbosch waar hy aan die verenigingslewe prominent deelneem. Daarna gee hy weer onderwys tot hy in* 1918 *lektor in Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad word. Hy behaal hier die M.A.-graad met lof en word in* 1921 *aangestel as professor in Nederlands-Afrikaans. Hy was die eerste om Afrikaans as universiteitsvak in Kaapstad in te voer.*



M. C. Botha (1886 — 1959).

Van die eerste volledige Afrikaanse grammatika wat in 1921 *verskyn en baie jare lank die enigste handboek van sy soort in die land was, was hy medeskrywer. In die opdraande stryd om Afrikaans in die Kaapse Skiereiland te handhaaf en as onderwysmedium vir die stedelike Afrikanerkind in te voer, het prof. Botha in die jare twintig 'n belangrike en eervolle aandeel gehad. In* 1929 *volg hy dr. W. J. Viljoen op as Superintendent van Onderwys van Kaapland en in* 1934 *volg hy dr. S. F. N. Gie op as Sekretaris van Onderwys. Sy naam is reeds in* 1934 *genoem as moontlike rektor van die Universiteit van Pretoria.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As Sekretaris van Onderwys het hy meegewerk aan die totstandkoming van wetgewing in verband met vertraagde kinders en die bekende Kinderwet van 1937. *Hy was stigter en voorsitter van die S.A. Raad vir Liggaamlike Opvoeding, voorsitter van die S.A. Raad vir Sosiologiese, Opvoedkundige en Humanitêre Navorsing en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie van* 1936 *tot* 1942 *toe sy dienste beëindig is omdat sy optrede nie genoegsaam aan die eise van die oorlogsbeleid beantwoord het nie.*

In 1937 *word hy aangestel as voorsitter van die Komitee oor Mediese Opleiding in Suid-Afrika wat in sy verslag van* 1939 *onder andere die instelling van 'n Afrikaanse mediese fakulteit in Pretoria aanbeveel.*

Na sy aftrede as rektor het hy sonder welslae aan die algemene verkiesing van Mei 1948 *deelgeneem as kandidaat in George vir die Verenigde Party, die destydse regeringsparty. Die Universiteit van Suid-Afrika het aan hom in* 1936 *die eregraad D.Litt. verleen en die Universiteit van Kaapstad in* 1950 *die eregraad LL.D. Na sy aftrede het hy hom in Kaapstad gevestig waar hy op* 3 *Januarie* 1959 *oorlede is.*

DIE REKTORSKAP VAN PROF. M. C. BOTHA (1941 — 1947)

DIEGENE uit invloedryke Afrikanerkringe wat prof. Botha in 1940 genader het om rektor te word, het sy verlede as onderwysman en kampvegter vir Afrikaans geken; hulle het hom ook al ses jaar as hoofamptenaar in Pretoria geken wat ten nouste met die sake van die Universiteit sedert 1934 gemoeid was en in 1939 deur sy aanbevelings oor 'n Afrikaanse fakulteit Geneeskunde in Pretoria feitlik vanself aangewys was as die man wat hierdie groot taak moes kom deurvoer. Hulle het hom ook geken as sterk persoonlikheid, 'n bekwame individualis wat nie geskroom het om onafhanklik op te tree en soms by belangrike besluite nie eens sy vriende geraadpleeg het nie, 'n man wat in sy strewe na onpartydigheid (na die maatstaf van sommige van sy volksgenote) as Afrikanerhoof van 'n Afrikaanse inrigting te kort geskiet het.

Terselfdertyd was hulle bewus van die uiters netelige taak wat nou aan hom opgedra is: om te lei deur 'n tydsgewrig toe die Universiteit die skyf van openlike vyandigheid was van die kant van 'n groot deel van die publiek en die middele vir uitbreiding gevra moes word van 'n owerheid vir wie die oorlogspoging hoofsaak was en wat bewus was van die Universiteit se afkeurende houding teenoor die regeringsbeleid. Daarby kom die feit nog dat juis van 1941 tot 1947 die Afrikanerdom op politieke gebied die laagtepunt van sy verdeeldheid beleef het. Hierdie rusies en partyskappe het ook in die Universiteit hul intrede gedoen en daar moes met al die gevoelighede rekening gehou word.

„Wanneer ek die rektorskap oorneem," het prof. Botha al in Augustus 1940 gesê, „sal ek probeer bewys dat die inrigting net so min anti-Brits en pro-Afrikaans is as wat die Universiteit van Kaapstad pro-Brits en anti-Afrikaans is . . . " Hy was toe al gewikkel in 'n kwaai agitasie van Engelstalige kant teen sy persoon en beleid in verband met die S.A.U.K. In sy eerste toespraak by die opening van die Universiteit op 11 Maart 1941 het hy sy onafhanklike standpunt onomwonde gestel. Hy sou hom nie met politieke partye vereenselwig nie. Sy verlede kon vir of teen hom getuig. As Afrikaner sou hy nie deelneem „aan die vandalistiese ekskommunikeerneigings van allerlei mannetjies van toet wat hulle daarop toelê om Afrikaners vir partygewin uitmekaar te jaag nie." Hy het gewaarsku teen onrusbarende groeisels van buitelandse nasionalistiese opvattings, hom ronduit teen nasionaal-sosialistiese neigings uitgespreek en dit in die komende jare herhaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die rektor se eerste en vernaamste taak is deur almal byna as vanselfsprekend gesien: om 'n Fakulteit Geneeskunde tot stand te bring. Daaraan het hy hom uit die staanspoor gewy, hoewel die finansies van die Universiteit in 'n onvoordelige toestand was. Die studentetal het ook in 1941 werklik 'n klein daling teenoor die vorige jaar getoon en in 1942 slegs matig toegeneem.

Ten spyte van die eerste wanklanke teen sy beleid wat al in 1942 waarneembaar was, het hy (soos nader by die fakulteitsgeskiedenis hierna vermeld word) vir die Afrikaanse Mediese Fakulteit begin geld insamel by sowel vriende as kritici van die Universiteit. Dat hy teen 1944 al genoeg byeengehad het om die fakulteit te loods, dit ten spyte van moeilike oorlogsomstandighede, was 'n buitengewone prestasie waarvoor aan prof. Botha die eer in groot mate persoonlik toekom. Dit was 'n insameling wat hy inderdaad as nasionale saak landswyd aangevoor het, hoewel die twee noordelike provinsies met behulp van die propagandasekeretaris, J. Vorster, (1942-1948) uiteraard meer intensief bearbei is.

Die bouwerk aan die nuwe fakulteit het gelyktydige optrede aan verskeie fronte vereis: eerstens, onderhandeling met die Regering om die fakulteit amptelik goedgekeur te kry. Dit het in twee aflewerings geskied, naamlik die „Anatomie-skool" van twee departemente Fisiologie en Anatomie in 1943, en die volledige instelling van die Fakulteit Geneeskunde op 26 Julie 1943. Tweedens, die fondsinsameling as voorvereiste vir die staat se geldelike steun en derdens die voorsiening van huisvesting vir die fakulteit namate die departement jaar na jaar van 1942 tot 1945 ingestel is. Dit was veral om die nodige geboue te voorsien dat die rektor 'n reusetaak verrig het sowel wat die finansiëring as die oprigting betref, want in oorlogstyd was dit 'n ingewikkelde en netelige proses om die nodige permitte vir oprigting en boumateriaal onder die heersende stelsel van kontroleurs te bekom.

Deur sy volharding word die gebou vir Wis- en Natuurkunde vergroot om vir Fisiologie en Anatomie voorsiening te maak (1943), die Nuwe Chemiegebou met lesingsale voltooi (1943), die Instituut vir Patologie opgerig (1945) en die Kliniese Gebou by die Algemene Hospitaal in gebruik geneem (1946). In een opsig het die oprigting van die Fakulteit Geneeskunde nie volgens plan verloop nie: die personeelvoorsiening het 'n bron van rusie en onaangenaamheid geword waarby die rektor se persoon en beleid betrek is en wat uiteindelik veel daartoe sou bydra dat prof. Botha na die verstryking van sy dienstermyn nie weer aangestel is nie.

Daar is al in 1942 bedenkings uitgespreek van Afrikaanse kant teen die gees van die Mediese Fakulteit. Aantygings dat die rektor deur sekere aanstellings en voorgenome aanstellings waarby hy in groot mate persoonlik vir die keuse verantwoordelik was, die suiwer Afrikaanse gees van die fakulteit aantas, het in 1943 meer uitgesproke geword. Prof. Botha is openlik in die pers (by name in die Johannesburgse Afrikaanse oggendblad) daarvan beskuldig dat hy teen die belange van die Fakulteit Geneeskunde handel. Die aantygings is deur hom in die openbaar teëgespreek maar het teen die einde van die jaar ontaard in 'n geskil tussen die rektor en 'n gedeelte van die mediese studente.

Nadat dit bygelê is, het in 1944 verdere aanstellings in die fakulteit plaasgevind wat opnuut die aanleiding was vir skerp kritiek. Die rektor het by geleentheid die noodsaaklikheid benadruk van tweetaligheid selfs by geneeshere wat in 'n Afrikaanse fakulteit opgelei word. Hy het die standpunt verdedig dat dit die beste kandidaat moet wees wat aangestel word, of hy Afrikaner is of nie. Dit het hom in eindelose moeilikhede beland. Die verwyt is hom van Engelstalige kant gemaak „that he tried to be on both sides of the political fence." Hy het (ten regte of ten onregte)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

soms by Afrikaners die indruk geskep dat hy voorkeur gee aan die vir die Afrikanersaak minder goedgesinde, terwyl ander kandidate ewe goed en miskien selfs beter gekwalifiseerd was.

Aan die begin van 1945 het die veldtog teen die rektor 'n hewiger fase ingetree met aantygings van buite die Universiteit wat in die Raad 'n mate van weerklank gevind het. Dit lei tot die bedanking van die rektor op 6 April 1945 as protes teen die aanvalle wat hy moet verduur. Hy trek egter sy bedanking op versoek van die Senaat en die Raad terug. Die stryd was daarmee nie verby nie. Veral in die Raad word periodiek tot 1947 verdere aanvalle teen die persoon, die beleid en aandeel van die rektor aan die aanstellings in die Fakulteit Geneeskunde geloods.

Die stofdampe wat gedurig oor die sake van die wordende Mediese Fakulteit getrek het, het soms die vooruitgang van die Universiteit as geheel versluier. Nieteenstaande die beperkings wat die oorlog opgelê het, was daar uitbreiding van studierigtings — as voorbeeld kan geld die departement Liggaamlike Opvoeding wat in 1946 ingestel word — en 'n aanmerklike styging in die getal studente, veral in die nuwe Fakulteit Geneeskunde.

Nadat die inskrywings in 1941-1942 vasgesteek het, vind in 1943 'n skouspelagtige vermeerdering van 359 studente (21.13%) plaas — verreweg die grootste jaarlikse persentasietoename in die tydperk van 1930 tot hede — en word die 2000-kerf oorskry. Daar was in 1944 weliswaar nie soveel nuwelinge nie, maar in die jare 1945 tot 1947, toe Geneeskunde nog sy eerste toeloop bly ondervind het, neem die studentegetal jaarliks gemiddeld met 13.35% toe en steek in 1947 die derde duisendtal verby. In die tydperk van prof. Botha se rektorskap het die studentegetal dus presies verdubbel in die loop van sewe jaar, die vinnigste groeifase in die geskiedenis van die Universiteit sedert 1921 en sneller in tempo as selfs die ongekende uitbreiding wat in die jare 1955-1959 sou kom.

Weens die bouprogram wat sedert 1940 afgehandel is, het die bates van die Universiteit in die dekade 1938-1948 gestyg van £343,342 tot £812,941 en inkomste uit studentegelde het in dieselfde tydperk meer as vervierdubbel.

Skenkingsgelde het — met uitsondering van enkele groot bedrae soos die bydrae van £40,000 wat die Stadsraad van Pretoria in 1944 tot die boufonds van die Mediese Fakulteit gelewer het — betreklik beperk gebly. Die regeringstoelaag wat jarelank op £42,000 bly staan het, het van 1940 vir die eerste keer begin klim na £60,221 in 1943. Die Universiteit het egter nog steeds 'n chroniese geldgebrek gehad, deels veroorsaak deur klasgelde wat die laagste in die land gebly het.

In 1944 is die aangeleentheid van die universiteitsubsidies ondersoek deur 'n departementele komitee onder voorsitterskap van prof. P. J. du Toit. Die komitee het 'n formule aanbeveel vir die berekening van 'n toekenning vir algemene doeleindes. Drie faktore is daarby in aanmerking geneem: studentegelde, ander inkomste (insluitende skenkings), en studente-inskrywings (waaraan 'n toelaag verbind is). Hierdie formule wat tot 1948 toegepas is, het na 1945 die subsidie vir die Universiteit aansienlik verhoog — in 1947 was dit £101,580 — maar tog nadele bevat omdat die subsidie bo 'n studentetal van 2,500 skerp gesak het. Dus is universiteite wat vinnige groei vertoon het, swaarste getref, omdat die eenheidskoste per student met groter getalle nie verminder nie. Dit is 'n kardinale feit wat deur die ervaring bewys is en wat in die vertoë van die Universiteit van Pretoria nog baie jare lank 'n belangrike argument ten gunste van 'n billiker subsidie sou bly.

Van ongeveer 1945 is in die geskiedenis van die Universiteit tekens te sien van 'n strewe na 'n geformuleerde finansiële beleid. Om vir onderwys, opvoeding en onder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

soek doelmatige voorsiening te maak, is by die finansiëringsplan die uitgawes in twee kategorieë ingedeel: kapitaaluitgawes vir huisvesting, apparaat en uitrusting; lopende uitgawes ten opsigte van salarisse en ander bedryfsuitgawes. Die finansiëring van kapitaalbates sou voortaan (sover omstandighede dit moontlik gemaak het) in drie gelyke rubrieke plaasvind: skenkingsgeld, die staatstoekenning daarop volgens die £-vir-£-stelsel en lening. Dit was die ideaal waarvan egter weens die tekort aan skenkingsgelde en kapitaalfondse dikwels nog afgewyk sou moes word. Wat lopende uitgawes betref, het die Universiteit gaandeweg die norm aanvaar om 70% van sy totale inkomste aan salarisuitgawes te bestee en 30% aan wederkerende uitgawes en die finansiëring van kapitaalbates.

Teen die einde van prof. Botha se rektorskap was dit al duidelik dat huisvesting veel toekomstige uitgawe gaan meebring: 'n Nuwe Letteregebou was lank reeds nodig en vir Liggaamlike Opvoeding was in 1947 al 'n gimnasium in aanbou. Op 28 Mei 1946 het die Raad dus die voorsorgmaatreël getref om 'n boufonds te stig wat apart belê sou word. Daarin is bedrae wat in die begrotings vir waardevermindering gestem is, gestort. Terwyl die eerste oes geneeshere wat aan die Universiteit van Pretoria opgelei is in 1947 met hul finale studiejaar besig was, word die kwessie van die rektorskap weer aktueel. Die aanvalle teen prof. Botha wat deur 'n lid van die Raad gelei is, het in die eerste maande van 1947 verskerp. Die hoofaanklagte was steeds dat hy op onreëlmatige wyse aanstellings in die Fakulteit Geneeskunde beïnvloed het en vir sekere ooreenkomste met finansiële implikasies in verband met die fakulteit verantwoordelik was wat nie voordelig was vir die Universiteit nie. 'n Mosie van wantroue in die rektor wat in die Raad voorgestel is, is egter in Maart teruggetrek.

Op 'n spesiale Raadsvergadering van 8 Mei 1947 word besluit om as kandidate vir die rektorskap wat van die begin van 1948 vakant sou wees, die name van prof. M. C. Botha en dr. Wm. Nicol (op daardie tydstip voorsitter van die Raad en tewens Moderator van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal) na die Senaat deur te stuur.

Die Senaat het met 56 teen 29 stemme prof. M. C. Botha aanbeveel by die Raad, maar die Raad het op 29 Mei met 12 stemme teen 8 besluit om dr. Nicol by die minister as rektor aan te beveel. Daar was dus onmiddellik aanleiding vir nog 'n rektorkwessie van die eerste rang, soos die Universiteit so dikwels tevore al moes deurmaak. Die arbiter sou weer, soos in 1935, die Minister van Onderwys, mnr. J. H. Hofmeyr, wees want kragtens Wet No. 13 van 1930 was die Universiteit die enigste in die land wie se rektor nie sonder goedkeuring van die minister aangestel kon word nie. Die bepaling is volgens oorlewering op aandrang van prof. A. E. du Toit destyds spesiaal ingevoeg omdat hy bevrees was dat 'n rektor wat teenoor die Afrikaanse rigting van die Universiteit onsimpatiek staan, aangestel kon word. Die moontlikheid van 'n botsing tussen die aanbevelings van die Raad en die Senaat is klaarblyklik nie destyds ernstig oorweeg nie.

In die pers is die geskil dadelik 'n politieke kleur gegee en daar is ook kerklike oorwegings aan vasgeknoop. Op 16 Junie 1947 het 'n berig verskyn dat 'n afvaardiging namens die Ned. Herv. Kerk van Afrika met die minister 'n onderhoud gevoer het oor die beginsel dat een van die kandidate in aktiewe verband met 'n bepaalde kerk staan. Die minister het in elk geval die saak na die Raad en Senaat terugverwys omdat hy — ook volgens die presedent deur dr. D. F. Malan in 1928 gestel — dit wenslik geag het dat daar redelike eenstemmigheid tussen die aanbevelings van die Raad en die Senaat moet wees. Onderhandelings tussen die Raad en die Senaat het teen September 1947 nog niks opgelewer nie. Op 16 September het die minister geweier om die Raad se aanbeveling goed te keur. Die Raad het daarop besluit om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

regsadvies in te win oor die vetomagte van die minister en dr. Nicol voorlopig as rektor aangestel. Intussen het die Senaat op ondubbelsinnige wyse sy steun vir prof. Botha bevestig.

In oorleg met die minister het die Raad in Oktober besluit om 'n verklaring van regte by die Hooggeregshof aan te vra. Die uitspraak van die hof op 19 November 1947 het teen die Raad gegaan. Daar is teen die uitspraak appèl aangeteken maar dr. Nicol het hom in dié stadium as kandidaat vir die rektorskap onttrek en die appèl is teruggetrek.

Die Raad het besluit om die benoeming van 'n rektor te laat oorstaan tot Maart 1948 en die rektorale pligte is van die begin van 1948 toevertrou aan 'n komitee bestaande uit die volgende Raads- en Senaatslede: mnr. F. J. le Roux, proff. B. V. Lombaard, S. F. Oosthuizen, H. B. Davel en C. H. Rautenbach met die registrateur, mnr. J. C. V. Breytenbach, as sekretaris.

Prof. M. C. Botha se laaste openbare optrede as rektor was by die toekenning van die eerste mediese grade op 27 November 1947. Diegene wat sy vertrek uit Pretoria genoodsaak het, was almal Afrikaners, maar onder sy ondersteuners was enduit ook manne wat volgens die engste politieke standaard as onberispelik Afrikanergesind aanvaar is. Hy het eens gesê dat hy miskien die gelukkigste was, toe hy kaalvoet voor sy pa se osse geloop het en net die swaarkry en die hitte van die Klein-Karoo geken het sonder probleme van die gees daarby.

'n Gesamentlike komitee van die Raad en die Senaat het op 15 Maart 1948 twee name vir die rektorskap aan die Raad voorgelê: prof. C. H. Rautenbach en prof. W. F. J. Steenkamp. Die Senaat is om 'n aanbeveling gevra en het na 'n stemming op 18 Maart prof. Steenkamp aanbeveel. Die Raad het met meerderheidstem op 23 Maart 1948 prof. C. H. Rautenbach, M.A., B.D., D.Phil., by die minister aanbeveel vir 'n termyn van vyf jaar van 9 April 1948 en met die reg om daarna as professor na sy leerstoel terug te keer.

Casper Hendrik Rautenbach is enkele maande voor die einde van die Driejarige Oorlog op 6 Maart 1902 op die dorp Zeerust in die distrik Marico gebore.

Na sy skoolopleiding op Zeerust, het hy in 1919 as eerstejaarstudent na die T.U.K. gekom waar hy eers in Kollegetehuis en daarna in Sonop gaan inwoon het. In 1921 het hy die B.A.-graad met lof behaal met Wysbegeerte as een van sy hoofvakke. In Junie 1923 behaal hy die M.A.-graad in Wysbegeerte met lof en aan die einde van die jaar 1923 ook die graad B.D. Hy neem in sy studentejare aktief aan die verenigingslewe deel.

Van Augustus 1923 is hy studentlektor in die Wysbegeerte, in 1924 tydelike lektor en in 1925 lektor in Sielkunde en Wysbegeerte. In 1926 neem hy 'n semester lank waar as departe-



C. H. RAUTENBACH (geb. 1902).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mentshoof. Hy bedank aan die einde van 1926 *om in* 1927 *as predikant van die Ned. Hervormde Kerk in die gemeente Erasmus (Bronkhorstspruit) in die bediening te tree. In* 1930 *word hy medeleraar van die Ned. Herv. gemeente Pretoria (Du Toitstraat), promoveer in* 1932 *in die Wysbegeerte en word in* 1934 *lektor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria.*

In 1939 *word in die departement Wysbegeerte 'n tweede professoraat geskep. Dr. Rautenbach word daarin aangestel as departementshoof en professor in Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte met leeropdragte in die Fakulteite Opvoedkunde en Godgeleerdheid (Afdeling A). Voor* 1926 *en weer in* 1941 *het hy ook in die departement Sielkunde doseerpligte gehad.*

Na die dood van prof. I. D. Bosman word hy van 1947 *dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte tot sy benoeming as rektor. Op eenparige aanbeveling van die Senaat besluit die Raad ook eenparig in* 1952 *om hom van* 9 *April* 1953 *vir 'n verdere tydperk van tien jaar aan te stel. Sy dienstyd oortref reeds in jare ver die van alle vorige rektors. In* 1958 *is aan hom tydens 'n uitgebreide buitelandse reis in Noord-Amerika en Europa deur die Universiteit van Montreal die ere-doktorsgraad D.U. toegeken.*

DIE NUWE BEGIN: 1948 — 1960

DIE studente het prof. Rautenbach as „ons eerste Tukkie-rektor" verwelkom. Daarmee is ineens aangedui die voorsprong wat hy op die meeste van sy voorgangers gehad het omdat hy toe al die wel en wee van die inrigting wat hy moes bestuur as student en dosent nege-en-twintig jaar lank meegemaak het.

Hy kon dus sy gawes van mensekennis en oordeel aanwend met die piëteit van 'n oudstudent teenoor sy Alma Mater om in die eerste plek die gees van spanning en persoonlike konflikte te verban wat inderdaad onafgebroke die vroeë jare twintig en sekerlik van 1932 oor die Universiteit van Pretoria bly hang het. In dié sin kan waarlik van 'n nuwe begin in die geskiedenis van die Universiteit gepraat word, 'n periode toe rimpelings aan die oppervlakte van die akademiese waters die storms van vroeër vervang het en alle kragte vrygestel is om mee te werk aan die ongeëwenaarde — haas onverwagte — groei van die jare vyftig.

Die nuwe rektor se ampsaanvaarding het saamgeval met 'n regeringswisseling in Mei 1948 wat minstens die belofte ingehou het van simpatieke oorweging van die Universiteit se behoeftes. Dit was van besondere belang op 'n tydstip toe nie alleen die instelling van die Fakulteit Tandheelkunde voor die deur gestaan het nie, maar 'n bouprogram wat onafgebroke meer as 'n dekade sou duur en in 1960 nog nie afgehandel is nie. Deurgaans was die Universiteit in groot mate van bewilliging van kapitaalfondse deur die staat afhanklik.

Die jaar 1948 was ook in 'n ander opsig 'n keerpunt. Die basis waarop die universiteite sedert 1945 gesubsidieer is, het tot die einde van 1948 geduur. Nou moes 'n nuwe grondslag gevind word wat aan die toenemende behoeftes van die Universiteit op redelike wyse sou voldoen. Wat Pretoria betref, was dit die onmiddellike taak van die rektor om met waaksaamheid die basis van toekomstige, geldelike voorsiening te betrag en deur gemotiveerde vertoë te beïnvloed. Om oor die toekomspatroon van uitbreiding leiding te kry, het die Raad op 18 November 1948 'n vaste beplanningskomitee benoem waarin die rektor, die voorsitter van die Raad, die voorsitter van die Finansieskomitee van die Raad, die proff. H. B. Davel en G. Cronjé en dr. B. J. Marais aanvanklik gedien het.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die kanselier van die Universiteit, dr. H. J. van der Bijl, is op 2 Desember 1948 na 'n dienstyd van meer as veertien jaar oorlede. Vir die kanselierskap is drie kandidate behoorlik genomineer: adv. J. G. Strijdom (Minister van Lande), dr. Wm. Nicol (Administrateur van Transvaal) en adv. Charles te Water (gewese Hoë Kommissaris in Londen). Adv. Strijdom het hom van die verkiesing onttrek en adv. Charles te Water, B.A., LL.B. (Cantab), is op 29 Maart 1949 as kanselier verkies.

Charles Theodore te Water is op 4 *Februarie* 1887 *op Graaff-Reinet gebore en is 'n seun van die bekende lid van die Afrikanerbond en Kaaplandse minister van vroeër, dr. Tom te Water. Hy het sy opleiding aan die Normaalkollege in Kaapstad, George Watson's-kollege, Edinburg, en die Bedford Grammar School, Engeland, geniet, en aan Christ's College, Cambridge University* (1905 - 1909) *sy graad B.A., LL.B. behaal. Hy onderskei hom in sy studentejare as veelsydige sportman, atleet, rugbyspeler en roeier. Nadat hy in* 1909 *as advokaat tot die Inner Temple toegelaat is, het hy dieselfde jaar na Pretoria gekom waar hy aan die balie begin praktiseer het.*

In die algemene verkiesing van 1924 *verower hy die setel Pretoria-stad vir die Nasionale Party maar in die verkiesing van* 1929 *word hy verslaan. Hy word aangestel as die Unie se Hoë Kommissaris in Londen en bly dit van* 1929 *tot* 1939. *Gedurende sy ampstermyn dien hy as die Unie se afgevaardigde by die Volkerebond in Genève, word in* 1933 *as President van die Volkerebond gekies en verteenwoordig die Unie op die Mandaatkommissie en op die groot verskeidenheid van internasionale konferensies van daardie dekade.*

Na die bedanking van Generaal Hertzog aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog, keer hy na Suid-Afrika terug waar hy hom vir verskeie organisasies van filantropiese en kulturele aard beywer. Hy was o.a. stigter, voorsitter en lewenslange beskermheer van die S.A. Kunsvereniging. In 1948 *word hy benoem as Buitengewone Ambassadeur. Hy besoek namens die Unieregering die gebiede van Afrika, die Wes-Europese lande en Amerika, waar hy as Unie-afgevaardigde in Parys die derde sitting van die V.V.O. bywoon. Daarna wy hy hom weer aan nie-politieke organisasies en in die besonder aan die Nasionale Veldtrust waarvan hy lewenslange erevoorsitter is.*



CHARLES TE WATER (geb. 1887).

Die skielike toename in die studentetal wat daar in die naoorlogse jare 1945-1947 was (gemiddeld 13.35%), het in 1948 skielik gedaal na 1.99%. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan die getallevermindering in die Fakulteit Geneeskunde waar 'n konsolidasie na die eerste toeloop plaasgevind het.

In die tydperk 1948-1954 het die toename ook matig gebly, slegs gemiddeld 4.12% oor die sewe jaar, maar dit was toe die Universiteit van Pretoria die enigste in die land was wat nog groei getoon het. Die meeste ander (veral die groteres) was in 'n stadium van afnemen-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

de groei en selfs teruggang, en die verskil in groeikrag het na 1954 eers werklik geblyk. Die dae toe studente gesoek is, was lank reeds verby. Hulle het die Universiteit nou in die skoot geval en teen 'n tempo wat alle ander sentra ver agtergelaat het. In 1953 het die studente-inskrywing die eerste keer op meer as 4,000 gestaan en reeds die Universiteit van Kaapstad oortref; in 1954 het Pretoria met 'n studentetal van 4,334 die Universiteit van die Witwatersrand verbygesteek en die grootste onder die agt residensiële universiteite geword met 'n gemiddelde persentasietoename van 10.65% per jaar van 1955 - 1959 en 'n totale studente-inskrywing van 7,187 in Junie 1959.

Die aanhoudende getallestyging wat eers na 1951 opvallend geword het, het inderdaad selfs diegene wat met die beplanning belas was, onverhoeds gevang. Profesieë in 1951 het die toename op 100 per jaar gestel. In werklikheid was dit nooit weer (behalwe in 1954) onder 200 nie, na 1955 skielik oor die 500 per jaar en in 1959 oor die 900. Dit was ook nie 'n toename wat net aan nuwe studierigtings toegeskrywe moet word nie. Die buitengewone aanwas van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde was 'n belangrike faktor. Van 1951 tot 1959 het die getal studente in hierdie fakulteit ongeveer verdubbel en in 1959 het Wis- en Natuurkunde (as studente van ander fakulteite wat hier hul eerstejaarsopleiding geniet, bygereken word) in studentetal die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, wat van oudsher die grootste fakulteit was, geëwenaar. Die twee grootste fakulteite het tans elk oor die 2,000 studente.

Vanselfsprekend is die tydperk van 1948 tot vandag in die eerste plek gekenmerk deur onophoudelike inspanning om voor te bly met die voorsiening van fisiese geriewe vir 'n inrigting waarvan die behoeftes na verhouding dié van alle ander soortgelykes oortref het en dus met reg op besondere konsiderasie van die kant van die staat bly aanspraak maak het sowel wat sy lopende verpligtings as kapitaalbehoeftes aangaan.

Wat die staatstoelaag betref, was daar aanvanklik 'n lastige onsekerheid. Daar was nog geen subsidieformule in 1948 vir toekomstige toewysings nie en 'n toeslag van 15% is as oorgangsmaatreël by die subsidie op die bestaande basis gevoeg. Van die begin van 1949 het die Universiteit deelgeneem aan die gesamentlike optrede van universiteitshoofde wat daarop gemik was om 'n verhoogde hulptoelae van die Regering te verkry. Die daling in die koopkrag van geld het (veral in Pretoria) navorsing en gevorderde studie sowel as die lewenspeil van dosente ernstig begin tref.

Die regering het nogtans besluit om vir die jare 1949, 1950 en 1951 'n vaste, globale som van £1,100,000 vir die universiteite as subsidie toe te ken en daarop aangedring dat die universiteite hulle op konsolidasie moet toelê. Die Universiteit wat bowendien 'n heel onregverdige toewysing uit die aanvullende subsidie vir 1948 gekry het, moes dus ten spyte van die groei van sy behoeftes 'n strenge besuinigingsbeleid ten opsigte van salarispeil, uitbreiding en gemotiveerde, permanente aanvrae toepas, en dit tot die einde van 1951 laat by vertoë tot die Minister van Onderwys om doeltreffender voorsiening vir die toekoms. Dit was in hierdie onvaste dae dat die Universiteit sy tiende fakulteit, Tandheelkunde, wat in 1950 tot stand gekom het, moes finansieer.


Die Raad het in 1950 besluit „dat op grond van die groeiende studentetal dit aan die administrasie opgedra word om by die Unie-onderwysdepartement daarop aan te dring dat die volume van werk soos dit samehang met die studentetal van 'n universiteit, die belangrikste grondslag sal wees vir die uitdeling van Staatsubsidie aan die universiteite." Op hierdie voet is die Universiteit se saak deur die rektor gestel: nie uitgawes nie, maar studentetal moes as direkte weerspieëling van die bedrywighede van 'n universiteit as basis dien, en met inagneming van die kernfeit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat koste per student nie verminder met die groei van studentegetalle nie. Daar was voorlopig nie tekens dat hierdie standpunt in owerheidskringe ingang vind nie; Pretoria was trouens die enigste wat by so 'n subsidiebasis sou baat.

Van die begin van 1951 was die akademiese visie gevestig op 'n beloofde Kommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies en intussen het die Universiteit van jaar tot jaar (volgens 'n memorandum van die rektor) meer op intuïsie as op rekenkunde gesteun om sy begroting op te stel; daar moes meer geraai as geskat of bereken word, met die stelreël: hoop vir die beste en maak klaar vir die slegste. Die hoop was dan ook jaarliks 'n aansienlike item in die begrotings: 'n begroting het 'n avontuur geword! Die Universiteit het in Maart 1951 met 'n mate van verbittering sy agterstand by die uitdeel van subsidie onder die minister se aandag gebring. Met vers en kapittel is getoon dat die Universiteit van Pretoria geldelik die aspoester van die universiteite is en werklik gepenaliseer word, omdat sy opleidingskoste per student £98 was teenoor dié van ander wat tot £155 per jaar bedra het, omdat hy sy rentelas doelbewus laag hou, bedrae opsy gesit om kapitaalbates aan te skaf en sy salarisskale laer hou as die meeste ander.

Die verset teen uitgawes van 'n universiteit as basis vir subsidie is met krag voortgesit. „Behalwe 'n sekere mate van beheer oor salarisuitgawes, was universiteitsinrigtings in die verlede grootliks toegelaat om hulle geld volgens hul eie sienswyses vir die nuttigste doel aan te wend," aldus die rektor in 'n skrywe aan die Departement van Onderwys. „Hierdie beleid het die Universiteit van Pretoria tot groot heil gestrek en het as direkte aansporing gedien vir 'n besparingsbeleid wat die besondere lae eenheidskostesyfer as gevolg gehad het. Indien uitgawes nou sonder meer as basis aanvaar word, sal hierdie Universiteit homself in die haglike posisie bevind (en dit wil voorkom asof dit reeds die geval is) dat sy ekonomiese beplanning van die verlede



Die Uitvoerende Komitee van die Senaat, 1950.
Agter (*l.n.r.*): *proff.* B. F. NEL, L. IGN. COERTZE, E. F. W. GEY VAN PITTIUS, L. J. TE GROEN, P. J. J. FOURIE *en mnr.* C. H. CILLIERS (*sekretaris*).
Voor (*l.n.r.*): *proff.* E. P. GROENEWALD, G. CRONJÉ, *mnr.* J. C. V. BREYTENBACH (*registrateur*), *prof.* C. H. RAUTENBACH (*rektor*), *proff.* W. SCHILZ, J. J. THERON *en* S. P. ENGELBRECHT.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir hom tot die grootste nadeel strek. Daarenteen sal 'n inrigting met hoë onkostesyfers in die verlede bevoordeel word . . . "

Die landswye vertoë wat al van 1949 die „universiteitskrisis" onder die aandag van die owerheid gehou het, het in Maart 1951 die Hollowaykommissie tot gevolg gehad wat onder andere opdrag gekry het om „onlangse besondere omstandighede by 'n universiteit" te ondersoek. Dit was 'n hoopvolle aanduiding vir die Universiteit. Intusssen het die Universiteit se toelaag ten spyte van die onbillike verdeling in 1951 op £152,000 gestaan wat in 1952 na £210,000 opgeskuif is. Na die kommissie se verslag is die toelaag in 1953 na £367,134 verhoog en kon 'n algemene verbetering en konsolidasie van salarisse plaasvind.

Die Holloway-aanbevelings het wel in personeelkringe teleurstelling veroorsaak, maar vir die Universiteit oor die algemeen rede tot voldoening bevat. Veel is verkry waarvoor van 1948 af gestry is. Daar was 'n formule waarin studentetal as basis gedien het om werkvolume te bepaal, en koste sou volgens studierigtings bereken word. Daar sou bowenal nie meer straf vir die spaarsame wees soos die Universiteit in die verlede ondervind het nie. Die grootste beswaar teen die Holloway-bedeling was egter dat in verskeie opsigte nog teen die grotere universiteite gediskrimineer is en Pretoria van 1954 af dié las in nog groter mate as die ander universiteite sou dra.

Hoewel die Universiteit altyd traag gebly het om klasgelde te verhoog, moes dit in 1954 gebeur as regstreekse gevolg van die nuwe formule wat universiteite met meer as 3000 studente nadelig geraak het.

Teen 1959 het die staatstoelaag van die Universiteit egter na £682,818 gestyg (ongeveer agttien keer die depressietoelaag van 1932).

Met die hersiening van die regeringstoelaes in 1958-1959 is die Universiteit (ten spyte van die voortbestaan van 'n berekeningsformule wat die grotere universiteite nadelig tref) aansienlik bevoordeel en in sekere mate beloon vir sy gesonde beleid van die verlede, beplande personeeluitbreiding en versigtigheid met kapitaalskulde. Naas die groei van die staatstoelaag en ten nouste verbonde daarmee lê die verhaal van die groei van kapitaalbates (vir die grootste deel geboue) wat in die dekade 1948-1958 meer as verdriedubbel het. Van £812,941 in 1948 het die waarde van grond en geboue na £1,094,218 gestyg in 1953. Toe het die bouprogram eers in alle erns begin en die waarde teen die einde van 1958 meer as verdubbel na £2,519,672. By hierdie syfer is nie ingereken nie die waarde van die derde verdieping vir die Chemiegebou, die Nuwe Buitemuurse Gebou, toevoegings tot die Ingenieursgebou, die nuwe lesingsale vir Lettere en Wysbegeerte, die Argitektuurgebou en die eerste manskoshuis op die Proefplaas wat almal in 1959-1960 voltooi is.

Die bouprogram was van die jare veertig byna uitsluitlik beperk tot huisvesting van die Fakulteit Geneeskunde en pre-mediese opleiding. Daar was dus in 1948 'n agterstand ten opsigte van huisvesting, veral by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die „dop" van die Universiteit het ineens vir sy studentegetal te klein geword en na twaalf jaar is teen 1960 net daarin geslaag om by te bly met aanbou en uitbreiding. Geboue vir die onderwys het voorrang gekry; eers na 1957 het koshuise aan die beurt gekom. In 1948 is die gebou vir Liggaamlike Opvoeding voltooi. In 1949, toe die Nuwe Letteregebou en die kompleks vir Plantfisiologie in aanbou was, is 'n Boukomitee gevorm waarvan die rektor ampshalwe voorsitter was en waarin die Tegniese Adviseur van die Universiteit 'n rol van toenemende belang sou speel. Die program wat hierdie komitee sonder ekstra personeel tot die middel van 1951 behartig het, het naastenby £220,000 beloop en die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde asook 'n Huishoudkundevleuel by die Ou Wis- en Natuurkundegebou ingesluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit het teen 1951 geblyk dat kapitaalbehoeftes om te voorsien in uitbreiding wat reeds plaasgevind het op minstens £1,000,000 staan. So is dit ook aan die Holloway-kommissie gestel. Die nood aan huisvesting het van jaar tot jaar hoër gerys terwyl boukoste aan die een kant gestyg het en die staat aan die ander kant met besonder spaarsame hand kapitaalfondse by wyse van lening of toekenning beskikbaar gestel het.

Tereg het die Universiteit besef dat kapitaalbou 'n terrein is waaraan toegespitste aandag gewy moes word. Die insameling van skenkingsfondse, in watter vorm ook al, moes planmatig ter hand geneem word. In 1949 is deur die Raad 'n basis oorweeg vir algemene insameling deur een kanaal. Die pos propagandasekeretaris het aan die einde van 1948 verval en is vervang deur dié van senior klerk van die administrasie wat van 1949 af deur mnr. C. H. Cilliers (oudstudent) beklee is. Van die begin van 1952 is die senior administratiewe pos skakelbeampte van die Universiteit geskep waarin mnr. Cilliers bevorder is.

Dit sou een van die vernaamste pligte van die skakelbeampte wees om aktief die fondsinsameling te bevorder, aanraking te soek met skenkers en veral die oud-studente in belang van die kapitale projekte van die Universiteit in te skakel. So het die veldtogte van 1936-1937 en die kollektes van 1942-1947 vir die Afrikaanse Mediese Fakulteit nou met breë opset herleef. Die skakelbeampte was al van die einde van 1951 met die insamelingsaksie besig en die vrugte was belowend. Daar was milde gewers wat òf kontant, òf deur toeseggings oor 'n lang termyn, bemakings of skenkings van bates — selfs plase — hul bydrae gelewer het. Die herstigte Oudstudentebond het ook sy rol begin speel en die sake- en industriewêreld is stelselmatig bearbei. Doelwitte was daar genoeg: studentehuisvesting, die lang verwagte studentesaal, administratiewe geboue, 'n mediese biblioteek en, les bes, 'n swembad waaroor geslagte studente al gedroom het — die lys het steeds langer gerek.

Die Universiteit se eerste groot kermis sedert 1937 het in 1952 sowat £7,000 opgelewer. Tot die einde van 1953 is deur en buite die skakelbeampte om £46,451 ingesamel, meer as £29,000 aan toeseggings verkry en plase ter waarde van £13,000.

In Julie 1954 is vir die eerste keer as inligtingsorgaan vir oudstudente en die publiek *Skakelblad* gepubliseer, 'n keurige uitgawe waarin 'n lewende beeld van die Universiteit, sy aktiwiteite, behoeftes en die vordering van sy skenkingsfondse gebied word. Van 'n oplaag van 7,000 het die blad reeds dieselfde jaar die 10,000-tal bereik en teen 1960 'n oplaag van 12,000 wat alle uithoeke van die land bereik. Omdat ruim 20% van die Universiteit se studente die afgelope dekade van buite Transvaal kom, is by die oproepe om skenkings ook die ander drie provinsies en Suidwes-Afrika betrek, en in besonder Noord-Vrystaat.

Na 1955 neem die omvang van skenkings toe. Meer individuele persone onderneem om minstens £1,000 elk by te dra. Twee persone skenk elk £2,000. Daar ontstaan fondse vir bepaalde doeleindes, bv. die Bethalfonds vir die huisvesting van Volkekunde, Bantoereg, Toegepaste Volkekunde en Naturelletale; 'n Huishoudkunde-fonds wat hom spesifiek op die Vrystaat beroep, Skakelbladfonds opgebou uit kleiner skenkings van ouers van studente, die Mediese- en Tandheelkunde-uitbreidingsfondse, en dergelike afsonderlike fondse vir uitbreiding en sportvelde, administratiewe geboue en ingenieursdepartemente, oprigting van koshuise en stigting van 'n Musiekdepartement. Bemakings, grondskenkings, munisipale bydraes en selfs Afrikanerstamboekbulle laat die kapitaalfondse groei en bring 'n gelyke bedrag aan staatsubsidie mee.

Gesteun deur hierdie kragtige bydrae vir kapitaaluitgawes wat die lopende rekening onthef van 'n deel van die rente- en aflossingslas en nog subsidie ook verdien, kon die Universiteit ten spyte van die baie wisselvallige beskikbaarstelling van lenings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Universiteitsraad, 1955.

Voor (l.n.r.): *Dr.* WM. NICOL, C. L. DE BRUYN, *prof.* H. O. MÖNNIG (*voorsitter*), *prof.* C. H. RAUTENBACH (*rektor en vise-kanselier*) EN K. SCHOEMAN.

Middel (l.n.r.): *Dr.* F. E. GELDENHUYS, *prof.* J. H. J. A. GREYVENSTEIN, K. VAN ROOYEN, *dr.* S. M. NAUDÉ, *prof.* B. DE LOOR EN *prof.* F. R. TOMLINSON.

Agter (l.n.r.): J. M. RABIE, *dr.* E. S. MULDER, H. A. J. DE BRUYN, R. DYASON, *dr.* J. C. OTTO, MARTIN SMUTS (*registrateur en finansiële adviseur*), J. P. NEL (*rekenmeester*) EN C. H. STUART (*assistent-registrateur*).

Afwesig: *Dr.* F. MEYER, *dr.* F. E. O'B. GELDENHUYS, *dr.* F. J. DE VILLIERS, F. J. LE ROUX EN *prof.* S. F. OOSTHUIZEN.

en toekennings deur die staat, sy fenomenale bouprogram met weinig vertraging voortsit. Waar die staat self nie in die nodige kapitaalbehoefte kon voorsien nie, is die afgelope tyd aan die Universiteit toestemming gegee om uit privaatbronne lenings te verkry en van 1956 is die regeringsubsidie op skenkings ook verhoog.

Die geboue vir Plantfisiologie word voltooi (1955), die Mediese koshuis (1952), die uitgebreide sportterreine en stadion op die Proefplaas (1954-1960). In 1954 word die Administrasiegebou aansienlik vergroot. Daarna word die Chemiegebou uitgebrei (1955 en 1959), 'n Nuwe Wis- en Natuurkundegebou opgerig (1955) met bybehorende lesingsale, die A. E. du Toit-auditorium en Kleinsaal (1957), 'n Mediese Biblioteek (1956), die Ingenieursgebou met toevoegings (1957-1960), die dameskoshuis Asterhof (1957), die uitbreiding van die Merenskybiblioteek (1957), 'n gebou vir Huishoudkunde en Aardrykskunde (1957), die Aula met Rautenbachsaal en studentesentrum (1958), die nuwe lesingsale vir Lettere en Wysbegeerte (1959), die eerste van vier manskoshuise op die Proefplaasterrein (1959), die nuwe Buitemuurse Gebou (1960), die Argitektuurgebou (1960), 'n tweede manstehuis op die Proefplaas in 1960 en ook 'n verdere damestehuis. Voorwaar 'n ontsagwekkende program wat in die lustrum 1955—1960 sy hoogtepunt bereik met die afhandeling van boukontrakte van 'n gesamentlike waarde van £1,542,000. Die totale omvang van boukontrakte in die tydperk 1948 — 1960 aangegaan en uitgevoer, beloop ongeveer £1,893,000.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die ingebruikneming van die Gehoorsaal en Studentesentrum in September 1958 was ongetwyfeld die hoogtepunt van die Universiteit se groot uitbreidingsfase. Dit het plaasgevind in afwesigheid van die rektor, prof. C. H. Rautenbach, wat in die buiteland was. Dit is gepas om hier die woorde aan te haal van die voorsitter van die Raad van die Universiteit, dr. F. Meyer, by dié geleentheid:

„In die lewe van 'n mens, 'n volk of 'n instelling soos ons Universiteit kom daar periodes van besondere bloei en vooruitgang.

So 'n periode het ons Universiteit in die afgelope tien jaar belewe. Maar veral ten opsigte van nuwe beplanning en aanbou was daar ongekende vooruitgang.

Elke nuwe bedrywigheid en onderneming vereis 'n stukrag, en vir die Universiteit van Pretoria was daardie beplanner die rektor.

Alreeds van sy benoeming tot rektor het hy die probleme van nuwe beplanning grondig aangevoel, en hy het vroegtydig die nodige stappe gedoen sodat die ontwikkeling van die Universiteit nie vertraag sal word nie . . . Prof. Rautenbach sal bekend staan as die bouer van die moderne Universiteit en dit is paslik dat die nuwe studenteontspanningsaal bekend sal staan as die Rautenbachsaal."

In elke fakulteit het, soos hierna uiteengesit, in die jongste dekade uitbreiding van studierigtings voorgekom. Die getal fakulteite het self met twee vermeerder. In 1950 het die eerste Afrikaanse Tandheelkundefakulteit met ruim staatsteun tot stand gekom; in 1956 het ook die Fakulteit Ingenieurswese sy beslag gekry, danksy volharde beplanning aan die kant van die Universiteit, milde skenkings van die publiek, openbare liggame en nywerheidsondernemings en die welwillendheid van die Regering. Met sy elf fakulteite en 114 departemente (waarby Musiek na dertig jaar weer in 1961 gevoeg sal word) het die Universiteit van Pretoria aan die einde van die eerste halfeeu van sy bestaan in die omvang van sy studierigtings 'n graad van volledigheid bereik wat aan die hoogste eise voldoen van die gemeenskap wat hy moet dien.

KANSELIERS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Roos, Regter T. J. de V., K.C., B.A., LL.B.	Oktober 1930 tot Desember 1932.
Louw, Ds. A. J.	Maart 1933 tot September 1934.
van der Bijl, Dr. H. J., M.A., Ph.D., M.A.I.E., M.I.R.E.	November 1934. Oorlede 2.12.1948.
Te Water, Adv. C., B.A., LL.B., (Cantab.) Hon. LL.D. (Rand)	Maart 1949

ONDERKANSELIERS (1930 — 1960)

Du Toit, A. E., M.A. (Kaap)	17.10.30 — 30. 6.34.
Boshoff, S. P. E., M.A., D.Litt.	1. 7.34 — 9.10.34.
Viljoen, H. G., Litt. Class. Dr. (Groningen)	23.11.34 — 9.10.36.
Schmidt, C. F., B.A. (Kaap)	10.10.36 — 9.10.38.
Botha, M. C., M.A. (Kaap), Hon. D.Litt. (S.A.), Hon. LL.D. (Kaap)	1. 1.41 — 31.12.47.
Meyer, F., B.A. (Kaap), M.Sc. (Stell.), Dr. Ing. (Charlottenburg)	1. 1.48 — 5. 8.48.
Rautenbach, C. H., M.A., B.D. (S.A.), D.Phil. (Pret.), Hon. D.U. (Montreal)	5. 8.48

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REKTORS VAN DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE EN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PATERSON, A. C., M.A. (Edin. en Oxon.)	1.10.1918 — 29. 2.1924.
HOOGENHOUT, N. M., M.A. (Kaap), Ph.D. (Straatsburg)	1. 5.1926 — 30. 4.1927.
DU TOIT, A. E., M.A. (Kaap)	1. 5.1927 — 31.12.1928.
	Heraangestel
	1. 7.1929 — 30. 6.1934.
SCHMIDT, C. F., B.A. (Kaap)	21. 8.1935 — 31.12.1940.
BOTHA, M. C., M.A. (Kaap), Hon. D.Litt. (S.A.), Hon. LL.D. (Kaap)	1. 1.1941 — 31.12.1947.
RAUTENBACH, C. H., M.A., B.D. (S.A.), D.Phil. (Pret.), Hon. D.U. (Montreal)	9. 4.1948

VOORSITTERS VAN DIE RAAD VAN DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE EN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

LANCE, W. F., L.W.V.	1908
WESSELS, J. W.,	1909 — 1919.
MALHERBE, H. L.,	1919 — Julie 1921.
ADAMSON, J. E., M.A., D.Litt., C.M.G.	Julie 1922 — Julie 1924.
VEALE, H. P., B.A., M.B., Ch.B., Hon. LL.D. (Pret.)	Julie 1924 — 20.11.1929.
HOOGENHOUT, N. M., M.A., Ph.D.	21.11.1929 — 17. 3.1932.
MARITZ, G. J., B.A., (Kaap en Oxford)	18. 3.1932 — 12.12.1932.
SMIT, J. S., D.T.D.	12.12.1932 — 17.11.1933.
BRUGMAN, A. P., C.A. (S.A.)	17.11.1933 — 31.12.1935.
MOERDYK, G., A.R.I.B.A., B.A.	18.10.1935 — 25. 6.1942.
MEYER, F., B.A. (Kaap), M.Sc. (Stell.), Dr. Ing. (Charlottenburg)	27. 8.1942 — 29. 8.1946.
NICOL, W., B.A., B.D. (Stell.), Hon. D.Phil. (Stell.)	30. 8.1946 — 9.10.1947.
MEYER, F., B.A. (Kaap), M.Sc. (Stell.), Dr. Ing. (Charlottenburg)	10.10.1947 — 30.11.1948.
MÖNNIG, H. O., B.A. (Kaap), Dr. Phil. (Zürich), B.V.Sc. (S.A.), Hon. D.Sc. (Pret.)	1.12.1948 — 19. 9.1957.
MEYER, F., B.A. (Kaap), M.Sc. (Stell.), Dr. Ing. (Charlottenburg), Hon. D.Sc. (Pret.), Hon. D.Sc. Ing. (Rand)	20. 9.1957

VOORSITTERS VAN DIE SENAAT (1908 — 1960)

REININK, H. TH., Litt. D. (Amsterdam)	1908 — 1911.
MALHERBE, D. F. DU T., M.A. (Kaap), Ph.D. (Halle)	1912.
PURVES, J., M.A. (Edin.)	1913.
GUNDRY, P. G., B.Sc. (Londen), Ph.D. (Göttingen), A.R.C.S.	1914.
FOUCHÉ, L., B.A. (Kaap), Ph. et Litt.D. (Gent)	1915.
LE ROUX, T. H., B.A. (Kaap), D.Litt. (Leiden)	13. 3.1916 — 16.10.1916.
MACFADYEN, W. A., M.A. (Oxon.), LL.D. (Kaap)	16.10.1916 — 13.10.1917.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

MALHERBE, D. F. DU T., M.A., Ph.D. (Halle)	13.10.1917 — 8. 8.1918.
PATERSON, A. C., M.A. (Edin. en Oxon.)	8. 8.1918 — 17.10.1923.
DU TOIT, A. E., M.A. (Kaap)	17.10.1923 — 6. 5.1925.
HOOGENHOUT, N. M., M.A. (Kaap), Ph.D. (Straatsburg)	6. 5.1925 — 6. 4.1927.
DU TOIT, A. E., M.A. (Kaap)	6. 4.1927 — 3. 5.1933.
VILJOEN, H. G., Litt. Class. Dr. (Groningen)	3. 5.1933 — 4.10.1933.
DU TOIT, A. E., M.A. (Kaap)	4.10.1933 — 20. 6.1934.
VILJOEN, H. G., Litt. Class. Dr. (Groningen)	20. 6.1934 — 31. 7.1935.
SCHMIDT, C. F., B.A. (Kaap)	4. 9.1935 — 31.12.1940.
BOTHA, M. C., M.A. (Kaap), Hon. D.Litt. (S.A.), Hon. LL.D. (Kaap)	1. 1.1941 — 31.12.1947.
RAUTENBACH, C. H., M.A., B.D. (S.A.), D.Phil. (Pret.), Hon. D.U. (Montreal)	1. 1.1948

PRESIDENTE VAN KONVOKASIE (1930 — 1960)

ROBERTS, A. A., B.A. (Kaap), B.A., LL.B., (Cantab.)	31.12.1930 — 10.12.1932.
REININK, H. Litt.D. (Amst.)	8. 4.1933 — 8.12.1934.
GREYVENSTEIN, J. H. J. A., B.A. (Kaap), D.D. (Utrecht)	11.12.1937 — 13. 4.1946.
BOSMAN, I. D., M.A. (S.A.), Litt.D. (Amst.)	7. 9.1946 — (Oorlede 16. 3.1947).
LE ROUX, F. J., M.A. (S.A.)	30. 8.1947 — (Oorlede Mei 1959).
MULLER, H., B.Litt. (Oxon.), M.A., D.Litt. (Pret.), LL.B. (S.A.)	12. 9.1959

GRADE (HONORIS CAUSA) DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA TOEGEKEN (1930 — 1960)

EREDOKTORE, MET VERMELDING VAN DIE JAAR VAN TOEKENNING EN DIE AARD VAN DIE GRAAD:

1930	SMUTS, JAN CHRISTIAAN	D.Litt.
	VEALE, HERBERT PRIOR	LL.D.
1934	KESTELL, JOHN DANIEL	D.Litt.
	DU TOIT, JACOB DANIEL	D.Litt.
	FOURIE, HERMANUS CORNELIUS MARTINUS	D.Litt.
	LEYDS, WILLEM JOHANNES	D.Litt.
	KEET, BAREND BARTHOLOMEUS	D.Litt.
1935	ENGELENBURG, FRANS VREDENRIJK	D.Litt.
	ROBERTS, AUSTIN	D.Sc.
1936	DE WAAL, JAN HENDRIK HOFMEYR	D.Litt.
	HESSELING, DIRK CHRISTIAAN	D.Litt.
	VAN WOUW, ANTON	D.Phil.
	PIJPER, ADRIANUS	D.Sc.
1939	MERENSKY, HANS	D.Sc.
1941	SCHMIDT, CARL FRIEDRICH	D.Phil. Publ. Admin.
1943	DU TOIT, ALEXANDER LOGIE	D.Sc.
1946	POSTMUS, JOHANNES	D.Com.
1947	BOSMAN, ANDREW MURRAY	D.Sc. (Agric.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1948	GREYVENSTEIN, JAN HENDRIK JACOBUS ANTONIE	D.D.
	PELLISSIER, GEORGE MURRAY	D.D.
	BREMER, KARL	M.D.
	PRETORIUS, JOHANNES CHRISTIAAN	M.D.
	STRACHAN, ARCHIBALD SUTHERLAND	M.D.
1949	ALBERTYN, JOHANNES RUDOLF	D.Phil.
1952	STRIJDOM, JOHANNES GERHARDUS	D.Phil. Publ. Admin.
	GRAVEMEYER, KOENO HENRICUS ESKELHOFF	D.D.
1953	MALHERBE, MABEL CATHERINE	D.Litt.
	VAN BRUGGEN, JOCHEM	D.Litt.
	VAN BROEKHUIZEN, HERMAN DIRK	D.Phil.
	MÖNNIG, HERMAN OTTO	D.Sc.
1954	ANNECKE, DAVID HUGO SIEGFRIED	M.D.
	MEYER, FREDRIK	D.Sc.
1956	MALAN, DANIEL FRANÇOIS	D.Phil.
	MALHERBE, WILLIAM MORTIMER ROBERTSON	LL.D.
	TE GROEN, LUTHERUS JOHANNES	M.D.
1957	PIERNEEF, JACOB HENDRIK	D.Phil.
1958	CAMPHOR, ROELOF FREDERIK	D.Sc. (Agric.)
	ARNDT, ERNST HEINRICH DANIEL	D.Com.
	WILLIAM RICHARD BURGGRAAF NUFFIELD VAN NUFFIELD, G.B.E., C.H.	M.D.
1959	DOWLING, GEOFFREY BARROW	M.D.
1960	HOLLOWAY, JOHN EDWARD	D.Com.
	NEL, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET	D.Phil.
	RUPERT, ANTHONY EDWARD	D.Sc.
	PITTMAN, WILLIAM	LL.D.
	MALHERBE, DANIEL FRANÇOIS DU TOIT	D.Sc.

EREMAGISTERGRADE:

1947	BOT, ARIE KLAAS	M.Ed.
1952	VORSTER, PIETER JOHANNES CHRISTIAAN	M.Sc. (Agric.)
1958	MCINTOSH, WILLIAM GORDON	M.Arch.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK V

DIE FAKULTEITE

LETTERE EN WYSBEGEERTE

GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT

VAN die vier eerste professore wat in 1908 aangestel is, is drie verantwoordelik gestel vir vakke wat later by die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte sou tuishoort. Van fakulteite en fakulteitsrade was daar nog geen sprake nie. Daar is slegs onderskei tussen vakke en kursusse van die rigtings „Arts" en „Science".

Hoewel daar geen syfers bestaan oor die aanvanklike indeling van die studente in die verskillende kursusse nie, kan aangeneem word dat die swaartepunt onteenseglik aan die kant van die humanistiese vakke gelê het. Die eerste graad wat aan die T.U.K. behaal is, was die graad „Bachelor of Arts in Literature and Philosophy" wat in 1908 deur mej. C. G. Phillips verwerf is.

Die groepering van die oudste departemente in twee aparte fakulteite wat „Arts" en „Science" onderskeidelik verteenwoordig, het waarskynlik geskied onder invloed van die stigting van die Landboufakulteit wat in 1917 'n aparte entiteit word, en ook onder invloed van die organisasie van die federale Universiteit van Suid-Afrika waarby die T.U.K. na 1918 ingeskakel is. Die eerste dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte was prof. H. Th. Reinink, wat op 14 Mei 1919 deur die Senaat verkies is. Die Fakulteit se eerste notule dra die datum 27 Mei 1919.


In die notule van die Fakulteit met sy dekaansverslae, komiteerapporte en gewone besluite word meermale algemene beleidskwessies van die T.U.K., onder andere die strewe na selfstandigwording en die voertaalbeleid, weerspieël. Veral laasgenoemde het binne die Fakulteit heftige stryd tussen verskillende rigtings laat ontstaan, soos elders reeds vermeld staan.

Met die universiteitswording in 1930 het die vier professore en een lektor van 1908 aangegroei tot 14 professore, 8 senior lektore en 3 lektore. Van die 1,074 studente wat in 1930 ingeskryf het, het 511 (of 48%) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gestudeer.

Die Fakulteit het in die jare na die Universiteitswording in 1930, soos in al die ander fakulteite, weens die depressie, in die getal studente 'n skerp daling ondervind wat eers van 1935 'n wending begin toon. Teen 1939 was daar vir die eerste keer meer as 500 studente in die Fakulteit; in 1949 word die duisendtal bereik en in 1958 word hierdie getal verdubbel.

Wat die getalsverhouding teenoor die totale studentebevolking betref, was die persentasie in die dekade 1931 — 1940 wat in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte studeer het 39.37%; in die jare 1941 — 1950 was dit na die stigting van twee nuwe fakulteite, Geneeskunde en Tandheelkunde, 30.4% en in die jare 1951 tot 1958, ten spyte van die groot toeloop na die natuurwetenskappe en handel wat met die ongekende nywerheidsontwikkeling in die land gepaard gegaan het, nog 31.8%.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Persentasiegroei van die aantal studente in alle fakulteite uitgedruk t.o.v. die totale studentetal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel die persentasie soms tot 27% gedaal het, het sedert 1931 dus nie veel minder as eenderde van alle studente aan die Universiteit in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gestudeer nie. In die na-oorlogse jare het ongeveer die helfte van die buitemuurse studente in hierdie Fakulteit studeer. Dié verhouding word nog gehandhaaf en die toename van studente in die Fakulteit na 1950 toon 'n groter persentasiestyging buitemuurs as binnemuurs.

Die Fakulteit het in 1960 twee nuwe departemente bygekry — Kriminologie, en Spraakwetenskap en Spraakheelkunde — en het tans van alle fakulteite die grootste aantal departemente, naamlik 30, waarvan 9 ook onder ander fakulteite ressorteer.

Benewens diplomakursusse in die Sosiale Wetenskappe, Biblioteekkunde en Beeldende Kunste word in die Fakulteit opgelei vir die graad B.A. — wat tot 1916 ook die enigste baccalaureusgraad was waarvoor daar aan die T.U.K. opgelei is. Met verloop van tyd het egter naas die B.A.-kursus tien besondere baccalaureusgraadkursusse in die Lettere en Wysbegeerte ontstaan in die volgende studierigtings: Sosiale Wetenskappe (1930), Bantoekunde (1938), Regte (1938), Staatswetenskappe (1939), Biblioteekkunde (1948), Liggaamlike Opvoeding (1954), Beeldende Kunste (1955), Verpleegkunde (1955), Musiek (1959, aangebied 1961) en Logopedie (1960).

Die graadkursus in Beeldende Kunste is die vrug op pogings wat al van 1930 dagteken, toe die onderrig in Kunsgeskiedenis begin het. Deur omstandighede is die instelling van kunsopleiding lank vertraag. In 1954 is die departement Kunsgeskiedenis vir die eerste keer as onafhanklike departement ingestel waaronder die kursusse in die Beeldende Kunste administratief sou ressorteer. Die eerste studente het aan die begin van 1956 ingeskrywe en die eerste graad is in Maart 1959 toegeken.

Die instelling van 'n graadkursus in Verpleegkunde in 1955 was inderdaad baanbrekerswerk in Suid-Afrika. Dit is op versoek van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en na onderhandeling met die Afdeling Hospitaaldienste van die Administrasie en in oorleg met die S.A. Verpleegstersraad ingevoer. Daarmee is aan 'n langbestaande behoefte in die verplegingsprofessie aan basiese graadkursusse in Verpleging op universitêre peil voldoen. Die eerste studentegroep wat in 1956 ingeskryf het, sal in 1960 die kursus voltooi.

Twee B.A.-graadkursusse wat in die Fakulteit aangebied is, het verval. In 1950 is die graad B.A. (Dipl.) ingestel as akademiese voorbereiding vir die diplomatieke diens. Dit is egter in 1955 na onderhandeling met die Departement van Buitelandse Sake afgeskaf.

Van April 1950 tot die einde van 1957 is in hierdie Fakulteit ook opgelei vir die graad B.A. (Mil.) in die Militêre Wetenskap. Daar is al van die vroeë jare dertig en tot aan die uitbreek van die oorlog onderhandelings gevoer om aan kwekelingoffisiere akademiese opleiding aan te bied wat die militêre wetenskap sou raak of militêre opleiding sou aanvul.

In 1950 word 'n skema vir die verbinding van die studie vir 'n graad met die opleiding wat offisierkadette by die Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte, ontvang, deur die Universiteit voorgelê en aanvaar. Na deeglike oorweging is in 1950 die grade B.A. (Mil.) en B.Sc. (Mil.) gelyktydig ingestel, met Pretoria voorlopig as opleidingsentrum. Alleen kwekelinge van die S.A. Militêre Kollege (na 1952 ook van die S.A. Lugmaggimnasium) is toegelaat.

Die eerste ses grade is in April 1953 toegeken, die eerstes in Suid-Afrika. In 1954 is die Universiteit egter amptelik meegedeel dat die akademiese opleiding van offisiere ter wille van die koördinasie van die opleiding van die land-, see- en lugmag en die noodsaaklikheid om die seemag by die kus op te lei, na Stellenbosch en Sal-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

danhabaai verplaas sou word. Dus het die militêre opleiding aan U.P. aan die end van 1957 ten einde geloop toe die laaste kwekelingoffisiere hul kursusse voltooi het.

Die instelling van B.A. (Honores)-grade het aan die Universiteit van Pretoria later gekom as aan ander Suid-Afrikaanse universiteite. Op 19 Junie 1958 word besluit om Honores-grade in die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Handel en Publieke Administrasie en sekere departemente van Wis- en Natuurkunde gelyktydig in te stel. As voortsetting van die B.A.- en besondere B.A.-graadkursusse is van die begin van 1959 (behalwe vir die gewone B.A.) vir B.A. (Honores)-grade in sekere van die spesiale studierigtings ingeskryf, terwyl terselfdertyd die magistergraad in die Lettere en Wysbegeerte in ses daarvan gehandhaaf is.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

H. Reinink, *Lit. D.* (*Amsterdam*), 1919 tot September 1926.
A. E. du Toit, *M.A.* (*Kaap*), Oktober 1926 tot benoeming as rektor vanaf Mei 1927.
J. P. R. Wallis, *M.A.* (*Liverpool*), vanaf Mei 1927 tot 9 Oktober 1929; Oktober 1930 tot einde Augustus 1932 toe hy as dekaan bedank het.
H. G. Viljoen, *Litt. Class. Dr.* (*Groningen*), September 1932 tot Oktober 1933; Oktober 1933 tot Oktober 1936; Oktober 1936 tot Oktober 1939; Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot Oktober 1945.
I. D. Bosman, *M.A.* (*S.A.*), *Litt. D.* (*Amsterdam*), Oktober 1945 tot 16 Maart 1947 toe hy oorlede is.
C. H. Rautenbach, *M.A.*, *B.D.* (*S.A.*), *D. Phil.* (*Pret.*), 24 Maart 1947 tot begin April 1948 toe hy tot rektor benoem is.
G. Cronjé, *M.A.* (*Stell.*), *Litt. et Phil. Dr.* (*Amsterdam*), April tot Oktober 1948; Oktober 1948 tot Oktober 1951; Oktober 1951 tot Oktober 1954.
A. N. Pelzer, *M.A.*, *D.Phil.* (*Pret.*), vanaf 10 Oktober 1954.

DIE DEPARTEMENTE

In die beginjare van die T.U.K. was een dosent (met of sonder hulp) verantwoordelik vir verskillende vakke wat later selfstandige departemente in hierdie Fakulteit sou word. Waar 'n vak dus sonder onderbreking gedoseer is, is in die volgende opgawe van departementsgeskiedenisse die aanvang van gereelde onderwys in die vak as die ontstaansdatum van die latere departement aanvaar.

Grieks (1908)

Die eerste professor in Grieks, prof. H. Reinink, het van 1906 tot 1930 'n belangrike rol aan die T.U.K. gespeel.

Met die stigting van die Fakulteit Godgeleerdheid in 1916 word Nieu-Testamentiese Grieks in die leergang van die departement ingesluit en tegelykertyd word die grondslag gelê vir die noue samewerking wat daar nog tussen die departement Grieks en die Fakulteit Godgeleerdheid bestaan. Die departement dank sy bestaan en bloei hoofsaaklik aan die feit dat Grieks 'n verpligte vak is in die voorstudie vir teologiese studente.

Dis interessant om op te merk dat Grieks een van die eerste vakke was waarin die studente onderrig in Nederlands verlang het. In April 1917 word dié versoek in die Senaat bespreek. Toe in 1920 die vakke in die Fakulteit tussen die twee landstale verdeel is, het Grieks onder die groep „Dutch" te staan gekom, maar Griekse Kultuurgeskiedenis is in die vroeë jare twintig nog in Engels gedoseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die einde van 1930 het prof. Reinink afgetree. Hy het van die heel eerste dae af die wel en wee van die Kollege meegemaak. As klassikus het hy enduit die strenge meester en die waardige akademikus gebly. Hy was inderdaad onderwysman wie se groot bydrae tot die hoër opvoeding in Transvaal tot die jaar 1893 teruggestrek het. Na sy aftrede het hy in Pretoria bly woon en hier is hy op 24 Julie 1939 oorlede.



H. TH. REININK (1870 — 1939).

Na die skielike dood van dr. H. O'Grady (wat tydelik as departementshoof opgetree het), op 8 Mei 1931, is die professoraat aangebied aan dr. H. G. Viljoen, destyds redakteur van *Die Huisgenoot*, en bekend as klassikus van uitsonderlike formaat. Sy koms het die Universiteit verryk met 'n dinamiese persoonlikheid wat nie alleen weens sy belesenheid en groot vakkennis 'n standaard gestel het wat moeilik oortref kon word nie, maar ook dadelik 'n betekenisvolle rol in die algemene sake van die Universiteit begin speel het.



H. G. VILJOEN (1889 — 1952).

In die geskiedenis van U.P. sal prof. Hendrik Viljoen onthou word as die taai vegter vir Afrikaans en Afrikanerbelange, die man van tiperende segswyses en rake replieke, heftig in sy uitinge, 'n meedoënlose aanvaller maar 'n stryder wat geen vyande gelaat het nie. Die kostelike gawe van die humor was syne, 'n Karooseun wat die beste eienskappe van die Afrikaner in hom verenig het. Teenoor die student het hy hoë eise gestel. Kwaksalwery en pligsversuim het hy nie geduld nie.

Die biblioteek was sy groot liefde. Veral vir die nougesette aanvulling van die klassieke literatuur het hy gesorg en aldus 'n versameling ten dienste van sy departement opgebou wat in die hele land sy gelyke nie ken nie.

In 1943 is daar besluit om die departement se werksaamhede te verdeel. Prof. Viljoen sou Klassieke Grieks doseer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en vir Hellenistiese en Patristiese Grieks is as onafhanklike senior lektor aangestel dr. P. V. Pistorius (oudstudent). In 1947 is 'n professoraat in Hellenistiese en Patristiese Grieks geskep waarin dr. Pistorius met ingang 1 Oktober 1947 aangestel is.

Prof. Viljoen is op 10 Desember 1952 oorlede. Die Senaat het 'n komitee aangestel om op paslike wyse sy nagedagtenis te huldig en met die voltooiing van die uitbreiding aan die Merensky-biblioteek in 1957 is daar bo die ingang van die pasgevormde Seminaarkamer vir die Klassieke en Semitiese Tale in 1958 'n gedenkplaat vir die H. G. Viljoensaal onthul.

Na die dood van prof. Viljoen is in 1953 'n reorganisasie deurgevoer waardeur een professoraat verval het en prof. Pistorius departementshoof van die gekonsolideerde departement Grieks gebly het.

Engels (1908)

Die professoraat in Engelse Taal en Letterkunde is in 1908 aan prof. John Purves aangebied wat reeds sedert 1906 aan die Johannesburgse T.U.K. as professor gedoseer het. As vak het Engels baie studente getrek. Prof. Purves (geb. 1877) het met ywer en liefde gewerk. In die beginjare het hy veral veel gedoen om die Kollege se klein biblioteek aan te vul. Hy het besondere belangstelling getoon in Engelse letterkunde wat in Suid-Afrika ontstaan het en vir die ontluikende Afrikaanse digkuns het hy waardering gehad. Hy was by sowel kollegas as studente 'n gewaardeerde mens in die agt jaar wat hy in Pretoria gewerk het.


In 1916 het hy om oorlogsverlof aansoek gedoen. Dit is nie aan hom toegestaan nie; hy het toe met gewone verlof na Europa gegaan om militêre diens te doen en aan die einde van 1916 sy bedanking as professor ingedien.

Na die oorlog het hy van 1920 dosent in Italiaans aan die Universiteit van Edinburg geword tot sy aftrede in 1947. Hy is tans (1960) nog in Edinburg woonagtig.

Na prof. Purves se vertrek is P. W. Zorn (oudstudent) aangestel om die lesings in Engels waar te neem. Hy was trouens die eerste oudstudent wat in die personeel van die T.U.K. aangestel is. As lektor en senior lektor het hy tot sy bedanking in 1925 gedien.

In 1917 word J. P. R. Wallis as professor in Engels aangestel. In die geskiedenis van die departement neem hy 'n belangrike plek in. Nie alleen het sy tydgenote prof. Wallis as 'n meester in sy vak, flinke dosent en man van fyn letterkundige smaak leer ken nie, maar hy het tot 1932 in die algemene sake van die Universiteit 'n prominente aandeel gehad.

Hy het hom na 1930 uitgesproke op die standpunt van die „vyftig-vyftig-beleid" gestel. Die Lamontvoorval het



J. P. R. Wallis (1880 — 1957).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


die bestaande spanning in eie geledere verder verskerp. Sedert April 1932 het daar 'n persoonlike breuk tussen prof. Wallis en die rektor, prof. A. E. du Toit, ontstaan en ander botsings daarna het uitgeloop op dissiplinêre optrede deur die Raad teen prof. Wallis. Die daaropvolgende beleidsverklaring van September is deur prof. Wallis beskou as 'n gedragslyn wat in stryd was met versekerings wat aan hom gegee is en as verraad teenoor die belange van Engelssprekendes in Pretoria, veral dié wat geldelike bydraes gedoen het met die verwagting dat die bestaande beleid gehandhaaf sou word. Hy het intussen sy dekaanskap neergelê en hom daarna onthou van enige deelname aan die administrasie van die Universiteit of die bywoning van vergaderings van die Fakulteit of die Senaat.

Hy het al meer sy aandag gewy aan die skryf van werke van biografiese aard oor Suid-Afrikaanse figure. Na hy in Maart 1943 afgetree het, het hy in opdrag van die Sentraal-Afrikaanse Argief as redakteur opgetree van 'n omvangryke reeks bronnepublikasies. Tot sy dood in Engeland op 18 September 1957 het hy hom met literêrhistoriese arbeid besig gehou.

As opvolger van prof. Wallis is van Julie 1943 aangestel prof. R. M. Titlestad wat tevore van 1927 tot 1934 aan die departement verbonde was en daarna die professoraat in Engels op Potchefstroom beklee het.

Van 1935 tot die einde van 1954 het as senior lektor in die departement gedien A. C. (later dr.) Partridge wat tans professor in Engels aan die Universiteit van die Witwatersrand is.

In 1943 is in die departement 'n senior lektoraat in Praktiese Engels ingestel (gelyktydig met 'n soortgelyke pos vir Praktiese Afrikaans). In 1944 word in hierdie addisionele pos N. G. Sabbagha aangestel.



J. Boxwell (geb. 1878).

Latyn (1908)

In 1908 is A. C. Paterson aangestel as professor in die Klassieke Tale waaronder Latyn geval het. Prof. Paterson het van die begin af besonder baie administratiewe pligte aan die T.U.K. gehad; hy word in 1916 boonop registrateur en het toe verkies om hom by „Biblical Hebrew" te bepaal.

Van 1917 word J. Boxwell (oudstudent) aangestel as „Assistant to the Professor of Latin". Hy neem van 1918 (toe prof. Paterson rektor geword het) die doseerwerk in Latyn oor, word senior lektor in 1920 en waarnemende professor tydens prof. Paterson se verlof in 1922. Met die bedanking van prof. Paterson in 1923 word J. Boxwell met ingang 1 April 1924 tot professor in Latyn bevorder.

Prof. Boxwell is van 1926 bygestaan deur dr. Hugh O'Grady wat ook in die departement Engels gehelp het.

As senior lektor het dr. O'Grady van 1926 tot sy dood in 1931 voorts as hoof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opgetree van die selfstandige departement Antieke Kultuurgeskiedenis, maar hy was nog met die doseer van Latyn ook behulpsaam.

Van 1934 tot 1937 het professore Boxwell, Viljoen en Gemser gesamentlik die kursus in Antieke Kultuurgeskiedenis voortgesit. Hierdie kursus het tot 1946 voortgeduur.

Aan die einde van 1937 het prof. Boxwell afgetree, hoewel hy eers formeel in Augustus 1938 uit die diens getree het van die Universiteit. Na sy aftrede het hy hom in Natal gevestig en later na Ierland verhuis waar hy tans nog in County Wexford woon.


As sy opvolger is van die begin van 1938 as professor en departementshoof dr. H. L. Gonin aangestel.

Geskiedenis (1909)

Nadat Geskiedenis in die loop van 1908 onder andere deur proff. Paterson en Purves behartig is, word op 21 Desember 1908 aan dr. Leo Fouché deur die T.U.K. die leerstoel in „History and Philosophy at its Pretoria Centre" aangebied. Vanaf 20 Februarie 1909 doseer hy behalwe Geskiedenis ook Logika, Sielkunde, Etiek en Staatsleer (Politics). Gaandeweg het hy dele van sy leeropdrag in die ander vakke op ander dosente afgedra tot slegs Geskiedenis oorgebly het.

Prof. Leo Fouché het in sy eerste diensjare sy bydrae tot die geskiedkundige navorsing gelewer. Daarna verskyn van sy hand die veelomstrede Rebelliebloubook van 1916 wat hy namens die Botharegering opgestel het en waarmee sy naam nie-amptelik verbind is. Dit het sy status as geskiedkundige en sy aansien in Afrikanerkringe nie bevorder nie. In die jaar van die Afrikaanswording het hy hom beslis teen die voorstanders van die beleidsverandering gekeer.

In 1922 word as tydelike lektor aangestel J. A. I. Agar-Hamilton (oud-student) wat al van 1919 soms in die departement waargeneem het. Hy word in 1923 lektor en dien van 1926 tot sy bedanking in 1946 as senior lektor. Van 1940 was hy met militêre verlof.



I. D. Bosman (1897 — 1947).

Van 1924 is prof. S. P. Engelbrecht van die Teologiese Fakulteit ook in die departement behulpsaam in verband met die lesings oor die vroeë Transvaalse geskiedenis.

Hoewel prof. Fouché as dosent 'n hoë peil in die onderwys gehandhaaf het, het in 1933 'n beweging in die Senaat ontstaan om in die gang van sake in die departement in te gryp waar bowendien die meeste van die lesings nog in Engels gegee is.

As tydelike maatreël is van die begin van 1934 'n vaste leeropdrag sonder addisionele salaris in die departement aan proff. M. Bokhorst en S. P. Engelbrecht gegee en verder is die aangeleent-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hede van die Departement verwys na die Roos-kommissie van ondersoek wat in 1934 sy werksaamhede sou begin.

In dié stadium het prof. Fouché 'n uitnodiging aanvaar om as hoogleraar na die Universiteit van die Witwatersrand te gaan en in die eerste semester van 1934 bedank.

As opvolger van prof. Fouché is benoem dr. I. D. Bosman, skoolhoof van Bothaville, wat aan die begin van 1935 diens aanvaar het. Prof. Bosman het spoedig in die Fakulteit 'n gewilde en invloedryke figuur geword. In 1937 word hy die eerste dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, in 1945 dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, in 1946 ook President van die Konvokasie. Hy was lid van 'n verskeidenheid komitees, deelnemer aan talryke kultuurbedrywighede en medewerker aan publikasies op sy vakgebied.


Boweal was prof. Izak Bosman die groot studentevriend. Van 1939 tot 1947 was hy die laaste huisvader van Sonop en tot die ontwikkeling van die Sonoptradisie wat toe al aan die ontluik was, het „Oom Izak" onnoembaar veel bygedra.

Prof. Bosman is skielik op 16 Maart 1947 oorlede. Hy is opgevolg deur dr. A. N. Pelzer (oudstudent) wat van 1942 as lektor en van 1946 as senior lektor aan die departement verbonde was.

Wysbegeerte (1908)

In Februarie 1908 is Wysbegeerte by prof. A. C. Paterson se leeropdrag gevoeg en hy het die lesings behartig tot in Julie 1908 toe die dienste verkry is van dr. J. H. Hertz, wat in Johannesburg professor in die Wysbegeerte tot die einde van 1907 was.

Dr. Leo Fouché het op 20 Februarie 1909 sy amp aanvaar as professor in Geskiedenis en Wysbegeerte, benewens Sielkunde en Staatsleer. Hy het hom aan die begin van 1911 al bekla oor die uitgebreidheid van sy doseerpligte en versoek dat 'n „Professor in Philosophy and Political Economy" aangestel word. Dit het egter oorredingswerk gekos, aangesien die minister pas die nodige middele vir so 'n leerstoel geweier het. Gedurende 1911 het dr. W. A. Macfadyen opgetree as lektor in die Etiek en Staatsleer; van 15 Februarie 1912 word hy aangestel as professor in die Wysbegeerte en Staathuishoudkunde (Economics).



W. A. Macfadyen (oorl. 1924).

Met die aanstelling van professor W. A. Macfadyen verskyn aan die T.U.K. een van die bemindste persoonlikhede wat ooit agter die kateder gestaan het. Na sy universitêre opleiding in Manchester en Oxford kom hy in 1889 al na Suid-Afrika. Hy gee onderwys op Graaf-Reinet, word registrateur van regter Buchanan, dosent in Engels aan die Staatsgimnasium in 1893, promoveer in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die regte in 1899, tree in 1900 as militêre sensor in Kaapstad op, word in die Transvaalse Onderwysdepartement aangestel, gaan praktiseer as advokaat, word dosent in die regte op Grahamstad, in 1910 dosent in die Wiskunde aan die Grey-universiteitskollege en kom toe na die T.U.K. waar sy veelsydigheid nog verder sou blyk.

In die departement Wysbegeerte doseer hy ook Logika en Metafisika, Staatsleer, Etiek en Sielkunde. Daarbenewens het hy met sy wye belangstelling en onvermoeide werkywer 'n groot rol in die akademiese lewe aan die T.U.K. gespeel. Aan die oprigting van Buxtontehuis, die stigting van die Buitemuurse Afdeling en die Fakulteit van Musiek het hy 'n deurslaggewende aandeel gehad terwyl hy nog tyd gevind het vir lesings oor uiteenlopende onderwerpe, onder ander oor Biologie, Stadsbeplanning, Musiek en Eugenetiek.



T. J. HUGO (geb. 1886).

By sy heengaan op 19 Oktober 1924 word aan hom deur studente, sy kollegas en sy wye vriendekring opregte hulde gebring as dosent in die Wysbegeerte wat self ook wysgeer was, en wie se rigsnoer die liefde en idealisme was, een van die besielendste en gewildste dosente wat die T.U.K. ooit geken het.

Prof. Macfadyen se departement het toe nog as afdelings die vakke Ekonomie, Staatsleer en Sielkunde ingesluit. In 1920 het E. H. Brookes (later professor) Staatsleer begin doseer en dr. T. J. Hugo het in 1921 senior lektor in Sielkunde geword. In Augustus 1923 word C. H. Rautenbach (oudstudent en latere rektor) deeltydse tydelike lektor in die Wysbegeerte en die Sielkunde.

Dr. T. J. Hugo volg van 1 Februarie 1925 prof. Macfadyen as professor in die Wysbegeerte op terwyl C. H. Rautenbach tot Mei 1927 as voltydse lektor in die Wysbegeerte en die Sielkunde dien.

In 1938 word besluit om die departement Wysbegeerte in twee te verdeel. Prof. Hugo word hoof van die departement Logika en Metafisika en van die begin van 1939 beklee dr. C. H. Rautenbach, wat van 1934 weer lektor in die Wysbegeerte was, die professoraat in die departement Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte, met leeropdragte in die Fakulteit Teologie (Afdeling A) en die Fakulteit Opvoedkunde.

Met die benoeming van prof. Rautenbach as rektor op 9 April 1948 (voorlopig vir vyf jaar), is dr. C. K. Oberholzer (oudstudent) benoem in tydelik-voltydse en waarnemende hoedanigheid. Aangesien daar toe nog geen sekerheid was of die twee professorate (wat in 1938 deur die Regering toegestaan is met die verstandhouding dat een daarvan by die aftrede van prof. Hugo sou verval) gehandhaaf sou word nie, is dr. Oberholzer as professor en hoof van die departement aangestel om al prof. Rautenbach se pligte oor te neem, en met dien verstande dat by die uittrede van prof. Hugo aan die einde van 1951, prof. Oberholzer hom sou opvolg en prof. Rautenbach se leerstoel weer vakant sou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. T. J. Hugo het op 17 Oktober 1951 sy laaste lesing gegee. Hy was nie alleen 'n kenner van sy vak nie maar het hom steeds vir Afrikaans en die Afrikaanse rigting beywer. Hy was een van die stigters van die F.A.K. en lank ondervoorsitter daarvan. Dwarsdeur sy dienstyd was hy steeds op die voorpunt van die Afrikaanse kultuurstryd en veral in die jaar van die Ossewatrek van 1938 het hy aan die Universiteit en daarbuite 'n bedrywige rol gespeel. Onder die Senaatslede wat hulle na 1930 vir die Afrikaanswording van die Universiteit met woord en daad beywer het, was hy een van die leiers en vegters. Van 1 Junie 1952 af is hy tot professor-emeritus benoem.


Van die begin van 1952 het prof. Oberholzer die opvolger van prof. Hugo geword en is dr. A. M. T. Meyer wat van 1950 af reeds lektor was, as waarnemende hoof van die departement Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte benoem.

In 1952 het prof. Rautenbach sy professoraat in die Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte neergelê. Van die begin van 1953 het prof. Oberholzer dus weer na hierdie leerstoel teruggekeer, terwyl dr. A. M. T. Meyer hoof van die departement Logika en Metafisika geword het.

Van die tweede semester van 1958 is dr. Meyer bevorder tot professor aan die Universiteit van Suid-Afrika en het dr. P. S. Dreyer (oudstudent) wat van 1952 as senior lektor aan die departement verbonde was, waarnemende hoof van die departement Logika en Metafisika geword.

Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde (1908)

Aan prof. H. Th. Reinink is in Februarie 1908 die vakke Grieks en Nederlands (Dutch) toegewys. Gedurende die tweede semester word G. Besselaar van die Eendrachtskool as lektor in Moderne Tale aangestel en hy behartig voorlopig die onderwys in Nederlands.



T. H. le Roux (geb. 1883).

Van Maart 1910 beklee prof. T. H. le Roux die professoraat in „Dutch and Modern Languages". G. Besselaar is tot Junie 1910 behulpsaam in die departement Hollands (soos dit toe genoem is) en word van Augustus opgevolg deur dr. W. P. de Villiers wat tot 1918 as lektor (soos sy voorganger Besselaar) nie alleen in die afdeling Nederlands van die departement doseer nie, maar ook vir die afdeling Duits en Frans wat nog deel van die departement bly, verantwoordelik is.

In 1918 word dr. C. F. Groenewald as eerste voltydse lektor in die „Hollandse Taal en Letterkunde" aangestel. In Oktober 1920 word hy opgevolg deur M. S. B. Kritzinger (oudstudent). In 1920 is ook vir die eerste keer sprake van die departement „Nederlands en Afrikaans", hoewel dit eers in die jaarboek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 1922 as sodanig aangegee word. Op versoek van prof. Le Roux word „Germaanse Filologie" in 1928 ook by die benaming van die departement gevoeg.

Van die begin van 1936 word die departement verdeel. Prof. Le Roux bly hoof van die departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Filologie terwyl 'n selfstandige departement Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde geskep is.

Op 18 Maart 1948 het prof. T. H. le Roux die ouderdomsgrens bereik en aan die einde van die semester afgetree na 'n dienstyd van 38 jaar, tot hede nog die langste wat enige dosent as professor aan die Universiteit gedien het. Gedurende sy lang verbintenis met die T.U.K. en met die Universiteit het hy as taalman groot status verwerf en 'n betekenisvolle bydrae op sy vakgebied gelewer, veral vanweë sy verband met die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, sy aandeel aan die spelreëls van Afrikaans en sy wetenskaplike publikasies. In die sake van die inrigting wat hy gedien het, het hy 'n belangrike aandeel gehad, in die besonder wanneer daar by die Afrikaanse rigting vasgestaan moes word.

By sy uittrede het die Raad sy waardering vir prof. Le Roux te boek gestel as vakman, as dosent en as mens. Hy is van 1 Julie 1948 as emeritus-professor benoem.

As opvolger van prof. Le Roux is aangestel dr. S. A. Louw (oudstudent) wat sedert 1941 as lektor diens gedoen het.

Frans (1908)

Van die begin van die T.U.K.-klasse in Pretoria is Frans as vak aangebied. Prof. John Purves, hoof van die departement Engels, was in 1908 en 1909 daarvoor verantwoordelik en G. Besselaar het van Julie 1908 tot Junie 1910 met die doseerwerk gehelp.

Toe prof. T. H. le Roux aangestel is, is Frans van die begin van 1910 by die departement Nederlands en Moderne Tale ingedeel. In Augustus 1910 aanvaar dr. W. P. de Villiers diens as lektor in Nederlands en Moderne Tale, en neem hy die onderrig in Frans en Duits naas sy doseerpligte in die afdeling Nederlands waar.

In 1918 word dr. De Villiers hoof van 'n selfstandige departement Frans en Duits wat van die departement Nederlands afgeskei word. In 1921 word hy senior lektor en in 1924 word Frans en Duits in twee aparte departemente geskei met dr. De Villiers as professor in Duits.

Frans word agtereenvolgens deur G. P. Rosset en M. Morgan gedoseer tot H. P. Lamont as lektor in 1927 aangestel word. Weens die toenemende belangstelling in die vak word hy in Maart 1931 tot senior lektor bevorder, maar na die Lamontvoorval in Mei 1932 het die departementshoof nie weer gedoseer nie. Later in die jaar het die Raad sy bedanking om gesondheidsredes aanvaar.



Madame B. Strelen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die plek van H. P. Lamont neem mev. B. Strelen waar juis toe die voortbestaan van die departement in die weegskaal was. Sy wy al haar kragte aan die bestendiging en opbou van die departement tot haar aftrede in 1951.


Sy word opgevolg deur dr. F. M. P. Oosterhof wat as senior lektor en departementshoof tot 1955 dien, toe hy professor in Frans op Stellenbosch geword het. Mev. M. Viljoen-du Chaillou word van die begin van 1956 as departementshoof aangestel en die departement beleef die afgelope paar jaar 'n buitengewone styging in sy studentetal.

Duits (1908)

Toe die T.U.K. in 1908 as 'n selfstandige kollege begin het, moes prof. A. C. Paterson, naas Latyn en Wysbegeerte, ook Duits doseer. Aan die begin van die tweede semester in 1908 neem G. Besselaar die Duitse klasse oor. Met die aanstelling van prof. T. H. le Roux in 1910 het sy leeropdrag ook Duits ingesluit. Hy het net Duitse letterkunde gedoseer en origens die vak aan Besselaar oorgelaat wat in 1910 deur dr. W. P. de Villiers opgevolg is.

Na 1918 is Duits saam met Frans 'n selfstandige departement met dr. De Villiers as lektor en hoof. In 1921 word hy senior lektor. Veral die eerstejaarsklasse in Duits word egter so groot dat een persoon die twee tale nie meer kon behartig nie. Dus word Duits in 1924 'n selfstandige departement en in 1922 word dr. De Villiers tot professor bevorder.

Dr. M. L. du Toit word in 1927 lektor en die volgende jaar senior lektor in die departement. Met die instelling van 'n departement Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis in 1930 word die leerstoel van die begin van 1931 aan hom aangebied.



W. P. de Villiers (geb. 1885).

Prof. De Villiers behartig die departement sonder hulp tot Augustus 1931, toe dr. L. C. Mostert as senior lektor aangestel is.

Van 1938 word die departement in twee afsonderlike departemente verdeel, naamlik Duitse Letterkunde, waargeneem deur prof. De Villiers, en Duitse Taal, waargeneem deur dr. L. C. Mostert as departementshoof.

Aan die einde van 1948 lê prof. De Villiers die tuig neer. Hy was 'n kleurryke figuur wat hom ook op baie terreine buite die departement Duits beweeg het. Hy het 'n buitengewone rol gespeel om die Afrikaanswording van die Universiteit te bevorder. Veral gedurende die rektorskap van prof. A. E. du Toit het hy as uitgesproke Afrikaner wat sy strewe en sy gevoelens nooit verberg het nie en wat gedurig besig was om die oogmerke te bevorder wat hy belangrik geag het, deur sy metode van optrede hom dikwels die onmin van andersdenkendes op die hals gehaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. L. C. Mostert word van 1949 tot professor bevorder en in dieselfde jaar word dr. G. P. J. Trümpelmann as senior lektor en hoof van die departement Duitse Letterkunde aangestel. Aan die begin van 1954 aanvaar dr. Trümpelmann die professoraat in Duits op Stellenbosch en word die departement weer gekonsolideer met die Duitse Taalkunde as leeropdrag van prof. Mostert.

Semitiese Tale (1908)

In 1908 is aan prof. A. C. Paterson naas Latyn ook Hebreeus opgedra. Die departement Semitiese Tale het gegroei uit die onderrig in die Hebreeus en dit weer uit die behoeftes van die Teologiese Fakulteit. Van 1917 af word lesings in Nieu-Testamentiese Grieks en in Hebreeus aangebied. Onder die Fakulteit Godgeleerdheid ressorteer dan ook die onderwys in wat een keer „Biblical Hebrew", dan weer „Hebreeuws" en in 1923 „Hebrew and Old Testament Exegesis" genoem word. Tot sy vertrek aan die einde van 1923 was die dosent steeds prof. A. C. Paterson. Sover dit Hebreeus betref, is die vakature tydelik gevul deur prof. S. P. Engelbrecht wat die lesings waargeneem het.

Lede van die Joodse gemeenskap het in 1925 'n skenking gedoen vir die stigting van 'n leerstoel in Hebreeus. Die Raad het dit dankbaar aanvaar en in die vakature dr. B. Gemser, 'n Nederlander, as hoogleraar benoem. Van sy koms in die begin van 1926 dra die departement die naam „Semitics", later „Semitiese Tale" en behoort dit tot hierdie Fakulteit. Die band met die Teologie bly egter bewaar. Prof. Gemser was as hoof van die departement Ou-Testamentiese Wetenskap tegelyk lid van die Fakulteit Godgeleerdheid.

Dit is in hoofsaak deur die langdurige arbeid van prof. Gemser dat die departement Semitiese Tale sy uitstekende naam sowel in die Unie as daarbuite verwerf het. Sy groot kennis, sy uitmuntende didaktiese en pedagogiese kwaliteite en sy buitelandse betrekkinge het die departement internasionale bekendheid verskaf. Toe die doseerarbeid in twee departemente, waarby tydelik nog 'n derde departement, Antieke Kultuurgeskiedenis, gekom het, te veel geword het om deur een man behartig te word, is eers tydelik-deeltydse hulp verkry deur die benoeming van ds. P. F. D. Weiss, later hoogleraar in Stellenbosch. Om sy doseerarbeid te verlig, word in 1937 dr. A. van Selms, predikant van die Hervormde Gemeente in Culemborg, Nederland, as senior lektor in Semitiese Tale aangestel.

Terwyl dr. Van Selms van 1940 tot 1946 militêre diens in die Ooste verrig het, is die departement deur prof. Gemser behartig met die tydelike hulp van dr. P. F. D. Weiss en ds. E. S. Mulder.

Dr. Van Selms word in 1947 bevorder tot professor en hoof van die departement Semitiese Tale, terwyl prof. Gemser na sy leeropdrag in die Fakulteit Godgeleerdheid terugkeer.

Sielkunde (1909)

Prof. Leo Fouché het behalwe Geskiedenis, Wysbegeerte en Staatsleer ook Sielkunde van Februarie 1909 as leeropdrag gehad.

Van 1910 kon 'n tweejarige kursus in die vak gevolg word en met die aanstelling van prof. W. A. Macfadyen het Wysbegeerte en Sielkunde in 1912 een departement geword.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Na die dood van prof. Macfadyen in 1924 word dr. T. J. Hugo, wat in 1921 senior lektor in die Sielkunde was, hoof van die departement Wysbegeerte waaronder die afdeling Sielkunde nog ressorteer. Na die bedanking van C. H. Rautenbach wat van 1923 tot 1927 as deeltydse tydelike lektor en daarna as voltydse lektor alle afdelings van die Sielkunde, behalwe die differensiële Sielkunde, gedoseer het, word in 1928 dr. P. Skawran as senior lektor in Sielkunde aangestel.



W. A. WILLEMSE (1900 — 1945).

Die departement Sielkunde word selfstandig van die begin van 1929 met dr. Skawran as hoof en word tot 1939 by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde ingedeel.

In 1935 is dr. Skawran tot professor bevorder, maar die volgende jaar is ook 'n selfstandige departement Psigopatologie en Sosiale Patologie geskep waarvan dr. W. A. Willemse (oudstudent) hoof sou wees. Die werk van hierdie departement sou gedoen word binne die departemente Sielkunde en Sosiologie en het van die begin van 1937 'n aanvang geneem. In 1938 het dr. Willemse professor geword in Psigo- en Sosiale Patologie.

By die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was prof. Skawran, wat nog nie genaturaliseerde Unieburger was nie, met verlof in Duitsland en hy het teen 1941 nog nie teruggekeer nie. Prof. Willemse het intussen as hoof van die twee departemente opgetree. Die professoraat van prof. Skawran is in September 1941 vakant verklaar, omdat die bekleër vyandsonderdaan is wat hom op vyandelike grondgebied bevind en outomaties opgehou het om lid van die personeel te wees. Die hele departement Sielkunde is toe verenig met prof. Willemse as hoof, terwyl die bestaande departement Psigo- en Sosiale Patologie verval het.


Prof. Willemse wat onder meer baanbrekerswerk op die gebied van die kriminele Sielkunde en jeugmisdaad verrig het, se briljante loopbaan is vroegtydig beëindig toe hy op 6 Maart 1945 oorlede is na 'n botsing met 'n motor in Pretoria Hy was slegs veertig jaar oud ten tyde van sy dood, maar reeds bekend as 'n groot geleerde wat 'n unieke invloed op sy studente uitgeoefen het.

Sy opvolger was dr. A. J. la Grange, inspekteur van nywerheidskole, wat aan die begin van 1946 diens aanvaar. Nadat hy in 1953 met studieverlof in die buiteland was, het hy aan die begin van 1954 bedank om 'n professoraat op Stellenbosch te aanvaar. As waarnemende hoof het gedurende 1954 opgetree dr. B. J. Schlebusch wat van 1947 af as senior lektor aan die departement verbonde was. Dr. Schlebusch word van die begin van 1955 tot professor bevorder.

AARDRYKSKUNDE (1921)

In 1920 het twee kandidate in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie 'n kursus „Economic Geography" voltooi. Dit was die eerste kursus wat onder die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



F. E. PLUMMER.

toekomstige departement Aardrykskunde sou ressorteer. In 1921 word 'n eerstejaarskursus in Aardrykskunde aangebied as driejarige hoofvak vir B.A.- of B.Sc.-graadkursusse. Dit was die eintlike begin van die departement.

Personeel het aanvanklik snel gewissel: mej. A. W. Vaughan (lektrise, 1920), R. E. Gamble (lektor, 1921), R. U. Sayce (senior lektor, 1922) en F. E. Plummer (senior lektor, 1923, waarnemende professor, 1924).

In 1926 word F. E. Plummer tot professor bevorder en C. F. Hugo as lektor aangestel. Twintig jaar lank was dit die enigste twee permanente dosente in die departement. Intussen is C. F. Hugo tot senior lektor bevorder en in 1942 het hy gepromoveer. Terwyl prof. Plummer van 1940 tot 1946 met militêre verlof was, het dr. Hugo as departementshoof waargeneem en dr. G. H. Scheepers (oudstudent) het as tydelike lektor in die departement gedien.

In 1946 is dr. Scheepers as derde dosent in die departement benoem. In 1949, toe Weerkunde as tweejarige hoofvak binne die departement Aardrykskunde ingestel is, is dr. Scheepers tot senior lektor in hierdie afdeling bevorder en in 1950 tot professor in Aardrykskunde, nadat aan prof. Plummer weens swak gesondheid toegestaan is om op 4 Oktober 1949 met pensioen af te tree.

Wat ruimte en ander geriewe betref, was die departement van 1920 tot Julie 1957 nie goed daaraan toe nie. Dit het geen tuiste van sy eie gehad nie. Sedert 1924 is dit gehuisves in die Landbougebou waar daar af en toe 'n omruiling van kamers plaasgevind het, sodat dit 'n lang tydperk in drie afsonderlike gedeeltes van die gebou gehuisves was. Sedert Julie 1957 het die departement saam met die departemente Huishoudkunde en Dierkunde 'n eie, nuwe, goedbeplande gebou.

MUSIEKWETENSKAP (1923, HERINGESTEL 1961)

Toe dr. F. V. Engelenburg in 1910 Raadslid van die T.U.K. was, het hy reeds in Kaapstad die S.A. College of Music ondersoek met die oogmerk om „voor Transvaal een zelfstandige organisatie van muziekonderwijs te verkrijgen."

In Maart 1921 word John Connell van Johannesburg as dirigent van die „College Choral Society" aangestel. Aan die einde van die jaar bepleit prof. W. A. Macfadyen die instelling van 'n Musiekkursus aan die T.U.K. en die aanstelling van mnr. Connell as dosent. Die Raad het sy aanstelling as lektor in Februarie 1922 goedgekeur en op 8 April 1922 begin die klasse in die Girls' High-skool. Teen die einde van 1922 kom mnr. Connell self met die voorstel om 'n „School of Music" op te rig om musiekonderwysers op te lei; die teoretiese deel sou by die T.U.K. plaasvind, die praktiese deur goedgekeurde plaaslike musiekonderwysers. Die skool is toe van die begin van 1923 opgerig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daarop stig die Raad in Junie 1923 'n „Faculty of Music" en ken aan mnr. Connell die rang van professor en dekaan toe. Die Fakulteit se werksaamhede begin dadelik en word na 1926 in die Buitemuurse gebou in Vermeulenstraat voortgesit. Weens die geldelike verliese wat egter gely word, word dit nodig om die status van die Fakulteit te oorweeg. Op 18 Julie 1929 besluit die Raad om dit te reduseer tot 'n departement binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en om die deeltydse professoraat op sekere voorwaardes te laat voortbestaan. Prof. Connell het egter bedank en in sy plek is Harold Ketelbey van die begin van 1930 aangestel.

Weens die depressie het die departement 'n sukkelbestaan gevoer. Aan die einde van 1932 was prof. Ketelbey dus genoodsaak om te bedank. In sy plek is vir 1933 as professor extraordinarius aangestel Gerrit Bon, maar hy kon dit op die duur nie volhou nie en het ook bedank. Aan die einde van 1936 het die Raad besluit om die departement Musiek op te hef.

Gedurende 1954 geniet die herinstelling van die departement Musiek weer aandag. Naas die bevordering van kerkmusiek was dit die voorneme dat Musiekwetenskap naas Spraak- en Dramaleer en Beeldende Kunste 'n departement moet vorm in 'n Fakulteit Skone Kunste van die toekoms. Deur die Fakulteit is die beplanning in besonderhede uitgevoer en die beginsel van herinstelling is deur die Senaat aanvaar, maar die Raad ag dit nodig om sy beleid te handhaaf dat geen nuwe departement ten koste van bestaandes ingestel sou word nie. Die instelling sou uiteindelik van kapitaalskenkings afhang.

In Junie 1959 het die Raad, nadat aan die instellingsvoorwaardes voldoen kon word, oorgegaan tot die herinstelling van die departement Musiekwetenskap wat van die begin van 1960 in werking sou tree. In Augustus 1959 het die Stadsraad van Pretoria — die grootste donateur van U.P. — die som van £25,000 vir die instelling van hierdie nuwe departement geskenk. Weens gebrek aan huisvesting sal die departement eers in 1961 begin funksioneer.

Bantoetale (1924)

Die Raad het op 16 Augustus 1917 al 'n aanbeveling van die Senaat vir die instelling van „a chair in Native Languages" goedgekeur. Op daardie stadium het daar egter niks van gekom nie.

In 1923 het E. H. Brookes „an exchange of Lectures in Bantu Studies between this College and Wits" aanbeveel. Die wenk word deur die Raad goedgekeur en in 1923 nog uitgevoer. E. H. Brookes neem 'n kursus in „Native Law and Administration" in Johannesburg waar, terwyl C. M. Doke 'n kursus in Zoeloe aan die T.U.K. gee. 'n Paar maande later besluit die Raad om dr. G. H. S. Rossouw van Johannesburg te versoek om 'n kursus in „Bantu Ethnology" aan die T.U.K. te lewer en met eerw. P. E. Schwellnuss word reëlings getref om as deeltydse lektor in Bantoetale aan die T.U.K. op te tree.

In 1924 word 'n departement „Bantu Studies" ingestel wat met tydelike en deeltydse dosente aan die gang kom: C. J. Uys (oudstudent) doseer Zoeloe, eerw. C. Bourquin bied Bantoe-etnologie aan, eerw. Schwellnuss doseer Pedi. Die departement het so sy beskeie aanloop gekry met die instelling van jaarkursusse in verskeie Bantoetale sedert 1923.

In die begin het die vak Bantoetale hoofsaaklik betekenis gehad vir amptenare. Die Laer Diploma in Bantoestudie waarvoor in 1926 staatserkenning verkry is, het die belofte ingehou van 'n bonus aan suksesvolle kandidate. Die bedrywighede van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die destydse departement het studente egter ook vir die B.Com.- en B.Econ.-graad-kursusse voorberei.

Met die toetrede van G. P. Lestrade van die Departement Naturellesake in 1928 as dosent vir Sotho (Pedi) en as agerende hoof het die taalonderwys 'n sterker wetenskaplike inslag gekry. Hy was 'n besonder begaafde talekenner wat benewens verskeie Europese tale 'n groot verskeidenheid inboorlingtale magtig was.

Van staatsweë is die departement egter nog nie erken nie. Die hele 1929 word met die Departement van Onderwys gekorrespondeer oor die instelling van 'n volwaardige departement „Bantu Studies", ook genoem „Bantoelogie" en (op voorstel van Lestrade self) uiteindelik „Bantoeïstiek". Aan die einde van die jaar is die departement toe ingestel en G. P. Lestrade as die eerste professor van die begin van 1930 benoem.

Tot professor Lestrade aan die einde van 1934 bedank het om aan die Universiteit van Kaapstad professor te word, was Bantoeïstiek 'n departement wat behalwe Bantoetale (Sotho en Zoeloe) ook elemente van aanverwante vakke bevat het wat later die selfstandige departemente Bantoereg, Volkekunde en Toegepaste Volkekunde sou word. Eers vanaf 1935 het Bantoetale 'n aparte bestaan as departement en in 1936 is dr. J. A. Engelbrecht van Stellenbosch as professor aangestel.

Van 1953 af ressorteer Bantoetale nie meer onder die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie nie, maar slegs by Lettere en Wysbegeerte waar dit sedert 1946 ook ingedeel is.

Volkekunde en Toegepaste volkekunde (1924)

Net soos die departement Bantoetale kom die departement Volkekunde voort uit die vakke oor Bantoeaangeleenthede wat van 1923 hoofsaaklik deur die bemoeiing van E. H. Brookes aangebied is.

Hieruit ontstaan 'n „Department of Bantu Studies" wat in 1924 ingestel word en wat onder andere 'n eenjarige kursus in Bantoe-etnologie ingesluit het. Tydelike dosente (waarvan die meeste sendelinge soos P. E. Schwellnuss, C. Bourquin en S. Dornan was) en dosente uit ander departemente het die doseerwerk waargeneem.

In 1928 het „Bantoestudies" 'n tweejarige kursus geword en in 1930 word G. P. Lestrade aangestel as die eerste professor in „Bantoeïstiek". Van hierdie departement was „Sosiale Antropologie" nog 'n onderdeel.

In 1934 word die departement verdeel. Prof. Lestrade het Bantoetale as leeropdrag behou. As senior lektor in „Antropologie, Bantoegewoontereg en Naturelleadministrasie" word benoem dr. W. T. H. Beukes (oudstudent). In 1935, met die vertrek van prof. Lestrade word dr. Beukes permanente hoof van die kursusse (nou tot drie jaar verleng) waarvoor hy verantwoordelik is. Die departement het nog net onder die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie buitemuurs geressorteer, maar van 1937 is ook binnemuurs lesings gegee.

In 1946 word deur die Minister van Onderwys goedgekeur dat Volkekunde van Naturelleadministrasie geskei word. 'n Professoraat in Volkekunde word ingestel wat onder sowel die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte as onder Handel en Publieke Administrasie ressorteer.

Van Augustus 1947 word dr. W. M. M. Eiselen van Stellenbosch (oudstudent) benoem as die eerste professor in Volkekunde en dr. Beukes bly hoof van die departement Naturelleadministrasie. Met sy aanstelling as Sekretaris van Naturellesake het prof. Eiselen van 16 Oktober 1949 bedank. Sy opvolger was prof. P. J. Coertze van die Universiteit van die O.V.S. wat in Februarie 1950 diens aanvaar het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1951 het dr. W. T. H. Beukes as hoof van die departement Naturelleadministrasie bedank en aan die einde van 1952 is besluit om hierdie departement te laat verval, die inhoud van die kursusse ten dele te kombineer met dié van Naturellesorg (wat in 1948 ontstaan het) en dit dan as afdeling Toegepaste Volkekunde (Naturellesorg en -administrasie) te voeg by die departement Volkekunde.

Met die reorganisasie van 1953 val saam die uitskakeling van die departement Volkekunde uit die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie waar dit nog tot op daardie tydstip ook ingedeel was. Daarna ressorteer dit net onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Terselfdertyd ontstaan in 1954 die gedagte om vir die departement en aanverwante departemente wat die Bantoe raak, 'n aparte gebou op te rig met genoegsame uitstalruimte vir etnologiese onderwysmateriaal. Die oproep om bydraes is veral op die distrik Bethal toegespits.

By die geskiedenis van die departement Volkekunde hoort vanselfsprekend ook vermelding van die skouspelagtige blootlegging van 'n deel van die Zimbabwekultuurgebied by die kop Mapungubwe aan die Limpopo, ten weste van Messina.

Op die plaas Greefswald, distrik Soutpansberg, is van die begin van 1933 stelselmatige, argeologiese ondersoek uitgevoer by die Mapungubwe-kop en nabygeleë terreine waar tekens van voorhistoriese menslike bewoning aangetref is. Onder leiding van die Argeologiese Komitee van die Universiteit (wat van 1933 tot 1947 bestaan het) en met regeringsteun, is 'n pragversameling oudheidsoorblyfsels gevind en belangrike ontdekkings op die terrein gedoen.

Die Mapungubwe-opgrawings wat in die jare dertig groot opspraak verwek het, kon na 1950 weer voortgesit word, danksy die aanbod deur die destydse Minister van Lande, adv. J. G. Strijdom, dat die plaas Greefswald vir argeologiese ondersoek aan die Universiteit van Pretoria beskikbaar gestel word. Die ondersoek is aan die departement Volkekunde opgedra. In 1954 is die werk met behulp van studentearbeid hervat. Weens die skielike groei van die departement en skommeling in die personeel moes verdere opgrawings sedert 1956 egter tydelik gestaak word. In 1954 is beraam dat die werk nog agt jaar sou duur; sodra die omstandighede dit toelaat, sal die taak dus weer opgevat word om Mapungubwe se geheime te ontsluier.

Sosiologie en Toegepaste Sosiologie (1929)

Hierdie departement wat in 1959 nog die grootste in die Fakulteit was (met 1,200 studente in 1959) en waaruit in 1960 'n aparte departement Kriminologie ontstaan het, het heel nederig in Januarie 1929 begin, toe die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Pretoria besluit het om 'n kinderleidingkliniek by die T.U.K. te finansieer waaraan 'n dosent verbonde sou wees wat ook maatskaplike werk sou doseer en buitelesings voor groepe van die S.A.V.F. sou gee.

Na samesprekings namens die Federasie deur mev. A. D. R. Bisschop, mev. Gustav Preller en mev. (genl.) Beyers gevoer, is besluit om aan dr. Maria B. te Water die pos van hoof van die kinderleidingkliniek aan te bied. Op 4 April 1929 het dr. Te Water haar pligte aanvaar wat eintlik tweërlei sou wees: leidster van die kliniek met doseerwerk in die T.U.K. se „school of Social Work", en terselfdertyd die gee van buitelesings vir die S.A.V.F.

Hoewel die bedoeling was om die werk minstens vyf jaar in stand te hou, het dit geldelik in die depressiejare 1931 en 1932 sodanig begin druk dat dr. Te Water se pos, ten spyte van die ruim bydrae van £8,000 van die S.A.V.F., in gevaar verkeer het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die einde van 1933 is besluit om nie meer die kontrak met dr. Te Water te hernuwe nie, maar om die werk tog voort te sit.

Die Rooskomitee sou vroeg in 1934 oor die kliniek en die departement verslag doen. Die komitee het inderdaad die staking van die werk aanbeveel en een getuie het maatskaplike werk beskrywe as 'n vak wat „doodgebore is maar opnuut gereorganiseer" word. Intussen is reeds besluit om 'n senior lektoraat in te stel vir wat van nou af die departement Sosiologie en Maatskaplike Werk heet. Die pos is aangebied aan dr. G. Cronjé wat pas in Amsterdam in die Sosiologie gepromoveer het en van die begin van 1934 diens aanvaar het.

Die departement het buitengewone lewensvatbaarheid getoon en die studentetal het in die vooroorlogse jare al aanmerklik gestyg. Aanvanklik is alle lesings waargeneem deur dr. Cronjé wat in 1937 tot professor bevorder is. Benewens die kursusse in die departement was prof. Cronjé ook van 1937 verantwoordelik vir Opvoedkundige Sosiologie in die Fakulteit Opvoedkunde.

In 1948 is dr. S. Pauw in die departement as medeprofessor aangestel. Hy was van 1940 aan die departement verbonde as lektor en van 1945 as senior lektor. In 1950 bedank hy om op Stellenbosch 'n professoraat te aanvaar.

In 1948 het die Raad ook besluit om die vak Kriminologie in te stel. Dit word van 1949 tot 1959 binne die departement gedoseer en word in 1960 'n selfstandige departement. Dr. H. J. Venter (oudstudent) wat van 1948 as lektor en van 1953 as senior lektor aan die departement verbonde was, is van die begin van 1957 as medeprofessor aangestel met leeropdrag in die Kriminologie.

Die benaming Maatskaplike Werk het deur Raadsbesluit van 25 Oktober 1950 verval en is vervang deur Toegepaste Sosiologie. Van 1951 tot 1959 het die departement Sosiologie, Kriminologie en Toegepaste Sosiologie in hierdie vorm gefunksioneer. In 1951 is die eerste studente ingeskrywe vir die vierjarige graad B.A.(S.W.) met Diploma in Kleuteropvoeding en is ook die nagraadse Hoër Diploma in Sosiale Wetenskappe (met spesialisasie in Geestelike Gesondheidsorg) ingestel wat van 1952 af gevolg kon word. Daarby kom in 1953 die Hoër Diploma in Kinder- en Gesinsorg en 'n Diploma in Kriminologie van die begin van 1956.

Tot die einde van 1959 was in die departement dus drie vakke verteenwoordig, elk met eie opleidingsvereistes en 'n afgebakende studierigting. Daar was 'n gesamentlike studentetal wat dié van ooreenstemmende departemente in alle ander residensiële Suid-Afrikaanse universiteite saam oortref het. Van een senior lektor in 1934 het die personeel gegroei tot die grootste personeelbesetting in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Nederlandse Kultuurgeskiedenis (1930—1953)

Die departement Nederlandse Kultuurgeskiedenis is in 1930 ingestel en het tot die einde van 1953 bestaan, soos hieronder by die geskiedenis van die departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (1954) en Kunsgeskiedenis (1954) vermeld.

Afrikaanse Kultuurgeskiedenis (1931—1953)

Hierdie departement, wat aanvanklik Afrikaanse Kuns- en Kultuurgeskiedenis geheet het, is in 1930 ingestel en het van 1931 gefunksioneer tot dit aan die einde van 1953 opgehou het om in sy oorspronklike vorm te bestaan, soos nader aangedui word by die geskiedenis van die departemente Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (1954) en Kunsgeskiedenis (1954).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaanse Letterkunde (1936)

By die onderrig in „Hollands" wat in 1908 begin het, is in 1910 „Moderne Tale" gevoeg. Met prof. T. H. le Roux as hoof het die departement Nederlandse Taal en Lettere met die afdeling Moderne Tale (Frans en Duits) daarby tot 1918 bestaan, toe Frans en Duits daarvan geskei is. In 1920 het Afrikaans sy intrede in die departement gemaak.

Van die begin van 1936 is die departement volgens Raadsbesluit verdeel. Prof. Le Roux het hoof gebly van die departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde en terselfdertyd is 'n selfstandige departement Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde ingestel. Dr. M. S. B. Kritzinger (oudstudent) wat van Oktober 1920 lektor en van 1926 senior lektor in die departement Nederlands en Afrikaans was, is tot professor bevorder. Prof. Kritzinger geniet die onderskeiding dat hy in 1960 die dosent is met die langste diens aan die Universiteit.

In 1952 is hierdie departement op sy beurt verdeel toe Nederlandse Letterkunde daarvan afgeskei is.

Liggaamlike Opvoeding (1946)

Die gedagte aan liggaamsoefening vir die studentebevolking in sy geheel is veel ouer as die instelling van 'n departement vir liggaamlike opvoeding met leergange vir professionele opleiding. Die eerste melding van liggaamsoefening dagteken al van 10 Maart 1908 toe die Raad van die T.U.K. die vraag oorweeg het of kollegestudente die gimnasium en apparaat van die Boy's High-skool in Van der Waltstraat sou kon gebruik. Wat van die plan geword het, is nie bekend nie.

Eers in 1934, en daarna weer in 1937, is liggaamsoefening vir die studente ter sprake. Teen 1937 kom die gedagte op die voorgrond dat Liggaamlike Opvoedkunde 'n volwaardige vak moet wees en dat onderwysers ook opgelei moet word.

Veral met die oog op die landswye belangstelling vir die saak van georganiseerde liggaamlike opvoeding en die stigting van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (N.A.R.L.O.) in 1938 deur die Regering, word in hierdie jaar weer ernstig geprobeer om 'n praktiese kursus in liggaamsopvoeding vir studente ingestel te kry. Die pogings lewer niks op nie en eers na die ontwrigte oorlogsjare kom die saak in 1945 weer onder die aandag. Die rektor, prof. M. C. Botha, was indertyd die stigter van N.A.R.L.O. en het persoonlik die stigting van 'n departement Liggaamlike Opvoeding sterk voorgestaan.

In Mei 1946 het die Raad besluit om die departement in te stel en op 27 Junie 1946 is die status en doelstellings daarvan finaal omskrywe. Dit sou as selfstandige departement onder die Fakulteit Opvoedkunde ressorteer en die hoof sou 'n professor wees wat tegelyk ook direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding sou wees (waarby veral die onderrig van die studentebevolking in gedagte gehou is).

Met ingang Augustus 1946 is as professor aangestel mnr. Claude Smit, inspekteur van Liggaamlike Opvoeding van die Unie-onderwysdepartement, en daar is ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n senior lektor, lektrise en lektor.

Die voorneme om met die instelling van die departement die studente ook met die een of ander vorm van massale afrigting te bereik, het nooit werklikheid geword nie. Dit het op die duur ook geblyk dat die beheer van die studentesport deur die departement nie in die praktyk doeltreffend toegepas kon word nie. Daarvan is na 1953 afgesien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In Maart 1947 het die kursusse begin. Omdat die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde nie Liggaamlike Opvoeding as hoofvak erken het nie, is alleen in die Fakulteit Opvoedkunde 'n vierjarige professionele graadkursus (B.Ed.Phys.) ingestel na analogie van dié van Stellenbosch. In 1951 is naas die graadkursus ook 'n driejarige diplomakursus ingestel.

Omdat dit volgens die bevinding van die Komitee van Onderkanseliers van die Suid-Afrikaanse Universiteite geblyk het dat die benaming van die graad B.Ed.Phys. *ultra vires* was, is die toekenning daarvan na 1953 gestaak. In die plek van hierdie graad is die B.A. (L.O.) ingestel waarvoor nuwe regulasies in 1954 opgestel is. Van die tweede semester van 1954 is die departementshoof ook lid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte maar die departement ressorteer ook nog onder die Fakulteit Opvoedkunde waar dit oorspronklik ontstaan het.

Biblioteekkunde (1949)

In Augustus 1933 het die Raad al die wens uitgespreek dat daar 'n dosent in die Biblioteekwese moet kom met sitting in minstens een fakulteit. Maar in die hele land was bevoegde dosente van dié aard nie te kry nie. By ons te lande was daar voor 1933 g'n opleiding in Biblioteekkunde nie. Toe het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging daarmee begin. In 1934 het die Universiteit se waarnemende bibliotekaris, P. C. Coetzee, B.A., die buitelandse A.L.A. verwerf en self 'n beskeie begin met opleiding in die biblioteek gemaak — slegs een uur per week. Van 1935 het hy vir die diplomas van die S.A.B.V. begin oplei. In 1938 het die Universiteit 'n diplomakursus in Biblioteekwese ingestel wat vir die Merenskybiblioteek opgeleide kragte gelewer het en ook baie wat buite die Universiteit in biblioteekposte aangestel is. As dosent het eers P. C. Coetzee alleen opgetree, later bygestaan deur senior lede van die biblioteekpersoneel.

'n Departement Biblioteekkunde is in 1948 ingestel en het in 1949 in werking getree. Terselfdertyd is 'n driejarige graad B.A. (Biblioteekkunde) ingestel met voorsiening vir nagraadse studie. Dr. P. C. Coetzee sou hoof van die departement met die rang van senior lektor wees en ook nog as bibliotekaris optree.

Die Raad het in 1958 besluit dat daar 'n skeiding gemaak sou word tussen die twee poste bibliotekaris en hoof van die departement Biblioteekkunde, en dat 'n pos senior lektor en hoof van die departement Biblioteekkunde geskep word. Van die begin van 1959 het dr. P. C. Coetzee wat van 1926 aan die biblioteek verbonde was en van 1930 aan die hoof daarvan gestaan het, diens aanvaar as voltydse departementshoof en sy pos as bibliotekaris neergelê.

Nederlandse Letterkunde (1953)

In 1952 is daar besluit om die departement Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde te verdeel. Prof. M. S. B. Kritzinger het hoof gebly van die departement Afrikaanse Letterkunde en 'n selfstandige departement Nederlandse Letterkunde is ingestel.

Dr. Tj. Buning (oudstudent) was van 1935 lektor in die departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde en ook in die departement Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde. Van 1944 was hy alleen in laasgenoemde departement werksaam. Hy word van die begin van 1953 bevorder tot professor in die Nederlandse Letterkunde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (1954)

Die departement soos dit tans bestaan, het eers in 1954 tot stand gekom, maar sy geskiedenis begin veel vroeër. Dit is die sintese van gedeeltes van die oorspronklike twee departemente Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis wat in 1930 en 1931 onderskeidelik ingestel is.


Die groot uniale Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie wat in 1929 op Bloemfontein gehou is (en waaruit ook die F.A.K. gebore is) het die hele Afrikanervolk tot bewuste kultuuraksie opgeroep. In Pretoria het die kongres 'n besondere reaksie gehad. Daar is 'n geesdriftige komitee van 24 gevorm met vooraanstaande Randse Afrikaners ook daarby. Die voorsitter was dr. J. Z. H. Rousseau (medikus en latere raadslid) en die sekretaris mnr. J. J. Bosman. Onder die lede was mnre. I. M. Lombard, L. W. Hiemstra, J. de V. Roos, A. M. Moll, ds. Wm. Nicol, dr. Theo Wassenaar en ds. L. E. Brandt. Die doelwit was om aan die T.U.K. 'n leerstoel te verkry ten dienste van die Afrikaanse kultuur.

Die komitee se eerste voorstelle by die rektor, prof. A. E. du Toit, op 4 November 1929, behels die instelling van 'n leerstoel met geldelike steun van die komitee en die oorname van die verantwoordelikheid deur die Raad na vyf jaar. Die komitee sou die eerste hoogleraar aanbeveel. Op dié grondslag is die Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, genader.

Die minister was simpatiek, maar het redelike geldelike waarborge vereis van die komitee dat hulle wel die leerstoel in stand sou kon hou. Hulle het reeds £2,600 bymekaar gehad en namens die Afrikaner-Broederbond het mnr. I. M. Lombard op 23 Mei 1930 die restant van die bedrag vir oprigting gewaarborg. Die leerstoel is dus op 16 Junie 1930 (enkele maande later as dié vir Nederlandse Kultuurgeskiedenis) goedgekeur en van die begin van 1931 is as professor in die nuwe departement Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis aangestel dr. M. L. du Toit, senior lektor in Duits en jonger broer van die rektor, prof. A. E. du Toit.

Prof. Du Toit was een van die begaafdste dosente van sy geslag met die natuurlike vermoë om inspirerend voor te dra, maar hy is in sy werk deurgaans gekortwiek deur swak gesondheid. Daardeur het daar soms insinking gekom en teleurstelling by die bevorderaars wat dit in die depressiejare byna onmoontlik gevind het om die geld byeen te bring vir die voortsetting van die werk.

Na 1935 het die Raad die geldelike verantwoordelikheid vir die leerstoel oorgeneem. In 1937 is prof. Du Toit met siekteverlof en moes van deeltydse kragte gebruik gemaak word. In 1938 moes prof. Du Toit weer siekteverlof aanvra om behandeling in die buiteland te ontvang en in Augustus 1938 is hy in Hamburg oorlede.



M. L. du Toit (1897 — 1938).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van die begin van 1939 is as professor aangestel dr. H. M. van der Westhuysen van die Heidelbergse Normaalkollege wat reeds tydens prof. Du Toit se siekte Kunsgeskiedenis in die departement gedoseer het. Die departement sou voortaan heet Afrikaanse Kultuurgeskiedenis maar Kunsgeskiedenis sou ongeveer die helfte van die werksaamhede beslaan.

Nog voor daar in Pretoria die komitee ten behoewe van 'n leerstoel vir Afrikaanse Kultuurgeskiedenis gestig is, het in 1927 die voorneme in Nederland ontstaan om aan die T.U.K. 'n leerstoel vir die Nederlandse Kultuur, Geskiedenis en Letterkunde in te rig. Prof. dr. J. W. Pont, leidende figuur in die N.Z.A.V., Afrikanervriend en vader van die Pretoriase professor, dr. D. Pont, het die eerste op 5 Oktober 1927 die saak by die T.U.K. in 'n brief aangeroer.

In 1929 is in Nederland aangewys dr. M. Bokhorst wat op 1 Mei 1930 sy pligte sou aanvaar en wel as professor in 'n aparte, selfstandige departement Nederlandse Kultuurhistorie waarvoor vir vyf jaar (tot 30 April 1935) die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging die salaris sou waarborg, met bystand van die Herman Costerfonds, die Algemeen Nederlandsch Verbond, die Nederlandse regering en verskeie studiefondse in Nederland.

In verband met die uitbouing van die werksaamhede van sy departement het prof. Bokhorst in 1931 vir 'n Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut begin ywer wat in 1932 werklikheid geword het en wat sedertdien onverbreeklik verbonde gebly het met die onderwys van Nederlandse Kultuur- en Kunsgekiedenis binne die bestaande departemente. Die Instituut het met steun uit Nederland 'n waardevolle boekebesit deur die jare heen verwerf wat nog steeds aangevul word. Na 1953 is 'n ingrypende reorganisasie van die boekery uitgevoer.

Prof. Bokhorst se aanstelling is na 1935 deur die Raad gekontinueer en in 1937 het die departement (wat intussen nog deur die N.Z.A.V. gesubsidieer is) sodanig gegroei dat die Raad dit vir eie rekening kon oorneem.

Nadat prof. Bokhorst van 1940 tot 1946 met militêre verlof in Europa diens gedoen het, het hy weer tot die einde van 1950 die leerstoel beklee. Hy het met ingang 1 Februarie 1951 bedank om hom in Kaapstad te vestig. As dosent het hy 'n hoë standaard in die onderwys gestel oor 'n tydperk van ruim twintig jaar. Met tydelike kragte is die departement voortgesit tot prof. W. A. P. Smit van die Rijksuniversiteit Utrecht gedurende 1952 in sy verloftyd as hospiterende professor en hoof van die departement opgetree het.

Nog voor die einde van 1952 is aangekondig dat dr. G. van Alphen, onderbibliotekaris aan die Koninklijke Bibliotheek in Den Haag en afgestudeer in die Geskiedenis te Leiden, met ingang 1953 as professor vir Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Algemene Kunsgeskiedenis aangestel is.

Die gewysigde leeropdrag het betrekking op die besluite in die loop van 1952 dat daar 'n mate van vakintegrasie moet wees tussen die twee departemente vir Kultuurgeskiedenis en dat daarnaas Kunsgeskiedenis as volwaardige, driejarige studiekursus ingestel moet word. Hierdie reëling is in 1953 ingevoer en met ingang 1954 is Kunsgeskiedenis tot aparte departement verhef, terwyl prof. Van Alphen hoof geword het van die departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis maar met behoud van sy leeropdragte in die departement Kunsgeskiedenis wat tegelykertyd geskep is, en waarvan prof. H. M. van der Westhuysen die hoof geword het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

KUNSGESKIEDENIS (1954)

Uit die voorafgaande oorsig van die ontstaan van die huidige departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis blyk dat reeds van 1930 daar in die destydse twee departemente „Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis" en „Nederlandse Kultuurhistorie" ruim voorsiening gemaak is vir die onderwys van Kunsgeskiedenis. Afrikaanse Kunsgeskiedenis is van die begin 'n belangrike plek in die departement van prof. M. L. du Toit toegeken. Na 1939 was dit die verstandhouding dat Kunsgeskiedenis ongeveer die helfte van die departement se werksaamhede sou beslaan. In die vroeëre departement Nederlandse Kultuurgeskiedenis is deur prof. M. Bokhorst eweneens aan Nederlandse Kunsgeskiedenis besondere aandag gewy. In 1953 is 'n mate van integrasie tussen die twee departemente deurgevoer en gelyktydig is Kunsgeskiedenis as driejarige kursus ingestel. In 1954 het prof. H. M. van der Westhuysen hoof van die selfstandige departement Kunsgeskiedenis geword met behoud van sy leeropdragte in die departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis.

Met die instelling van opleiding in die Beeldende Kunste in 1955 is bepaal dat hierdie opleiding administratief onder die hoof van die departement Kunsgeskiedenis bly en dat Kunsgeskiedenis 'n verpligte hoofvak vir die kursusse in Beeldende Kunste sal wees.

SPRAAKWETENSKAP EN SPRAAKHEELKUNDE (1960)

In 1953 is vir die eerste keer van verskillende kante vertoë gerig vir die instelling van 'n departement Spraakleer en Spraakterapie. Komitees van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde het van 1954 af op die aangeleentheid ingegaan, en in 1957 het die Raad hom simpatiek uitgespreek oor die instelling van 'n departement Spraakpatologie, Spraakterapie en Fonetiek (Logopedika in sy breë omvang) maar met die oog op kapitaaluitgawes die saak vir nadere ondersoek na die Finansies- en Eiendomskomitee verwys.

Om verskeie redes was dit nodig om die samewerking te verkry van 'n aantal instansies. Sodra hierdie noodsaaklike samewerking verkry is, is in 1959 besluit om van die begin van 1960 'n departement Spraakwetenskap en Spraakheelkunde in te stel.

Aangesien die graadkursus volgens die Gemeenskaplike Statuut minstens vyf jaar sou moes duur om dit in die Fakulteit Opvoedkunde aan te bied, is hiervan afgesien en ressorteer dit alleen onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Voorsiening word gemaak vir die opleiding van spraakterapeute ooreenkomstig 'n besondere vierjarige kursus waarvoor die B.A. (Log.)-graad uitgereik sal word.

As eerste hoof van die departement is met ingang 1960 benoem prof. P. de V. Pienaar van die Universiteit van Suid-Afrika en voormalige hoof van die departement Fonetiek aan die Universiteit van die Witwatersrand.

KRIMINOLOGIE (1960)

Kriminologie is oorspronklik gedoseer as deel van die Sosiologiekursusse maar het as geheel selfstandige wetenskap nooit so tot sy reg gekom nie. In 'n memorandum is deur prof. G. Cronjé in Mei 1948 gewys op die besondere ontwikkelingsgeleenthede wat Pretoria bied vir die vak Kriminologie. Daar is dus gepleit vir die instelling van die vak binne die departement Sosiologie en Toegepaste Sosiologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op 26 Junie 1948 is die instelling van Kriminologie as volwaardige akademiese vak goedgekeur. Die Universiteit was dus die eerste in Suid-Afrika, en trouens ook in die Statebond, wat tot hierdie stap oorgegaan het. Die eerste dosent was H. J. Venter (oudstudent) wat van 1948 aan die departement Sosiologie verbonde was. Hy het in 1953 gepromoveer. Dieselfde jaar is dr. Venter tot senior lektor bevorder, in 1957 tot medeprofessor en van die begin van 1960 tot professor.

Met die eerste aanbieding van die vak in 1949 is 'n ware stormloop van studente belewe wat daarna wel effens afgeneem het, maar tog in hoë mate konstant gebly het. Van 1955 word graadopleiding ook aan gevangenisbeamptes verskaf en van 1956 is 'n diplomakursus ingestel.

Deur Raadsbesluit is Kriminologie van die begin van 1960 'n selfstandige departement met prof. H. J. Venter as hoof.

* * *

Onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ressorteer ook departemente waarvan die geskiedenis by ander fakulteite voorkom maar wie se verteenwoordigers in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sitting het: *Romeinse Reg*, *Romeins-Hollandse Reg* en *Bantoereg* (Fakulteit Regsgeleerdheid); *Staatsleer*, *Wiskundige Statistiek* en *Ekonomie* (Fakulteit Handel en Publieke Administrasie) en *Wiskunde* (Fakulteit Wis- en Natuurkunde).

WIS- EN NATUURKUNDE

DIE FAKULTEIT EN SY VERLEDE


WAARSKYNLIK onder die invloed van die statuut van die Universiteit van Suid-Afrika (1916) wat onder meer vir die instelling van 'n Fakulteit van Natuurwetenskappe voorsiening gemaak het, en die stigting van die Landboufakulteit aan die T.U.K. in dieselfde jaar, word die bestaande departemente in 1918 verdeel in twee fakulteite: Lettere en Wysbegeerte naas Wis- en Natuurkunde. As eerste dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde dien van 1919 af prof. P. G. Gundry.

Grade in die natuurwetenskaplike kursusse is eers aangedui as B.A.Sc. en M.A.Sc. en pas van 1916 as B.Sc. en M.Sc. Voor 1918 was die getal studente uit die groototaal wat 'n natuurwetenskaplike kursus gevolg het, beperk. In 1918 was dit 38 uit 325 en in 1928 was daar 72 uit 793. Hierby is eerstejaarstudente van ander fakulteite nie bygereken nie. Vanselfsprekend het die Landboufakulteit (1917) en dié van Veeartsenykunde (1920) versterking in die getalle gebring.

In die jare dertig het die Fakulteit nie in dieselfde mate die uitwerking van die depressie ondervind as ander Fakulteite nie; nogtans het die studentegetal in die jaar 1933 tot 161 gedaal en in die jare 1935 en 1936 het die totale inskrywings selfs effens agtergeloop by die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie. Sedertdien het die Fakulteit Wis- en Natuurkunde egter met 1,545 studente in 1959 maklik sy posisie as tweede grootste Fakulteit gehandhaaf. By hierdie getal is nie ingereken nie die 592 eerstejaarstudente uit die Fakulteite Landbou, Veeartsenykunde, Geneeskunde, Tandheelkunde en Ingenieurswese wat in 1959 hul onderwys in hierdie Fakulteit ontvang het. Die eerstejaarsklasse het, veral in Fisika en Chemie, ook vinnig gestyg as gevolg van die instelling van na-uurse opleiding vir die B.Sc.-graad in 1939 en verskeie nuwe kursusse. In die begin van 1959 was daar reeds in die departement Chemie 1,017 eerstejaars en in Fisika 1,043. Dit is nie alleen die grootste klasse aan die Univer-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

siteit nie maar bring ook besondere personeel- en huisvestingsprobleme in die Fakulteit mee wat onder andere daartoe gelei het dat van 1959 af maatreëls in werking gestel is om eerstejaarsklasse in groepe te verdeel ten einde die eksakte en demonstrasie-onderwys doeltreffender te maak. Namate die aanvraag na tegnici groter geword het, het die na-uurse studentetal van die oorspronklike 29 in 1939 gestyg tot 464 aan die begin van 1959.



Persentasie (t.o.v. die totale studentetal) van eerstejaarstudente in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde maar in ander fakulteite geklassifiseer.

Die graad B.Sc. word sedert 1916 toegeken. Naas die nagraadse M.Sc. en D.Sc. kan (van 1959) ook vir die B.Sc. (Honores)-graad gestudeer word. Baccalaureus-graadkursusse in die Wis- en Natuurkunde waaraan besondere studierigtings verbonde is, is die volgende; Huishoudkunde (van 1930 tot 1940 onder die Landboufakulteit), Bourekenkunde (1931), Dieetkunde (1945), Verpleegkunde (1955), waarin die kursus egter nog nie aangebied word nie; Yster- en Staalkunde (1953) wat spesiaal aangebied word vir kandidate wat aanbeveel word deur die S.A. Yster- en Staal-Industriële Korporasie, Beperk (Yskor), en Mynbougeologie (1958). In Argitektuur word die B.Arch. (1943) en die M.Arch. toegeken, en in al die genoemde studierigtings, behalwe Verpleegkunde en Mynbougeologie, kan tans vir die magistergraad gestudeer word. In Huishoudkunde, Argitektuur en Bourekenkunde word ook diplomakursusse aangebied.

Gelyktydig met die instelling van 'n graadkursus vir kwekelingoffisiere in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is van 1951 tot 1957 in hierdie Fakulteit ook 'n B.Sc.(Mil.)-graadkursus aangebied.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE

P. G. GUNDRY, *B.Sc.* (*Lond.*), *Ph.D.* (*Göttingen*), *A.R.C.S.*, 1919—1922.
A. E. DU TOIT, *M.A.* (*Kaap*), 1923, 1924.
D. F. DU T. MALHERBE, *M.A.*, *Ph.D.* (*Halle*), 1925, 1926.
D. E. MALAN, *M.A.* (*Kaap*), *Ph.D.* (*Zürich*), 1927, 1928, 1929, 1930.
F. J. TROMP, *B.A.*(*Kaap*), *B.A.* (*Cantab.*), *D.Sc.* (*S.A.*), Oktober 1930 tot September 1932 toe hy as dekaan bedank het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

J. S. VAN DER LINGEN, *B.A.* (*Kaap*), *Ph.D.* (*Hopkins*), *M.P.D.G.*, *F.P.S.*, *F.Inst.P.*, *F.R.S.* (*S.A.*), Oktober 1932 tot Oktober 1933.

J. P. DUMINY, *M.A.* (*Kaap.*), *B.A.*, *B.Sc.* (*Oxon.*), Oktober 1933 tot Oktober 1936; Oktober 1936 tot Oktober 1939.

B. V. LOMBAARD, *M.Sc.* (*S.A.*), *Ph.D.* (*Zürich*), *D.Sc.* (*Pret.*), Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot September 1943 toe hy as dekaan bedank het.

H. L. DE WAAL, *M.Sc.* (*Stell.*), *D.Phil.* (*Bonn*), *D.Sc.* (*Pret.*), Oktober 1943 tot Oktober 1945.

W. E. SCHILZ, *M.Sc.* (*S.A.*), *D.I.C.* (*Lond.*), *Ph.D.* (*München*), *LL.B.* (*S.A.*), Oktober 1945 tot Desember 1947 toe hy as dekaan bedank het.

C. JACOBSZ, *B.Sc.* (*Ing.*) (*Rand.*), *M.Sc.* (*S.A.*), 1948.

W. E. SCHILZ, *M.Sc.* (*S.A.*), *D.I.C.* (*Lond.*), *Ph.D.* (*München*), *LL.B.* (*S.A.*), Oktober 1948 tot Oktober 1951.

H. L. DE WAAL, *M.Sc.* (*Stell.*), *D. Phil.* (*Bonn*), *D.Sc.* (*Pret.*), vanaf Oktober 1951.

DIE DEPARTEMENTE

CHEMIE (1908)

Onder die departemente van hierdie Fakulteit kry Chemie die ereplek omdat die eerste professor wat vir die natuurwetenskappe aan die T.U.K. in 1908 aangestel is, chemikus was. Prof. D. F. du Toit Malherbe het met sy dosyn eerstejaars sy eerste chemiese laboratoriumwerk verrig in die lokale van die destydse Boys' High-skool (later East Central en Clapham genoem) wat vandag as Staatsmodelskool in Van der Waltstraat weer sy ou naam dra. In die Gimnasiumgebou in Proesstraat was Chemie van die begin van 1909 baie ruim gehuisves op die boonste verdieping. Daar was nou 34 eerstejaars.

Hoewel prof. Malherbe al die vertakkings van Chemie moes doseer en aanvanklik ook nog vir Geologie, Fisika en Wiskunde verantwoordelik was, het teen Oktober 1911 toe daar verhuis is na die noordervleuel van die Ou Chemiegebou — destyds as „New Science Building" aangedui — nog net Chemie by hom berus.

Die eerste splitsing van die werk in die departement kom in 1917 met die aanstelling van 'n lektor wat spesiaal in die Fisiese Chemie onderlê is. Van Junie 1917 word die pos deur F. J. Tromp beklee. In 1919 promoveer hy en 1921 word dr. Tromp as senior lektor aangestel.

Die verdeling van die departement wat al in 1919 deur die Senaat aanbeveel is, kom eers in 1924. Organiese Chemie bly onder prof. D. F. du T. Malherbe en Fisiese Chemie en Tegnologie onder dr. F. J. Tromp wat van 1 April 1924 af tot professor bevorder word. Van 1932 word die departement van prof. Tromp genoem Anorganiese en Fisiese Chemie hoewel sy leeropdrag aangedui word as Fisiese, Tegniese en Anorganiese Chemie.

Volgens Raadsbesluit is die bestaande departement van 1939 af in drie verdeel: prof. Malherbe bly hoof van Organiese Chemie, prof. Tromp behou Fisiese en Tegniese Chemie, terwyl 'n derde departement, Anorganiese en Analitiese Chemie, geskep is met dr. W. E. Schilz (oudstudent), wat van 1922 al aan die departement as dosent verbonde is, as senior lektor en eerste departementshoof.

Professor F. J. Tromp het in Junie 1940 verlof gekry om vir die duur van die oorlog diens te aanvaar as waarnemende direkteur van die Brandstofnavorsingsinstituut. Op 21 Augustus 1941 het hy sy bedanking as professor ingedien na 23 jaar diens as dosent aan die T.U.K. en die Universiteit. Hy het in sy dienstyd as fisiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skeikundige hom oor 'n lang tydperk met navorsing besig gehou. Daarby het hy as dekaan en as Senaatsverteenwoordiger in die Raad gedien.

Aan die einde van 1941 het ook prof. D. F. du T. Malherbe afgetree as hoof van die departement Organiese Chemie. Hy was die laaste van die heel eerste vier Pretoriase T.U.K.-professore wat in Februarie 1908 diens aanvaar het, om die tuig neer te lê. Van die hele geskiedenis van die Universiteit kan hy met reg sê: *magna pars fui.* Hy was steeds die moedige stryder vir wat hy beskou het as die Afrikaner se regmatige aandeel aan die werksaamhede en die beleidsbepaling van Kollege en Universiteit. Vandaar sy rol by die totstandkoming van die Fakulteite Landbou en Godgeleerdheid, die instelling van Opvoedkunde as vak, die vroegste gebruik van Afrikaans as taal by die hoër onderwys in die natuurwetenskappe en ten tyde van die omstrede beleidsverklaring van 1932 toe hy hom onvoorwaardelik geskaar het by die voorstanders van Afrikaans as voertaal.

As opvolger van prof. Malherbe is van Februarie 1942 aangestel dr. H. L. de Waal wat toe reeds met onderskeiding as chemikus aan die K.W.V. in die Paarl en van 1936 as navorser op Onderstepoort gewerk het.

Van 1943 tot die begin van 1959 was as senior lektor aan die departement Organiese Chemie verbonde C. v.d. M. (later dr.) Brink wat van 1959 die professoraat in Chemie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat beklee.

Na die bedanking van prof. Tromp in 1941 het die professoraat in Fisiese Chemie tydelik verval. As departementshoof en senior lektor is in 1942 aangestel F. E. (later dr.) Malherbe wat in 1952 bedank het. Hy is opgevolg deur L. J. le Roux (gepromoveer in 1954) wat van 1948 aan die departement verbonde was. In 1954 is die professoraat in Fisiese Chemie weer ingestel en dr. Le Roux tot professor bevorder. Aan die einde van 1959 het prof. Le Roux bedank toe hy as hoofchemikus by die Raad op Atoomkrag aangestel is.



P. G. GUNDRY (oorl. 1929).

In 1940 is in Anorganiese en Analitiese Chemie 'n professoraat ingestel. Die leerstoel is aan dr. W. E. Schilz, wat van 1939 al departementshoof was, aangebied.

FISIKA (1908)

Die eerste dosent in Fisika was prof. D. F. du T. Malherbe wat gedurende 1908 die vak behartig het.

In Desember 1908 word aan prof. P. G. Gundry van die Royal Agricultural College, Cirencester, Engeland, 'n professoraat in „Mathematics en Physics" in Pretoria aangebied. Tot 1912 word Wiskunde en Fisika in een departement saamgevoeg. Daarna is prof. Gundry slegs hoof van die departement Fisika.

Die departement het ook in 1911 van die ou Staatsgimnasiumgebou verhuis en is saam met Skeikunde in die suidervleuel van die kleiner gebou agter die Ou Letteregebou gehuisves, destyds bekend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

as die „Science Block". Toe in 1925 die nuwe Wetenskapgebou — tans bekend as die Ou Wis- en Natuurkundegebou — klaargekom het, het Fisika daarheen oorgetrek en tot 1954 daar gebly.


Prof. Gundry se diens aan die T.U.K. is gedurende die Eerste Wêreldoorlog van 1915 tot 1919 onderbreek, toe hy by die Uniemagte aangesluit het wat in Duits-Suidwes-Afrika opgetree het. Later het hy ook in Europa oorlogsdiens gedoen. In 1919 word hy die Fakulteit se eerste dekaan en in Desember 1927 vertrek prof. Gundry met verlof na Engeland. Hier word hy in 1928 ernstig siek. Hoewel hy later in die jaar terugkeer, het hy blykbaar nooit weer heeltemal herstel nie. In September 1929 is hy oorlede. Prof. Gundry was 'n gewillige dienaar van die T.U.K., 'n gewaardeerde kollega en 'n nuttige mens.

As sy opvolger is van 1930 af aangestel dr. J. S. van der Lingen, senior lektor in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Kaapstad.

Prof. Steph. van der Lingen was bestemd om in sy dienstyd van twintig jaar een van die kleurvolle professore-karakters van die Universiteit te word wie se grappe en gesegdes nog onder sy oudstudente voortleef. Hy was al 'n ervare dosent toe hy na Pretoria gekom het. Sy onderwysloopbaan het hy as onderwyser op Cradock en Kroonstad begin; in Amerika was hy lektor in Biofisika en daarna het hy dosent in Kaapstad geword. As departementshoof was hy 'n simpatieke mens teenoor kollegas en studente en as dosent lewendig in sy voordrag.

Aan die interne politiek van die Universiteit het hy van 1930 dadelik 'n aandeel gehad as voorstander van Afrikaanswording. Vir sy saak was hy 'n meedoënlose vegter en het hy dus dikwels venynige vyande geskep.

Hoewel hy 'n verbasende kennis van fundamentele, klassieke Fisika gehad het, het hy hom moeilik aangepas by die nuwe tydperk van die Fisika wat begin het juis toe hy na Pretoria gekom het. Daarom het sy laaste jare byna ontaard in 'n stryd teen die moderne ontwikkelings in die Fisika waarin hy oppervlakkigheid en onvolledigheid beklemtoon het.



V. Voss (geb. 1894).

Dat navorsingswerk in sy tyd nie altyd na wens gevlot het nie, moet egter in groot mate toegeskryf word aan beperkte middele en apparaat, 'n toestand wat eers in die na-oorlogse jare met die stigting van die W.N.N.R. verander is.

Prof. Van der Lingen is op 29 Junie 1950 skielik oorlede. As sy opvolger is van die begin van 1951 aangestel prof. dr. H. Verleger wat sedert 1941 professor in Fisika in Tübingen, Duitsland, was en van 1949 aan die W.N.N.R. verbonde was. Prof. Verleger het hom na sy aanstelling veral beywer om vir die departement doelmatige huisvesting te vind en aan die einde van 1954 kon die verhuising begin na die huidige gebou vir Wis- en Natuurkunde.

As senior lektor in die departement

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fisika het dr. Vivian Voss aan die end van 1954 afgetree by die bereiking van die ouderdomsgrens. Hy was een van die vroeë T.U.K.-studente wat, nadat hy in die V.S.A. gepromoveer het, van 1919 al aan sy Alma Mater verbonde was. In 1920 word hy as lektor aangestel en in die volgende 34 jaar het hy by verskillende geleenthede as departementshoof waargeneem. Hy het in albei wêreldoorloë gedien en met onderskeiding in die Tweede Wêreldoorlog. Na sy aftrede het hy tydelik nog tot 1956 in die departement aangebly.

Dr. J. H. van der Merwe, senior lektor in Teoretiese Fisika, is van die begin van 1957 bevorder tot medeprofessor.

WISKUNDE (1908)

Teen wil en dank moes prof. D. F. du T. Malherbe in 1908 naas Chemie, Fisika en Geologie ook Wiskunde behartig. Dit was onmoontlik en in 1908 is Wiskunde gedoseer deur J. T. Thomas, onderwyser aan die Boys' High-skool en dr. H. G. Breyer wat die vak ook in Johannesburg gegee het. Spoedig is daar sprake van 'n aparte leerstoel vir Wiskunde maar voorlopig besluit die Raad om net lektore aan te stel; die eerste was A. H. T. Muller, 'n Deen wat van 1909 tot 1911 diens gedoen het.

Met die aanstelling van prof. P. G. Gundry in 1909 word Wiskunde by sy departement Fisika ingedeel. In 1910 word E. T. G. Sherwood (later professor) as lektor in Fisika benoem, maar dit is duidelik dat hy hoofsaaklik Wiskunde en Toegepaste Wiskunde gedoseer het.

Op aandrang van prof. Gundry is in 1912 besluit om 'n leerstoel in Wiskunde aan te vra. Toe die eerste keuse die pos nie aanvaar nie, is dit aangebied aan A. E. du Toit wat destyds lektor aan die Victoria-kollege op Stellenbosch was. Van die begin van 1913 word hy professor in Wiskunde terwyl Toegepaste Wiskunde nog by Fisika geklassifiseer word.

Toe prof. Du Toit in 1929 aangestel word as rektor (nadat hy reeds in 1928 waarnemende rektor was) word J. P. Duminy wat al in 1923 as lektor in die departement aangestel is, professor en waarnemende hoof van die departement tydens prof. Du Toit se afwesigheid tot 1934.

Met die terugkeer van prof. A. E. du Toit na die departement aan die begin van 1935 het prof. Duminy gedurende 1935 opgetree as hoof van die departement Toegepaste Wiskunde. In 1936 is 'n tweede professoraat in Suiwer Wiskunde geskep wat aan prof. Duminy aangebied is.

In die begin van 1938 moes prof. Du Toit sy pos neerlê, omdat hy hom in die algemene verkiesing van daardie jaar kandidaat wou stel in Wonderboom-kiesafdeling. Hy het as kandidaat vir die „Gesuiwerde" Nasionale Party met enkele stemme op 18 Mei 1938 die onderspit gedelf en daarna nie weer na die akademiese lewe teruggekeer nie. In Natal het hy as boer nog aan die politiek deelgeneem tot sy dood op sy plaas by Bloedrivier op 12 Julie 1942.

Met die uittrede van prof. Du Toit het prof. Duminy in Junie 1938 weer hoof van die departement Suiwer Wiskunde geword. In September 1938 is oorgegaan tot die skepping van 'n professoraat in Handelswiskunde en Statistiek waarin dr. B. de Loor van die begin van 1939 benoem is.

Prof. J. P. Duminy wat 18 jaar die T.U.K. en die Universiteit gedien het en in die interne aangeleenthede 'n aktiewe aandeel gehad het, veral in die krisisjaar 1932 en daarna toe hy hom by die anti-A. E. du Toitgroep geskaar het, het aan die einde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 1941 bedank om hoof van die Pretoriase Tegniese Kollege te word; in 1957 word hy Prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad.

Sy opvolger was dr. J. S. de Wet van die Universiteit van Kaapstad wat van 1942 professor en hoof van die departement was tot 1946 toe hy bedank het om 'n navorsingsprofessoraat in Oxford te aanvaar.

Van Augustus 1946 is as professor aangestel C. Jacobsz, destyds verbonde aan die S.A. Yster- en Staalkorporasie. Prof. Jacobsz het benewens sy pligte in die departement ook na die dood van H. W. Bateman aan die einde van 1950 as Tegniese Adviseur en hoof van die Tegniese Afdeling tot die middel van 1952 waargeneem. Daarna het hy in die beplanning vir die Ingenieursfakulteit en die oprigting van die eerste deel van die Ingenieursgebou in 1956 'n baie belangrike aandeel gehad. Prof. Jacobsz het aan die einde van 1956 bedank om 'n senior ingenieurspos by die S.A. Yster- en Staalkorporasie te aanvaar.

As sy opvolger is P. J. Zietsman (oudstudent) wat as tydelike lektor sedert 1942 en permanent van 1946 in die departement diens doen, tot medeprofessor van die begin van 1957 bevorder. Om praktiese oorwegings sou prof. B. de Loor voorlopig as waarnemende departementshoof optree. In 1958 is ook dr. F. J. Terpstra (wat van 1955 lektor en van 1957 senior lektor was) tot medeprofessor bevorder. Hy het aan die einde van 1958 bedank om 'n professoraat in Pietermaritzburg te aanvaar.

Van April 1959 het prof. Zietsman volle professor en hoof van die departement Wiskunde geword.

GEOLOGIE (1908)

Aardkunde as vak is een van die oorspronklikes in die Transvaalse hoër onderwys. Reeds in die dae van die Republiek het meester W. Louis van Pretoria sy leerlinge aan die Oefenschool na 1883 spesiaal in die Geologie onderrig. In 1897 was dit een van die vakke aan dr. Breyer se Staatsmijnschool in Pretoria. Met die oprigting van die Transvaal Technical Institute in 1903 het Geologie 'n prominente plek in die Johannesburgse leergange gehad en is vanselfsprekend ook in Pretoria in 1908 ingevoer.


Prof. D. F. du T. Malherbe moes van 1908 Geologie behartig. Daarvoor was hy ook opgelei en hy het sy eie versameling minerale en gesteentes wat hy uit Europa saamgebring het met hom na Pretoria gebring.

Daar was aanvanklik sewe studente. Gereelde lesings kon egter eers in 1909 ingestel word, toe die Kollege na die Gimnasiumgebou verhuis het. Dáár was die Departement van Mynwese se museumversameling bowendien gehuisves en dit kon vir die onderwys gebruik word. As lektor het dr. Izak Celliers in 1909 opgetree. Ná hom is dr. L. C. de Villiers as lektor van 8 Maart 1910 aangestel. Hy word in 1920 tot professor bevorder.

In 1911 het die departement sy intrek geneem in wat nou die Ou Letteregebou is en aan die begin van 1925 verhuis die departement weer na wat tans die Ou Wis- en Natuurkundegebou is. Daar sou dit aan die oostekant op die eerste verdieping ruim dertig jaar lank bly tot die Geologievleuel van die huidige Wis- en Natuurkundegebou in 1956 voltooi is.

Van die begin van 1936 is die departement in twee verdeel. Prof. L. C. de Villiers het hoof geword van die departement Stratigrafie en Paleontologie, terwyl dr. D. L. Scholtz (wat al van 1924 as dosent aan die departement Geologie verbonde was) bevorder is tot professor van 'n nuwe departement, Mineralogie en Petrografie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



L. C. DE VILLIERS (1882 — 1958).

Prof. Scholtz het in 1937 bedank om 'n professoraat op Stellenbosch te aanvaar. As sy opvolger is van September 1937 aangestel dr. B. V. Lombaard (oud-student) van die Geologiese Opname in Pretoria.

In 1947 het prof. „L. C." na meer as 37 jaar diens die tuig neergelê. Paslik is dit dat hy na sy aftrede op dubbele wyse gehuldig is: eerstens as geoloog deur die vernoeming in 1955 van die „L. C. de Villiers-museum" vir Geologie in die nuwe Geologievleuel; tweedens, as sportman vir wat hy in belang van Tukkiesport oor baie jare heen gedoen het deur die vernoeming deur Raadsbesluit van die „L. C. de Villiers-sportstadion" in Junie 1959.

Louis Celliers de Villiers is op 9 Oktober 1958 in Pretoria oorlede.

Prof. B. V. Lombaard word in 1947 hoof van die departement Geologie. In Junie 1952 bedank hy om in diens van 'n groot bedryfsonderneming te tree. In sy dienstyd het hy met groot ywer gewerk en voortreflike dienste gelewer wat deur die Universiteit erken is deur die vernoeming van 'n lesingsaal in die nuwe Geologievleuel na hom. In universiteitsake het hy in die jare veertig 'n invloedryke rol gespeel as uitgesproke ondersteuner van die rektor, prof. M. C. Botha, en as Senaatsverteenwoordiger op die Raad.


By die benoeming van prof. Lombaard in 1937 was indertyd al dr. J. Willemse (oudstudent), ook van die Geologiese Opname, die tweede keuse. Hy word van 1 Julie 1952 as professor aangestel.

DIERKUNDE (1909)

Dierkunde en Plantkunde was aanvanklik een departement en in 1909 is vir die eerste keer in die twee vakke les gegee deur A. J. T. (later dr.) Janse, dosent aan die Normaalkollege, wat tydelik deur die Transvaalse Onderwysdepartement afgestaan is. Die eerste voltydse dosent was H. A. Wager uit Engeland, wat in 1910 diens aanvaar het as lektor en in 1913 tot professor bevorder is.

Na herhaaldelike vertoë is in 1914 van die minister toestemming gekry om 'n lektor in Dierkunde aan te stel wat ook bekwaamheid in Plantkunde het. Deur verskillende omstandighede is die besetting van die pos tot 1916 vertraag, toe C. G. S. (Con) de Villiers (later professor op Stellenbosch) aangestel is, agtereenvolgens as demonstrateur, assistent-lektor en lektor in Dierkunde en in 1917 as onafhanklike lektor, toe Dierkunde en Plantkunde geskei is. Reeds in 1917 het die Raad besluit om 'n professoraat in Dierkunde by die minister aan te beveel, maar dit word eers in 1919 goedgekeur. Intussen het C. G. S. de Villiers twee jaar verlof gevra om oorsee te gaan studeer. Omdat sy pos na die aanstelling van 'n professor nie gewaarborg kon word nie, het hy in Januarie 1920 bedank.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



D. E. MALAN.

Die departement was tot ongeveer 1920 in die Ou Letteregebou gehuisves. Daarna het dit na die Ou Chemiegebou getrek, toe na die Landbougebou en uiteindelik na die eerste verdieping van die huidige Ou Wis- en Natuurkundegebou waar dit mettertyd meer ruimte toegestaan is.

As professor in Dierkunde is in 1920 aangestel dr. D. E. Malan wat voor die tyd lektor in Entomologie in die Landboufakulteit was.

Na 'n dienstyd van 35 jaar het prof. D. E. Malan in 1954 afgetree. In die jare wat hy aan die T.U.K. en die Universiteit verbonde was, het hy diens op baie terreine gelewer. Hy was dekaan van sy Fakulteit en verteenwoordiger van die Senaat op die Raad, lid van verskeie komitees, onder andere die Argeologiese Komitee wat van 1933 die Mapungubweopgrawings aangepak het, enkele jare voorsitter van die Biblioteekkomitee, lid en voorsitter van die Raad van Kuratore van die Transvaalse Museum en 34 jaar lank lid van die Raad van die Nasionale Dieretuin. As dosent was sy deeglikheid spreekwoordelik en as mens sal sy voortreflike hoedanighede lank onthou word deur diegene met wie hy in aanraking gekom het.

Prof. Malan het nog in tydelik-voltydse kapasiteit tot die einde van 1954 diens gedoen. Sy opvolger van 1 Julie 1954 was dr. F. C. Eloff (oudstudent) wat aan die departement van 1943 as lektor verbonde was.

In die departement dien D. J. Malan (oudstudent) as lektor van 1922 en as senior lektor sedert 1934.

PLANTKUNDE (1909)

Van 1909 tot 1917 loop die geskiedenis van die departement Plantkunde, soos reeds vermeld, saam met dié van Dierkunde. Prof. H. A. Wager het na veertien jaar diens in 1923 bedank. Tot die aankoms van sy opvolger is die doseerwerk behartig deur B. Elbrecht as lektor en prof. J. M. Hector van die destydse departement Landbouplantkunde in die Landboufakulteit.

Van 1924 word as professor aangestel C. E. B. Bremekamp, privaatdosent aan die Universiteit van Amsterdam, wat na sy opleiding in Utrecht ervaring in sy vak in Indonesië opgedoen het.

Die professoraat is van 1926 genoem die Louis Bothaleerstoel vir Plantkunde, omdat genl. Smuts vir dié doel £3,000 uit die nalatenskap van genl. Botha wat vir onderwys bedoel was, en waaroor hy beskik het, aan die T.U.K. geskenk het.

Prof. C. E. B. Bremekamp het op 7 September 1931 sy bedanking ingedien nadat hy geprotesteer het teen die voorgestelde verkleining van sy departement as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

depressie-besparingsmaatreël. Gelyktydig met prof. Bremekamp het ook dr. H. G. W. J. Schweickerdt as lektor bedank.

Sedert hy prof. Wager in 1924 opgevolg het, het prof. Bremekamp as wetenskaplike werk van hoogstaande gehalte gelewer. Sy navorsing en publikasies was steeds op besonder hoë peil. Verskeie van sy oudstudente het bekende figure op hul vakgebied geword en die professorate in die departement is sedert 1944 deur twee van sy studente beklee. Hy is tans in Nederland nog aktief werksaam in sy vak.



B. ELBRECHT (1883 — 1954).

As departementshoof het dr. B. Elbrecht na die vertrek van prof. Bremekamp opgetree. Hy was Nederlander van geboorte wat na onderwyservaring in Gorinchem en elders dosent by die Normaalkolleges op Heidelberg en Pretoria was. Van 1923 af was hy aan die T.U.K. verbonde, na 1926 as senior lektor. Nadat die professoraat 'n ruk vakant was, word dr. Elbrecht van die begin van 1934 tot professor bevorder.

In teenstelling met sy voorganger wat navorser by uitnemendheid was, het by prof. Elbrecht die nadruk op die empiriese geval. Die versameling van plante het 'n oorheersende drang by hom geword. Die oes van die insameling het veelal in rotstuine 'n plek gevind wat 'n uitgestrekte deel van die Universiteitsterrein beslaan het en waarvan nou nog die deel tussen die Plantkundegeboue en die Administrasiegebou oorbly. Ook die verskeidenheid struike en bome in hierdie deel van die Universiteitsterrein is nog deur hom geplant.

Terselfdertyd het prof. Elbrecht die kuns verstaan om vir sy departement geld in te samel vir 'n eie Plantkundegebou. Teen 1936 begin hy vertoë rig vir die oprigting van die gebou. Dit word in 1940 voltooi en betrek, en daarmee is een deel van sy strewe vervul. Vir Plantfisiologie moes nog in die toekoms aparte voorsiening kom. Prof. Barend Elbrecht het in 1944 afgetree en is op 2 Oktober 1954 oorlede.

Van April 1944 is as professor en hoof van die departement Plantkunde aangestel dr. Margaretha G. Mes (oudstudente) wat van 1932 as lektrise en van 1934 as senior lektrise aan die departement verbonde was. Sy was die tweede dame (die eerste oudstudente) wat as professor aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.

Prof. Mes het haar na haar aanstelling in die besonder beywer om 'n Plantfisiologiese Navorsingsinstituut tot stand te bring. Deur haar volhardende optrede en oortuigingswerk is met verloop van tyd verskeie geldelike toekennings van goedgesinde organisasies verkry. In 1949 word met die bouwerk begin en van 1950 begin die Navorsingsinstituut vir Plantfisiologie funksioneer, die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Die verdere ontwikkeling daarvan is in 1949 grootliks bespoedig deur 'n skenking uit die boedel van wyle dr. Bertha Stoneman (in lewe plantkundige en hoof van die Hugenote-universiteitskollege op Wellington).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



MARGARETHA G. MES (1905 — 1959).

Hoewel die Bertha Stonemanfonds nie voldoende daarvoor was nie, het die Raad van die begin van 1952 in die departement 'n tweede professoraat geskep, die Bertha Stonemanleerstoel in Plantfisiologie met prof. M. G. Mes as eerste bekleedster en hoof van die Plantfisiologiese Navorsingsinstituut wat in 1953 finaal voltooi is.

Prof. Mes het ten spyte van ernstige ongesteldheid en afnemende kragte haar werk in verband met die Instituut met volharding voortgesit tot haar dood op 25 Julie 1959. Na haar heengaan het die Universiteit besluit dat die Instituut waaraan sy haar kragte deur lange jare heen gewy het die Margaretha Mes-instituut vir Plantfisiologiese Navorsing sal heet.

As waarnemende departementshoof van die departement Plantfisiologie tree van Julie 1959 op dr. N. Grobbelaar (oudstudent) wat as senior lektor van 1955 aan die departement verbonde is.

As professor in die Algemene Plantkunde en bekleër van die Louis Bothaleerstoel is van die begin van 1952 aangestel dr. H. G. W. J. Schweickerdt. Prof. Schweickerdt (oudstudent) was van 1928 tot 1931 lektor onder prof. Bremekamp en daarna het hy as plantkundige tot 1940 verskeie poste in Suid-Afrika en te Kew, Londen, beklee voordat hy in 1944 weer na dertien jaar na die departement teruggekeer het.

TOEGEPASTE WISKUNDE (1910)

Aanvanklik was Toegepaste Wiskunde 'n afdeling van die departement Fisika en Wiskunde. Sedert 1913, toe Wiskunde 'n aparte departement geword het, word melding gemaak van die departement Fisika en Toegepaste Wiskunde, onder prof. P. G. Gundry. Die dosent in laasgenoemde vak was E. T. G. Sherwood wat in 1910 as lektor aangestel is. In 1915 is 'n voorstel van prof. Gundry dat Sherwood in volle beheer van die departement Toegepaste Wiskunde geplaas moet word deur die Raad goedgekeur, maar dit is eers in 1917 dat dit as 'n aparte departement aangedui word. In 1921 is Sherwood bevorder tot senior lektor en in 1924 tot professor in Toegepaste Wiskunde.

Op 11 Augustus 1932 is prof. Ernest Thomas Garton Sherwood skielik oorlede. Sy naam moet gereken word onder die kleurvolle karakters wat in dankbare herinnering gehou word. In die Sterrekunde (wat na 1924 deel van sy leeropdrag was) het hy besonder belang gestel en vir hom 'n klein sterrewag met teleskoop in 'n sinkhuisie opgerig wat jare lank en tot na sy dood gestaan het waar die Merenskybiblioteek nou is. In die beginjare van Prospecttehuis en Kollegetehuis was hy die gewilde huisvader. Hy was steeds die joviale, innemende mens sonder vyande en met baie vriende wat hom met menslike gebreke en al aanvaar het. As dosent was hy een van dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat in die stilligheid soms oneindig meer gedoen het as wat van hom verwag is, sonder om aan loon of erkenning te dink.

Die professoraat het na prof. Sherwood se dood tydelik vakant gebly. Aan die begin van 1933 is S. M. Langerman aangestel as senior lektor en enigste dosent in Toegepaste Wiskunde. Hy is van 1930 as tydelike lektor in Suiwer Wiskunde aangestel in die plek van prof. Duminy wat op sy beurt in die professoraat van die rektor, prof. A. E. du Toit, diens gedoen het. Na die dood van prof. Sherwood is mnr. Langerman na die departement Toegepaste Wiskunde oorgeplaas en die departement gedurende sy proeftydperk vir twee jaar onder die departement Fisika gestel.



E. T. G. SHERWOOD (oorl. 1932).

Met die terugkeer van prof. A. E. du Toit aan die begin van 1935 was daar nog nie 'n tweede professoraat in Wiskunde ingestel nie en die enigste uitweg om prof. Duminy se dienste as dekaan met setel in die Senaat te behou, was om hom formeel hoof van die departement Toegepaste Wiskunde te maak ooreenkomstig Klousule 8, par. 1(e) van Wet No. 13 van 1930, terwyl mnr. Langerman al die werk in die departement gedoen het. In 1936 is aan prof. Duminy die tweede professoraat in Suiwer Wiskunde aangebied en het mnr. Langerman departementshoof van Toegepaste Wiskunde geword. In Junie 1936 het hy egter bedank.

Hy is in 1937 opgevolg as departementshoof en senior lektor deur dr. W. F. Beezhold (oudstudent). Eers in Mei 1941 is die professoraat in Toegepaste Wiskunde weer ingestel en aan dr. Beezhold aangebied wat dit sedertdien beklee.

HUISHOUDKUNDE EN DIEETKUNDE (1927)

Die instelling van 'n departement Huishoudkunde was al in 1917 ter sprake. 'n Vroue-organisasie is gevorm onder voorsitterskap van lady Van Boeschoten, eggenote van die voormalige burgemeester, sir Johannes van Boeschoten. Hierdie dames het £1,500 byeengebring vir die sogenaamde „Million Shilling Fund" om huishoudkundige opleiding aan die T.U.K. aan die gang te sit.

Eers in 1927 is binne die Fakulteit Landbou 'n Huisvlytkeuse ingestel wat aanvanklik sou lei tot die B.Sc. (Agric.)-graad of 'n Diploma in Huishoudkunde. As lektrise en eerste hoof van die departement is mej. M. J. Davidtsz met ingang 1 September 1927 aangestel. Mej. Davidtsz het na universitêre opleiding in Kanada en die Columbia-universiteit sedert 1923 in Transvaal huisvlytvoorligting waargeneem. Sy het spoedig na haar aanstelling senior lektrise geword. Diplomas in Huishoudkunde en 'n Onderwyskeuse (0.2) is ingestel asook die graad B.Sc. (Huishoudkunde). Daarby kom in 1935 die graadkursus B.Sc. (Huishoudkunde) met Onderwyskeuse en 'n vierjarige graadkursus in Dieetkunde wat van 1946 aangebied word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Intussen is mej. Davidtsz in 1935 tot professor bevorder — die eerste dame van die drie wat tot hede hierdie rang aan die Universiteit sou beklee.

Toe die Fakulteit Landbou in Januarie 1940 by die Departement van Landbou „ingelyf" is, het die departement Huishoudkunde verkies om buite te bly en is dit as selfstandige departement voortaan by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde ingedeel.

Prof. Jess Davidtsz het aan die einde van 1951 afgetree na 'n dienstydperk van 24 jaar waarin sy die grondslag gelê het van 'n departement wat onder andere die eerste dieetkundiges in Suid-Afrika opgelei het.

As senior lektrise en waarnemende departementshoof is van die begin van 1952 aangestel mej. E. M. Ackermann (oudstudente) wat van 1945 as lektrise in die departement opgetree het en daarna vir voortgesette studie in die V.S.A. was. In 1954 is mej. Ackermann as departementshoof aangestel.



MEJ. M. J. DAVIDTSZ.

ARGITEKTUUR EN BOUREKENKUNDE (1929, 1943)

Kursusse in Argitektuur en Bourekenkunde (Bestekopname) het aan die T.U.K. begin met die aanstelling van H. Bell-John op 18 April 1929 as hoof van die departement met die rang professor op deeltydse basis en onderworpe aan jaarlikse heraanstelling.

Die instelling van hierdie departement was die uitvloeisel van die optrede van die Sekretaris van Onderwys (destyds dr. S. F. N. Gie) wat op 5 Maart 1929 in 'n memorandum die wenslikheid gemotiveer het dat kursusse vir die opleiding van argitekte en bourekenaars voortaan 'n funksie van die universiteite moes wees en nie van tegniese kolleges nie.

So is na onderhandeling met die Departement van Unie-onderwys die klasse in argitektuur en bourekenkunde van die Pretoriase Tegniese Kollege na die T.U.K. verskuif op voorwaarde dat opleiding in samewerking met die Universiteit van die Witwatersrand sou plaasvind. Aanvanklik is 'n driejarige diplomakursus in Bourekenkunde (in 1931 tot vier jaar verleng) en 'n vyfjarige diplomakursus in Argitektuur aangebied.

In 1931 het onderhandelings plaasgevind tussen die Universiteit, verteenwoordigers van die Universiteit van die Witwatersrand en van die Sentrale Raad van die S.A. Instituut van Argitekte en Bourekenaars. Die resultaat was eie instelling van twee stelle kursusse: B.(Arch.), M.(Arch.) en Dip. (Arch.) vir Argitektuur en B.Sc. (Q.S.), M.Sc. (Q.S.) en Dip. (Q.S.) vir Bourekenkunde (Kwantiteitsopname) en 'n ooreenkoms aan die einde van 1931 dat grade en diplomas in Bourekenkunde alleen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deur die Universiteit van Pretoria en grade en die diploma in Argitektuur alleen deur die Universiteit van die Witwatersrand toegeken sou word. Opleiding kon oor en weer in albei afdelings vir die eerste twee studiejare plaasvind. Hierdie „gentleman's agreement" sou van 1932 af geld.

In 1933 is in Pretoria die eerste vyf deeltydse dosente (die meeste praktiserendes) aangestel. Die eerste B.Sc. (Q.S.)-graad is met die Desembergradedag in 1933 in Pretoria aan T. H. Louw toegeken. In 1938 word T. H. Louw (oudstudent) deeltydse dosent in Bourekenkunde, die eerste wat aan die moeilike en langdurige taak van die verafrikaansing van die departement kon begin werk.

Weens die wêreldtoestand het die Raad in 1940 besluit om die ooreenkoms met Johannesburg nog tot aan die einde van 1942 te handhaaf hoewel die begeerte al lank sterk was om in Pretoria 'n eie, voltydse professor in Argitektuur te hê. Die Raad het op 28 Mei 1942 besluit om die ooreenkoms met die Universiteit van die Witwatersrand op te sê en voortaan ook self die grade en diploma in Argitektuur toe te ken.

Prof. Bell-John se aanstelling is verskeie kere verleng, die laaste keer tot die einde van 1942. Hy sou in tydelike hoedanigheid weer in 1943 'n semester diens doen maar is op 24 Desember 1942 oorlede. Van die begin van 1943 kry die argitekskool in Pretoria as selfstandige departement in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde 'n aparte bestaan. As eerste professor en hoof van die departement Argitektuur en Bourekenkunde is A. L. Meiring, praktiserende argitek, van 1 Maart 1943 af aangestel. Bourekenkunde is 'n afdeling met T. H. Louw as senior lektor en hoof van 1943 af.

Onder die Fakulteit ressorteer ook die volgende departemente waarvan die ontstaan en geskiedenis vermeld word by ander fakulteite: *Anatomie* en *Fisiologie* (Geneeskunde), *Entomologie* (Landbou), *Statistiek* (Handel en Publieke Administrasie) en *Aardrykskunde* (Lettere en Wysbegeerte).

LANDBOU

DIE GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT

DIE T.U.K.-TYDPERK: 1916—1930

GENERAAL LOUIS BOTHA se persoonlike bemoeiing as Eerste Minister en Minister van Landbou in die Kolonie Transvaal sedert 1907 om 'n inrigting vir hoër landbouopleiding in Transvaal gestig te kry, het die gevolg gehad dat daar in Wet No. 2 van die Transvaalse Parlement in Mei 1910 voorsiening gemaak is vir 'n landboukollege in Transvaal. Die som van £100,000 is toe deur die parlement toegestaan en die Stadsraad van Pretoria het 'n terrein van 100 morg daarvoor in Groenkloof beskikbaar gestel met die belofte van nog 50 morg later.

Hierna het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom en het ander omstandighede voorlopig die aandag van die saak afgelei. Die £100,000 het egter nie verval nie, ook nie die terreinaanbod van die Stadsraad nie. Die idee het net wyer betekenis gekry. Tot op hierdie stadium was die gedagte nog net 'n selfstandige „landboukollege"; daar is gepraat van 'n „nasionale landbouskool" met universitêre status. Maar gaandeweg het die plan ontstaan om so 'n kollege by 'n universiteitsinrigting in te lyf. Dit was die algemene ontwikkeling in Amerika, aldus verskeie persone met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kennis van sake. Dit was dus vanselfsprekend dat daar aan die T.U.K. daaraan gedink sou word om die inrigting erfgenaam te maak van die landboukollege wat Wet No. 2 van 1910 in die vooruitsig gestel het en ook van die £100,000 wat daarmee saamgegaan het.

In 1912 word die moontlikheid van 'n Landboufakulteit vir die eerste keer deur die Senaat by die Raad geopper. Hoewel die Raad hom gunstig hieroor uitgelaat het, duur dit tot Mei 1914 voor 'n gesamentlike komitee van Raad en Senaat benoem word om die moontlikheid van hoër landbou- en veeartsenykundige opleiding te ondersoek. 'n Jaar later word 'n verdere stap gedoen juis toe daar vertoë tot die Departement van Onderwys gerig is om landboufakulteite aan die Victoria-kollege, Stellenbosch, en die T.U.K. en moontlik ook aan ander universiteitskolleges te stig.

Die stigting van 'n Universiteit van Suid-Afrika as plaasvervanger van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was naamlik toe in die wordingstadium. Daar is 'n konferensie van afgevaardigdes in Kaapstad belê en die afgevaardigdes van die T.U.K. kry spesiaal opdrag van die Kollegeraad om die saak met die Minister van Onderwys te bespreek. Dit het nou veral dringend geword aangesien die Johannesburgse School of Mines pogings aangewend het om 'n landboukollege te ontwikkel op die plaas Frankenwald wat deel van die Beitskenking was.

'n Spesiale onderkomitee bestaande uit die raadslede dr. J. E. Adamson, mnr. T. N. de Villiers en dr. H. P. Veale word terselfdertyd benoem „to press the matter of a Faculty of Agriculture as already recommended to the Minister."

Minister F. S. Malan het hom gunstig uitgelaat oor die wenslikheid van 'n Landboufakulteit aan die T.U.K. Hierna het die Kollege daarop aangedring dat daar 'n gesamentlike aksie moet uitgaan van die Kollegeraad, die Stadsraad van Pretoria, die Pretoriase Landbougenootskap en vooraanstaande persone. Inderdaad kan gesê word dat die Fakulteit eventueel tot stand gekom het as gevolg van 'n gesamentlike Pretoriase aksie waarin die aandeel van die Stadsraad nie hoog genoeg aangeslaan kan word nie.

Onder die pleitbesorgers vir 'n Landboufakulteit aan die T.U.K. was veral prof. D. F. du T. Malherbe besonder geesdriftig. In een van sy uitvoerige memoranda lê hy in April 1916 veral klem op die feit dat onmiddellik opgetree moet word. Die posisie word toe as gunstig gesien aangesien die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika dit voorgestel het, die minister dit goedgesind was, die Pretoriase Stadsraad daaroor in onderhandeling met die Regering was, en die £100,000 ook nog beskikbaar was.

As bykomstige argument is daarop gewys dat daar sedert 1915 alreeds 'n student die landboukollege se kursus volg. In 1917 was vyf in die eerste jaar, een in die tweede jaar en een in die derde jaar. Die eerste student in Landbou is reeds in 1915 ingeskryf. Hy was J. J. Theron, die latere professor en dekaan van die Fakulteit.

In 1916 verskyn daar weer 'n gesamentlike afvaardiging van die Kollegeraad en die Stadsraad (gelei deur burgemeester C. W. Giovanetti) voor die Ministers van Onderwys en Landbou. Die burgemeester het meegedeel dat die Stadsraad van Pretoria bereid was om 'n meer geskikte stuk grond as dié by Groenkloof vir 'n landbouproefplaas beskikbaar te stel, naamlik die sogenaamde „Donkiekamp," tussen Meintjeskop en die Apiesrivier, die terrein waarop vandag onder andere die Algemene Hospitaal en die geboue van die Fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde staan.

Die Stadsraad het ook 'n stuk grond wat aan die noordekant van die T.U.K.-terrein gegrens het vir 'n opleidingsgebou aangebied. Die voorsitter van die Kollege-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

raad, sir Johannes Wessels, het by dié geleentheid 'n besondere sterk pleidooi gelewer ten gunste van landbouonderwys wat by 'n universiteitsinrigting ingeskakel is en nie los daarvan behoort te staan nie.

Die uitslag van die onderhoud was 'n verklaring van regeringskant „that the Government is prepared to see a beginning made as early as possible and to consider the necessary provision on the Estimates for the next ensuing financial year."

As voorlopige „organizing committee" vir die voorgestelde fakulteit het die ministers aan die hand gedoen: sir Johannes Wessels (sameroeper), prof. Paterson, prof. D. F. du T. Malherbe, die burgemeester, die Sekretaris van Landbou en die Sekretaris van Onderwys. Op aanbeveling van hierdie komitee word drie professorate, naamlik in Landbou, Landbouskeikunde en Landbouplantkunde ook ingestel. Op 20 Januarie 1917 is 'n Landboufakulteit aan die T.U.K. formeel erken as die wetlike opvolger van die Transvaalse Landboukollege wat Wet No. 2 van 1910 in die vooruitsig gestel het.

Die stuk grond wat aan die Kollegeterrein gegrens het en wat deur die Stadsraad aan die T.U.K. belowe is vir die nodige opleidingsgebou vir die Landboufakulteit is eers in November 1921 (na die Landbougebou reeds klaar was) finaal aan die T.U.K. oorgemaak. Dit het bestaan uit twee gedeeltes wat saam die gebied beslaan wat tans die gedeelte van die hoofterrein is wat noord van die pad tussen die Kollegetehuis en die Administrasiegebou en tot aan Burnett- en Roperstraat lê. Dit is geskenk op voorwaarde dat die terrein net vir opvoedkundige doeleindes gebruik word en en dat binne vyf jaar vanaf 9 Julie 1918 geboue ter waarde van ten minste £20,000 daarop opgerig word. Amptelik is die Landbougebou eers in November 1921 in gebruik geneem, maar van die begin van daardie jaar is dit reeds betrek. Met sy uitbreidings doen die gebou in 1960 nog diens om die meeste departemente van die Landboufakulteit te huisves, hoewel die toekomsplanne op 'n algehele verskuiwing van die hele Fakulteit en streeksorganisasie van die hoofterrein af dui.

Teen 1925 was die Fakulteit reeds met behulp van die skenking van £100,000 van die Transvaalse Regering, 'n stadsraadskenking van £25,000 (ten opsigte van Prinshof en Donkiekamp) en £10,820 aan rente op bogenoemde kapitaalskenkings gevestig.

Die Fakulteit is aanvanklik saam met die res van die Universiteit deur die Departement van Onderwys gesubsidieer, maar die unieke vereistes van die Fakulteit, wat in ieder geval veel nouer met die Departement van Landbou verbonde was, het daartoe gelei dat die destydse dekaan (prof. A. M. Bosman) reëlings getref het om van 1922 af die fondse van die Landboufakulteit direk van die Departement van Landbou by wyse van 'n „Block Grant" aan die hand van 'n begroting wat jaarliks aan die Sekretaris van Landbou voorgelê is, te verkry.

Die inkomste van die Proefplaas wat in 1920 aangekoop is en waarvan hierna die geskiedenis vermeld word, het in goeie jare tot oor die £2,000 beloop. Hierdie opbrengs, die wins op die verkoop van suiwelprodukte en studentegelde is by die jaarlikse begroting gereken. Die Fakulteit het dikwels egter in finansiële moeilikhede beland want plaasinkomste was erg wisselvallig as gevolg van droogtes en ander terugslae.

Teen die middel van die jare twintig het die T.U.K. finansieel 'n moeilike periode deurgemaak, ook die Landboukollege. In die finansies van die Kollege en die Fakulteit wat gedeeltelik uit verskillende staatsdepartemente afkomstig was, het daar verwarring gekom. Die Raad het toe 'n onderhoud met die Minister van Landbou, generaal J. C. G. Kemp, gehad wat simpatiek gesind was en belowe het om die tekort aan te suiwer, maar hy het 'n volle uiteensetting van inkomste en uitgawes verlang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die dekaan is aangesê om gegewens te verskaf. 'n Pretoriase firma van rekenmeesters is opdrag gegee om 'n volledige ondersoek na die finansiële verhoudings tussen die Landboufakulteit en die Kollege in te stel en die Raad het 'n kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van raadslid Norman Spencer aangestel. Daar is toe aanbeveel dat aparte boekhouding vir die Fakulteit vanaf Januarie 1927 ingestel moet word.

In 1925 is die eerste poging aangewend om die personeel van die Fakulteit by die Departement van Landbou in te lyf. Daar is 'n konferensie tussen afgevaardigdes van die T.U.K., die Universiteit van Stellenbosch en die Minister van Landbou gehou. Vir dosente is inlywing uit 'n salarisoogpunt as lokaas aantreklik gemaak. Stellenbosch het die aanbod aanvaar maar die T.U.K. het geweier. Aan die kant van die Departement was die motief versterking van die beleidsrigting en uitskakeling van afwykende sienswyse soos dit deur lede van die Fakulteit soms uitgespreek is. Die standpunt van die T.U.K. was weer dat vrye navorsingsinrigtings en wetenskaplike denke nie aan die voorskrifte van 'n staatsdepartement ondergeskik gemaak moet word nie, hoe gering die beperking ook mag wees.

In 1927 het die Fakulteit 'n besondere poging aangewend om geld in te samel. Aan die T.U.K. is 'n „Agricultural Development Association" gestig met die doel om £100,000 byeen te bring. Dit het onder beskerming gestaan van die goewerneur-generaal, die graaf van Athlone, wat persoonlik die woord gevoer het in die Macfadyen-saal van die Buitemuurse Gebou toe die kampanje geloods is. 'n Grootskaalse kermis is op 7 Oktober 1927 deur prinses Alice geopen, en die pers, onder andere *De Volkstem*, het uitvoerige spesiale artikels van dosente oor die werk van die T.U.K. gepubliseer. Die beoogde doelwit is nie bereik nie, maar binne 'n kort tydjie is sowat £3,000 ingesamel. In hierdie poging het prof. J. M. Hector 'n besondere aandeel gehad.

Intussen het die fondse van die Fakulteit deur skenkings veel gebaat, onder andere van die Union-Castleredery, die Kitzingerbeurse, talryke skenkings in die vorm van toerusting en masjinerie, die Farrar- en die Julius Heymansbeurse wat almal vir studente en vir uitgawes binne die Landboufakulteit beskikbaar was.

Van 1930 af het die studentegetalle sterk afgeneem. In 1932 het daar (hoofsaaklik as gevolg van die depressie) maar net vyf eerstejaarstudente vir die landboustudie ingeskryf. In 1934 en ook in 1935 tel die Fakulteit maar 'n totaal van 44 studente — die laagste punt wat dit toe bereik het na die eerste aanvangsjare. Die inskrywings van eerstejaarstudente het daarna geleidelik toegeneem tot daar in 1940 weer 79 was.

Die „Inlywing" van 1940

Die eerste inlywingsvoorstelle van 1925 is deur die Fakulteit van die hand gewys. Daar is na deeglike ondersoek besluit om die *status quo* te handhaaf; die Fakulteit het 'n gewone liggaam onder die uitsluitlike beheer van die Raad gebly maar is deur die Departement van Landbou gesubsidieer. Onder druk het die Fakulteit en Raad egter teen die einde van 1934 tot inlywing toegestem. Generaal Kemp het nog daarop aangedring. Soos dikwels in die staatsdiens die geval is, is die oordrag vertraag en toe generaal Kemp die portefeulje van Landbou vir dié van Lande in 1935 verruil het, was die gemoedere reeds in so 'n mate afgekoel dat inlywing op die lange baan geskuif en tydelik vergeet is.

In die geledere van die Universiteit het mettertyd 'n gevoel teen die Fakulteit Landbou ontstaan en telkens, veral met nuwe aanstellings, het die agterdog teen die Fakulteit, naamlik dat hy die Afrikaanse beleid van die Universiteit nie na behore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

implementeer nie, weer opgevlam. In die Senaat is ook pertinent verwys na dosente wie se lesings nog in Engels is, wie se huistaal Engels is, wat hul navorsing grotendeels in Engels gepubliseer het en wat geen bydrae gelewer het tot die bevordering van Afrikaans aan die Universiteit nie. Daar is ook bedenkings uitgespreek oor die sterk blok wat die Senaatslede van die Fakulteite Landbou en Veeartsenykunde by stemming vorm.

Die inlywingskwessie wat sedert 1934 op die agtergrond geraak het, het nou weer op 5 Mei 1939 herleef toe die Sekretaris van Landbou, dr. P. R. Viljoen, amptelik by die Universiteit inlywing opnuut voorgestel het. Daar is ook van regeringskant duidelik te verstaan gegee dat die globale subsidie aan die Fakulteit verminder sou kon word as drukmiddel om die inlywing deur te voer. In die skielike haas na vyf jaar het universiteitskringe 'n bedekte aanval gesien op die uitgesproke Afrikaanse beleid van die Universiteit en die skepping van 'n „tweetalige fakulteit Landbou" om ook Natalse studente op te lei.

In Augustus 1939 probeer die Senaat dan ook die toestemming tot inlywing koppel aan 'n verkleining van die Senaatsverteenwoordiging van die Fakulteite Landbou en Veeartsenykunde, sodat hierdie twee fakulteite nie in die toekoms buite verhouding tot die studentetal deur hul verteenwoordigers Senaatsbesluite kon beïnvloed nie. Die poging om die twee aangeleenthede te verbind, het egter verval.

Die Raad het op 16 November 1939 inlywing aanvaar op 'n basis soos met die Departement van Landbou ooreengekom. Sonder twyfel het die bereidwilligheid en selfs gretigheid van die oorgrote meerderheid in die personeel van die Fakulteit Landbou om voortaan as amptenare te dien, veel te doen gehad met die offensief teen die Fakulteit deur kollegas wat sterk op die uitvoering van die taalbeleid gestaan het en taamlik onvriendelik teenoor die Fakulteit geraak het.

Die Fakulteitspersoneel is op 1 Januarie 1940 ingelyf volgens 'n ooreenkoms (finaal in Mei 1940 goedgekeur) tussen die Departement van Landbou en die Raad van die Universiteit. Die departement Huishoudkunde was daarvan uitgesluit.

Die bestaande doserende personeel van die Fakulteit word nou staatsamptenare, verbonde aan 'n Landbounavorsingsinstituut, met hoër salarisskale as wat op daardie tydstip aan dosente aan die Universiteit betaal is, maar sonder die beskerming wat deur wetgewing aan die personeel van die Fakulteit van Landbou op Stellenbosch na 1926 verleen is.

Die voormalige Fakulteit het dus 'n dubbele gedaante aangeneem. Vir akademiese doeleindes was dit 'n suiwer universiteitsorganisasie onder die beheer van die Senaat en Raad, met dosente aangestel op die gewone wyse (na goedkeuring deur die Minister van Landbou en met tweetaligheid as vereiste), maar vir alle ander doeleindes, vir alle navorsingsaktiwiteite, aankope van toerusting vir laboratoria en die Proefplaas, was dit 'n instituut onderhewig aan die Sekretaris van Landbou en 'n direkteur wat deur die Minister van Landbou aangestel is in vertroulike oorleg met die rektor van die Universiteit.

'n Tweeledige liggaam het dus ontstaan, naamlik 'n Landbounavorsingsinstituut (die naam is op 13 Februarie 1940 deur die Raad goedgekeur) en 'n Landboufakulteit. Prof. H. B. Davel, destydse dekaan van die Fakulteit, is as die eerste direkteur van die Landbounavorsingsinstituut aangewys.

Met die inlywing het die Departement van Landbou al die bates van die Fakulteit oorgeneem en alle verantwoordelikheid vir die finansiëring daarvan aanvaar. Inkomstes van die Proefplaas, van studentegeld en selfs van private skenkings is na 1940 in die staatskas gestort. Van die studentegeld het die Universiteit 'n persentasie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teruggehou om administrasiekoste te dek. As gevolg van hierdie bedeling is private skenkings nie meer aangevra nie en met verloop van tyd het hulle opgedroog behalwe ten opsigte van skenkings deur enige van die kommoditeitsrade vir beurse.

Die Fakulteit was nie juis ryklik bedeel met fondse nie maar tog in bevredigende mate as die ontwrigting gedurende en na die oorlog in ag geneem word.

Die personeel van die Fakulteit het vroeg in die oorlogsjare al nadele begin bespeur wat hulle onder die nuwe bedeling getref het. Op 21 September 1944 word namens die Fakulteit al 'n memorandum opgestel waarin onder andere gekonstateer word dat „daar van dosente verwag word om al die verpligtinge en laste van beide die Staatsdiens en die Universiteit te dra, maar van die gunste van beide (verstoke) te bly." Die periodieke vertoë van dié datum af het egter niks opgelewer nie.

Intussen het die studentetalle nieteenstaande die oorlog geleidelik toegeneem en in 1947 het 'n toestroming van teruggekeerde soldate plaasgevind. Waar die Fakulteit maar 44 studente getel het in 1935, was dit 206 in 1947. Daarna het die aantal weer gedaal en in 1950 was daar maar 162 landboustudente ingeskryf.

Die gestadige verhoging in die aantal studierigtings wat as hoofvak gekies kon word, het onder andere meegebring dat die keuse van studente baie ongebalanseerd geword het. Sommige hoofvakrigtings is oorlaai (veral Veeteelt) terwyl ander departemente weinig of geen studente getrek het nie.

Gevolglik het die Fakulteit rondgetas na 'n bevredigender indeling van keuses en 'n gebalanseerder landbouopleiding. Ingrypende veranderings in die leerplanne is tydens 1949 aangebring waarin die beginsel van grondige basiese opleiding nog so ver as moontlik gehuldig is maar al meer moes afgesien word van die breë landboukundige agtergrond waarna die Fakulteit nog altyd gestreef het. Die veranderings het die moeilikhede egter nie opgelos nie.

Die Fakulteit en die Transvaalstreek na 1950

Die inlywingsooreenkoms van 1940 het die belofte by implikasie ingehou dat die Fakulteit 'n aandeel sou kry in die tegniese werksaamhede van die Departement van Landbou.

Hiervan het egter weinig tereg gekom, hoofsaaklik weens die oorlog en sy nasleep. Nie voor 1950 is iets van die belofte verwesenlik nie, toe die Unie in landboustreke verdeel is en die verantwoordelikheid vir die Transvaalstreek aan die Fakulteit opgedra is. Die direkteur van die voormalige Landbounavorsingsinstituut (prof. H. B. Davel) het die eerste direkteur van die Transvaalstreek geword, en twee onderdirekteure is ook benoem, een vir Onderwys en Navorsing en die ander vir Voorligting en Grondbewaring. Eersgenoemde onderdirekteur word verkieslik uit die geledere van die Fakulteit benoem en volg (onder normale omstandighede) die direkteur op.

Daar is gemeen dat met hierdie organisasie die Fakulteit nouer by die werksaamhede van die Departement van Landbou ingeskakel sou word. Die grense van hierdie streek het egter soveel van die gebied waarin die Fakulteit nog altyd werksaam was en waaruit die Fakulteit die meeste van sy studente getrek het, uitgesluit, sodat die nuwe bedeling na kragtige proteste van die kant van die Fakulteit en die Universiteit alleen met groot onvergenoegdheid aanvaar kon word. Die reorganisasie het nouliks rekening gehou met die werklikheid, en moeilikhede het spoedig opgeduik. Dit was veral die departemente Akkerbou en Tuinbou wat deur die onbevredigende indeling geraak is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Fakulteit kon ook geen goeie pasplek in die staatsorganisasie vind nie. Ongunstige verskille in salarisse sedert 1952 en ander diensvoorwaardes van die Universiteit en die staatsdiens waaraan die Fakulteit onderwerp is, die buigbaarheid van die Universiteit in teenstelling met die onbuigbaarheid van die staatsdiens en dergelike oorwegings het daartoe aanleiding gegee dat in die Fakulteit van 1951 af in versterkte mate die aandrang op „uitlywing" herleef het. Die ideaal wat aan die Universiteit en aan die Minister van Landbou gestel is, was dat die Fakulteit weer in sy status van voor 1940 herstel moet word op presies dieselfde voet as die ander fakulteite aan die Universiteit.

Teen die begin van 1956 is daar ten spyte van baie pleidooie nog geen vordering by die Minister van Landbou gemaak nie. Hy het hom teen die uitlywing bly verset. Na moeisame onderhandelings waarin die rektor, prof. C. H. Rautenbach, 'n oorwegende aandeel gehad het, is teen Februarie 1957 tot 'n vergelyk gekom, wat 'n finansiële reëling tussen die Universiteit en die Departement van Landbou ingesluit het en wat tegelyk ook die Fakulteit Veeartsenykunde geraak het.

Die nuwe reëling was inderdaad nog nie die einde van die lang stryd wat die twee fakulteite om „uitlywing" gevoer het nie, want uitlywing is nie toegestaan nie. Daar is egter, sover dit Landbou betref, deur sowel die departement as die Staatsdienskommissie ingestem dat Landboudosente 'n „geslote groep" vorm binne die staatsdiens, met hoofopdrag hoër onderwys aan die Universiteit van Pretoria in die Fakulteit Landbou. Opleiding en navorsing was dus hul taak en as daar geleentheid voor was, sou hulle ook „normale departementele streekspligte" verrig.

In die loop van 1957 is die personeelberaming vir die Fakulteit voorgelê en die personeelsamestelling in oorleg met die Staatsdienskommissie deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Van die begin van 1958 het die nuwe bedeling in werking getree. Eerstejaarlandboustudente het vir die eerste keer by hulle dekaan geregistreer en voorligting oor hoofvakkeuse ontvang.

Die ideaal van volledige „uitlywing" is dus in 1958 tog nie bereik nie en die personeel van die Fakulteit openbaar nog op die oomblik verdeelheid oor hierdie kwessie.

Die jare na 1950 is naas die vraagstuk van status ook gekenmerk deur die groot moeilikhede wat na die streeksorganisasie van 1950 met die vervanging van dosente ondervind is. Die werwingsveld was tot die staatsdiens beperk, maar die Departement van Landbou het self voor 'n personeelkrisis gestaan en kon beswaarlik van sy vakkundiges vir die Fakulteit afstaan. Toe die Fakulteit in die verloop van 'n paar jaar agt uit dertien professore verloor het, het die toestand ernstige afmetings begin aanneem. Verbetering het ingetree toe die Departement van Landbou en sekere beheerrade verskeie maatreëls ter hand geneem het, onder andere beurse aan amptenare vir landboustudie en geleentheid vir voortgesette studie deur amptenare.

Daardeur is die tekort aan landbouvakkundiges baie verlig, maar dit het 'n toestroming tot die Fakulteit meegebring. Sedert 1953 het die studentegetalle van die normale kwota wat tussen 150 en 200 gewissel het aangegroei na 439 in 1958. Hiervan was 113 nagraadse studente.

Vanselfsprekend het die skielike toestroming vir die Fakulteit probleme meegebring. Noodmaatreëls, veral wat behuising aangaan, moes getref word. Die tydige verskyning van 'n nuwe generasie van jong dosente en departementshoofde in die Fakulteit dra egter veel by om die nuwe toestand met welslae te hanteer.

Die geskiedenis van die Landboufakulteit oor die afgelope 43 jaar sou onvolledig wees indien nie minstens vermeld word nie dat die Fakulteit se navorsingsaktiwiteite resultate gelewer het wat ver buite die landsgrense erkenning verkry het. Om praktiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

redes kan die aard en omvang daarvan hier nie nader aangedui word nie. Dit strek van die vroeë ondersoek van grond onder besproeiing wat in 1919 al begin is, die sprinkaannavorsing van die jare twintig en dertig, en die sitrusnavorsing in die Sondagsriviervallei van 1930, tot resente ondersoek oor weidingsprobleme, grondvrugbaarheid, sitrussiektes, basiese klimatologiese navorsing op die gebied van Veeteelt, die Bonsmara-beesras in Noord-Transvaal, mieliesiektes en grondvog, om uit 'n groot verskeidenheid slegs enkele navorsingsrigtings te noem.

Veldproewe wat gaan oor bemesting, besproeiing en grondbewerking is op die Proefplaas te sien wat 25 tot 30 jaar gelede 'n aanvang geneem het en waarvan die resultate nou besonder waardevol word vanweë die tyd waaroor hulle strek.

Die navorsingsarbeid van die Fakulteitspersoneel vind vanselfsprekend in talryke publikasies sy neerslag. In die tydperk 1951 — 1958 alleen het die doserende personeel 159 wetenskaplike bydraes laat verskyn.

DIE PROEFPLAAS

'n Terrein van 150 morg ('n gedeelte van die plaas Groenkloof en geleë ten ooste van die ou pompstasie in die Fonteinedal) is in 1911 deur die Stadsraad van Pretoria aan die Regering geskenk met die doel om 'n landboukollege daar op te rig. Toe 'n landboufakulteit vir die T.U.K. in 1916 ter sprake gekom het, is hierdie terrein nie meer geskik beskou nie.

In Oktober 1916 is 'n ooreenkoms tussen die Stadsraad en die Regering aangegaan waarvolgens die Groenkloofskenking gekanselleer word en in die plek daarvan die gebied bekend as die „Donkiekamp", uitgesonder 'n gedeelte wat uitgehou is vir die bou van 'n hospitaal, aan die Regering vir die doel van landbouonderwys oorgemaak word. Die geheel (met die latere byvoeging van 'n deel van Prinshof) was ongeveer 118 morg groot. Daar is egter spoedig ingesien dat ook hierdie stuk grond totaal ongeskik vir 'n proefplaas sou wees.

Daar is vervolgens in 1917 gedink aan 'n deel van die Elofflandgoed in Les Marais, groot 308 morg, en 'n poging word deur die T.U.K. aangewend om vir die aankoop van die grond 'n deel van die destydse regeringskenking van £100,000 te mag gebruik. Hiertoe wou die Regering nie toestemming gee nie en die eerste drie professore van die Fakulteit het waarskynlik ook nie die Eloffterrein aanbeveel nie. Die nuwe gedagte was dat die Proefplaas so na as moontlik by die Kollege moes wees. Die oog het toe geval op plaasgrond aan die oostelike grens van die stadsgebied waarvan 'n deel aan die Wesleyaanse Sending en 'n deel aan F. E. B. Struben behoort het.

Dit blyk dat die inisiatief weer van prof. D. F. du T. Malherbe uitgegaan het. Hy vertel in sy herinneringe hoe hy en dr. W. P. de Villiers een middag oor die grond gaan stap het en daar en dan besluit het dat dit die enigste geskikte terrein vir die doel was.

Daar word toe voorgestel dat die Regering die Donkiekampterrein van die Stadsraad moes koop, sodat met die opbrengs die Proefplaas by Strubenskop gekoop kon word. Omdat die Regering slegs £10,000 vir die terrein wou aanbied, ontstaan tussen die Raad en die Regering egter 'n geskil wat so ernstig geword het dat die Raad van die T.U.K. in Februarie 1919 as geheel bedank het, die eerste en die enigste keer in die geskiedenis van die Kollege en die Universiteit dat so iets ooit plaasgevind het.

Die bedanking is ewenwel nie deur die minister aanvaar nie en die dooie punt is opgelos deur die Donkiekampterrein aan die Stadsraad terug te gee. Die Stadsraad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sou 'n bedrag van £25,000 van die opbrengs van die verkoop daarvan aan die T.U.K. oorhandig wat dit kon gebruik vir die aankoop van 'n proefplaas. Na nog vertraging oor die oordrag van die Prinshofgedeelte het die onderhandelings tog geslaag.

Ook oor die kapitaalskenking van £100,000 was daar gekibbel. Die Raad van die T.U.K. het aangedring op die oordrag van die som as 'n geheel, sodat met behulp van die reeds aangestelde professore in die Landboufakulteit op groot skaal beplan kon word. Die Regering wou die bedrag egter in paaiemente uitbetaal namate die ontwikkeling dit nodig maak. Ten slotte is die hele som tog aan die T.U.K. oorgemaak.

In Oktober 1919 is uiteindelik 'n ooreenkoms tot bevrediging van almal gevind. Daar is besluit om onmiddellik tot die aankoop van die Proefplaas oor te gaan. Van die Wesleyan Methodist Missionary Trust is 'n gedeelte van die plaas Koedoespoort 299 (Gedeelte E) groot 805 morg teen ongeveer £12.10.0 per morg aangekoop. Hierby is aan die suidwestekant nog 46 morg van die plaas Hartebeestpoort 304 aangekoop. Dit was die heel westelike punt van F. E. B. Struben se plaas en is teen sowat £89 per morg gekoop.

Die aankoop van die Proefplaas het eindelik in Maart 1920 werklikheid geword. Aangesien dit gekoop is met die opbrengs van die Stadsraad se skenking (d.w.s. die verkoopsom van Prinshof en Donkiekamp) is 'n serwituut in die transportakte geplaas waaronder die grond aan die Stadsraad sou terugval sodra dit nie meer vir onderwysdoeleindes benodig of gebruik word nie.

Nog voordat die Proefplaas in 1920 aan die T.U.K. oorgemaak is, is al op groot skaal beplan en beraam oor alles wat gebou en aangekoop moes word. Hierin het prof. A. M. Bosman, die eerste dekaan van die Fakulteit en sy kollegas 'n groot aandeel gehad. Daar moes begroot word vir die hoofplaasgebou, kantore, pakkamers



Die ingang uit Suidstraat na die Proefplaas, 1920.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


'n smidswinkel, 'n skrynwerkerswinkel, stoele, diptenks, woonhuise vir 'n plaasbestuurder, 'n plaasvoorman en ander amptenare, en ook vir die naturelle-arbeiders. Daar moes varkhokke, hoederhokke, en skaapkrale kom. Dan moes daar nog vee en gereedskap aangeskaf word. Dis begryplik dat die £100,000 al gou opgebruik is. Teen 1925 was die meeste geboue klaar en was die Landboufakulteit deeglik gevestig. In 1926 het die verkeer na die Proefplaas al so toegeneem dat die Stadsraad gevra is om 'n behoorlike pad daarheen aan te lê.

Die eerste plaasbestuurder was E. S. Dawson.

Wat die beheer oor die Landboufakulteit betref, is daar reeds in 1917 'n „Agricultural Faculty Committee" aangestel bestaande uit lede van die Raad en die Senaat benoem om sake rakende die Fakulteit te behartig. Na 1920 word nie weer van die komitee verneem nie; sy pligte is mettertyd deur die Fakulteitsraad oorgeneem.

'n Baie belangrike komitee was die sogenaamde Plaaskomitee van die Raad wat in 1922 tot stand gekom het. Voor die tyd was daar reeds 'n plaaskomitee van die Landboufakulteit, maar op aanbeveling van die Senaat het die Raad op 21 September 1922 besluit om dit uit te brei tot 'n komitee van die Raad waarop toe nog vier Raadslede benoem is. Aan hierdie komitee is die volledige beheer oor die Proefplaas, insluitende vendusies, opgedra en dit het baie jare lank tot die inlywing van 1939, 'n belangrike funksie vervul.

Uit die vroeë bladsye van die Proefplaas se geskiedenis mag hier interessantheidshalwe vermeld word dat in 1919 aan die Royal Air Force verlof gegee is om tydelik 'n landingsbaan vir die Handley Page Air Service op die plaas aan te lê, maar 'n versoek om dit permanent te huur, is van die hand gewys. By een geleentheid is 'n versoek gerig om op die plaas te prospekteer, maar ook dit is geweier. Daar is in die jare twintig minstens ook by twee geleenthede aansoeke oorweeg van persone wat wou grawe om verborge skatte op die Proefplaas te soek!



Op die Proefplaas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel daar al sedert 1936 deur die Fakulteit om addisionele proefplaasfasiliteite gevra is, het daar tog sedertdien vervreemding van grond om die Proefplaas plaasgevind, 'n proses wat byna sonder uitsondering deur die Fakulteit teengestaan is.

In 1937 is aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie een morg grensende aan Brummeria en Silverton teen 'n nominale bedrag verhuur waarop in verband met die nuwe Pretoriase sender 'n radiomas opgerig is. Ongeveer 45 morg is in 1945 afgestaan aan die Plantkunde-afdeling van die Departement van Landbou om 'n botaniese tuin aan te lê. Die terrein word nog deur die Departement van Landbou gebruik wat in 1958 ook van die Universiteit toestemming verkry het om daar 'n gebou op te rig.

In Maart 1947 is 5.6 morg van die Proefplaas toegesê aan die Stadsraad van Pretoria as sportterrein vir die inwoners van Colbyn vir wie met die verkoop van erwe aldaar oorspronklik geen voorsiening van dié aard gemaak is nie.

Toe daar in 1948 'n tuiste gevind moes word vir die uitgebreide gebouekompleks en toekomstige uitbreiding van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, is deur die Raad van die Universiteit 'n komitee benoem om die W.N.N.R. en die Eerste Minister te nader met die oog op die moontlike huisvesting van die W.N.N.R. op 'n gedeelte van die Proefplaas. Die betekenis van die navorsingsgeboue vir die Universiteit se Fakulteit Wis- en Natuurkunde en die toekomstige belangrikheid vir die Universiteit van die werk wat daar gedoen sou word, was 'n groot faktor in die besluit van die Raad aan die einde van 1948 om van Koedoespoort 299 op die oostelike deel van die Proefplaas 107 morg (aanvanklik as 102 morg aangedui) as vrye skenking aan die W.N.N.R. aan te bied.

Onderhandelings sedert 1954 om aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde 60 morg te verkoop, het teen 1958 doodgeloop, maar intussen het die Raad in 1954 daartoe oorgegaan om (met verlof van die Fakulteit in hierdie geval) aan die westelike skeiding van die Proefplaas en noord van die hoofingang 'n terrein van 28.6 morg af te staan vir die aanlê van omvangryke sportterreine met die L. C. de Villiers-stadion as middelpunt. Terselfdertyd het die Fakulteit in 1958 ernstig versoek dat geen verdere grond vir sportdoeleindes aangevra moet word nie en het die Raad dit ook as beleid aanvaar om geen verdere vervreemding van Proefplaasgrond te oorweeg nie.

Van die Stadsraad is kragtens die oorspronklike serwituut formele toestemming verkry om desnoods die hele Universiteit in die toekoms na die Proefplaas te verskuif.

In 1959 is die eerste van vier beoogde manskoshuise in die suidwestelike hoek van die Proefplaas opgerig en die tweede word in 1960 opgerig. Ook die nuwe fakulteitsgebou vir Landbou waarna lank reeds uitgesien word maar wat in 1960 nog nie werklikheid geword het nie, sal na alle waarskynlikheid ten ooste van die eerste Lynnwood-koshuis in die toekoms verrys.

Sedert die Proefplaas aangekoop is, het die stad in die loop van veertig jaar die oorspronklike 855 morg waardevolle grond — waarvan vir die landbouonderwys nog sowat 660 morg oor is — aan alle kante omsluit. Deur die ooswaartse groei van die voorstede kyk woonhuise van Lynnwood, Hatfield, Colbyn en die geboue van die W.N.N.R.-dorp Scientia letterlik in die agterplaas van die Universiteit se Proefplaas: 'n landelike eiland in die snelgroeiende stad.

Teenoor verliese van die verlede is aan die noordergrens van die Proefplaas in 1959 grond van die Wesleyaanse Kerk aangekoop.

Die Fakulteit het jarelank pogings aangewend om nog proefplaasfasiliteite by te kry, omdat die ruimte op die Proefplaas ten volle in beslag geneem is. Met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Transvaalse streeksindeling in 1950 is hierdie begeerte ruimskoots vervul, want in die streek was daar reeds 'n aantal proefplase aan die gang (meestal onder die Afdeling Akkerbou en Weiding van die Departement van Landbou) en van hierdie proefinrigtings is die volgende aan die streeksorganisasie en Fakulteit toegesê, naamlik die proefstasies op Messina, Mara, Towoomba, Losperfontein en Athol. Later is die katoenstasie op Barberton ook na die streek oorgeplaas en in 1953 is 'n verdere weidingstasie op Zoutpan mede deur bemiddeling van die rektor in die nabyheid van Pretoria begin.

Met die aanstelling van prof. J. C. Bonsma in 1955 as hoof van die Fakulteit se departement van Veeteelt is die beesteelt- en klimatologiese navorsing van die stasies op Mara en Messina ten volle onder die vleuels van die Fakulteit ingeskakel.

Hierdie proefplaasfasiliteite het tot aansienlike uitbreiding van die navorsingswerk gelei.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT VAN LANDBOU

A. M. Bosman, B.Sc. (*Toronto*), 1919 tot Oktober 1930; Oktober 1930 tot Oktober 1933.

J. C. Faure, M.Sc., B.Sc. (*Cornell*), Oktober 1933 tot 31 Julie 1934.

J. C. Ross, B.A. (*Kaap*), *M.Sc., Ph.D.* (*Illinois*), 1 Augustus 1934 tot Oktober 1936; Oktober 1936 tot Oktober 1939.

H. B. Davel, B.Sc. (*Iowa*), Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot Oktober 1945; Oktober 1945 tot Oktober 1948.

J. J. Theron, B.Sc. (*Agric.*) (*S.A.*), *Ph.D.* (*Calif.*), Oktober 1948 tot Oktober 1951; Oktober 1951 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot April 1956, toe hy bedank het.

J. W. C. Geyer, M.Sc. (*Agric.*) *D.Sc.* (*Agric.*) (*Pret.*), 3 Mei 1956 tot 30 September 1958, toe hy bedank het.

P. C. J. Oberholzer, M.Sc. (*Agric.*) (*Pret.*), *Ph.D.* (*Arizona*), van 10 Oktober 1958 af.

DIE DEPARTEMENTE

Die leergange wat in die begin in die Fakulteit gevolg is, was dié deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voorgeskryf. Die eerste drie studiejare was dieselfde vir al die landboustudente en het onder andere Wiskunde I, Landboureg, Geologie I, en Weerkunde ingesluit. In die vierde jaar eers is 'n keuse van twee uit sewe bykomende suiwer landbouvakke toegelaat. In die hele leerplan is klem gelê op die eksakte wetenskappe, in besonder Skeikunde, Plantkunde en Dierkunde. Dit is egter vroeg reeds nodig gevind om veranderings aan te bring ten einde landboukunde sterker te beklemtoon. Oor die jare heen moes die regulasies insake die leerplanne telkens hersien word om plek te maak vir nuwe vakke namate die Fakulteit gegroei het. Die drie studierigtings in 1917 het teen 1930 vermeerder tot tien en tans is daar vyftien selfstandige departemente.

Vroeg in sy bestaan het die Fakulteit die Amerikaanse stelsel van halfjaarkursusse en „eenhede" aanvaar. Teen die einde van die jare dertig is die eenhede en alle halfjaarkursusse finaal geskrap. Teen daardie tyd is 'n eie stelsel ontwikkel wat uit die ervaring gegroei het, maar wat van tyd tot tyd nog aangevul moes word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VEETEELT (1917)

Een van die drie eerste professore wat in die Fakulteit aangestel is, was A. M. Bosman (oudstudent). Na sy opleiding in Kanada, was hy sedert 1913 lektor in Veeteelt aan die Potchefstroomse Landboukollege en onderhoof aldaar, toe in April 1917 die pos „professor in Landbou" aan die T.U.K. aan hom aangebied word. 'n Groot taak het op hom gewag. Hy aanvaar die nuwe betrekking op 1 Augustus 1917, word een van die belangrikste grondlêers van die Fakulteit en die Proefplaas, en die eerste dekaan van die Fakulteit Landbou van 1919 tot 1933.

Van 1922 word die departement se naam verander van „Landbou" na Veeteelt.

Prof. A. M. Bosman is in 1933 as hoof aangestel van die Afdeling Landbouonderwys en Uitbreiding in die Departement van Landbou. Hy bly egter in deeltydse hoedanigheid as professor aan tot 1945 toe hy na 'n verbintenis van 29 jaar met die T.U.K en die Universiteit uitgetree het. Op 16 Junie 1955 is hy in 'n motorongeluk gedood.

Van 1938 is die departement Veeteelt verdeel sodat prof. Bosman nog die professoraat in Veeteelt deeltyds behou het en 'n selfstandige departement Telingsleer daarnaas ingestel is met F. N. Bonsma (oudstudent) wat sedert 1931 dosent was, as professor en departementshoof. Met die finale uittrede van prof. Bosman is die leerstoel in Veeteelt aan prof. F. N. Bonsma aangebied en verval die professoraat in Telingsleer tydelik.

Met die aanstelling van prof. F. N. Bonsma as direkteur van die Nasionale Veeteeltafdeling in die Departement van Landbou, ontruim hy na 'n skitterende loopbaan die leerstoel in Veeteelt en bly deeltyds aan, weer eens as professor van Telingsleer, tot 1958 toe die leerstoel verval het.

As opvolger in die professoraat Veeteelt het in die begin van 1954 gekom dr. J. S. Starke (oudstudent) wat in 1944 al in die afdeling Skape en Woltegnologie aangestel is. Prof. Starke het egter na die eerste semester van 1955 bedank om hom op die boerdery toe te lê.

Van Augustus 1955 is as professor in Veeteelt aangestel J. C. Bonsma (oudstudent) wat reeds van 1936 met veeteeltnavorsing besig was, onder andere op Mara en Messina.

GRONDKUNDE (1917)

Hierdie departement is oorspronklik genoem Landbouskeikunde, een van die drie eerste departemente wat in die Fakulteit ingestel is. Professor E. Anderson, 'n Amerikaner, het as eerste professor in Augustus 1917 sy amp aanvaar. „Yank" Anderson het veel in ons land gereis en enkele jare aktief gewerk. In Augustus 1920 kry hy ses maande onbetaalde verlof en as tydelike reëling word dr. F. J. Tromp van die departement Skeikunde toe as waarnemende professor in Landbouskeikunde aangestel. Prof. Anderson het intussen na Amerika teruggekeer en in November 1920 sy bedanking ingedien. Hy het later naam verwerf aan die Universiteit van Arizona en is in Mei 1954 oorlede.

As professor in Landbouskeikunde word dr. J. C. Ross, wat toe aan die Landboukollege op Elsenburg verbonde was, van 1 Februarie 1921 aangestel. In sy dienstyd was prof. Ross onder andere pionier op die gebied van weidingsnavorsing waarmee hy die eerste proewe aan die T.U.K. uitgevoer het. Aan die einde van 1939 het hy bedank om hoof te word van die Afdeling Grondbewaring en Voorligting van die Departement van Landbou. Van die begin van 1938 word dr. J. J. Theron (oudstudent) wat as senior lektor in Landbouskeikunde van 1929 gedien het, tot professor in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Grondtegnologie bevorder, 'n nuwe departement wat uit Landbouskeikunde gegroei het. Met die bedanking van prof. Ross in 1939 verval die departement Grondtegnologie egter en prof. Theron volg prof. Ross op as professor in Landbouskeikunde.

In 1952 het prof. Theron onderdirekteur van die Transvaalstreek van die Departement van Landbou geword en in 1955 prof. H. B. Davel as direkteur opgevolg. Hy het sy professoraat toe neergelê en is tot medeprofessor in die Fakulteit benoem.

Intussen was hy dekaan van die Fakulteit van 1948 tot 1956. Hy het in Augustus 1957 as direkteur van die Transvaalstreek en as medeprofessor afgetree. Daarna is hy in tydelike hoedanigheid as senior lektor aangestel in die departement en sit nog sy navorsing in verband met grondvrugbaarheid voort. Prof. Koos Theron geniet die onderskeiding dat hy in 1918 die eerste student aan die T.U.K. en in die hele Suid-Afrika was wat die graad B.Sc. (Agric.) verwerf het. Hy het in die Fakulteit diep spore getrap as wetenskaplike van formaat, as onvermoeide kampvegter vir die belange van die Fakulteit en as beminde persoonlikheid wat lief en leed met die Universiteit gedeel het van die beginjare af, op akademiese gebied en op die sportveld.



J. J. THERON (geb. 1896).



JAMES M. HECTOR (1882 — 1955).

Dr. W. J. Fölscher (oudstudent) wat as senior lektor van 1955 in die departement Landbouskeikunde was, is in 1956 tot professor bevorder in die departement Grondkunde, soos die benaming voortaan sou wees.

PLANTSIEKTELEER EN MIKROBIOLOGIE (1917)

Hierdie departement kom voort uit die departement Landbouplantkunde, een van die eerste drie departemente wat in die Fakulteit ingestel is. Die eerste professor was James M. Hector wat in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Augustus 1917 diens aanvaar, en voorheen as dosent werksaam was in Aberdeen, Leeds en die Universiteitskollege Reading. Hy het alreeds gepresteer as navorser in sy vak, toe hy aansoek gedoen het om die professoraat aan die T.U.K. Prof. Hector het aan die einde van 1943 afgetree. Hy het 'n kwarteeu lank die T.U.K. en die Universiteit getrou gedien en allerweë groot agting afgedwing sowel om sy waardige optrede as om sy wetenskaplike prestasies. In die skraal jare het hy as fondsinsamelaar baie vir die Fakulteit beteken. Hy was 'n begaafde navorser wat sedert 1910 'n indrukwekkende reeks publikasies gelewer het. As dosent was hy ewe suksesvol maar hy het enduit Engelseentalig gebly en dit het daartoe gelei dat hy in sy laaste jare aan die Universiteit ook moes deurloop onder die kritiek teen dosente wat nie in staat was om aan die voertaalbeleid uitvoering te gee nie. Hy is in Maart 1955 in Engeland oorlede.

Toe dr. B. J. Dippenaar in 1944 as professor aangestel is, het daar 'n herindeling in die departement plaasgevind. Dit sou voortaan die naam Plantpatologie dra en die afdelings Veldnavorsing en Planteteelt wat in prof. Hector se tyd ook onder Landbouplantkunde inbegrepe was, is nou oorgeplaas na die departement Agronomie.

Van Augustus 1957 was prof. Dippenaar onderdirekteur van die Transvaalstreek van die Departement van Landbou, maar tot die einde van 1958 het hy as hoof van wat intussen herdoop is tot die departement Plantsiekteleer en Mikrobiologie aangebly. Dr. P. M. le Roux (oudstudent) wat as lektor van 1950 en as senior lektor van 1955 diens gedoen het, word van April 1959 tot professor bevorder.

VEEARTSENYKUNDE (1918—1954)

Nog voor die instelling van hierdie departement is sir Arnold Theiler genader om 'n professoraat in die vak Veeartsenykunde te aanvaar. Hy wys dit van die hand, maar verklaar hom bereid om te help waar hy kan. Daarop besluit die „Agricultural Faculty Committee" in Februarie 1918 om weer aan Theiler te skryf en hom te versoek om sy invloed by die Regering te gebruik om 'n departement Veeartsenykunde ingestel te kry. 'n Ereprofessoraat in Veeartsenykunde en Bakteriologie word hom by voorbaat aangebied. Theiler het hierdie laaste aanbod ook nie aanvaar nie.

Toe die departement wel in 1918 ingestel is, is as lektor aangestel dr. P. R. Viljoen wat na sy oorsese opleiding destyds onder Theiler in bevel was van die Lamsiektenavorsingslaboratorium by Vryburg. By sy aanstelling is hy tot waarnemende professor benoem.

Met die totstandkoming van die Fakulteit Veeartsenykunde moes prof. Viljoen ook in dié Fakulteit doseer en gevolglik kry hy hulp van C.P. Neser wat as lektor aangestel word. Nadat prof. Viljoen die Landboufakulteit verlaat het, word 'n professoraat in Veeartsenykunde ingestel in die Fakulteit Landbou. Van 1 April 1924 word die pos aangebied aan M. W. Henning (oudstudent) wat na 'n briljante oorsese studieloopbaan navorser op Onderstepoort geword het. Van 1922 was hy lektor in die Fakulteit Veeartsenykunde en daarna agerende professor.

Prof. Henning het nog lid van die Fakulteit Veeartsenykunde gebly na sy aanstelling, Anatomie daar gedoseer en sy navorsing op vrywillige basis daar voortgesit. In 1932 verskyn die eerste uitgawe van sy tans internasionaal erkende handboek oor veesiektes. Na 'n vrugbare loopbaan wat verskeie tydperke van oorsese studie en 'n aantal hoë akademiese onderskeidings ingesluit het, moes prof. Henning in Oktober 1954 as staatsamptenaar by die bereiking van die ouderdomsgrens aftree. As navorser en dosent het hy 'n belangrike deel meegemaak van die geskiedenis van die twee fakulteite waarby hy betrokke was. Sedert sy aftrede is hy tydelik nog as navorser


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die Proefplaas werksaam en gaan hy met onverminderde ywer voort met publikasies op sy vakgebied en 'n nog onvoltooide biografie van sir Arnold Theiler.


Met die uittrede van prof. Henning het die Departement van Landbou in oorleg met die direkteur van Veeartsenydienste die professoraat laat verval en onderneem om die werksaamhede wat daaraan verbonde is deur die Fakulteit Veeartsenykunde te laat verrig.

ENTOMOLOGIE (1919)

'n Lektoraat in hierdie departement is in 1918 ingestel en die eerste bekleër was dr. D. E. Malan wat aan die begin van 1919 sy pos aan die T.U.K. aanvaar. In 1920 word dr. Malan professor in Dierkunde en word J. C. Faure (oud-student) aangestel as lektor in Entomologie. Hy was een van die heel eerste groep studente wat in Kya Rosa aan die T.U.K. sy opleiding geniet het. Van 1908 tot 1913 het hy met 'n beurs van die Transvaalse Regering in Amerika gestudeer en in 1913 word hy in die Entomologiese Afdeling van die Unie aangestel. Hy word vervolgens entomoloog van die Oranje-Vrystaat waar hy baie ondervinding opdoen met die uitroei van sprinkane. Sy pos aan die T.U.K. word in April 1921 tot 'n professoraat verhoog.



J. C. FAURE (geb. 1891).



A. J. T. JANSE (geb. 1877).

Benewens sy professoraat het prof. Faure van 1933 tot 1934 ook die pos direkteur van sprinkaannavorsing vir die Unie beklee. Deur sy jarelange navorsingsarbeid (veral op die gebied van sprinkaanbestryding) het hy hom onderskei en hy was die eerste wat die betekenis van swermvorming by die sprinkaan ondersoek het, 'n navorsingsgebied waarop hy internasionale erkenning ontvang het. Aan die einde van 1951 het prof. Faure afgetree, maar na sy aftrede het hy nog sy navorsing voortgesit.

As sy opvolger is aangestel dr. J. W.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

C. Geyer (oudstudent) wat van 1 Oktober 1958 bedank het. Van Maart 1959 is dr. J. J. Matthee (oudstudent) wat sedert 1945 in die departement as senior lektor diens gedoen het tot professor bevorder.

Op grond van sy wêreldberoemde versameling en sy kennis van Suid-Afrikaanse motte word dr. A. J. T. Janse, wat destyds lektor was aan die Normaalkollege en reeds in 1909 tydelik as dosent aan die T.U.K. werksaam was, in 1923 op aanbeveling van die Fakulteitsraad benoem tot ereprofessor in die Sistematiese Entomologie.

AGRONOMIE (1919)

Die departement Agronomie is in 1919 ingestel en H. D. Leppan is as senior lektor daarin benoem. In 1922 word hy tot professor bevorder. Hy beklee die pos tot 1928 toe die nuutingestelde leerstoel in Landbou-ekonomie aan hom aangebied word. Toe prof. H. D. Leppan in 1928 hoof geword het van die departement Landbou-ekonomie, is hy in die departement Akkerbou opgevolg deur A. R. Pullen wat van 1927 af senior lektor in hierdie departement was. Hy het tot die begin van 1939 die leerstoel beklee toe hy bedank het.

Sy opvolger was dr. D. G. Haylett wat al in 1929—1930 as senior lektor in die departement werksaam was en weer van 1937 as senior lektor teruggekeer het. Aan die begin van 1940 aanvaar hy diens as departementshoof en professor.

LANDBOU-INGENIEURSWESE (1920)

Die geskiedenis van die departement Landbou-ingenieurswese wat as vak in hierdie Fakulteit in 1919 ontstaan het en sedert 1958 ook onder die Fakulteit Ingenieurswese ressorteer, word daar vermeld.

SUIWELBEREIDING (1920)

Die instelling van die departement is reeds in 1917 aangevra en goedgekeur. 'n Aanstelling is om geldelike oorwegings egter vertraag en eindelik word dit in 1920 moontlik gemaak deur 'n skenking van £1,500 per jaar vir drie jaar wat van die Union-Castleredery ontvang is.

As eerste lektor is H. B. Davel in September 1920 aangestel wat in 1925 tot professor bevorder word.

'n Suiwelnavorsingsinstituut is in 1922 as gevolg van vertoë van prof. Davel (destyds nog lektor) gestig. Dit was 'n onderdeel van die Departement van Landbou maar verbonde aan die Fakulteit en prof. Davel is in 'n deeltydse kapasiteit as direkteur daarvan benoem. Die instituut het in die eerste jare baanbrekerswerk op die gebied van suiweltegnologie in Suid-Afrika gedoen. Met die inlywing van die Fakulteit in 1940 word die instituut deel van die Landbounavorsingsinstituut, waarvan prof. Davel ook die eerste direkteur was. In 1950 word hy vervolgens die eerste direkteur van die nuutingestelde Transvaalstreek.

Prof. Davel het op 31 Maart 1955 by die bereiking van die ouderdomsgrens afgetree. Sedert sy eerste aanstelling as lektor het hy in die loop van 36 jaar 'n belangrike departement opgebou en tegelykertyd op verskeie ander terreine die Universiteit gedien. Afgesien van sy rol in die sportlewe, wat elders vermeld word, was hy na 1936 feitlik onafgebroke Senaatsverteenwoordiger in die Raad en oor 'n gebeurtenisvolle tydperk, van 1939 tot 1948, eweneens dekaan van die Fakulteit. Na sy aftrede het prof. Davel hom in Bloemfontein aan die landboujoernalistiek gewy en daar is hy op 15 Februarie 1959 oorlede.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1957 is dr. S. H. Lombard as senior lektor en hoof van die departement Suiwelbereiding teen die professoraat aangestel en van 1 April 1959 bevorder tot professor (Union-Castleleerstoel) in Suiwelbereiding.


TUINBOU (1921)

In 1917 is alreeds by die Departement van Onderwys die instelling van 'n lektoraat in Tuinbou aangevra. Die aanstelling is weens geldgebrek vertraag en E. O. Amundsen van Kalifornië is uiteindelik van 1 April 1921 as die eerste lektor aangestel. In 1922 word hy professor maar in Februarie 1923 deel hy die Fakulteit mee dat hy van plan is om sy pos van die middel van die jaar te bedank.

Hy word opgevolg deur H. Clark-Powell, nog 'n Amerikaner uit Pasadena, Kalifornië, wat op 1 Julie 1924 aangestel is. As seun uit 'n bekende Amerikaanse tuinboukundige familie het hy feitlik met die sitrusbedryf grootgeword. Aan die T.U.K. het hy die eerste lesings oor die sitrusboerdery gegee, want hy het besondere ondervinding van sitruskultuur gehad en dit het sy belangrikste belangstelling geword.



H. B. DAVEL (1895 — 1959).



H. CLARK-POWELL (1896 — 1938).

In 1927 word 'n spesiale kursus in sitrusboerdery op sy versoek toegestaan. Dieselfde jaar word prof. Clark-Powell ook tegniese adviseur van die Sitrusbeurs. In 1928 kry hy verlof om te help met 'n wêreldwye opname van die sitrusnywerheid en hy keer eers in Januarie 1929 uit die buiteland terug. Sedert 1931 het hy ook 'n belangrike aandeel gehad in die navorsing in die Sondagsriviervallei rakende die sitrusbedryf. Dit is moontlik gemaak deur 'n skenking van die Sundays River Citrus Co-operative Company.

Weens swak gesondheid was hy verplig om in November 1930 aansoek te doen om te mag aftree. Dit is met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ingang 31 Maart 1939 toegestaan maar hy is reeds op 30 Desember 1938 in Pretoria na 'n ongeluk oorlede. As wetenskaplike het hy in die Fakulteit uitmuntende diens gelewer. As mens het hy hom ten spyte van minder gelukkige persoonlike omstandighede ten volle met ons land en volk vereenselwig.

Die professoraat is nie dadelik gevul nie. In 1940 word as senior lektor en hoof van die departement aangestel dr. P. C. J. Oberholzer (oudstudent) wat in sy studentejare in die Proefplaaspersoneel gedien het. Gedurende 1934—1937 is hy vir verdere studie na Amerika waar hy aan die Universiteite van Arizona en Kalifornië afgestudeer het. Tot 1940 dien hy op die personeel van die Nelspruitse proefstasie. Aan die einde van 1948 word hy bevorder tot professor in Tuinbou en in 1958 word hy dekaan van die Fakulteit.

Pluimveeteelt (1925)

'n Lektoraat in Pluimveeteelt is in 1917 al deur die Departement van Onderwys goedgekeur. Dit was egter onmoontlik om 'n geskikte persoon vir 'n lektoraat in die vak te kry en in 1921 is aanbeveel om 'n student met 'n beurs oorsee te stuur om hom daarvoor te laat oplei. Op 5 November 1921 is aan Leo A. van Rooyen (oudstudent) so 'n beurs vir twee jaar toegeken. By sy terugkeer uit Amerika word hy as senior lektor in Pluimveeteelt vanaf 1 Februarie 1925 aangestel en in 1938 bevorder tot professor in Pluimveeteelt. Aan die einde van 1939 het prof. Van Rooyen bedank om hom in Natal aan die boerdery te wy.

Hy is opgevolg as departementshoof deur dr. A. M. M. Gericke wat tot professor bevorder word in 1944. Prof. Gericke het bedank toe hy in 1954 aangestel is as assistenthoof van die Nasionale Afdeling Veeteelt van die Departement van Landbou. In sy plek is P. H. C. du Plessis (oudstudent) op 1 Februarie 1955 as senior lektor en hoof van die departement aangestel.

Landbou-ekonomie (1928)

Reeds in Februarie 1919 word deur 'n komitee by die Fakulteitsraad aanbeveel dat dr. J. E. Holloway tydelik as lektor in Landbou-ekonomie aangestel moet word, hoewel hy nie spesiaal daarvoor opgelei is nie. Die voorstel is deur die Raad bekragtig. In 1925 word besluit om 'n leerstoel in Ekonomie aan te vra. Dit word in 1928 toegestaan en prof. H. D. Leppan (destyds hoof van die departement Agronomie) word as professor benoem.

Prof. H. D. Leppan het in Februarie 1938 bedank en is sedertdien lid van die Nasionale Bemarkingsraad. Sy vertrek was vir die Fakulteit 'n groot verlies. Hy is die grondlêer van die twee departemente Agronomie en Landbou-ekonomie. Afgesien van wat hy op sy vakgebied gepresteer het, was hy een van die eerste deskundiges wat die rol van water in die landboubedryf benadruk het. As fondsinsamelaar vir navorsingswerk was hy die onvermoeide werker. As dosent word sy naam nog hoog geroem deur al sy oudstudente — onder hulle vier wat vandag die Universiteit as professore dien.

In die loop van 1934 is in oorleg met die Departement van Landbou 'n deeltydse professoraat in Landboukoöperasie geskep wat van die begin van 1935 beklee is deur dr. J. F. W. Grosskopf (1885—1948). Prof. Grosskopf het sy pos as amptenaar in die Departement van Landbou deurgaans behou. Toe hy as staatsamptenaar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan die einde van 1945 afgetree het, het hy ook sy deeltydse professoraat in die Fakulteit neergelê.

Die opvolger van prof. Leppan was dr. F. R. Tomlinson van die Fakulteit Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het in Februarie 1939 diens aanvaar. Na 1950 en tot sy aanstelling as assistent-direkteur (Navorsing) van die Transvaalstreek van die Departement van Landbou in 1955 is sy dienste grotendeels deur kommissiewerk in beslag geneem.

Van 1956 was hy medeprofessor terwyl hy as onder-direkteur (van 1957 as direkteur) van die Transvaalstreek in diens was. As senior lektor en hoof van die departement Landbou-ekonomie is D. J. G. Smith (oudstudent) benoem wat van 1949 aan die departement verbonde is.

Biochemie (1940)

Met die bedanking van prof. J. C. Ross in 1939 is 'n nuwe departement Landbou-biochemie geskep en dr. J. H. Kellermann, wat van 1932 as navorser aan Onderstepoort verbonde was, word in 1940 as professor in hierdie departement benoem. Hy het aan die einde van 1955 bedank toe hy as assistent-direkteur van die Vrugtenavorsingstasie in Stellenbosch aangestel is. As senior lektor en waarnemende departementshoof word in 1956 aangestel dr. D. J. J. Potgieter (oudstudent) wat van Nov. 1948 as lektor aan die departement verbonde was. Gedurende die jare 1952—1955 was hy met studieverlof en het aan die Universiteit van Kalifornië gepromoveer.

In 1957 word hy departementshoof en met ingang 1 April 1959 is hy tot professor bevorder.

Genetika (1946)

Prof. C. E. B. Bremekamp (van die departement Plantkunde) het in deeltydse kapasiteit van 1924 die eerste lesings in hierdie vak gelewer.

Die Fakulteit het lankal versoek dat 'n departement Erflikheidsleer ingestel word en dat 'n professoraat geskep moet word. In 1946 is 'n departement Erflikheidsleer (na 1951 genoem Genetika) geskep met dr. J. D. J. Hofmeyr, wat van 1942 al hierdie aspek van die onderwys in die departement Agronomie behartig het, as senior lektor en departementshoof.

Die aanstelling van dr. Hofmeyr as professor is reeds in 1948 deur die Raad aanbeveel. Tot die instelling van die professoraat is deur die Departement van Landbou in 1953 toegestem en dr. Hofmeyr is van die begin van 1954 daarin bevorder.

Weidingsleer (1954)

Die departement het in sekere sin sy oorsprong by die werk wat deur R. Lindsay Robb van Imperial Chemical Industries na 1933 verrig is. In Pretoria is hy as ereprofessor by die Fakulteit Landbou ingedeel en later deur die Departement van Landbou in diens geneem tot sy aftrede in 1945. Hy het ongetwyfeld die weg berei vir 'n departement „Veldekologie en -beheer". Dit is deur die Fakulteit aangevra, veral met die oog op nuwe ontwikkelings op die gebied van grondbewaring en bewaringsboerdery in die algemeen wat groter aandag aan hierdie wetenskap noodsaaklik gemaak het.

In November 1949 is die instelling van 'n professoraat en 'n selfstandige departement deur die Raad goedgekeur. Die werklike instelling van die goedgekeurde departement het eers aan die einde van 1953 plaasgevind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van die begin van 1954 is dr. J. P. Botha (oudstudent) as professor van Weidingsleer aangestel, maar hy word reeds in Augustus as assistenthoof (later hoof) van die Nasionale Afdeling Akkerbou en Weiding van die Departement van Landbou aangestel. Voorlopig en tot die einde van 1957 het hy hoof van die departement gebly. Daarna is A. J. Pienaar, senior lektor, as waarnemende hoof aangestel en van 1 Julie 1959 as hoof.

Skaapteelt en Woltegnologie (1957)

In Augustus 1920 het die Fakulteitsraad reeds besluit om 'n lektoraat in „Skape en Wol" aan te beveel en daar is al sedert 1920 sonder welslae lang memoranda geskrywe om die owerheid te beweeg om 'n departement Skaapteelt en Woltegnologie te stig. Van 1931 is (met F. N. Bonsma as dosent) 'n opsie Skaapteelt en Woltegnologie in die departement Veeteelt ingestel. Hoewel dié keuse na 1938 verval het, was daar nog steeds in die Fakulteit aandrang om „Skape en Wol" as selfstandige departement te verkry. In 1949 is dit as keusevak en selfstandige onderafdeling van die departement Veeteelt ingestel met J. S. Starke (later dr.) as senior lektor van die begin van 1950.

Teen 1955 kom opnuut vertoë van die Fakulteit vergesel van 'n sterk motivering om 'n departement in te stel. Die pleidooie het eindelik vrug gedra. Met die toestemming van die Departement van Landbou is in Junie 1956 'n selfstandige departement Skaapteelt en Woltegnologie ingestel, die eerste van sy soort in Suid-Afrika (en Australië), en 'n belangrike mylpaal in die tegniese bediening van die wolbedryf. Dr. W. J. Hugo (oudstudent) is as eerste professor aangestel en daar is aangekondig dat in die kursus ook spesiaal vir die Karakoelteelt voorsiening gemaak sou word. Vir studente uit Suidwes-Afrika was dit van besondere belang.

Die departement het van die begin lewensvatbaarheid getoon en snel uitgebrei. Van Oktober 1959 het prof. Hugo egter bedank om assistent-direkteur (Onderwys en Navorsing) van die Karoo- en Oos-Kaaplandstreek van die Departement van Landbou te word. Hy is aan die begin van 1960 deur dr. D. M. Joubert opgevolg.

Landbouvoorligting (1958)

As gevolg van versoeke deur die Departement van Landbou en die Fakulteit dat 'n nagraadse kursus vir die opleiding van voorligtingsbeamptes oorweeg moet word, het die Raad in September 1958 oorgegaan tot die instelling van die jongste van die departemente in die Fakulteit Landbou, en die eerste van sy soort in die Suidelike Halfrond. As senior lektor is F. F. H. Kolbe (oudstudent) teen die professoraat aangestel. Daar is terselfdertyd voorsiening gemaak dat hy as departementshoof eers 'n geleentheid moet kry om as voorbereiding 'n buitelandse reis na Europa en die Verenigde State te onderneem. Na sy terugkeer het hy van die begin van 1959 diens aanvaar.

GODGELEERDHEID

DIE Fakulteit Godgeleerdheid het in 1917 aan die T.U.K. met twee dosente tot stand gekom. Teen 1926 was daar vier professore van wie drie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en een van die Presbiteriaanse Kerk was. Van die begin van 1935 is in laasgenoemde professoraat wat vakant geword het 'n professor op aanbeveling van die Sinode van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal aangestel wat die leerstoel in die bestaande Fakulteit tot die einde van 1937 beklee het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1938 is binne die Fakulteit twee outonome afdelings gevorm vir elkeen van die twee kerke: die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Afdeling A) en die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk (Afdeling B). Hoewel daar dus voor 1938 slegs een Fakulteit sonder hierdie afdelings was, word die geskiedenis van die Fakulteit hier verder beskryf volgens die tans bestaande twee afdelings. Die naam Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk wat van 1885 in Transvaal bestaan, is in 1957 verander na Nederduitse Gereformeerde Kerk.

AFDELING A — NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

DIE STIGTING VAN DIE FAKULTEIT

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het altyd die beginsel gehuldig dat sy aanstaande predikante aan 'n universiteit vir hul toekomstige amp opgelei moet word. In die vroeë jare van die Zuid-Afrikaansche Republiek was daar vanselfsprekend nog weinig vooruitsigte om 'n universitêre, teologiese opleiding tot stand te bring en teen die einde van die jare tagtig het dié ideaal noodgedwonge al meer op die agtergrond geraak. Dit maak plek in die jare negentig vir die gedagte om 'n kerklik-teologiese kweekskool op te rig om die groeiende tekort aan predikante vir die Ned. Hervormde Kerk te bekamp.

Toe daar in 1899 deur die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek besluit is om 'n universiteit in Pretoria op te rig, is veral gedink aan drie Fakulteite: Lettere en Wysbegeerte, Regsgeleerdheid en Teologie. Die Ned. Hervormde Kerk is van owerheidsweë uitgenooi om mee te werk en van die kant van die Kerk is voorbereidings gemaak om 'n Teologiese Fakulteit te steun en daarby aansluiting te soek. In Nederland is van regeringskant sekere persone selfs nie-amptelik gepols vir die bekleding van professorate in die voorgenome fakulteite.

Na die oorlog het die Ned. Hervormde Kerk maar weer sy teologiese studente na Nederland gestuur sonder om die uiteindelike ideaal om opleiding in Pretoria te verkry, uit die oog te verloor. Die gedagte is nou ook gepropageer deur prof. dr. P. J. Muller, emeritus-professor sedert 1904 van die Hervormde Kerk aan die Universiteit Amsterdam en van 1904 tot 1909 predikant van die Ned. Hervormde gemeente te Pretoria. Privaat het hy toe al twee studente in Pretoria vir die bediening opgelei.

Na die totstandkoming van die Universiteit van Suid-Afrika kon die T.U.K. as een van die konstituerende kolleges voorsiening maak vir die doseerwerk wat in verband met die verkryging van alle teologiese grade nodig was, want die nuwe universiteit het die bevoegdheid gehad om sodanige grade toe te ken. So is meteens die moontlikheid geskep om 'n Fakulteit Godgeleerdheid op te rig.

Die destydse Minister van Onderwys, adv. F. S. Malan, is al in 1916 genader deur professore van die T.U.K. wat graag 'n Teologiese Fakulteit ingestel wou hê. Hy het daar geen beswaar teen gehad nie. Intussen het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Mei 1916 besluit om aansluiting by 'n moontlike fakulteit aan die T.U.K. te soek, maar nog voor hierdie besluit meegedeel kon word, het die Raad van die T.U.K. reeds op 15 Junie 1916 die Ned. Hervormde Kerk genader om hulp en steun om so 'n fakulteit in die lewe te roep. Dit was dr. F. V. Engelenburg, alombekende redakteur van *De Volksstem*, wat as raadslid die saak ter sprake gebring het en die versoek van die Raad aan die Kerk oorgebring het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Reeds in Julie 1916 het ds. Jac. van Belkum as skriba die T.U.K. ook meegedeel dat die Kerk besluit het om twee studente as teologiese studente op die T.U.K. se register te plaas en die kursus uiteengesit wat van hulle verlang sou word. Na aanleiding van dr. Engelenburg se verslag het die Raad besluit om 'n rondskrywe aan die verskillende kerke te rig om hulle in kennis te stel van die plan om 'n Teologiese Fakulteit in te stel en hul samewerking te vra.

Op 7 Desember 1916 is gevolglik samesprekings gehou met verteenwoordigers van die Ned. Hervormde Kerk, die Presbiteriaanse Kerk, die Wesleyaanse Kerk en die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk. Die verteenwoordigers van hierdie kerke het die plan in verband met 'n fakulteit verwelkom, maar uiteindelik het alleen die Ned. Hervormde Kerk aktief aan die oprigting deelgeneem.

Op aanbeveling van sy „Educational Functions Committee" wat oor dergelike sake advies gegee het, het die Raad op 21 Desember 1916 besluit om van die begin van 1917 'n Fakulteit Godgeleerdheid in te stel en twee lektore te benoem: dr. J. H. J. A. Greyvenstein (van die Ned. Hervormde Kerk) en eerw. Ebenezer MacMillan (van die Presbiteriaanse Kerk).

Die Kuratorium van die Ned. Hervormde Kerk het op 25 Januarie 1917 besluit om dr. Greyvenstein ook as kerklike professor te benoem en hy het op 1 April 1917 diens aanvaar, die datum waarop die Fakulteit begin funksioneer het.

Naas die twee dosente het prof. A. C. Paterson aanvanklik as derde dosent die Ou-Testamentiese vakke behartig.

Om tot die Fakulteit toegelaat te word, is bepaal dat studente eers in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die B.A.-graad moes behaal met Hebreeus, Grieks, Latyn en Wysbegeerte as verpligte vakke. Die teologiese opleiding was dus uiteraard nagraads en die studente weinig in getal. Hoewel die Fakulteit deur sy inrigting en samestelling niks bevat het wat studente wat lede en aanstaande leraars van ander kerke was, sou uitsluit nie, was die opleiding in die praktyk tot studente van die Ned. Hervormde Kerk beperk.

In 1921 is dr. S. P. Engelbrecht as vierde dosent aangestel. In 1924 is sowel dr. Engelbrecht as eerw. MacMillan tot professor bevorder. In 1926 is prof. Paterson opgevolg deur dr. B. Gemser. In die universiteitswording van 1930 en die Afrikaanswording van 1932 het die Fakulteit as een van dié wat in sy samestelling en voertaal Afrikaans was, 'n betekenisvolle rol ter ondersteuning van die rektor, prof. A. E. du Toit, gespeel.

Toe die aftrede van prof. MacMillan in 1933 aktueel geword het en daar sprake was om die Fakulteit uit te brei deur die insluiting van professore wat nie op aanbeveling van die Ned. Hervormde Kerk aangestel sou word nie, het die Kerk aangedring op 'n skriftelike ooreenkoms met die Raad van die Universiteit van Pretoria wat onder meer moes insluit verteenwoordiging van die Ned. Hervormde Kerk op die Raad, die behoud van minstens drie professorate en die byvoeging van nie meer as drie wat nie op voordrag van die Ned. Hervormde Kerk gevul sou word nie. Die ooreenkoms is op 15 Junie 1934 deur die Raad bekragtig en het as basis gedien vir latere uitbreidings van die Ned. Hervormde Kerk se afdeling van die Fakulteit. Van die einde van 1934 is namens die Ned. Hervormde Kerk een verteenwoordiger in die Raad van die Universiteit benoem.

Met die totstandkoming van 'n tweede afdeling in die Fakulteit is aan die Ned. Hervormde Kerk 'n vierde professoraat toegestaan waarin dr. H. P. Wolmarans in 1938 aangestel is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die bestaande ooreenkoms tussen die Kerk en die Raad van die Universiteit is in 1952 deur die Raad bekragtig. Daarvolgens is 'n vyfde professoraat ingestel wat van die begin van 1952 deur dr. B. J. Engelbrecht beklee word.

Indien in die toekoms 'n sesde professoraat aangevra word, soos tans wel deur albei afdelings van die Fakulteit oorweeg word, is dit waarskynlik dat dit 'n leerstoel in die Praktiese Teologie sal wees.

DIE DEPARTEMENTE

Nieu-testamentiese Wetenskap (1917)

Met die stigting van die Fakulteit is dr. J. H. J. A. Greyvenstein, wat van 1914 predikant van die Ned. Hervormde Kerk in die Gemeente Pretoria was, as eerste professor aangestel met leeropdrag die Nieu-Testamentiese vakke en die Christelike Etiek. Namens die Kerk is ook aan hom opgedra die Dogmatiek en die Praktiese Teologie. Hy het hoof van die departement gebly tot hy in 1943 die ouderdomsgrens bereik het waarop hy moes aftree.

Deur die heersende oorlogsomstandighede was die Kerk nie gereed om volgens die ooreenkoms met die Universiteit 'n aanbeveling vir 'n opvolger te maak nie. Daar was bowendien nie op daardie tydstip 'n Nieu-Testamentikus beskikbaar nie. Met die medewerking van die Universiteitsowerheid is die betrokke regulasies toe telkens vir 'n jaar opgeskort, sodat prof. Greyvenstein aan die einde van 1945 uitgetree het. Oor die lange jare van sy dienstyd as hoogleraar het professor Greyvenstein deur sy persoon en karakter, die persoonlik-lewende en waarlik eties-religieuse van sy onderwys, op die geestelike vorming van sy studente groot invloed uitgeoefen. Omdat tot sy aftrede ook die Praktiese Teologie deel van sy leeropdrag was, was sy onderwys vir die Ned. Hervormde Kerk in hierdie opsig van groot betekenis. Na sy aftrede het prof. Greyvenstein lid van die Raad geword en dien hy in hierdie hoedanigheid nog die Universiteit.

As sy opvolger is dr. A. S. Geyser (oudstudent) aangewys, wat die professoraat in 1946 aanvaar het met Praktiese Teologie en Christelike Etiek (tot 1951) as deel van sy leeropdrag.



J. H. J. A. Greyvenstein (geb. 1878).

Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap (1918, 1952)

Toe eerw. MacMillan in 1917 as dosent aangestel is, was sy leeropdrag die Wysbegeerte van die Godsdiens en die Geskiedenis van die Godsdiens. Sy aanstelling as „part-time lecturer" dateer van 1 April 1918. Op 27 Oktober 1924 is hy tot deeltydse professor bevorder. Prof. MacMillan het aktief met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Presbiteriaanse kerk verbonde gebly en in 1924 is hy verkies tot Moderator van die General Assembly of the Presbyterian Church of South Africa.


As mens was hy 'n entoesias met groot dryfkrag en deursettingsvermoë, 'n besondere persoonlikheid en innemend in die omgang. Teen 1929 is hy gelei om hom te vereenselwig met die Oxfordgroepbeweging. Hy neem na 1930 al meer deel aan die buitelandse saamtrekke van die beweging en in 1932 was hy die hele jaar met verlof. Sy werk is teen die einde van die jaar behartig deur dr. H. P. Wolmarans, predikant te Pietersburg van die Ned. Hervormde Kerk.

Die Fakulteit het intussen die begeerte uitgespreek om 'n voltydse professor in die Godsdienswetenskap te mag hê. In Maart 1933 is op versoek van prof. MacMillan (wat nou met die Oxfordgroep voltyds besig was) die moontlikheid van sy aftrede oorweeg. Op 19 Mei het hy met ingang Julie 1933 bedank en is reëlings getref om sy werk deur dr. Wolmarans op tydelike basis te laat voortsit. Prof. MacMillan is in November 1944 oorlede.

Die leerstoel van prof. MacMillan is van die begin van 1935 beklee deur ds. G. M. Pellissier wat benoem is op aanbeveling van die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk. Die Ned. Hervormde Kerk het in Februarie 1935 egter die Universiteit versoek om 'n vierde dosentskap op voordrag van die Kerk in te stel en wel in die Vergelykende Godsdienswetenskap en Wysbegeerte van die Godsdiens. Dr. H. P. Wolmarans het van 1935 tot die einde van 1937 as permanente deeltydse lektor gedien.

Toe Afdeling B van die Fakulteit gevorm is, het die leerstoel van prof. Pellissier deur sy oorplasing na die nuwe afdeling vakant geword en is dr. H. P. Wolmarans (oudstudent) en indertyd predikant te Boksburg deur die Ned. Hervormde Kerk aanbeveel as professor met ingang 1938. As uitvloeisel van die wens wat deur die Algemene Kerkvergadering uitgespreek is dat die Kerk aan die sending aandag onder die nie-blankes moet wy en dat in die Fakulteit plek ingeruim moet word vir die dosering van Sendingwetenskap, is by die leeropdrag van prof. Wolmarans van 1952 ook die Sendingwetenskap gevoeg.

Prof. Wolmarans het aan die einde van 1959 by die bereiking van die ouderdomsgrens afgetree. Sy werk is as dosent gekenmerk deur sy grondigheid en die suiwer en korrek-Reformatoriese grondslae van sy onderrig. Hy is opgevolg deur dr. F. J. van Zyl van die begin van 1 Januarie 1960 af.



H. P. WOLMARANS (geb. 1894).

GESKIEDENIS VAN DIE CHRISTENDOM (1921)

In April 1921 is dr. S. P. Engelbrecht aangestel met leeropdrag Kerk- en Dogmengeskiedenis waarby vanweë die Kerk ook die leeropdrag Kerkreg gevoeg is. Hy het die vorige jaar aan die Rijksuniversiteit, Utrecht, gepromoveer op 'n proefskrif oor die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk in Suid-Afrika wat,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met sy latere aanvulling, tot hede die standaardwerk oor hierdie onderwerp bly. Prof. Engelbrecht het sy werksaamheid as kerkhistorikus inderdaad as jong seun in 1909 begin, toe hy sy eerste gepubliseerde bydrae tot die kerkgeskiedskrywing gelewer het.

Sedertdien het onafgebroke talryke publikasies van verskillende omvang en merendeels beperk tot die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis uit sy pen verskyn. Behalwe op sy vakgebied binne die verband van die Ned. Hervormde Kerk het hy ook as biograaf werk van hoë gehalte gebied. Hy dien van 1931 as lid van die Unie se Argiefkommissie waarvan hy tans voorsitter is.

Dat sy prestasies nie tot Suid-Afrika beperk gebly het nie, blyk uit sy lidmaatskap en erelidmaatskap van verskeie binne- en buitelandse akademiese organisasies.



S. P. ENGELBRECHT (geb. 1891).

As skrywer oor die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis kan hy met reg as grondlêer van hierdie vak beskou word. Daarbenewens het hy deur sy onvermoeide ywer as argiefnavorser en versamelaar van Africana van kerklike en algemene aard 'n standaard van toewyding gestel wat moeilik geëwenaar sal kan word.

Sedert jaar en dag is prof. Engelbrecht voorts die onversetlike kampvegter vir die belange van die Ned. Hervormde Kerk wat dwarsdeur sy loopbaan sy een groot liefde gebly het. Dat hy weens sy onomwonde voorspraak vir sy Kerk dikwels in polemiek en persoonlike meningsverskille beland het, spreek vanself.

Aan die einde van 1956 het professor Engelbrecht by die bereiking van die ouderdomsgrens afgetree. Op 1 Julie 1957 is hy tot professor-emeritus van die Universiteit benoem. Sy argivalia, insluitende dié wat op die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk betrekking het, het hy aan die Kerk geskenk en self tree hy as argivaris vir die Kerk op.


As opvolger van prof. Engelbrecht is van die begin van 1957 aangestel dr. A. D. Pont (oudstudent) wat in 1955 aan die Rijksuniversiteit Utrecht gepromoveer het.

Ou-testamentiese Wetenskap (1926)

Daar is aanvanklik nie voorsiening gemaak vir die doseer van Hebreeus en die Ou-Testamentiese vakke in 'n afsonderlike departement van hierdie Fakulteit nie. Aan prof. A. C. Paterson (wat van 1908 af al Hebreeus gedoseer het aan die T.U.K.) is naas sy gewone leeropdrag Latyn van 1917 ook Hebreeus en die Ou-Testamentiese vakke toevertrou. Toe prof. Paterson na Nieu-Seeland verhuis het, is sy werk in die Fakulteit in 1924 en 1925 deur prof. S. P. Engelbrecht oorgeneem tot 'n voltydse professor vir die Ou-Testamentiese Wetenskap aangestel kon word.

Na vertraging in verband met die goedkeuring van sy benoeming is die professoraat in 1926 aanvaar deur dr. B. Gemser, predikant van die Hervormde gemeente in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



B. GEMSER (geb. 1890).

Lutjegast (Groningen). Hy was as jong geleerde wat in sowel die Ou-Testamentiese vakke as in Semitiese Tale met groot onderskeiding sy studie volbring het, uitnemend geskik om die grondslae vir die Ou-Testamentiese studie te lê en om tegelykertyd 'n departement Semitiese Tale uit te bou.

Prof. Gemser het tot 1946 benewens sy leeropdragte in die Fakulteit ook in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte as hoof van die departement Semitiese Tale opgetree. Van 1938 was dr. A. van Selms (wat in 1946 professor in Semitiese Tale geword het) as dosent aan die Fakulteit verbonde om met Ou-Testamentiese vakke behulpsaam te wees bo en behalwe sy leeropdrag in Semitiese Tale.

Na 1946 het prof. Gemser sy werksaamhede beperk tot die Ou-Testamentiese Wetenskap. Toe hy sy jubileumrede na 25 jaar diens in Pretoria gehou het, was hy reeds bekend as Ou-Testamentikus van internasionale formaat, met 'n indrukwekkende reeks gesaghebbende publikasies op sy naam. Hy was ook een van die oprigters van *Hervormde Teologiese Studies* as mondstuk van die Fakulteit. Tot die vorming van baie predikante het prof. Gemser bygedra. In die deur hom gevormde seminarium vir Semitiese Tale aan die Universiteit was hy studieleier vir menige Rabbynse geleerde en van sy oudstudente beklee verskeie leerstoele aan Suid-Afrikaanse universiteite.

In Junie 1955 het prof. Gemser afgetree en professor-emeritus van die Universiteit geword, maar nog tot aan die einde van die jaar in tydelik-deeltydse hoedanigheid diens gedoen. Gedurende sy verblyf in Pretoria is hom meermale buitelandse professorate aangebied. Hy het dit steeds sy roeping geag om te bly. Na sy aftrede het hy egter 'n professoraat aan sy Alma Mater in Groningen aanvaar waar hy tans nog werksaam is.

Hy is van Februarie 1956 opgevolg deur dr. E. S. Mulder (oudstudent), een van sy vroegste studente in 1926. In 1930 het hy tot die evangeliebediening in die Ned. Herv. Kerk toegetree en was daarnaas vyftien jaar lank deeltydse lektor in Hebreeus aan die Universiteit.

DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK (1952)

Hierdie departement wat ook die „Ensiklopedie van die Teologie" insluit, bestaan selfstandig vanaf 1952. Die leerstoel is aangebied aan dr. B. J. Engelbrecht (oudstudent) wat in 1949 aan die Rijksuniversiteit van Groningen gepromoveer het.

Dogmatiek is van 1917 tot 1945 deur prof. J. H. J. A. Greyvenstein van die departement Nieu-Testamentiese Wetenskap gedoseer en van 1946 tot 1947 deur sy opvolger, prof. A. S. Geyser. Vanaf 1948—1951 is dit behartig deur prof. S. P. Engelbrecht.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Christelike Etiek is in sy geheel vanaf 1917 tot 1938 deur prof. Greyvenstein gedoseer, terwyl 'n gedeelte van die doseerwerk van 1939 ook toevertrou is aan prof. C. H. Rautenbach. Gedurende 1946 word dit deur proff. Rautenbach en Geyser behartig en vanaf 1947 tot 1951 alleen deur prof. Geyser onder die departement Nieu-Testamentiese Wetenskap.

Tans kan kandidate òf in Dogmatiek, òf in Christelike Etiek vir die doktorsgraad spesialiseer, terwyl Ensiklopedie net vir die B.D.-graad 'n kursus vorm.

AFDELING B — NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

STIGTINGSGESKIEDENIS

Van 1859 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk al op Stellenbosch die Teologiese Kweekskool gehad waar die oorgrote meerderheid van sy predikante sedert daardie tyd opgelei is, ook dié wat in Natal en die voormalige Boererepublieke in die bediening gestaan het. Die gedagte om 'n tweede opleidingsentrum vir predikante in Pretoria in te stel, het teen 1916 by enkeles posgevat. Dat daaruit in 1934-1938 'n Teologiese Fakulteit aan die Universiteit ontstaan het, is eintlik die uitvloeisel van 'n lang groeiproses in die hart en gedagte van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal.

Dit was die professore W. P. de Villiers en D. F. du T. Malherbe wat in 1916 aan die een kant met gunstige resultaat die Minister van Onderwys, adv. F. S. Malan, genader het om die instelling van 'n Teologiese Fakulteit aan die T.U.K. te magtig; aan die ander kant het hulle met die steun van prof. A. C. Paterson (wat aan die Presbiteriaanse Kerk behoort het) leiers van die Ned. Geref. kerk genader.

Maar dit was dae van beroering aan die politieke front wat selfs in die Sinodale Vergadering van 1916 sy weerklank gevind het. Die meerderheidsgroep het dit gesien as 'n set teen Stellenbosch en die voorstelle is afgestem. So was dit ook in 1919. Die Sinode deel die T.U.K. per brief mee dat van die Kweekskool op Stellenbosch nog steeds die grootste genoegdoening verkry is en dat die Sinode nie van oordeel is dat daar vir die Kerk behoefte bestaan om een of meer leerstoele in verband met die voorgestelde Teologiese Fakulteit aan die T.U.K. te beset nie.

In 1922 was die Sinode nog oorwegend gekant teen die uitbreiding van die Fakulteit — wat inmiddels in 1917 net met die steun van die Ned. Hervormde Kerk opgerig is — deur die toevoeging van professore namens die Ned. Geref. Kerk. Onder die teenstanders wat later bestemd was om voorstanders van die Fakulteit te word, was ds. A. J. Louw (moderator) van Heidelberg en ds. Wm. Nicol (actuarius) van die Irenekerk in Johannesburg.

As hoofbeswaar het nog die vrees gegeld dat 'n tweede fakulteit die eenheid van die Kerk in die vier provinsies sou bedreig en afbreuk aan die Kweekskool op Stellenbosch sou doen. Die voorstelle is dus in 1922 weer eens afgestem en daar was jarelank geen vooruitsig dat die Transvaalse Sinode tot ander insigte sou kom nie.

Tog wen die gedagte in stilte veld dat iets gedoen moet word vir die opleiding van predikante vir die Ned. Geref. Kerk in Pretoria. Met die bedanking van prof. E. MacMillan in 1933 het die leerstoel Wysbegeerte van die Godsdiens aan die Universiteit van Pretoria vakant geword. Prof. D. F. du Toit Malherbe en andere het hier 'n gulde geleentheid gesien om namens die Ned. Geref. Kerk nou ook 'n professor in die Fakulteit te bring, sodat die Fakulteit albei kerke tesame kon dien en ook predikante vir die Ned. Geref. Kerk sou kon oplei. In 1933 is dus weer met oortuigingswerk begin. Prof. Malherbe het deur gesprekke en sy bydraes in die pers in 1933 en 1934 belangrike aanvoorwerk gedoen. Dit was ook bekend dat die rektor van die Universiteit, prof. A. E. du Toit, die deelname van die Ned. Geref. Kerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan die Fakulteit sou verwelkom. Hoewel die Ned. Hervormde Kerk toe reeds gereed was om die naam voor te dra van 'n opvolger vir prof. MacMillan, is die leerstoel nog tot Mei 1934 vakant gelaat in afwagting van die Sinodebesluit.

Aan die einde van 1933 het die aanstaande moderator, ds. Wm. Nicol, nog erken dat hy „op die muur sit" oor die kwessie van 'n fakulteit, maar die kanselier van die Universiteit, ds. A. J. Louw, was al vir die saak gewen. Sy invloed in die wandelgange by die Sinode van April 1934 en die werk van prof. D. F. du T. Malherbe (as ouderling van Pretoria-Oos) het sonder twyfel bygedra tot die uitslag van die sinodale besprekings. Die vroeëre bedenkings was nog daar. Dan was daar nog die vraag of twee kerkrigtings in een fakulteit gehuisves kon word.

Met 175 stemme teen 5 is in April 1934 deur die Sinode die middeweg gevolg: daar is besluit dat die Sinode by monde van die Sinodale Kommissie die Universiteit van Pretoria sou versoek om die vakature veroorsaak deur die bedanking van prof. MacMillan in oorleg met die Ned. Geref. Kerk te vul. Die weg sou oopgelaat word vir samewerking, voordat besluit word oor die vul van nog twee leerstoele en die Kommissie sou in 1937 aan die Sinode verslag doen oor die instelling van die orige twee professorate.

In Mei 1934 is die Kerk se keuse deur ds. Wm. Nicol as moderator en voorsitter van die Sinodale Kommissie persoonlik aan die Raad van die Universiteit oorgebring: ds. G. M. Pellissier, predikant van Carolina en Actuarius Synodi, as eerste keuse, prof. B. B. Keet van Stellenbosch as tweede en dr. D. J. Keet van Pretoria-Oos as derde keuse om die vakante leerstoel te vul.

Prof. Pellissier het op 1 Januarie 1935 diens aanvaar en daar is met blydskap kennis geneem van die feit dat daar al dadelik 16 studente van die Ned. Geref. Kerk in die eerste jaar B.A. te kenne gegee het dat hulle eventueel vir B.D. sou inskryf. Met uitsondering van een gegradueerde was daar egter vir prof. Pellissier nie studente nie, want die Ned. Hervormde Kerk het kragtens sy ooreenkoms van 15 Junie 1934 met die Universiteit bepaal dat sy studente nie die lesings van prof. Pellissier sou bywoon nie. Dit was 'n aanduiding dat deelname van die Ned. Geref. Kerk aan die Fakulteit nie op 'n geïntegreerde grondslag nie (soos oorspronklik die gedagte was) maar wel op parallelle basis sou plaasvind om aan elke kerk outonomie in sy opleiding te laat, desnoods in twee fakulteite naas mekaar.

In 1935 het dus die stappe van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal begin om die weg vir sy beoogde Teologiese Fakulteit te baan. As woordvoerder by die Kaapse Kerk het ds. Wm. Nicol in April met ds. J. H. Eybers in Kaapstad die saak vir 'n Fakulteit gaan stel en die steun van die Kaapse Kerk gevra. Teen 5 September is oud-moderator ds. Paul Nel in Transvaal as organiseerder en kollektant vir die voorgestelde Fakulteit aangewys. Hy het ruim steun ervaar.

Van ds. Nicol en van andere kom op 20 September 1935 'n ope brief aan die Kaapse Kerk gerig. Daarin word besware van die verlede en wat nog mag bestaan teen die oprigting van die Fakulteit in oënskou geneem en weerlê. Met klem word onder meer verklaar dat die nuwe Fakulteit van voor 1922 ter sprake was en met die resente Du Plessis-kerksaak niks te make het nie, dat 'n eie seminarium in die noorde te veel sou kos, dat gemeentestigting na die depressie 'n verhoogde aantal predikante gaan eis en dat in Europa bewys word dat meer as een fakulteit geensins verdeeldheid saai nie.

Die Kaap het sy mening voorbehou tot die Sinode van November 1936, maar intussen is namens die Transvaalse Kerk al aan die Raad van die Universiteit die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

eerste konsep voorgelê vir 'n fakulteit waarin elke kerk deur drie professore verteenwoordig sou word. Dit is op 15 Oktober 1936 deur die Raad aanvaar.

Op die vooraand van die Kaapse Sinodesitting was daar in kerklike blaaie meningsverskil oor die wenslikheid van 'n Teologiese Fakulteit in Pretoria. Die vrees is uitgespreek dat mededinging in die kerklike lewe kon ontstaan tussen 'n regsinnige suide en 'n meer vrysinnige noorde waardeur die broederband in die kerk verbreek sou word. Hierdie denkbeeld van 'n ortodokse Stellenbosch teenoor 'n liberale Pretoria — die herhaling op groter terrein van die ou Kaapse kerkstryd van die negentiende eeu — het op 5 November 1936 duidelik te voorskyn getree in die besprekinge wat die hele dag lank in die Kaapse Sinode plaasgevind het. Teenoor die voorstelling van die Transvaalse plan as sesessie uit simpatie met die Du Plessis-standpunt was daar aan die ander kant sterk pleidooie ten gunste van 'n fakulteit om die noorde te dien.

Die Transvaalse Sinode was op 17 April 1937 ook nie eensgesind oor die instelling van die fakulteit nie. Na 'n lang debat is in doodse stilte deur die moderator, ds. Wm. Nicol, aangekondig dat die Sinode met 139 teen 68 stemme besluit het dat die Fakulteit wel ingestel sou word. Die Sinodebesluit is op 23 April 1937 persoonlik aan die Raad van die Universiteit oorgedra deur ds. Nicol en prof. G. M. Pellissier. Die versoek van die Kerk het 'n aparte Fakulteit met vier leerstoele behels waartoe die Kerk 'n geldelike bydrae sou doen.

Op 5 Augustus 1937 het die Raad konsepooreenkomste met albei die betrokke kerke goedgekeur op die basis van aparte Fakulteite, maar dit het geblyk dat daar besware van statutêre en finansiële aard was teen die instelling van twee Fakulteite Godgeleerdheid. Die oplossing is toe gevind in die skepping van 'n enkele fakulteit met twee outonome afdelings. In November 1937 is die ooreenkomste met die twee Kerke onderteken en die vakansiekomitee van die Raad het op 17 Desember op aanbeveling van die Ned. Geref Kerk naas die bestaande professoraat wat deur prof. Pellissier beklee is, in die drie nuwe vakatures aangestel dr. J. H. Kritzinger, dr. E. P. Groenewald en dr. D. J. Keet. Die eerste vier professore van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria is plegtig in hul ampte bevestig in die Pretoria-Ooskerk op 16 Maart 1938 en het met ses studente die eerste jaar se werksaamhede begin.

Die begin was moeilik. 'n Hele Fakulteit met sy kursusse en sy regulasies moes in Februarie 1938 beplan word, daar moes onderlinge raadpleging wees tussen die twee afdelings van die Fakulteit en daar moes die eerste tyd sonder behoorlike huisvesting klaargekom word. Op prof. Pellissier se vrome en wyse raadgewing uit lange ervaring geput, is ruim gesteun en hy was byna vanselfsprekend die eerste dekaan van die Fakulteit. Op 14 September 1939 het die Raad eenparig besluit om aan te beveel dat die Ned. Geref. Kerk ook 'n verteenwoordiger op die Raad toegestaan moet word.

Van die begin van 1953 is 'n vyfde professoraat ingestel wat aan dr. H. D. A. du Toit aangebied is. Indien 'n sesde professoraat, wat reeds ter sprake is, werklikheid word, sal dit waarskynlik 'n leerstoel in die Praktiese Teologie wees.

DIE DEPARTEMENTE

Ou-Testamentiese eksegese en teologie (1938)

Hierdie leerstoel word sedert die instelling van die Fakulteit beklee deur prof. J. H. Kritzinger wat in Februarie 1938 diens aanvaar het. Ten tyde van sy benoeming was dr. Kritzinger predikant van die gemeente Hanover.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nieu-Testamentiese Eksegese en Teologie (1938)

Met die instelling van die Fakulteit is dr. E. P. Groenewald, predikant van Bethulie, met ingang Februarie 1938 as die eerste professor in die Nieu-Testamentiese vakke benoem.

Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg (1938)


As eerste professor en hoof van hierdie departement is met ingang Februarie 1938 aangestel dr. D. J. Keet, predikant van die gemeente Pretoria-Oos. Nadat hy as hulpprediker in Bethlehem gestaan het, het dr. Keet in 1920 as eerste leraar na die nuwe gemeente Pretoria-Oos gekom en so die kerklike groei van die oostelike voorstede van die stad en van die studentegemeenskap van 'n vroeë stadium meegemaak.

Van 1923 was dr. Keet deur gebeurtenisvolle jare heen lid van die Raad van die Universiteit, sodat hy ook met die gang en strewe van die Universiteit volkome vertroud was.

Prof. Keet het sy nuwe taak met groot liefde en nougesette deeglikheid vervul tot hy in 1952 die leeftydsgrens bereik het. Sy dienste is egter deur die Raad nog tot aan die einde van 1953 behou, terwyl intussen in Junie 1953 die status van professor-emeritus aan hom toegeken is. Na die aanvaarding van sy emiritaat het prof. Keet in 1956 Kerkargivaris vir Transvaal geword. In dié hoedanigheid dien hy tans nog die Kerk.

As opvolger van prof. Keet van die begin van 1954 is aangestel dr. B. J. Marais wat sedert 1938 studenteleraar in Pretoria en van 1941 medeleraar van die gemeente Pretoria-Oos was. Prof. Marais het sedert 1940 die Ned. Gereformeerde Kerk tot sy benoeming as professor ook as lid van die Raad van die Universiteit gedien.

Van 1956 is Kerkreg as leeropdrag aan prof. A. B. du Preez opgedra.



D. J. Keet (geb. 1887).

Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap en Amptelike Teologie (1953)

Van 1948 is reeds onderhandelings gevoer oor die instelling van 'n vyfde professoraat in die Fakulteit wat deur albei afdelings aangevra is weens die ongunstige doseerlas deur die bestaande vier departemente meegebring. Die bedoeling was dat drie onveranderd sou bly, maar dat Dogmatiek en Godsdienswetenskap na Dogmatiek en Christelike Etiek verander word en dat as vyfde departement dan Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap geskep word waarin die sendingwetenskap tot sy reg kon kom. Dit was 'n behoefte wat veral in verband met die kerstening van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inheemse bevolking en die ontwaakte sendingbewussyn van die Kerk oor die hele wêreld.


Die instelling van die leerstoel is in 1950 gemagtig en deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk is in April 1951 besluit om dit amptelik aan te vra vir hierdie afdeling. Die professoraat is deur Raadsbesluit van 26 Junie 1952 aangebied aan dr. H. D. A. du Toit wat van 1933 agtereenvolgens studenteleraar in Transvaal en predikant op Carolina, Pretoria-Oos, Bronberg en Paarl was. Hy het aan die Universiteit van Pretoria in 1948 gepromoveer. Prof. Du Toit het op 1 Februarie 1953 in diens getree.

Godsdienswetenskap en Amptelike Teologie wat nou deel van sy leeropdrag geword het, is tot 1945 deur prof. G. M. Pellissier waargeneem. Daarna het sy opvolger, prof. A. B. du Preez, die Godsdienswetenskap oorgeneem, terwyl prof. Pellissier self tot die einde van 1952 vir die Praktiese Teologie verantwoordelik gebly het.

Dogmatiek en Christelike Etiek (1953)

Met die instelling van die vyfde departement is die oorspronklike kombinasie van Godsdienswetenskap en Dogmatiek waarvoor prof. G. M. Pellissier al van 1935 naas die Amptelike en Praktiese vakke verantwoordelik was, geskei.

Toe die Sinode in 1934 besluit het om ds. George Murray Pellissier van Carolina vir die leerstoel aan die Universiteit van Pretoria aan te wys, het die keuse geval op een van die edelste en godvrugtigste manne in diens van die Kerk op daardie oomblik. As seun uit die bekende sendelingfamilie van Bethulie het hy vroeg die roeping gevoel om predikant te word. Na studie in Stellenbosch en Londen word hy van 1907 predikant in Pietermaritzburg waar hy naas sy arbeid as geestelike herder ook in die Afrikaner se kultuurstryd 'n aandeel gehad het. In 1918 gaan hy na Dundee en in 1924 na Carolina. Ryp in ervaring en diens het hy in 1935 sy taak as hoogleraar en grondlêer van die Teologiese Fakulteit van die Ned. Geref. Kerk in Pretoria aanvaar.



G. M. Pellissier (1881 — 1954).

In die eerste paar jaar wat vir hom menige donker oomblik meegebring het, was sy nederigheid, wysheid en trou in sy handeling teenoor sy medemens steeds sy wapenrusting. Met die vestiging van die Fakulteit was sy raad en hulp as eerste dekaan onmisbaar. In die vergadersaal van Fakulteit en Senaat het diegene wat die voorreg gehad het om saam met hom te dien, hom leer ken as die vredemaker met diepe menseliefde en humorsin wat steeds tot geduld en kalmte kon maan wanneer die gemoedere gaande raak.

As teoloog was hy 'n man van wetenskaplike bekwaamheid en grondige vakkennis, 'n indrukwekkende dosent wat 'n groot doseerlas veral in die eerste jare gedra het, 'n belese mens, kalme denker en nederige kollega. Sy invloed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die studente wat sowat agttien jaar aan sy voete gesit het, was onuitwisbaar. In sy lering was dit sy voortdurende strewe om, wat die vorm van die erediens betref, tot die grondliggende beginsels van die Gereformeerde Kerk terug te keer.

In 1945 het hy afgetree, maar tot aan die einde van 1952 nog die Praktiese Teologie vanweë die Kerk bly waarneem. In 1946 het die Universiteit aan hom die eredoktorsgraad verleen. Hy was lief vir sy studeerkamer waar hy stil gearbei het in die aand van sy lewe. Op 6 Maart 1954 is hy in Pretoria oorlede.

As blywende herinnering aan een van die sierade van die Kerk in Suid-Afrika is 'n pragtige, vergrote portret van prof. Pellissier deur die studente van 1950 se finale jaar in die groot lesingsaal van die fakulteitsgebou geplaas. In 1958 het van die hand van kollegas en tydgenote 'n huldigingswerk oor sy lewe en werk verskyn.

As opvolger van prof. Pellissier met leeropdrag Godsdienswetenskap en Dogmatiek is van Februarie 1946 aangestel dr. A. B. du Preez, wat agtereenvolgens van 1935 af in die bediening gestaan het op Heidelberg (Transvaal) en Waterval (Johannesburg).

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT GODGELEERDHEID

J. H. J. A. GREYVENSTEIN, *B.A.* (*Kaap.*), *Th.D.* (*Utrecht*), 1924 — 1926.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), 1927, 1928.

B. GEMSER, *D. Litt.*, *Th.D* (*Groningen*), 1929, 1930.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Oktober 1930 tot Oktober 1933; Oktober 1933 tot Oktober 1936; Oktober 1936 tot Oktober 1939.

G. M. PELLISSIER, *B.A.* (*Kaap.*), *B.D.* (*Lond.*), Adjunk-dekaan 1939.

G. M. PELLISSIER, *B.A.* (*Kaap.*), *B.D.* (*Lond.*), Oktober 1939 tot Oktober 1942.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Adjunk-dekaan, Oktober 1939 tot Oktober 1942.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Oktober 1942 tot Oktober 1945.

G. M. PELLISSIER, *B.A.* (*Kaap.*), *B.D.* (*Lond.*), Adjunk-dekaan, Oktober 1942 tot Oktober 1945.

D. J. Keet, *B.A.* (*Oxon.*). *D.D.* (*Amsterdam*), Oktober 1945 tot Oktober 1948.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Adjunk-dekaan, Oktober 1945 tot Oktober 1948.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Oktober 1948 tot Oktober 1951.

E. P. GROENEWALD, *M.A.* (*Stell.*), *Th.D.* (*Amsterdam*), Adjunk-dekaan, Oktober 1948 tot Oktober 1951.

E. P. GROENEWALD, *M.A.* (*Stell.*), *Th.D.* (*Amsterdam*), Oktober 1951 tot Oktober 1954.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Adjunk-dekaan, Oktober 1951 tot Oktober 1954.

S. P. ENGELBRECHT, *Th.D.* (*Utrecht*), Oktober 1954 tot Desember 1956 (Afgetree).

H. P. WOLMARANS, *M.A.* (*S.A.*), *D.D.* (*Groningen*), Januarie tot Oktober 1957.

E. P. GROENEWALD, *M.A.* (*Stell.*), *Th.D.* (*Amsterdam*), Adjunk-dekaan, Oktober 1954 tot Oktober 1957.

E. P. GROENEWALD, *M.A.* (*Stell.*), *Th.D.* (*Amsterdam*), Oktober 1957 tot Oktober 1960.

H. P. WOLMARANS, *M.A.* (*S.A.*), *D.D.* (*Groningen*), Adjunk-dekaan, Oktober 1957 tot aftreedatum 31 Desember 1959.

E. S. MULDER, *Theol. Drs.* (*Utrecht*), *D.D.* (*Groningen*), van 1 Januarie 1960 af.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REGSGELEERDHEID

DIE GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT

NA die stigting van die selfstandige T.U.K. in 1910 het die regskool van adv. Wm. Pittman, wat toe al sedert 1905 regsopleiding in Pretoria aangebied het, ook vir die LL.B.-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop begin oplei.

Toe die federale Universiteit van Suid-Afrika op 1 April 1918 begin optree het, was die T.U.K. kragtens wet 'n konstituerende kollege daarvan. Die regsgeleerde-opleiding is gevolglik in 'n Fakulteit Regsgeleerdheid georganiseer, met 'n dekaan en twee erkende departemente, Romeins-Hollandse Reg en Romeinse Reg, waarvan die hoofde elkeen 'n setel op die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika gehad het. Adv. Pittman het hoof van die departement Romeins-Hollandse Reg en dekaan van die Fakulteit geword en adv. J. H. F. E. R. C. Gey van Pittius hoof van die departement Romeinse Reg.

Die gegewens oor die aantal regstudente in die vroeë jare van die T.U.K. is baie onvolledig. In die jaar 1915 was daar so 'n insinking in die getalle dat die Raad besluit om te ondersoek of die besoldiging van 'n dosent nog die moeite loon. Daar was in die vorige jaar net 'n paar en in 1915 werklik nie een nie. Die voorsitter van die Raad, sir Johannes Wessels (self 'n regsgeleerde), het toe persoonlik by adv. Pittman gaan navraag doen en bevind „that the reason for the falling off in the Law students was due to the students having been commandeered for German South West Africa but that now there were about a dozen attending the classes." Nietemin is gevoel dat die lektor se salaris in die omstandighede te hoog is vir die aantal studente en verlaag moet word.

Toe die Fakulteit Landbou in 1917 gestig is, is 'n kursus in Agrariese Reg as deel van die opleiding vir die B.Sc.(Agric.)-graad ingestel. Die beheer van die kursus is aan die Fakulteit Regsgeleerdheid toevertrou en 'n praktiserende advokaat is aangestel om die werk te doen. Die kursus was egter nie lewensvatbaar nie en is teen 1928 afgeskaf.

In 1918 het die T.U.K. begin met onderwys in handelsvakke en as onderdeel daarvan is 'n kursus Handelsreg ingestel wat egter eers in 1938 'n selfstandige departement geword het.

Teen 1920 was daar darem verbetering te bespeur in die studentetal: daar was 15 vir LL.B., 15 vir B.A., 20 vir B.Com. en 20 vir die regseksamens vir prokureurs en die staatsdiens ingeskrywe.

Die mislukking van die oorspronklike Beitplan wat een doserende universiteit teen die hange van Tafelberg vir Suidelike Afrika beoog het, was vir die leiers van die regsbedeling in die land 'n gevoelige teleurstelling. Dwarsdeur die geskiedenis van die mensheid het die regswese binne 'n bepaalde staat altyd behoefte gehad aan eenheid van reg, eenheid van regstaal en ook eenheid van regsopleiding. Een universiteit vir die hele land sou eenvormigheid bevorder; meer universiteite kon die uniformiteit in gevaar stel.

Daar was twee bepaalde teenstellings waarvan die uitwerking gevrees is, naamlik die teenstelling Noord-Suid en die teenstelling Engels-Afrikaans.

Voor 1918 het die teenstellings nog nie hul kop uitgesteek nie. Die leiers van die regsbedeling in alle dele van die land was na 1902 persone wat (met enkele uitsonderings) in Engeland en volgens die Britse patroon opgelei is. Die voortreflikheid en onoortrefbaarheid van die opleiding vir die advokateloopbaan in Engeland

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was by sommige in Pretoria nog so sterk gevestig dat hulle van mening was dat die plaaslike regsopleiding alleen die doel kon dien om die houthakkers en waterdraers van die regsprofessie te kweek. Die toekomstige leiers sou altyd nog na Engeland moes gaan om daar opgelei te word. Hoewel hierdie beskouing grondig na 1930 deur die feite weerlê is, was dit tog geen aantreklike vooruitsig om 'n nuwe regsfakulteit in Pretoria te begin, terwyl so 'n opvatting nog geheers het nie.

Die stigting van die drie universiteite in Kaapstad, Stellenbosch en Johannesburg het na 1921 alhoemeer begin dui op die stigting van 'n Afrikaanse universiteit in Pretoria. Die leiers van die regsbedeling het dié ontwikkeling met 'n gevoel van ongerustheid beskou, veral toe die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Stellenbosch sy opleiding met Afrikaans as voertaal begin gee het en dit nie volgens die erkende Engelse patroon ingerig het nie, maar meer na die voorbeeld van die universiteite van die Vasteland.

In 1925 het die Universiteit van die Witwatersrand besluit om 'n voltydse professoraat in die regte in te stel. In dieselfde jaar het adv. Pittman as dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die T.U.K. uitgetree en die Raad het 'n adviserende komitee — die prokureurs P. I. de Kock, P. Roux en G. S. Findlay, wat almal raadslede was — aangestel om oor die benoeming van 'n voltydse professor in die regte wat ook as dekaan sou optree, verslag te doen. Die komitee het dit as sy mening uitgespreek dat dit uiters wenslik sou wees om oor te gaan tot die aanstelling van 'n permanente, voltydse professor in die regsgeleerdheid. Daar is ook aanbeveel dat 'n bedrag afgesonder moet word om regsliteratuur, rapporte van vorige hofsake en agterstallige rapporte aan te koop. 'n Boekery was daar eintlik nog nie.

Nadat adv. Pittman in April 1925 bedank het, het die werk van die Fakulteit ontwrig geraak. In 1926 het G. S. Findlay as waarnemende dekaan opgetree en die toestand van sake enigsins herstel.

In Desember 1926 is dr. D. Pont, wat destyds in Johannesburg aan 'n prokureursfirma verbonde was, as eerste permanente, voltydse professor in die regsgeleerdheid en dekaan van die Fakulteit aangestel. Hy het sy amp as professor op 15 Februarie 1927 aanvaar en is tot Junie 1960 in diens van die Universiteit.

Toe die eerste professor-dekaan sy pligte aanvaar het, was daar 126 studente wat regsvakke gevolg het. Benewens die professor-dekaan was daar toe elf dosente van wie tien deeltyds was en almal lede van die balie of die prokureursprofessie.

Lesings in die Fakulteit is gegee volgens die leerplan wat opgestel is deur die Universiteit van Suid-Afrika, of deur die Gemeenskaplike Komitee vir Professionele Eksamens, 'n liggaam wat ook in 1916 in die lewe geroep is. Op die jaarlikse Senaatsvergadering van die Universiteit van Suid-Afrika wat sedert 1918 plaasgevind het, is aan die Fakulteit Regsgeleerdheid van die T.U.K. twee afgevaardigdes toegestaan, een vir elke departement.

Wat huisvesting betref, kan hier vermeld word dat die Fakulteit van die begin van 1926 in die pasvoltooide Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat al sy aktiwiteite verrig het. Vermeulenstraat het toe nog geen teerblad gehad nie; dit was 'n betreklik rustige agterstraat selfs teen die einde van die jare twintig.

In die jaarverslag van die dekaan vir 1928 word vir die eerste keer onderskeid gemaak tussen binnemuurse en buitemuurse studente. Die verslag pleit vir 'n buitemuurse afdeling van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte om die belange van die dertigtal studente van B.A.(Regte) wat buitemuurs geregistreer is, beter te dien. Ook word aanbeveel dat vir binnemuurse studente in die regte binnemuurse lesings gegee moet word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In dieselfde jaarverslag word voorts vir die eerste keer die noodsaaklikheid van die instelling van 'n tweede professoraat in die Fakulteit genoem. Die Fakulteitsraad het hom wel met die voorstel vereenselwig maar op die verwesenliking moes nog tot 1932 gewag word.

Veral na die Hertzogoorwinning in die verkiesing van 1924 was daar toenemende vooruitsigte dat die T.U.K. die Afrikaanse Universiteit van Transvaal sou word. Dit het die destydse leiers op die gebied van die regsbedeling in Transvaal nie gerus gestel nie. Dit is waar dat meer as tweederdes van die doseerwerk in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die T.U.K. in die hande van lede van die professie was en dat grade toegeken is deur die Universiteit van Suid-Afrika. Maar by die universiteitswording van die T.U.K. sou die voogdy wat deur die Universiteit van Suid-Afrika, dit is deur die tradisionele opvattings, uitgeoefen is, verval.

Die Fakulteitsraad sou met goedkeuring van die Senaat en die Raad sy eie leerplan kon opstel, sy eie eksamens hou en sy eie grade toeken. Die grade sou dan toegang verskaf tot die praktyk; die houers daarvan sou kon meeding met die praktisyns wat elders opgelei is. Daar was by sommige 'n vrees dat die opleiding van die nuwe universiteit nie dieselfde eise sou stel as wat elders gestel word nie, dat dit makliker sou wees en dat die opleiding nie die gebruiklike patroon sou volg nie. Daar was dus om dié rede 'n mate van verset teen die universiteitswording. Op die agtergrond was die vrees dat die universiteit Afrikaans sou word met 'n Fakulteit Regsgeleerdheid waar Afrikaans die voertaal sou wees. Daar was ook die moontlikheid dat 'n tweede professoraat dan beset sou word deur iemand wat nie 'n verteenwoordiger van die Engels-Suid-Afrikaanse skool op die gebied van die regsgeleerdheid sou wees nie.

Die voertaal by die onderwys in die regte was deurgaans Engels, want die taal van die regsbedeling in die land was Engels. Die hele regsprofessie was ook intuïtief gekant teen die gebruik van Afrikaans as regstaal. By sy ampsaanvaarding in 1927 het professor Pont vanselfsprekend al sy lesings in Engels gegee. Aan die T.U.K. was die meerderheid van die studente egter Afrikaanssprekend, alhoewel 'n groot minderheid Engelssprekend was.

In 1929 het professor Pont op versoek van studente van die klas Romeins-Hollandse Reg I ingewillig om die lesings in die vak in Afrikaans te gee. By die meerderheid van die studente het dié besluit byval gevind. 'n Minderheid van die studente was daarteen gekant. Hulle het beweer dat hulle by die T.U.K. aangesluit het in die veronderstelling dat hulle die lesings in hul eie taal sou ontvang en dat hulle deur die besluit benadeel is. Hulle het geen beswaar gemaak teen lesings met Afrikaans as voertaal vir Afrikaanssprekende studente nie, maar gestaan op lesings met Engels as voertaal in dieselfde vak vir Engelssprekende studente. En so het dit gebeur dat die professor om die liewe vrede ontwil in 1929 en 1930 verplig was om die lesings wat hy in die agtermiddag in Afrikaans vir die Afrikaanssprekende meerderheid gegee het, in die aand vir 'n Engelssprekende minderheid te herhaal.

Om toe te gee aan die eis sou verdubbeling van werk en verdubbeling van uitgawes beteken. In die geval van die ander dosente het die vraag nie ter sprake gekom nie. Aangesien daar geen geld was om die werk te verdubbel nie het die regsopleiding voor 'n keuse gestaan. Hy moes òf Engelstalig bly en die meerderheid van Afrikaanssprekende studente afskeep en ernstige aanstoot gee, òf Afrikaans as voertaal invoer — al was dit dan maar voorlopig vir een kursus — en die risiko loop om ongewild te word by die Engelssprekendes. Die tweede alternatief is gekies, want dit was die roeping van die universiteitsinstelling in Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die gevolge het nie uitgebly nie. Ten eerste is Engelssprekende studente vervreem, behoudens die uitsondering van goedgesindes. Verder het die Fakulteit by die gevestigde regsbedeling in onguns geraak. Die regbank, die balie en die Departement van Justisie het vertroue in die opleiding begin verloor. Toe die Afrikaanswording in 1932 kom, was die besluit van baie Engelssprekendes al geneem, sover dit die Fakulteit betref, en hierdie besluit was om die rug op die Universiteit se regsopleiding te draai.

In die vroeë jare dertig staan die groei van die studentetalle van die Fakulteit stil, deels deur die depressietoestand, maar ook as gevolg van die verlies van Engelssprekende studente.

In 1931 gee hierdie houding van die kant van Engelssprekendes verder aanleiding tot die stigting van 'n regskool in Pretoria deur twee lede van die balie vir die opleiding van Engelssprekende kandidate vir die prokureurstoelatingseksamen. 'n Verdere gevolg van die invoering van Afrikaans as voertaal was dat die wrewel gewek is van amptenare in die Departement van Justisie, met die gevolg dat staatsamptenare nie aangemoedig is om voort te gaan om van die regsopleiding van die Universiteit van Pretoria gebruik te maak nie. Korrespondensiekolleges wat van Engels as voertaal gebruik gemaak het, is amptelik aangemoedig en het kandidate van die Universiteit weggetrek. Hulle het lesings wat in Engels opgestel is met mening in die blaaie geadverteer, wat ook al die kwaliteit van die aantekeninge was. Selfs studente wat van huis uit Afrikaanssprekend was, is deeglik op loop gejaag met die argument dat dit nadelig is vir hul loopbaan om hul regsopleiding deur medium van Afrikaans te ontvang.

Nog 'n gevolg van die invoering van Afrikaans was dat dit argwaan van die Hooggeregshof en die georganiseerde regsberoep gewek het. Die regstreekse aanleiding vir die eerste vertoning van agterdog deur die professie teen die Fakulteit het in die begin van 1932 plaasgevind, nog voor die Lamontsaak en nog voor daar sprake was van besluite wat tot die Afrikaanswording gelei het.

Aan die begin van die akademiese jaar 1932 was daar sprake van inlywing by die Pretoriase Tegniese Kollege van die private regsopleiding wat deur die twee advokate daar begin is. Toe die planne bekend word, is onmiddellik deur prof. Pont as dekaan van die Fakulteit by die rektor van die Universiteit en deur die rektor by die Sekretaris van Onderwys daarteen beswaar ingedien. Dit het daartoe gelei dat die plan deur die Minister van Onderwys verbied is. Dit beteken dus dat daar slegs een amptelike, georganiseerde en deur die regering erkende regsopleiding in Pretoria toegelaat sou word, naamlik dié van die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit was nou by magte om die opleiding nie deur Engels alleen nie, maar ook deur Afrikaans en moontlik miskien alleen deur Afrikaans te laat plaasvind.

In sekere kringe wat hierdie ontwikkeling nie met instemming betrag het nie, is dit aangesien as die grootste en ernstigste bedreiging denkbaar vir die eenheid van die regsberoep. Te meer nog aangesien by die Universiteit die hef in die hande was van 'n dekaan wat nie in die Engelse skool opgelei was nie en wat uiteraard as enigste voltydse dosent 'n groter invloed gehad het as wat anders die geval sou gewees het by die verlening van die graad LL.B. wat toelating tot die regsprofessie gee. Daar moes (so is geredeneer) 'n waarborg wees teen minderwaardige opleiding; daar moes opgetree word om 'n deeglike opleiding in die regte te verseker in belang van land en volk en buite beïnvloeding van die politiek.

Lede van die Raad van die Universiteit, wat ook lede van die regsprofessie was, het hierdie menings vertolk en meegewerk tot die Raadsbesluit van 18 Maart 1932 om die regter-president, D. de Waal, te nader om te dien in 'n komitee om die regsopleiding aan die Universiteit te ondersoek en aanbevelings te maak met die oog op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„the present highly unsatisfactory position in regard to legal education in Pretoria." Op 15 April 1932 — toevallig juis op die tydstip toe die voorspel tot die Lamontkwessie besig was om te ontvou — is 'n *ad hoc*-komitee van die Raad benoem met regter De Waal as voorsitter. Daarin het ampshalwe die rektor, prof. A. E. du Toit, en die dekaan, professor Pont, gedien benewens verteenwoordigers van die Raad, die balieraad en die prokureursorde.

Op daardie oomblik het die Fakulteit Regsgeleerdheid (met een voltydse professor en 'n tiental deeltydse dosente) advokate, prokureurs en staatsamptenare opgelei vir die B.A.(Regte), LL.B. en B.Com.-grade en bowendien ook vir die eksamens van die Gemeenskaplike Komitee vir Professionale Eksamens. Vir laasgenoemde eksamens was daar in 1930 net 10 en in 1931 sowat dieselfde getal kandidate.

Die verslag van die komitee van ondersoek het by die Raad aanbeveel dat aan die twee advokate 'n aanbod gemaak moet word tot inlywing van hul opleiding binne die Fakulteit Regsgeleerdheid. Dit sou 'n afsonderlike departement van die Fakulteit vorm en een van hulle sou as hoof daarvan optree. Die stilswyende veronderstelling was dat Engels as voertaal sou dien. Verder sou die Universiteit sy eie studente vir die eksamens van die Gemeenskaplike Komitee (die bogenoemde tien en wat daar mag bykom) dus aan die twee advokate afstaan — afgesien van die vraag watter taalmedium die studente mag verkies — en die Universiteit sou tegelykertyd aan die twee dosente hul salaris waarborg, onafhanklik van die studentegetalle.

Die verslag het verder aanbeveel dat buiten die reeds bestaande departemente Romeins-Hollandse Reg en Romeinse Reg en die voorgestelde departement vir die opleiding van die prokureurs- en staatsamptenare-eksamens daar nog drie ander departemente sou wees, naamlik Naturellereg, Staatsreg en Strafreg.

Die uitwerking van die voorstel sou wees dat daar dus binne die Fakulteitsraad ses hoofde van departemente sou wees. Solank die onderwys in die departemente nie aan voltydse professore of senior lektore as gevolg van gebrek aan geld toevertrou kon word nie — om een rede te noem — het dit voor die hand gelê dat die hoofskap van departemente deur advokate en prokureurs deeltyds en tydelik gevul sou word.

Aangesien daar slegs een voltydse professor was, naamlik prof. Pont wat ook hoof van die departement Romeins-Hollandse Reg was, het die voorstel dus gewaarborg dat lede van die professie behalwe die hoofskap van die voorgestelde departement vir die opleiding vir prokureurs- en staatsamptenare-eksamens en afgesien van die departement Naturellereg (deur prof. Edgar Brookes behartig) die hoofskap sou beklee van die departemente Romeinse Reg, Staatsreg en Strafreg.

Die Raad het die verslag aanvaar en op sy vergadering van 19 Augustus 1932 besluit om die genoemde departemente in te stel. Voor dit kon gebeur, moes toestemming van die minister gevra word. Toe hierdie saak later weer te berde gekom het, is deur die Administrasie ondersoek ingestel en het dit geblyk dat daar na aanleiding van die raadsbesluit van Augustus 1932 geen aansoek om ministeriële goedkeuring ingedien is nie.

Aan die twee advokatedosente is die voorgestelde aanbod gemaak. Dit is egter van die hand gewys onder invloed van die Lamontsaak en nog voor die besluit insake Afrikaanswording geneem is. Die opleiding deur die twee advokate het etl.ke jare bly voortbestaan en het daarin geslaag om die meeste studente vir die eksamens van die Gemeenskaplike Komitee aan te trek, sodat die Universiteit later besluit het om opleiding vir dié eksamens te staak. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die buiteopleiding verdwyn en eers na die einde van die oorlog is met die herinstelling van die opleiding van die eksamens deur die Universiteit self weer 'n nuwe begin gemaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder die indruk van die De Waalverslag het die Raad besluit om 'n tweede voltydse professoraat in die Fakulteit Regsgeleerdheid in te stel. Die pos is geadverteer tydens die naklank van die stryd wat voortgevloei het uit die Lamontsaak en applikante het uit die gebeurtenisse 'n duidelike aanduiding gehad van die rigting waarin die Universiteit besig was om te ontwikkel. Die Raad het besluit om van 1 Februarie 1933 af prokureur L. I. Coertze van Kestell as tweede professor aan te stel.

Van die begin van 1933 kon die Fakulteit dus in sy onderwys afsien van die dienste van ongeveer die helfte van die deeltydse dosente wat by die onderwys gehelp het. Meer as die helfte van die totale aantal lesings is van toe af deur die twee voltydse professore gegee en die Fakulteit strewe voortaan bewus daarna om nie te veel deeltydse dosente te hê nie.

Sommige Engelssprekende praktisyns was egter in die stadium nog daarvan oortuig dat die Fakulteit Regsgeleerdheid 'n onmoontlike taak onderneem het deur te probeer om jong manne deur middel van Afrikaans vir die regsprofessie op te lei; en nie net onmoontlik nie, maar ook gevaarlik vir die praktyk en die eenheid van die regsbedeling. Die Afrikaanswording (wat ook die verafrikaansing van die Regsfakulteit meegebring het) het van dié kant die bewering ontlok dat dit nie in die belang van studente is om hulle in die reg op te lei deur middel van 'n taal wat nie opgewasse is teen die menigvuldige eise van die praktyk nie.

Al spoedig is die noodsaaklikheid gevoel om teenoor hierdie neerhalende bewerings sonder bewyse getuienis te stel wat deur elkeen getoets kon word. Dit het gelei tot besprekings om 'n tydskrif vir die regswetenskap op te rig met Afrikaans as voertaal. Intussen was die aantal juriste wat in staat was om deur middel van Afrikaans die pen te voer oor vraagstukke van die Suid-Afrikaanse reg slegs 'n handjievol. En niemand het enige ondervinding gehad van hoe om 'n regstydskrif te redigeer nie.

Hulp en bystand van buite, met name uit Nederland, het onontbeerlik gelyk. Tydens 'n besoek van prof. Pont aan Holland in Desember 1932 en Januarie 1933 is die eerste besprekings gevoer. Drie jaar later vind die oprigting plaas van die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* wat op 1 Februarie 1937 vir die eerste keer verskyn. Van die oprigting tot hede was prof. Pont die redakteur daarvan en meer as 4,000 bladsye bydraes in Afrikaans oor ons reg het op dié manier die lig gesien. Gesamentlik is dit meer as enige ander publikasie oor ons reg in Afrikaans.

Hierdie tydskrif wat deur 'n handjievol juriste in haglike omstandighede op gang gebring is, het bepaald veel daartoe bygedra om die beleidsverandering van 1932 ten opsigte van die medium van onderwys by die regte vir die buitestaander te regverdig, die aansien van die Fakulteit by die professie te herstel en terseldertyd vir Afrikaans as regstaal 'n slag te slaan. Die uitwerking het egter eers na die einde van die oorlog voelbaar geword.

Naas die tydskrif verdien hier eervolle vermelding die omvangryke arbeid wat sedert jare in die Fakulteit, en met die medewerking van prof. H. L. Gonin van die departement Latyn, verrig word aan die handskrif van D. G. van der Keessel: *Praelectiones Iuris hodierni ad Grotii Introductionem ad Iurisprudentiam Hollandicam.* Aan 'n komitee van die Fakulteit is die taak opgedra om die manuskrip van ongeveer 1,700 bladsye persklaar te maak met 'n volledige vertaling in Afrikaans. Die werk is reeds in 'n baie gevorderde stadium en as dit gepubliseer word, soos tans die voorneme is, sal die verskyning nog 'n belangrike mylpaal op die weg van Afrikaans as regstaal wees.

Die afloop van die De Waalkomitee se ondersoek in 1932 het nie diegene wat vir die instelling daarvan geywer het, bevredig nie. Hulle het tot die aanval teruggekeer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en hulle hierdie keer gewend tot die destydse gebruiklike regterskonferensie wat die Departement van Justisie jaarliks byeengeroep het om sake van gemeenskaplike belang vir die afdelings van die Hooggeregshof te bespreek. Die opleiding in die regte deur die universiteite sou 'n eersterangse besprekingspunt kon lewer en meteens die geleentheid bied om die twee Afrikaanse universiteite (Stellenbosch en Pretoria) se regsopleiding onder bespreking te bring.

Na vertraging is die konferensie toe in 1936 gehou en onder die universiteite wat verteenwoordig was, was dit Stellenbosch en veral Pretoria (met prof. Pont as verteenwoordiger) wat hulle grondig moes verantwoord ten opsigte van hul regsopleiding. Maar die regters was welwillend en billike beoordelaars. Die konferensie het oor die reg self geen besluit geneem nie; daar is slegs die noodsaaklikheid beklemtoon dat elke LL.B.-kandidaat bedrewe moes wees in Afrikaans, Engels en Latyn. Die konferensie het heel anders uitgeval as wat die bedoeling van die aanstigters daarvan was.

Met die resolusie is aan die onrusstokers teen die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria die wind uit die seile geneem. Die Fakulteit is nou verdra. Nogtans is die Universiteit daarna tog prakties uitgesluit van die opleiding van amptenare vir die juridiese funksies in die staatsdiens. Samevattend kan dus gesê word dat die doelbewuste uitvoering van die Universiteit se beleid ten opsigte van die onderwysmedium sedert 1932 die ontwikkeling van die Fakulteit as opleidingsentrum vir die staatsdiens onverdiend ernstig vertraag het sonder dat die Fakulteit self skuld daaraan gehad het.

Dit was van die begin duidelik dat die Fakulteit vir die uitbreiding van sy doserende personeel in hoofsaak op homself aangewys is. Vandaar ook dat van die begin af probeer is om belowende studente op die betekenis van 'n akademiese loopbaan in die regte te wys en te oorreed om in die buiteland te gaan studeer. Sedert die jare dertig het verskeie van hulle dit gedoen en teruggekeer om in die Fakulteit te dien. So is onder andere in die departement Handelsreg (waarin deur sorgvuldige hantering van die beskikbare bedrag vir salariëring van tydelike dosente 'n senior lektoraat geskep kon word) in 1938 dr. E. M. Hamman aangestel, en in 1946 dr. P. van Warmelo vir Romeinse Reg. In albei gevalle is later professorate ingestel sodat daar teen 1948 vier professorate in die Fakulteit Regsgeleerdheid bestaan het. In 1960 het die vyfde professoraat gekom in die departement Bantoereg met die aanstelling van adv. J. A. G. Maré en dieselfde jaar die sewende departement, Prosesreg en Bewysleer.

As vooropleiding vir die LL.B.-graad is daar in die Fakulteit Lettere die graad B.A. (Regte) ingestel. Dit is toe aangevul deur die graad B. Juris, 'n driejarige baccalaureusgraad in die Regte in hierdie Fakulteit, wat bedoel is vir prokureurs en staatsamptenare wat hulle tevrede moet stel met 'n driejarige opleiding in plaas van 'n vyfjarige en tog 'n graad wil behaal instede van 'n diploma. So kan die suiwere regsopleiding dan onmiddellik by die student se intrede in die Universiteit begin.

In 1927 was daar so te sê geen regsgeleerde boeke in die Universiteitsbiblioteek nie. In 1928 het die T.U.K. die regsgeleerde boekery van dr. Carel Potgieter, wat uit 'n aantal waardevolle boeke op die gebied van die Romeins-Hollandse Reg van die sewentiende en agttiende eeu bestaan het, in bruikleen ontvang. Later is die boekery aangekoop. Dit was die begin van die boekeversameling oor ons Romeins-Hollandse Reg. In die loop van jare is (hoofsaaklik deur die toegewyde ywer van prof. D. Pont) 'n boekeskat opgebou. Hoewel daar nog leemtes is, kan daarop aanspraak gemaak word dat die geld wat bestee is om die boeke te koop, nie verlore gegaan het nie. Die versameling het intussen al in geldwaarde ongeveer vertiendubbel en kan tot die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beste in die land gereken word. Daar is ook tans 'n doeltreffende seminaarkamer by die regsboekery ingerig.

In die loop van die jare het die Fakulteit meer as 400 kandidate met die LL.B.-graad afgelewer. Buitendien het 'n nog veel groter aantal die B.A. (Regte)-graad, die B. Jur.-graad en die diplomas Dip. Jur. en Dip. Proc. vir prokureurs en staatsamptenare (albei in 1952 ingestel) verwerf. Oudstudente van die Fakulteit het geklim tot in die hoogste juridiese ampte in die staatsdiens en die regterlike mag, tot die hoogste waardighede in die diplomatieke diens en tot leidende figure aan die balie en die prokuraat.

In 1958 en 1959 is die werksaamheid van die Fakulteit nog verder uitgebrei deur die instelling van 'n kursus in Aktevervaardiging en Notariaatsreg. Van al die universiteite het die werksaamheid van die Fakulteit Regsgeleerdheid in Pretoria seker die veelsydigste ontwikkeling beleef in die jare van sy bestaan. Tans is dit die regsfakulteit met die grootste aantal departemente en professorate van al die Suid-Afrikaanse universiteite.

Dit sou bepaald aanmatigend wees om te beweer dat die Fakulteit in die loop van sy bestaan meer gepresteer het as dié aan ons ander groot universiteite. Dit is nie die geval nie. Maar die Fakulteit in Pretoria moes ongetwyfeld baie meer moeilikhede oorwin as een van die ander. Tog staan dit in die jaar 1960, globaal geoordeel, nie by een van die ander agter nie.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

WM. PITTMAN, *B.A.* (*Kaap*), *M.A.* (*Oxon.*), 1918—1925.
G. S. FINDLAY, *B.A.*, *LL.B.* (*S.A.*), waarnemend 1926.
D. PONT, *LL.D.* (*Utrecht*), *LL.B.* (*S.A.*), 1927 tot Oktober 1930; Oktober 1930 tot Oktober 1933; Oktober 1933 tot Oktober 1936.
L. I. COERTZE, *M.A.*, *LL.B.* (*Stell.*), Oktober 1936 tot Oktober 1939.
D. PONT, *LL.D.* (*Utrecht*), *LL.B.* (*S.A.*), Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot Oktober 1945; Oktober 1945 tot Oktober 1948.
L. I. COERTZE, *M.A.*, *LL.D.* (*Stell.*), Oktober 1948 tot Oktober 1951; Oktober 1952 tot Februarie 1953 toe hy bedank het.
D. PONT, *LL.D.* (*Utrecht*), *LL.B.* (*S.A.*), Maart 1953 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot Oktober 1957; Oktober 1957 tot 31 Desember 1959.
E. M. HAMMAN, *B.A.*, *LL.B.* (*Pret.*), *LL.D.* (*Leiden*), van 1 Januarie 1960 af.

DIE DEPARTEMENTE

ROMEINS-HOLLANDSE REG (1918)

As vak is Romeins-Hollandse Reg van die eerste ontstaansjare van die T.U.K. in Pretoria gedoseer. Dit was, naas Romeinse Reg, die enigste twee departemente toe die Fakulteit na 1918 sy beslag gekry het. Adv. Wm. Pittman het van 1905 al as dosent opgetree. Hy word van 1906 deeltydse personeellid van die T.U.K., kry later sitting in die Senaat en ontvang na die totstandkoming van die Fakulteit die rang van professor, nog steeds in deeltydse hoedanigheid. Daar is reeds in 1919 al die aanstelling van 'n „full time professor of Law" aangevra. Prof. Pittman het ten spyte van die oorwegend deeltydse hulp waarvan hy hom moes bedien, die grondslag van die Fakulteit na die beste van sy vermoë gelê en twintig jaar lank aan die hoof van die regs-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



D. PONT (geb. 1895).

opleiding in Pretoria gestaan. Hy bedank egter as professor en dekaan in April 1925 toe hy as regter aangestel word. Adv. W. S. Duxbury word as waarnemende hoof van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangestel en teen die einde van 1925 word G. S. Findlay gevra om as hoof van die departement Romeins-Hollandse Reg en as waarnemende dekaan op te tree.

Prof. D. Pont het op 15 Februarie 1927 sy amp as die eerste permanente, voltydse professor in die Fakulteit Regsgeleerdheid en hoof van die departement Romeins-Hollandse Reg aanvaar. Hy sal in Junie 1960 aftree. In hierdie lang diensty was prof. Pont nie alleen boumeester van sy departement nie maar ook van die Fakulteit, soos reeds blyk uit wat oor die algemene geskiedenis van die Fakulteit vermeld is. Hy het sedert 1927 die moeilike taak gehad om in baie opsigte *de novo* die Fakulteit te organiseer in omstandighede wat takt, geduld en toewyding vereis het.

Van die groei van die Fakulteit en die departement kan sy persoon nie losgemaak word nie. Hy is sonder twyfel die grondlêer van die huidige rigting van die studie van die regte aan die Universiteit waarin die Romeins-Hollandse Reg en sy ontwikkeling tot sy volle reg kom. Dit is vandag die aanvaarde wyse van beoefening van die reg, nie alleen by ons universiteite nie maar ook in die praktyk. Prof. Pont het hom gedurig hiervoor beywer en teen baie weerstand in voet by stuk gehou as een van die vernaamste onder die Gideonsbende van kampvegters aan wie die regswese van die land veel dank verskuldig is.

Sy groot verdienste vir die Universiteit lê daarin dat hy langs 'n weg wat met hindernisse besaai was die ontplooiing van die Fakulteit moontlik gemaak het van die eerste stadium toe hy begin het met enkele deeltydse hulpkragte, 'n biblioteek van skaars vyftig regsboeke en 'n opleidingspatroon van veel minder wetenskaplike gedaante as vandag. Hy het onbaatsugtig en met opoffering gebou.

Vir die regswese in Suid-Afrika lê sy verdienste in die stryd om die juiste erkenning te verkry vir die Romeins-Hollandse Reg en ook vir die meer wetenskaplike opleiding in die regte en die erkenning dat so 'n opleiding noodsaaklik is.

ROMEINSE REG (1918)

Van die stigting van die T.U.K. het adv. Wm. Pittman in Pretoria in die regskursusse wat hy aangebied het „elements of Roman Law" ingesluit. Romeinse Reg was dan ook met die instelling van die Fakulteit een van die oorspronklike twee departemente.

As deeltydse dosent het opgetree adv. J. H. F. E. R. C. Gey van Pittius. Hy het in 1925 bedank toe hy tot die regbank verhef is. Die behoefte aan 'n voltydse dosent

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in die Romeinse Reg, by uitstek 'n akademiese vak wat inderdaad die grondslag vorm van die Suid-Afrikaanse regsgeleerdheid, is reeds van die begin gevoel.

Voorlopig was dit nog nie moontlik om die nodige finansiële voorsiening te maak nie. As tydelike lektor het adv. (dr.) Rolf Reitz Romeinse Reg na 1925 gedoseer. Hy is later deur ander tydelike kragte bygestaan.

Uiteindelik kon 'n selfstandige departement van Romeinse Reg ingestel word. Die pos is aangebied aan dr. P. van Warmelo (oudstudent) wat reeds in 1941 in Leiden gepromoveer het, dog deur die oorlog in Nederland vertraag is tot 1945. Aan die begin van 1946 het hy as senior lektor en as departementshoof diens aanvaar en mettertyd ook Regsleer, wat eers deur prof. Pont gedoseer is, tot sy leeropdrag toegevoeg gekry. Van die begin van 1948 is dr. Van Warmelo tot professor bevorder.

Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg (1933)

In 1931 is deur die professor-dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, prof. D. Pont, voorgestel dat daar in die Fakulteit 'n tweede professoraat aangevra moet word. Die Senaat en Raad het in November 1931 ten gunste van die Fakulteit se aanbevelings besluit, maar om finansiële redes moes die aanvraag nog 'n jaar oorstaan. In 1932 is aansoeke gevra. Een van die vereistes was volledige tweetaligheid en die leeropdrag sou Romeinse Reg, Romeins-Hollandse Reg en ander vakke wees wat toegewys mag word. Van die begin van 1933 is as professor aangestel L. I. Coertze wat op Stellenbosch afgestudeer het en destyds as prokureur gepraktiseer het.

Toe prof. Coertze met sy werk in die Fakulteit begin het, was sy leeropdrag hoofsaaklik Privaatreg, met name Handelsreg (wat later tot selfstandige departement sou ontwikkel) en Strafreg. Tot hede het die posisie voortgeduur dat die bekleër van die leerstoel Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg ook vir die afdeling Strafreg verantwoordelik gebly het wat van voor 1933 al deur deeltydse dosente waargeneem is.

Tot 1932 is Staatsreg nog gedoseer deur prof. E. H. Brookes as hoof van die departement Staatsleer en Publieke Administrasie. Dit was 'n reëling wat al van 1920 dagteken toe prof. Brookes (toe nog lektor) deur adv. Wm. Pittman gevra is om 'n kursus in Staatsreg te gee. In 1922 het prof. Brookes 'n kursus in Volkereg bygevoeg en in ander kursusse van die departement Staatsleer en Publieke Administrasie is Administratiefreg in beperkte mate ingesluit. Daar is 'n reëling getref dat prof. Brookes in 1933 nog Staatsreg sou doseer. In Maart 1933 het hy bedank en op 18 April 1933 het die Fakulteit Regsgeleerdheid besluit „om as beginsel neer te lê dat Staatsreg slegs deur 'n juris gedoseer kan word en dat die onderwys daarvan nie met die onderwys van Staatsleer geassosieer sal word nie." Die beginsel sou al in die tweede semester van 1933 toegepas word. Die bedoeling was om 'n voltydse lektor vir Staatsreg, Volkereg en Administratiefreg te verkry. In die loop van 1933 is egter besluit dat prof. Coertze voortaan as professor in dié vakke sou optree en dus die hele publieke reg vir sy rekening sou neem.

Daar is, veral met die oog op die opleiding van staatsamptenare, besondere waarde in die Fakulteit geheg aan Administratiefreg en Staatsreg.

Sedert 1926 het die staatsregtelike en volkeregtelike posisie van die Unie juis so sterk begin verander dat vir die eerste keer eintlik die noodsaaklike voorwaardes vir 'n eie Suid-Afrikaanse wetenskap van Staats- en Volkereg ontstaan het.

Hoewel professor Coertze dus hoofsaaklik op die gebied van die Publieke Reg sou doseer, was taakverdeling nog nie in 1934 duidelik af te baken nie en moes hy ook 'n deel van die Privaatreg bly doseer. Prof. Coertze het met onderskeiding sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

departement behartig en terselfdertyd 'n aktiewe rol gespeel in die interne aangeleenthede van die Universiteit. In Maart 1953 het hy na twintig jaar diens bedank om kandidaat in die algemene verkiesing te wees. Hy is nie verkies nie en is weer in sy pos aangestel tot hy in 1954 weer eens bedank het en in 'n tussenverkiesing as Volksraadslid verkies is.

Sy plek is van die begin van 1955 ingeneem deur prof. dr. J. P. Verloren van Themaat wat ten tyde van sy aanstelling professor in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was en tewens dekaan daarvan. Hy behartig, soos sy voorganger, nog die twee departemente Staatsreg en Strafreg. In 1957 is vir Strafreg bowendien 'n advokatedosentskap ingestel.

HANDELSREG (1938)

Toe in 1918 begin is met onderwys in die handelsvakke is 'n kursus Handelsreg (bestaande uit Maatskappyreg en Wisselreg) ingestel. Die beheer is aan die Fakulteit Regsgeleerdheid toevertrou en 'n praktiserende advokaat is aangestel om die werk te doen. Na die universiteitswording het hieruit die departement Handels- en Bedryfsreg ontwikkel wat toe ook 'n departement in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie geword het.

Voor 1930 is aan regstudente onderdele van Handelsreg gedoseer en was die kursusse georganiseer onder die departement Romeins-Hollandse Reg. Van die aanstelling van prof. L. I. Coertze in 1933 is Handelsreg deur hom en deur 'n deeltydse dosent tot die einde van 1937 gedoseer. Intussen is deur spaarsame hantering van die begrotingsbedrag vir deeltydse dosente in die Fakulteit Regsgeleerdheid die weg berei vir die aanstelling van 'n senior lektor wat voltyds Handelsreg sou kon doseer in sowel die Fakulteit Regsgeleerdheid as in hierdie Fakulteit.

Van 8 Junie 1938 is as senior lektor en hoof van die departement Handelsreg (wat inmiddels geskep is) aangestel dr. E. M. Hamman (oudstudent) wat in Meimaand 1938 in Leiden gepromoveer het. Volgens Raadsbesluit van 15 September 1939 is die naam van die departement verander na Handels- en Bedryfsreg. In 1939 word aparte en nuwe leergange in Handels- en Bedryfsreg as tweejarige vak vir LL.B.- en B.Com.-doeleindes goedgekeur. In 1951 word die leergange vir B.Com. na drie kursusse uitgebrei en van 1950 word ook twee aparte kursusse in Handelsreg vir B. Juris, Dip. Juris en Dip. Proc. ingestel, asook 'n nagraadse kursus in Arbeidsreg vir M.B.A.-kandidate in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie.

Dr. Hamman is van die begin van 1945 tot professor bevorder. Hy het aanvanklik nie slegs Handelsreg gedoseer nie maar moes ook in ander onderdele van die Privaatreg hulp verleen. Onder sy leiding is die departement Handelsreg behoorlik georganiseer en is die onderwys in die vak sowel in dié Fakulteit as in die Fakulteit Regsgeleerdheid so uitgebrei dat daar van die begin van 1956 'n advokate-dosentskap ingestel is en ook 'n senior lektoraat van die begin van 1960.

BANTOEREG (1953)

Sedert 1922 doseer E. H. Brookes, benewens verskillende ander vakke, ook Naturellereg en Naturelleadministrasie (Native Law and Administration). Die medium van onderrig was Engels en die vakke is gedoseer binne die „Fakulteit Handel en Publieke Dienste."

In 1924 word daar 'n afdeling „Bantoe Studies" ingevoer waarvan een van die kursusse Naturellereg en -administrasie is, nog steeds deur E. H. Brookes gedoseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar word in 1924 ook korrespondensiekursusse in Publieke Administrasie en Naturellereg en -administrasie ingestel. In 1925 word 'n „Lower Diploma in Bantu Studies" ingestel met die volgende vakke: Zoeloe, Sepedi, Sosiale Antropologie, Bantoe-etnologie en Naturellereg en -administrasie. Hierdie vakke het dieselfde inhoud gehad as die ooreenkomstige vakke vir die B.Econ.-graad. Bantoe-etnologie is gedoseer deur eerw. C. Bourquin en het „Bantu Law" ingesluit.

In 1925 word vir die eerste keer ook Naturellereg en -administrasie as vak vir die eerste jaar LL.B. aangebied. Dit word nog gedoseer deur E. H. Brookes wat intussen gepromoveer het en ook aangestel is as waarnemende professor in Publieke Administrasie en Staatsleer. Tot sy bedanking in 1933 het prof. Brookes naas verskeie ander leeropdragte grotendeels Bantoereg as vak behartig.

Teen 1931 is elemente van Bantoereg vir die destydse kursusse in Sosiale Antropologie in die departement Bantoeïstiek gedoseer en ook in die eerste jaar van die diplomakursus in Naturelleadministrasie. Prof. Brookes het in die Fakulteit Regsgeleerdheid intussen „Native Law" tot 1933 gedoseer. Na sy vertrek het Bantoereg as leergang tydelik verdwyn, deels as gevolg van besuiniging wat uit die depressie voortgevloei het.

Daar is inmiddels al in 1928 'n voorstel deur die Fakulteit Regsgeleerdheid van die T.U.K. aan die Senaat voorgelê: „That this Faculty urges the establishment of a separate Department of South African Native Law." 'n Komitee van die Senaat het in 1929 besluit om by die Raad aan te beveel dat binne die Fakulteit drie departemente ingestel moet word waarvan Naturellereg een sou wees. Soos elders vermeld, het die departement Naturellereg dan ook na 1932, hoewel slegs *de facto*, tog bestaan.

In 1934 het dr. W. T. H. Beukes (oudstudent) senior lektor en hoof van Bantoegewoontereg geword. Dit was 'n keusevak vir die LL.B.-kursus en is deur dr. Beukes tot 1950 gedoseer. Na 1951 bly dit nog as onderafdeling in die kursus Volkekunde II. 'n Senaatskomitee het in 1949 die oortuiging uitgespreek dat die studie van Naturellereg noodsaaklik is en dat die Universiteit daarvoor voorsiening moet maak. Daar is ook op gewys dat in die Fakulteit Regsgeleerdheid reeds so 'n departement bestaan en is aanbeveel dat 'n senior lektoraat ingestel moet word.

In 1952 is hierdie pos ingestel en van die begin van 1953 is daarin aangestel adv. J. A. G. Maré as hoof van 'n selfstandige departement Naturellereg. Dit was 'n noodsaaklike ontwikkeling en hervatting van die werk wat in 1933 deur omstandighede onderbreek is. In 1955 is die departement se naam verander na Bantoereg en van 1956 het die departementshoof ook in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sitting, omdat Bantoereg 'n B.A.-graadvak geword het vir die studierigting Bantoekunde.

Van die begin van 1960 is adv. Maré tot professor bevorder.

Prosesreg en Bewysleer (1960)

Die onderwys in Prosesreg en Bewysleer was sedert 1927 aan verskeie deeltydse dosente wat praktiserende advokate was, toevertrou.

Die bedoeling van die rapport van die De Waal-komitee van 1932 was dat die onderwys in Prosesreg en Bewysleer altyd deur 'n praktiserende advokaat moet geskied, en georganiseer sou wees in die afsonderlike departement wat die opleiding vir prokureurs en staatsamptenare moes behartig. Die rapport is deur die Raad aanvaar en die genoemde departement ingestel, maar daar is geen skriftelike bewys dat die Minister van Onderwys dit ooit goedgekeur het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nogtans het die Fakulteit die Universiteit altyd moreel gebonde beskou teenoor die professie om die aanname van die voorstel van 1932 te eerbiedig. Die onderliggende gedagte was dat, aangesien die Fakulteit kragtens wet bevoeg is om juriste vir die praktyk op te lei, die Fakulteit die verantwoordelikheid vir die kwaliteit van die opleiding wil deel met lede van die professie deur aan een van hulle op voet van gelykheid binne die Fakulteit volle medeseggenskap in die gang van sake en in die verlening van kwalifikasies toe te ken.

In 1959 is die departement behoorlik goedgekeur en van die begin van 1960 ingestel. As departementshoof tree op adv. J. H. Loots (oudstudent) wat van 1957 as senior dosent diens gedoen het.

HANDEL EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE

DIE FAKULTEIT EN SY ONTSTAAN

DIE Fakulteit Handel en Publieke Administrasie het in sekere mate direk voortgekom uit 'n uitgesproke behoefte van die kant van die sakelewe.

Die eerste lesings in Ekonomie is deur prof. W. A. Macfadyen in 1912 aan twee bankklerke gegee wat by hom aangeklop het omdat hulle geen raad met hierdie deel van hulle bankeksamen geweet het nie. 'n Paar maande later keur die Raad 'n memorandum van prof. Macfadyen wat die dosering van „Economics" en „Banking Law" deur homself en adv. Wm. Pittman op Woensdagmiddae voorstel, in beginsel goed.

In 1914 skenk die Senaat en die Raad aandag aan die versoek van die „Society of Accountants" om 'n diplomakursus in Rekeningkunde aan te bied. Daar kom egter niks van nie. Prof. Macfadyen het waarskynlik nog lesings gereël in verband met die „Bankers' Examination"; meer is daar in die oorlogsjare nie gedoen nie.

In 1918 word daar eindelik vordering gemaak met die handelsopleiding op akademiese vlak. Met die geldelike steun van die Transvaalse Vereniging van Rekenmeesters en van verskillende handelsbanke word in hierdie jaar deur die T.U.K. klasse in Rekeningkunde, Staathuishoudkunde en Handelswetgewing ingestel met die hoop dat dit die begin sou vorm van 'n toekomstige Fakulteit Handel en Publieke Administrasie.

In 1919 vind ons al vermelding van 'n „Faculteit van Rechtsgeleerdheid en Handel", wat daarop dui dat van 1918 die handels- en regsvakke in 'n soort gekombineerde fakulteit gedoseer is. Maar in 1919 word ook al verwys na die „Fakulteit van Handel". In 'n Senaatsvergadering van 10 September 1919 word sekere vakke van die „Faculty of Commerce" bespreek. Eintlik lyk dit asof die Fakulteit eers in 1920 op 'n vaste grondslag tot stand kom. Toe heet dit die „Fakulteit van Handel en Publieke Dienste", terwyl die eerste paar jaar gewoonlik net van die „Handelsfakulteit" (Faculty of Commerce) gepraat word. Die eerste beskikbare notule van 'n vergadering van hierdie Fakulteit is gedateer 3 Junie 1920, met J. E. Holloway as „chairman". Hy word dan ook die eerste dekaan van hierdie Fakulteit.

In 1919 is 'n B.Com.-kursus ingestel en in 1920 ook 'n B.Econ.-kursus. Gevolglik moes lesings in 'n hele aantal vakke ingestel word. Daar is baie van deeltydse leerkragte gebruik gemaak, maar die kern was 'n klompie besonder toegewyde, voltydse professore wat die fondamente van hierdie Fakulteit deeglik gelê het. Die name van die professore Macfadyen, Holloway, Brookes, Barnes, Arndt en Norval behoort in dié verband altyd in ere gehou te word. 'n Groot aantal vakke is natuurlik deur dosente uit ander Fakulteite gedoseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1923 is die B.Econ.-graad verander in B.Econ. (Publieke Administrasie). Voorsiening word nou ook gemaak vir studie vir die Diploma in Handel en Publieke Administrasie. Ook word nou die moontlikheid gestel om vir 'n D.Phil.-graad te studeer waarvoor die voorvereistes die M.Com.- of M.Econ.-graad is. Die eerste M.Com.-graad is waarskynlik in 1927 toegeken. Daar is ook korrespondensiekursusse in verskillende vakke ingestel.

Die Fakulteit was natuurlik van die begin af ten nouste verbonde aan die Buitemuurse Afdeling van die T.U.K. Eindelik het dit die Buitemuurse Afdeling gedra en grootgemaak. Die studente was in die meeste gevalle persone wat reeds in die beroepslewe gestaan het en in 'n sekere mate het hierdie Fakulteit van die begin nader aan die gemeenskap as baie ander Fakulteite gestaan.

Die aantal studente het redelik vinnig toegeneem: van 32 in 1918 tot 215 in 1928. Daar is al in 1921 spesiaal reklame vir die kursusse gemaak deur dit in die staatsdiens, in banke en by die sakekamers bekend te maak. Ook is moeite gedoen om die grade erken te kry in die staatsdiens en by ander instansies. In 1930 stel prof. A. J. Norval onder andere die doel van opleiding in die Fakulteit soos volg: „In die eerste instansie word daar beoog die algemene welsyn. Die toekomstige sakeman moet hom in diens stel van die gemeenskap net soos die advokaat, arts, ensjineer, ens., maar alvorens hy die algemene welsyn kan bevorder moet hy, net soos die advokaat, arts of ensjineer, weet waaroor dit gaan. Die toekomstige besigheidsleier moet dus net soos enige ander professionele man 'n wetenskaplike kennis hê van sy vak: hy moet vertroud wees met die uiterlike wese van die bedryfslewe: hy moet weet wat die verband is tussen die verskillende bedryfshuishoudinge, . . . hy moet in kort die sakelewe wetenskaplik betrag."

Wat studentetal betref, het die Fakulteit, ná 'n hoogtepunt in 1927, begin terugloop en is dit deur die troostelose depressiejare baie harder getref as enige ander fakulteit. Die getalle van 1927 is eers in 1943 weer bereik. Voor 1950 was die groei van die getalle baie matig; in die dekade daarna was dit egter besonder snel, sodat die totale inskrywings in 1958 reeds meer as dubbel dié van 1950 was, ongetwyfeld 'n weerspieëling van die stygende waarde wat in die handel en nywerheid aan die besit van universiteitsopleiding geheg word.

Die graad- en diplomakursusse in die Fakulteit val tans in twee groepe, naamlik Handel aan die een kant en Publieke Administrasie aan die ander kant. Van 1932 af het B.Econ. en M.Econ. verdwyn. In die plek daarvan het die B.Admin.-graad gekom (met die nagraadse B.Admin. (Honores) wat in 1958 ingestel is), die graad M.Admin., in 1946 uitgebrei na M.Admin. (Staatsadministrasie, Staatsleer of Ekonomie), en die doktorsgraad D.Phil.

In 1942 is deur 'n komitee onder voorsitterskap van prof. W. F. J. Steenkamp uitvoerige voorstelle gemaak vir die reorganisasie en herverdeling van kursusse en departemente. Onder meer is toe vir die grade B.Com. (waarby B.Com. (Honores) na 1958 gevoeg is) en M.Com. nuwe leergange ingestel. In 1946 is die graad M.Com. (Ekonomiese Wetenskappe of Statistiek en Handelswiskunde) ingestel en in 1948 ook die M.Com. (Rekeningwetenskappe).

Oor die opleiding van rekenmeesters aan die Universiteit is sedert 1949 onderhandelinge gevoer wat eindelik tot gevolg gehad het dat deur die beherende professionele liggaam viervyfdes van die opleiding van rekenmeesters aan sekere universiteite toegestaan is. Die Raad het toe op 28 September 1950 die instelling goedgekeur van 'n kursus vir geoktrooieerde rekenmeesters wat in 1951 'n aanvang geneem het met 27 studente. In 1953 is die eerste studente ingeskrywe vir die spesiale graad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

B.Com. (Rekeningwetenskappe) wat in 1952 ingestel is en nuwe regulasies is aanvaar vir die graad M.Com. (Rekeningwetenskappe). Tesame sou die graadkursusse toelating tot die beroep verleen, mits daar in die finale toelatingseksamen van die Openbare Rekenmeesters en Ouditeursraad geslaag word.

Hoewel daar al geruime tyd aanvraag was vir die B.Com. as graadkursus binnemuurs, was die koste nog 'n struikelblok. In 1958 het die Raad egter besluit om deur duplikasie van sekere kursusse in hierdie Fakulteit die B.Com.-kursus ook binnemuurs van 1959 aan te bied. Dit was 'n betekenisvolle ontwikkeling wat die eerste keer die geleentheid bied om studente in die ekonomiese wetenskappe op te lei wat nie reeds in 'n betrekking staan nie.

DIE INSTITUUT VIR BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Op voorstel van raadslid dr. F. J. de Villiers is op 26 Augustus 1948 'n Raadskomitee benoem om oor die moontlikheid verslag te doen van die skepping van 'n instituut waarin opleiding op gevorderde peil verskaf kan word in die bestuurswese. Die Raad het op 30 September 1948 die komitee se aanbevelings aanvaar dat daar as integrerende eenheid binne die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie 'n Instituut vir Bestuur en Administrasie (van Handels- en Nywerheidsondernemings) gestig word. Die laaste deel van die benaming is later stilswyend weggelaat.

Onderrig en navorsing sou aanvanklik in die hande wees van die departemente Bedryfsekonomie en Rekening- en Ouditkunde vir 'n gespesifiseerde groep kursusse, met B.Com. of 'n ander baccalaureusgraad as toelatingsvereiste vir studente. Die graad M.Com. (B. & A.) is tegelykertyd ingestel (in 1955 verander na M.B.A. om verwarring met die verskillende studierigtings vir M.Com. te voorkom.). In 1951 is ook 'n doktorsgraad in Bestuur en Administrasie naas die bestaande graad D.Com. wat in die Handel toegeken word, ingestel wat van 1955 D.B.A. genoem is. Vir nie-gegradueerdes en andere wat nie aan die vereistes vir toelating tot graadkursusse in die Instituut voldoen nie, is 'n diplomakursus ingestel. 'n Begin is ook van Augustus 1949 gemaak met 'n jaarlikse kortkursus waarin voorsiening gemaak word vir intensiewe opleiding van uitvoerende beamptes in gevorderde bestuur.

In Maart 1949 het die eerste lesings in die graad- en diplomakursusse begin en die eerste magistergrade is in 1951 toegeken. Die instituut is ingestel met volledige samewerking van die plaaslike Kamers van Koophandel en Nywerhede en diverse donasies, onder andere van Yskor, is ontvang.

Deur die omvang van die nagraadse werk en toenemende inskrywings vir die kursusse (wat almal na-uurs gegee word) is die afgelope dekade bewys gelewer dat die Instituut 'n belangrike bydrae lewer tot doeltreffende bestuur waarby nie alleen die handel baat nie, maar ook die staat, munisipaliteite, banke, myne, koöperasies, finansiële instellings, rekenmeesters en ook die ingenieurswese.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT HANDEL EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE

J. E. HOLLOWAY, *B.A.* (*Kaap*), *D.Sc.* (*Lond.*), 1920—1925.
E. H. BROOKES, *M.A.*, *D.Litt.* (*S.A.*), 1926.
E. H. D. ARNDT, *B.A.* (*S.A.*), *M.A.*, *Ph.D.* (*Columbia*), 1927, 1928, 1929 tot Oktober 1930; Oktober 1930 tot Oktober 1933; Oktober 1933 tot Oktober 1936.
E. F. W. GEY VAN PITTIUS, *M.A.* (*S.A.*), *Ph.D.* (*Lond.*), Oktober 1936 tot Oktober 1939;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot Oktober 1945; Oktober 1945 tot Oktober 1948; Oktober 1948 tot Oktober 1951.

E. M. HAMMAN, *B.A.*, *LL.B.* (*Pret.*), *LL.D.* (*Leiden*), Oktober 1951 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot Oktober 1957; Oktober 1957 tot 31 Desember 1959.

B. DE LOOR, *M.Sc.* (*S.A.*), *Ph.D.* (*Amst.*), van 1 Januarie 1960 af.

DIE DEPARTEMENTE

STAATSLEER EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE (1911)

Staatsleer verskyn al vroeg in die leergange van die T.U.K. Van 1911 kon studente in die Wysbegeerte hulle in die tweede en derde studiejaar aanmeld vir eksamen in Etiek en Staatsleer naas Logika en Sielkunde.

Daar is vroeg al aanduidings dat in die kursus in Staatsleer die nadruk op die meer praktiese staatswetenskap sou val. In 1914 word in die Staatsleerkursus aandag geskenk aan moderne regeringsvorme en die werking van eietydse staatsinstellings. Hierdeur is die grondslae vir die toekomstige ontwikkeling van die departement gelê. Onder die leiding van die veelsydige prof. W. A. Macfadyen wat op 15 Februarie 1912 professor in die Wysbegeerte en Ekonomie geword het, is die kursus in Staatsleer uitgebou. Nadat E. H. Brookes in 1920 aangestel is, kon daar beter voorsiening gemaak word vir die opleiding in Staatsleer.

Toe kon veral meer aandag bestee word aan die alternatiewe kursus vir die tweede studiejaar wat spesifiek op administratiewe aspekte toegespits en in 1921 ingestel is. In 1922 is Staatsleer (toe ook Staatkunde of Politika genoem) as 'n tweejarige hoofvak vir die B.A.-graad in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte erken. Met die totstandkoming van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie in 1919 is voorsiening gemaak vir die graad B.Econ. (Publieke Diens). Vir hierdie graad sowel as vir die B.Com.-graad kon toe benewens Staatsleer ook kursusse in Publieke Administrasie, Administratiewe Roetine, of Naturellereg en -administrasie gekies word. In 1923 is voorsiening gemaak vir opleiding vir die Diploma in Handel en Publieke Administrasie en ook vir die M.Econ.-graad in Staatsleer of Publieke Administrasie en die D.Phil.-graad in Staatsleer. Van 1923 af kon studente in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ook kursusse vir die graad M.A. (Staatkunde) neem.

Aan die Buitemuurse Afdeling is in 1923 en vir etlike jare daarna ook voorsiening gemaak vir korrespondensiekursusse in Publieke Administrasie, en ook Naturellereg en -administrasie, hoofsaaklik vir staatsamptenare wat om verskillende redes nie die voorlesings kon bywoon nie. E. H. Brookes is in 1922 in hierdie Fakulteit aangestel as lektor in Publieke Administrasie en Staatsleer, wat later andersom genoem is „Staatsleer en Publieke Administrasie".

Na die oorlyde van prof. Macfadyen in 1924, is E. H. Brookes (wat intussen gepromoveer het) van 1 Oktober 1925 as professor in Publieke Administrasie en Staatsleer aangestel. In 1929 word ook in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 'n selfstandige departement Staatsleer ingestel met Staatsleer as 'n tweejarige hoofvak vir die B.A.-graad.

Dr. E. F. W. Gey van Pittius (oudstudent) wat aan die Universiteit van Londen in die Staatsleer gepromoveer het, word as senior lektor op 15 Februarie 1929 aangestel. In 1930 word die kursus in Administratiewe Roetine afgeskaf en van 1931 word in die plek van die vroeëre B.Econ. en M.Econ. die grade B.Admin. en M.Admin. gestel. In 1932 word vir die B.Admin.-graad ook die eenjarige kursus Munisipale Administrasie ingevoer.

In Maart 1933 moes prof. Brookes sy bedanking indien om aan die nominasie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van kandidate vir die kiesafdeling Pretoria-Oos vir die algemene verkiesing te kan deelneem. Hy het daarna nie na die leerstoel teruggekeer nie. In die dertien jaar wat prof. Brookes aan die T.U.K. en die Universiteit verbonde was, het hy hom openbaar as vrugbare skrywer op sy vakgebiede en een van die veelsydigste en geesdriftigste dosente van sy tyd.

Uit die vakke waarin hy gelyktydig en agtereenvolgens in die jare twintig gedoseer het, het naas Staatsleer mettertyd ontwikkel Volkekunde, Staatsreg, Volkereg, Bantoereg en Toegepaste Volkekunde òf as aparte studierigtings, òf as departemente.

By sy aftrede het sy departement eintlik 'n soort omnibus-karakter gehad wat daarna eers ontknoop is. Dit was veral Naturelleadministrasie waarin prof. Brookes belangstelling getoon het en waaroor hy as dosent die meeste gepubliseer het. Hy het as skrander, jong geleerde wat onbevange oor landsvraagstukke geoordeel en sonder aarseling gespreek het, dikwels kritiek, ook van sy Engelssprekende landgenote, uitgelok. Na sy uittrede het 'n lang en bedrywige loopbaan gevolg wat hom as senator tot 1952 na die politiek gevoer en uiteindelik weer na die akademiese wêreld teruggebring het, eers as lektor en tans as professor in Pietermaritzburg.

As departementshoof het dr. Gey van Pittius van 1933 waargeneem. Van die begin van 1934 is van party van die veelvuldige kursusse wat prof. Brookes onder Staatsleer se vleuels vergader het, afstand gedoen. So het Staatsreg en Volkereg met die aanstelling van prof. L. I. Coertze as deel van 'n nuwe departement na die Fakulteit Regsgeleerdheid gegaan. Ander studierigtings is in 1934 onder „Bantoëistiek" ingeskakel en het uiteindelik daaruit weer as die huidige departement Volkekunde en Toegepaste Volkekunde te voorskyn gekom.

Dr. Gey van Pittius het dus Staatsleer, Publieke Administrasie en Munisipale Administrasie bly behou en hulp van deeltydse dosente begin kry. Van die begin van 1935 het hy professor geword.

In 1937 is Staatsleer as driejarige hoofvak vir die B.A.- en B. Admin.-grade erken en in 1939 is die graad B.A. (Staatswetenskappe) ingestel. Dit het meegebring dat Staatsadministrasie ('n onderdeel van Publieke Administrasie) as 'n tweejarige hoofvak vir die B.A.-graad in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte erken is.

Van 1956 af organiseer die departement jaarliks 'n somerskool in Munisipale Bestuur en Administrasie.

Ekonomie (1912)

Die leerstoel in „Philosophy and Political Economy" is in 1912 op voorstel van prof. Leo Fouché ingestel, en sedert 15 Februarie 1912 deur prof. W. A. Macfadyen beklee. Twee bankklerke was (soos reeds vermeld) die eerste studente wat vir die vak Ekonomie aan die T.U.K. ingeskryf en lesings daarin ontvang het.

In 1913 word twee kursusse in Ekonomie vir die B.A.-graad vermeld en in 1914 word spesiaal voorsiening gemaak vir die „Economics Portion" van die bankeksamens. Met die totstandkoming van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie en die Buitemuurse Afdeling van die T.U.K. in die jare 1918—1919 kom daar meer studente in Ekonomie wat tot 1919 deur prof. Macfadyen behartig is.

In 1919 word dr. J. E. Holloway as lektor in Ekonomie aangestel en hy neem die doseerwerk in die vak na die wintervakansie van prof. Macfadyen oor. In 1921 is hy hoof van 'n selfstandige departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis, wat onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sowel as dié van „Handel en Publieke Dienste" ressorteer. Hy gee ook terselfdertyd lesings in Landbou-ekonomie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1922 is dr. Holloway tot professor bevorder. Sy klasse het steeds aangegroei, sodat hy in 1924 aansoek doen om hulp in sy departement. Inderdaad is daar 'n lektoraat geadverteer en een van die aansoeke was dié van dr. E. H. D. Arndt wat pas aan die Universiteit van Columbia sy doktorsgraad behaal het en tydelik daar as lektor werksaam was. In Junie 1924 beveel die „Education Functions Committee" aan dat hy aangestel word as lektor in „Practical Banking and Business Management", maar in September word hy in kennis gestel dat hy as lektor in „Business Management and Economics" aangestel is, terwyl sy pos aangedui word as dié van lektor in Ekonomiese Geskiedenis en Ekonomie.

Hy aanvaar in elk geval die betrekking op 16 Februarie 1925 en volg van 1926 prof. Holloway op wat aan die einde van Februarie 1925 bedank het om direkteur van Sensus en Statistiek te word.

Die goeie werk wat prof. Holloway begin het, het prof. Arndt met ywer en nougesetheid voortgesit. Hy het hom veral beywer om die studiegeriewe en die biblioteekfasiliteite van die buitemuurse student te bevorder.

In die departement Ekonomie is in die begin van 1929 'n senior lektoraat ingestel waarin dr. S. P. du T. Viljoen aangestel is. In September 1935 is die departement verdeel. Dr. Viljoen het hoof geword van die departement van Ekonomiese Geskiedenis en Teorie. Prof. Arndt het van die begin van 1936, toe die verdeling in werking getree het, professor van Bankwese geword.

Van 1938 af is dr. Viljoen tot professor bevorder. Van 1939 af sou Ekonomie ook by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ressorteer en die leergange is sodanig gewysig dat Ekonomie 'n driejarige hoofvak sou wees en Ekonomiese Geskiedenis as deel van die eerste kursus opgeneem sou word en dus ophou om as aparte kursus te bestaan.

Prof. Viljoen het aan die einde van 1949 bedank, toe hy voorsitter van die Loonraad geword het. Hy het in die twintig jaar wat hy aan die Universiteit verbonde was nie alleen as ekonoom 'n groot reputasie verwerf nie, maar ook 'n werksame aandeel aan die algemene gang van sake gehad. Hy het as verteenwoordiger van die Senaat in die Raad gedien en is sedert 1957 weer lid van die Raad.

As opvolger van prof. Viljoen is met ingang 1950 aangestel dr. D. G. Franszen, destyds van die Universiteit van Stellenbosch.

Rekeningkunde en Ouditkunde (1918)

In 1914 was daar al 'n versoek van die Transvaalse Vereniging van Rekenmeesters om die instelling van 'n diplomakursus in Rekeningkunde. Die Senaat en die Raad het die versoek gunstig oorweeg, maar daar het in die oorlogsjare niks van gekom nie.

Toe die eerste klasse in 1918 ingestel is waaruit die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie sou ontwikkel, was Rekeningkunde een van die vakke wat deur H. P. Webber deeltyds gedoseer is. Nadat in 1919 die B.Com.-graad en in 1920 die B.Econ. ingestel is, het daar meer vastigheid in die onderrig van dié vak gekom.

In 1920 het S. R. Barnes vir H. P. Webber opgevolg as dosent in Rekeningkunde en Ouditkunde. Aanvanklik het Barnes, wat 'n deeglike dosent was, sy doseerwerk aan die T.U.K. gekombineer met 'n betrekking wat hy aan die Pretoriase Handelskool gehad het, tot sy klasse teen 1922 so groot geword dat hy sy lesings moes dupliseer en toe hierdie betrekking laat vaar het. Toe die Raad besluit om 'n professoraat in Rekeningkunde in te stel, is hy van 1 April 1924 tot professor en hoof van die departement bevorder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Barnes was een van die Engelseentalige dosente wat na die Afrikaanswording in 1932 nie in staat was om sy lesings in Afrikaans te lewer nie. Hy het egter gehoop om hom binne vier of vyf jaar te bekwaam en die Senaat het besluit dat hom hierdie geleentheid gegee moet word en dat hy intussen nie gedwing moet word om sy lesings in Afrikaans te gee nie. Teen 1937 het geblyk dat hy nog nie in staat was om aan die beleidsvereiste te voldoen nie en is in 'n vergadering van die fakulteitsraad daarop aangedring dat hy aan sy belofte uitvoering moet gee. Dit was waarskynlik een van die redes waarom prof. Barnes besluit het om aan die einde van 1937 te bedank.

Onder die deeltydse kragte wat deur prof. Barnes by sy uittrede aanbeveel is vir die voortsetting van sy werk, was W. B. Rorke wat sedert 1938 die eerste kursus in Rekeningkunde waarneem en tans die senior deeltydse dosent is.

Om prof. Barnes se werk voort te sit, is G. Niemeyer vir drie jaar van 1938 tot 1941 aangestel. In 1942 het P. W. Hoek (oudstudent) as departementshoof en senior lektor diens aanvaar. Van hierdie tydstip is alle rekeningkundige vakke in Afrikaans gedoseer. In April 1949 is die instelling van 'n professoraat goedgekeur en prof. Hoek beklee hierdie leerstoel sedert die begin van 1950. In 1951 is die professoraat egter omgeskep in 'n deeltydse professoraat wat deur prof. Hoek as departementshoof beklee word en 'n medeprofessoraat wat sedert April 1951 deur B. S. (tans dr.) Wiehahn beklee word.

In 1959 is vir die departement 'n voltydse lektor en senior lektor goedgekeur en voorsiening gemaak om Rekeningkunde I ook Binnemuurs te doseer. Van die personeel van tien was in 1959 agt gekwalifiseerde rekenmeesters en ouditeurs.

Bedryfsekonomie (1927)

Die eerste keer dat daar van Bedryfsleer as selfstandige departement sprake is, is in 1925, toe G. E. N. Ross opgetree het as waarnemende lektor in die vak.

In 1927 word A. J. Norval aangestel as professor in Handel en Bedryfsekonomie.

Van die einde van Maart 1937 het prof. A. J. Norval bedank om lid van die Raad van Handel te word. Prof. Norval het tydens sy verblyf aan die T.U.K. en die Universiteit van die stormagtigste jare meegemaak en veral met die beleidsverandering van 1932 as ondersteuner van die Afrikaanswording 'n aktiewe aandeel aan sake gehad.


As sy opvolger het die Raad aangewys W. F. J. Steenkamp wat binnekort in Rotterdam sy doktorale eksamen sou aflê. Prof. Steenkamp het in 1938 diens aanvaar en spoedig as dosent en geleerde 'n besondere plek in die Fakulteit ingeneem. In 1943 is op aanbeveling van 'n fakulteitskomitee onder voorsitterskap van prof. Steenkamp wat oor die indeling van kursusse in die hele Fakulteit verslag gelewer het, die departement gereorganiseer, sodat van Handel afstand gedoen is en alleen Bedryfsekonomie as leeropdrag van prof. Steenkamp oorgebly het, met drie voorgraadse en twee nagraadse kursusse. Tegelyk is die Bedryfsekonomie as metodologies volledig afgeronde vak verbreed en verdiep. Prof. Steenkamp (wat in 1948 deur die Senaat as kandidaat vir die rektorskap aanbeveel is) het aan die einde van Maart 1948 bedank om adjunkvoorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid te word.

Hy is opgevolg deur dr. ir. J. Goudriaan, 'n bedryfsekonoom van rype ervaring en akademikus van hoë aansien in Nederland. Prof. Goudriaan het behalwe leiding by omvangryke nagraadse navorsing in sy dienstyd ook 'n belangrike aandeel gehad aan die ontplooiing van die Instituut vir Bestuur en Administrasie waarvan hy nog die direkteur is. By die bereiking van die finale ouderdomsgrens het hy aan die einde van 1958 afgetree. Die emeritus-status is aan hom verleen, dog daar is besluit om van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

jaar tot jaar met 'n uiterste perk van vyf keer nog van sy dienste in deeltydse hoedanigheid gebruik te maak as direkteur van die Instituut vir Bestuur en Administrasie en as promotor vir 'n aantal doktorskandidate en vir die gee van enkele nagraadse lesings.

Prof. Goudriaan is opgevolg deur dr. H. J. J. Reynders (oudstudent) wat van 1944 tot 1946 al as dosent in die departement opgetree het. In 1947 is hy as senior lektor aangestel en na sy terugkeer van studie in die V.S.A. waar hy gepromoveer het, het hy in 1949 in dieselfde pos en in 1950 deeltyds in die departement gedien. In 1957 word hy senior lektor in die departement Ekonomie. Van die begin van 1959 word hy tot professor in die Bedryfsekonomie bevorder.



J. GOUDRIAAN (geb. 1893).

HANDEL, GELD- EN BANKWESE (1936)

Hoewel die departement met al drie die huidige onderdele en versprei oor die studiejare eers na 1947 begin, is al in 1920 die vakke „Practical Banking" en „Theory of Finance" aan die T.U.K. as derdejaarsvakke vir die B.Com.-graad aangebied. Die lesings oor Bankwese is eers deur H. P. Webber en van 1921 deur S. R. Barnes waargeneem. In 1921 doseer prof. W. A. Macfadyen ook 'n vak „Public Finance" wat in 1922 deur dr. J. E. Holloway waargeneem word; teen 1923 verdwyn hierdie vak egter weer.

Praktiese Bankleer is in 1925 as selfstandige departement beskou met P. W. Harding as lektor en hoof. In 1926 was dié leeropdrag vakant en in 1927 word dit deur prof. E. H. D. Arndt behartig, in 1929 deur C. C. Rudd en in 1930 deur W. van Wermeskerken. Dit bly tot 1935 'n afdeling van die departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis. Handel ressorteer as afdeling in die departement Bedryfsekonomie waarvan prof. A. J. Norval van 1927 die hoof is.

Prof. E. H. D. Arndt wat van 1925 dosent aan die T.U.K. was en van 1926 tot 1935 hoof van die departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis, het van die begin van 1936 hoof geword van wat tot daardie tydstip in sy departement 'n afdeling was en voortaan as die selfstandige departement Bankwese bekend sou wees.

In 1943 is uit die departement Bedryfsekonomie die afdeling Handel gelig en oorgeplaas na hierdie departement wat nou heet Handel, Geld- en Bankwese. In 1942 het prof. Arndt reeds die aanstelling aanvaar as registrateur van Banke en Bouverenigings, maar met die hulp van deeltydse kragte bly hy nog tot 1946 hoof van die departement.

Prof. Arndt se verbintenis met die T.U.K. en die Universiteit dek die gebeurtenisvolle jare 1930—1932 toe hy 'n prominente aandeel aan die verwikkelings, veral in 1932, gehad het. Hy het as dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie tot 1936 gedien en in dié hoedanigheid hom veral vir die uitbreiding van buite-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

muurse fasiliteite en die opbou van die Universiteitsbiblioteek, sowel binne- en buitemuurs, beywer.

As opvolger van prof. Arndt is vanaf die begin van 1947 dr. H. W. J. Wijnholds aangestel. Van dieselfde datum het die departement die dosering van die organisasie en tegniek van die handel en die internasionale handel wat nog steeds deur die departement Bedryfsekonomie behartig is, oorgeneem. Die departement Handel, Geld- en Bankwese gee voortaan 'n volledige kursus van die eerste jaar tot en met die doktorstudie.

Handelsreg (1938)

Die geskiedenis van die departement Handelsreg wat van 1938 dagteken en wat onder sowel hierdie Fakulteit as dié van Regsgeleerdheid ressorteer, is by laasgenoemde vermeld.

Statistiek (1939)

In die eerste fakulteitsvergadering, 3 Junie 1920, het prof. A. E. du Toit die vraag geopper wat die posisie van „Statistics and Actuarial Science" binne die kursusse van die Fakulteit sou wees en op 25 Februarie 1922 besluit die Fakulteitsraad om die Senaat te versoek om die „Union Statistical Department" te nader met die oog op samespreking oor 'n kursus in „Statistics and Demography". Of die voorstel verder gevoer is, kan nie vasgestel word nie, maar in die derde jaar van die B.Econ.-kursus word „Statistics and Demography" nou as 'n keusevak gestel.

Statistiek ontwikkel nog lank nie tot 'n selfstandige departement nie, maar die vak is van 1925 as deel van die Wiskunde-opleiding gedoseer en wel deur dr. B. de Loor (oudstudent).

Na die bedanking van prof. A. E. du Toit in 1938 as hoof van die departement Wiskunde het 'n reorganisasie van die departement (wat reeds toe 'n setel in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie gehad het) plaasgevind. As gevolg daarvan is die buitemuurse lesings in die kursusse vir die B.Com.-graad wat deur dr. De Loor behartig is, afgeskei en het dit deel geword van 'n selfstandige departement.

Die professoraat in Statistiek en Handelswiskunde (sedert 1958 alleen as Statistiek aangedui) was die eerste van sy aard in Suid-Afrika en word sedert die begin van 1939 beklee deur prof. B. de Loor wat van 1925 aan die departement Wiskunde verbonde was as lektor en van 1935 as senior lektor.

Behalwe die drie voorgraadse kursusse in Statistiek word van 1957 af aangebied 'n kursus Nywerheidstatistiek vir M.B.A.-kandidate.

Die departement Statistiek ressorteer behalwe in hierdie Fakulteit ook onder die Fakulteite Wis- en Natuurkunde, en Lettere en Wysbegeerte.

VEEARTSENYKUNDE

DIE FAKULTEIT EN SY ONTSTAAN

TOE Arnold Theiler in 1891 as jong veearts van Switserland na Transvaal gekom het om sy lewensbestaan hier te vind, het hy onmiddellik begin ondersoek instel na die oorsaak van dié dieresiektes wat nie in Europa voorkom nie en geneesmiddels daarvoor probeer vind. Na hy in 1897 as staatsveearts van die Z.A.R. aangestel is, het hy daarin geslaag om 'n bakteriologiese en veeartsenykundige instituut te stig waaruit die inrigting Onderstepoort gebore is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Hoewel Onderstepoort voortreflike dienste aan die veeboerdery in Suid-Afrika gelewer het, is dit steeds as 'n leemte gevoel dat in Suid-Afrika geen veeartse opgelei kon word nie wat reeds in hulle studiejare kennis kon maak met die besondere probleme en dieresiektes van Suid-Afrika en van Afrika in die algemeen.

In 1914 kom in die Senaat van die T.U.K. die eerste keer die wenslikheid van „Veterinary and Agricultural Courses" ter sprake. In 1915 word daaroor vertoë tot die Regering gerig en uit die onderhandelings is in 1916 wel die besluit gebore om 'n Landboufakulteit in te stel, maar van 'n Fakulteit Veeartsenykunde word gedurende die Eerste Wêreldoorlog nie weer verneem nie. Intussen word daarna gestreef om Veeartsenykunde as vak binne die Landboufakulteit te laat doseer.

Toe Theiler in 1917 aftree as direkteur van Onderstepoortlaboratorium, was daar die moontlikheid dat 'n leerstoel op Stellenbosch aan hom aangebied sou word. Van die kant van die T.U.K. en by name deur die pasaangestelde prof. A. M. Bosman van die Landboufakulteit is toe met spoed pogings aangewend om Theiler in Pretoria te behou en hom 'n leerstoel in Veeartsenykunde aan te bied. Die aanbieding is al by voorbaat gedoen en die professoraat in 1918 ingestel, maar Theiler het dit nie aanvaar nie. Dit is deur P. R. Viljoen beklee en Veeartsenykunde was voorlopig slegs 'n departement binne die Landboufakulteit.

Dit was hierdie Fakulteit wat sterk onder die indruk gekom het van die noodsaaklikheid van veeartsenykundeopleiding en in 1919 vertoë begin rig het om die instelling van 'n Fakulteit Veeartsenykunde.

'n Raadsafvaardiging het die minister in Kaapstad gaan spreek en in Junie 1919 'n memorandum op versoek van die Regering voorgelê waarin 'n omstandige motivering vir die stigting van 'n fakulteit vervat is. Daarin is onder meer verklaar „(that) it is detrimental to the interest and development of the Union to be dependent on overseas institutions for all its qualified men in a profession so vital to its welfare."



Onderstepoort.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verder is beklemtoon dat opleiding in die Veeartsenykunde nie los van 'n universitêre inrigting (veral een waaraan 'n landboufakulteit verbonde is) mag staan nie. Die T.U.K. leen hom besonder goed daartoe, aangesien heeltemal voorsien kan word in die eerstejaarsopleiding vir veterinêre studente en gedeeltelik vir dié in die tweede en derde jaar.

In die praktyk sou dit dan daarop neerkom (aldus die memorandum) dat voorlopig net vyf nuwe leerstoele ingestel hoef te word, waarvan een, „Veterinary Medicine and Surgery", reeds gevul is deur prof. P. R. Viljoen (in werklikheid was dit natuurlik nog nie die geval nie), terwyl nie minder nie as nege vakke wat vir die opleiding nodig is deur die bestaande Fakulteite Wis- en Natuurkunde en Landbou gedoseer kan word.

Die memorandum deel ook mee dat sir Arnold Theiler (op hierdie stadium nie meer direkteur van Onderstepoort nie maar hoof van die Lamsiektenavorsing op Armoedsvlakte, Vryburg) hom bereid verklaar het om op die personeel van die Fakulteit te dien op voorwaarde dat die nuwe Fakulteit 'n integrerende deel van die T.U.K. vorm, dat Onderstepoort al sy fasiliteite tot die beskikking van die Fakulteit stel, dat daar voldoende fondse beskikbaar gestel word en dat daar geen ander fakulteit vir Veeartsenykunde in die Unie gestig word nie.

Die T.U.K. se memorandum het voor 'n departementele komitee onder voorsitterskap van G. M. Hofmeyr, Onder-sekretaris van Onderwys, gedien wat ook tegelykertyd vertoë ontvang het van die Johannesburgse Universiteitskollege — wat ook om 'n Fakulteit Veeartsenykunde gevra het — en die Grey-universiteitskollege.

Die komitee se verslag van Augustus 1919 het positiewe aanbevelings bevat oor die instelling van 'n opleidingskursus om te voorsien in 'n dringende behoefte aan veeartse. Die komitee het die klem laat val op die noodsaaklikheid van plaaslike opleiding met die oog op Suid-Afrikaanse probleme. Die eerste twee studiejare kon aan enige universiteitsinrigting in die Unie voltooi word, gevolg deur 'n driejarige studie van professionele vakke in Pretoria vir die B.V.Sc.-graad. 'n Meerderheidsrapport het verder aanbeveel òf dat Onderstepoort omgeskep moet word tot 'n Fakulteit van Veeartsenykunde binne die Universiteit van Suid-Afrika, sodat die doserende personeel ook lede van die navorsingspersoneel is (dit sou dan daarop neergekom het dat Onderstepoort nog 'n konstituerende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika word), òf dat die Fakulteit in Pretoria gevestig word „in connection with the Transvaal University College, presuming that all reasonable facilities for instruction and research be granted thereto by the Division of Veterinary Research."

Die Raad het in Oktober 1919 verdere vertoë oorweeg maar ongeveer dieselfde tyd het die Regering al besluit dat 'n Fakulteit Veeartsenykunde gestig sou word.

Dit sou 'n integrerende deel van die T.U.K. word; opleiding vir die derde, vierde en vyfde jaar sou op Onderstepoort geskied; alle aktiwiteite te Onderstepoort sou onder een hoof geplaas word wat onder die administrasie van die Departement van Landbou bly. Hierdie departement sou dan ook voorsien in die finansiële behoeftes van sowel die Fakulteit as van Onderstepoort.

Op 'n Raadsvergadering van 18 Desember 1919 het die rektor „the institution of the Faculty of Veterinary Science" aangekondig en dis aan die Education Functions Committee oorgelaat om die nodige reëlings voor te stel.

Dit is duidelik dat Onderstepoort met sy laboratorium- en navorsingsgeriewe en sy deskundige personeel die deurslag gegee het by hierdie besluit wat in die komende jare ongetwyfeld ook tot gevolg sou hê dat die Fakulteit sy bydrae kon lewer om aan Onderstepoort internasionale roem te besorg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nog voor die rektor die stigting van die Fakulteit aangekondig het, is Theiler benoem tot direkteur van veeartsenykundige onderwys en navorsing te Onderstepoort, en word hy deur die Eerste Minister en die Sekretaris van Landbou versoek om 'n skema op te stel. Dit het tot gevolg 'n uitvoerige memorandum wat Theiler op 8 November 1919 aan die Regering voorlê; dit vorm die grondslag van die stigting van die Fakulteit wat in 1920 begin funksioneer het.

Sy aanbevelings oor nuwe geboue wat op Onderstepoort nodig is, is aangeneem. Dit het neergekom op uitbreiding van die gebou vir Patologiese Anatomie, 'n tweede post-mortemgebou, nuwe laboratoria vir Biochemie, nuwe personeelhuise, 'n studentekoshuis en nog verdere uitbreidings. Hy meen die Regering moet vrygewig wees: „Onderstepoort is already one of the 'show places' of Pretoria, and the new buildings should be in keeping with the ideal which the new institute has before it." Hy het die uitgawes op £100,000 beraam maar dit het uiteindelik £175,000 bedra. „South African Sentiment, and Scientific Ideals, cannot be ignored", het Theiler geskrywe. „Both Education and Research should be handled as 'bread cast upon the waters'."

Die eerste aanstelling op 24 Junie 1920 was dié van prof. P. R. Viljoen wat by die totstandkoming van die Fakulteit 'n besonder aktiewe rol gespeel het. Hoewel hy van 1918 professor in Veeartsenykunde in die Landboufakulteit was, is inderdaad al voor hierdie datum na hom as professor in Anatomie verwys. Hierdie leeropdrag word nou voorlopig aan hom in die nuwe Fakulteit gegee.

Op 20 Augustus 1920 word die aanstelling van ses professore aangekondig: sir Arnold Theiler (Patologie); dr. P. J. du Toit (Higiëne en Infeksiesiektes); dr. H. H. Green (Biochemie); W. H. Andrews (Fisiologie); P. R. Viljoen (Medisyne); G. v. d. W. de Kock (oudstudent, Anatomie). As lektore word aangestel E. M. Robinson (Higiëne) en C. P. Neser (Medisyne). Sir Arnold Theiler was die eerste dekaan en het dit tot sy aftrede aan die einde van 1927 gebly.

Die eerste groep van agt studente het in 1924 die graad B.V.Sc. ontvang. By dié geleentheid het Theiler self die woord gevoer oor die dubbele doelstelling van die veeartsenykundige onderwys: wetenskaplik onderlegde gegradueerdes vir die praktyk wat ook toegerus moet wees om navorsingswerk te doen. Van 1924 tot 1929 het 42 studente die baccalaureusgraad behaal en twee het gepromoveer.

Hoewel dit aanvanklik die bedoeling was dat die opleiding vir die eerste en tweede jaar aan enige universitêre inrigting wat oor die nodige leergange beskik, gevolg kon word, het Stellenbosch na een jaar die proef laat vaar en Johannesburg na 1925. Dus het alleen die T.U.K. die volledige opleidingskursus aangebied.

Omdat daar in 1925 geblyk het dat die T.U.K. nie op die hoofterrein in die dosering van die tweede jaar kon voorsien nie, is besluit dat van 1926 die T.U.K. nie meer opleiding vir die tweede jaar sou aanbied nie, maar dat die laaste vier jaar van die kursus op Onderstepoort sou plaasvind.

Die oorspronklike doel met die oprigting van 'n Fakulteit Veeartsenykunde was hoofsaaklik om regeringsveeartse op te lei. Buite die regeringsdiens was in 1920 en geruime tyd daarna weinig aanvraag vir die dienste van 'n veearts, veral weens die lae ekonomiese waarde van diere en diereprodukte, en as gevolg van die vervoerprobleem uit plattelandse gebiede. Hierdie toestand sou duur tot minstens aan die einde van die depressiejare en oor die algemeen tot aan die Tweede Wêreldoorlog.

Opleiding was dus aanvanklik op die behoeftes van die staatsdiens toegespits. Daarom is daar 'n besonder deeglike grondslag met die basiese wetenskappe gelê, soos vandag nog die geval is. Vakke soos Patologie, Toksikologie, Parasitologie en Aansteeklike Siektes het gedetailleerde aandag gekry. Geriewe vir die kliniese en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toegepaste vakke was aan die begin egter onvoldoende en daar kan sonder vrees van teenspraak beweer word dat hierdie afdelings van die opleiding in betreklike sin te kort gedoen is.

In die maer jaar 1933 het die Departement van Landbou selfs laat aankondig dat van 44 ingeskrewe studente die Regering eintlik net 15 in diens sou kon neem. Dit het voornemende studente ontmoedig en 'n skerp daling van graduandi tot gevolg gehad. In 1933 is net twee grade toegeken; dit het wel effens gestyg na 13 in 1936, maar teen 1940 is weer net twee grade toegeken.

Met die ontwikkeling van motortransport en die verhoogde ekonomiese waarde van diere het 'n groot verandering van veeartsenykundige behoeftes ingetree. Privaatpraktyk het begin opskiet van die einde van die jare dertig en daar was 'n skielike tekort aan veeartse. Dit het meegebring 'n vergroting van die kliniese personeel en toevoeging van departemente vir toegepaste vakke soos Vleis- en Melkhigiëne, Pluimveesiektes, Soötegniek en Voedingsleer. Die opleiding het hom nou al meer daarop gaan toespits om ook privaatpraktisyns te lewer en veeartse as bestuurders van uitgebreide veeteeltondernemings en vir die munisipale diens. Die tydperk ná 1940 het dus 'n grotendeels ander patroon by die akademiese opleiding begin vertoon as dié van die eerste twee dekades sedert die stigting van die Fakulteit. Waar voorheen die klem gelê is op opleiding van veldpersoneel vir die Departement van Landbou, navorsingbeamptes, privaatpraktyk en stedelike dienste (in hierdie volgorde), was dit sedert 1940 anders. Aan opleiding vir die privaatpraktyk en munisipale diens is meer aandag bestee.

Die feit dat die Fakulteit Veeartsenykunde feitlik 'n tussenposisie ingeneem het tussen die Universiteit, die Navorsingsinstituut op Onderstepoort en die Departement van Landbou het hom begin wreek. Vir sommige dosente wat baie tyd aan akademiese werk moes bestee en ook roetine- en navorsingswerk moes behartig, is geleidelik 'n klaarblyklik onhoudbare toestand geskep. Die werwingsveld vir nuwe leerkragte wat voor 1942 slegs tot die personeel op Onderstepoort beperk was, het ook te eng geblyk. Trouens, die staatsdiens het self 'n ernstige tekort ondervind en kon nie meer maklik leerkragte lewer nie.

Die oplossing is al van 1939 gesien in 'n naasteby volledige skeiding van werksaamhede tussen die Fakulteit Veeartsenykunde en die Staatsveeartsenykundige Dienste op Onderstepoort sover dit personeel betref. Juis op die tydstip toe die Fakulteit Landbou (om redes soos elders uiteengesit) verkies het om „ingelyf" te word by die staatsdiens, begin die strewe by die Fakulteit Veeartsenykunde wat van die begin baie nou ingeskakel was by die staatsdiens om „uitgelyf" te word. In die jare veertig het die Fakulteit Landbou oor sy besluit berou gehad en 'n soortgelyke beweging om „uitlywing" van stapel gestuur wat parallel met dié van Veeartsenykunde geloop het en volgehou is tot daar aan die begin van 1958 vir albei Fakulteite wat aan die Departement van Landbou verbonde is min of meer dieselfde resultate bereik is sover dit status aangaan.

In 1939 is naas bloot tegniese oorwegings ook van die kant van die Senaat die besware gelug dat Veeartsenykunde buite verhouding tot sy studentetal en doseerpligte in die Senaat as fakulteit verteenwoordig is, dat hierdie 16 Senaatslede ten opsigte van die bevordering van Afrikaans as voertaal en die volle verwesenliking van die besluit van 1932 geen werklike bydrae kon lewer nie, omdat hulle twee here moes dien van wie die Universiteit nie die belangrikste was nie. Hulle was „deeltydse professore" en daar moes ter wille van die wetenskaplikheid van die dosente in die Fakulteit 'n volledige skeiding tussen „akademiese werkers" en „staatsdiens-roetinewerkers" kom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel ook om ander motiewe as wat in hierdie Senaatsbespreking in 1939 ter sprake was, het van die kant van die Fakulteit Veeartsenykunde self nou vertoë begin om ontslae te raak van wat as dubbele kontrole bestempel is: die Universiteit aan die een kant en die Minister van Landbou en Bosbou aan die ander kant. Dit was veral by aanstellings waar die Fakulteit hom in 'n onsekere posisie bevind het. In 1942 het verbetering gekom. Vir die eerste keer is 'n omsendbrief aan alle regeringsveeartse in verband met vakatures gestuur. Daarna het 'n Fakulteitskomitee die aansoeke gekeur en die minister kon benoemings goedkeur of afwys, maar nie 'n ander aanstelling maak nie.

Dit was egter maar geringe vordering in die rigting van 'n volledig geëmansipeerde Fakulteit wat op gelyke voet moes staan met enige ander aan die Universiteit. Dit het die ideaal gebly. Die komitee van die Fakulteit wat in 1949 onder voorsitterskap van prof. P. J. J. Fourie die kwessie ondersoek het, het weer die mening uitgespreek dat die bestaande organisasie nie in die beste belang van veeartsenykundige opleiding is nie. Daar is aanbeveel 'n Fakulteit geheel en al onder beheer van die Universiteit en die onmiddellike oorskakeling van sekere departemente, beginnende met dié met voltydse akademiese opdragte en baie min afdelingswerk. Die ander kon deeltydse departemente bly, maar met aanvulling van vakatures deur ope mededinging waarby privaatpraktisyns en munisipale veeartse van buite ook ingesluit moet wees. Die Universiteit van Pretoria moes die verantwoordelikheid van salarisse aanvaar.

Die Fakulteit het die aanbevelings aanvaar en in die memoranda wat in 1950 voor die Senaat en Raad gedien het, is veral klem gelê op die agteruitgang van navorsing waar van een persoon verwag is om sy aandag oor drie terreine te versnipper: doseerwerk, navorsing en roetinepligte as amptenaar. Die Fakulteit het dus „eenparig en sterk aanbeveel dat die teenswoordige organisasie omgeskep word tot 'n onafhanklike akademiese eenheid van 'n universiteit."

Die Raad het wel met waardering kennis geneem van die Fakulteit se strewe en 'n moontlike uitlywing verwelkom, maar terwyl die personeelkwessie in die Fakulteit jaar na jaar versleg het, was daar nog geen tekens dat Farao die volk wou laat trek nie.

Die Fakulteit het intussen grotendeels verhuis na nuwe geboue waar die onderwysfasiliteite oneindig ruimer en beter was as voorheen.

Van 1920 is gebruik gemaak van geboue op die hoofterrein by Onderstepoort waar destyds op aandrang van Theiler self toevoegings vir die Fakulteit gebou is. Met verloop van jare het die ruimte weens die uitbreiding van die Navorsingsinstituut self en die toenemende behoeftes van die onderwys heeltemal ontoereikend geword.

Die Raad van die Universiteit het van 1949 af stappe gedoen om die behoefte aan nuwe fakulteitsgeboue onder die aandag van die Minister van Landbou te bring. In 1950 is 'n globale bedrag beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n gebouekompleks op die terrein wes van die hoofweg van Pretoria na Zoutpan en vlak teenoor die hoofingang van die Navorsingsinstituut. Die hoofgebou is in 1952 voltooi.

Die res van die gebouegroep is in die geheel teen 'n koste van ongeveer £450,000 onder toesig van die Departement van Openbare Werke in 1955 voltooi. Naas die hoofgebou bevat dit 'n Anatomieblok, 'n gebou vir Geneeskunde, Chirurgie en Fisiologie waar voorlopig ook Pluimveesiektes gehuisves is en stalle vir groot en klein diere.

Hoewel daar ook in 1955 verbetering ingetree het in die posisie van die Fakulteit binne die Departement van Landbou, was daar nog geen verandering van status nie. Die Fakulteit het sy onderhandelings om uitlywing voortgesit en toegestem om ter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wille van finansiële reëlings die getal departemente te verminder waarin sommige poste voltyds en ander deeltyds sou wees.

Die personeeltekort was aan die begin van 1957 nog meer kritiek as ooit tevore en die onderhandelings tussen die Raad en die Departement van Landbou het van 22 Februarie 1957 af dwarsdeur die jaar nog voortgeduur aangaande ooreenkomste wat gelyktydig die Fakulteite Landbou en Veeartsenykunde sou raak. Die uitslag was dat die Departement van Landbou toegestem het om die doserende personeel (net soos by die Fakulteit Landbou) as 'n „geslote groep" te beskou, 'n kern van voltydse amptenaardosente wie se opdrag die onderwys is en van deeltydse amptenaardosente met verlof om aan onderwys deel te neem. Wat besoldiging betref, sou hulle gelykgestel word met ander universiteitspersoneel en deur die Universiteit besoldig word. Die Universiteit sou studentegeld behou en die Staat sou basiese salarisse betaal. Maar hulle sou amptenare bly wie se aanstellings deur die Universiteit na oorleg met die Staatsdienskommissie en die Departement van Landbou sou geskied. Voltydse, doserende personeel sou geen vaste departementele pligte hê nie en vakatures sou ook buite die staatsdiens geadverteer word. Navorsing en publikasies sou nog onder die Direkteur van Veeartsenykundige Dienste val en die naam van Onderstepoort sou nog verbonde bly aan belangrike projekte. Die nuwe reëling was vir die Fakulteit 'n teleurstelling, omdat die mikpunt, 'n gewone fakulteit van die Universiteit, nie bereik is met die nuwe status nie. Die beheer deur die Departement van Landbou was alleen gewysig. Maar die reëling het tog verskeie voordele ingehou wat dit aanneemlik gemaak het.

Die nuwe orde vir die Fakulteit het meegebring dat alle dosente moes bedank, dat die poste binne en buite die staatsdiens geadverteer is en daar toe (op die basis wat deur die Universiteit aanvaar is) die getal aanstellings van die begin van 1958



Die fakulteitsgeboue vir Veeartsenykunde, Onderstepoort.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gemaak is waaroor ooreengekom is. Die Fakulteit het naamlik toegestem om die bestaande sestien departemente tot nege te verminder met 'n spesiale reëling waardeur vier gewese departementshoofde nog hul setels in die Senaat behou het. Van die nege volle professorate was vier deeltyds en terselfdertyd is vier medeprofessorate geskep. In die hele gereorganiseerde Fakulteit was daar nou 10 voltydse en 22 deeltydse doseerposte.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

SIR ARNOLD THEILER, *K.C.M.G., D.Med. Vet. (Bern), D.Sc. (Kaap), Hon.Assoc. R.C.V.S.*, 24 Februarie 1920 — 1927.

P. J. DU TOIT, *B.A. (Kaap), Dr. Phil. (Zürich), Dr. Med. Vet. (Berlyn)*, 1928, 1929, 1930, Oktober 1930 tot Oktober 1933; Oktober 1933 tot Oktober 1936; Oktober 1936 tot Oktober 1939; Oktober 1939 tot Oktober 1942; Oktober 1942 tot Oktober 1945; Oktober 1945 tot Oktober 1948.

G. V. D. W. DE KOCK, *Dr. Med. Vet. (Bern), D.Sc. (Rand), M.R.V.S.*, Oktober 1948 tot Oktober 1950.

J. QUIN, *D.V.Sc., (S.A.)*, Oktober 1950 . Oorlede Januarie 1951.

P. J. J. FOURIE, *Dr. Med. Vet. (Utrecht), M.R.C.V.S.*, waarnemend Januarie tot Oktober 1951; Oktober 1951 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot aftreedatum 1955.

H. GRAF, *B.Sc. (S.A.), D.V.Sc. (S.A.)*, Oktober 1955 tot Oktober 1957; van Oktober 1957 af.

DIE DEPARTEMENTE

Tot die einde van 1957 was al die aanstellings in die Fakulteit deeltyds en was daar net twee toelaes, dié van professor en dié van lektor; die benaming senior lektor is soms gebruik waar die dosent ook hoof van 'n departement is.

Van die kant van die Universiteit is vroeër nie veel belang gestel in die strenge organisasie en indeling in departemente nie. Elke aparte vakrigting het dus feitlik 'n departement voorgestel. Daar is dikwels oor en weer plaaslik in die loop van jare gewysig om by die geleenthede van die Afdeling Veeartsenykundige Dienste aan te pas sonder om enige formele prosedure by die Universiteit aanhangig te maak. Om dié rede is dit slegs moontlik om die geskiedenis van elke departement soos dit tot die huidige gelei het by benadering weer te gee en die departemente van die Fakulteit het so baie gewissel in getal en in samestelling dat dit soms moeilik val om die lotgevalle daarvan te volg.

By die ses departemente wat op 20 Augustus 1920 aangekondig is, het Heel- en Verloskunde (Chirurgie) en Ekologiese Plantkunde bygekom, en in 1922 verval laasgenoemde. In 1923 kom Embriologie, Farmakologie, Bakteriologie, Helmintologie en Staatsveterinêre Medisyne by, terwyl Higiëne en Infeksiesiektes elkeen sy eie departement kry. In 1925 word Embriologie deur Tropiese Medisyne vervang. In 1926 kom Soötegniek by. In 1928 kom tropiese Siektes en Protosoölogie in die plek van Tropiese Medisyne, word Infeksiesiektes en Bakteriologie in een departement saamgevoeg en kom Patologiese Fisiologie by. Die proses van herindeling het na 1930 voortgeduur en teen 1957 was daar sestien afsonderlike departemente met verteenwoordiging in die Senaat.

Dit was deel van die ooreenkoms wat aan die einde van 1957 getref is dat hierdie getal verminder sou word tot nie meer as nege nie, soos hieronder genoem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ANATOMIE (1920)

Anatomie was die eerste professoraat wat in die Fakulteit gevul is. P. R. Viljoen word op 20 Desember 1918 al as agerende professor aangestel in Veeartsenykunde en Bakteriologie (in die Fakulteit Landbou) en op 20 Februarie 1920 as professor in Anatomie. In Junie 1920 word hy professor in Anatomie in die Fakulteit Veeartsenykunde.

Prof. Viljoen is reeds in Augustus 1920 oorgeplaas na die departement Staatsveterinêre Medisyne en as hoof van die departement Anatomie opgevolg deur dr. G. v.d. W. de Kock (oudstudent) wat op sy beurt in 1923 na die departement Patologie oorgeplaas word.

M. W. Henning (oudstudent) was sedert 1922 lektor in Anatomie en neem vir prof. De Kock van die begin van 1924 waar. Hy word van 1 April 1924 benoem tot professor in Veeartsenykunde in die Fakulteit Landbou. Hoewel hy nooit formeel benoem is nie, tree hy tot die einde van 1925 ook as professor in Anatomie in hierdie Fakulteit op.

Na die verskuiwing van die tweede studiejaar na Onderstepoort in 1926 is die departement Veeartsenykundige Anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand opgehef en is die hoof, prof. R. W. Mettam, verplaas na Onderstepoort, waar hy in dieselfde hoedanigheid in die Fakulteit Veeartsenykunde van die T.U.K. een jaar lank (1926) doseer.

Op 21 Februarie 1927 volg dr. H. H. Curson hom op as professor in Anatomie, Histologie en Embriologie. Prof. Curson het in 1936 bedank, toe hy aangestel is as adjunk-direkteur van Bantoelandbou onder die Departement van Naturellesake.

Hy is opgevolg deur dr. C. Jackson wat van Maart 1931 as lektor aan die departement verbonde was. Prof. Jackson het na 'n dienstyd van nagenoeg 26 jaar in September 1955 bedank en is van Oktober 1955 opgevolg deur dr. H. P. A. de Boom (oudstudent) wat van 1940 as lektor in Embriologie en Vergelykende Anatomie in die departement diens gedoen het. Prof. De Boom is van die begin van 1958 onder die nuwe bedeling aangestel as voltydse professor met leeropdragte Anatomie en Embriologie. Onder die departement ressorteer ook die afdelings Vergelykende Anatomie en Histologie.

PATOLOGIE (1920)

Sir Arnold Theiler het hierdie departement in 1920 vir hom uitgekies. Hy bly professor in Patologie tot die departement Tropiese Medisyne in 1925 geskep is waarin hy toe tot sy aftrede gewerk het. In 1925 het prof. G. v. d. W. de Kock, professor in Anatomie van 1920 tot 1925, hoof van die departement Patologie geword.

Dr. A. D. Thomas het in Februarie 1929 lektor in die departement geword en is op 21 Februarie 1938 tot professor in Patologie bevorder, toe die leerstoel vakant geword het weens die oorplasing van prof. De Kock na die nuutingestelde professoraat in Vergelykende Patologie. Op 31 Maart 1947 het prof. Thomas bedank. Die leerstoel in vergelykende Patologie het verval en prof. De Kock het tot sy aftrede op 30 November 1949 weer die professoraat in Patologie beklee. Hy was tesame ongeveer 29 jaar aan die Fakulteit verbonde waar hy as dosent 'n belangrike rol gespeel het. Hy was van 1914 op Onderstepoort, word in 1920 professor in Veterinêre Anatomie op Stellenbosch en aanvaar daarna dieselfde leerstoel aan die T.U.K. Hy word tegelykertyd senior veterinêre navorsingsbeampte op Onderstepoort. In 1927 word hy onder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

direkteur en in 1931 adjunkdirekteur van Veeartsenydienste en in 1948 direkteur. Na sy opleiding in Londen, wat tot 1913 geduur het, was hy by verskeie geleenthede van 1919 tot 1947 vir verdere studie en navorsing in Europa en die V.S.A. Hy het hoë onderskeiding vir sy werk as navorser ontvang en is lid van verskeie geleerde verenigings in Suid-Afrika en die buiteland. Na sy aftrede was hy tot 1955 as tydelike staatsveearts werksaam en is in 1956 aangestel as erenavorsingsbeampte by die Liesbeek-kankerkliniek in Kaapstad.



G. VAN DE W. DE KOCK (geb. 1889).


Prof. De Kock is opgevolg deur dr. K. C. W. A. Schulz (oudstudent) wat in 1947 na die bedanking van prof. Thomas as lektor in die departement aangestel is. Prof. Schulz het aan die einde van 1957 met die reorganisasie bedank en is heraangestel as voltydse professor.

Die departement Higiëne en Diereversorging wat sedert 1923 uit die departement Infeksiesiektes sy ontstaan het, was tot die einde van 1957 'n onafhanklike departement met 'n eie professoraat. Van die begin van 1958 is dit egter ingedeel onder die departement Patologie met 'n deeltydse medeprofessor aan die hoof. Prof. P. R. Viljoen het Staats- en Munisipale Higiëne gedoseer. Vanaf 1926 is die vak verdeel in Staatsveterinêre Medisyne en Munisipale Higiëne. Laasgenoemde (waarby van die begin van 1931 ook Algemene Higiëne ingesluit is) is van November 1931 as selfstandige departement ingestel met verteenwoordiging in die Senaat. Algemene Higiëne (waarvan Diereversorging as vak afgeskei is) is in 1932 formeel saamgesmelt met Munisipale Higiëne, waarby ook Bakteriologie van Melk ingesluit is en die kursusse is voortaan verdeel in Algemene Higiëne en Munisipale Higiëne. As departementshoof het van 1931 tot 1933 P. S. Snyman (oudstudent) opgetree. Van die begin van 1934 is Munisipale Higiëne verhef tot professoraat terwyl Algemene Higiëne en Diereversorging deur een dosent behartig sou word en onder die nuwe departement Munisipale Higiëne (later genoem „Higiëne en Diereversorging") sou ressorteer.

As eerste professor is aangestel prof. P. J. J. Fourie wat op daardie tydstip professor in Patologiese Fisiologie was. Prof. Fourie is in Fauresmith gebore en het in die Vrystaat sy skoolopleiding geniet voor hy in 1915 na Dublin gegaan het om as veearts opgelei te word. In 1920-1922 is hy lektor op Grootfontein en Glenlandboukollege en in 1922-'23 maak hy as Veterinêre Navorsingsbeampte op Onderstepoort en lektor in Patologie 'n doeltreffende miltsiekte-entstof. Terselfdertyd doseer hy Bakteriologie in die Fakulteit Veeartsenykunde.

In 1923-1924 werk hy op Armoedsvlakte by Vryburg, in 1924 doseer hy weer Farmakologie in die Fakulteit en word in 1925 weer lektor in Patologie. In Februarie 1927 word hy professor met addisionele leeropdrag Veterinêre Medisyne en in Junie 1929 word hy (na die dood van prof. C. P. Neser) professor in Patologiese Fisiologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



P. J. J. Fourie (geb. 1894).

In 1931 promoveer hy in Utrecht in die Veeartsenykunde en word hy aangestel as subdirekteur van die Veeartsenydiens op Onderstepoort en in 1951 word hy adjunkdirekteur. Hy tree in 1955 uit die permanente staatsdiens maar bly in tydelike hoedanigheid aan. Hy behou ook die professoraat — van die begin van 1958 genoem Spesiale Higiëne van Vleis en Melk — en beklee onder die nuwe bedeling van die begin van 1958 'n medeprofessoraat tot hy aan die einde van 1959 die finale aftreeleeftyd bereik.

Prof. Flip Fourie het steeds die belange van die Fakulteit op die hart gedra en altyd na goeie betrekkinge tussen die Fakulteit en die Universiteit gestreef. In die besonder het hy hom beywer vir die verandering van die status van die Fakulteit om as gewone fakulteit van die Universiteit te funksioneer. Met die reorganisasie wat aan die einde van 1957 as gevolg van volgehoue vertoë (waaraan hy jarelank 'n onvermoeide aandeel gehad het) deurgevoer is, was weliswaar nie die ideaal wat hy gestel het, bereik nie, maar uit die oogpunt van die onderwys en navorsing is daar 'n verbetering van betekenis teweeggebring.

Medisyne (1920)

Op 20 Augustus 1920 is prof. P. R. Viljoen aangestel as eerste hoof van hierdie departement wat aanvanklik as Materia Medica aangedui is. Hy was toe reeds van die begin van 1920 professor in Anatomie.

In 1923 word prof. Viljoen oorgeplaas na die departement Staatsveterinêre Medisyne en word hy opgevolg deur dr. C. P. Neser as lektor en hoof van die departement Veterinêre Medisyne. In September 1924 word dr. Neser tot professor bevorder.

Professor Neser was 'n Kaaplandse seun uit Venterstad wat Norvalspont se konsentrasiekamp beleef het en daarna



C. P. Neser (1889 — 1929).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


om die beurt in die poskantoor, as mynwerker op die Rand, as onderwyser en as spoorwegopmeter in Natal gewerk het voor hy in 1916 na Dublin is om veearts te word. Hy begin in 1919 op Onderstepoort werk en word in 1920 lektor in Veterinêre Medisyne in die Fakulteit. In 1921 promoveer hy en in die paar lewensjare wat hom nog gegun was, het hy belangrike werk gelewer oor bloed en die patologie van bloed. Hy word in 1928 professor in Patologiese Fisiologie ('n nuwe leerstoel) en sterf op veertigjarige leeftyd in 1929.

Sy opvolger in die departement Veterinêre Medisyne was P. J. J. Fourie wat van 1929 tot 1934 hom ook opvolg as professor in Patologiese Fisiologie. Na 1934 is Patologiese Fisiologie 'n vak in die departement Medisyne. Dit verander geleidelik van aard en word in wese Kliniese Diagnostiek met behoud van die oorspronklike naam. Toegepaste Fisiologie (in die departement Fisiologie) kom daarenteen meer die oorspronklike doelstellings met Patologiese Fisiologie na.

Prof. Fourie word in 1929 in die departement Veterinêre Medisyne opgevolg deur B. S. Parkin wat in 1928 lektor in Medisyne geword het. Prof. Parkin was na sy skoolopleiding in die Kaapprovinsie staatsamptenaar voor hy in 1918 as veearts in Dublin gekwalifiseer het. Na militêre diens as veearts word hy in 1920 lektor in Veeartsenykunde op Elsenburg en in 1927 lid van die personeel op Onderstepoort. Hy promoveer in 1932 en onderneem in 1934-1935 'n studiereis in Europa en Amerika. As navorser doen hy belangrike werk oor chemo-terapeutiese middels in verband met trypanosomiase en galkoors in honde. Hy is onverwags op 17 Julie 1951 oorlede.

As professor en departementshoof is in 1951 aangestel W. D. Malherbe (oud-student) wat van 1944 as lektor in Medisyne aan die Fakulteit verbonde was.

Na die reorganisasie van die Fakulteit is van die begin van 1958 K. van der Walt (oudstudent) as voltydse professor in Medisyne aangestel. Dr. W. D. Malherbe het as senior lektor (voltyds) aan die departement verbonde gebly met persoonlike behoud van sy reg tot sitting in die Senaat.



B. S. PARKIN (oorl. 1951).

Die departement Farmakologie en Toksikologie (nou 'n afdeling van die departement Medisyne) is aan die begin van 1923 ingestel maar het voorlopig vakant gebly. Prof. W. H. Andrews neem waar tot P. J. J. Fourie in 1925 die lesings begin gee. In 1926 word dr. D. G. Steyn tydelike lektor, in 1927 lektor en later senior lektor en hoof van die departement. Van 1936 word hy as professor aangestel. In Februarie 1946 bedank prof. Steyn om die professoraat Farmakologie in die Fakulteit Geneeskunde te beklee, maar neem die doseerwerk en hoofskap van die departement nog tot die einde van die jaar waar.

Veeartsenykundige Plantkunde het geruime tyd onder die departement

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Farmakologie en Toksikologie geressorteer; die geskiedenis van hierdie vak word hierna onder dié van die departement Soötegnologie vermeld.


In 1947 is Farmakologie (met Materia Medica) geskei van die departement Farmakologie en Toksikologie, en is gesamentlik onder die departement Chirurgie en Medisyne, die afdeling Ambulante Kliniek en Materia Medica ingestel, terwyl Farmakologie by Fisiologie ingedeel is. Aan die begin van 1958 is die Ambulante Kliniek met Materia Medica en Farmakologie onder die departement Medisyne ingedeel.

As lektor in Toksikologie is van die begin van 1947 dr. T. F. Adelaar (oudstudent) benoem. In Junie 1947 word hy bevorder tot senior lektor en hoof van die departement wat voortaan bekend sou wees as Toksikologie en Veldbeheer. Na die reorganisasie van die Fakulteit is dr. Adelaar van die begin van 1958 as deeltydse senior lektor met persoonlike reg tot sitting in die Senaat aangestel en het die departement Toksikologie 'n afdeling van die departement Medisyne geword.

Fisiologie (1920)

Die eerste professor was dr. W. H. Andrews (1887—1953) wat op 20 Augustus 1920 aangestel is. Hy het al van 1910 op Onderstepoort gewerk. In 1924 moes hy weens swak gesondheid bedank. In Engeland het hy egter sodanig herstel dat hy sy werk as amptenaar tot die aftreeouderdom in 1947 kon voortsit. Hy het in sy laaste lewensjare na Onderstepoort teruggekeer en as gas nog daar gewerk.

As sy opvolger is in 1925 dr. F. W. Steck, lektor in Patologie, aangestel. Hy het in 1926 bedank om na sy geboorteland, Switserland, terug te keer en is opgevolg deur J. I. Quin (oudstudent). Hy was een van die eerste groep van agt afgestudeerdes in Veeartsenykunde en het sy graad in 1924 met lof ontvang. Hy word in 1926 tydelik en in 1927 permanent aangestel as lektor in Fisiologie. In 1928 het hy met lof in Veeartsenykunde gepromoveer en in 1934 word hy tot professor bevorder. By sy departement word na 1947 ook Farmakologie gevoeg. Prof. Quin wat 'n navorser was wie se werk internasionale erkenning verwerf het, het aan die einde van 1949 prof. G. v. d. W. de Kock opgevolg as direkteur van Veeartsenykundige Dienste en as dekaan van die Fakulteit. Hy is op 19 Maart 1950 skielik oorlede.



J. Quin (oorl. 1950).

Dr. R. Clark (oudstudent) is as opvolger van prof. Quin in 1950 aangestel en met die reorganisasie van die Fakulteit is hy as voltydse professor aangestel. Die omgeskepte departement Fisiologie het nou behalwe 'n lektoraat in Dierefisiologie (wat dien om Veeartsenykunde aan studente van die Fakulteit Landbou te doseer) ook die vroeëre departemente

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Biochemie en Chemiese Patologie ingesluit wat van die begin van 1958 afdelings van Fisiologie geword het.

Die eerste professor in Biochemie was dr. H. H. Green (geb. 1885) wat in Augustus 1920 aangestel is. Prof. Green is in Glasgow en Leipzig opgelei, en het in 1914 hoof geword van die afdeling Biochemie op Onderstepoort. Hy het as navorser vrugbare werk gedoen wat in wye kring erkenning gevind het maar weens verswakking van sy gesondheid moes hy in 1928 na Engeland terugkeer. Na sy herstel was hy in staat om tot in 1954 waardevolle navorsingswerk in Engeland te doen.

Op 29 Januarie 1929 is dr. A. I. Malan aangestel as professor in Biochemie. Hy het na 15 jaar diens waarin hy hom as navorser en dosent onderskei het aan die einde van 1944 bedank. Daarna tree hy tot die sakelewe en bankwese toe, neem aan die openbare lewe deel en word in 1948 Volksraadslid.

As opvolger van prof. Malan is van die begin van 1945 as senior lektor en departementshoof dr. J. G. Louw benoem. Met die reorganisasie van die Fakulteit het dr. Louw deeltydse senior lektor gebly met persoonlike reg tot sitting in die Senaat van die begin van 1958.

Dr. H. Graf het in Maart 1928 lektor in Biochemie en in 1929 lektor in Chemiese Patologie geword. Daar was al in 1931 'n voorstel van die Fakulteit dat Chemiese Patologie 'n aparte departement moes word, maar voorlopig het dit nog onder Patologie geressorteer; eers in 1936 word dr. Graf tot senior lektor en departementshoof met sitting in die Senaat bevorder.

Van September 1941 tot die einde van 1945 was dr. Graf geïnterneer. Daarna het hy sy doseerpligte hervat. Met die reorganisasie aan die einde van 1957 het dr. Graf medeprofessor in Chemiese Patologie geword en het die departement van die begin van 1958 'n afdeling van die departement Fisiologie geword.

Infeksiesiektes (1920)

Leeropdragte in hierdie departement het sowel wat benaming as inhoud betref in die loop van jare veranderings ondergaan.

Die eerste professor van Higiëne en Infeksiesiektes was dr. P. J. du Toit wat op 20 Augustus 1920 aangestel is. Higiëne is na 1923 na die departement Patologie oorgeplaas waar dit uiteindelik 'n selfstandige departement word en tot die einde van 1957 bestaan. Die departement Besmetlike Siektes (Aansteeklike of Infeksiesiektes) is tot die einde van 1927 deur prof. Du Toit behartig. Van die begin van 1928 gaan hy oor na die departement Tropiese Siektes en Protosoölogie waar hy tot sy aftrede in 1948 die leerstoel beklee.

Met die oorplasing van prof. Du Toit word die departement Infeksiesiektes in 1928 gekombineer met dié van Bakteriologie. Prof. H. H. Green was van 1923, toe die departement Bakteriologie ingestel is, hoof daarvan. In 1925 word hy deur dr. E. M. Robinson as dosent en departementshoof opgevolg. Met die uitbreiding van die departement in 1928 word dr. E. M. Robinson professor in Infeksiesiektes en Bakteriologie.

Prof. Robinson is die seun van 'n veearts en het sy opleiding in Londen geniet. Hy het van 1914 op Onderstepoort gewerk en promoveer in 1920 tydens studieverlof in die Veeartsenykunde in Bern. Hy word op 17 September 1920 lektor in Higiëne en Infeksiesiektes in die Fakulteit.

Prof. Robinson het in 1929 die graad D.V.Sc. aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf en vir sy navorsing verskeie erkennings ontvang. Hy word in 1931 onderdirek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teur, in 1947 assistentdirekteur en in 1951 adjunkdirekteur van Veeartsenydienste. In 1951 tree hy uit die permanente staatsdiens maar bly aan as tydelike staatsveearts en as professor in Infeksiesiektes tot die einde van 1956. Tot Maart 1958 neem hy nog as dosent waar.


Met die stigting van die Fakulteit het sir Arnold Theiler as leeropdrag eers die departement Patologie in 1920 gekies, maar in 1925 word die departement Tropiese Medisyne geskep. Tot sy aftrede in 1927 het Theiler hierdie leerstoel beklee.

Geen man het meer vir die Veeartsenykunde in Suid-Afrika as hy gedoen nie. Hy was 'n figuur van wêreldformaat op sy vakgebied wat met die totstandkoming van die Fakulteit alreeds meer as 'n kwarteeu lank die veterinêre wetenskap gedien het.

Arnold Theiler is op 6 Maart 1867 gebore in Frick, Switserland, en het na sy opleiding as veearts in Bern en Zürich in 1891 na die Zuid-Afrikaanse Republiek gekom. Hy word deur die Republiek as staatsveearts in 1897 aangestel en na 1900 bly hy aan as veterinêre bakterioloog in regeringsdiens in Transvaal. Na 1910 word hy direkteur van die Afdeling Veeartsenykundige Navorsing te Onderstepoort van die Departement van Landbou. In 1917 tree hy uit hierdie pos om hoof te word van die Lamsiektenavorsing op Armoedsvlakte, Vryburg, en neem daarna deel aan die oprigting van die Fakulteit Veeartsenykunde aan die T.U.K., waarvan hy in 1920 dekaan en een van die eerste ses professore word.

Theiler het in 1907 die C.M.G. en die ridderskap (K.C.M.G.) in 1914 ontvang. Talryke eregrade en internasionale erkennings het hom gedurende sy loopbaan te beurt geval, onder andere sewe eredoktorsgrade.

Na sy aftrede in 1927 het Theiler na Switserland teruggekeer waar hy eers in Basel en later in Lucerne gewerk



E. M. ROBINSON (geb. 1891).



Sir ARNOLD THEILER (1867 — 1936).


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het. Hy het ook as liefhebber van die oudheid en die kuns Italië, Algerië, Spanje en Tunisië besoek. Op uitnodiging van die Australiese regering besoek hy in 1928 Australië. Hy woon in 1934 in New York die kongres van die Twaalfde Internasionale Veterinêre Kongres by en reis daarvandaan na Australië en na Kaapstad. Vir die laaste keer werk hy met genot en sonder die las van administratiewe verantwoordelikheid in 1935—1936 op Onderstepoort. In April 1936 vertrek hy weer na Europa maar aanvaar tog met dank en waardering 'n ereprofessoraat in Tropiese Geneeskunde wat die Universiteit hom aanbied. Na 'n besoek aan die Vasteland en Noorweë kom hy in Londen aan waar hy op 24 Julie 1936 aan 'n hartaanval oorlede is. Sy as rus onder sy marmerstandbeeld voor die ou hoofgebou op Onderstepoort.

'n Borsbeeld van Theiler wat in 1934 deur Coert Steynberg in Londen gemaak is, is deur die beeldhouer aan die Fakulteit geskenk en op 26 Augustus 1958 deur sy dogter, dr. Gertrud Theiler, in die ingangsportaal van die nuwe fakulteitsgebou van Veeartsenykunde op Onderstepoort onthul.

Theiler is in 1927 as professor en as dekaan van die Fakulteit opgevolg deur prof. P. J. du Toit wat al van 20 Augustus 1920 die leerstoel in Infeksiesiektes en (tot 1923) ook van Higiëne beklee het. Die departement sou voortaan bekend staan as Tropiese Siektes en Protosoölogie. Reeds voor sy aanstelling in 1920 het prof. Du Toit deur sy briljante akademiese loopbaan die aandag getrek. Na sy studie aan die Victoria-kollege het hy as beurshouer na Europa gegaan waar hy sowel in Zürich (in Dierkunde) as in Berlyn (in Veeartsenykunde) gepromoveer het. In Berlyn was hy medeskrywer van 'n standaardwerk oor veesiektes nog voordat hy in 1919 onder Theiler op Armoedsvlakte begin werk het. Hy word onderdirekteur van Veeartsenykundige Dienste en volg in 1927 Theiler op as direkteur.

Prof. Du Toit het tot sy aftrede in die eerste semester van 1948 nie alleen as dosent, navorser en dekaan groot dienste aan die Fakulteit bewys nie, maar ook in 'n verbasende groot aantal vakkundige organisasies van plaaslike en internasionale aard 'n vername rol gespeel. Hy het die Unie verteenwoordig op talryke wêreldkonferensies in verband met die Landbou, die Veeartsenykunde en die wetenskap in die algemeen. Daarbenewens was hy voorsitter van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika (1924—1926) en lid van verskeie regeringskommissies wat die Universiteit geraak het, onder andere die Van der Horstkommissie oor Universiteite (1927), die Rooskomitee van 1934, die Bothakomitee van 1939 wat aanbeveel het dat 'n Fakulteit Geneeskunde in Pretoria ingestel moet word, die Komitee oor Universiteitsfinansies (1944) en die Kommissie oor Koördinering van Mediese Navorsing in Suid-



P. J. DU TOIT (geb. 1888).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrika (1954—1955). Hy is tans ook ondervoorsitter van die Adviserende Komitee oor Universiteite. Sy groot bydrae tot die wetenskap spreek uit die ontsagwekkende aantal publikasies wat hy op sy vakgebied gelewer het, sy lidmaatskap van geleerde liggame in Suid-Afrika en Europa en hoë onderskeidings wat hom te beurt geval het. Aan hom is sedert 1931 die F.R.S. (Londen) en ses eredoktorsgrade van die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad, Utrecht, Witwatersrand, Grahamstad en Glasgow toegeken.

Na sy aftrede het sy bedrywighede as wetenskaplike administrateur en sy veelsydige belangstelling nog meer uitgebrei. Hy word onder andere die voorsitter van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (1950), die Wetenskaplike Raad vir Afrika besuide die Sahara (1950) en is in 1960 nog voorsitter van die Historiese Monumentekommissie van die Unie waarvan hy van die stigting af lid was.

As opvolger van prof. P. J. du Toit is in Maart 1948 as professor en hoof van die departement Tropiese Siektes (Protosoë en Virusse) aangestel dr. W. O. Neitz (oudstudent). Prof. Neitz is van die begin van 1958 met die reorganisasie van die Fakulteit aangestel as medeprofessor in Protosoölogie en Protosoïese Siektes wat voortaan as afdeling onder die departement Infeksiesiektes ressorteer.

Van 1923 is Staatsveterinêre Medisyne deur prof. P. R. Viljoen gedoseer. Prof. Viljoen het in 1930 ondersekretaris van Landbou geword maar die departement nog tot 1933 behartig. Hy is opgevolg as senior lektor en hoof van die departement Staatsveterinêre Medisyne deur kol. C. J. van Heerden wat in 1944 op sy beurt ondersekretaris van Landbou geword het. Van die begin van 1945 is A. M. Diesel (oudstudent) as senior lektor en departementshoof aangestel. Volgens die nuwe bedeling het Staatsveterinêre Medisyne van die begin van 1958 'n afdeling binne die departement Infeksiesiektes geword, met persoonlike behoud van die reg tot sitting in die Senaat vir die gewese departementshoof.

Na die reorganisasie van die departement Infeksiesiektes is R. A. Alexander van die begin van 1958 as departementshoof en deeltydse professor in Virologie en Virussiektes aangestel. Prof. Alexander was reeds in 1922 tydelike, deeltydse lektor in Anatomie en van 1929 tot 1930 lektor in Bakteriologie en Protosoölogie. Hy is sedert 1951 direkteur van Veeartsenykundige Dienste.



J. B. QUINLAN

CHIRURGIE (1921)

Hierdie departement kom in 1921 tot stand. Dr. J. B. Quinlan word op 11 Februarie 1922 lektor in Chirurgie. Hy het sy opleiding as veearts in Dublin gekry, in Hannover gepromoveer en daarna ook in Suid-Afrika. Hy was lektor in Veeartsenykunde aan die Landboukollege Potchefstroom en navorsingsbeampte op Onderstepoort voor hy in 1922 in die Fakulteit aangestel is. Op 1 Junie 1924 word hy tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

professor in Chirurgie, Verloskunde en Ginekologie bevorder. Hy het na meer as 'n kwarteeu diens in die Fakulteit op 29 Julie 1947 op 60-jarige leeftyd afgetree en hom in Natal gevestig waar hy tans nog woonagtig is.

Gedurende sy dienstyd het prof. Quinlan besonder belang gestel in siektetoestande van renperde en onvrugbaarheidsprobleme van die bees. Uit sy pen het hieroor 'n groot aantal wetenskaplike publikasies verskyn. In 1931 het hy onderdirekteur van Veeartsenydienste en later assistentdirekteur geword. In dié hoedanigheid het hy tot sy aftrede gedien.

As sy opvolger is dr. S. W. J. van Rensburg (oudstudent) aangestel wat van 1944 lektor in die departement was. Prof. Van Rensburg het aan die einde van Februarie 1953 bedank en is opgevolg deur dr. N. C. Starke wat van 1941 tot 1948 as lektor in Algemene Higiëne en Dieresorg aan die Fakulteit verbonde was en daarna as lektor aan hierdie departement. Prof. Starke het aan die einde van September 1956 bedank, toe hy 'n betrekking buite die staatsdiens aanvaar het. As waarnemende departementshoof het dr. M. de Lange (oudstudent) tot die einde van 1957 opgetree. Hy was van 1947 lektor van die Ambulante Kliniek en Materia Medica en van 1953 lektor in hierdie departement.

Van die begin van 1958 is dr. C. F. B. Hofmeyr (oudstudent), wat lank privaat gepraktiseer het en tydelik-deeltyds aan die Ambulante Kliniek en hierdie departement verbonde was, as voltydse professor aangestel.

Parasitologie (1923)

Toe die departement Helmintologie in 1923 gestig is, was dr. F. Veglia die eerste lektor en hoof daarvan. Hy het sy opleiding in Turyn as veearts geniet waar hy in die departement Helmintologie gewerk het. Op Onderstepoort het hy van 1911 belangrike werk oor haar- en knoppieswurm by skape gedoen. Na militêre diens in Italië het hy teruggekeer na Onderstepoort en van 1923 tot 1927 as departementshoof opgetree, toe hy bedank het om na Italië terug te keer.

Prof. J. C. Faure van die destydse T.U.K. het die lesings in veterinêre entomologie waargeneem van 1923 tot 1926.

Dr. H. O. Mönnig, wat na sy oorsese opleiding in Dierkunde as navorsingsbeampte op Onderstepoort in 1922 aangestel is, het op versoek van sir Arnold Theiler die B.V.Sc.-graad in 1926 behaal en in 1927 lektor in Helmintologie geword. Daarna word hy tot hoof van die afdeling Parasitiese Siektes in 1928 benoem en in 1929 tot professor.

Aan die einde van 1944 het hy uit die Fakulteit bedank. Prof. Mönnig het hom in sy dienstyd in hoë mate as navorser op sy vakgebied onderskei soos die ongeveer sestig wetenskaplike publikasies getuig wat hy in hierdie tydperk gelewer het. Daarbenewens is aan hom die graad D.V.Sc. toegeken en is hy onder meer skrywer van 'n leerboek oor Parasitologie wat ook in die buiteland as standaardwerk bekend staan. Sedert 1932 het hy hom beywer vir die ontwikkeling van die Afrikaanse vakterminologie; in 1944 verskyn van hom (in medewerking met andere) die *Voorlopige Geneeskundige Woordelys*. Na sy bedanking het hy in 1940 lid van die Raad van die Universiteit geword en van 1948 tot 1957 as voorsitter gedien.

Prof. Mönnig se doseerwerk is van die begin van 1945 deur R. M. du Toit wat sedert 1928 as navorsingsbeampte op Onderstepoort dien, as lektor oorgeneem. In April 1946 is hy bevorder tot senior lektor en hoof van die departement Parasitologie met dr. R. J. Ortlepp as lektor in Helmintologie. Onder die nuwe bedeling het dr. Du Toit (wat in 1953 gepromoveer het) vanaf 1 Januarie 1958 deeltydse professor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en hoof van die departement Parasitologie geword met dr. Ortlepp as senior lektor in Helmintologie. Laasgenoemde het aan die einde van 1959 by die bereiking van die ouderdomsgrens afgetree.



R. J. ORTLEPP (geb. 1894).

SOÖTEGNOLOGIE (1926)

Die lesings in Soötegniek is tot 1925 deur prof. A. M. Bosman van die Landboufakulteit waargeneem. Op 1 Julie 1925 is J. H. R. Bisschop (oudstudent in Landbou sowel as Veeartsenykunde) aangestel as lektor in en hoof van die departement Soötegniek. Die departement het van die begin van 1926 begin funksioneer. In 1936 is mnr. Bisschop tot professor bevorder en onder die nuwe bedeling is hy van die begin van 1958 af professor in en hoof van die departement Soötegnologie, waaronder die vak Voedingsleer (voorheen 'n selfstandige departement) en die vakke Diereversorging en Algemene Higiëne (voorheen deel van die departement Spesiale Higiëne en Vleiskeuring) en Veldbeheer (voorheen deel van die departement Toksikologie) nou ook ingesluit is.

Voedingsleer was tot 1932 deel van die departement Biochemie en is eers deur prof. H. H. Green en daarna deur dr. A. I. Malan behartig. Van 1932 tot 1935 is dit as 'n selfstandige vak gedoseer, die teoretiese deel deur prof. A. I. Malan en die praktiese deel deur J. D. W. A. Coles. In 1935 is dr. J. W. Groenewald aangestel as senior lektor in en hoof van die departement Voedingsleer, met die bykomstige leeropdrag in „Skape en Wol". Hy is in 1946 tot professor bevorder.

Prof. Groenewald het in 1955 bedank, maar omdat daar geen opvolger gevind kon word nie, het hy die werk nog tot die einde van 1957 waargeneem. In 1958 is dr. J. H. Kellerman, wat van 1940 tot 1955 professor was in Biochemie in die Fakulteit Landbou, aangestel as senior lektor in Voedingsleer in die departement Soötegnologie, en het die onderrig van „Skape en Wol" weer deel geword van die leeropdrag van Soötegniek.

Higiëne wat aanvanklik by die departement Infeksiesiektes ingedeel was, het in 1923, toe die vak vir die eerste keer gedoseer sou word, 'n aparte eenheid gevorm met H. H. Curson as lektor. Die vak was baie wydlopend en het onder andere Munisipale Higiëne, Praktiese Voedingsleer en 'n sekere mate van Diereversorging onder die titel „Stable Management" ingesluit. Algemene Higiëne word van 1930 deur P. S. Snyman (oudstudent) gedoseer. Munisipale Higiëne, afgeskei van „Staatsbeheer oor Veesiektes", word ook aan hom opgedra en vanaf November 1931 word P. S. Snyman hoof van die departement Munisipale en Algemene Higiëne. In 1932 is Algemene Higiëne formeel saamgesmelt met Munisipale Higiëne tot een departement met genoemde twee leeropdragte.

Diereversorging was ondertussen geskei van Algemene Higiëne. Van 1934 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die einde van 1957 is dit weer saam met Algemene Higiëne deur een lektor behartig as deel van die departement Higiëne en Diereversorging. Van die begin van 1958 ressorteer die vak onder die departement Soötegnologie.

Met die ontstaan van die Fakulteit was daar 'n leeropdrag Ekologiese Plantkunde, na 1921 bekend as Veeartsenykundige Plantkunde en tot 1930 beskou as deel van die departement Plantkunde van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde.

Sedert sy aanstelling as lektor op 15 Februarie 1922 is dit deur A. O. D. Mogg waargeneem. Die status van die afdeling is in 1932 verhoog tot dié van 'n departement Veterinêre Botanie met assessorlidmaatskap van die Senaat, maar in 1933 is dit as departement opgehef en as 'n afdeling binne die departement Farmakologie en Toksikologie beskou. Mnr. Mogg het op 30 Augustus 1946 by bereiking van die ouderdomsgrens afgetree.

In 1946 is die naam van die vak verander na Veldbeheer wat by die hersamestelling van die Fakulteit in 1958 onder Soötegniek ingedeel is.

Pluimveesiektes (1931)

Die departement het voor 1931 as vakrigting Pluimveesiektes geressorteer onder die departement Bakteriese en Tropiese Siektes.

In 1931 het dit 'n selfstandige departement geword met 'n doseertoelae wat uit die Eierheffingsfonds deur die Departement van Landbou betaal is. As departementshoof is in Maart 1931 J. D. W. A. Coles aangestel. In 1936 is onafhanklike status aan die departement gegee met verteenwoordiging in die Senaat. Mnr. Coles is van 1 Maart 1946 tot professor bevorder. Aan die einde van 1957 het prof. Coles bedank; hy is met die reorganisasie heraangestel as deeltydse professor van die begin van 1958.

OPVOEDKUNDE

GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT

IN 1912 is op inisiatief van J. E. Adamson, Direkteur van Onderwys in Transvaal en lid van die Kollegeraad, 'n kursus vir Eersteklasonderwysers (O.I) ingestel wat deur die Normaalkollege en die T.U.K. gesamentlik behartig is. Die Minister van Onderwys het sy toestemming daartoe gegee, mits dit geen ekstra koste vir die T.U.K. meebring nie en aanvanklik is die gewillige prof. W. A. Macfadyen ingespan om die nodige opleiding in die opvoedkundige vakke te verskaf.

Teen 1916 het die O.I-klas egter te groot geword vir hom om dit by sy ander werk ook nog te behartig en word by die minister aangedring op die aanstelling van 'n professor in Opvoedkunde. Eers wou die minister die saak tot die volgende jaar uitstel, maar aangesien dit besonder dringend was, is J. C. Bosman (oudstudent) op 5 Augustus 1916 as lektor in Opvoedkunde aangestel. Die vak het onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geressorteer wat kort daarna ontstaan het.

Adamson wou egter 'n nouer band tussen die Normaalkollege en die T.U.K. bewerkstellig en het reeds in 1915 voorgestel dat 'n professoraat vir die twee inrigtings gesamentlik ingestel moet word waartoe elkeen dan die helfte van die salaris sou bydra. Dit het toe nie geslaag nie, maar in 1919 kom hy op 'n soortgelyke plan terug. Dit hou in dat E. Garnett, hoof van die Normaalkollege, as professor in Opvoedkunde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan die T.U.K. aangestel word met J. C. Bosman as „Associate Professor in the Faculty of Education".

Die Raad het die plan goedgekeur en besluit dat aan die here Garnett en Bosman opgedra moet word om 'n uitvoerige plan vir die verdeling van die werk op te stel. Die skema is goedgekeur en van 1920 af was daar toe 'n professor in Opvoedkunde (hoewel hy geen lesings aan die T.U.K. waargeneem het nie) wat terselfdertyd hoof van die Pretoriase Normaalkollege was en 'n medeprofessor, J. C. Bosman, wat in 1923 bevorder is tot „Professor of the History and Principles of Education."

In 1920 is vir die eerste keer die kursus vir die Hoër Onderwysersdiploma (H.O.D.) ingestel wat die vroeëre O.I gedeeltelik vervang het. Later in die jare twintig is ook vir studie vir die meesters- en doktorsgraad in Opvoedkunde voorsiening gemaak.

Toe prof. Garnett in 1921 as hoof van die Normaalkollege afgetree het, het hy ook as professor in Opvoedkunde afgetree. Hy is van 1921 tot 1927 in albei hoedanighede opgevolg deur dr. N. M. Hoogenhout wat weer op sy beurt van 1928 tot 1934 deur A. J. Louw opgevolg is.

Die Adamsonplan van 1920 is onveranderd voortgesit tot die aftrede van prof. A. J. Louw as hoof van die Normaalkollege in Junie 1934. Sy opvolger, J. S. van Heerden (oudstudent), is ook deur die Raad tot professor met 'n setel in die Senaat en op die fakulteitsraad vir Lettere en Wysbegeerte benoem, maar nie soos voorheen as hoof van die departement Opvoedkunde nie.

Prof. J. C. Bosman het deur Raadsbesluit van 24 Augustus 1934 die departementshoof geword en die Raad het kennis geneem van die feit dat die Universiteit nie soos voorheen geraadpleeg is by die aanstelling van 'n prinsipaal vir die Normaalkollege nie. Na die uittrede van prof. Van Heerden in 1947 word om statutêre redes afgesien van die reëling om die hoof van die Onderwyskollege in Pretoria as professor sonder doseerpligte aan die Universiteit te benoem.

Die kwessie van die inlywing van die normaalkolleges van die Unie by die universiteite het in 1930 opnuut na vore gekom, toe die Administrateur van Transvaal 'n komitee benoem het wat uitvoerige aanbevelings gedoen het en hom heelhartig ten gunste van inlywing uitgespreek het. Aan die Universiteit weer het die gedagte om 'n Fakulteit Opvoedkunde in die plek van die bestaande enkele departement te stel, teen 1933 begin ryp word. Hoewel die vorming van 'n Fakulteit sekerlik nie van inlywing van die normaalkolleges afgehang het nie, was dit vanselfsprekend dat inlywing van die Pretoriase Normaalkollege meteens groot studentegetalle sou meebring (wat in die moeilike depressietyd vir die Universiteit nie onwelkom sou wees nie) en meteens 'n Fakulteit Opvoedkunde op dreef sou bring. Prof. A. E. du Toit het as rektor die inlywing sowel om hierdie redes as op prinsipiële grond sterk ondersteun, maar reeds in April 1933 voor die Transvaal Teachers' Association in botsing gekom met die standpunt van die destydse Direkteur van Onderwys in Transvaal, dr. S. P. E. Boshoff, wat hom sterk teen die noodsaaklikheid van universiteitsopleiding vir die onderwysberoep uitgelaat het.

In September 1933 het onder voorsitterskap van dr. S. F. N. Gie, Sekretaris van Onderwys, in Pretoria 'n uniale onderwyskonferensie plaasgevind waar die vraagstuk van die verdeling van die opleiding vir die onderwys tussen die universiteite en die provinsies die sentrale tema was. Die vyf aanwesige universiteite het hier 'n meer prominente aandeel geëis in die opleiding en vorming van onderwysers. Kort daarna het prof. A. E. du Toit in November 1933 die teenstanders van inlywing verder in die harnas gejaag deur in die openbaar te verklaar dat „normaalskole masjiene skep" en dat die professionele opleiding daar „roetinewerk van 'n onbesielende aard" is wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir mense in besit van 'n universiteitsgraad 'n marteling moet wees. Hy het verklaar dat die Universiteit graag 'n Fakulteit Opvoedkunde wou instel, maar dat die Direkteur van Onderwys in Transvaal die gedagte van inskakeling van normaalopleiding by die universiteite onsimpatiek gesind is.

Hoewel daar in die volgende jare dus vanselfsprekend min gevorder is met die amalgamasiegedagte het die Universiteit bly streef na 'n groter aandeel minstens in die opleiding van sekondêre onderwysers. Met die Transvaalse Onderwysdepartement is tot 'n ooreenkoms gekom oor normaalstudente wat 'n graadkursus volg. In 1936 is gereël dat ook studente wat vir die laerskool opgelei word 'n graadkursus aan die Universiteit kon volg. Prakties het die samewerking tussen die Universiteit en die Normaalkollege na 1930 dus beperk gebly tot die verskaffing van akademiese opleiding aan sekere normaalstudente. Op die professionele vlak is daar ten spyte van verdere amalgamasievertoë wat weer van die kant van die Universiteit van 1949 tot 1951 geloods is, geen basis van samewerking gevind nie.

Binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het daar intussen in die vroeë jare dertig by sekere dosente die besef gekom dat dit hoog tyd was om die departement Opvoedkunde met al sy hulpwetenskappe tot 'n selfstandige fakulteit uit te bou. 'n Subkomitee van die Fakulteit is dus benoem, bestaande uit proff. J. C. Bosman (sameroeper), H. G. Viljoen, P. Skawran, W. A. Willemse, G. Cronjé, I. D. Bosman, J. A. Engelbrecht en T. J. Hugo. Die komitee het op 13 Mei 1937 eenparig die stigting van 'n Fakulteit Opvoedkunde aanbeveel en 'n memorandum ingelewer met tentatiewe voorstelle vir die samestelling van so 'n fakulteit.

Op aanbeveling van die Senaat het die Raad op 17 Junie 1937 die stigting van die Fakulteit Opvoedkunde met sewe departemente goedgekeur. Twee het later verval. Opvoedkundige Psigo- en Sosiale Patologie is na die dood van die eerste departementshoof, prof. W. A. Willemse, ingeskakel by Opvoedkundige Sielkunde. Daar is van 1937 ook 'n diplomakursus in Naturelleonderwys aangebied. Prof. J. A. Engelbrecht het as hoof van die departement Naturelleonderwys opgetree en na hom prof. W. M. M. Eiselen van 1947 af tot die kursus afgeskaf is.

Daarteenoor het in 1946 Liggaamlike Opvoeding bygekom as sesde van die huidige departemente. Hoewel die graadkursus in Liggaamlike Opvoeding in hierdie Fakulteit in 1954 verval het, word nog die Diploma in Liggaamlike Opvoeding aangebied en het die departementshoof nog sitting in die Fakulteit.

Met die instelling van die Fakulteit het die departement Opvoedkunde in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte verval.

Onder die sewe diplomakursusse wat in die Fakulteit aangebied word, kom die ereplek toe aan die Hoër Onderwysdiploma (H.O.D.) wat al in 1920 ingestel is. Van die begin van 1952 is weens die heersende tekort aan onderwyskragte ook 'n na-uurse H.O.D.-kursus ingestel wat sedertdien steeds groter aanvraag geniet. 'n Afsonderlike H.O.D.-kursus vir B.Com.-studente is ook in die begin van die jare veertig ingestel.

In Maart 1939 is 'n diplomakursus in Spesiale Onderwys goedgekeur en in Mei van dieselfde jaar 'n diplomakursus in Kleuteropvoeding. Tans word naas hierdie diploma ook nog 'n eenjarige nagraadse diploma in Kleuteropvoeding uitgereik. Sedert 1951 kan vir 'n B.A. (S.W.)-graad saam met die diploma in Kleuteropvoeding gestudeer word.

In 1950 is die driejarige diplomakursus in Liggaamlike Opvoeding ingestel. Hoewel die Raad in 1950 ook die instelling goedgekeur het van 'n Hoër Primêre Onderwysdiploma (H.P.O.D.), moes eers met die Transvaalse Onderwysdepartement

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ooreengekom word oor erkenning van hierdie driejarige kursus wat bedoel is om eweneens 'n heersende tekort in die onderwysberoep te help aanvul. In 1953 het die opleiding begin en die eerste H.P.O.D.-studente het in 1955 hul kursus voltooi.

Van die begin van 1958 is 'n eenjarige onderwysdiploma in Fisioterapie vir opgeleide fisioterapeute ingestel.

Voor die ontstaan van die Fakulteit is reeds voorsiening gemaak aan die Universiteit vir die toekenning van doktors- en meestersgrade in die Opvoedkunde. In 1949 word vir die eerste keer 'n B.Ed.-kursus ingestel wat van 1950 af aangebied is. In hierdie graadkursus word tans geleentheid gebied om behalwe die gewone kursus deur spesialisasie 'n endossement in een van vier studierigtings te verwerf: Beroepsleiding (die eerste keer in 1948 as kursus ingestel), Kliniese Kindersielkunde en Geestesgesondheidsorg, Liggaamlike Opvoedkunde en Kleuteropvoeding. Die graadkursus B.Ed. (Phys.) in Liggaamlike Opvoeding moes in 1953 van naam verander om dit in ooreenstemming te bring met statutêre vereistes.

Van taamlik vroeg in sy bestaan is die werksaamhede van die Fakulteit al gekenmerk deur die besondere nadruk op nagraadse navorsing deur sowel studente as dosente, soos die lys van publikasies en goedgekeurde nagraadse verhandelings duidelik aantoon. Hoewel die werk van die Fakulteit deels professionele en deels gevorderde akademiese opleiding omvat, was die vordering van die afgelope vyftien jaar veral in die akademiese afdeling indrukwekkend.

Op inisiatief van prof. B. F. Nel en die personeel van die Fakulteit is in 1953 'n „Werksgemeenskap ter Bevordering van die Opvoedkunde as Wetenskap" gestig wat hom ten doel stel die aanmoediging van navorsing en die verspreiding daarvan deur middel van die viermaandelikse publikasiereeks *Opvoedkundige Studies* onder redaksie van die dekaan.

Die Fakulteit bevorder op verskillende wyses die aanraking op pedagogiese gebied met buitelandse geleerdes en hierdie aktiewe gedagtewisseling het die afgelope jare sonder twyfel veel bygedra tot die status van die Fakulteit buite die landsgrense en vertroudheid met sy navorsingsprojekte.

DIE KINDERLEIDINGINSTITUUT

Die instituut wat tans 'n gevestigde instelling in die Fakulteit is en veel omvattender werk verrig as 'n kinderleidingkliniek (soos dit aanvanklik was) is ouer as die Fakulteit. Die gedagte om 'n sielkundige kliniek vir kinders aan die T.U.K. te stig, het al in 1929 ontstaan by die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie wat vir dié doel 'n jaarlikse bedrag beskikbaar gestel het. Onder goedkeuring van die Minister van Onderwys is as hoof aangewys dr. Maria B. te Water wat terselfdertyd die eerste hoof sou wees van die nuwe departement Maatskaplike Werk.

In die kliniek is sy tot die einde van 1933 bygestaan deur drie dames wat van jaar tot jaar aangestel is. Die werk wat verrig is in die Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat, moes aan die einde van 1933 weens geldnood deur die Raad gestaak word. Dit sou desnoods aan die Stadsraad oorgelaat word.

Dr. G. Cronjé wat as senior lektor in 1934 aangestel is se leeropdrag was die Sosiologie, maar hy het aanvanklik gehelp om die Kliniek aan die gang te hou. Die Raad het op 19 Oktober 1934 naamlik weer besluit om dit te laat voortbestaan — ten spyte van die aanbeveling van die Rooskomitee van 1934 om dit te laat verval — en dit „Instituut vir Kinderstudie en Kindersorg" te noem. So het dr. W. A. Willemse (na 1938 professor in die Psigo- en Sosiale Patologie) dit tot 1939 aan die gang gehou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert die aanstelling van dr. B. F. Nel in 1939 het hy die leiding in die ontwikkeling van die werksaamhede op hom geneem. Met goedkeuring van die Senaat en die Raad is in 1940 'n grondige reorganisasie uitgevoer. Ten spyte van onvoldoende fondse en apparaat, en ontoereikende personeel was die werk teen 1946 op dreef. Met geldelike hulp van die Raad, die S.A.V.F. en die Christelik-Maatskaplike Raad van Pretoria, die Pretoriase Ouervereniging en die Vriendekring kon eers 'n deeltydse en na 1950 'n voltydse pos vir tegnies-kliniese toetswerk geskep word. Toe die Nuwe Letteregebou in 1950 voltooi is, kon die instituut uit die Ou Letteregebou daarheen verhuis en van 'n modern ingerigte speelkamer, toetskamers en 'n doelmatige observasiekamer begin gebruik maak om die steeds stygende aantal gevalle te hanteer wat deur 'n verskeidenheid organisasies vir ondersoek gestuur word.

Intussen was dit nodig om onder beheer van 'n komitee met eie konstitusie 'n buiteorganisasie te stig wat vir die insameling van fondse verantwoordelik is.

Veral na 1950 het die werksaamhede van die instituut ten spyte van beperkte middele snel toegeneem. In 1957 is die instituut met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheidsorg geaffilieer en is 'n psigiater in erekapasiteit beskikbaar om gevallebesprekings by te woon. Van 1958 is deur bemiddeling van die S.A.V.F. ook 'n deeltydse maatskaplike werkster beskikbaar.

Die instituut vervul 'n dubbele funksie. Dit lewer aan ouers en organisasies 'n gemeenskapsdiens van kliniessielkundige en pedagogiese aard. Terselfdertyd is dit 'n belangrike kindersielkundige laboratorium wat oor die psige van die kind en afwykings daarvan gegewens versamel wat aangewend word in die opleiding van studente in die kliniese kindersielkunde en kinderpsigoterapie. Uit die werksaamhede van die instituut het reeds navorsing van groot waarde voortgevloei onder meer oor die serebraal-verlamde kind, ondersoek en behandeling van leermoeilikhede by kinders met spesiale aandag aan lees-, skryf-, spel en rekenmoeilikhede, die oorsake van gedragsprobleme en die psigoterapeutiese behandeling van gedragsmoeilikhede en neurotiese kinders. Op krediet van die Kinderleidinginstituut staan ook die eerste projeksietoets wat in Suid-Afrika vir skoolgaande kinders ontwerp en gestandaardiseer is en wat in 1959 gepubliseer is.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

J. C. Bosman, *M.A.* (*Harvard*), aangestel 1 September 1937; bedank as dekaan op 29 September 1937.

I. D. Bosman, *M.A.* (*S.A.*), *Litt.D.* (*Amsterdam*), van Maart 1938 tot Oktober 1945.

B. F. Nel, *B.A.* (*S.A.*), *M.Ed.* (*Pret.*), *Drs. Paed.* (*Amsterdam*), *Litt. et Phil.D.* (*Amsterdam*), *D.Phil.*(*S.A.*), *Dr. Litt. et Phil.* (*honoris causa*) (*Gent*), van Maart 1945 af.

DIE DEPARTEMENTE

Algemene Geskiedenis van Opvoedkunde en die Teorie van Onderwys en Opvoeding (1923)

In 1923 is die leeropdrag van prof. J. C. Bosman aangedui as „History and Principles of Education" en hy was dus met die totstandkoming van die Fakulteit ook die eerste bekleër van hierdie leerstoel, hoewel hy nie die Geskiedenis van die Onderwys in Suid-Afrika gedoseer het nie. Tot 1944 was prof. Bosman ook die enigste profes-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



J. C. Bosman.

sor in Opvoedkunde. Aan die einde van die eerste semester van 1952 het hy na 36 jaar diens afgetree. Hy was een van die heel eerste studente van 1908 wat aan die T.U.K. gestudeer het en was sedert die instelling van Opvoedkunde as vak in 1916 die grondlêer van die huidige Fakulteit.

As sy opvolger is aangestel dr. J. J. du Toit, senior lektor aan die U.O.V.S. Prof. Du Toit het met ingang 1 Julie 1952 diens aanvaar as hoof van die departement van Didaktiek en Historiese Pedagogiek wat ook die Geskiedenis van die Onderwys in Suid-Afrika insluit.

Opvoedkundige Sielkunde (1937)

Opvoedkundige Sosiologie (1937)

Opvoedkundige Psigo- en Patologie (1937)

Hierdie drie departemente word op die oomblik deur een departementshoof behartig. Met die instelling van die Fakulteit (en tot sy vertrek in 1939) was prof. P. R. Skawran van die departement Sielkunde ook die eerste hoof van die departement Opvoedkundige Sielkunde. In 1938 is 'n senior lektoraat geskep wat van die begin van 1939 beklee is deur dr. B. F. Nel (oudstudent) wie se spesiale studierigting die Opvoedkundige Sielkunde was. Dr. Nel het hoofsaaklik in hierdie departement gewerk en was van 1939 hoof daarvan. In 1944 word 'n tweede professoraat in Opvoedkunde geskep waarin dr. Nel bevorder word met leeropdrag Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkundige Sosiologie. Van 1937 was prof. G. Cronjé egter die eerste hoof van Opvoedkundige Sosiologie en na die bevordering van prof. Nel in 1944 het hy nog sitting bly behou in die Fakulteit, hoewel hy nie meer daar doseer nie.

Die departement Psigo- en Sosiale Patologie is van 1937 tot sy dood in 1945 behartig deur prof. W. A. Willemse. Daarna is ook hierdie departement oorgeneem deur prof. B. F. Nel wat dus op die oomblik van al drie verwante departemente die hoof is en terselfdertyd optree as direkteur van die Kinderleidinginstituut.

Sedert 1939 ressorteer ook onder die departement Opvoedkundige Sielkunde 'n afdeling Kleuteropvoeding.

Geskiedenis van Opvoedkunde in Suid-Afrika (1937)

Toe die Fakulteit in 1937 gestig is, was prof. I. D. Bosman die hoof van hierdie departement en tewens dekaan van die Fakulteit. Na sy dood in 1947 het sy opvolger, prof. A. N. Pelzer, sitting in die Fakulteit bly behou hoewel die doseerwerk in hierdie departement tans behartig word in die departement Historiese Pedagogiek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING (1937)

In 1937 is hierdie departement aangedui as Opvoedkundige Wysbegeerte. Die eerste departementshoof was prof. T. J. Hugo. In 1941 is ook Opvoedkundige Etiek as aparte departement in die Fakulteit ingestel en het prof. C. H. Rautenbach sitting in die Fakulteit gekry. Van 1948 doseer prof. C. K. Oberholzer in die departement en tree hy ook as hoof op van die departement Filosofie van die Opvoeding, waaronder ook Opvoedkundige Etiek ressorteer.

Sedert die instelling van die departement Liggaamlike Opvoeding in 1946 het prof. C. Smit as departementshoof in hierdie Fakulteit sitting, en van 1954 ook in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, waar die geskiedenis van die departement vermeld word.

GENEESKUNDE

DIE EERSTE AFRIKAANSE MEDIESE FAKULTEIT EN SY ONTSTAANSGESKIEDENIS

DIE geboorte van die Fakulteit Geneeskunde in 1943 het van die ontstaan van die meeste van die agt voorafgaande fakulteite verskil in dié opsig dat dit in der waarheid 'n moeilike bevalling was. Dit het deur bewuste strewe en 'n mate van stryd ter wêreld gekom. Die eerste Afrikaanse Mediese Fakulteit het sy beslag gekry te midde van buitengewone landsomstandighede in die Tweede Wêreldoorlog, toe haas elke terrein van ons volkslewe 'n mate van ontwrigting ondervind het en die rumoer van buite dikwels die universiteitswerf ook binnegedring het.

Dit is moeilik om te bepaal wanneer die gedagte aan 'n Fakulteit Geneeskunde met Afrikaans as voertaal die eerste posgevat het. Die invloed van die Afrikanerdokter in 'n Afrikaanse gemeenskap is al vroeg van Engelse kant duidelik gestel. Op 19 November 1902 bepleit die hoogleraar in Ginekologie aan die Universiteit van Manchester, prof. W. J. Sinclair, al die oprigting van 'n mediese skool in Transvaal by Joseph Chamberlain en benadruk „the desirability of keeping young Boers from resorting to Continental Schools of Medicine", omdat die anti-Britse gevoel daar so uitgesproke was. „In this connection I should like to point out", laat hy daarop volg, „that the doctor is often a man of considerable influence in the community in a rural district and it would be so much better to have a loyal than a disaffected Boer country doctor exercising his influence upon the people of his race". Sedert die Milnerdae het wel veel verander, maar die opleiding van Afrikanergeneeshere in hul moedertaal was een van die laat vrugte aan die boom van die wassende Afrikaanse taal en kultuur.

Onder dieselfde manne wat in 1930 op die komitee gedien het wat die departement Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis by die Universiteit tot stand gebring het, tref ons minstens twee aan — dr. J. Z. H. Rousseau en dr. Theo Wassenaar — wat ook die voortou neem in die ontmoedigende depressiejare, toe vir die eerste maal ernstig aan 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit gedink is. In 'n jaar van beroering en slegs drie dae na die besluit oor Afrikaanswording wys die Raad op 16 September 1932 die rektor, prof. A. E. du Toit, en raadslid dr. C. R. Henning (tandarts) aan om inligting in te win oor die instelling van 'n „kursus in Medisyne".

Die opdrag het gekom toe die Universiteit se geldbronne werklik 'n uiterste laagtepunt bereik het en boonop nog die Stadsraad van Pretoria 'n krisis kom veroorsaak het deur toegesegde toekennings terug te hou. Geen wonder dus dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

komitee oor Geneeskunde op 21 April 1933 aan die Raad moes rapporteer „dat aangesien die koste van hierdie kursus baie hoog is, die komitee aanbeveel dat die saak sal oorstaan vir 'n onbeperkte tyd."

Intussen het die Stadsraad se besluit om as protes teen die Afrikaanswording die Universiteit finansieel te kortwiek, 'n hewige Afrikanerreaksie in Desember 1932 uitgelok, soos elders verhaal word. Dit was in die hitte van hierdie demonstrasie dat daar besluit is om te begin kollekteer vir 'n fonds om die verlies deur die Stadsraad se optrede aan die Universiteit veroorsaak, aan te vul. Die fonds het die naam gekry van die Universiteit se telegramadres: „Punivfonds" en is van stapel gestuur onder leiding van dr. Theo Wassenaar, mev. E. G. Jansen, mnr. F. C. K. Jacobsz (oudstudent) en andere. Daar is altesame £1,377 ingesamel. Toe die goeie verhoudings weer tussen die Universiteit en die Stadsraad herstel is, het die komitee van die Punivfonds op voorstel van dr. Wassenaar in 1935 besluit om die geld as eerste bousteen van 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit in Pretoria aan te wend.

Die voorstanders van 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit begin van 1935 aan verskillende kante roer. Aan die einde van 1936 stel die Universiteit se propagandakomitee voor dat 'n Senaatskomitee so spoedig moontlik aangestel moet word om in te gaan op die moontlikhede van 'n Mediese Fakulteit. Op 17 Februarie 1937 vind 'n informele samespreking van geneeshere plaas en prof. D. F. du T. Malherbe (wat by minstens drie geleenthede sedert 1916 'n effektiewe aandeel gehad het in die loodsing van nuwe fakulteite) tree op die toneel met artikels in die Engelstalige pers om 'n Mediese Fakulteit vir Pretoria te bepleit. Die gedagte kry onverwagte steun op 18 April 1937, toe daar 'n persverklaring van prof. Raymond A. Dart, dekaan van die Johannesburgse Mediese Skool, verskyn waarin hy onder meer met nadruk verklaar dat die bestaande twee mediese skole oorvol is en nie met die land se behoeftes aan opgeleide geneeshere tred kan hou nie.

Prof. Malherbe en dr. Wassenaar het na Johannesburg gegaan om van prof. Dart verdere inligting te verkry en 'n vergadering is belê by die huis van dr. J. A. Kieser in Pretoria. Hierdie eerste vergadering in verband met 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit in Pretoria het op 27 April 1937 plaasgevind. Daar is besluit dat die aanwesiges hulle sou konstitueer tot Propagandakomitee van Geneeshere vir die stigting van 'n Geneeskundige Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. As voorsitter word dr. Theo Wassenaar gekies en as sekretaris dr. J. A. Kieser. Vier lede — drr. L. J. te Groen, L. H. Wagner, C. F. van der Merwe en G. S. van der Merwe (Johannesburg) — word as aksiekomitee bygevoeg.

Die komitee se eerste taak was om 'n groot aantal openbare liggame te nader om morele steun en om 'n afvaardiging saam te stel wat die Minister van Onderwys sou spreek.

Op 17 Mei 1937 het 'n afvaardiging van die komitee in 'n spesiale Senaatsvergadering verskyn. Dr. Wassenaar het die Senaat toegespreek en na die vertrek van die afvaardiging het die Senaat (met 45 stemme teen een en een buite stemming) besluit „om in beginsel die wenslikheid van die stigting van 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria goed te keur," en aan die afvaardiging na die minister deel te neem. Op 20 Mei 1937 het dieselfde afvaardiging van die propagandakomitee ook die Raadsitting bygewoon en dr. Wassenaar is weer die geleentheid gegee om die Raad toe te spreek. Daarna het die Raad onder andere besluit om ook aan die deputasie deel te neem en die mening uitgespreek dat die tyd ryp is om 'n Mediese Fakulteit aan die Universiteit te stig.

Met groot ywer het dr. Wassenaar sy omvangryke afvaardiging van 45 lede gereël

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat op 14 Junie 1937 deur die minister, mnr. J. H. Hofmeyr, ontvang is. As woordvoerders het opgetree ds. Wm. Nicol (namens die drie Afrikaanse Kerke), mev. Sannie Broers (namens die S.A. Vrouefederasie), adv. E. G. Jansen (as voorsitter van die S.A. Akademie) en dr. Theo Wassenaar wat die hoofbetoog gevoer het.

Die minister het geredelik die kulturele aspek van die versoek toegegee, naamlik die reg van die Afrikaner om te eis dat sy kind ook in Afrikaans in die Geneeskunde en Ingenieurswese opgelei moet word en dat daarvoor die geleentheid verskaf moet word. Maar oor die geneeskundig-tegniese implikasies van die deputasie se versoek wou die minister die Geneeskundige Raad raadpleeg (hoewel dit eintlik nie die funksie van dié liggaam is nie) oor die noodsaaklikheid van bykomende geriewe vir mediese opleiding, die geskikste plek daarvoor en die moontlikheid van parallelle klasse aan die bestaande universiteite in Kaapstad en Johannesburg.


Oor die kern van die saak het die minister dus uitspraak voorbehou en die propagandakomitee kon nie met gerustheid die beslissing afwag nie. Daar is dus 'n tweede propagandaveldtog geloods om te verseker dat die Geneeskundige Raad nie die voorstelle wat voor die minister gedoen is, afkeur nie. Deel van die nuwe vertoë was die publikasie van 'n brosjure waarvan 'n oplaag van 10,000 dwarsdeur die land versprei is. Die samestelling en verspreiding van die brosjure is opgedra aan adv. F. S. Steyn, propagandasekretaris van die Universiteit wat uit die Punivfonds 'n toelaag toegesê is. In Julie 1937 het die brosjure vorm aangeneem onder die titel *Ons Vra 'n Afrikaanse Geneeskundige Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria* en uitgegee deur „die Vertrouensmanne van die Punivfonds".

Sonder twyfel het hierdie vlugskrif en die skriftelike vertoë deur openbare liggame vrugte afgewerp. Die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad het (met slegs 'n enkele teenstem) die oprigting van 'n fakulteit goedgekeur, maar die minister het aangekondig dat 'n komitee van ondersoek oor mediese opleiding in Suid-Afrika aangestel sou word. Vir baie was hierdie vertragende prosedure 'n teleurstelling; dit was egter tegelykertyd 'n gunstige geleentheid om namens die Universiteit met kragtige, verdere getuienis te kom, veral omdat Kaapstad en Johannesburg nou in die tweede helfte van 1937 skielik met voorstelle gekom het om deur parallelle klasse vir mediese onderrig in Afrikaans voorsiening te maak. Die voorstanders van die Afrikaanse Mediese Fakulteit het hom juis by herhaling teen die instelling van parallelle klasse uitgespreek.

Die Raad het betyds 'n komitee aangewys om getuienis voor te berei en die lywige memorandum wat uiteindelik voor die ondersoekkomitee gedien het, is deur dr. C. F. van der Merwe opgestel.

Op 17 Desember 1937 is die Komitee van Ondersoek aangestel onder voorsitterskap van prof. M. C. Botha, Sekretaris van Onderwys. In Mei 1938 het die komitee in Pretoria getuienis aangehoor. Die verslag van die Botha-komitee (U.G.25—'39) is op 9 Mei 1939 in die Volksraad ter tafel gelê. Dit het vir die Universiteit goeie nuus bevat: een van die twaalf aanbevelings was dat 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit in verband met die Universiteit van Pretoria ingestel behoort te word en die bestaande Fakulteite (vir die basiese vakke) op peil gebring behoort te word ten opsigte van personeel, akkommodasie en toerusting. 'n Hoofstuk van die verslag is gewy aan die regverdiging wat bestaan vir mediese opleiding in Afrikaans, die redes waarom 'n aparte fakulteit verkies moet word bo parallelle klasse, die oorwegings wat daartoe gelei het om Pretoria aan te wys as geskikste opleidingsentrum en die nadelige posisie waarin die Afrikaner ten opsigte van mediese opleiding teenoor die oorwegend Engelssprekende stadsbewoners op daardie tydstip verkeer het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Hoeksteenlegging van die Nuwe Chemiegebou deur dr. H. J. VAN DER BIJL, *Oktober* 1942.
Op die agtergrond: prof. M. C. BOTHA (*links*) *en mnr.* J. C. V. BREYTENBACH (*registrateur*).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit was 'n deeglike en omvattende verslag, maar 'n verslag was nog geen fakulteit nie. In die Volksraad is pleidooie gelewer om 'n ruime kapitaaltoekenning. Van die kant van die Regering word die standpunt ingeneem dat dit nie die bedoeling is om 'n mediese fakulteit geheel op staatskoste op te rig nie. Die volledige oprigtingskoste wou die Regering nie dra nie, ook nie 75% daarvan nie.

Dit was duidelik dat 'n insamelingsaksie van die kant van die Universiteit nou van stapel gestuur moes word om die Mediese Fakulteit te verwesenlik. Die oorspronklike propagandakomitee van geneeshere het nou die Afrikaanse Mediese Genootskap geword en dr. Wassenaar het sitting gekry op die nuwe U.P.-propagandakomitee wat die Raad op 15 Junie 1939 aangestel het.

Hoewel die pogings om meer staatshulp te kry geensins gestaak is nie, tree daar in die geledere van die insamelaars nou 'n mate van vertwyfeling in: dit sou nog jare duur as nou eers gekollekteer moet word. Uiteindelik is teen Augustus 1939 met die minister ooreengekom dat die Universiteit sy bes sou doen om die grootste moontlike geldelike bydrae van die publiek te kry, maar geen som of proporsie is van die kant van die staat vasgestel waarvan die stigting van die fakulteit afhanklik gemaak sou word nie.

So het dit met die saak van die toekomstige fakulteit gestaan toe die Unie op 4 September 1939 in die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak het. Die regeringswisseling en daaropvolgende politieke hergroepering wat meegebring het dat die Universiteit van Pretoria meer as ooit tevore geassosieer is met denkrigtings wat lynreg teenoor dié van die Smutsbewind en die oorlogsbeleid gestaan het, was vir fondsinsameling in oorlogstyd nie bevorderlik nie.

Die Engelstalige pers het gevra waarom Engelssprekendes vir so 'n fakulteit moet gee, wanneer daar nie eens Afrikaanse handboeke is en daar dus nie in Afrikaans klas gegee kan word nie. Dit het aan vyandige uitlatings in die oorlogsjare tot 1945 geensins ontbreek nie.

Tot die einde van 1940 het die Mediese Fakulteitsfonds maar swakkies gegroei. Daar was toe £5,748 en daarvan was £4,000 van die Helpmekaarvereniging wat in al vier provinsies aktief besig was. Wat ingesamel is tot prof. M. C. Botha aan die begin van 1941 die rektorskap aanvaar het, was 'n druppel in die emmer.

In sy intreerede het prof. Botha op 11 Maart 1941 sowel die Regering as die publiek om ruimer steun gevra.

Teen 15 Mei 1941 was die reorganisasie van die nuwe insamelingsplan aan die gang. Die konsep is deur die rektor self opgestel en aan sy persoonlike dryfkrag moet in groot mate die sukses toegeskrywe word, want aan die begin van 1942 was daar al £15,000 waarvan £10,000 (soos veel later geblyk het) van die stille gewer, dr. J. Postmus, raadslid, president van die S.A. Reserwebank en troue raadgewer van die Universiteit tot sy dood in 1946.

In 1942 het die fonds ten spyte van die nydige perskampanje teen die Universiteit opsienbarend gestyg. Dit was hoofsaaklik te danke aan die toesegging van £50,000 deur die Stadsraad van Pretoria op 30 Julie 1942.

Dit het teen hierdie tyd roetineplig van die rektor geword om te antwoord op die volgehoue sarsies teen die Universiteit en sy Mediese Fakulteit wat van die regeringspers gekom het. Terselfdertyd was daar al die eerste dreunings hoorbaar van die kritiek teen prof. Botha self oor die beleid in verband met die Fakulteit. Tog het die fonds vooruitgekom. Van die S.A. Yster- en Staalkorporasie is voor die einde van 1942 'n skenking van £15,000 ontvang wat vir die nuwe Chemiegebou gebruik sou word waar die eerstejaarsopleiding van mediese studente moes plaasvind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vir 1943 is die doelwit op £50,000 gestel en die veldtog buite Transvaal verskerp Van Kroonstad kom £1,100 en dwarsdeur die jaar kom van alle uithoeke van die land bydraes binne. Die Ned. Geref. Kerk van Transvaal belowe £5,000. Onder die talryke skenkers was die Griekse gemeenskap van Pretoria wat na vore gekom het toe geld skaars was en die Universiteit veelal ongewild. Twaalf jaar na hul skenking is in die museumkamer vir Ginekologie van die Kliniese Gebou 'n gedenkplaat onthul om hierdie Griekse bydrae in die Fakulteit se uur van nood te gedenk.

In Desember 1943 was dit al moontlik om die opleiding van die eerste drie studiejare van die mediese kursus te finansieer. Vir die kliniese jare moes daarna nog voorsiening gemaak word. Daar moes ook 'n Kliniese Gebou kom en fasiliteite om tot 75 geneeshere per jaar van die einde van 1947 te kan aflewer.

Aan die insamelingsfront het prof. M. C. Botha dus teen die einde van 1943 'n beslissende fase van die stryd gewen. Intussen moes ook aan 'n tweede front slag gelewer word, naamlik die werklike instelling van die Fakulteit Geneeskunde, die bepaling van beleid dienaangaande en die voorsiening van huisvesting namate die opleiding vorder.

In 1942 is nog geen studente spesifiek vir die mediese kursus ingeskrywe nie. Die mikpunt was om, na amptelike goedkeuring van die instelling van die fakulteit, genoeg uit die Fakulteit Wis- en Natuurkunde te vind wat aan die begin van 1943 vir die tweedejaarskursus in die Fakulteit Geneeskunde sou inskryf.

By voorbaat is daar al 'n boukomitee in Maart 1942 benoem om huisvesting vir vergrote Chemieklasse en vir die tweedejaarsvakke Fisiologie en Anatomie te beplan. Dit was, soos die rektor dit gestel het, 'n geloofsdaad.

In Pretoria het kort daarna op 10 Junie 1942 in die Senaatskamer van die Universiteit 'n belangrike konferensie van Afrikanergeneeshere van oor die hele land byeengekom om die grondslag van die Afrikaanse Mediese Fakulteit te bespreek. Hier is in teenwoordigheid van die rektor en met sy instemming die toekomspatroon van die Fakulteit bespreek en is onder meer die beginsel neergelê dat Afrikaners by doseerposte die voorkeur sou kry. In die volgende paar jaar sou telkens na hierdie konferensie verwys word, toe die beleid in verband met aanstellings 'n strydpunt geword het.

Tot daar 'n fakulteit ingestel sou word, het die Raad in 1942 'n Adviserende Komitee insake die Mediese Fakulteit benoem, wat as *ad hoc*-fakulteitsraad opgetree het. Die Universiteit het van die Minister van Onderwys op 22 Julie 1942 alleen toestemming gekry om „'n skool vir Anatomie" te stig. Dit het neergekom op die goedkeuring van tweedejaarsopleiding. Van die kant van die Universiteit is deur Raadsbesluit van 27 Augustus 1942 derhalwe 'n Fakulteit Geneeskunde gestig met die twee departemente Anatomie en Fisiologie. Volledige goedkeuring van 'n Fakulteit Geneeskunde het egter nog uitgebly.

In September 1942 het die Universiteit die saak weer eens opgeneem en verneem dat die minister wel geen beswaar in beginsel het nie, maar meer besonderhede verlang oor die beoogde opleiding. Daar moes dus weer mondelinge en skriftelike onderhandelinge gevoer word.

Voorlopige regulasies vir die eerste drie studiejare is in November 1942 opgestel en vroeg in 1943 het die beplanning vir die departement Patologie en die huisvesting daarvan begin. Die formele goedkeuring deur die Goewerneur-generaal van die Fakulteit Geneeskunde het op 8 Junie 1943 gevolg.

Op 26 Junie 1943 is die fakulteitsraad vir Geneeskunde vir die eerste keer saamgestel en het die Adviserende Komitee se funksie verval.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE FAKULTEIT SEDERT 1943

Aanstellings in die Mediese Fakulteit was van 27 Augustus 1942 af in die Raad ter sprake en voor die einde van die jaar was dit al duidelik dat daar oor die kwessie van die personeelbesetting donker wolke op die gesigseinder saampak.

Dit het aanvanklik gegaan oor taalbeleid. Met die opening van die akademiese jaar het prof. Botha op 4 Maart 1943 in sy toespraak onder andere verklaar dat die Mediese Fakulteit geen opposisieskool teen ander sou word nie, ook nie Engels of Kontinentaal nie, maar 'n nasionale mediese skool wat met die land se behoeftes rekening hou. Die Universiteit sou ook nie die speelbal van die politiek word nie, nòg van „nasionalistiese verwaandheid", nòg van die teenoorgestelde politieke strewe.

Prof. Botha se toespraak was die aanleiding vir 'n openlike aanval op hom as „die grootste vyand van die Mediese Fakulteit" in 'n hoofartikel van 6 Maart 1943 in *Die Transvaler*, mondstuk van die destydse Herenigde Nasionale Party wat ook die Opposisieparty was. Dit was die begin van 'n vete tussen prof. Botha en 'n deel van die Afrikaanssprekendes wat periodiek tot sy uittrede as rektor in 1947 sou opvlam en waarvan die grondoorsaak was die rektor se prosedure en sy persoonlike rol by die keuse van dosente vir die Mediese Fakulteit.

Terwyl die Fakulteit dus pas in die middel van 1943 amptelik sy beslag gekry het en die insameling nog nie die kritieke stadium verby was nie, moes die Raad van 25 Maart 1943 af van tyd tot tyd die rektor in beskerming neem teen herhaalde aanvalle oor aanstellings in die Fakulteit. Die eerste ronde van die onenigheid het ook gelei tot 'n botsing tussen die rektor en sommige van die mediese studente en die bedanking van prof. G. W. H. Schepers as hoof van die departement Anatomie.

Prof. Botha het aan Afrikanerkant genoeg verdedigers gevind, maar dit was 'n tydperk in ons landsgeskiedenis wat deur onenigheid in Afrikanerkringe, botsing van binnegroepe en van persone gekenmerk is. Daaraan het prof. Botha nie ontkom nie, veral toe die kliniese poste in die tweede semester van 1943 gevul is. Ook in die loop van 1944 was daar skerp kritiek in verband met aanstellings. Die hele toedrag van sake het 'n protes van twaalf professore aan die Universiteit uit verskeie fakulteite ontlok waarin op 4 Desember 1944 bekommernis uitgespreek is oor „die rigting waarin die Fakulteit Geneeskunde ontwikkel ten opsigte van die verklaarde beleid van die Universiteit en die verwagtings van die publiek wat geldelike bydraes gedoen het met die besliste verstandhouding dat die fakulteit 'n Afrikaanse karakter sal hê."

Van Januarie 1945, toe dr. Theo Wassenaar met 'n reeks persartikels prof. Botha en sy beleid begin aanval het, tree die meningsverskille oor die Mediese Fakulteit 'n volgende fase in. Die skerp woordestryd Wassenaar-Botha lei tot die bedanking van die rektor op 27 Maart 1945, wat ewenwel weer op versoek van die Raad en Senaat teruggetrek is.

Binne die Raad is die aanvalle teen prof. Botha egter by monde van dr. C. F. van der Merwe periodiek tot die einde van 1947 voortgesit.

Ten spyte van hierdie ongelukkige agtergrond van onenigheid wat byna sonder onderbreking van 1942 tot 1947 geheers het en selfs daarna nog sy naklanke sou hê, het die Mediese Fakulteit in die dienstyd van prof. Botha gevestig geraak. In die dorpe van Transvaal het gereeld nog kermisse en ander insamelings plaasgevind om tot die koste van geboue en toerusting 'n bydrae te lewer. Dit was 'n hele onderneming om — selfs wanneer die nodige fondse beskikbaar was — in oorlogstyd 'n gebou op te rig. Die Instituut vir Patologie is nogtans in die begin van 1945 voltooi en in gebruik geneem, nadat die departemente Patologie en Bakteriologie in 1944

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

elders tydelik onderdak moes vind. In 1946 word die Kliniese Gebou ook voltooi.

Van die totale inskrywing van 294 vir die jaar 1943 het die studentetal skerp gestyg na 410 in 1944, en 724 in 1947, wat wel die hoogtepunt was, voordat daar 'n daling in die naoorlogse jare ingetree het.

Die eerste 44 grade M.B., Ch.B. is op 27 November 1947 toegeken. Die afname in getalle wat daarna tot 1955 voortgeduur het, is aanvaar as 'n normale konsolideringsfase. In 1956 het die kentering begin en in 1958 is die hoogtepunt van 1947 vir die eerste keer met 'n studentetotaal van 744 verbygesteek.

Intussen is by die Kliniese Gebou die Mediese Biblioteek in 1956 voltooi. Onder die betekenisvolle skenkings wat die groei van die Fakulteit in die naoorlogse jare moontlik gemaak het, is £18,400 wat deur die Transvaalse Onderwysersvereniging van 1942 tot 1948 vir 'n Instituut vir Kindergeneeskunde geskenk is en studentejooloopbrengste wat ten behoewe van 'n Kinderhospitaal geskenk is.

As gevolg van aansienlike uitbreidings wat by die Algemene Hospitaal plaasgevind het, is op die kliniese terrein die onderwysgeriewe steeds versterk in die vleuels vir Radioterapie, Fisioterapie en Interne Geneeskunde, en die Bantoe-afdeling. In die toekoms sal ook 'n gebouekompleks vir die huisvesting van Verloskunde en Vrouesiektes, vir Kindergeneeskunde, Psigo-neurose en Interne Geneeskunde bykom, terwyl Geregtelike Geneeskunde by die verskuiwing van die polisielaboratoria na 'n terrein wat aan die Hospitaal grens, sal baat.

Die omvangryke navorsingstaak wat die Fakulteit sedert sy instelling op alle gebiede van die mediese wetenskap verrig, val buite die huidige bestek maar verdien eervolle vermelding. Die blote aanwesigheid van die Fakulteit het ongetwyfeld ook 'n prikkelende uitwerking gehad op die ontwikkeling van die Algemene Hospitaal waar dit van 1944 gehuisves is, sowel wat personeelvoorsiening as geriewe en toerusting betref. Sedert die instelling van die Fakulteit en tot 1958 is (afgesien van navorsing deur die dosente self) altesame 104 magister- en doktorsgrade toegeken waarvoor die navorsing grotendeels onder leiding van die Fakulteit plaasgevind het. Van 1955 af is verskeie navorsingseenhede en groepe geloods in noue samewerking en met die erkenning en steun van die W.N.N.R. Die lede van die Fakulteit het reeds 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbouing van toesig oor mediese navorsing oor die hele Unie en selfs daarbuite. Sedert 1957 is die dekaan van die Fakulteit benoem as rapporteur vir die W.N.N.R. oor mediese navorsing in Afrika.

Naas die baccalaureusgraad M.B., Ch.B. wat van 1947 toegeken is, is van 1947 tot 1956 ook die Ch.M.-graad toegeken. In 1952 is die magistergraad M.Med. ingestel. Dit is vir die eerste keer op 18 April 1953 toegeken en het die M.D. (Klinies), die Ch.M.-grade en nagraadse diplomas vervang, met spesialisasie in een van die studierigtings Interne Geneeskunde, Chirurgie, Obstetrie en Ginekologie, Pediatrie, Patologie, Dermatologie, Radiologiese Diagnose, Radiologiese Terapie, Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Oogheelkunde en Anestesiologie. Die doktorsgraad M.D. is aan die einde van 1946 reeds ingestel.

In die Fakulteit is voorts 'n nagraadse diplomakursus vir Volksgesondheid ingestel; verder is diplomakursusse vir susterlektrises in drie rigtings ingestel: Verpleegkunde, Verloskunde en Sielsieke Verpleging, 'n kursus vir Suster in Diagnostiese Radiografie en 'n volle kursus vir Radiografie.

Jaarlikse opknappingskursusse het reeds baie praktisyns weer in kontak met die Fakulteit gebring en intiemer voeling word ook deur middel van die tydskrif *Geneeskunde* met die beroep verkry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT GENEESKUNDE

L. J. TE GROEN, *M.D.* (*Amsterdam*), Oktober 1945 tot Oktober 1948; Oktober 1948 tot Oktober 1951; Oktober 1951 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot aftreedatum Desember 1955.

H. W. SNYMAN, *M.B.*, *B.Ch.* (*Rand*), *M.D.* (*Groningen*), van Januarie 1956 af.

DIE DEPARTEMENTE

FISIOLOGIE (1942)

Die departement ressorteer ook onder die Fakulteit Wis- en Natuurkunde waar dit ontstaan het.

Op versoek van die Normaalkollege is oorspronklik in die departement Dierkunde lesings in Fisiologie ingestel. Van 1930 en tot die einde van 1942 is dit behartig deur C. Brink (later professor) wat toe bedank het om sy mediese studie te voltooi.

Op 27 Augustus 1942 word die „Skool vir Anatomie" (wat die Fakulteit Geneeskunde sou word), formeel gestig met die twee departemente Anatomie en Fisiologie. As professor en departementshoof van albei departemente het van 1942 tot sy bedanking aan die einde van 1943 dr. G. W. H. Schepers opgetree. Van die begin van 1943 is drie doseerposte onderskeidelik in Sistematiese, Praktiese en Kliniese Fisiologie ingestel.

Aan die einde van 1943 is die professoraat in Fisiologie aangebied aan die veelsydige dr. E. Janssen wat op hierdie tydstip nie alleen vir Farmakologie verantwoordelik was nie, maar reeds aangewys was om hoof van die departement Kindergeneeskunde te word, sodra dit in 1945 sou begin funksioneer.

In 1943 is Biochemie as aparte departement ingestel; die Minister van Onderwys het hierdie status van die departement egter nie goedgekeur nie en sedert die einde van 1944 is Biochemie 'n afdeling van die Departement Fisiologie.

Met die verskuiwing van prof. Janssen na die departement Kindergeneeskunde het die professoraat in Fisiologie vakant geword. Aan die einde van 1946 is dit aangebied aan dr. C. Brink (voormalige lektor) wat sy mediese graad intussen behaal het. Prof. Brink het van die begin van 1947 tot die einde van 1953 die leerstoel beklee, toe hy bedank het om hom aan die privaatpraktyk te wy.


Sy opvolger as professor en departementshoof was dr. B. J. Meyer wat van 1944 as lektor en senior lektor in die departement gedien het. Hy het in 1946 in Pretoria gepromoveer in die Fisiologie en in 1951 ook die mediese graad verwerf.

ANATOMIE (1942)

Die departement is op 27 Augustus 1942 formeel ingestel. As eerste professor in Anatomie is van 1 Oktober af aangestel dr. G. W. H. Schepers en die lesings het aan die begin van 1943 'n aanvang geneem. Prof. Schepers het as gevolg van 'n geskil in 1943 tussen 'n deel van die mediese studente en prof. M. C. Botha waarby hy aan die kant van die studente betrokke was, sy bedanking van die einde van 1943 ingedien.

Hy is in 1944 opgevolg deur dr. W. G. de Haas wat ten tyde van sy aanstelling deeltyds as senior lektor aan die departement verbonde was en nog as chirurg in Pretoria gepraktiseer het. Prof. De Haas se gesondheidstoestand het hom teen 1952 genoodsaak om siekteverlof aan te vra. As waarnemende departementshoof het opgetree dr. (mev.) Tobie Muller. Prof. De Haas het in 1953 afgetree en van die begin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



W. G. DE HAAS.

van 1954 is dr. Muller as professor en departementshoof in tydelike-voltydse hoedanigheid aangestel. Prof. Muller is die derde dame wat aan die Universiteit 'n professoraat beklee en die eerste wat in Suid-Afrika hoogleraar in die Geneeskunde geword het.

Onder die departement ressorteer die selfstandige afdeling Histologie.

MIKROBIOLOGIE (1944)

Die Raad het op 25 Maart 1943 besluit om 'n selfstandige en onafhanklike departement Bakteriologie in te stel met dr. A. Pijper as hoof van die begin van 1944. Dr. Pijper was ten tyde van sy aanstelling reeds lank in die praktyk. Hy het in 1913 in Suid-Afrika na oorsese studie teruggekeer en was van 1920 as patoloog in Pretoria werksaam. Sy prestasies in verband met siektenavorsing het reeds in wye kring, ook buite die land, erkenning geniet toe die leerstoel in Bakteriologie aan hom aangebied is.

Die aanstelling van prof. Pijper (wat ook aanvanklik hoof van die departement Patologiese Anatomie sou wees) is voorafgegaan deur onderhandeling en die ondertekening van 'n ooreenkoms op grond waarvan prof. Pijper die professoraat aanvaar het. Een van die vernaamste bepalings daarvan was dat 'n Instituut vir Siekteleer opgerig sou word met die vier afdelings Patologiese Anatomie, Algemene Patologie, Bakteriologie en Kliniese Patologie. Hierdie Instituut vir Patologie is in 1945 voltooi en in gebruik geneem. In 1944 het Patologiese Anatomie 'n selfstandige departement geword, maar prof. Pijper het direkteur van die Instituut vir Patologie gebly tot die verstryking van sy ooreenkoms met die Universiteit in 1951. In die loop van 1951 is die beheer van die Instituut deur die Universiteit oorgeneem.

Prof. Pijper het aan die einde van 1951 afgetree en het van die begin van 1952 professor-emeritus geword.

Die leerstoel in Bakteriologie is nie dadelik gevul nie. As Departementshoof het prof. J. Barnetson van die departement Patologiese Anatomie waargeneem en van April 1957 is dr. J. N. Coetzee as professor in Bakteriologie aangestel.

Die naam van die departement is in 1959 na Mikrobiologie verander.

PATOLOGIESE ANATOMIE (1944)

Volgens die Raadsbesluit van 25 Maart 1943 is prof. A. Pijper as hoof van die departemente Bakteriologie en Patologie aangestel.

Op 30 Maart 1944 is deur die Raad besluit om 'n onafhanklike departement Patologiese Anatomie in te stel. Die professoraat in hierdie pos is later dieselfde jaar deur dr. J. Barnetson aanvaar en in 1951 het professor Barnetson ook direkteur


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geword van die Instituut vir Patologie waarvan die bestuur deur die Universiteit oorgeneem is. Professor A. Pijper is sedert sy aftrede nog verbonde aan die Instituut vir Patologie as professor-emeritus.


PSIGIATRIE (1944)

Op 11 November 1943 is dr. P. J. G. de Vos, geneesheer-bestuurder van die Gestig vir Sielsiekes te Weskoppies as eerste deeltydse professor en departementshoof aangestel. Hy het van die begin van 1944 sy amp aanvaar en is in Pretoria op 15 Oktober 1951 oorlede.

Sy opvolger was dr. I. R. Vermooten wat by sy aftrede as Kommissaris van Geestesgesondheid aan die einde van 1958 ook as deeltydse professor in Mediese Sielkunde afgetree het. Hy is in Februarie 1959 opgevolg deur dr. A. McE. Lamont, adjunk-kommissaris van Geestesgesondheid en geneesheerbestuurder van die Weskoppieshospitaal.



P. J. G. DE VOS (oorl. 1951).



A. PIJPER (geb. 1890).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aansteeklike Siektes (1945)

Die departement is op 4 Desember 1944 ingestel en dr. H. M. A. Nelson is van die begin van 1945 hoof en senior lektor. Kliniese geriewe word deur die Stadsraad van Pretoria by die Isolasieafdeling tot die beskikking van die Fakulteit gestel.

Chirurgie (1945)

Op 24 Junie 1943 het die Raad die instelling van Chirurgie en twee ander kliniese departemente — Obstetrie en Ginekologie en Interne Geneeskunde — goedgekeur. Op 7 Oktober 1943 is as eerste professor in Chirurgie aangestel dr. H. J. Besselaar wat ten tyde van sy aanstelling in Pretoria gepraktiseer het. Hy het aan die begin van 1945 sy amp aanvaar en aan die einde van 1949 bedank. Sedertdien is hy nog as deeltydse senior lektor aan die departement verbonde.

As opvolger van prof. Besselaar is van die begin van 1950 dr. J. K. Bremer aangestel. Aan die begin van 1955 het prof. Bremer bedank om hom aan privaatpraktyk te wy; hy is egter, soos sy voorganger, ook nog as deeltydse senior lektor aan die departement verbonde. Prof. Bremer is in 1956 opgevolg deur dr. C. H. Derksen.

Naas die afdeling Algemene Chirurgie bestaan in die departement afdelings Ortopedie, Urologie, Neuro-chirurgie en Toraks-chirurgie.

Geregtelike Geneeskunde (1945)

Toe die departement op 4 Desember 1944 ingestel is, is prof. R. H. Mackintosh van die Universiteit van die Witwatersrand as departementshoof en deeltydse professor aangestel. Hy het egter nooit in Pretoria gedoseer nie. As senior lektor het van die begin opgetree dr. C. J. N. Loubser, ook van Johannesburg. Toe prof. Mackintosh in 1945 bedank het, het dr. Loubser hom as senior lektor en departementshoof opgevolg. In 1946 is hy tot professor bevorder.

Interne Geneeskunde (1945)

Die twee selfstandige departemente Kliniese en Sistematiese Geneeskunde is al in 1943 ingestel. Dr. P. J. Kloppers is as hoof van Kliniese Geneeskunde en dr. J. du Toit as hoof van Sistematiese Geneeskunde benoem. Die Raad het egter besluit dat die poste eers in 1945 gevul sou word.

Dr. Kloppers is in 1945 bevorder tot professor in sy departement. Met die invoering van die provinsiale hospitaalskema in 1948 het die professoraat tydelik vakant geword en prof. Kloppers het besluit om sy aansoek om die nuwe pos as voltydse departementshoof terug te trek. Hy dien sedertdien nog as deeltydse senior lektor in die departement.

Dr. C. F. van der Merwe wat in die totstandkoming van die Fakulteit Geneeskunde 'n persoonlike rol gespeel het, is van Desember 1948 as professor en hoof van die departement Kliniese Geneeskunde benoem. Hy was toe reeds etlike jare lid van die Raad van die Universiteit. In Januarie 1949 is dr. H. W. Snyman as senior lektor en selfstandige hoof van die departement Sistematiese Geneeskunde benoem.

Prof. C. F. van der Merwe het in Junie 1950 bedank. Dr. H. W. Snyman het daarna as hoof van albei departemente waargeneem tot die twee departemente in 1951 saamgevoeg is en hy bevorder is tot professor in die Interne Geneeskunde.

Onder die departement ressorteer die twee afdelings Neurologie en Dermatologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Obstetrie en Ginekologie (1945)



L. J. te Groen (geb. 1890).

Onder die manne wat aan die voorspel tot die oprigting van die Mediese Fakulteit van 1937 af deel gehad het, was dr. L. J. te Groen een van die vernaamste. As gebore Pretorianer het hy na sy opleiding in Europa na Pretoria teruggekeer waar hy as spesialis in Verloskunde en Vrouesiektes en ere-ginekoloog van die Algemene Hospitaal lank 'n bekende figuur was voor die leerstoel in Obstetrie en Ginekologie van die begin van 1945 aan hom aangebied is.

Prof. Te Groen het die eerste dekaan van die Fakulteit geword en in dié hoedanigheid tot sy aftrede in 1955 gedien. In die kritieke jare voor 1948 en selfs daarna was dit dikwels sy netelige taak om spanning en botsing in eie geledere met die hand van rype ervaring teen te gaan. Tot die konsolidering van die Fakulteit in die eerste dekade van sy bestaan het hy op kenmerkend beskeie wyse as wetenskaplike en as mens 'n bydrae gelewer wat nie vergeet mag word nie.

In die jaar van sy uittrede is deur die kliniese assistente van sy departement die L. J. te Groen-medalje vir Ginekologie en Obstetrie ingestel wat toegeken word aan die beste student in hierdie vakke by die eindeksamen in die finale jaar.

Van die kant van die Universiteit is aan hom die eregraad M. D. toegeken en in die nuwe Mediese Biblioteek se hoofsaal het die olieverfportret van die Fakulteit se eerste dekaan 'n ereplek. Hy is ook in 1955 deur die Raad tot professor-emiritus benoem en tree in dié hoedanigheid nog in 1959 op as dosent in Geneeskundige Etiek.

As opvolger van prof. Te Groen is van die begin van 1956 dr. F. G. Geldenhuys aangestel wat van 1948 aan die departement verbonde is.

Volksgesondheid (1945)


Die instelling van die departement is deur die Raad op 4 Desember 1944 goedgekeur. Van die begin van 1945 is dr. B. M. Clark as hoof en senior lektor aangestel. Met die instelling van 'n voltydse senior lektoraat in 1959 het dit moontlik geword om planne vir die omskepping en uitbreiding van hierdie belangrike departement te verwesenlik.

Farmakologie (1946)

Van 1944 het prof. E. Janssen (toe nog hoof van die departement Fisiologie en later van die departement Kindergeneeskunde) Farmakologie behartig.

Op 30 Mei 1945 het die Raad besluit om 'n onafhanklike en selfstandige departement in te stel en om 'n voltydse professor in die Farmakologie te benoem. In die pos is van die begin van 1946 aangestel prof. D. G. Steyn, wat al van 1932 hoof was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



E. JANSSEN (geb. 1885).

van die departement Farmakologie en Toksikologie in die Fakulteit Veeartsenykunde. Die departement is aanvanklik in die Kliniese Gebou gehuisves en later na die Instituut vir Patologie verskuif waar dit oor ruimer lokale beskik.

KINDERGENEESKUNDE (1946)

Die departement is deur 'n raadsbesluit van 26 Maart 1945 ingestel. Prof. E. Janssen (wat toe reeds van 1944 hoof van die departement Kliniese Fisiologie was) het van die begin van 1946 hoof van die departement Kindergeneeskunde geword. Hy het aan die einde van 1950 by bereiking van die finale ouderdomsgrens afgetree.

As sy opvolger is van die begin van 1951 dr. J. G. A. Davel aangestel.

OOGHEELKUNDE (1946)

Oogheelkunde is as selfstandige departement op 14 September 1945 ingestel met dr. J. C. Kriek as senior lektor en departementshoof van die begin van 1946.

OOR-, NEUS- EN KEELSIEKTES (1946)

Die departement is ingestel deur Raadsbesluit van 14 September 1945 met dr. J. H. Hofmeyr as senior lektor en departementshoof. Hierdie departement sal deelneem aan die werk van die departement Spraakwetenskap en Spraakheelkunde wat in 1960 in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingestel is.

RADIODIAGNOSTIEK (1958)

Op 21 September 1944 is 'n departement Radiologie ingestel en van die begin van 1945 is dr. S. F. Oosthuizen as professor en departementshoof aangestel. Die departement het fenomenaal sedertdien gegroei en teen 1959 sy personeelsterkte tien keer vergroot in die afdelings radiodiagnose, radioterapie en radio-isotope wat diens op die gebied van onderwys, navorsing en roetine aan die Universiteit, die Provinsie Transvaal en die staat lewer.

Intussen het in 1958 'n verdeling in die oorspronklike departement plaasgevind. 'n Selfstandige departement Radioterapie is gestig, terwyl prof. Oosthuizen hoof van die departement Radiodiagnostiek en algemene hoof gebly het.

RADIOTERAPIE (1958)

Met die verdeling van die departement Radiologie is dr. T. Fichardt van die begin van 1958 as senior lektor en hoof benoem van die nuwe, selfstandige departement Radioterapie wat eers 'n afdeling van Radiologie was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ANESTESIOLOGIE (1959)

Tot 1957 was Anestesiologie 'n afdeling van die departement Chirurgie. Dit is op 20 Junie 1957 as selfstandige departement ingestel met dr. O. V. S. Kok as hoof en senior lektor van die begin van 1958. Van 1960 is dr. Kok tot professor bevorder.

TANDHEELKUNDE

STIGTINGSGESKIEDENIS

NOG voor daar sprake was van die stigting van 'n Fakulteit Tandheelkunde is in Pretoria al die behoefte gevoel aan 'n Tandheelkundige Hospitaal. Op 18 Maart 1936 spreek die president van die Rotariërklub in Pretoria byvoorbeeld die wens uit om in verbinding te kom met studente wat gewillig sou wees om 'n studentejool te organiseer ten bate van die oprigting van 'n tandheelkundige hospitaal.

In die oorlogsjaar 1943, toe die Fakulteit Geneeskunde begin funksioneer het, word namens die S.A. Mediese Raad getuienis afgelê voor die Nasionale Gesondheidskommissie oor die ernstige tekort aan tandartse in die land en die aanbeveling gemaak dat êrens 'n tweede tandheelkundige skool opgerig moet word om dié van die Universiteit van die Witwatersrand aan te vul. In daardie jaar was daar maar 23 studente in Tandheelkunde in Johannesburg. Dit duur nog tot 1947 voor daar van owerheidsweë 'n departementele komitee onder voorsitterskap van adv. A. A. Roberts, Sekretaris van Onderwys, aangewys word om verslag te doen oor die verskaffing van bykomende fasiliteite vir die opleiding van tandartse in die Unie.

In die verslag van die Robertskomitee (U.G.30-'48) is wel die oprigting van 'n tweede fakulteit vir Tandheelkunde aanbeveel, maar die komitee het uitdruklik aanbeveel dat dit in die suide, en wel in Kaapstad, opgerig moet word en nie in Pretoria nie.

Hierteen het die rektor, prof. C. H. Rautenbach, stelling ingeneem. In 'n skrywe van 21 Junie 1948 aan dr. A. J. Stals wat in die nuwe kabinet op daardie tydstip Minister van Onderwys was, verklaar hy: „Beide die Universiteite Witwatersrand en Kaapstad is Engelstalige universiteite, sodat die Afrikaanssprekende op die gebied van tandheelkundige opleiding tot nog toe nie gelykberegtig is nie.

„Beide genoemde universiteite handhaaf geen kleuronderskeid nie, sodat die Afrikaanssprekende wat rasseapartheid voorstaan en in die Tandheelkunde wil studeer, aldaar teen wil en dank in 'n akademiese milieu gedwing word wat hom teen die bors stuit.

„Die aangewese plek om die Afrikaner tot volle wasdom te laat geraak ook op die gebied van Tandheelkunde, is die Universiteit van Pretoria met pre-kliniese opleidingsgeriewe vir Geneeskunde wat nagenoeg dieselfde is as dié vir Tandheelkunde en teen redelike koste uitgebrei kan word om beide Geneeskunde en Tandheelkunde te dien."

Die Raad van die Universiteit het teen die einde van 1948 besluit om in samewerking met die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns die kwessie van 'n Fakulteit Tandheelkunde te ondersoek en 'n gesamentlike komitee (wat terselfdertyd sou optree as Komitee van Pre-advies oor die voorgestelde Fakulteit Tandheelkunde) is op 8

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Februarie 1949 soos volg benoem: die rektor, prof. C. H. Rautenbach, dr. H. O. Mönnig, die professore L. J. te Groen, C. F. van der Merwe, S. F. Oosthuizen en dr. H. H. Louw (tandarts). Die komitee sou getuienis voorberei wat namens die Universiteit afgelê sou word voor die Brebnerkommissie van ondersoek insake die opleiding van mediese studente en van die geleentheid sou gebruik gemaak word om ook oor tandheelkundige opleiding te getuig.

In 'n memorandum wat op 12 Februarie 1949 gereed was vir voorlegging aan die Brebnerkommissie, het ook die komitee stelling ingeneem teen die Robertsverslag van 1948 wat 'n fakulteit op grondslag van samewerking tussen die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Stellenbosch in die vooruitsig gestel het. Die noue verband tussen die werk van die Fakulteit Geneeskunde en 'n toekomstige Fakulteit Tandheelkunde in Pretoria is benadruk. Die fasiliteite vir die basiese vakke was reeds beskikbaar; alleen vir die kliniese jare moes voorsiening gemaak word. 'n Voorlopige raming van kapitaalkoste was £100,000; personeel sou geleidelik van 1950 tot 1953 aangestel kon word.

In afwagting van die kommissieverslag het die rektor wat persoonlik 'n belangrike rol by die onderhandelings gespeel het, 'n privaatbrief op 22 Maart 1949 aan die Minister van Lande, adv. J. G. Strijdom, gerig om sy voorspraak by die Regering te vra vir die instelling van die Fakulteit Tandheelkunde in Pretoria. Saam met dr. H. O. Mönnig het die rektor daarna 'n persoonlike onderhoud in Pretoria gevoer met adv. Strijdom wat as leier uit Transvaal hom deurgaans sterk beywer het vir die Afrikaner in die noorde.

Op 6 Mei 1949 is die telegrafiese mededeling uit Kaapstad dat die Minister van Onderwys die oprigting van die Fakulteit in Pretoria in beginsel goedgekeur het, op 'n belangrike vergadering van die Komitee van Pre-advies bespreek.

Daar is onderneem om 'n verslag oor koste en beskikbare kliniese materiaal aan die minister te verstrek en die versekering te gee dat tweedejaars- en derdejaarsopleiding in 1950 kon begin. Dit sou met medewerking van departemente wat daarby betrokke is, bewerkstellig word. Die Fakulteit sou voorlopig by die Fakulteit Geneeskunde ingeskakel word waar 'n vaste fakulteitskomitee vir Tandheelkunde gevorm sou word. Intussen sou 'n afvaardiging die Stedelike Tandheelkundige Kliniek in Kaapstad besoek om daaroor verslag te doen en die Komitee van Pre-advies sou verdere magte ontvang om op te tree en te koöpteer. 'n Werksverdeling is op staande voet gedoen sodat die voorarbeid dadelik kon begin.

Die Komitee het ten slotte ook oor 'n bouterrein ten ooste van die Instituut vir Patologie ooreengekom waar die oprigting van 'n Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde moontlik sou kon plaasvind. Terwyl die finale goedkeuring van die minister nog afgewag is, het die Raad van die Universiteit dit op 27 Mei 1949 as beleid neergelê dat alle nuwe ondernemings selfbetalend moet wees en nie mag geskied ten koste van reeds bestaande fakulteite nie. Sover moontlik sou 'n aparte boekhouding aangelê word tot die nuwe fakulteit gestabiliseer is.

Die minister sou versoek word om die kapitale koste te voorsien op grond daarvan dat dit van nasionale betekenis is om meer geriewe te voorsien vir die opleiding van tandheelkundiges.

Die amptelike goedkeuring van die instelling van die Fakulteit (wat intussen onverpoosd deur die komitee as selfbetalende eenheid beplan is) het op 8 Julie 1949 gekom. Die Regering sou vir die instelling van die Universiteit van Pretoria se tiende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit £115,000 gee vir kapitaaluitgawes, geboue en toerusting. Op 31 Augustus 1949 het die Raad kennis geneem van die Regering se besluit en die stigting van die Fakulteit goedgekeur.

By die komitee vir Tandheelkunde van die Fakulteit Geneeskunde is die name van twee tandartse bygevoeg, drr. Phil Joubert en J. Kemp. Die oprigting van geboue is in die hande van die Universiteit se Boukomitee gelaat, die grondslag van keuring en klasgeld is vasgestel en aan die rektor en Komitee van Pre-advies is welverdiende gelukwensing oorgebring met die bereiking van hierdie mylpaal in die ontwikkeling van die Universiteit.

Met tydelike huisvesting op die hoofterrein by Brooklyn en die fasiliteite van die Pretoriase Tandheelkundige Kliniek in Prinsloostraat wat vir praktiese opleiding in Tandtegnika beskikbaar was, is die opleiding van die tweedejaarstudente en die eerste 16 wat vir die derde jaar in 1950 ingeskryf het, aangepak. Dr. H. H. Louw het as waarnemende hoof van tandheelkundige opleiding opgetree; dr. A. Adelaar het Protetika en Tandtegnika op hom geneem, en in die tweede semester het dr. P. B. M. Joubert ook met die fantoomkopwerk hulp verleen. Die hele derdejaarsklas het aan die einde van 1950 geslaag.

Terwyl met bekwame spoed in 1950 aan die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde gebou is, is ook in Mei 1950 al die aankoop van toerusting goedgekeur, nadat waardevolle wenke ontvang is van prof. S. F. Oosthuizen wat op eie koste in Europa en die V.S.A. tandheelkundige klinieke besoek het.

Op 25 Mei 1950 is besluit om in die Fakulteit Tandheelkunde van 1951 af vier departemente in te stel: (1) Protetika en Tandtegnika, (2) Operatiewe Tandheelkunde, (3) Tandanatomie, -fisiologie, -histologie, -patologie en -histopatologie en (4) Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie. Alleen twee departementshoofde sou egter in 1951 benoem word, naamlik vir Konserverende Tandheelkunde en vir Protetika en Tandtegnika.

Aan die begin van 1951 was die gebou deur spesiale inspanning sover voltooi dat met derde- en vierdejaarsopleiding daarin begin is. Vir die graadkursus B.Ch.D. was in 1951 reeds 66 eerstejaars, 33 tweedejaars, 22 derdejaars en 18 vierdejaars ingeskrywe. By die Algemene Hospitaal kon van die begin van 1951 dus die tandheelkundige afdelings vir buite- en binne-pasiënte verval en (met sekere voorbehoude) ook die afdeling Dento-maxillêre Chirurgie wat nou vir die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde sy kliniese materiaal sou lewer.

Prof. P. B. M. Joubert (een van die eerste twee aanstellings) sou die pligte van 'n dekaan in 1951 vervul namens die dekaan van die Fakulteit Geneeskunde onder wie Tandheelkunde voorlopig nog bly ressorteer het. Die jaar 1951 was vir die ontluikende fakulteit nie sonder sy probleme en groeipyne nie, en dit het in die eerste maande van 1952 nog voortgeduur. Daarna het die gety begin keer: op 21 Mei 1952 is die Fakulteit Tandheelkunde deur Raadsbesluit as selfstandige fakulteit gestig en die lede van die eerste fakulteitsraad aangewys.

Tandem surculus arbor fit, skryf prof. Joubert: eindelik het die loot 'n boom geword. Prof. Joubert het tot sy dood in 1956 as dekaan gedien. As eerste direkteur van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde is hy in 1953 opgevolg deur prof. H. H. Louw wat op sy beurt na Junie 1958 opgevolg is deur prof. C. L. de Jager.

In die loop van 1952 — die eerste jaar toe studente vir die finale jaar opgelei is — was daar bemoedigende tekens dat die groot onderneming wat onder spoedeisende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Hoeksteenlegging van die Tandheelkundegebou deur dr. D. F. Malan, 1950.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

omstandighede van die begin af geloods is en wat groot uitgawes meegebring het, besig was om op dreef te kom en met eie momentum in solvente rigting aan die beweeg was. Van die eerste 18 finaliste het 17 die graad B.Ch.D. op 18 April 1953 ontvang. In 1956 het die getal afgestudeerdes al tot 30 per jaar gestyg en tot 1958 is altesame 165 grade in Tandheelkunde toegeken. Die totale studentetal het van 112 in 1950 gestyg tot 'n hoogtepunt van 182 in 1954 en daarna 'n geleidelike afname getoon (wat indertyd ook by die Fakulteit Geneeskunde tydelik ondervind is) tot 122 in 1959.

Die strewe sedert 1954 om naas die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde ook 'n Mondchirurgiese hospitaal op te rig, is wel nog nie verwesenlik nie, maar in 1959 is in die Fakulteit 'n driejarige nagraadse kursus M.Ch.D. ingestel in Mondchirurgie en in dieselfde jaar is naas die bestaande departement ook Mondchirurgie gevoeg as elfde departement wat in die fakulteitsraad sitting het.

Na die jare van oorgang is in 1957 die eerste groot navorsingsprojek deur die Fakulteit onderneem. In samewerking met die W.N.N.R. en met prof. C. L. de Jager as eredirekteur is die Navorsingsgroep (Voeding en Tandheelkunde) gevorm wat volgens 'n vyfjaarplan 'n landswye ondersoek uitvoer. Lede van die Fakulteit werk ook mee aan die *Afrikaanse Tandheelkundige Woordelys* waarmee al goeie vordering gemaak is.

DEKANE VAN DIE FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

P. B. M. JOUBERT, *Tandarts* (*Utrecht*), Junie 1952 tot Oktober 1954; Oktober 1954 tot oorlyde, 14 Oktober 1956.

C. L. DE JAGER, *B.A.*, (*S.A.*), *B.D.S.* (*Rand.*), November 1956 tot Oktober 1957; Oktober 1957 tot Oktober 1960.

DEPARTEMENTE

KONSERVERENDE TANDHEELKUNDE MET ORTODONSIE (1951)

Die eerste hoof van hierdie departement was dr. P. B. M. Joubert wat ten tyde van sy aanstelling as professor in Januarie 1950 as tandarts in Pretoria gepraktiseer het. Na sy opleiding in Utrecht, Nederland, het hy tydens die Eerste Wêreldoorlog in Bergen-op-Zoom gepraktiseer, van 1920 op Malmesbury en daarna in die Paarl tot 1938.

Hy het reeds in 1950 deeltyds met die onderrig gehelp. Gelyktydig met sy aanstelling het hy ook direkteur van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde geword tot hy aan die einde van 1952 bedank het. Prof. Joubert het in die grondlegging van die onderrig



P. B. M. JOUBERT (1894 — 1956).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in die Fakulteit 'n baie belangrike aandeel gehad. Hy het met opoffering en trou as departementshoof, en as dekaan gedien tot sy onverwagte heengaan op 14 Oktober 1956. In die omgang was prof. „Phil" die sagsinnige, minsame mens wat vir sowel kollegas en studente tot voorbeeld was in die stipte uitvoering van sy pligte en in sy hardwerkendheid. Op die gebied van die Afrikaanse taalkundige terminologie was hy een van die pioniers.

Om die nagedagtenis van die eerste dekaan en eerste direkteur van die hospitaal lewend te hou, en as herinnering aan sy rol in die opleiding van die eerste tandartse wat in Pretoria gekwalifiseer het, is die groot saal vir Konserverende Tandheelkunde waar sy vriendelike figuur ses jaar lank onder die studente beweeg het, in Maart 1958 genoem die „Phil Joubertsaal", met 'n naamplaat bo die ingang.

Prof. Joubert is as dekaan opgevolg deur prof. C. L. de Jager. Sy opvolger in die departement is dr. P. J. Schoeman (oudstudent) wat van Augustus 1953 as senior lektor gedien het en van Mei 1957 tot professor bevorder is.

In die departement en die Afdeling Ortodonsie was in 1959 (met deeltydse poste inbegrepe) twee senior lektorate, agt lektorate en twee kliniese assistentskappe.

Protetika en Tandtegnika (1951)

Die amptelike instelling van die departement in 1951 is al in 1950 voorafgegaan deur opleiding wat onder leiding van dr. H. H. Louw en andere begin het in die geboutjie agter die Ou Chemiegebou en in Skinnerstraat se stadskliniek. Van 1951 is as eerste professor en departementshoof aangestel dr. A. W. Kieser, praktiserende tandarts. Hy het aan die einde van die jaar besluit om te bedank en hom weer aan sy praktyk te wy. Sy opvolger was dr. H. H. Louw wat toegestem het om deeltyds in 1952 as professor en departementshoof weer diens te kom doen. Van die begin van 1953 was prof. Louw ook direkteur van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde. Hy het na waardevolle diens wat terugstrek na die vroeë stappe in 1949 om die Fakulteit in te stel, in 1958 bedank om hom aan die privaatpraktyk te wy.

In die departement het in die tweede semester van 1958 dr. G. T. C. F. du Plessis, wat van 1955 as senior lektor gedien het, as waarnemende hoof opgetree. Van 1959 is dr. Du Plessis tot professor bevorder.

In die departement is benewens 'n senior lektoraat en lektoraat ook 'n afdeling Metaalkunde.

Patologie en Histopatologie van die Mondholte (1952)

Dr. C. L. de Jager, praktiserende tandarts, is van die begin van 1952 benoem tot professor en hoof van die departement wat volgens Raadsbesluit van 25 Mei 1950 al in die vooruitsig gestel is as „Tandanatomie, -fisiologie, -histologie, -patologie en -histopatologie". Voor sy aanstelling het prof. J. Staz van die Universiteit van die Witwatersrand deeltyds van die begin van 1951 tot Junie 1952 gedoseer in Patologie en Histopatologie van die Mondholte.

Prof. De Jager is tegelykertyd as adjunkdirekteur van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde aangestel en van Julie 1958 as direkteur. Na die dood van prof. P. B. M. Joubert het hy in 1956 ook dekaan van die Fakulteit geword. In die departement was (met inbegrip van deeltydse poste en voor die afstigting van die departement Mondchirurgie) in 1959 drie senior lektorate en nege lektorate.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

MONDCHIRURGIE (1960)

Die afdeling Mondchirurgie wat nog tot 1959 onder die departement Patologie en Histopatologie van die Mondholte geressorteer het, het volgens Raadsbesluit van 18 Junie 1959 'n afsonderlike departement geword wat van die begin van 1960 funksioneer.

In die fakulteitsraad vir Tandheelkunde het ook die volgende departemente van die Fakulteit Geneeskunde, waarvan die geskiedenis aldaar meegedeel is, sitting: *Anatomie, Fisiologie, Patologiese Anatomie, Mikrobiologie, Farmakologie, Chirurgie* en *Interne Geneeskunde.*

INGENIEURSWESE

STIGTINGSGESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT

VAN 1920 is daar al in die Landbouingenieurswese aan die T.U.K. gedoseer. Periodiek is sedertdien melding in die amptelike stukke te vinde van die behoefte aan opleiding in ander vertakkings van die Ingenieurswese. Landmeetkunde is al van 1921 gedoseer en van 1930 is 'n gereelde kursus in Teorie van Landmeetkunde in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde aangebied.

Die Propagandakomitee van die Universiteit — spesiaal in die jare dertig gestig om fondsinsameling te bevorder en meer studente te werf — het op 19 November 1936 besluit om by die Senaat aan te beveel dat ingegaan moet word op die stigting van 'n Ingenieursfakulteit. Die Senaat het in die vooroorlogse jare dan ook met voorstelle gekom wat egter deur die Raad op 14 September 1939 weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op die lange baan geskuif moes word.

Eers op 8 Mei 1946 is 'n Ingenieursfakulteit weer ter sprake. Die Fakulteit Wis- en Natuurkunde besluit om in te gaan op die moontlikheid van tweedejaarskursusse in die ingenieursvakke as stap in die rigting van 'n toekomstige fakulteit. Die aanvanklike fakulteitskomitee het bestaan uit die rektor, ampshalwe (toe prof. M. C. Botha), die dekaan (prof. W. E. Schilz), proff. W. F. Beezhold (sameroeper), J. S. de Wet, J. S. van der Lingen en A. J. van Tonder.

Op 17 September 1947 benoem die Senaat 'n komitee soos volg: proff. Beezhold (sameroeper), A. J. van Tonder, C. Jacobsz en H. G. Viljoen om op dieselfde aangeleentheid in te gaan. Die Senaat het op 17 Maart 1948 die instelling van 'n Ingenieursfakulteit weer bespreek en die volgende week het die Raad op 23 Maart 1948 die volgende belangrike besluit geneem: „Die Raad spreek hom in beginsel uit ten gunste van die daarstelling van 'n Fakulteit van Ingenieurswese en kyk vooruit na die verwesenliking daarvan, maar besluit dat die konsolidering van reeds bestaande fakulteite nou voorrang moet geniet, en dat, met die oog op die groot bedrae wat vir die konsolidering nodig sal wees, die daarstelling van 'n Ingenieursfakulteit voorlopig agterweë gelaat word, *behalwe* as dit sou blyk dat daar deur heeltemal nuwe geldbronne vir daardie spesifieke doel toegesê, met die oprigting van so 'n fakulteit voortgegaan kan word sonder dat die regmatige behoeftes en uitbreidings van reeds bestaande fakulteite daardeur skade berokken word."

Die Raad het nogtans uit sy midde 'n komitee benoem, bestaande uit drr. F. Meyer, F. J. de Villiers en mnr. C. L. de Bruyn, om saam met die gemelde Senaats-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

komitee 'n Universiteitskomitee te vorm, belas met verdere voorlopige ondersoekwerk. Die saak van die Ingenieursfakulteit het in die omstandighede 'n ruk lank stilgestaan, terwyl die Fakulteit Tandheelkunde waarvoor in Julie 1949 magtiging van regeringskant ontvang is, in 1950 ingestel is en in die daaropvolgende tydperk gekonsolideer is.

Op 20 September 1951 het die rektor, prof. C. H. Rautenbach, 'n komitee aangestel met die opdrag om onder meer aandag te skenk aan „die gelykberegtiging van die Afrikaanstalige op die gebied van ingenieursopleiding en die belangrikheid en voordeel daarvan om die tweede Afrikaanstalige fakulteit te vestig by die Afrikaanstalige universiteitsetel met die grootste Afrikaanse studentebevolking en die meeste aanknopingspunte vir 'n ingenieursopleiding."

Die komitee het bestaan uit lede van die voormalige Senaatskomitee t.w. die rektor (ampshalwe), proff. Beezhold (sameroeper), C. Jacobsz, A. J. van Tonder, H. L. de Waal, dekaan van Wis- en Natuurkunde, met byvoeging van proff. B. V. Lombaard, A. L. Meiring, mnr. J. A. Vorster (hoof van Landbouingenieurswese), dr. H. J. Nel, prof. W. E. Schilz en later prof. H. Verleger en dr. J. C. Vogel. Dr. A. J. A. Roux wat aanvanklik as skakel met die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien het, is in November 1951 ook op die komitee benoem.

'n Aparte komitee word op 20 November 1951 deur die rektor benoem vir noukeuriger beplanning en berekening van geboue, toerusting, personeel en die koste van 'n fakulteit. Die komitee was proff. Jacobsz (sameroeper) en Beezhold saam met mnr. J. A. Vorster en die aangewese tegniese adviseur (mnr. F. W. Meerkotter).

Intussen was daar belangrike ontwikkelinge. Eerstens het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in medewerking van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in 1952 'n opname onderneem oor die bestaande en verwagte ingenieurstekort. Die uitslag het op die noodsaaklikheid gedui dat daar 'n tweede Afrikaanstalige fakulteit moes kom. Daarna kom die Instituut vir Siviele Ingenieurs met 'n eie ondersoek en met 'n vingerwysing na 'n moontlike setel vir so 'n Afrikaanstalige fakulteit. Vervolgens word dit duidelik dat Pretoria binne afsienbare tyd die grootste studentetal van alle Suid-Afrikaanse Universiteite sou hê.

Op grond van die genoemde ondersoeke kon die rektor in April 1952 aan die pers sê dat die vyfde ingenieursfakulteit in die land die Universiteit van Pretoria toekom. Sterk vertoë sou gerig word tot die Hollowaykommissie, aangesien die ondersoeke getoon het dat teen 1960 daar 60% meer ingenieurs in die Unie opgelei sou moes word om aan die land se behoeftes te voldoen. Net een uit sewe ingenieurstudente het in 1952 opleiding in Afrikaans ontvang, aldus die rektor. Daar was 'n groot agterstand aan tegniese en ingenieursopleiding en Pretoria kon sy aanspraak versterk met die feit dat 46% van alle studente in die Afrikaanstalige universiteite hier studeer.

Die Fakulteit Wis- en Natuurkunde het voor die Hollowaykommissie getuienis afgelê en in Augustus 1952 in sy notule aangeteken: „Hierdie fakulteit (Ingenieurswese) wat ons glo in volks- en landsbelang, na die Universiteit van Pretoria moet kom, sal gedurende sy eerste bestaan deur ons fakulteit geloods en gesterk moet word."

Hierdie hulp was nog nie dadelik nodig nie. Die Hollowayverslag van Mei 1953 het geen verwysing na 'n ingenieursfakulteit vir Pretoria bevat nie. Op 22 Oktober 1953 het die Raad dit aan die bestaande komitee opgedra om alles in sy vermoë te doen om die instelling van die Fakulteit te bevorder. Die komitee het vervolgens 'n volledige motivering ingedien wat deur die rektor verwerk is en met begeleidende brief onder datum 20 Januarie 1954 aan die Sekretaris van Onderwys gerig is vir voorlegging aan die Minister van Onderwys, mnr. J. H. Viljoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In hierdie kragtige vertoë van die Universiteit is veral die nadruk gelê op die kultuur-geografiese distribusie van die bevolking wat die aansprake van Pretoria begunstig, die agterstand van die Afrikaner in die tegnologiese opleiding, die gunstige geografiese distribusie van nywerhede, die gunstige aanknopingspunte binne die Universiteit wat verwante studierigtings betref en die aanwesigheid van 'n gunstige nywerheidsmilieu, insluitende Yskor, die W.N.N.R., Brandstofnavorsingsinstituut, Koedoespoort-spoorwegwerkswinkels en dergelyke ondernemings. Die Minister is gevra om in beginsel te besluit ten gunste van 'n ingenieursfakulteit vir die Universiteit van Pretoria.

Terwyl die eerste private geldelike toeseggings al in die eerste helfte van 1954 vir die toekomstige fakulteit begin binnekom, het die saak op finansiële grond by die minister bly steek. Daar moes eers 'n begroting van kapitaalbehoeftes en beskikbare fondse verstrek word, voordat die minister bereid sou wees om oor die beginsel te besluit en die finansiëringsplan aan die kabinet voor te lê.

Daar was aanduidings dat die globale kapitaalbedrag liefs nie £500,000 te bowe moes gaan nie. In Junie 1954 het prof. Jacobsz en die tegniese adviseur na toegespitste arbeid, beplanning en berekening met 'n hersiene kapitaalbedrag gekom wat, omdat dit oor die £500,000 was, buite bereik gelyk het. Weer was daar noukeurige herbeplanning en herberekening. Met inagneming van die onsekerheidselemente is die bedrag onder 'n halfmiljoen gebring vir 'n fakulteit met ses departemente en beplan vir 600 studente. Dit was 'n geweldige stuk werk om hierdie realistiese syfer te bereik sonder gevaar van onderskatting.

Met hierdie raming in gedagte het die Raad op 16 September 1954 in beginsel die stigting van 'n Ingenieursfakulteit goedgekeur, onderhewig aan die minister se toestemming. Terselfdertyd is besluit dat daar intensief voortgewerk sou word om gegewens te versamel om 'n akkurater beraming van kapitaalkoste te verkry. Daar is ook 'n vergrote komitee benoem om betreklike groot bedrae as skenkings by die Stadsraad van Pretoria en ander goedgesinde instellings aan te vra. Die komitee het bestaan uit die rektor, prof. C. H. Rautenbach, mnr. C. L. de Bruyn, die registrateur (mnr. Martin Smuts) met mnr. B. Q. Wessels as sekretaris en dr. F. Meyer, gekoöpteer om die Goudprodusentekomitee te nader.

Die komitee het groot sukses gehad. Boaan die lys van skenkings het die naam van die Stadsraad van Pretoria gestaan met 'n reuseskenking van £100,000: die stad se gulle geaabr in sy eeufeesjaar 1955 teenoor die Universiteit van Pretoria. Daarmee het die Stadsraad sy aanspraak bo alle ander skenkers bevestig as die grootste donateur van die Universiteit.

Die S.A. Yster- en Staalkorporasie (Yskor) het £30,000 geskenk. Benewens kleinere skenkings het in die loop van 1955 nog £5,000 van die Stadsraad van Pretoria-Noord bygekom, £25,000 van die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese en £10,660 deur die skakelbeampte van die Universiteit ingesamel, 'n totale bedrag van £172,210 wat 'n gelyke bedrag aan regeringsubsidie sou verdien. Met 'n verwagte staatslening daarby was die finansiëring bevredigend beplan van 'n Ingenieursfakulteit wat volgens skatting £550,000 sou kos, voorsiening vir 600 studente sou maak, maksimaal 80 per jaar sou kon aflewer en ses departemente (Meganies, Siviel, Elektrotegnies, Metallurgies, Chemies-tegnologies en Mynboukundig) sou bevat, met byvoeging van die bestaande departement Landbouingenieurswese as sewende departement.

Die Universiteitskomitee is deur die Senaat in die loop van 1955 verder uitgebrei met die toevoeging van die departementshoofde van Fisika en Chemie, waardeur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

prof. L. J. le Roux, wat nie voorheen sitting gehad het nie, bygekom het. Prof. B. de Loor word deur die Raad benoem. 'n Onderkomitee oor leerplanne was reeds aan die gang en op 31 Augustus 1955 is voorlopig besluit dat 'n vierjarige leerplan ingestel sou word.

Van die minister was daar intussen nog geen antwoord nie, selfs nie toe die akademiese jaar al byna sy einde bereik het nie. Die rektor het die geleentheid gehad om in dié stadium die Eerste Minister, adv. J. G. Strijdom, persoonlik te nader. Op 6 Desember het die gunstige beslissing van die kabinet geval. Dit was 'n blye oomblik toe mnr. J. H. Viljoen, Minister van Onderwys, die aand van 7 Desember 1955 die rektor per telefoon meegedeel het dat die saak geslaag het.

Hoewel die regeringsbesluit in die reses van die Universiteit gekom het, is daar by voorbaat gesorg dat met die oprigting van die Fakulteit geen vertraging sou kom nie. Daar was 'n gevolmagtigde komitee wat op 15 Desember vergader het. Ondanks die late datum en die onsekerheid wat nog oor die tweede studiejaar 1957 bestaan het, is besluit dat die inskrywing van eerstejaarstudente vir die drie hoofrigtings, Meganiese, Siviele en Elektrotegniese Ingenieurswese, aan die begin van 1956 sou plaasvind. Met behulp van die departement Landbouingenieurswese, tydelike dosente en hulp van buite sover dit laboratoria aangaan, sou die saak gebolwerk word.

Onder voorsitterskap van prof. J. A. Vorster was op 15 Desember 1955 — 'n gedenkwaardige datum in die geskiedenis van die Ingenieursfakulteit — aanwesig die rektor, prof. C. H. Rautenbach, prof. C. Jacobsz, dr. F. J. de Villiers en die tegniese adviseur, mnr. F. W. Meerkotter.

Sonder versuim is die argitek en bourekenaars vir die aanstaande Ingenieursgebou se eerste twee blokke benoem. Gedurende die somerreses is reeds hard gewerk aan planne. 'n Subkomitee vir leerplanne en beplanning het dadelik begin funksioneer.



Die rektor (prof. C. H. RAUTENBACH) *in gesprek met die Eerste Minister, Sy Edele adv.* J. G. STRIJDOM, *tydens die ingebruikneming van die Ingenieursgebou, 6 April* 1957.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die komitee was proff. J. A. Vorster (voorsitter), J. Goudriaan, B. de Loor, C. Jacobsz, H. A. W. Verleger, W. F. Beezhold, H. L. de Waal, mnr. W. Maré (hoof van die departement Landmeetkunde), dr. A. J. A. Roux (van die afdeling Ingenieurswese van die Fakulteit Wetenskap en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie, werktuigboukundige ingenieur), dr. K. Steyn (konsulterende siviele ingenieur), mnr. D. P. J. Retief (ook van die Suid-Afrikaanse Akademie, tewens hoofingenieur van die Departement Pos- en Telegraafwese, elektrotegniese ingenieur) en mnr. F. W. Meerkotter (tegniese adviseur van die Universiteit). By die eerste vergadering is al kennis geneem van die regeringslening wat oor die jare 1956, 1958 en 1961 versprei sou word en die aanvulling van tekorte op lopende uitgawes wat die Regering sou aanvul oor die tydperk 1957—1963, met tegemoetkomings aangaande die rentetekort op toegestane lenings. Dit was in die geheel besonder gunstige finansiële voorwaardes. Die komitee het ook sy reëlings voorlopig getref om die eerste studiejaar in 1956 te laat begin, om in 1957 tydelike stappe te doen vir die praktiese werk en in 1958 sowel teoreties as prakties op volle toere te werk in die derde jaar.

Daar is ook aanbeveel dat 'n „Adviserende Senaatskomitee vir Ingenieurswese" aangestel moet word met die funksies van 'n fakulteitsraad tot daar vir Ingenieurswese 'n fakulteitsraad gekonstitueer sou word. Hierdie aanbeveling het die Raad op 12 April 1956 aanvaar. Vanselfsprekend het die Fakulteit Wis- en Natuurkunde 'n oorwegende rol gespeel in hierdie Senaatskomitee (wat uit dieselfde lede as die eerste komitee bestaan het) en die funksies van 'n fakulteit tydelik oorgeneem het.

Hierdie komitee was verantwoordelik vir die fundamentele advies rakende geboue, leerplanne, personeelaanbevelings en dergelike aangeleenthede. Die voorsitter was ook lid van die Uitvoerende Komitee van die Senaat.

Aan die begin van die akademiese jaar 1956 het die rektor die eerste groep Ingenieurstudente toegespreek. Daar was 64 vir die drie hoofrigtings en hulle het alle onderrig behalwe Ingenieurstekene in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde ontvang. Praktiese opleiding is teen die einde van 1956 by die Pretoriase Tegniese Kollege gereël en intussen het eerstejaars onder leiding van die departement Landbouingenieurswese gewerk.

Op 8 November 1956 is die adviserende komitee ontbind met dankbetuiging veral aan sy gekoöpteerde lede van buite en prof. J. A. Vorster wat as voorsitter 'n groot aandeel in die totstandkoming van die Fakulteit gehad het. As eerste dekaan is prof. C. A. du Toit deur die passaamgestelde fakulteitsraad gekies.

In 1957 is by die drie departemente Meganiese, Elektrotegniese en Siviele Ingenieurswese ook die departement Landmeetkunde gevoeg met 34 studente wat die totaal op 188 te staan gebring het. Landbouingenieurswese het as vyfde departement bygekom in 1958 toe dit uit die Fakulteit Landbou oorgeplaas is met behoud van bestaande fasiliteite op die Proefplaas en sitting in die Fakulteit Landbou.

Met ingang 1958 is deur die Raad ook 'n vierjarige graadkursus Bedryfsingenieurswese as 'n vertakking van die Meganiese goedgekeur en die studentetotaal in die Fakulteit het tot 344 aangegroei, waarvan 217 eerstejaars was, 'n getal heelwat hoër as waarvoor met die instelling van die Fakulteit beplan is.

Die jaar 1959 het verdere uitbreiding meegebring. Van die drie nuwe departemente is Chemiese Ingenieurswese en Metallurgiese Ingenieurswese volgens die oorspronklike beplanning ingestel. Weens die geringe inskrywing is egter nie met die departement Mynbouingenieurswese begin nie. Naas bestaande kursusse is van die begin van 1959 ook nagraadse kursusse in Dorps- en Streekbeplanning (wat sedert 1957 onder bespreking was) in die departement Landmeetkunde aangebied. Hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

studie lei tot 'n meestersgraad (in 1959 nog alleen vir gekwalifiseerde landmeters) of 'n alternatiewe diplomakursus.

Die studentetal van die Universiteit se jongste Fakulteit het van die oorspronklike 64 (1956) gestyg tot 469 aan die begin van 1959. By die eerste twee blokke van die Ingenieursgebou wat op 6 April 1957 amptelik in gebruik geneem is, het in 1958 die Swaarmasjienlaboratorium gekom en in 1959/60 die aanbou van die blokke C.I. en C.II by die hoofgebou om die departemente te huisves wat van 1959 af ingestel is. Vir die toekoms word as gevolg van verhoogde studentetalle ook voorsiening gemaak vir huisvesting van tot 1,000 studente in plaas van die berekende 600 en sommige gedeeltes van die bestaande en beplande geboue sal tot ses verdiepings uitgebrei kan word.

Die eerste grade B.Sc. (Ingenieurswese) sal in April 1960 toegeken word.

DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT INGENIEURSWESE

C. A. DU TOIT, *B.Sc. (Pret.)*, *B.Sc. (Ing.) (Rand)*, van Maart 1957 af.

DIE DEPARTEMENTE

LANDBOUINGENIEURSWESE (1920)

In 1917 is al ten tyde van die stigting van die Landboufakulteit 'n departement Landbouingenieurswese aangevra. In 1919 word 'n lektoraat goedgekeur in die Landboufakulteit. Die eerste bekleër was A. J. van Tonder wat destyds student in Kalifornië was en in Februarie 1920 diens aanvaar het. Voor sy vertrek uit Amerika het hy van die Raad 'n klein toekenning vir reiskoste ontvang om fabrieke te besoek wat landboumasjinerie vervaardig met die oog op aankope vir sy departement. Die vak is aanvanklik net aan landboustudente gedoseer, maar is mettertyd tot 'n volwaardige studierigting uitgebou. Van 1934 is daar 'n vierjarige leergang in Landbouingenieurswese ingestel wat gelei het tot die B.Sc. (Agric.)-graad.


In 1939 is 'n professoraat ingestel waarin mnr. Van Tonder bevorder is. Weens die groei van die departement is in 1939 as lektor aangestel J. A. Vorster (oudstudent) wat pas sy studie in Iowa voltooi het.

In 1940 is besluit om 'n ingenieursgraad in die plek van die landbougraad toe te ken. In 1944 is die eerste vier grade B.Sc. (Agric. Ing.) toegeken en van die einde van 1959 sal die graad B.Sc. (Ing.)-Landbou die vroeëre benaming vervang om aan te pas by die ander ingenieursgrade van die Universiteit.

Prof. A. J. van Tonder het aan die einde van Junie 1950 afgetree, maar het tot die einde van die jaar nog as departementshoof aangebly en daarna in tydelike hoedanigheid as lektor tot 1955. Hy was nie alleen die stigter en bouer van die departement nie, maar het ook na sy aftrede 'n werksame aandeel gehad aan die oprigting van die Ingenieursfakulteit.

As opvolger van prof. Van Tonder is J. A. Vorster van 1951 af as departementshoof aangestel. In 1955 is hy tot professor bevorder. Sedert 1949 het prof. Vorster op die verskillende beplanningskomitees vir die Ingenieursfakulteit gedien en in Junie 1956 in opvolging van prof. C. Jacobsz voorsitter geword van die Adviserende Senaatskomitee wat die Ingenieursfakulteit beplan en opgerig het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



A. J. VAN TONDER (geb. 1890).

LANDMEETKUNDE (1955)

Van sy aanstelling in 1920 het A. J. van Tonder (later professor) van die departement Landbou-ingenieurswese aan landboustudente Landmeetkunde gedoseer. Aspirantlandmeters het van hierdie klasse gebruik gemaak om hulle voor te berei vir die eksamens van die Gemeenskaplike Komitee vir Professionele Eksamens (G.K.P.E.).

Van 1921 af is daar ook vermelding van lesings in Landmeetkunde binne die departemente Wiskunde en Toegepaste Wiskunde waar prof. A. E. du Toit en prof. E. T. G. Sherwood lesings in Wiskunde en Sterrekunde onderskeidelik aan diegene gegee het wat hulle vir die G.K.P.E.-eksamens voorberei het.

Later het prof. J. P. Duminy saam met prof. Van Tonder die werk voortgesit, en naas Wiskunde vir landmeetstudente ook Boldriehoeksmeting en Sterrekunde gedoseer. Van 1942 tot 1946 het prof. J. S. de Wet van die departement Wiskunde op sy beurt met die hulp aan studente vir die landmeterseksamens voortgegaan.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het 'n akute tekort aan landmeters in die Unie ontstaan. Die Fakulteit Wis- en Natuurkunde het, toe die instelling van landmeterskursusse aan die Universiteit oorweeg is, op 27 Oktober 1943 'n verslag behandel van 'n komitee (proff. A. J. van Tonder, J. S. de Wet, H. L. de Waal en mnre. D. J. Fourie en T. H. Louw) wat onder andere inligting van praktiserende landmeters ingewin het. Hierdie komitee het aanbeveel dat kandidate voorberei moet word vir alle eksamens voorgeskrywe deur die G.K.P.E. Die aanbeveling is aanvaar en die doseerwerk in Wiskunde, Boldriehoeksmeting en Sterrekunde is opgedra aan W. Maré (oudstudent) van die departement Wiskunde.

Dit was prof. C. Jacobsz wat hom van 1946 onvermoeid beywer het nie net vir die behoud van hierdie opleiding nie, maar om die Universiteit ook eksaminerende liggaam te laat word deur die instelling en erkenning van 'n graad in Landmeetkunde.

In 1946 word 'n Senaatskomitee benoem waarin landmeter H. P. Botha en proff. J. S. van der Lingen, A. J. van Tonder, F. E. Plummer, W. E. Schilz en C. Jacobsz gedien het. In sy verslag van 18 Desember 1946 (wat die basis van die latere departement sou vorm) het die komitee die ongerymdheid beklemtoon dat studente tot geen klaswerk of universiteitseksamens verplig word nie en tog slaag in die eksamens wat namens die G.K.P.E. afgeneem word, sonder waarborg van professionele bekwaamheid en tot moontlike skade aan die goeie naam van die Universiteit.

Daar is dus universiteitsleergange in die Landmeetkunde aanbeveel en die behoefte benadruk aan opleiding in Afrikaans. 'n Vierjarige B.Sc. (Landm.)-kursus is voorgestel, 'n driejarige Diplomakursus en 'n aparte departement onder leiding van 'n senior lektor. Deur onderhandelings oor professionele erkenning van die kursusse het ver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

traging voorgekom. Prof. Jacobsz moes eers omvangryke briefwisseling met die G.K.P.E. en ander beherende instansies voer voor die erkenning van 'n graad in Landmeetkunde verkry is.

Van die begin van 1949 is toe slegs die vierjarige kursus ingestel wat sou lei tot die graad B.Sc. (Landm.). As lektor is aangestel W. Maré en Landmeetkunde sou voorlopig nog as afdeling van die departement Wiskunde beskou word.

In 1951 is mnr. Maré tot senior lektor bevorder en in 1955 het hy hoof geword van die selfstandige departement Landmeetkunde wat aan die begin van 1957 van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde na hierdie Fakulteit oorgeplaas is.

Die eerste grade in Landmeetkunde is in April 1953 toegeken. Van die begin van 1959 is studente vir die magistergraad, die nagraadse diplomakursus in Landmeetkunde en die Diploma in Stads- en Streekbeplanning ingeskryf.

In die departement was teen 1959 drie lektorate, al drie deur gekwalifiseerde landmeters beklee.

Siviele Ingenieurswese (1956)

Van 1 September 1956 is as professor in die Siviele Ingenieurswese aangestel mnr. D. W. de Vos wat toe distriksingenieur van die S.A. Spoorweë op Watervalboven was.

In die departement is sedertdien twee senior lektorate en drie lektorate geskep.

Meganiese Ingenieurswese (1956)

As eerste professor in Meganiese Ingenieurswese is met ingang 1957 aangestel mnr. C. A. du Toit (oudstudent) wat ten tyde van sy aanstelling inspekteur van Tegniese Kolleges was in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en voorheen senior lektor in die Fakulteit Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch. Prof. Du Toit is in 1957 as eerste dekaan van die Fakulteit gekies.

In 1959 was in die departement — wat van 1958 ook die Afdeling Bedryfsingenieurswese omvat — drie senior lektorate en drie lektorate.

Elektrotegniese Ingenieurswese (1956)

Op 1 November 1956 het mnr. F. G. Heymann die eerste professoraat in hierdie departement aanvaar. Tot sy aanstelling was hy lektor in die departement Elektrotegniese Ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Daar was in 1959 in die departement twee senior lektorate en twee lektorate.

Metallurgiese Ingenieurswese (1959)

Hoewel die departement eers van die begin van 1959 bestaan, is reeds in 1957 as dosent in Metaalkunde en medeprofessor in die departement Meganiese Ingenieurswese aangestel dr. W. G. Leemann wat in September 1957 uit die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë getree het, waar hy 35 jaar as hoofskeikundige en hoofmetallurg werksaam was.

Dr. Leemann is van 1959 tot professor en departementshoof bevorder. **(Kort voor publikasie van hierdie Gedenkboek is prof. Leemann op 4 Maart 1960 oorlede.— Red.)**

Die kursus in Chemiese Ingenieurswese is in 1959 ingestel en vir dié departement sal in Augustus 1960 die eerste professor en departementshoof benoem word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK VI

BUITEMUURS

DIE BUITEMUURSE AFDELING VAN DIE T.U.K.

DIE instelling van 'n Buitemuurse Afdeling was in 'n groot mate te danke aan die bemoeiinge van prof. W. A. Macfadyen (die eerste wat buitemuurse lesings begin gee het) en prof. A. C. Paterson. Terwyl hy registrateur was en veral na hy in 1918 rektor geword het, het prof. Paterson hom besonder vir die instelling van hierdie afdeling beywer. Hy het 'n aantal invloedryke sakemanne laat belangstel en hulle tot geldelike steun beweeg; van die Transvaalse Onderwysdepartement het hy tydelike akkommodasie verkry. By die Senaat moes ten slotte veel oortuigingswerk gedoen word om die gedagte aan buitemuurse opleiding te laat inslaan. Dit het hy ook reggekry.

Dr. J. E. Holloway, nog een van die stigters van „Buitemuurs", vertel in sy herinneringe *) oor die ontstaan en beginjare soos volg:

„Van die begin van sy bestaan het die T.U.K. buitemuurse klasse in die Regte aangebied. In 1918 is daar ook 'n reëling gemaak met die Transvaal Society of Accountants om klasse in Rekeningkunde te gee. Die deeltydse dosente was advokate en 'n rekenmeester. Die doel van die studente by altwee die rigtings was egter nie bloot akademies nie. Dit was veeleer om die kwalifikasies te verower vir professionele beroepe. Daar was geen voltydse dosente nie.

„In 1918 het die Raad besluit om 'n nuwe ontwikkeling te loods in die rigting van Handel en Administrasie. Dit was 'n tyd van nypende armoede en die enigste voltydse pos wat bekostig kon word, was dié van 'n senior lektor in Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis. In die pos is ek aangestel en ek het my werksaamhede aanvaar na die wintervakansie van 1919. Professor W. A. Macfadyen, professor in Wysbegeerte, het aan die begin van die jaar 'n graadkursus in Ekonomie begin gee en ek het dit in Julie van hom oorgeneem. Daar was ses studente wat hulle vir die volle graadkursus ingeskryf het. Daar was ook 27 studente wat die kursus in Rekeningkunde gevolg het. Van hulle het 'n aantal later ook graadkursusse gevolg.

„Ons het begin met 'n gebrek aan sowat alles — dosente, klaskamers, biblioteek, geld. Ek was in die eerste jare die enigste voltydse dosent wat sy aandag hoofsaaklik aan die Buitemuurse Afdeling kon wy. Daarby moes ek nog die gewone kursusse binnemuurs gee. Die ander werk is gedoen deur verskeie dosente wat origens hoofsaaklik binnemuurs gedoseer het.

„In 1920 is mnr. S. R. Barnes, wat ook as rekenmeester gepraktiseer het, as deeltydse lektor in Rekeningkunde en Ouditkunde aangestel. Hy kon meer tyd aan die Kollege wy as sy voorganger. Ons twee was dus die kern van die nuwe Handelsfakulteit. Dit was die bedoeling van die begin af dat ek, as voltydse dosent, ook my aandag moet bestee aan die ontwikkeling van die nuwe afdeling. Professor Wm. Pittman en ander advokate het intussen voortgegaan met die juridiese afdeling op 'n deeltydse basis.

*) Memorandum in 1959 opgestel en hier in verkorte vorm opgeneem.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„Die T.U.K. het oor geen lokaal in die stad beskik nie. Dit was ook nie doenlik om die klasse in Brooklyn te hou nie. Die eerste graadklas in Ekonomie is in die sitkamer gehou van 'n huisie wat ek tydelik te huur gekry het in Minnaarstraat. Deur goedwilligheid van die Transvaalse Departement van Onderwys, en die direkteur sir John Adamson (wat ook raadslid was) kon ons die kamers gebruik van die Commercial High School (nou Hamiltonskool) in Visagiestraat. Die skoolbanke was egter soms 'n bietjie knap vir die groot mans wat ons klasse bygewoon het.

„In 1920 was daar dadelik 'n groot uitbreiding van ons studentetal tot 86 en die volgende jaar was daar 130. Daar was ook 'n dosyn studente in die Lettere en meer as sewentig in die Regte. Die Buitemuurse Afdeling was toe omtrent so groot soos die hele T.U.K. vyf jaar tevore was.

„Daar was 'n spesiale rede vir die toename in die studentetal. Dit was die depressie na die Eerste Wêreldoorlog en vir baie jongmanne was die staatsdiens omtrent die enigste werkkring wat oop was. Buitendien is die onderwys van baie jongmanne deur militêre diens onderbreek en was daar vooruitstrewendes wat hulle kwalifikasies wou verbeter. Destyds het die Staatsdienskommissie ook vir elke geslaagde jaar op die Universiteit 'n ekstra kerf in die salarisskaal toegestaan. Ons het dus begin met uitstekende materiaal, jongmanne wat op skool goed gepresteer het, 'n bietjie ryper was as die gemiddelde matrikulant en gewillig was om na 'n dag se werk op kantoor tot laat saans klasse te loop en te studeer.

„Die Kollege moes ruimte en personeel verskaf. Maar vanwaar die geld? Ons het maar deurgesukkel. In 1920 is 'n persoon aangestel wat 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die afdeling gespeel het. Dit was dr. (later senator) Edgar H. Brookes en dit is sprekend vir die finansiële benardheid van daardie jare dat hy oorspronklik aangestel is as lektor in die Klassieke! Later kon ons hom egter voltyds in die Buite-



Die Erasmusgebou op Kerkplein (links), 'n vroeë foto na die ooste geneem, met Meintjeskop op die agtergrond.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

muurse Afdeling opneem en hy was in die jare toe ek dekaan was (1920—1924) my grootste steun en 'n bron van inspirasie vir baie van ons beste studente. Ek wil ook volmondig getuig dat Edgar Brookes, 'n man van Walliese afkoms, ons Afrikaners baie goedgesind was en aan die Afrikanersaak aan die Kollege baie waardevolle dienste bewys het. Professor S. R. Barnes het aan baie toekomstige rekenmeesters 'n deeglike onderrig gegee in die vakke wat hy gedoseer het. Hy was jarelank een van die groot kragte in die Fakulteit. Die deeglikheid van sy opleiding van rekenmeesters was welbekend.

„Voorlopig het ons klasruimte gevind in 'n reeks kantore en twee monster-vertoonkamers in die Erasmusgebou op Kerkplein wat in 1959 gesloop is. Dit was baie armoedige huisvesting en soms moes 'n deel van die klas buite op die balkon sit met hulle aantekeningboeke op die knie, omdat daar binne eenvoudig nie ruimte was nie.

„Die lokale was in baie opsigte ondoeltreffend maar daarin het jongmanne wat later belangrike betrekkings in die diens van die volk beklee het, hul eerste universitêre opleiding in Pretoria gehad. Alhoewel die vloer nou nie juis 'n dansvloer was nie, het ons daarin danspartye gehou om 'n bietjie sosiale lewe onder die studente in te voer en daarin is debatte en ‚mock trials' gehou. Daar het dan ook gou 'n werklike studentesamelewing ontstaan.

„In die eerste jare was daar baie kritiek teen die klasse van die kant van meer gevorderde staatsamptenare wat self geen universitêre opleiding gehad het nie en smalend daaroor gepraat het. Daar was ook naywer van die kant van minder ambisieuse amptenare omdat geslaagde studente hulle in die rangorde van die staatsdiens verbygeloop het. Die waarde van die opleiding het hom egter gou openbaar. Toe die Unie 'n buitelandse diens begin opbou het, was die Buitemuurse Afdeling voorwaar 'n uitkoms. Daarsonder sou daar nie genoeg manne van breër akademiese opleiding gewees het om na die buiteland te stuur nie. 'n Hele reeks buitemuurse studente is na die buitelandse diens oorgeplaas. In departemente waar meer gevorderde akademiese opleiding al hoe meer noodsaaklik geword het, het die buitemuurse studente die leemte aangevul."

By hierdie mededeling van dr. Holloway oor die eerste jare van Buitemuurs hoort ook die naam van prof. Macfadyen. Na sy oorlyde in Oktober 1924 is sy besondere aandeel in die oprigting van die afdeling in dankbare herinnering gehou deur 'n besluit van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie in Februarie 1925: „That it is desirable, in view of the great services rendered by the late professor Macfadyen that the main hall in the new Building be named the 'Macfadyen Memorial Hall'." Die Raad het hierdie voorstel goedgekeur. Na die voltooiing van die Vermeulenstraatgebou het die Macfadyensaal van 1926 tot 1959 'n belangrike aandeel in die sosiale lewe van Pretoria en Buitemuurs gehad as vergaderplek vir opvoerings, voorlesings, kuns- en ander uitstallings en van 1948 as biblioteek en leessaal vir die buitemuurse studente. Paslik is dit dat na baie jare die naam van W. A. Macfadyen in 1960 na die nuwe buitemuurse biblioteek in Proesstraat oorgedra is.

Dit is algemeen betreur toe prof. J. E. Holloway in Februarie 1925 sy professoraat neergelê het om Direkteur van Sensus te word. Die buitemuurse Studenteraad het spesiaal afskeid van hom geneem op 'n vergadering waar hy gehuldig is vir die besondere werk wat hy vir Buitemuurs gedoen het. Kort hierna het hy sy plek op die Kollegeraad ingeneem waar hy tot 1932 voortgegaan het om die belange van die buitemuurse studente te bepleit. In 1958 het hy na lang afwesigheid weer na die Raad van die Universiteit teruggekeer.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uitgaande van die standpunt dat die Buitemuurse Afdeling nader aan die algemene lewe staan — en behoort te staan — as die gewone universitêre inrigting, is daar van die begin reklame gemaak vir die afdeling, veral onder staatsamptenare, en is daar van die begin af openbare lesings gereël waar die publiek direk in aanraking met die universiteitslewe kon kom. Een van die eerste lesings van dié aard is in Augustus 1923 deur W. H. Clegg, direkteur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, in die Erasmussaal gehou onder voorsitterskap van J. W. Jagger, Minister van Spoorweë en Hawens.

Propaganda van dié aard het daartoe bygedra dat die studentetal vinnig begin toeneem het en in een stadium byna die binnemuurse studentetal ingehaal het. Teen 1925 was daar 312 studente; in 1926 het die getal op 356 te staan gekom, in 1927 op 338, in 1928 op 318 en in 1929 op 341. Dit het dadelik probleme geskep wat die administrasie, die biblioteekdiens en die huisvesting van die Buitemuurse Afdeling betref.

Daar was onvoldoende administratiewe werkkragte om die toestroming van studente behoorlik te reguleer. Prof. E. H. Brookes het aanvanklik persoonlik met die administrasie gehelp en daar is af en toe 'n amptenaar van die T.U.K. na die stad gestuur om te help met inskrywings en rekeninge, maar dit was nie voldoende nie. In 1923 is toe 'n oudstudent, W. P. E. Stokes-Waller, as assistent-registrateur aangestel en verantwoordelik gemaak vir die „Administrative work in connection with Extra-Mural Classes", maar benewens hierdie taak het hy nog 'n hele paar ander werksaamhede gehad — onder andere was hy in beheer van korrespondensiekursusse — sodat die administrasie ook in sy tyd nie op peil gekom het nie. Stokes-Waller was egter 'n vaardige skrywer en sy artikels in die pers het baie daartoe bygedra om die Buitemuurse Afdeling by die algemene publiek bekend te maak.

Na sy dienste in 1925 beëindig is, word van Februarie 1926 as toesighoudende klerk, bibliotekaris en opsigter van die Buitemuurse Afdeling mnr. Walter Abernethy aangestel. Hy was 'n pligsgetroue en hardwerkende amptenaar, en gewilde figuur aan Buitemuurs tot sy aftrede in 1946, maar die veelheid van take het meegebring dat sekere gedeeltes van die werk aan die begin nie na behore behartig kon word nie.



WALTER ABERNETHY (1881 — 1952).

Dit was veral die geval met die buitemuurse biblioteekdiens waar daar van meet af aan gebou moes word.

Vir die eerste aantal jare was daar vir die meeste kursusse geen boeke beskikbaar nie. En toe dit later stadig, baie stadig, aangegroei het by wyse van skenkings en skraal toelaes, was daar weer nie opgeleide biblioteekkragte nie. Al was die buitemuurse registrateur ook opgelei, kon hy onder geen omstandighede die tyd naas sy administratiewe pligte vind om ook nog die biblioteek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te behartig nie. Dit is die besondere verdienste van prof. E. H. D. Arndt dat hy van 1925 deur kritiek en voorligting en ook deur eiehandige nagtelike arbeid die klein biblioteek so goed as dit kon in orde probeer bring het. Nogtans het dit die nimmereindigende kommer van prof. Arndt gebly dat die buitemuurse student nie die biblioteekdiens kry waarop sy inskrywingsgeld hom geregtig maak nie.

Die Erasmusgebou op die noordoostelike hoek van Kerkplein waar van ongeveer 1920 kamers vir die buitemuurse klasse gehuur is, was nooit bevredigende akkommodasie nie. Met swak meubilering en slegte beligting — een kamertjie was onder die studente bekend as die „Black Hole of Calcutta" — is die handelsklasse voortgesit. In 1921 word altesame vyf kamers gehuur en daar word besluit dat die regsklasse van prof. Wm. Pittman wat nog in kamers in Tudorgebou gehou is, ook na die Erasmusgebou moes kom.

Die gebou kom as sentrum van die Buitemuurse Afdeling ten spyte van sy gebreke spoedig onder die aandag van die Pretoriase publiek. 'n Uithangbord is so opgestel dat dit van Kerkplein af gelees kon word. Die Erasmussaal, die een groot lesingsaal in die gebou, het gedien vir openbare byeenkomste waar die publiek in aanraking met die buitemuurse studente gekom het. In hierdie saal het die studente selfs sosiale funksies gehou om geld vir 'n nuwe gebou in te samel.

Die idee van 'n eie gebou is in 1923 onder die aandag en word veral bepleit deur mnr. Charles Maggs, 'n vermoënde en invloedryke sakeman wat destyds ook lid van die T.U.K.-raad was. Reeds in Februarie hierdie jaar is besluit om 'n opsie te neem op 'n stuk grond in Vermeulenstraat wat aan die firma Lewis en Marks behoort het. Die Kollege het, soos gewoonlik, nie voldoende fondse gehad nie en dit duur meer as 'n jaar voordat die Raad mnr. Maggs magtig om die terrein aan te koop. Hy slaag daarin om af te ding op die prys en skenk self die eerste £1,000 van die koopsom aan die T.U.K. Die res van die koopsom is bygebring deur die Pretoriase



Die Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat soos dit in 1925 *gelyk het.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kamer van Koophandel en die Raad van die T.U.K. Die koop van 'n gedeelte van Erf no. 281, Pretoria, is dus op 9 Junie 1924 gesluit.

Die buitemuurse dosente (proff. Pittman, Holloway en Macfadyen) en mnr. Stokes-Waller het intussen op 26 Mei 1924 in prof. Pittman se kantoor bymekaargekom om die gebou te beplan. By dié geleentheid het prof. Macfadyen 'n saal op die tweede verdieping voorgestel, die saal wat later sy naam sou dra.

Die finale bouplanne is deur die Departement van Openbare Werke opgestel en veral mnr. Alex Pease (in 1959 nog in diens van die Departement) was daarby betrokke.

Die gebou van twee verdiepings is met 'n regeringslening opgerig. By geleentheid van die hoeksteenlegging deur mnr. Charles Maggs op 2 Mei 1925 het ook die T.U.K. se raadsvoorsitter, dr. H. P. Veale, die pasaangestelde rektor, dr. N. M. Hoogenhout, en die eerste dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, dr. J. E. Holloway, die woord gevoer.

Met die bouwerk is vinnig gevorder. Die ingebruikneming van die Vermeulen-straatse gebou — van ongekunstelde ontwerp in die Renaissance-boustyl — is op 17 April 1926 deur die Administrateur van Transvaal, mnr. J. H. Hofmeyr, waargeneem. In die ingangsportaal is weerskante teen die muur twee wapenskilde van metaal met die „T.U.C."-monogram aangebring. Dit was twee van die vier wat by die sloping van die Johannesburgse hoofgebou van die oorspronklike T.U.K. deur die rektor van die Johannesburgse School of Mines aan die T.U.K. geskenk is.

Teen 1928 word al verneem dat die nuwe gebou te klein is. Ten spyte van hierdie gesonde groei van Buitemuurs was dit vir baie 'n skok, toe daar in die verslag van die Van der Horstkommissie van ondersoek na die posisie van universitêre onderwys in 1928 teen buitemuurse universitêre onderrig te velde getrek is. Daarin word onder meer aanbeveel „that the faculty of Commerce at Pretoria should be restricted and that the T.U.C. should act as a 'feeder' to the Witwatersrand University." Ook word aanbeveel dat buitemuurse studente nie toegelaat moet word om 'n graad te behaal nie. Dit het skerp reaksie uitgelok onder andere van die dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, prof. E. H. D. Arndt. Die Raad van die T.U.K. sowel as die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika het ook skerp te velde getrek teen die Van der Horstverslag en op 'n inter-universitêre konferensie wat in Januarie 1929 op die Van der Horstverslag gevolg het, is van owerheidsweë die aantygings teen die Buitemuurse Afdeling van die T.U.K. grotendeels herroep.

DIE VERSKUIWINGSGEDAGTE (1923 — 1956)

WAARSKYNLIK is van die vroegste begin van „Buitemuurs" daaraan gedink om die klasse na die hoofterrein van die T.U.K. te laat verhuis. Die vervoer-probleem was destyds egter reeds iets wesenliks. Daar was nog geen tremroete tot by die Kollegeterrein nie. Busdienste was uiters skaars en motorvervoer gering. In 1923 al is die eerste memorandum opgestel wat die moontlikheid van verskuiwing beslis afkeur. Dit was afkomstig van prof. S. R. Barnes en is deur prof. Holloway ingedien. Daarin word geskerm vir die behoud van die Handelsfakulteit in die stad en 'n eie gebou in die stad bepleit liewer as verhuising na Brooklyn.

Die studente — die grootste gros was staatsamptenare wat in die Uniegebou gewerk het en 80% van die buitemuurse studente het wes van Leydsstraat gewoon — het eendragtig die vervoerprobleem geopper as beswaar teen verskuiwing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit is gewoonlik net in tye van 'n tekort aan lesinglokale dat die moontlikheid van verskuiwing oorweeg is. Nadat die gebou in Vermeulenstraat in 1926 klaargekom het, was daar vir 'n paar jaar genoeg ruimte en almal was oënskynlik tevrede. Teen 1928 was daar alweer gebrek aan ruimte en dit het die argumente oor verskuiwing in herinnering geroep.

Op 18 Augustus 1928 dien daar 'n memorandum deur professore D. Pont, E. H. D. Arndt en A. J. Norval oor „the Name and Future of the Extra-Mural Faculties," maar wat in wese weer oor die verskuiwingskwessie gaan. Dit is ook enigsins beïnvloed deur die reedsgenoemde Van der Horstverslag. Daar word aangevoer dat die T.U.K. nog 'n onaansienlike rol in Pretoria speel, dat daar geen werklike band is tussen buite- en binnemuurse studente nie en dat dit in werklikheid twee eenhede is met die Normaalkollege as derde eenheid, almal losstaande en teenoor mekaar staande sonder enige *esprit de corps*.

Die kragte behoort gekonsolideer te word (aldus die drie professore) en die volgende word voorgestel: daar moet pogings aangewend word om die Normaalkollege en die Girls' High-skoolterreine en geboue te laat omruil, sodat die Normaalkollege dan volkome by die Universiteitskollege ingelyf kan word. Buxton- en Sonoptehuise moet na die Kollegeterrein verskuif word en daar moet 'n sentrale eetsaal gebou word waar almal saam kan eet. Ten slotte moet die Buitemuurse Afdeling verskuif word, die Vermeulenstraatgebou moet verkoop word teen 'n som wat gebruik kan word om 'n koshuis vir buitemuurse studente op die Kollegeterrein op te rig.

Daar is verder uitgewei oor die voordele van so 'n sentralisasie op en om die Brooklynterrein: die benaming „Buitemuurs" sal verval: „The present rivalry, jealousy and competition, also the inferiority and superiority complex will disappear." Deeltydse studente sal dan ook in 'n werklik akademiese atmosfeer kan beweeg; dit sal hulle vakkeuse wyer maak; dit sal die administrasie vereenvoudig en die rektor weer in staat stel om 'n oorsig oor die geheel te kan kry.

Die Fakulteitsraad van Handel en Publieke Administrasie het die memorandum simpatiek ontvang en dit na die ander twee Buitemuurse Fakulteite, die van Regsgeleerdheid en Musiek, vir 'n gesamentlike bespreking verwys. Dié gedeelte wat die studente aangaan, is na die V.S.R. verwys.

Veral word daar op dié tydstip pogings aangewend om die naam „Buitemuurs" (Extra-Mural) met 'n ander naam te vervang. Name soos „T.U.C. Central Building", „T.U.C. Vermeulen Street", „Macfadyen Hall" en „Town Block" is oorweeg. Toe die saak 'n paar weke later voor 'n gesamentlike vergadering van die Fakulteit Regsgeleerdheid, Musiek en Handel bespreek is, is die naam „Law and Commerce Block" gekies. Verder is net algemene besluite geneem: dat 'n sterker eenheidsgees onder die studente aangemoedig moet word en dat 'n koshuis vir regs- en handelstudente naby die Kollegeterrein wenslik is, maar dat die ander punte van die memorandum later verder bespreek sou word. Belangrik is ook hier die aanbeveling dat daar 'n „central S.R.C. organisation" gestig moet word.

Die saak rus voorlopig, maar net die volgende jaar is die ruimtetekort weer ernstig. Daar word weer met mening op die verskuiwingsplan teruggekom.

Op 14 Junie 1930 het die dekaan, prof. Arndt, 'n memorandum oor die „Proposed Removal of Extra-mural Faculties to Brooklyn" op 'n vergadering van die Fakulteit van Handel en Publieke Administrasie ingedien. Op uitnodiging was ook die dekane van die Fakulteite Regsgeleerdheid en Lettere en Wysbegeerte teenwoordig. 'n Lewendige bespreking het hieruit voortgevloei en aangesien die menings taamlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gelykop verdeel was, is besluit dat elke kant sy eie verslag sou opstel om dit na die Senaat deur te stuur. Ten gunste van verskuiwing het gestem proff. Arndt, Pont, Norval en dr. B. de Loor, teen verskuiwing: proff. Barnes, Brookes en Lestrade. Proff. Brookes en Norval word versoek om die twee verslae op te stel en hulle doen dit op deeglike wyse. By prof. Norval se verslag was 'n byvoegsel aangeheg deur die dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, prof. D. Pont, wat die aangeleentheid suiwer vanuit die akademiese oogpunt betrag wat volgens hom die swaarste moet weeg.

'n Verskuiwing na Brooklyn sal vir die studente (en dosente) die voordeel inhou van 'n akademiese sfeer, beter kontak met aanverwante studierigtings en aanverwante lektuur. Uit die oogpunt van die Fakulteit Regsgeleerdheid gesien (aldus prof. Pont) sou hierdie fakulteit nooit sy hoogste diens aan die gemeenskap kan lewer nie solank dit 'n buitemuurse fakulteit bly met hoofsaaklik deeltydse studente — hulle wat twee here probeer dien.

Toe hierdie verskuiwingskwessie onder die aandag van die laaste Raad van die T.U.K. op 23 September 1930 gekom het, is besluit om by die nuwe Raad van die Universiteit van Pretoria aan te beveel om 'n komitee te benoem wat die saak moet ondersoek. „The extra-mural classes have come to stay (so skryf prof. Edgar H. Brookes in 1930 oor „Buitemuurs"). They give the University of Pretoria many valuable gifts — a body of students a little more mature and experienced than is the average University student, and outlook that is as wide as the national boundaries, an intimate connection with the daily life of the town where the University is situated, a philosophy of education which keeps pace with the latest developments of twentieth-century university life oversea, an opportunity to secure for the daily task of administration a corps of men who will govern South Africa on liberal, tolerant and efficient lines. To throw away or to despise these things would be the greatest folly. To foster and strengthen this great activity must be a part of any satisfactory policy for the new university".

Namate die depressie sy floers digter oor die ekonomiese lewe van die land uitgesprei het, word aan verskuiwing gedink eerstens as 'n besparingsmaatreël. Om dié rede was die rektor, prof. A. E. du Toit, sterk ten gunste daarvan. 'n Tweede beweegrede was ruimtevoorsiening wat op hierdie tydstip nog nie so dringend was nie. In die derde plek was daar prinsipiële oorwegings.

Dit word weerspieël in die uiteenlopende standpunte wat die drie Fakulteite — Regsgeleerdheid, Lettere en Wysbegeerte, en Handel en Publieke Administrasie — wat by Buitemuurs betrokke is, in die loop van die tydperk tot 1956 inneem met betrekking tot die waarde van en doelstellings met die universitêre opleiding Buitemuurs. Was dit die plig van die Universiteit om die kateder te bring na die amptenaar en stedelike werknemer, of moes hy na die kateder kom op dieselfde plek en in dieselfde omstandighede as enigiemand anders? Was die handhawing van 'n akademies bevredigende peil van onderrig verenigbaar met die duplisering van lesings buitemuurs? Was 'n werkende, en dikwels rondtrekkende, deeltydse student in staat om ooit meer as 'n bloot utiliteitsopleiding te bekom? Moes die voltydse student wie se potensiële geleenthede vir gevorderde en nagraadse studie soveel groter was, die voorkeur kry bo die deeltydse? Dit was die vrae waarop die fakulteite elk na sy insig geantwoord het. Dat daar heelwat meningsverskil was, spreek vanself. Die Fakulteit Regsgeleerdheid was die enigste wat deurgaans 'n konsekwente standpunt gehandhaaf het sover dit sy eie werksaamheid betref, en wel teen die uitbouing van Buitemuurs. Die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie wat in der waarheid ook grondlêers van Buitemuurs was, het die handhawing daarvan heftig verdedig tot 1953 en was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarna bereid om in die verskuiwing te berus. Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het hom gaandeweg meer aan die kant van verskuiwing geskaar en was verantwoordelik vir die laaste groot poging wat in 1956 misluk het om Buitemuurs na Brooklyn te laat verhuis.

Oor die standpunt van die Buitemuurse studente was daar nooit twyfel nie. Hulle was onwankelbaar in hul trou aan die handhawing van wat vir hulle tot 1959 die werklike Alma Mater sou wees — die Vermeulenstraatse gebou. Daarom het hulle met tussenposes 'n kwarteeu lank gegryp na die wapens van die petisie en die monstervergadering om die Senaat en die Raad onder geen misverstand te laat oor hulle verset teen enige gedagte aan die verskuiwing van Buitemuurs nie.

Die vraag oor die verskuiwing kom van 1931 gereeld ter sprake. Dit was veral die Fakulteit Regsgeleerdheid wat hierby betrokke was. Die dekaan, prof. Pont, was ten gunste van die geleidelike verskuiwing van regsklasse na Brooklyn. Die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie het stelling ingeneem teen enige verskuiwing, ook van Regsgeleerdheid. Die studente het kragtig geprotesteer teen verskuiwing van die regsklasse en die Rooskomitee het hom in 1934 ook teen verskuiwing uitgespreek. Die Raad het nogtans op 15 November 1935 besluit om die Fakulteit Regsgeleerdheid in sy geheel na Brooklyn te verskuif, sover dit sy hoofsetel betref. Sekere kursusse sou by wyse van proefneming in 1936 daar gedoseer word. Oor die ander regsklasse sou aan die einde van 1936 beslis word. Intussen het die dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, prof. E. H. D. Arndt, op 2 November 1935 die Fakulteit se standpunt bevestig dat daar nie verdere verskuiwing moes plaasvind nie.

Die studente het nie sonder meer in die bestaande posisie berus nie. Daar word weer op 16 April 1937 'n massavergadering gehou waar die verskuiwing van die regsklasse naas verskeie ander knelpunte bespreek word. Daarop volg die opstel van 'n lang memorandum wat aan die einde van 1937 by die Raad voorgedra word. Terwyl aan die een kant die Fakulteit Regsgeleerdheid nou openlik die verkoop van die Buitemuurse Gebou vir £30,000 en die gebruik van die opbrengs ten bate van die verskuiwing en huisvesting van buitemuurse studente op Brooklyn aan die hand doen, kom op 1 November 1937 van die nuwe dekaan van Handel en Publieke Administrasie, prof. E. F. W. Gey van Pittius, 'n ernstige pleidooi om Buitemuurs nie aan te tas nie. Liewer as om te verskuif, moes daar nou meer fasiliteite geskep word.

Om tot 'n besluit oor toekomsbeleid te geraak, is 'n komitee onder voorsitterskap van raadslid G. A. C. Kuschke in Desember 1937 benoem wat getuienis aangehoor het en aanbevelings ten gunste van die behoud van Buitemuurs, en die uitbreiding van fasiliteite in Vermeulenstraat gemaak het. Hierdie aanbevelings was die basis van 'n Raadsbesluit van 3 Februarie 1938 waarmee voorlopig die gedagte aan verskuiwing baie jare lank in die doofpot gestop is.

Ongeveer veertien jaar lank het Buitemuurs daarna voortgegaan sonder die skaduwee van verskuiwing op die agtergrond. Toe was dit die dringende ruimteprobleem in die Vermeulenstraatse gebou wat in 1952 die ou spook weer nader gebring het. Intussen is wel in 1940 en 1944 aangebou in Vermeulenstraat en het daar 'n derde verdieping bygekom, maar die getal Buitemuurse studente het van 336 in 1938 gestyg tot 647 in 1948 en (met Argitektuur inbegrepe) 1,109 in 1952 wat in die oorvolle gebou gehuisves moes word en wat teen 'n tempo van 5% elke jaar aan die vermeerder was.

In die eerste helfte van 1952 is die gedagte aan verskuiwing na Brooklyn weer ter sprake en is die Buitemuurse studente oudergewoonte in verset daarteen. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Buitemuurse Studenteraad verklaar hulle eenparig teen 'n oorplasing en noem as grootste beswaar die vervoer van die studente van hul werkplek (nie hul woonplek nie) na die klasse. Hulle stel 20 minute stapafstand van Kerkplein as die maksimum afstand vir 'n toekomstige buitemuurse gebou en skrywe in hul memorandum: „Buitemuurs het al werklik 'n instelling in die middestad geword en aan die Buitemuurse gebou kleef daar al heeltemal 'n sentimentele gehegtheid, want vir baie studente was dit ongeag so min ruimte en gebrek aan fasiliteite hul werklike Alma Mater. Met die verlies van 'n eie gebou word daar dus die vrees gekoester dat Buitemuurs sy identiteit gaan verloor en sy studente net 'n klomp enkelinge gaan word wat geen groepsverband meer het nie."

Wat betref 'n akademiese atmosfeer, so staan daar verder, is dit by die buitemuurse student oor die algemeen nie nodig om 'n stimulerende atmosfeer te skep nie — hy studeer uit eie inisiatief en met doelgerigte deursettingsvermoë, selfs al kom al Pretoria se motorfietse ook in Vermeulenstraat afgejaag! Die trotse prestasie van Buitemuurs is juis by die jaarlikse dinee in 1952 deur meer as een spreker beklemtoon en prof. E. H. D. Arndt het by dié geleentheid 'n indrukwekkende lys name voorgelees van vername staatsamptenare, diplomate en leiers in die openbare lewe wat hulle akademiese opleiding in die Erasmusgebou en in Vermeulenstraat sedert die moeilike beginjare geniet het.

Omdat daar in 1954 en 1955 heelwat verligting in die Buitemuurse gebou gekom het weens die verwydering van die Argitektuurstudente, was daar oor die kwessie van verskuiwing uitstel van vonnis. Intussen het die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie hom al neergelê by 'n moontlike verskuiwing en aan die Raad in Oktober 1953 sy sienswyse meegedeel „dat 'n moontlike oplossing daarin lê dat die Buitemuurse ruimteprobleem opgelos kan word deur verskuiwing na Hillcrest."

Die buitengewone hoë registrasie buitemuurs in 1955 het die toekomsberekenings omvergegooi; die toename was nou minstens 12% per jaar en 'n besluit oor die toekoms van Buitemuurs kon nie langer uitgestel word nie. Daar is aan die begin van 1956 reeds besluit om nie gebruik te maak van die bouperseel ten weste van die bestaande Vermeulenstraatgebou wat die Universiteit in 1953 aangekoop het nie. Die keuse vir die toekoms het dus slegs gelê tussen 'n nuwe gebou êrens in die middestad of verskuiwing.

Aan die einde van Februarie 1956 word die moontlikheid van verskuiwing toe nogeens na vore gebring en wel gelyktydig van die kant van die Finansies- en Eiendomskomitee van die Raad en in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte waar prof. P. J. Coertze onder datum 27 Februarie 1956 'n memorandum inlewer. Die Coertze-memorandum het op 5 Maart voor die fakulteitsraad gedien. Dit was 'n uitvoerige klagstaat teen die Vermeulenstraatse gebou waar „die akademiese inwoners van hierdie gebou vir die grootste gedeelte van die middag en aand mekaar moet verdring en op mekaar se asems moet leef." In beginsel het die Fakulteit hom ten gunste van die verskuiwing van sy eie klasse na Hillcrest uitgespreek.

Die Fakulteite Handel en Publieke Administrasie en Regsgeleerdheid het weer die standpunt ingeneem dat indien daar verskuiwing plaasvind, dit alle Fakulteite moes insluit. Daar moes geen gedeeltelike oorplasing wees nie.

As kampvegter vir die handhawing van Buitemuurs in die stad tree in hierdie stadium weer, soos negentien jaar tevore, prof. E. F. W. Gey van Pittius in die bresse. In sy memorandum van 23 Maart 1956 wat voor die Senaat dien, neem hy die standpunt in dat Buitemuurs 'n plig en 'n diens teenoor die werkende student vervul, nie 'n guns bewys nie. Die amptenarebevolking was weens die oprigting van groot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

openbare geboue en verblyfplekke vir jongmense in die stad oneindig digter daar gekonsentreer as veertig jaar tevore en met die uitvoering van die Holfordskema sou in die buurt van Strubenstraat in die toekoms 'n nog groter konsentrasie van potensiële studente kom. Bowendien moes die buitemuurse tradisie nie verbreek word nie.

Voorlopig het dit egter geskyn of hierdie standpunt dit sou moes aflê teen die voorstanders van verskuiwing. Die Senaat het in Maart 1956 met 48 stemme teen 3 ten gunste van verskuiwing besluit.

Intussen het die Finansieskomitee die moontlikhede van gedeeltelike verskuiwing ondersoek, veral omdat 'n voorgestelde lening van £300,000 om die hele koste van 'n nuwe buitemuurse gebou op te rig deur die Regering nie toegestaan is nie. Op 12 April 1956 het die Raad 'n komitee benoem met opdrag om die hele buitemuurse aangeleentheid te ondersoek. Die rektor, prof. C. H. Rautenbach, was voorsitter en vyf dekane en die voorsitter van die Finansieskomitee van die Raad het in die komitee gedien.

Terwyl die buitemuurse studente, gesteun deur die Vereniging van Staatsamptenare en die Pretoriase Afrikaanse Sakekamer, in April en Mei weer pleit vir die ongestoorde behoud van Buitemuurs, beweeg die raadskomitee in dieselfde rigting. Daar word reeds onderhandel oor opsies oor moontlike boupersele tussen Struben- en Proesstraat — wat later in die jaar dan ook uitgeoefen is — en in die eerste week van Junie 1956 sak die gordyn oor die langdurige buitemuurse kwessie. Daar word besluit om by die Raad aan te beveel dat in die middestad gebou moet word.

Die deurslaggewende faktor by hierdie belangrike beslissing waarmee die akademies geregverdigde ideaal wat deur die meerderheid van die Senaat selfs toe nog gehuldig is, naamlik die konsentrasie van die Universiteit as 'n organiese eenheid in Brooklyn, prysgegee is, was sonder twyfel die begeerte om veral aan die werkende student niks in die weg te lê wat die voortsetting van sy universitêre opleiding of die strewe na sodanige opleiding mag belemmer nie. Die beperkte uitbreidingsmoontlikhede op die Brooklynterrein is terdeë besef en daar is gekies met die wete dat enige ander beleid in hierdie stadium die verdere ontwikkeling van Buitemuurs ernstig aan bande sou lê.


Op die Raadsvergadering van 14 Junie 1956 is die handhawing van Buitemuurs bevestig en daar is tegelykertyd besluit om 'n gebou op 'n terrein in die stad op te rig wat teen 1959 gereed sou wees om die Vermeulenstraatse gebou te vervang. Die gebou is op 17 November 1959 deur die Bouaannemer oorgedra aan die Boukomitee en van die begin van 1960 in gebruik.

GROEI EN HUISVESTING NA 1930

IN die dertig jaar sedert die universiteitswording het die getal buitemuurse studente gestyg van 438 tot 'n beraamde 1,950 in 1960. Dit was, soos 'n ontleding van die statistiese gegewens aantoon, geensins 'n gelykmatige styging nie. Inderdaad was daar as gevolg van die depressie 'n skerp vermindering ná 1930 met 'n laagtepunt van slegs 217 studente in 1933, 'n effense verbetering tot 1935 en daarna in 1936 weer 'n daling na 304. Die syfer van die jaar 1930 is eers weer na 1942 verbygesteek en daar was van die stigting van Buitemuurs in die eerste twintig jaar nie 'n noemenswaardige toename in getalle nie. Die 500-kerf is eers in 1945 bereik en die 1,000-tal in 1954. Daarna is die gemiddelde toename sneller, ongeveer 152 per jaar of 12% van die totaal.

In werklikheid is van 1944 tot 1954 aansienlik meer studente in Vermeulenstraat gehuisves, omdat die departement Bourekenkunde en Argitektuur ook daar gevestig was en deurgaans was daar ook binnemuurse studente wat buitemuurs hul lesings bygewoon het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Groei van die binne- en buitemuurse studentegetalle (1924—1959).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die geskiedenis van Buitemuurs in die jare na 1930 is die verhaal van sowat 'n kwart van die hele studentegemeenskap. Die Vermeulenstraatse gebou met sy oorspronklike twee verdiepings was van die begin af nie ruim nie. Veral die biblioteek was erg primitief ingerig. Daar was net een klein kamertjie en dit sou tot 1941 duur voor nog 'n vertrek beskikbaar was en tot 1948 voor die Macfadyensaal as biblioteek in gebruik geneem is. In 1933 word by die Raad al aanbeveel dat ondersoek ingestel moet word „met spesiale referte tot die gebrek aan ruimte vir klasse, die biblioteekgeleenthede, sowel as tentoonstellingsgeleenthede."

Terwyl die kwessie van die verskuiwing na die Brooklynterrein nog hangende was, het mnr. Charles Maggs (wat met die oprigting van die buitemuurse gebou die grootste, indiwiduele geldelike bydrae gelewer het) weer op 11 Maart 1936 aangebied om vir uitbreiding 'n skenking te doen. 'n Komitee het dus van die ruimtebehoeftes 'n opname gemaak en gerapporteer dat daar benewens 'n biblioteek nog twaalf klaskamers nodig is. Mnr. Maggs is egter op 17 Oktober 1937 oorlede en so het die vooruitsig op 'n skenking vir Buitemuurs verval.

Nadat daar aan die einde van 1937 afgesien is van die verskuiwingsgedagte, word aktief beplan om die nodige middele te vind om die buitemuurse gebou uit te brei. Daar word 'n Buitemuurse Boufonds gestig en 'n propagandakomitee in Augustus 1938 aangewys. 'n Fondsinsameling vir die Universiteit het in hierdie vooroorlogse jare gewoonlik maar 'n karige oes opgelewer. So was dit ook hier. Dus moes daar uit eie beurs gefinansieer word, want die Regering het 'n boulening geweier.

Hier kan terloops vermeld word dat die gebou in Vermeulenstraat nooit 'n vaste naam gehad het nie — inderdaad is dit vandag nog met Buitemuurs die geval. Daar is dikwels van hierdie eerste gebou as die „Macfadyengebou" gepraat, blykbaar omdat die sentrale saal dié naam gedra het. In die Eeufeesjaar, toe naamgewing dwarsdeur die land in die teken van die Voortrekkergeskiedenis gestaan het en ook vir die Universiteit self die naam Voortrekkeruniversiteit voorgestel is, word in Augustus 1938 aan die hand gedoen dat ook Buitemuurs van buite met 'n naam aangedui moet word. Die Senaat het aanbeveel dat bokant die hoofingang net die Universiteitswapen kom en die woorde: „Universiteit van Pretoria. Afdeling Vermeulenstraat". Die Buitemuurse V.S.R. het voorgestel „Andries Pretoriusgebou" of ook die „Eerwaarde Erasmus Smitgebou". Maar die Raad het besluit dat daar alleen geskryf sou word: *Universiteit van Pretoria. Buitemuurse Afdeling.* So het dit gebly solank die gebou in gebruik was.

Op 14 September 1939 is besluit om 'n derde verdieping op die bestaande dubbelverdieping te plaas wat dan eintlik moes dien as huisvesting vir die toekomstige departement Argitektuur en Bourekenkunde. In 1940 is die bouwerk voltooi. Behalwe hierdie aanbou aan die straatfront is agteraan die gebou in 1944 twee lesinglokale bygevoeg. Met hierdie vergrote ruimte moes die gebou die studentetal bevat wat in die dekade 1940 1950 meer as verdubbel het (van 382 na 822) en waarby nog die departement Argitektuur en Bourekenkunde ook getel moet word.

Die ruimteprobleem was aan die begin van 1950 reeds so dat daar spoedig vir permanente of tydelike ruimte voorsiening moes kom. Behalwe die 822 studente van die buitemuurse fakulteite was daar nog 185 Argitektuurstudente. Teen die end van 1951 het die Senaat weer ernstig op meer ruimte vir Buitemuurs aangedring. Terselfdertyd het die gedagte aan verskuiwing na Brooklyn weer lewendig geword en die buitemuurse studente het as verligtingsmaatreël daarteenoor voorgestel dat Argitektuur uit Vermeulenstraat uitgeskuif moet word. Dit was dan ook die oplossing wat in 1954 ter hand geneem is en wat verligting vir sowat vyf jaar gebring het: die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Argitektuurstudente word ontruim na Kerrygebou (1954—1956), na die nuwe Ingenieursgebou en die Klubsaal op die hoofterrein (1957—1959) en na hul eie nuwe gebou in 1960.

Intussen het die soektog na 'n geskikte terrein vir 'n moontlike nuwe buitemuurse gebou begin. Verskeie is oorweeg: Blackwood Villa, die Markplein (by verskuiwing van die stadsmark), die Asiatebuurt (na ontruiming), die Masonic-hotel, die Kunssentrumterrein by die Staatsmodelskool. In Maart 1953 is aan die saak 'n nuwe wending gegee toe die Minister van Lande die waardevolle terrein (Erf 280 en deel van Erf 281) ten weste van die Vermeulenstraatse gebou teen £32,000 aan die Universiteit aangebied het. Die erwe is dadelik gekoop en daar is opnuut oorweeg of daarop 'n doeltreffende gebou opgerig kon word, losstaande of verbind met die bestaande. In 1954 is besluit dat dit nie gerade sou wees om daar te bou nie, omdat die terrein vir onderwysdoeleindes te klein en ook nie gunstig geleë is nie. Nadat die grond deur die minister van serwitute vrygestel is, is dit met 'n ruim wins in Oktober 1956 verkoop en is die Noordvaalgebou daarop in 1958 opgerig.

In die loop van 1954 is in die Buitemuurse gebou 'n herindeling gemaak en in 1955 interne veranderings aangebring wat dit moontlik gemaak het om ten spyte van groeiende ongemak deur onverwags hoë inskrywings en baie groot eerstejaarsklasse die buitemuurse studente nog tot die einde van 1959 te huisves.

Die druk van die groot toename (in die jare 1951—1956 was dit 50% en presies twee keer so snel as die beraming) het in Junie 1956 die besluit meegebring om 'n groot, nuwe Buitemuurse Gebou in die stad op te rig.

Op 14 Junie 1956 het die Raad besluit om sover oos as wat moontlik en prakties is van Kerkplein af ses aangrensende volle erwe geleidelik aan te koop. Met die aankoop van die terrein is onmiddellik begin en wel tussen Proes- en Strubenstraat ten noorde van die Blackwood Villaterrein waar die kantore van die Stadsraad van Pretoria en die stedelike kunsgalery opgerig sou word. Vroeg in 1957 het die sloping begin van woonhuise en geboue op die aangekoopte terrein. Terselfdertyd is die voorlopige ruimtebeplanning deur 'n komitee van die betrokke dekane onderneem. Daar was haas by die saak, want die gebou moes in 1959 voltooi wees en die voorgestelde projek sou die grootste enkele gebouekompleks word wat in die geskiedenis van die Universiteit nog aangepak is. Die model en argiteksplanne was op 11 April 1957 gereed en die geboue is beplan om vir minstens 10 en tot 30 jaar lank ruimte te verskaf. Dit sou behuising aan 3,000 studente bied met reserweplanne om deur uitbreiding (wat neerkom op 'n verdubbeling van die eerste kompleks) uiteindelik op dieselfde terrein 5,000 studente te huisves.

Terwyl die bouwerk al aan die gang was, is in 1958 nog grond aan Strubenstraat aangekoop sodat altesame vyf erwe met 'n oppervlakte van 129,422 vk. vt. beskikbaar is, ook vir toekomstige uitbreiding. Van vroeg in die jaar 1958 het die reusegevaarte van die Nuwe Buitemuurse Gebou begin vorm aanneem. Van die oorspronklik beplande vier blokke A, B, C, en D is met die eerste drie begin. Hoewel die hele kompleks in vereenvoudigde moderne boustyl ontwerp is, is dit veral die massiewe lesingblokke met die twee skuinsliggende eenhede van drie verdiepings op pilare weerskante van die Proesstraatse ingang wat die aandag boei deur 'n argitektoniese karakter enig in sy soort. In hierdie straatvleuel het die meeste lesinglokale 'n hellende vloer. Die lesingkamers is almal op 'n waaiervormige plan uitgelê, deurgaans klankdig, van kunsmatige lugreëling voorsien en ontwerp om aan die hoogste visuele en akoestiese eise te beantwoord. Die 23 lokale wissel van 24 sitplekke tot 383 en word met groot hysbakke bereik. In hierdie twee blokke sal volgens raadsbesluit in een vleuel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Buitemuurse Gebou, Proesstraat.

die name van verdienstelike figure uit die verlede van Buitemuurs aan bepaalde lokale verbind word en die ander vleuel sal vernoem word na die firma Sanlam wat £20,000 tot die boukoste bygedra het.

Ten noorde van hierdie twee blokke en met skuins gange daaraan verbind, staan die sierlike gebou van ses verdiepings wat vernoem is na mnr. C. L. de Bruyn, raadslid en voorsitter van die Finansies- en Eiendomkomitee van die Raad wat in die finansiëring en oprigting van hierdie en ander groot geboue van die Universiteit sedert 1948 'n belangrike aandeel gehad het.

Die De Bruyn-vleuel bevat onder andere op die boonste verdieping die Macfadyenbiblioteek, 'n tak van die Merenskyhoofbiblioteek. Daarin is voorts die rus- en ontspanningskamers vir studente, koffiekamers vir personeel en studente, dekaans- en dosentekantore, komiteekamers, 'n V.S.R.-kantoor en die kantore van die buitemuurse administrasie. In die gebou sal ook die Yskor-instituut vir Bestuur en Administrasie sy tuiste hê.

Met die in gebruik neem van die nuwe gebou in die eerste semester van 1960 ontvang daarin nou byna dieselfde aantal Buitemuurse studente hul opleiding as wat die totale studentetal van die Universiteit van Pretoria in 1943 was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK VII

TERREIN EN GEBOUE

DIE HOOFTERREIN

DIE hoofterrein waarop die universiteitsgebou in Brooklyn tans staan, beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 28½ morg waarvan 'n klein gedeelte aan die suid-oostelike hoek in 1960 nog deur die Weerkundekantoor van die Unie beset word.

Hierdie grond was oorspronklik deel van die plaas Elandspoort (No. 193) wat in Augustus 1941 geïnspekteer is vir J. G. S. (Gert) Bronkhorst en wat die hele stadsgebied van die huidige Pretoria ten ooste van Apiesrivier ingesluit het. Na 1857 is hierdie deel in ses verdeel waarvan Jan François Schutte dié deel besit het wat die latere universiteitsterrein sou bevat.

Van Schutte het James Edward Mears op 22 Julie 1875 die grond gekoop, onderworpe aan sekere serwitute. In sy tyd het dit die naam Sunnyside gekry. Op 20 Junie 1887 is Mears se grond in erwe uitgemeet met die bedoeling om dit as deel van die dorp Pretoria te laat proklameer. Dit het in 1888 geskied, maar tussen Mears en sy bure E. P. A. Meintjes (van Arcadia) en P. J. Kotzé (eienaar van Uitval-grond No. 67, die huidige Brooklyn) het oor serwitute intussen 'n geskil ontstaan wat op so 'n manier in 1889 geskik is dat die staat 'n nuwe proklamasie oor Sunnyside sou uitvaardig „wanneer de Heer Mears alle nog niet in erven uitgegeven grond overig zijnde na deze schikking, op het Gouvernement transporteerd, als weiland en voor (gebruik van) dat gedeelte van het dorp Pretoria als uitgelegd op Sunnyside . . . "

Hierdie weilande, groot 86 morg 448 vk. roedes, het gelê ongeveer tussen die huidige Universiteitsweg en Roperstraat (waar die plaas Uitval-grond No. 67 — Brooklyn — begin het) en van 'n lyn aan die noordekant naastenby die pad tussen die huidige Administrasiegebou en Kollegetehuis tot in die suidekant by Kollegelaan op die rug agter die teenswoordige Boys' High-skool. Dwarsdeur die Mears-weilande het vanouds 'n wapad geloop van die huidige Parkstraat se kant in Arcadia na die ou plaas Hartebeestpoort No. 304 wat 'n eeu gelede al aan die eerste kapt. Struben behoort het. Die pad — later bekend as College Avenue en nou Lynnwoodweg — het die weiveld in twee verdeel, sodat 20 morg 539 vk. roedes aan die noordekant was en die ander 66 morg (tans skoolterreine) aan die suidekant. Aan die westekant is in 1894 die spoorweg na Delagoabaai verby gebou. Dit het die „Sunnyside dorpsgronden" geskei van die res van die staatsgrond wat tot aan Kirkness- en Parkstraat van vandag gelê het.

Die dorpsgronde was dus van 1889 in besit van die regering van die Z.A.R. Na die oorlog van 1899—1902 was dit kroongrond wat kragtens die Crown Lands Disposal Ordinance (1903), Transvaal, aan die stadsraad van Pretoria oorgedra is (in werklikheid is die dokumente vir die formele oordrag eers in 1910 en 1911 voltooi). Ingevolge die Town Lands Ordinance (1904), Transvaal, was een van die voorwaardes dat die grond vir openbare doeleindes aangewend sou word. In 1907 is reeds die deel suid van die Strubenpad (nou Lynnwoodweg) vir onderwys afgestaan en die Boys'

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

High-skool in 1908 in een hoek daarvan gebou. Die resterende 20½ morg was dus nog vry, toe daar in 1909 aan die T.U.K. 'n terrein toegesê moes word.

Toe die Letteregebou en die eerste Chemiegebou in 1910 opgerig is, was die omgewing nog woes en leeg, 'n bult vol doring- en kareebome waarvan na 'n halfeeu net enkeles nog agter die Nuwe Letteregebou en naby die Administrasiegebou te sien is.

Die terreinuitleg, d.w.s. die makmaak van 'n stuk wilde aarde, die opmeting en omheining daarvan, die aanlê van paaie, die aanplant van bome en struike, die beplanning waar 'n gebou of 'n tennisbaan of 'n ander sportterrein geplaas moes word — dit alles het van tyd tot tyd die aandag van die Raad en die Senaat en die betrokke komitees geniet. Uit die gegewens wat beskikbaar is, is dit moeilik om vas te stel hoe alles ontwikkel het. 'n Vaste beleid was daar blykbaar nie. Van tyd tot tyd was terreinplanne onder bespreking en is aan een of ander liggaam of komitee opgedra om dit ten uitvoer te bring, maar wat dan uitgevoer is, kan nie altyd vasgestel word nie. Die planne self kan nie opgespoor word nie.

Spoedig nadat die Kollegeraad die verantwoordelikheid aanvaar het vir die terrein, is in Junie 1910 aan 'n onderkomitee, bestaande uit die here H. Crawford en T. N. de Villiers, opgedra om van die Departement van Openbare Werke uit te vind waar die grense van die terrein is. Hierdie twee raadslede berig in Julie dat die D.O.W. die terrein op 37 morg skat (die skatting was te hoog) en dat dit soos volg begrens is: „on the North by a road recently constructed by the Public Works Department, (dit moes die begin van Burnettstraat gewees het) on the South and West by University Road (d.w.s. College Avenue tans Lynnwoodweg; die teenswoordige Universiteitsweg langs die spoorlyn het nog nie bestaan nie), and on the East by Albert Road" (tans Roperstraat).

'n Terreinplan, deur die D.O.W. opgestel, en die aanplant van bome is na die „Building, House and Equipment Committee" verwys met die aanbeveling dat die Minister van Onderwys gespreek moet word, natuurlik om die nodige fondse toegemeet te kry.

Of daar op hierdie besluit iets gebeur het, is onseker. Byna 'n jaar later, in Junie 1911, berig J. de V. Roos, een van die energiekste lede van die Raad, dat hy, soos aan hom opgedra, saam met die sekretaris van die D.O.W., Charles Murray, die terrein besigtig het en nou wag op nog 'n terreinplan van dié departement. 'n Week later is die plan voor die Raad wat die „centre portion in front of the main building" goedkeur, maar die res daarvan na die Gebouekomitee verwys.

Met boomaanplanting is blykbaar eers in 1912 begin. Toe besluit die Raad om die Bosboudepartement te raadpleeg, maar beveel self aan „that Plane trees be planted in the Avenues in front of the Main Buildings and that Gums be planted on the North, South and Eastern boundaries of the Grounds." Die aanplant het later in die jaar onder die spesiale toesig van J. de V. Roos geskied en met behulp van bandieteарbeid. Die grond was baie hard, dinamiet was selfs nodig om die gate vir die bome uit te skiet. 'n Mens kan jou voorstel dat die dinamietskote 'n welkom afleiding vir die studente in die klaskamers was. Die bome is geplant, party het gegroei, maar die gras voorlopig vinniger. In 1914 moes dr. Engelenburg op die brandgevaar vir die jong bome wys en dit is weer na die betrokke komitee verwys.

Of daar ooit plataanbome voor die hoofgebou geplant is, is twyfelagtig; op die oudste foto's lyk hulle na dennebome; dié wat tans stelselmatig met geelhoutbome vervang word. Die bloekombome op die grense is wel geplant. Maar dit was die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkeerde soort bloekom. Teen 1924 was al so baie dood dat by die Bosboudepartement om raad gevra is. Die raad was dat die *Eucalyptus Viminalis* (wat besig was om dood te gaan), uitgehaal en vervang moet word met *Eucalyptus Polyanthemos* aan die buite- en *Pinus Longifolia* aan die binnekant.

Die opmeting van die terrein het eers in 1912 klaargekom. Die grootte daarvan het toe op 20 morge 539 vierkante roede neergekom en die grond is toe aan die T.U.K. oorgemaak. Soos elders meer uitvoerig beskryf word, het met die totstandkoming van die Landboufakulteit nog 'n stuk grond die T.U.K. toegeval, sodat die terrein sowat 28½ morg in die geheel uitgemaak het.

Die omheining van die terrein is ook 'n onderwerp waarna telkens verwys word, maar presies hoe en wanneer alles gebeur het, is nie uit te maak nie. In Junie 1914 besluit die Raad om sy volgende vergadering spesiaal in die Kollegegebou te hou — in dié dae het die Raadsvergaderings meestal in die stad plaasgevind — om met eie oë te sien hoe die omheining verander of aangevul kan word. Die Senaat se aanbeveling wat toe ook aangeneem is, was „that the road be fenced across at the East and West extremities with a gate at the East extremity as an approach to the Hostel, and that no gate be provided at the West extremity besides that already existing." Die westelike hek is waarskynlik die huidige gedenkpoort.

In 1921 was die omheining blykbaar nog nie, of weer nie, voltooi nie. Toe word die D.O.W. gevra om die hekke aan te bring, aangesien dwalende diere snags skade op die terrein veroorsaak. Drie hekke is toe aangebring, een by die hoofingang teenoor die spoorwegoorgang, een „near the monastery" waarskynlik teenoor die C.B.C.-geboue en een teenoor die Boys' High-skool. Dit was destyds blykbaar die enigste toegange tot die terrein. Die hekke het £415 gekos. Aan die hoofingang is toe twee van die vier metaalskilde met die T.U.C.-monogram wat deur die Universiteit van die Witwatersrand geskenk is, aangebring. Die twee skilde is glo jare later deur die Witsies op een van hulle intervarsitystrooptogte buitgemaak. Of hulle bewus daarvan was dat hulle 'n geskenk teruggeneem het wat volgens die ou gesegde erger as diefstal is, is twyfelagtig.

Intussen het die terrein met die periodieke terreinplanne, meestal van die D.O.W. afkomstig, en die talryke besprekings daarvan en besluite daaroor, sy latere vorm begin aanneem. 'n Sketsplan wat in die jaarboek van 1925 verskyn en wat deur prof. F. E. Plummer en sy studente geteken is, toon die terrein soos dit tot die groot veranderings van die jare vyftig daar uitgesien het. Die aanlê van sportvelde het natuurlik die voorkoms daarvan in 'n groot mate beïnvloed, soos elders aangetoon sal word.

In 1920 het die Senaat baie ernstig onder die indruk daarvan gekom dat die Kollegeterrein nie lyk soos dit behoort nie. Daar is toe 'n terreinkomitee benoem wat sonder geld ook nie veel kon uitrig nie. Daar is toe weer 'n plan onder bespreking en daar word aanbeveel dat die Raad £500 vind vir die uitvoering daarvan. Die Raad het net £100 gevind. In hierdie jare het ook 'n taamlik fantastiese toekomsvisioen in die vorm van 'n terreintekening die lig gesien. Deur wie dit gedroom en geteken is, word nie vermeld nie.


Teen 1930 het die Raad blykbaar besef dat daar 'n bietjie in die toekoms ingekyk moes word. Daar word besluit om £150 as prys uit te loof aan argitekte vir 'n beplanning van die terrein en toekomstige geboue. Na 'n paar maande is die besluit egter weer herroep en is die argitek Gordon Leith versoek om 'n ontwerp teen 'n beloning van 100 ghienies voor te lê. Hy het dit aanvaar maar wat verder hiervan geword het, is nie uit te maak nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die vaal depressiejare is dikwels stryd gevoer oor die spoorwegoorgang by Burnettstraat. Die kwessie begin in 1931 toe die Spoorweë 'n brug wou bou oor die spoor, 'n sogenaamde „ramp" of hellingbrug. Die Universiteit het hom hierteen versit en geëis dat die spoorweg òf diep uitgegrawe moes word, òf heeltemal uit die oostelike voorstede verwyder moes word om oor Eloffsdal na die ooste te loop. Teen 1938 loop die dispuut dood. Die spoorlyn is later wel uitgegrawe en intussen het die studente nog trein gery na „College"-halte, tans „Loftus-Versveld", wat vroeër reg voor die ingang na die Ou Letteregebou gestaan het.


Die Brandstofnavorsingsinstituut het in 1932 by die Raad voorgestel dat die instituut teen nominale koste op die terrein teerpaaie begin lê wat tegelyk as proefnemings met asfaltemulsie sou dien. Daarmee is in 1933 begin en voor Kollegetehuis waar die rooi stof las gegee het, is in 1934 ook 'n teerblad gelê.

Dit was die Landboufakulteit wat vroeg in 1937 die aandag op die verwaarloosde toestand van die Universiteitsterrein gevestig het in 'n mosie waarin die toestand as „betreurenswaardig" bestempel is. By die Raad en Senaat is daarop aangedring „dat 'n voltydse gekwalifiseerde persoon aangestel word om die gronde behoorlik uit te lê en in orde te hou." As protes teen die Senaat se „negatiewe houding" het verskeie dosente — die professore Henning, Ross, Duminy, Hugo, D. E. Malan, L. C. de Villiers, Davel en J. C. Bosman — op 9 April 1937 'n memorandum geskryf waarin verklaar is dat die terrein skandelik verwaarloos is, dat onkruid en opslagseringbome en jong bloekombome groot dele daarvan inneem, dat heinings omlê, onkruid groei waar grasperke en blombeddings moet wees en dat dit veel sal kos om die voetbalvelde en atletiekbaan te herstel. Daar is gepleit dat die terrein „volgens 'n vaste plan uitgevoer word deur 'n persoon wat daarvoor bekwaam is." Bome en struike moet geplant word om by die argitektoniese plan te pas en wat nie pas nie moet verwyder word.




Die Kollegeterrein in die jare twintig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021




1921



1943

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Planne van die Universiteitsterrein in Brooklyn (1921, 1943 *en* 1960).

Sleutel:

A	*Ou Lettere.*
B	*Ou Chemie.*
Ba	*Tegniese afdeling; naturellehuis.*
C	*Sterrewag.*
D	*Kollegetehuis.*
Da	*Kollegehuisvaderswoning.*
E	*Kollege-eetsaal.*
F	*Landbou.*
Fa en Fb	*Aanbouings.*
G	*Ou Wis- en Natuurkunde.*
H	*Weerburo.*
Ha	*Woonhuis.*
J	*Suiwel.*
K	*Ou Klubsaal.*
L	*Administrasie.*
M	*Plantkunde.*
Ma	*Aanbouing.*
N	*Chemie.*
Na	*Aanbouing.*
Nb	*Ketelkamer.*
Nc	*Veeteelt.*
O	*Opsigterswoning.*
P	*Merenskybiblioteek.*
Q	*Liggaamlike Opvoedkunde.*
R	*Nuwe Lettere.*
S	*Nuwe Wis- en Natuurkunde.*
T	*A. E. du Toit-auditorium.*
U	*Aardrykskunde en Huishoudkunde.*
V	*Ingenieurswese.*
W	*Swaarmasjienlaboratorium.*
X	*Aula en Studentesentrum.*
Y	*Argitektuur.*
Z	*Voorlesingsaal en kantore.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Lugfoto van Universiteitsterrein, 1959.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Raad het gehoor gegee. Die oppasser is ontslaan en 'n superintendent is vir die terrein aangestel. Dit het egter nie wondere veroorsaak nie. Die onbeboude dele van die terrein was nog onnet, veral aan die Roperstraatse kant, en in 1942 was daar nog so baie dennebome om af te kap dat die hout teen 25/- per ton verkoop is. Intussen het argitek Gerard Moerdyk in Augustus 1940 weer 'n terreinuitlegplan vervaardig; dit het geen toekomsbeplanning getoon nie, maar die eerste spore van die binnepleinidee voor die Letteregebou is daarop te sien.

Namens die Raad het prof. Davel aan die einde van 1941 onderhandelings gevoer met die Stadsraad van Pretoria wat op 'n ooreenkoms uitgeloop het. Van die begin van 1942 sou die Stadsraad teen betaling van 'n jaarlikse bedrag paaie en sportvelde onderhou en die tuinier van die Universiteit sou onder toesig van die Stadsraad werk. Hulle sou ook vir alle naturellearbeid sorg en 'n moontlike oorskot op die toelaag sou vir verbetering aan die terrein aangewend word. Hierdie ooreenkoms het tot aan die einde van 1949 bestaan. In hierdie tydperk is die beplanning en toesig toevertrou aan 'n gesamentlike permanente komitee wat van 1944 bestaan het. In hierdie jaar het die Raad ook £2,500 gestem om meer teerpaaie en beter beligting aan te bring.

Met die instelling van die departement Liggaamlike Opvoeding in 1946 kom daar aan die suidwestekant van die terrein uitgebreide verbeterings wat in verband met die kursusse en met sport in die algemeen staan.

Na die opsegging van die ooreenkoms met die Stadsraad is die hele beheer van die terrein — insluitende sportvelde wat sedert die einde van 1947 deur die direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding, prof. C. Smit, behartig is — oorgedra aan 'n Komitee van Beheer (met die rektor as voorsitter) wat verantwoordelik is aan die Finansies- en Eiendomskomitee van die Raad.

In 1936 is daar, toe die groot, toekomstige behoeftes van die Universiteit blykbaar nie so duidelik begryp is nie, 'n morg grond in die suidoostelike hoek van die terrein vir die oprigting van die Weerkundekantoor afgestaan. Enkele jare later reeds word besef dat die Universiteit vir die toekoms te min grond sou hê. Op 21 Augustus 1941 word daarom 'n Raadskomitee benoem — prof. M. C. Botha, Gerard Moerdyk en J. Postmus — om van die Stadsraad die stuk grond oorkant Burnettstraat, tussen die Universiteit en die spoorweg, te kry. Die poging loop in September 1942 dood, maar in 1947 soek die Universiteit weer grond en word weer 'n komitee aangestel.

Intussen win die gedagte veld om weens die beperkinge van die huidige terrein en ook om ander redes die weg oop te hou om op die duur gedeeltes van die Universiteit of selfs die geheel na die Proefplaas te verskuiwe. Op 27 Junie 1949 het die Raad hom dan ook in beginsel uitgespreek ten gunste van die uiteindelike verskuiwing van die Universiteit na die Proefplaas. Sedertdien het hierdie voorneme skynbaar op die agtergrond geraak en is daar nog steeds vir die indrukwekkende bouprogram wat onafgebroke van 1949 uitgevoer word, nog ruimte op die bestaande 28½ morg gevind. In 1959 is egter besluit om die nuwe Landboufakulteitsgebou op die Proefplaas op te rig en is 'n begin gemaak met die eerste van 'n reeks manskoshuise in daardie buurt.

Binne enkele jare na 1960 sal die terrein van die Weerkundekantoor ook weer beskikbaar wees en met inagneming van alle omstandighede word beraam dat huisvesting vir die onderwys van 12,000 studente uiteindelik deur sowel vertikale as horisontale aanbou op die huidige terrein moontlik sal wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Binneplein

Met die beplanning in 1953 van die nuwe gebou vir Wis- en Natuurkunde reg ten weste van die Kollegetehuiskompleks, het die boukomitee en die argitek vir terreinbeplanning, prof. A. L. Meiring, doelbewus begin uitvoering gee aan die plan om 'n binneplein met behulp van toekomstige geboue en die bestaande Kollegetehuis en Klubsaal te skep, met die eerbiedwaardige Ou Letteregebou as kopstuk op die hoogliggende terrein aan die oostekant en 'n nuwe ingang aan die westekant waar vroeër tog maar die hoofingang was. Die argitek het dadelik voor die probleem te staan gekom van die ietwat lukraak situering van die Universiteit se geboue. Sedert die bou van die Merenskybiblioteek is van die simmetrie ten opsigte van die Ou Letteregebou afgewyk. Baie geboue is blykbaar willekeurig geplaas en volgens die gril van Raad of argitek in die een of ander styl uitgevoer. Die plasing was dus grotendeels ordeloos en daar is 'n opvallende gebrek aan argitektoniese verwantskap by die geboue van voor 1950.

Die binnepleinidee het na 1953 tot doel gehad die skepping van 'n nuwe sentrum en die afdwing van orde daaromheen in die plasing en aard van die toekomstige ontwerpe. Met die nuwe Wis- en Natuurkundegebou en sy spieëlbeeld, die Ingenieursgebou, is sedert 1953 die boulyn aan weerskante van die westelike ingang tot die binneplein streng bepaal. In die middel van 1955 is selfs besluit dat die ouere geboue, wat voorkoms betref, nie by hul nuwe bure moet afsteek nie. Aan die einde van die jaar is die Klubsaal, Kollegetehuis en sy eetsaal gevolglik met 'n nuwe pleister behandel.


Die beplanning van die binneplein is ook deur die argitek in 1955 voorgelê, Daar is besondere sorg aan die plasing van die toekomstige studentesentrum bestee. sodat dit op die binneplein so weinig moontlik inbreuk sou maak. Die oorspronklike situasieplan is in 1956 selfs gewysig om die Aula agt voet suid vir hierdie doel weg te skuif. Die argiteksplan vir algemene terreinuitleg van 2 November 1956 het ook die verbreding en teer van strate ingesluit waarmee in 1956 'n begin gemaak is. In die loop van hierdie padprogram is die paaie om die binneplein in 1958 voltooi.

Die bekende ou halfmaanmuur en sirkel voor die Letteregebou is verwyder en met plaveisel vervang, met 'n kanon uit die Tweede Vryheidsoorlog as middelstuk onder die vlagpale. Die verbreding van die dwarsstraat na Lynnwoodweg is in die begin van 1959 voltooi.

Deur die voltooiing van die gebou vir Wis- en Natuurkunde (1955), die Ingenieursgebou (vleuel A en B, 1957) en die Aula (1958) is die binneplein-ontwerp behalwe vir 'n verdere vleuel van die Ingenieursgebou voorlopig voltooi en het die waardige Ou Letteregebou sy ereplek herwin as sentrum van die akademiese werf — 'n strelende gedagte vir so baie vir wie die gebou inderdaad die Universiteit self was.

Om die binneplein aan die spoorwegkant af te sluit, is by die nuwe hoofingang deur die argitek 'n toegangspoort ontwerp wat bestaan uit vier suile elk 43 voet hoog. Hierdie toegang is in September 1958 voltooi met dubbele pad tussen die buitenste suile en 'n leë monumentvoetstuk tussen die binneste twee. Teen die suilkante is van noord na suid met gesig na die deurrypaaie vier mosaïeke van gekleurde glas aangebring: die wapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek as simbool van die tydperk toe die universiteitsgedagte in Pretoria gebore is, die wapen van die T.U.K., die wapen van die Unie van Suid-Afrika en die wapen van die Universiteit van Pretoria. Hierdie wapenpoort moes in werklikheid dien om die vyftigjarige bestaan van die Universiteit in Mei 1960 in herinnering te bring, maar is vroegtydig voltooi om die binneplein af te rond.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Ingangspoort met suile.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE GEBOUE VIR DIE ONDERWYS

Die Ou Letteregebou (1911)

DIE argiteksplanne vir die gebou is in die tweede helfte van 1909 saam met dié van die Ou Chemiegebou, ten ooste daarvan, opgestel deur die hoofargitek van die Departement van Openbare Werke, P. Eagle. Die eintlike ontwerper van die gebou was mnr. Cleland wat mnr. Eagle as hoofargitek opgevolg het. Tenders vir die gebou is in Desember 1909 gevra en op 18 Maart 1910 is deur die Departement van Openbare Werke 'n kontrak gesluit met die aannemer J. J. Kirkness vir die som van £47,000, waarvan £32,000 vir die hoofgebou was. Daar is aanvanklik deur die Transvaalse Regering £50,000 beskikbaar gestel, maar J. de V. Roos het genl. Smuts betyds gaan spreek en nog £5,000 gekry.

Hierdie gebou het aanvanklik die hele T.U.K., behalwe Chemie en Fisika, gehuisves. Die besetting daarvan was soos volg: die kamer regoor die ingangsportaal was die Senaatskamer, ook die „common room," of personeelkamer; links daarvan was die tuiste van Duits, Frans en Nederlands; regs weer dié vir Geologie, Grieks, Engels en Latyn. Die sekretaris was aanvanklik in 'n kamer onder, noord van die Senaatskamer; later verhuis hy na die groot kamer bo, reg bo die trap. Daar het die Senaat ook later om 'n tafel hulle vergaderings gehou. Op die boonste verdieping was noord die kamers vir Dierkunde en Plantkunde asook 'n groot lesingsaal vir eerstejaars (Intermediate) wat tot vandag die naam „Intersaal" behou. Op die boonste verdieping was suid die Geskiedenisklaskamer en die biblioteek. In hierdie rangskikking het van tyd tot tyd verandering gekom. Die natuurwetenskaplike vakke is mettertyd uitgeskuif, sodat die gebou in werklikheid 'n „letteregebou" geword het.



Die Ou Letteregebou kort na voltooiing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat die boustyl betref, kan daarop gewys word dat die verskillende Europese boustyle so vryelik in ons land in daardie dae geïnterpreteer is dat dit nie altyd maklik is om 'n besondere gebou aan een van hulle te koppel nie. Die naaste verwantskap wat die Ou Letteregebou vertoon is met die Laat-Renaissanceboukuns in Frankryk. In elke trapvenster van die gebou is daar 'n gekleurde weergawe van die T.U.K.-wapen. Die gebou is in sandsteen uitgevoer en is een van die Pretoriase besienswaardighede.

Die oortrek van die ou Staatsgimnasium in 1911 het vir die studente nogal 'n feestelike karakter gehad. Van die strooi wat vir die verpakking van die meubels gebruik is, het hulle 'n groot mied naas die gebou gemaak en toe van die balkon daarop afgespring — tot die eerste lesings in die nuwe gebou begin het.

Selfs nadat in die jare voor 1930 al ander huisvesting vir Sielkunde, Aardrykskunde, Dierkunde, Plantkunde en Geologie gevind is, het die ou gebou in die jare dertig oorvol begin raak. Bantoeïstiek is in rondawels geplaas maar die biblioteek was tot 1938 nog daar. In 1937 het Opvoedkunde 'n fakulteit geword en in 1938 het Afdeling B by die fakulteit Teologie bygekom terwyl verskeie departemente vinnig uitgebrei het.

Met die voltooiing van die Merenskybiblioteek in 1938 en toe weer van die Nuwe Letteregebou in 1951 het die nodige verligting gekom. Van Januarie 1951 het die ou gebou dus weer ongeveer sy normale besetting gekry. Enkele veranderings van nie-strukturele aard is aangebring. Die ou Biblioteeksaal is in twee afgeskort om die versameling van Volkekunde en Kultuurgeskiedenis te bevat en in 1956 het die Raad ook £2,000 gestem om die geskiedkundige ou Intersaal 'n nuwe voorkoms te gee: 'n akoestiekplafon en vaste banke met 200 sitplekke.

Die Ou Chemiegebou (1911)

Wat sy oprigting betref, val die geskiedenis van die Ou Chemiegebou saam met dié van Ou Lettere. In werklikheid is dit eerste voltooi, teen die begin van 1911, en is dit die oudste gebou op die Brooklynterrein. Waar dit vroeër beskeie agter die Ou Letteregebou geskuil het, staan dit tans heeltemal weggesteek agter latere geboue. Dit kan die eerste van die ou garde wees wat voor die eise van toekomstige ruimtevoorsiening sal moet verdwyn.

Dis ruim en stewig gebou, laag op die grond, 'n utiliteitsgebou in vereenvoudigde Renaissanceboustyl sonder besondere argitektoniese kenmerke. Oorspronklik was dit ingerig om in die een helfte prof. Du Toit Malherbe se departement Chemie te huisves en aan die ander kant die Fisikadepartement van prof. P. G. Gundry. By voltooiing het dit £13,500 gekos.

Omstreeks 1921 het Dierkunde ook na die gebou verhuis en 'n lang, donker vertrek tussen Skeikunde en Fisika betrek, terwyl vir Toegepaste Wiskunde aanvanklik ook binne die gebou 'n tuiste gevind is. Toe in die begin van 1925 die tweede natuurwetenskaplike gebou op die terrein klaargekom het, het die hele gebou die koninkryk van prof. D. F. du Toit Malherbe en sy skeikundestudente geword tot die ingebruikneming van die nuwe Chemiegebou in 1942. 'n Gedeelte van die gebou word nog in 1960 deur die Tegniese Afdeling gebruik.

Die Landbougebou (1920)

Hierdie gebou is die enigste van die Universiteit van Pretoria se geboue wat 'n Kaaps-Hollandse verwantskap vertoon. Dit is onder invloed van Herbert Baker se


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

werk in hierdie rigting deur mnr. J. B. Dey van die D.O.W. ontwerp. Die Kaaps-Hollandse boustyl is egter nie in al sy besonderhede in die gebou deurgevoer nie; alleen die voorgewel dra die verwantskap. Dit is in wit uitgevoer om uit te staan teen die agtergrond van siersteenafwerking. Die gebruikmaking van die gebeeldhoude paneel aan die gewel is baie effektief.

Gedurende die tweede helfte van 1917 het die D.O.W. in opdrag van die Kollegeraad al die eerste tentatiewe planne vir die gebou opgestel, maar ten spyte van die dringende aanbevelings van die Gebouekomitee van die Raad sou dit ruim 'n jaar duur voor met die bou begin is. Volgens die kontrak wat op 17 Augustus 1918 onderteken is, sou die gebou binne twee jaar teen 'n bedrag van £34,945 afgelewer word. Die Eerste Wêreldoorlog en die na-oorlogse ontwrigting het die bouwerk erg vertraag. Eers teen die einde van 1920 kon sommige kamers beset word en in die loop van 1921 het die ander met verdrag klaargekom.

Die opening van die gebou in November 1921 deur die Eerste Minister, genl. J. C. Smuts, was 'n luisterryke gebeurtenis. Vir die oopsluit van die deur is 'n ornamentele sleutel gebruik met die Kollegewapen op die een en die volgende inskripsie op die ander sy: QUO DIE / APUD COLLEGIUM ACADEMICUM / TRANSVALIENSE / IPSIUS AUSPICIIS CONSTITUTUM / IANUS CHRISTIANUS SMUTS / AEDES STUDIIS PROVEHENDIS / QUAE AD AGRICULTURAM PERTINENT / RITE INAUGURAVIT / VIRO OPTUME MERENTI / D D / CURIA ET SENATUS / PRID ID NOV / AN MCMXXI. Genl. Smuts bring by die geleentheid die aandeel van genl. Louis Botha veral in gedagte; die gebou is in 'n groot mate aan die strewe van genl. Botha te danke, beweer hy.

Daar is van tyd tot tyd aangebou. So is spoedig na voltooiing van die gebou in Landbouingenieursaal bygebou wat aanvanklik los daaragter gestaan het. Toe



Die Landbougebou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het weer 'n veeartsenykundige laboratorium bygekom vir die opleiding van tweedejaars-veeartsenystudente. Later, toe die tweedejaars se opleiding na Onderstepoort verskuif is, is die laboratorium vir ander doeleindes gebruik.

In 1923 is 'n vleuel bygebou in oostelike rigting om verder ruimte vir die administrasie te vind; o.a. is ook 'n senaatskamer hier ingerig. Ook het die departement Aardrykskunde nou 'n tuiste in die nuwe vleuel gevind, sowel as Sielkunde en Plantkunde. Toe die departement Huishoudkunde teen die einde van die jare twintig tot stand gekom het, is ook hiervoor in die Landbougebou plek ingeruim.

In die jare twintig kom nog twee landbougeboue tot stand wat, hoewel dit los staan van die hoofgebou, tog deel van die kompleks uitmaak.

Die een was die Insektenavorsingsgebou. Op aandrang van die Uniedepartement van Landbou is spesiale geriewe geskep om navorsing te doen insake die sprinkaanplaag wat die land toe periodiek geteister het, en toe is hierdie geboutjie in 1920 volgens aanwysings van prof. J. C. Faure gebou. Dit het tot 1959 diens gedoen in verband met die afdeling Entomologie.

Die ander is die Suiwelnavorsingsgebou. Na die instelling van 'n departement Suiwelbereiding was die oprigting van hierdie gebou noodsaaklik. In 1922 is die planne van die D.O.W. op aanwysing van prof. Davel daarvoor opgestel en in 1923 is die gebou in gebruik geneem. Dit staan direk ten noorde van die hooflandbougebou en is in dieselfde rooibaksteen uitgevoer.

Teen 1929 is weer £4,000 van die Departement van Landbou gekry vir 'n verdere aanbou daaraan, eintlik vir 'n „completion of the Dairy Research Institute."

Toe die Fakulteit Landbou aan die begin van 1940 by die Departement van Landbou van die Unie ingelyf is, is in die ooreenkoms bepaal dat die hoofgebou die eiendom van die Universiteit sou bly en daar is gereël dat die departemente Aardrykskunde, Sielkunde, Plantkunde en Huishoudkunde nog daar gehuisves sou bly tot ander voorsiening gemaak kon word. Die administratiewe personeel van die Landbounavorsingsinstituut sou later ook daar intrek.

Hoewel al bogenoemde departemente met verloop van tyd uitgetrek het, het die gebou mettertyd nog vir die eise van die Landboufakulteit te klein geword.

As gevolg van hierdie omstandighede het die Raad al in 1954 'n nuwe Landbougebou van die minister gevra. Die reaksie was nie te bemoedigend nie: eers in 1963 sou gebou kon word. Later is die datum tog vroeër gestel.

Aanvanklik was die plan om die nuwe gebou ten noordooste van die bestaande gebou op te rig, maar gaandeweg wen die gedagte in 1958 onder sommige landboudosente veld om die nuwe gebou liewer op die Proefplaas op te rig. Die gevolg was dat die Raad besluit het om in oorleg met die Sekretaris van Landbou-Tegniese Dienste die gebou op die Proefplaas op te rig in een gebouekompleks wat die Fakulteit en die Transvaalstreek sal huisves.

Die terrein wat voorlopig aangewys is, lê aan Lynnwoodweg op die Proefplaas, net oos van die eerste manskoshuis.

Die Tweede Wis- en Natuurkundegebou (1924, 1939, 1943, 1947, 1957)

Op aanbeveling van die Coleman-kommissie is reeds in 1920 £40,000 beskikbaar gestel vir 'n Wis- en Natuurkundegebou, maar die Raad kon om verskillende redes nie tot 'n beslissing kom nie — daar was ook ander moontlike geboue ter sprake — en toe die geld teen Maart die volgende jaar nog nie gebruik is nie, het dit verval.

Toe moes weer van nuuts af by die regering aangeklop word. Die minister, Patrick Duncan, was simpatiek, maar hy kon niks definitiefs belowe nie. In werklik-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

heid was daar eers in 1923 weer geld beskikbaar en eers toe kon 'n begin met die Wis- en Natuurkundegebou gemaak word. Die gebou het teen die einde van 1924 klaar gekom en was werklik 'n uitkoms vir die natuurwetenskaplike departemente.

Op die eerste verdieping is aan die westekant die departement Dierkunde gehuisves en aan die oostekant die departemente Geologie en Entomologie. Op die onderste verdieping was aan die westekant die Fisikadepartement van prof. Gundry en aan die oostekant die Wiskundedepartement van prof. A. E. du Toit.

Van voorkoms is die Ou Wis- en Natuurkundegebou nie opvallend nie. Dit is in 'n vereenvoudigde Renaissance-boustyl ontwerp en sluit aan by die Ou Chemiegebou.

Aan die gebou is telkens aangebou, die eerste keer in 1939 om meer ruimte te verskaf aan Dierkunde, Fisika en Geologie, en die tweede in 1942 om huisvesting te verskaf aan Fisiologie en Anatomie toe die fakulteit Geneeskunde gestig is. Hiermee is 'n vierkant toegebou en die argitekte, Moerdyk en Watson, het die aanbou wat styl betref by die ou gebou laat aanpas. Dit was ook die geval met die volgende, 'n vleuel aan die noordwestekant om aan Huishoudkunde meer ruimte te verskaf. Hierdie keer was Burg, Lodge en Burg die argitekte.

In die loop van 1954, toe die Nuwe Wis- en Natuurkundegebou byna klaar was, is 'n grootskaalse herindeling van ruimte en die nodige veranderings in die ou gebou oorweeg. Die herindeling het £13,000 gekos en is byna onmiddellik gevolg deur planne vir die oprigting van 'n gebou vir Aardrykskunde en Huishoudkunde wat saam met die bestaande Huishoudkundevleuel die drie sye sou vorm van 'n tweede vierkant aan die westekant van die oorspronklike gebou.

Die toevoeging teen 'n beraamde koste van £55,000 is ontwerp deur Brian Sandrock. Die bouwerk het aan die einde van 1956 begin en die drieverdiepingvleuel van siersteen in moderne styl is op 29 Julie 1957 in gebruik geneem.

Die Chemiegebou (1943, 1955, 1959)

Met die instelling van die fakulteit Geneeskunde is groot eerstejaarsklasse ook in Chemie verwag en daarom is in 1942 'n nuwe Chemiegebou beplan. In die moeilike oorlogsjare het dit 'n besondere poging van die rektor, prof. M. C. Botha, geverg om die nodige boumateriaal te bekom.

Die argitekte, Moerdyk en Watson, het 'n gebou in moderne boustyl ontwerp, afgewerk met geriffelde siersteen, „soos die Sanlamgebou". Op 17 Oktober 1942 is die twee hoekstene gelê, een deur dr. H. J. van der Bijl, die kanselier, en die ander deur prof. M. C. Botha, die rektor. Die gebou het sonder toerusting £49,000 gekos wat, behalwe uit skenkings en die staatsbydrae, uit die Mediese Fakulteitsfonds aangevul is.

Dit was voorlopig net twee verdiepings hoog en het die vorm aangeneem van kantore en laboratoria om die drie departemente Fisiese, Organiese en Anorganiese Chemie te huisves, met daaragter aan die oostekant drie groot waaiervormige lesingsale met hellende vloer, die grootste op die begane grond vir 500 studente en twee direk daarbo vir 250 studente elk.

Weens die groot toename in die studentetal is in 1956 die suidervleuel in ooswaartse rigting bygebou.

Binne twee jaar het die reusegetalle in die Chemiedepartemente en die behoeftes van Biochemie en Chemiese Ingenieurswese verdere uitbreiding vereis. Daar is besluit om oor die hele gebou 'n derde verdieping te bou teen 'n beraamde koste van £70,000 wat in 1959 voltooi is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Plantkundegebou (1940, 1959)

Plantkunde het as een van die oudste departemente wat al in 1908 ingestel is, sy eerste huisvesting gehad in die Ou Gimnasiumgebou in Proesstraat en daarna in die Ou Letteregebou. Professor H. A. Wager het die departement na die Landbougebou geneem waar eers prof. Bremekamp tot 1931 en daarna prof. Elbrecht gewerk het.

Dit was veral prof. Barend Elbrecht wat van 1932 af op onvermoeide wyse geywer en geld ingesamel het om vir Plantkunde beter huisvesting te vind. Die depressiejare het die oprigting van die gebou egter vertraag en intussen het die professor die terrein wes van die Administrasiegebou wat vir Plantkunde uitgekies is, versier met rotstuine en 'n generies-uitgelegde Karootuin.

Na nog 'n dringende memorandum van prof. Elbrecht is in 1939 aan die argitekte Moerdyk en Watson opgedra om 'n gebou vir Plantkunde te ontwerp. Die hoeksteen van hierdie siersteengebou (wat in oorleg met prof. Elbrecht beplan is) is deur die rektor, mnr. C. F. Schmidt, op 10 April 1940 gelê en later in die jaar in gebruik geneem. Dit was op hierdie stadium 'n dubbelverdieping in L-vorm met die vleuel aan die westekant. In 1955—1956 is vir Plantkunde 'n glasplantehuis (deur Strauss Brink ontwerp) teen 'n koste van £3,300 opgerig.

Die vergrote studentegetalle het in die jare vyfti guitbreiding noodsaaklik gemaak en toe is, volgens die plan van argitek J. Mazureik, aan die oostekant nog 'n vleuel aangebou wat in 1959 klaargekom het.

Die Plantfisiologiese Navorsingsinstituut (1947, 1949, 1953)

Lank voor sy in 1944 die opvolger van prof. Elbrecht geword het, het prof. Margaretha Mes haar in die besonder beywer vir plantfisiologiese navorsing en in 1946 spesiaal in Amerika die inrigting van plantfisiologiese laboratoria bestudeer.

Haar pogings word bekroon toe in 1947 die eerste van drie laboratoria gebou is wat ten slotte in lae, onopvallende geboue agter die Plantkundegebou gehuisves is. Met die beplanning en ontwerp van die tweede gebou, die laboratorium vir klimaatstudies, wat in 1949 gebou is, was die eerste tegniese adviseur, mnr. H. W. Bateman, ten nouste gemoeid en na sy dood in Desember 1950 is dié laboratorium na hom vernoem.

Die laboratorium vir plantbiochemiese navorsing wat in 1953 klaargekom het, dra die naam van dr. Bertha Stoneman, hoof van die voormalige Hugenotekollege op Wellington, in lewe self 'n plantkundige van naam, uit wie se nalatenskap die plantfisiologiese navorsing aan die Universiteit ten dele bekostig word.

Die hoeksteen is op 2 Mei 1953 deur prof. dr. Johanna Westerdijk van Nederland gelê, terwyl die Bateman-gedeelte terselfdertyd deur die rektor, prof. C. H. Rautenbach, geopen is. In Oktober 1953 is die Instituut vir Plantfisiologiese Navorsing voltooi na pogings wat oor ruim twintig jaar gestrek het.

Die Instituut vir Patologie (1945)

Met die stigting van die departement Bakteriologie en Patologie in 1943 het dr. Pijper toegestem om as hoof daarvan op te tree mits 'n eie gebou voorsien word. Weens oorlogsomstandighede kon die gebou eers in 1945 klaarkom teen 'n koste van £135,000 wat later met nog £6,000 verhoog is, toe ook proefdierstalle aangebring is. Die argitekte van hierdie siersteengebou was Moerdyk en Watson. Dit staan naby

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Algemene Hospitaal op 'n stuk grond van die oorspronklike Donkiekamp wat die Regering aan die Universiteit geskenk het en is geleë tussen die Louis Bothatehuis, Beatrixstraat en Rivieraweg.

Op die oomblik huisves die gebou die departement Patologiese Anatomie met sy eie afdeling Chemiese Patologie (die afdeling Hematologie is by die Hospitaal ondergebring), Mikrobiologie (voorheen Bakteriologie) en Farmakologie. Daar is twee hooflesingsale, 'n biblioteek, 'n afdeling vir die sterilisasie en bereiding van media en 'n kelderverdieping met teater vir patologiese anatomie. Die Instituut lewer roetine-laboratoriumondersoek vir die Hospitaal, Weskoppiesgestig en privaatpraktisyns en maak ook voorsiening vir 'n uitgebreide navorsingsprogram waaronder tans ressorteer die Merenskyprojek vir Kankernavorsing. Die nagraadse navorsingslaboratorium dra 'n naamplaat om die groot bydrae te gedenk wat van die Helpmekaarvereniging in 1943 vir die Fakulteit Geneeskunde ontvang is.

Interessant is 'n aantal spreuke van groot meesters van die vak wat aan die mure in die gebou aangebring is — 'n gelukkige gedagte van prof. Pijper.

Die Kliniese Gebou (1946)

Met die instelling van die fakulteit Geneeskunde is daar eers ruimte vir die voorkliniese jare voorsien deur die bou van 'n nuwe Chemiegebou en uitbreiding van die gebou van Wis- en Natuurkunde vir die huisvesting van Anatomie en Fisiologie. Verder is beoog 'n Kliniese Gebou by die Algemene Hospitaal wat in 1944 die eerste gevorderde klasse moes huisves.

Die rektor, prof. M. C. Botha, en die Raad het besonder moeite gedoen om die oorlogstydse moeilikhede van beheer oor boumateriaal, ens., te oorkom maar daar kon net nie betyds gebou word nie. Vir die 65 derdejaarstudente moes daardie jaar elders tydelike voorsiening gemaak word. Eers in Maart 1944 is prof. A. L. Meiring en C. F. Lodge as argitekte aangestel. Die ontwerp wat hulle gekies het, was 'n moderne gebou van siersteen met 'n sentrale gedeelte wat bestaan uit twee komvormige lesingsale, die een op die ander geplaas, en albei steil-aflopend sodat uit elke sitplek daar 'n duidelike blik is op die pasiënte wat op stootbeddens binnegebring word.

Die bouwerk is onder die oorlogtydse koste-plus-reëling onderneem en onder strenge toesig van die Boukomitee. Op Saterdag, 16 Mei 1945, is die twee hoekstene gelê deur die administrateur, genl. J. J. Pienaar, en R. A. Kerr, voorsitter van die Hospitaalraad. In 1946 is die gebou in gebruik geneem.

By wyse van aanbou is in 1956 ook die Biblioteek vir Geneeskunde as deel van die Kliniese Gebou voltooi, ook met behulp van 'n £5,000-skenking van dr. H. Merensky.

Namate die fakulteit gegroei het, het die ruimteprobleem in die gebou teen April 1958 dringend geword. Weens die beperkte bouterrein kon horisontaal ook nie meer uitgebrei word nie. Behalwe die departemente Anestesiologie, Chirurgie, Vrouesiektes en Verloskunde, Interne Geneeskunde en Kindergeneeskunde, vind 'n fotografiese afdeling en verskeie navorsingsprojekte (waaronder die Hartnavorsingseenheid) hier ook nog 'n beknopte onderdak.

Die Gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde (1948)

Toe die Raad in 1946 besluit het op 'n gebou vir die pasgestigte departement Liggaamlike Opvoedkunde was oorlogtydse voorradebeheer nog in volle swang en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moes sover moontlik besuinig word. Die argitekte Meiring en Naudé, en Burg, Lodge en Burg het opdrag gekry om 'n gebou en 'n swembad teen £41,000 te ontwerp, maar ten slotte is die swembad en kleedkamers eers agterweë gelaat.

Die gebou, in vereenvoudigde, moderne boutrant met twee langsmekaarliggende gimnastieksale en die nodige dosente- en lesingkamers, is formeel op 8 Oktober 1948 met 'n liggaamsoefeningvertoning geopen.

Eers is net die minimum aan kleedkamergeriewe ingesluit. In 1952 is verdere kleedkamers aan die westekant bygebou.

Die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde (1950)

Onmiddellik na die instelling van die Fakulteit Tandheelkunde in 1949 is met die beplanning van huisvesting begin en as terrein vir die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde is gekies die perseel aan Beatrixstraat wat voorheen deur die Regering geskenk is en waar die Instituut vir Patologie reeds gevestig was.

Dit het die Universiteit geluk om 'n kapitaalskenking van £115,000 van die Unieregering te kry vir 'n gebou en die toerusting van die nuwe fakulteit. Die gebou is deur die argitekte Meiring en Naudé ontwerp terwyl die tegniese adviseur, mnr. H. W. Bateman en dr. H. H. Louw, die waarnemende direkteur van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde, gehelp het met die beplanning van die indeling en toerusting.

Die hoeksteen is op 4 November 1950 deur die Eerste Minister, Sy Edele dr. D. F. Malan, gelê en in Januarie 1951 is daar ingetrek.

Dit is 'n lang siersteengebou in vereenvoudigde, moderne boustyl, voorsien van alle nodige afdelings en toerusting wat by die opleiding nodig is.

Die Nuwe Letteregebou (1951)

'n Komitee waarvan prof. A. J. la Grange die sameroeper was, het op 15 Oktober 1945 gekonstateer dat in die Ou Letteregebou „die huidige toestand 'n skandaal is", en by die rektor aanbeveel dat as aanvulling 'n nuwe gebou opgerig moet word. Hoewel die Raad die aanbeveling aangeneem het, is dit eers in 1950 gebou. Van die £70,000 wat die Nuwe Letteregebou gekos het, het die Ned. Herv. of Geref. Kerk £14,026 bygedra, omdat hierin spesiaal voorsiening gemaak is vir Afdeling B van die Fakulteit Teologie. Die argitekte Burg, Lodge en Burg het opdrag gekry om die gebou te laat harmonieer met die Ou Letteregebou. Die resultaat was 'n boustyl wat baie ooreenkoms met die ouere gebou vertoon, hoewel die beplanning en argitektoniese behandeling meer modern is.



Die rektor, prof. C. H. Rautenbach, lê die hoeksteen van die Nuwe Letteregebou, 1950.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoeksteen is deur die rektor, prof. C. H. Rautenbach, op 17 Junie 1950 gelê en die gebou is in die begin van 1951 in gebruik geneem. Dit het tot 1959 gehuisves die Fakulteit Regsgeleerdheid, Opvoedkunde en Teologie (Afdeling B), asook uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die departemente Sosiologie, Kriminologie, Toegepaste Sosiologie, Geskiedenis, Sielkunde en Wysbegeerte.

Die Derde Wis- en Natuurkundegebou (1955)

Na aanleiding van 'n memorandum in 1951 van prof. H. A. W. Verleger oor die beknopte huisvesting in die ou Wis- en Natuurkundegebou het die Raad in 1952 besluit om nog 'n gebou vir hierdie fakulteit op te rig en op 26 Junie 1952 is prof. A. L. Meiring en mnr. P. R. Nel gesamentlik as argitekte aangewys.

Aangesien die gebou in noue verband sou staan met die binneplein-idee en 'n identiese gebou vir Ingenieurswese later aan die suidekant moes kom, is die ontwerp sorgvuldig oorweeg. Ten slotte is die gebou met sy vereenvoudigde boustyl en terrazzo-bekleding, witkleurig en liggroen om 'n koel indruk te skep, so geplaas dat dit die boulyn vir die binneplein sou aandui.

Nog voor die voltooiing van Blok A (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek en Landmeetkunde) teenoor Universiteitsweg, en Blok B (Fisika) in die middelstuk, is daar egter in Augustus 1954 besluit om dadelik ook met Blok C voort te gaan, sodat Geologie uit die ou gebou verwyder kon word. Die hele gebou het ten slotte £166,000 gekos en is in die loop van 1955 deur die verskillende departemente in gebruik geneem.

Hoeksteenlegging en opening is as een funksie waargeneem deur die voorsitter van die Raad, dr. F. Meyer, op 3 Mei 1955. In die sierlike, nuwe gebou van 70,000 vk. vt.-ruimte en toegerus met die modernste apparaat, kan bykans 'n duisend studente in die natuurwetenskappe nou hul werk verrig.

Ingenieurswese (1956—1960)

Die argitekte, Meiring en Naudé, het reeds met die ontwerp van die Nuwe Wis- en Natuurkundegebou in 1953 die toekomstige Ingenieursgebou as spieëlbeeld daarvan aan die suidekant van die hoofingang gesien en sou ook vir die uitbreiding aan die gebou in 1959 en 1960 verantwoordelik wees. Blokke A en B is eerste gebou, as die begin van 'n kompleks wat teen 1961 sowat £480,000 sal kos.

Op 6 April 1957 is die hoeksteenlegging en die ingebruikneming van die Ingenieurs-gebou waargeneem deur die Eerste Minister, Sy Edele adv. J. G. Strijdom. Dit sou sy laaste optrede by die Universiteit van Pretoria wees voor sy dood.

By dieselfde geleentheid is namens die vernaamste donateurs gedenkplate in die portaal onthul: die Stadsraad van Pretoria, Yskor, die Goudprodusentekomitee van die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese, die Munisipaliteit van Pretoria-Noord en die stadsrade van Brakpan, Germiston, Krugersdorp, Lichtenburg, Middelburg, Nelspruit, Randfontein en Westonaria.

Tweede op die bouprogram vir Ingenieurswese was die Swaarmasjienelaboratorium ten suide van die hoofgebou wat in Maart 1958 voltooi is. Vervolgens is in 1959 begin met Blokke C.I en C.II van die fakulteitsgebou wat in 1960 gereedgekom het. Hiermee is ruimte geskep vir ongeveer 1,000 ingenieurstudente.

In die toekoms sal nog 'n D-vleuel verrys tussen die eerste gebou en die Swaar-masjienelaboratorium.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die A. E. du Toit-auditorium en Kleinsaal (1957)


Teen 'n beraamde £44,000 is aan die begin van 1956 twee groot lesingsale aan die noordekant en vlak naasaan die Wis- en Natuurkundegebou beplan. Die argitek prof. A. L. Meiring, het in sy ontwerp voorsiening gemaak vir sale sonder vensters (om trein- en straatgeraas uit te skakel) en met kunsmatige lugverversing. Die waaiervormige groot saal bied 700 sitplekke en die klein saal 250. Die beeldhouwerk deur Zoltan Borberéki aan die suidmuur is deur prof. A. L. Meiring geskenk. Op aanbeveling van die Senaat het die Raad op 25 Oktober 1956 besluit dat die groot saal die A. E. du Toit-auditorium sou heet, ter nagedagtenis aan prof. A. E. du Toit, die eerste professor in Wiskunde en oud-rektor van die Universiteit.

Die gebou is in Junie 1957 deur die rektor, prof. C. H. Rautenbach, geopen.

Die gebou vir Argitektuur en Bourekenkunde (1960)

Die departement Argitektuur en Bourekenkunde het van sy begin in 1929 af van plek tot plek geswerf: van die Klubsaal na die Vermeulenstraatse Buitemuurse Gebou in 1954, vandaar na die Kerrygebou in 1955, in 1957 na die pasvoltooide Ingenieursgebou en toe die volgende jaar weer terug na die Klubsaal waar dit begin het.

In 1960 het die departement eindelik sy eie gebou, geleë aan Lynnwoodweg, gekry wat ruimte vir 182 studente verskaf en £61,500 gekos het. Die gebou, soos deur die personeel self beplan en ontwerp, is modern van karakter en ontwerp om 'n lugtige voorkoms van binne en buite te gee. Omdat argitekstudente goeie daglig op hul tekenwerk nodig het, is daar suidvensters feitlik in aaneenlopende paneel verkies, ten spyte van periodieke haelgevaar in Pretoria. In die gebou word ruim gebruik



Die A. E. du Toit-auditorium.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gemaak van die sogenaamde „gordynmuur"-struktuur waarmee dit moontlik was om slankheid van voorkoms en vrye ruimtebehandeling te verkry.

Die Derde Gebou vir Geesteswetenskappe (1960)

Binne vier jaar nadat die Nuwe Letteregebou in gebruik geneem is, was daar alweer ruimtegebrek. Eers is gedink aan uitbreiding op die terrein agter die Nuwe Letteregebou maar in 1958 besluit die Raad om 'n nuwe gebou op die oop plein tussen die Ou Lettere- en die Ou Chemiegebou op te rig.

Die argitekte het eerstens aan groot lesinglokale aandag gegee: twee van die bekende waaierpatroon bo-op mekaar met ruimte vir 400 en 600 respektiewelik. Daarnaas is ruimte gelaat vir 'n identiese paar aan die noordekant, eweneens sonder vensters en van geforseerde lugtoevoer voorsien. Tussen die sale en die Merensky-uitbreiding is 'n losstaande blok van drie verdiepings met 42 dosentekamers geplaas, so beplan dat latere vertikale uitbreiding kan plaasvind.

Die gebou is in die begin van 1960 in gebruik geneem.

HUISVESTING VIR STUDENTE

IN die Raadsnotule van 8 Desember 1927 kom 'n besluit voor wat inhou dat in die toekoms alle studente van buite Pretoria deur die T.U.K. gehuisves sal word en dat, indien die bestaande koshuise vol is, daar in privaathuise losies gevind sal word. Hierdie besluit bekragtig net 'n beleid wat feitlik van die begin van die inrigting gevolg is. Die Kollegeraad en -senaat het hulle van die ontstaansjare af verantwoordelik gevoel vir die beheer van studentelosies. Selfs gratis busvervoer tussen die koshuise en die Kollege is tot in die jare twintig deur die Raad verskaf.

Sorg oor die koshuise was veral die taak van die Gebouekomitee (House, Building and Equipment Committee), maar telkens is daar spesiale kommissies deur die Raad aangestel om koshuissake te ondersoek en hulle verslae bevat insiggewende stof.

In 1934 het byvoorbeeld 'n Raadskomitee bestaande uit die here Moerdyk en Maggs die uitbreiding van ordentlike huisvesting sterk onder die aandag gebring, maar weens die depressie kon daar op daardie tydstip niks gedoen word nie en hoewel die volgende jaar by die minister aangeklop is, is niks bereik nie.

'n Kommissie wat in 1937 benoem is, het die hele losieskwessie ondersoek en baie gebreke aan die lig gebring, maar daarby het dit voorlopig gebly. Al wat gedoen kon word, was om jaar na jaar huise in Hatfield en Brooklyn by te huur om die oorloop van die koshuise te huisves, maar bevredigend was dit nie. Die ontwrigting van die oorlogsjare wat hierop volg en die voorrang wat die departement Geneeskunde na 1942 ontvang het, het studentehuisvesting onbepaald vertraag.

Die Raad was egter bewus van die agterstand en neem in 1946 die volgende mosie van dr. Ben Marais eenparig aan: „Die Raad beskou die daarstelling van meer losieshuise vir studente as 'n dringende behoefte." 'n Komitee wat na aanleiding hiervan benoem is, het bevind dat van die 3,200 studente wat die Universiteit destyds getel het, 1,850 huisvesting nodig gehad het en daarvan was net 527 in koshuise.

Daar word besluit om in die toekoms meer pertinent vir die bou van koshuise geld in te samel. Onder andere het die skakelbeampte van die Universiteit in 1952 'n fonds van honderdponders gestig met die medewerking van die Transvaalse stadsrade. Dit het uit sy kontak met plattelandse ouers onbetwisbaar geblyk dat die gebrek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan universiteitskoshuise in Pretoria as 'n groot gemis gevoel is. Gebrek aan kapitaalfondse het egter nog steeds losiesuitbreiding in die weg gestaan.

Dit is in hierdie stadium dat die rektor, prof. C. H. Rautenbach, twee belangrike memoranda in 1955 geskryf het wat by die beleidsbepaling deurslaggewend was. Dit kom in hoofsaak daarop neer dat losiesverskaffing nie 'n verpligting van 'n universiteit is nie maar 'n diens wat gelewer word. Dit trek veral damestudente en aangesien die persentasie dames aan die U.P. op daardie stadium laer as die gemiddelde van ander universiteite was, beveel hy 'n nuwe dameskoshuis aan. Sy bevinding is ook dat die druipsyfer groter by privaatloseerders is, veral onder die eerstejaars, en daarom moet vir tweede- en derdejaarstudente in koshuise 'n maksimumverblyf gestel word om plek te maak vir eerstejaars. Veral moet mense naby die Universiteit aangemoedig word om losies aan studente te verskaf. In laasgenoemde geval was en is veral die studenteleraar behulpsaam.

Sedert 1957 het die Regering gunstiger subsidievoorwaardes begin bied en kon op groter skaal gebou word. Dit het ook die studentehuisvesting ten goede gekom. Maar met die styging van die studentetotaal met meer as 500 per jaar — oor die 900 in 1959 — (70% afkomstig van buite Pretoria) is dit klaarblyklik onmoontlik om 'n vaste persentasie huisvesting te handhaaf. U.P. is nou eenmaal 'n stadsuniversiteit.

In beraamde syfers uitgedruk, sal in alle koshuise vir universiteitstudente (Normaalstudente uitgeslote) in 1960 vir 1,283 plek wees of ongeveer 18.5% van die hele studentetal; dit is 'n persentasie wat taamlik konstant oor die afgelope jare gebly het.

Dameslosies voor die besit van 'n eie Koshuis (1909—1925)

Toe die T.U.K. in 1909 van Kya Rosa na die ou Staatsgimnasium verskuif is, het eersgenoemde huis die koshuis vir die damestudente geword. Waarskynlik om plek te maak vir manstudente word hulle in die begin van 1913 na die koshuise van die Normaalkollege oorgeplaas wat buitendien half leeg was. Van hier af was daar 'n gerieflike treinvervoer na die Kollegeterrein. Teen die einde van 1914 gee die Direkteur van Onderwys egter kennis dat die Normaalkollege al sy koshuisruimte van die begin van 1915 af nodig sal hê en nie langer die T.U.K.-dames sal kan huisves nie. Aangesien Kollegetehuis intussen gereedgekom het en die manstudente Kya Rosa ontruim het, word genoemde huis weer 'n damestehuis.

Dit was egter totaal ongeskik en te klein vir die aantal dames. Na die Raad ernstige vertoë tot sowel die Minister van Onderwys as die Minister van Openbare Werke gerig het, is daar twee regeringswonings, Nrs. 15 en 16 Bryntirion, wat vrygekom het vir dameslosies beskikbaar gestel.

Hierdie oplossing is van die begin af as tydelik beskou en na die Kollegetehuis vir mans klaargekom het, het die bou van 'n dameskoshuis jaar na jaar ter sprake gekom en daar is voortdurend na 'n geskikte terrein gesoek.

Teen ongeveer 1921 is die eerste huis in Bryntirion ontruim en 'n mnr. Pattison se huis in Arcadia is in die plek daarvan gehuur. Dit was Hillstraat 345, dus veel nader aan die Kollege. Hier is 15 dames gehuisves, net soos nog steeds in Nr. 15 Bryntirion. In 1924 is nog 'n huis bygehuur, Arcadiastraat 930. Dit was langsaan dié van Hillstraat en die twee kon as 'n eenheid bestuur word. Dit bly die dameskoshuise tot 1925. Telkens is die huur vir nog ses maande verleng in die hoop dat 'n eie koshuis intussen sou klaarkom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Damestehuis en Aanhou Wen (1926, 1929, 1959)

Daar is op een oomblik daaraan gedink om 'n dameskoshuis op die Kollegeterrein te bou, maar hiervan is baie gou afgesien. Toe word die Stadsraad gevra om die driehoekige stuk grond tussen Rissikstasie en die Girls'-High-terrein, waar die Brandweerstasie tans staan, maar die Stadsraad wou dit nie afstaan nie. Eindelik is 'n geskikte terrein aangekoop in Prospectstraat. Dit was erwe wat behoort het aan die here Van Dalsen, Gorges en Bateman. In 1924 was die saak sover dat gebou kon word volgens planne deur die D.O.W. opgestel. Die gebou wat £18,746 gekos het, was teen die einde van Mei 1926 gereed en na die wintervakansie het die dames hulle intrek daarin geneem. Die feestelike opening van die koshuis vind egter eers op Vrydagmiddag, 24 September, plaas.



Kya Rosa as dameskoshuis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die naam vir die nuwe koshuis is nogal iets wat aandag geniet het. Die Dameskoshuis-komitee het die volgende name voorgestel: *Paterson House*, *Bryncaslet* en *Athlone House*. Op 'n Raadsvergadering van 19 Augustus 1924 het mnr. C. W. Giovanetti eersgenoemde naam voorgestel terwyl dr. Holloway die naam „University Women's Hostel" („Universiteits-damestehuis") voorstel. Die voorstel van dr. Holloway is toe met ses teen vyf stemme aangeneem. Dit het onder die studente egter die naam van „Die Fant" gekry. 'n Poging in die Voortrekkereeufeesjaar, 1938, om dit „Ons Laer" te doop, is nie deur die Raad goedgekeur nie.



Dameskoshuisgangers uit die beginjare.

Hoewel die gebou aanvanklik te groot was en in 1926 selfs studente van die Normaalkollege kon huisves, was dit in 1929 alweer te klein en moes 'n huis in die onmiddellike omgewing bygehuur word. Daar is toe besluit om volgens 'n plan van argitek Gordon Leith nog 'n vleuel aan te bou wat in Julie 1930 klaargekom het.

Binne enkele jare was dit egter alweer nodig om huise by te huur met die gevolg dat in 1937 nog 'n vleuel aangebou is, maar na 'n paar jaar was daar alweer gebrek aan ruimte.

In 1954 is die gebou van die Pretoria-Oosskool in Roperstraat en aangrensende inspekteurswoning teen 'n bedrag van £39,400 aangekoop. Die skool is egter eers in 1957 ontruim en na dit omgebou is, dien dit van 1959 af as 'n anneks van Damestehuis waarin 60 dames gehuisves is. Die leuse van die skool, „Aanhou Wen", is voorlopig as naam vir die nuwe inrigting gekies.

Sedert 1957 is eiendomme stelselmatig in die bestaande koshuisblok uitgekoop met die doel om op die duur die hele blok erwe tussen Prospect-, Hilda-, Duxbury- en Roperstraat universiteitseiendom te maak. In 1959 kon die rektor die versekering gee dat in die toekoms aan alle damestudente wat aansoek doen, losies verskaf sal word. 'n Nuwe dameskoshuis op die terrein is reeds in vooruitsig gestel en word in 1960 gebou vir 260 kosgangers.

Prospecttehuis en Kya Rosa as Manskoshuise (1909—1914)

Die eerste manskoshuis van die T.U.K. was Prospecttehuis, op die hoek van Van der Walt- en Schoemanstraat, waar die gebou van die Bevolkingsregister tans staan. Dit was oorspronklik die tuiste van die Prospect Seminary wat in 1878 opgerig is — vandaar die naam.

Toe die damestudente aan die begin van 1913 Kya Rosa ontruim om in die Normaalkollege onderdak te kry, is ook hierdie huis as 'n manskoshuis ingerig. Later is daar nog sprake van 'n gebou agter in die erf van Kya Rosa wat ook as losiesplek gedien het en die huis „Kya Lami" in Schoemanstraat, direk noord van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kya Rosa, waar die matrone en bediendes gehuisves was en waar ook 'n siekekamer ingerig is.

Dat dit hier in Prospecttehuis plesierig en goed gegaan het, soos dit in 'n studentekoshuis behoort, blyk uit 'n kommissie van ondersoek na ongedissiplineerde gedrag van die studente en herstelwerk aan die gebou wat aangebring moes word. Daar is ten minste een dans gehou wat op aanbeveling van die Raad 'n „entertainment" genoem is.


Die eerste huisvader was prof. E. T. G. Sherwood wat later na Kya Rosa oorgetrek het, terwyl prof. L. C. de Villiers as assistent-huisvader toe in Prospecttehuis ingewoon het.

KOLLEGETEHUIS (1914)

Na herhaalde vertoë het die Minister van Onderwys in Desember 1912 £12,000 gestem vir 'n „Hostel at the College." By die Raad het blykbaar die plan bestaan om twee koshuise op te rig want daar is telkens sprake van „hostels" en die terrein van die eerste koshuis is, na dit voorkom, so gekies dat 'n tweede koshuis daarteenoor (waar die Klubsaal later verrys het) gebou sou word. Daar was egter nouliks geld genoeg vir een en Kollegetehuis het aan die einde van 1914 volgens 'n ontwerp van die D.O.W. klaargekom om in die begin van 1915 beset te word.

As gevolg van vervoerprobleme het Kollegetehuis aan dagstudente sowel as aan inwonende damestudente ook middagetes aangebied.

Reeds in 1916 het die manstudente te veel vir Kollegetehuis geword en toe is die huis van mnr. Chappel op die hoek van Park- en Hillstraat gehuur wat vir 'n jaar of wat as koshuis diens gedoen het. Dit het onder die studente die naam „Pawn-



Die Dameskoshuis tydens ingebruikname, 1926.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

shop" gedra. Toe Sonoptehuis in 1917 opgerig is, het die „Pawnshop" verval. In 1918 het die pasgestigte Buxtontehuis nog 'n verdere aanwas van studente geabsorbeer.

Toe aan die begin van 1920 weer woningnood dreig, moes die registrateur en 'n paar raadslede gedurende die somervakansie in aller yl tydelike losies probeer vind. Daar ontstaan toe die fantastiese plan om twee militêre barakke, „officers' hutments", van sink en hout wat elk twintig kamertjies bevat het, op die Kollegeterrein op te slaan. Gelukkig het die Raad die plan nie goedgekeur nie.


Ten slotte is in Februarie 1920 besluit om die huis van mnr. Goedhals in Brooklyn te huur wat 'n uitbreiding van Sonoptehuis geword het.

In Kollegetehuis self het daar oor die jare heelwat plaasgevind — soos van 'n studentekoshuis verwag kan word. In 1921 is die eetsaal uitgebrei teen 'n koste van £2,618. In 1924 het die huisvader, prof. J. C. Bosman, 'n lening vir die bou van 'n huis vir die huisvader aangebied en kom die gebou, 'n vierkamerhuis, tussen die koshuis en die eetsaal tot stand. Al verandering wat die koshuis later belewe het, is 'n balkondak in 1932 en 'n verjongingskuur in die vorm van 'n terrazzogruisbekleding in 1955.

SONOPTEHUIS (1917)

Prof. dr. W. P. de Villiers kan seker geld as die vader van Sonoptehuis. Toe reeds aan die begin van 1916 Kollegetehuis te klein geword het, het hy die N.H. of G. Kerk oorreed om 'n kerkkoshuis aan die T.U.K. te stig. Hy word veral gesteun deur prof. D. F. du T. Malherbe en mnr. Sidney Martin, terwyl die Raad die plan toegejuig het.

So gebeur dit dan dat dieselfde jaar die eiendom van mnr. Archie Struben, woonhuis en erwe 168 tot 173, Brooklyn, vir die doel aangekoop is. As naam vir die tehuis



Prospecttehuis.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word gekies *Sonop Kristelike Tehuis*, 'n naam wat deur mnr. Dirk van Velden, destyds provinsiale sekretaris, aanbeveel is. Kort na die opening van die Sonoptehuis in die begin van 1917 kom dit onder die kerkraad van die Pretoria-Oos-gemeente wat toe van die moedergemeente afgestig is.

Nadat reeds in 1919 daar weer huisvestingnood was, is verskillende wonings bygehuur, o.a. die Goedhalshuis (erf. No 87, Brooklyn), Avondrus (erf. No. 89, Brooklyn), die huis direk suid van Sonop op die hoek van Marais- en Williamstraat wat die naam „Maiden's Hope" gekry het en later nog 'n huis in Andersonstraat wat „Naglawaai" gedoop is.

Met verloop van tyd het heelwat geboue op die Sonopterrein verrys. Onder andere is die „Stalle" in loseerkamers verander en later vervang deur 'n beter gebou en volgens 'n plan van die huisvader, prof. W. P. de Villiers, is 'n aantal vierkamergeboutjies opgerig, deur die studente „mansjoene" genoem. Later het ook 'n eetsaal bygekom. Om regeringsteun vir die bouwerk te kry, is die terrein in 1921 op naam van die T.U.K. getransporteer teen 'n bedrag van £4,200. Dit geskied egter op voorwaarde dat „het bestuur . . . . uitsluitelik bij de Kerk" berus en dat dit uitsluitlik as studentekoshuis van die T.U.K. gebruik sal word, en dat „geen geloofsbelijdenis of toets van welke aard ook al toegepast worden op applikanten voor opname in het Tehuis."

Die inwendige geskiedenis van Sonop, met sy studente wat kom en gaan, sy lig en skaduwee, lewer ook maar die gewone patroon wat van 'n dergelike inrigting verwag kan word. Van die begin af is gebruik gemaak van 'n studentehuiskomitee wat die huisvader moes bystaan vir uitoefening van die nodige dissipline.

Na die afsterwe van die laaste huisvader, prof. I. D. Bosman, in 1947, is hierdie amp opgeskort.

Op 26 Augustus 1948 het die Raad besluit dat die Sonop-eiendom in sy geheel teruggetransporteer moet word aan die Ned. Herv. of Geref. (tans Ned. Geref.) Kerk van Transvaal op voorwaarde dat dit uitsluitlik gebruik word as koshuis vir universiteitstudente.

In die sitting van 1959 het die Sinode die uitbreiding van die tehuis om nog 50 studente te bevat, goedgekeur.

Buxton (Voortrekker)-tehuis (1918)

In 1918 het die Anglikaanse kerk die voorbeeld van die N.G. Kerk gevolg deur ook 'n koshuis aan die T.U.K. op te rig. Die inisiatief het uitgegaan van regter L. S. Bristowe en prof. W. A. Macfadyen wat geld vir die doel ingesamel het, en die koshuis as privaatonderneming onder beskerming van genoemde kerk opgerig het. Die Goewerneur-generaal, lord Buxton, het toegestem dat die koshuis na hom vernoem word, mits daar geen geloofstoets vir toelating geld nie.

In die begin van 1918 is 'n groot huis, Mackenziestraat 209, ongeveer 'n myl en 'n half van die Kollege, vir dié doel gehuur waar dit met 19 studente begin het.

In die loop van 1919 het regter Bristowe 'n sterk veldtog vir die insameling van 'n boufonds geloods en teen Desember is 'n gedeelte van die huidige terrein, Strubenweg (tans Lynnwoodweg) no. 125 vir £2,256 gekoop. In 1920 is nog ses morge bygekoop, geleë op die hoek van Lynnwoodweg en Blokhuisstraat (tans Heroldstraat). Van die groot koshuisgebou wat beplan is, kon slegs een vleuel voltooi word waarvan min. F. S. Malan die hoeksteen op 29 November 1920 gelê het. Die gebou is die Robinsonhuis genoem na sir J. B. Robinson wat £3,500 tot die boufonds bygedra het. Die eetsaal wat in 1921 gebou is van geld deur mnr. Charles Maggs voorgeskiet, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Bristowesaal genoem. In 1925 het 'n verdere uitbreiding gekom deur die aankoop van Watermeyerhuis teen 'n bedrag van £1,750.

Die eerste huisvader, prof. J. P. R. Wallis, is in 1919 deur prof. Gundry opgevolg wat verantwoordelik was vir die instelling van 'n studentehuiskomitee. Vermeldenswaardig is die feit dat Buxtontehuis van 1924 af vir etlike jare sy eie jaarblad uitgegee het.

Die geskiedenis van Buxton word saam met dié van die Universiteit in 1932 enigsins stormagtig. Dit was nog altyd die losiesplek van studente wat oorwegend Engelssprekend was. Simpatie vir die Afrikaanswording was daar nòg by studente nòg by beheerders. Mnr. Charles Maggs wat van 1920 af voorsitter van Buxton Hostel, Limited, was, het voorgestel dat daar vrywillig gelikwideer moet word „in view of the utter impossibility of carrying on the ideal of the hostel owing to the new 100 per cent Afrikaans policy adopted by the University Council."

Die beleidsverandering het kwaai reaksie uitgelok wat etlike jare voortduur maar geleidelik wegsterf.

In 1940 gaan Buxtontehuis oor in die hande van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat toe die oorspronklike verband van £3,000 wat die Diocesan College Trustees in 1921 van die T.U.K. gekry het, oorneem. Onder beskerming van die Hervormde Kerk word toe gestig „Die Voortrekker-Tehuis (Eiendoms) Beperk" en die koshuis self is gevolglik omgedoop tot Voortrekkertehuis. In dié stadium het die koshuis bestaan uit die huidige eetsaal, 'n woongebou met elf slaapkamers (die „pandak") en 'n woonhuis aan die suidekant van Lynnwoodweg wat as anneks gebruik is.

Na die oorname is 'n drieverdiepinggebou met huisvesting vir 54 studente in die oorlogsjare opgerig. Dit is vernoem na ds. J. J. Prinsloo, lid van die Raad van die Universiteit. Aan bestaande geboue is veranderings aangebring en in Lynnwoodweg die Malananneks aangekoop. Teen 1948 was daar plek vir 135 studente. In 1958—59 is die Oosthuizenhuis — vernoem na ds. A. J. G. Oosthuizen — 'n enkelverdieping groot genoeg vir 58 studente gebou en in 1960 'n woning vir 'n huisvader op die gesloopte Malananneks.

Koshuis Onderstepoort (1923, 1953)

Met die stigting van die Fakulteit Veeartsenykunde het die Departement van Landbou ook onderneem om akkommodasie vir die derde-, vierde- en vyfdejaars op Onderstepoort te voorsien. Later het die tweedejaars bygekom. So ontstaan die koshuis op Onderstepoort in 1923 wat aan 40 studente ruimte gebied het. Hoewel die gebou aan die Departement van Landbou behoort, is die bestuur daarvan aan die T.U.K. en U.P. oorgelaat wat ook die losiesgelde ontvang.

In 1953 is die koshuis vergroot met 'n nuwe vleuel wat verdere ruimte bied vir 60 studente, 'n gemeenskapskamer en 'n musiekkamer. Omdat die fakulteit geografies afgesonderd van die stad geleë is, is inwonende studente hier meer as in ander koshuise op gemeenskapslewe aangewys.

Die Studenteklubsaal

In 1924 het daar al stemme opgegaan oor die feit dat daar geen saal is waar selfs die helfte van die studente kan ingaan nie, „while lack of students' common room accommodation would be a disgrace to a third-rate reformatory."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1929 is die T.U.K.-sportvereniging wat onder leiding van prof. Henning heelwat geld vir sportdoeleindes bymekaargemaak het, oorreed om die geld vir die bou van 'n Studenteklubsaal (Students' Social Centre) beskikbaar te stel. Daar was slegs £3,230 voorhande en die Raad besluit toe om te bou net sover die som dit toelaat. Mnr. Gerard Moerdyk is as argitek gekies en daar is besluit dat die gebou in voorkoms met die Kollegetehuis sal ooreenstem om sodoende deel van 'n simmetriese uitlegplan te vorm.

So gebeur dit dan dat van die beplande twee verdiepings in 1930 net een verdieping klaargekom het. Behalwe die saal het dit ook V.S.R.-kantore en kleedkamers bevat. 'n Teekamer is in 1931 aan die gang gesit.

Die halfklaar toestand het veroorsaak dat die dak gelek het en in 1932 dring die argitek daarop aan dat die gebou voltooi moet word om verdere skade te voorkom. Maar die tweede verdieping het eers in 1936 bygekom. Hier is Boukunde tydelik gehuisves terwyl ook 'n leeskamer en studenteslaapkamers ingerig is.

Die Mediese Tehuis (1954)

Na die Fakulteit Geneeskunde tot stand gekom het, het die N.H. of G. Kerk die inisiatief geneem om 'n koshuis naby die Algemene Hospitaal op te rig. In 1946 het die Kerk vir die doel 'n stuk grond iets meer as twee morg groot langs Voortrekkerweg van die regering gekry en dit toe aan die Universiteit aangebied met 'n rentevrye lening van £20,000 wat deur die Sinode in 1951 in 'n skenking verander is.

In Junie 1950 is besluit om 'n gebou teen 'n beraamde koste van £60,000 op te rig. Die Kerk sou die bestuur en finansiële beheer van die bedryf oorneem en die Universiteit sou twee uit sewe verteenwoordigers in die beherende komitee hê.

Daar het heelwat vertraging gekom. Die beraamde bedrag was te min en daar moes weer gekollekteer word. Ten slotte het die gebou wat in Junie 1954 klaargekom het, £70,834 gekos waarvan die Kerk £27,142 bygedra het.

Die man wat indiwidueel meer aan die insameling sedert 1948 gedoen het as enige ander, ds. P. J. Swart van Greylingstad, het die hoeksteen gelê op 29 April 1954. Op 1 Augustus 1954 het die eerste studente ingetrek in die gebou wat ruimte bied vir 100 persone.

Asterhof (1957)

Binne die raam van die koshuisbeleid wat die Raad teen 1955 aanvaar het, is daar op 16 Junie 1955 besluit om op die eiendom van die Universiteit oos van Damestehuis 'n dameskoshuis vir 100 inwoners (later vir 150) op te rig. Die koste is aanvanklik op £70,000 beraam maar het ten slotte £135,000 beloop. Hiervan het die dameskoshuisfonds 'n aansienlike bedrag bygedra, wat veral goed gesteun is uit Ermelo waar dr. J. G. van der Wath die skenkingslys met £2,000 geopen het.

Die argitek Strauss Brink het met 'n ontwerp in kleurvolle moderne boutrant gekom. Dit sou sewe verdiepings hoog wees en bo alle ander geboue in Hatfield uittroon, met skoon lug en pragtige uitsig veral uit die boonste kamers. Spesiale goedkeuring moes van die Dorperaad verkry word om so 'n hoë gebou in Hatfield op te rig waar vier verdiepings die maksimum is. Toe die mure al hoog was, was hieroor in Junie 1956 nog g'n sekerheid nie en was die plan om desnoods by die vierde verdieping op te hou. Gelukkig is na veel moeite deur die Boukomitee die nodige toestemming tog ontvang om die gebou tot die volle hoogte te voltooi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Uit 'n hele reeks voorstelle het die rektor die naam „Asterhof" vir die nuwe gebou gekies, nadat die naam eerste aan die hand gedoen is deur mev. (prof.) L. C. Mostert. Dit het onmiddellik populêr geword.

Op 15 Februarie is die nuwe koshuis gereed om sy bewoners te ontvang. „'n Kleurvolle ultra-moderne wolkekrabber — dis Asterhof, waarin 150 asters van die Universiteit van Pretoria van gister af hulle intrek neem", staan daar in een van die Afrikaanse blaaie te lees.

Met sy bygeboue het Asterhof in 1959 vir 'n maksimum van 217 dames losies gehad en was dit sedert die oprigting behalwe vir toevallige vakatures naastenby volledig beset.

Aula, Rautenbachsaal en Studentesentrum (1958)

Van 1920 af is daar periodiek sprake van 'n fonds om 'n saal te bou om die Voortrekkers in die eeufeesjaar, 1938, te vereer. Die plan was dat dit 'n saal, 'n museum en 'n biblioteek tesame moes wees. In 1929 word weer melding gemaak van 'n „Voortrekkers Universiteits Gedenksaal" wat in 1938 geopen sou word teen 'n beraamde £50,000. Hoewel daar in 1935 weer 'n pos vir „'n vergadersaal vir 1,000 mense" op die bouprogram verskyn, het die eeufeesjaar verbygegaan sonder die beoogde saal.




Asterhof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die studenteraad het in die naoorlogse jare verskeie kere die versoek om 'n saal herhaal, terwyl die studente self jaar na jaar geld vir die doel ingesamel het. Gaandeweg ryp die gedagte egter dat dit nie net 'n saal moet wees nie maar iets groter en grootser.

In 1951 wys die rektor, prof. Rautenbach, in 'n verslag daarop dat 'n studentesentrum 'n groot behoefte is in 'n studentegemeenskap van aansienlike omvang, waarvan slegs 'n vyfde in koshuise woon en wat dan nog geografies in groepe versprei is. Hy bepleit dat „sonder versuim" tot die oprigting daarvan oorgegaan moet word.

Dieselfde jaar is 'n argitek benoem vir 'n groot gehoorsaal en 'n studenteontspanningsaal. Die Boukomitee van die Raad was besonder ingenome met die sketsplan wat argitek Philip R. Nel hulle in Oktober 1952 voorgelê het. Die Raad het ook



Die Aula en Studentesentrum.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Onthulling van gedenkplaat tydens opening van die Aula.
V.l.n.r.: Dr. F. MEYER, *adv.* C. TE WATER, *Sy Eksellensie dr.* E. G. JANSEN.

'n twee weke later opdrag gegee dat op grond van die Nel-ontwerp verder beplan moet word, met dien verstande dat die uiterlike van die saal so ontwerp word dat dit sal aanpas by die res van die gebouekompleks en die ander geboue in die omgewing.

Toe die finansiële aspek op 9 Desember 1952 onder bespreking kom, was daar duidelik aarseling: die beraamde koste van £180,000 het die beskikbare middele oortref. Daar kom gevolglik 'n tydelike stilstand in die saalbouplanne.

Intussen het die insameling van geld voortgegaan. In 1952 is 'n groot Universiteitskermis gehou — die eerste van formaat sedert 1937 — wat £6,601 opgelewer het. In 1953 loods die skakelbeampte sy skema van honderdponders onder oudstudente en ander om 'n naam aan 'n stoel in die voorste deel te verbind. Teen April 1953 was daar al 34. Die pers begin skrywe oor die teater vir 1,100 persone wat die wêreld se beste kunstenaars en orkeste sou trek.

Maar daar was heelwat vertraging en eers op 10 September 1956 is 'n tender aanvaar en die finale beraming van koste op £210,000 (uiteindelik by voltooiing £230,000) gestel. Dit sou nog twintig maande neem om die gebou te voltooi, die grootste wat tot op daardie moment deur die Universiteit gebou is en die mooiste in sy soort in die land. Kantore vir die V.S.R., 'n studentesaal met geveerde vloer onder die reusegehoorsaal, sitplekke vir 2,500, 'n studenterestourant — dit alles sou daar wees in die gebou waartoe die studente reeds £9,000 bygedra het.

Op 2 November 1956 het die Raad op voorstel van die Studenteraad en op aanbeveling van die Finansieskomitee besluit om die studentesaal die „Rautenbachsaal" te noem, 'n huldeblyk aan die rektor vir sy reuse-aandeel in die verwesenliking van die gebou en die vooruitgang van die Universiteit.

Op 6 September 1958 het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, dr. E. G. Jansen (self jarelank raadslid van die Universiteit), die gebou geopen en daarna het 'n konsert

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Mimi Coertse 'n skitterende galaprogram van twee maande ingelui met ryke afwisseling van drama, simfonie, kunsuitstallings, sang, klavier, ballet en koorsang.

DIE LYNNWOODTEHUISE (1960—)


Na voltooiing van Kollegetehuis in 1914 het die Universiteit die verdere voorsiening van manslosies aan die inisiatief van kerke oorgelaat. Hieraan kom in die jare vyftig verandering toe die Raad besluit op 'n bouprogram wat die oprigting behels van vier manskoshuise in die jare 1959, 1960, 1961 en 1962, een per jaar met 'n beoogde huisvesting vir sowat 258 in elkeen.

Die terrein waar hierdie koshuise opgerig word, is deel van die 50 morg van die Proefplaas wat die T.U.K. al in 1921 van F. E. B. Struben aangekoop het. Tussen Lynnwoodweg en Boundaryweg sal die geboue van suid na noord ingeryg word, binne maklike bereik van die hoofterrein in Brooklyn.

As argitek vir die eerste manskoshuis wat aan Lynnwoodweg lê, is op 5 Maart 1959 mnr. F. J. Wepener aangewys. Die bouwerk aan hierdie tehuis (wat waarskynlik as prototipe vir die toekomstige drie sal dien) is gedurende 1959 teen snelle tempo voltooi en dit is aan die begin van 1960 in gebruik geneem. Boumateriaal van hoë gehalte is gebruik — die eetkamervloer is van Japanse eikehout — en tog is die gebou so ekonomies beplan en ontwerp dat dit sowat 58% goedkoper gekos het as vorige koshuise.

Met die voltooiing van hierdie gebou is huisvesting vir 760 manstudente in die verskillende koshuise geskep. Met die voltooiing van die vier Lynnwoodtehuise sal die getal teen 1963 op 1,534 te staan kom.

Gedurende 1960 word die tweede van die reeks gebou.



Die eerste manskoshuis op die Proefplaasterrein, 1959. (*Argitekstekening*)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK VIII

DIE NIE-DOSERENDE AFDELING

TOE die „Pretoria Standing Committee" van die T.U.K. in Maart 1908 mnr. D. G. Hafner aangestel het as „Secretary to the Pretoria Branch of the University College" is aan hom meegedeel dat hy behalwe sekretariële werk ook notulehouer en boekhouer sou wees, toesig moes hou oor studente en die professore se tikwerk ook moes behartig indien hulle dit verlang. Daarbenewens is aan hom die toesig oor die skoonmaak van geboue en die werk van die naturellebediendes opgedra. Hy sou 'n wakende oog oor die klein boekevoorraad hou waaruit later 'n biblioteek ontwikkel en het self by die eerste manskoshuis ingewoon. Die nie-doserende personeel van die T.U.K. begin dus met een en in die halfeeu 1908—1958 groei dit aan na 41 administratiewe en nie-doserende amptenare in 1938, na 94 in 1948 en 221 in 1958.

Van die arbeid van een man (wat ongeveer alle nie-doserende pligte moes waarneem) het daar met verloop van jare 'n verdeling van arbeid in die nie-doserende werksaamhede plaasgevind. Buite die administratiewe kantoor self groei die personeel van die Biblioteek, die Tegniese Afdeling, personeel van verspreide koshuise, tegniese assistente in die laboratoria, amptenare en tegniese personeel in die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde, die Instituut vir Siektekunde en die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde en die personeel van die Buitemuurse Afdeling.

Naas die Sentrale Administrasie waar die uitvoerende, finansiële en klerklike werksaamhede van die Universiteit saamgetrek is, vorm die Tegniese Afdeling as instandhoudingsorganisasie en die Biblioteek as lewensbelangrike orgaan by die onderwys, opvoeding en navorsing drie eenhede wat as hulpdienste onder beheer van die rektor en registrateur afsonderlik vermeld sal word.

DIE SENTRALE ADMINISTRASIE

DIE EERSTE SEKRETARIS


OMTRENT ses weke nadat die eerste universiteitsklasse in Kya Rosa, Skinnerstraat 270, begin het, is op die Raadskomitee van die T.U.K. se vergadering van 27 Maart bespreek „the question of a permanent secretary for Pretoria".

Die komitee besluit dus om 'n salaris van £300 en 'n slaapkamer aan te bied. „The secretary to be an expert typist, with shorthand qualifications if possible, and competent in English and Dutch". Hy moes slaap op die terrein en oor die mansloseerders toesig hou.

In April is van drie persone aansoeke ontvang en by die keuse is ook eers die wense van die dosente verneem. Op 15 April word D. G. Hafner van Pretoria (40 jaar oud) aangestel. Hy moes self reëlings vir slaapplek tref (in die Schoemanstraatse huis by Kya Rosa) en sy pligte is soos volg omskryf: „(To consist) primarily in doing the necessary secretarial work for the Pretoria Centre, keeping minutes of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

the meetings, the supervision of students when not in class, and generally, under the direction of the chairman of the Pretoria Committee (or in his absence Mr. Adamson) carrying on the administration of the Council's work at Pretoria". Daarby is gevoeg „that you will be called upon by the professor to do a certain amount of clerical work and typewriting in connection with the actual carrying on of the Pretoria classes".



D. G. HAFNER (1867 — 1945)

Die pionier van die T.U.K. se Sentrale Administrasie, Diederich Gerhardus Hafner (1868-1945), was 'n beskeie man, gewild by sowel dosente as studente. Hy het in Kya Rosa met groot ywer sy taak opgeneem. Die kollege se groei in die eerste jare was in groot mate aan sy troue diens te danke. Hy het in Kya Rosa begin werk feitlik net met 'n tafel en 'n tikmasjien. Die kantoortoestande was maar skraal; na twee maande diens kry hy verlof „to purchase a cupboard for the office for a sum not exceeding £15". Teen September 1908 kry hy 'n telefoon. In 1909 verhuis hy saam met die T.U.K. na een van die noordelike kamers op die eerste verdieping van die Gimnasiumgebou in Proesstraat. In hierdie kantoor net langs die dosente se gemeenskapskamer, het hy die pligte van boekhouer en registrateur tesame (met tikwerk daarby) uitgevoer tot die verhuising in die tweede semester van 1911 na Brooklyn plaasgevind het. Hy trek in die Ou Letteregebou in waar hy weer heel beskeie gehuisves was. Omdat die twee nuwe geboue — Ou Lettere en Ou Chemie — nou te uitgebreid was om deur die sekretaris behartig te word, is in Oktober 1911 deur die Departement van Onderwys die aanstelling van 'n opsigter goedgekeur. Daar is ook 'n „Caretaker's Cottage" deur die Departement van Openbare Werke opgerig waarvoor die Raad £750 moes vind en tegelykertyd is die eerste „Boys' Quarter" op die terrein vir naturellebediendes gebou.

Mnr. Dick Hafner het met blymoedigheid sy taak verrig. Hy was so hardwerkend soos 'n pakesel, 'n besige man wat vir alles tyd ingerig het. In die begin het hy ook nog as sekretaris van die T.U.K. se rugbyklub hand bygesit.

Hy het eers in 1925 vir die eerste keer behoorlik verlof geneem en aan die einde van 1928 op 60-jarige leeftyd afgetree.

DIE POS REGISTRATEUR

Hoewel die administrasie aanvanklik deur een man behartig kon word met die deeltydse hulp van 'n dosent wat as registrateur opgetree het, was die toename aan werk so dat daar al van 1916 aangedring is op 'n voltydse registrateur.

Die Senaat het op 17 Mei 1916 toe die Landboufakulteit, die Fakulteit Godgeleerdheid en die nuwe Universiteitswet aktuele sake was, besluit „that the interests

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

of the College, at this critical time require the appointment, in place of the present Secretary, of a Registrar or other Executive Officer who shall suitably represent both Council and Senate in an executive capacity . . . ". Daar is aanbeveel dat die sekretaris van die Senaat (prof. A. C. Paterson) deeltyds benoem moet word. Die Raad het dus prof. Paterson as registrateur aangestel en die sekretaris, mnr. Hafner, sou voortaan as „Bookkeeper and Clerical Assistant" bekend wees. In die praktyk het dit vir laasgenoemde nie veel verandering meegebring nie; daar het vir hom 'n steeds groter drag kantoorwerk gewag.

Met die bevordering van prof. Paterson tot rektor in 1918 is daar besluit om 'n voltydse registrateur aan te stel. Die keuse het geval op adv. A. Adrian Roberts (geb. 1890), wat in April 1919 registrateur geword het. Na sy skoolopleiding op Oos-Londen het hy die „Intermediate" op Potchefstroom afgelê en in 1910 na die T.U.K. gekom waar hy in 1911 sy B.A.-graad behaal het. Hy het in die sport- en verenigingslewe 'n besonder aktiewe rol gespeel. Nadat hy 'n ruk lank onderwyser was, voltooi hy in Cambridge en Londen sy regstudie. Hy word tot die Britse balie toegelaat voor hy na Suid-Afrika terugkeer. As registrateur van sir Johannes Wessels dien hy tot hy in April 1916 as advokaat in Pretoria begin praktiseer.

Die begin van adv. Roberts se termyn as registrateur het saamgeval met prof. Paterson se rektorskap (1918-1922). Daarna het die onsekerheid gevolg van die rektorlose tydperk tot dr. Hoogenhout in 1925 rektor geword het. Adv. Roberts het dus 'n buitengewone las in die vroeë jare twintig gedra. Tydens die siekte en verlof van prof. Paterson en ook na sy vertrek, het die registrateur byna al die rektorale pligte, uitgesonderd die voorsitterskap van die Senaat, behartig. Uit hoofde van sy ontwikkeling, werkkrag en sy status as oudstudent het hy vir die T.U.K. in die jare van finansiële skaarste veel beteken. Uitbreiding in hierdie tydperk — die Fakulteit Landbou, die Buitemuurse Afdeling en die gebou vir Wis- en Natuurkunde en Damestehuis — moes ten spyte van 'n leë beurs geprakseer word en sy aandeel aan die verwesenliking daarvan het inspanning, takt en oorleg geverg. In 1921 skryf adv. Roberts in 'n memorandum soos volg oor die pos Registrateur:

„The chief administrative officer has to have the education to act as Secretary of Senate, to be *au fait* with every branch of academic activity, to discuss and advise parents and students, to participate in the consideration of and taking of steps to formulate and bring to fruition every new development. He must control the financial and clerical business as well as the hostels; and must maintain discipline in the administrative staff. He needs the tact of a diplomatist and the patience of Job to deal with the public and still more with the teaching staff. He must be draftsman, and advocate, and with this his hours are full civil service hours right through the



A. A. ROBERTS (geb. 1890).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

year — with overtime quite frequently and the majority of meetings after office hours, lasting very often till dark. The load of responsibility is never lifted from his shoulders".

Die Raad het op 27 Junie 1929 in verband met die pos registrateur besluit om die registrateur se pligte te omskrywe en om sekere van die oorspronklike pligte soos aan die registrateur opgedra, te wysig. Onder andere is die bepaling opgehef „that he be Chief Executive Officer and Administrative Officer". Hy sou sy opdragte van die rektor ontvang soos deur die rektor bepaal. Die registrateur het dié besluite beskou as 'n verbreking van sy dienskontrak en was nie bereid om die gewysigde voorwaardes te aanvaar nie. Hy het dieselfde dag sy bedanking ingelewer en uit die diens van die Universiteit getree in dieselfde maand toe prof. A. E. du Toit as rektor diens aanvaar het. Adv. Roberts het weer aan die balie gaan praktiseer en sy verband met die Universiteit behou. Hy was van 1931 tot 1932 raadslid maar het bedank omdat hy gekant was teen die beleidsbesluit van 13 September 1932. As eerste president van die Konvokasie het hy ook van 1930 tot 1932 gedien. In sy latere loopbaan is hy lid van verskeie regeringsliggame en word agtereenvolgens regsadviseur, Sekretaris van Onderwys en Unie-Hoëkommissaris in Kanada. Hy praktiseer tans weer en is 'n senior advokaat aan die Pretoriase balie.

Die pos registrateur is na 1929 tydelik afgeskaf. As hoofklerk is in September 1929 Roelof L. Barry (geb. 1899) aangestel, wat op Stellenbosch sy B.A.-graad behaal en daarna sy handelsopleiding in Rotterdam en New York voltooi het. Mnr. Barry het gedurende die rektorskap van prof. A. E. du Toit gedien. Dit was bewoë jare wat vir die hoofklerk 'n ekstra las meegebring het.

In die onderhandelings van die universiteitswording het hy in 1929—1930 'n aktiewe aandeel gehad. As sekretaris van die Raad het hy sonder bykomende vergoeding die langdurige vergaderings meegemaak wat soms tot die vroeë môre-ure geduur het in die krisisjare.

Op 15 September 1933 het die Raad weer die pos registrateur van die Universiteit en sekretaris van die Raad ingestel. Die rektor sou die pligte van die registrateur omskrywe. Mnr. Barry het in Mei 1934 as registrateur bedank en aan die einde van Augustus die Universiteit verlaat om hom by 'n sakeonderneming op Robertson aan te sluit waaraan hy nog verbonde is.

Die rekenmeester, mnr. G. D. Hugo, is van Augustus 1934 tot registrateur bevorder. Hy het aan die einde van 1936 bedank om sekretaris van die pasgestigte S.A.U.K. te word en in sy plek is van Maart 1937 adv. J. C. V. Breytenbach (oudstudent) as registrateur benoem.

Sedert die Raadsbesluit van 27 Junie 1929 oor die pligte van die registrateur was die saak amptelik onbepaald gelaat tot die Roos-komitee in 1934 die volgende hoofpligte van die sekretaris van die Raad en registrateur aanbeveel het:

1. Die sekretaris van die Raad sal ook ageer as sekretaris van al die staande en ander komitees van die Raad, tensy andersins bepaal, en sal die sekretariële pligte daaraan verbonde uitvoer en onder die rektor gevolg gee aan die besluite van die Raad, die Wet en die Statute en die Regulasies van die Universiteit.
2. Die sekretaris van die Raad sal ook die pligte van die registrateur van die Universiteit uitvoer. Hy moet ook, wanneer vereis, ageer as sekretaris van die Senaat en van die Uitvoerende Komitee van die Senaat. Dit sal ook sy plig wees om te sorg dat al die rapporte en informasie vereis deur die Departement van Onderwys stip verskaf word.
3. Die sekretaris van die Raad tree ook op as sekretaris van die Konvokasie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. Onder opdrag van die rektor sal die sekretaris die werk, verlof en dissipline van die administratiewe personeel reël en kontroleer en die handhawing van wet en orde op die Universiteitsterrein, die toesig oor die koshuise en die algemene aktiwiteite van die Universiteit in al sy vertakkings waarneem.
5. Gedurende die afwesigheid van die rektor, en as daar geen ander opdrag van die Raad is nie, sal die sekretaris namens die rektor optree in alle sake, behalwe in akademiese sake, waarin die senior dekaan sal handel.

Die Senaat het op 13 Augustus 1934 dienooreenkomstig aanbeveel dat die registrateur hoof van die Administrasie moet wees maar die Nicolkomitee bevind in 1940 dat die pos registrateur van dié by ander universiteite verskil. Onder die Wette en Statute van die Universiteit het dit geen status nie. Die Roosaanbeveling van 1934 is wel *de facto* toegepas maar dit moes ook *de jure* geskied. Dus het die Raad op 19 September 1940 woordeliks die Roos-omskrywing aanvaar as definisie van die pligte en status van die registrateur.

Met voorbeeldige ywer het mnr. Breytenbach in die jare van prof. M. C. Botha die administrasie gelei. Daar was veral met die koms van die mediese Fakulteit en die eerste versnelling van die bouprogram (wat van 1931 tot 1937 omtrent tot stilstand gekom het) 'n groot toename in die omvang van die administratiewe werk. Van 1948 het die tempo verder versnel. Die oprigting van die Fakulteit Tandheelkunde en die begin van 'n uitgebreide bouprogram het bygedra om die las op die skouers van die registrateur besonder swaar te maak. Teen 1951 was sy gesondheidstoestand nie meer na wense nie en op 21 Oktober 1951 is hy in tragiese omstandig ede oorlede. Die rekenmeester, mnr. Martin Smuts (oudstudent) wat van 1943 in diens van die Universiteit was, is van November 1951 as registrateur aangestel en tegelyk ook as finansiële adviseur van die Universiteit.



J. C. V. Breytenbach (1907 — 1951).

Administratiewe Personeel

Die vroeë jare twintig was 'n skraal tyd en personeeluitbreiding 'n moeilike saak. In daardie tyd het mnr. Roberts hard probeer om vir sy kantoor meer werkkragte te kry en om hul salarisse op bestaanbare peil te bring, maar aanvanklik sonder veel sukses. Die personeel het in adv. Roberts se dienstyd na 10 in 1927 uitgebrei. Met sy bedanking in 1929 het dit 15 getel. Daarby was ingereken die bibliotekaris en sy assistent.

In 1921 is die pos assistent-registrateur geskep maar die eerste bekleër is in 1923 oorlede. Sy opvolger was 'n amptenaar-student, W. P. E. Stokes-Waller, wat in die beginjare van Buitemuurs so gewoel en geworstel het onder die amptenare dat die getalle vinnig gestyg het. Hy word in 1924 die eerste buitemuurse beampte (of registrateur, soos die pos genoem is) en begin tegelykertyd korrespondensie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kursusse vir studente wat hy in later jare as eie saak uitgebrei het. Maar sy loopbaan as amptenaar is op aanbeveling van die Veale-Findlay-Roos-komitee van ondersoek aan die begin van 1925 beëindig. 'n Ruk later word sy pligte oorgeneem deur mnr. N. H. Theunissen (oudstudent) tot daar in 1926 die alombeminde figuur van Walter Abernethy verskyn as „Clerk-in-Charge, Librarian and Caretaker" by die pasvoltooide Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat. Hy was 'n Ierse oud-militêr wat (soos hy self vertel het) die Afrikaners die eerste keer as krygsgevangenes leer ken het op die Bermuda-eilande en sy aktiewe lewe met hulle afgesluit het aan die Universiteit in 1946. Hy het in die twintig jaar van sy dienstyd die vader van die buitemuurse student geword, die vriend van elke dosent wat in Vermeulenstraat gewerk het. Die studente was elkeen „my son" vir hom, sy seuns wat met opoffering studeer en wat hy graag gehelp het, veral in die depressiejare, om 'n plan te maak as die klasgeld 'n kwelling word. Honderde oud-Tukkies van Buitemuurs en baie dosente dink nog aan mnr. Abernethy met liefde terug.

As rekenmeester van die Universiteit het tot hede die volgende opgetree: D. G. Hafner (1908-1926); A. R. Dragt (1926-1928); G. A. Boast (1928); N. F. McMurray (1928-1933); G. D. Hugo (1933-1934); H. Engelmöhr (1934-1947); Martin Smuts (1948-1951); en J. P. Nel (oudstudent) sedert 1952.

In 1943 is 'n pos assistent-rekenmeester geskep en die eerste bekleër was mnr. Martin Smuts. Met sy bevordering tot rekenmeester in 1948 verval die pos en word dit eers in 1957 weer ingestel toe mnr. B. Q. Wessels daarin benoem is.

Met die oog op die snelle uitbreiding van die administrasie is vanaf 1952 vir die eerste keer sedert 1925 weer 'n assistent-registrateur aangestel en mnr. C. H. Stuart (oudstudent), registrateur van die Onderwyskollege, Pretoria, is in die pos benoem. Die twee amptenare met die langste dienstyd in die administrasie in 1960 is mej. L. Osrin, afdelingshoof van registrasie (aangestel 1928) en mnr. H. J. van Heerden, hoofklerk en boekhouer (aangestel 1933).

Eervolle vermelding verdien die naam van die naturellehoofbediende van die administrasie, Jonas Maja, wat van 1919 in diens by Kollegetehuis was en van die begin van 1921 onafgebroke aan die administrasie verbonde is. Hy is van Januarie 1944 in die permanente personeel aangestel en sy totale dienstyd ewenaar in 1960 dié van enige lid van die doserende of nie-doserende personeel in die geskiedenis van die Universiteit.

Huisvesting van die Sentrale Administrasie

Toe adv. Roberts in 1919 as eerste voltydse registrateur benoem is, was een van die eerste probleme dié van huisvesting. Hy moes hom in een vertrek behelp wat ook gemeenskapskamer was vir dosente en waar daar een enkele telefoon vir die hele T.U.K. was. Allerlei planne is beraam om met afskortings in die Letteregebou oor die weg te kom. Die oplossing is eers in 1920 tydelik gevind toe die Landboufakulteit in hulle nuwe rooibaksteengebou vier kamers vir die rektor en administrasie aangebied het „until such time as proper accommodation is provided". Hierdie oomblik is nog ruim 'n dekade vertraag tot 1931 toe die eerste Administrasiegebou voltooi is. Daar is in 1930 begin met die oprigting van hierdie gebou teen 'n koste van £9,377 (sonder toerusting). Dit is deur die Pretoriase argitek Gordon Leith in die toegepaste Grieks-klassieke boustyl ontwerp. Leith was eers assistent van sir Herbert Baker en het hom verdiep in die Klassieke en Renaissance-boukuns. Met hierdie gebou het hy 'n meesterlike voorbeeld gelewer van sy toepassing daarvan met veranderings en vereenvoudigings. Die gebou het in sowel styl as plasing geen verband vertoon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met dié wat reeds toe bestaan het nie. Dit is 'n losstaande eenheid en dit is ook nie bekend of dit inpas by die terreinplan vir die universiteitsuitleg wat ook nog in 1930 deur Leith voltooi is maar nie meer opgespoor kan word nie.

Die administrasie het in die somervakansie van 1931 — 1932 na sy nuwe tuiste getrek. Die meublement was karig want dit was depressietyd en die Raad het hoogstens £225 daarvoor beskikbaar gestel. Daar sou ook die Senaat (wat voorheen in die „Oes-laboratorium" van die Landbougebou byeengekom het) voortaan sy vergaderings hou tot 1946 toe dit verhuis het na die gewese Biblioteeksaal van die Ou Letteregebou.

Na 1948 het, soos in die geval van die Universiteit as geheel, die dop te klein geword ook vir die administrasie. In die twintig jaar sedert 1931 het die studentetal meer as vervierdubbel en het die totale personeel drievoudig toegeneem. Die uitbreiding in administratiewe werk wat daarmee gepaard gaan, skep 'n akute ruimteprobleem. Die Senaatskamer was reeds beset en daarna moes die skakelbeampte se afdeling tydelik uitgeskuif word na die Nuwe Letteregebou.

Daar is aanvanklik gedink aan die bou van 'n nuwe Raad- en Senaatsaal, maar weldra is besluit dat die gebou van 1931 na die noorde en die weste uitgebrei moet word. Die Administrasiegebou-uitbreiding is in 1954 ontwerp deur C. Strauss Brink wat 'n kontrasterende boustyl gesoek het met eenvoudige elemente wat afwyk van Leith se oorspronklike maar ten spyte van die teenstelling tog nie daarmee bots nie. Die gebou is teen 'n koste van £43,300 teen die einde van 1955 voltooi en die eerste Raadsvergadering in die nuwe raadsaal is op 28 Oktober 1955 gehou.

Uitbreiding van Werksaamhede

In 1921 het die destydse registrateur (adv. A. A. Roberts) die kantoor se taak soos volg geskilder:



Die Administrasiegebou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

„The Administrative staff of the College today has to deal with the expenditure of £40,000 per annum, the care of assets worth over a quarter of a million, the conducting of examinations including between 3 and 400 papers per annum, the arranging, minuting etc., of over 100 meetings of Council, Senate and Committees per annum, the preparation of the Calendar, reports and returns, the concatenation and coordination of the efforts of 45 teachers, 545 students, a score of non-teaching officers and 60 or 70 natives besides a tremendous amount of correspondence and interviews with the Department and public".

Met verloop van jare, soos die Universiteit groei, is daar 'n aansienlike toename in feitlik al die syfers wat adv. Roberts noem. In die jare twintig en dertig het die uitbreiding met min of meer gelyke pas geskied. In die jare veertig is daar 'n buitengewone versnelling in die tempo as gevolg van die instelling van nuwe fakulteite, departemente en kursusse en die gunstige ekonomiese toestand van die land. In die jare vyftig het die tempo in alle rigtings egter so toegeneem dat dit alle vorige uitbreidings in die skaduwee stel. In 1959 is die uitgawe meer as een miljoen pond per jaar, die waarde van die bates oorskry driemiljoen pond en daar is 7,200 studente.

Die uitbreiding het nie net die omvang van die administratiewe werk laat toeneem nie maar het ook nuwe pligte opgelê. Die administrasie moes 'n breër terrein betree. Sy taak het ingewikkelder geword en in baie opsigte hoogs gespesialiseerd. Bykomende werksaamhede soos sekretariële pligte van fakulteitsrade, die hantering van eksamenskrifte, die opstel van die eksamenrooster en so meer, wat oorspronklik deur die doserende personeel behartig is, is aan die administrasie opgedra. Om die toenemende werksaamhede die hoof te bied, is daar veral in die afgelope dekade toegespits op die vereenvoudiging en spoediger afhandeling van werk deur die funksionele indeling van pligte en deur gebruik te maak van beter metodes en nuwe meganiese hulpmiddels. Die invloed van die Universiteit se snelle ontwikkeling op administratiewe gebied blyk genoegsaam uit die volgende voorbeelde van werksaamhede.

Gedurende die twintig jaar tot 1959 styg die jaarlikse bedrag aan beurs- en leningsfondse wat aan studente toegeken word van ongeveer £4,000 tot bykans £80,000.

Toesig moet gehou word oor en verantwoording moet gedoen word van die besteding van fondse wat sedert 1946 deur die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad aan universiteitspersoneel beskikbaar gestel word en wat sedertdien 'n totale bedrag van byna £130,000 beloop het.

Aangeleenthede rakende die personeel en personeelbegroting het so 'n omvang aangeneem dat 'n afsonderlike personeelafdeling in 1957 in die administrasie ingestel is.

Toenemende eise word gestel in verband met statistiese gegewens nie net vir die berekening van die staatshulptoelae nie maar ook in die omvang van die inligting wat aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, ander staatsdepartemente en verskillende beheer- en adviesrade verstrek moet word.

Lopende inkomste en uitgawe (afgesien van kapitaal) het in 1959 'n miljoen pond jaarliks oorskry.

Die administrasie se taak is verder uitgebrei omdat die Universiteit met 'n chroniese tekort aan geld te kampe gehad het. Die voorsiening van huisvesting en onderwysfasiliteite gedurende die oorlogs- en na-oorlogsjare het tot 'n akute probleem ontwikkel. Aangesien daar nie voldoende kapitale fondse van staatsweë verkry kon word nie, was die Universiteit op sy eie bronne aangewys om dit te voorsien. Dit is dan ook vanselfsprekend dat beplanning, doeltreffende finansiëring en ekonomiese bestuur sterk op die voorgrond moes tree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1945 het twee personeellede (prof. J. S. de Wet, departement Wiskunde, en mnr. Martin Smuts, assistent-rekenmeester) in opdrag van die Raad ondersoek ingestel na die finansies van die Universiteit. Hoewel hierdie ondersoek in verband gestaan het met 'n bepaalde begroting, het die verslag ook die gebrek aan kapitale fondse onder oë gesien en is sekere algemene aanbevelings gemaak in verband met voorsiening vir kapitale behoeftes uit lopende rekening. Hierdie verslag het waarskynlik in geen geringe mate nie bygedra tot die ontwikkeling van 'n bepaalde finansiëringsbeleid wat die Raad in 1956, na jare van praktiese ervaring daarmee, in 'n vaste patroon neergelê het.

Dit is waarskynlik die grootste enkele faktor wat dit vir die Universiteit moontlik gemaak het om in die druk en ontwrigting van uitbreiding die afgelope 15 jaar nogtans doeltreffende finansiële voorsiening te kon maak vir die handhawing van die standaard op die akademiese front en vir huisvesting en navorsing. Dit het egter beslistheid, omvangryke toesig en noulettende beheer van finansies geverg.

Dit is vanselfsprekend dat metodes ook geprakseer sou word om inkomste aan te vul. Een manier wat goed inpas by universiteitsfinansies is die belegging van tydelik oortollige fondse. Aangesien die hoofinkomste (subsidie en studentegelde) periodiek vooruit ontvang word terwyl uitgawes naastenby eweredig oor die jaar versprei is, is fondse uit dié bron beskikbaar vir belegging op korttermyn. Sedert 1944 word sodanige beleggings dan ook as 'n roetine-aangeleentheid uitgevoer. Die toepassing van die beleid om kapitale fondse uit lopende inkomste af te sonder, het met verloop van tyd ook fondse opgebou wat vir tydperke van 12 tot 18 maande belê kon word. Op dié wyse het die Universiteit se jaarlikse inkomste uit beleggings aangegroei van ongeveer £5,000 in 1944 tot bykans £30,000 in 1959.

Vir die behoorlike deurvoering van die finansiëringsbeleid is daar teen die einde van die jare veertig 'n aanvang gemaak met kosteontledings. Die eerste omvangryke koste-ondersoek is in 1949 deur die destydse rekenmeester onderneem en het in verband gestaan met 'n ooreenkoms met die Provinsiale Administrasie vir die lewering van patologiese dienste deur die Universiteit se Instituut vir Siektekunde aan die Pretoriase Hospitaal.


Daarbenewens het die Raad in 1949 besluit „dat die beginsel moet geld dat alle nuwe ondernemings selfbetalend moet wees en nie mag geskied ten koste van reeds bestaande fakulteite nie". Hierdeur is nog groter klem op koste-ondersoeke gelê. Trouens, die beheer oor koste is deur die raad van soveel belang geag dat die pos kosteberekenaar in 1954 ingestel is.

Om terselfdertyd die doelmatige en ekonomiese beplanning van geboue en terrein self te verseker, benoem die Raad in 1951 'n staande boukomitee. Sedert die totstandkoming van die komitee tree die huidige rektor (prof. C. H. Rautenbach) as voorsitter op. Die werksaamhede van die komitee het in so 'n mate uitgebrei dat dit, wat die administrasie betref, tans omvangryke pligte lê op en hoë eise stel aan die amptenare wat met die komitee se werk belas is. In die nege jaar van sy bestaan het die komitee reeds meer as 30 afsonderlike projekte behandel met 'n totale kontrakwaarde van ongeveer een- en driekwartmiljoen pond, in teenstelling met 'n uitbreiding van naastenby een miljoen pond in die totale waarde van die geboue in die voorafgaande tydperk van ongeveer 40 jaar vanaf die totstandkoming van die Universiteit.

Dit is 'n lang skof wat afgelê is sedert die eerste sekretaris aangestel is om alle nie-doserende pligte waar te neem en omstandighede het baie verander. Tans word die registrateur deur ongeveer 60 amptenare bygestaan in die Sentrale Administrasie in die uitoefening van 'n groot verskeidenheid pligte.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE TEGNIESE AFDELING



H. W. BATEMAN (1907 — 1950).

IN die tydperk voor 1930 was die aantal geboue en laboratoria betreklik beperk. Onderhoud is ten dele verrig deur die Departement van Openbare Werke wat die oudste geboue van die Universiteit sedert 1911 opgerig het. Die eerste opsigsigter was A. Allan wat in 1923 deur J. S. Joubert opgevolg is. Laasgenoemde was toevallig ook 'n handige man wie se vindingrykheid by geleentheid die Universiteit heelwat geld bespaar het.

Namate die Universiteit se geboue toegeneem het, het dit noodsaaklik geword om 'n onderhoudsdiens te skep.

Van 27 Oktober 1930 is H. W. Bateman wat eers by die Universiteit van Kaapstad werksaam was, aangestel as „Instrument Maker and Laboratory Stock Foreman." Met sy aanstelling is eintlik die Tegniese en Onderhoudsafdeling van die Universiteit gebore. Van 1 Februarie 1931 begin mnr. Bateman met een naturel om hom by te staan in 'n keldervertrek van 156 vk. vt. in die (tans) Ou Wis- en Natuurkundegebou. Weldra kry hy 'n assistent en een klerk, maar die huisvesting bly tot 1944 dieselfde.

Die onderhoud van terrein en geboue bly die vernaamste taak in die eerste jare, met herstel van apparaat en hantering van voorrade vir die laboratoria as bykomende werksaamheid. Die hoof van die afdeling word later as tegniese adviseur aangedui en sy pligte brei uit na mate die bouprogram in die jare veertig vorder.

In 1944 word die suidelike vleuel van die Ou Chemiegebou ontruim deur die departemente Patologie en Bakteriologie van die fakulteit Geneeskunde wat tydelik daarin gehuisves was. Dit word aan die Tegniese Afdeling toegewys wat nou 4,400 vk. vt. ruimte kry vir sy personeel van vier. Daar kon nou 'n magasyn ingerig word met 'n magasynmeester vir al die departemente van die Universiteit. Die Magasyn en Ontvangsdepot word 'n onderafdeling van die Tegniese Afdeling.

Na 1948 kry die tegniese adviseur 'n steeds belangriker aandeel in die beplanning van nuwe geboue en laboratoria en die toesig by die oprigting daarvan. Mnr. Bateman was dus ten nouste gemoeid met die oprigting van die eerste Plantfisiologiese laboratorium (wat tans sy naam dra), die Nuwe Letteregebou en die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde. Terwyl aan laasgenoemde in snelle tempo en met inspanning deur die Tegniese Afdeling gewerk is om dit betyds vir die akademiese jaar 1951 af te lewer, is mnr. Bateman skielik op 22 Desember 1950 oorlede. Die Tegniese Afdeling het toe 'n personeel van twaalf gehad.

As waarnemende tegniese adviseur is prof. C. Jacobsz in deeltydse hoedanigheid aangestel. Hy het van April 1951 tot Junie 1952 as hoof van die Tegniese Afdeling opgetree. Op 1 Julie 1952 is mnr. F. W. Meerkotter as tegniese adviseur aangestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van 1952 word die aandag van die tegniese adviseur in toenemende mate in beslag geneem deur die beplanning van nuwe geboue en persoonlike toesig by die uitvoering van boukontrakte wat veral na 1955 'n oorweldigende omvang aanneem. Maar terselfdertyd word meer nadruk gelê op die bou van gespesialiseerde apparaat wat òf in die handel nie verkrygbaar is nie, òf waarop veel bespaar kan word deur dit self te maak. In enkele gevalle is die apparaat van eie ontwerp, soos byvoorbeeld 'n elektroniese beheerapparaat vir koelkamers en 'n humiditeitsapparaat, albei vir die departement Plantfisiologie.

Om tred te hou met die uiteenlopende bedrywighede van die afdeling (wat ook bestellings na buite insluit vir alle departemente, die beheer oor laboratorium- en spesiale toekennings vir die aankoop van voorrade, die ontvangs en uitreiking van goedere) het die personeel teen 1959 al tot 32 uitgebrei. Dit sluit behalwe die klerklike en tiksterspersoneel in skilders, skilderopsigters, elektrisiëns, instrumentmakers, 'n passer en draaier, loodgieter, skrynwerkers en 'n fotografiese afdeling.

Vir die huisvesting van die werkswinkels en kantore was die helfte van die Ou Chemiegebou gou te klein. Die fotograaf het na die Kliniese Gebou by die Hospitaal verhuis waar die meeste van sy werk gedoen word. Die kantore het 'n klein gebou betrek waar tydelik Tandtegnika in 1950 onderdak gevind het. In 1956 is hierdie gebou opgeneem in die eerste doelmatige werkswinkels wat teen 'n koste van £7,600 opgerig is, met 'n bykomende 6,000 vk. vt. aan ruimte.

DIE BIBLIOTEEK

Huisvesting

Die kern van wat later die Universiteitsbiblioteek sou word, het aanvanklik 'n tuiste in Kya Rosa gevind, maar verhuis saam met die Kollege in 1909 na die ou Staatsgimnasium in Proesstraat waar dit in 'n kamer langsaan die kantoor van die sekretaris ondergebring is. Toe in September 1911 die hoofgebou op die Brooklyn-terrein — later genoem die Ou Letteregebou — voltooi is, is ook die boekevoorraad oorgebring na die lokaal wat as biblioteek voorbestemd was. Dit is die groot saal op die eerste verdieping van die suidelike vleuel van die gebou, wat jare na dit ontruim is, nog bekend was as die Biblioteeksaal. Tans huisves dit die aanskouingsmateriaal van die departemente Volkekunde en Afrikaanse Kultuurgeskiedenis.

Die lokaal was inderdaad ruim genoeg vir die eise van die tyd. Oor die meubilering was daar nie so 'n tevredenheid nie. Toe die eiendomskomitee van die Raad die biblioteek in November 1911 besoek, was hulle geskok oor die vuil, „greasy and dusty" toestand van die boekrakke. Daar was trouens klagte oor die meubilering van die hele gebou. Met verloop van tyd het sake darem reg gekom.

Binne die een saal het alle afdelings van die biblioteek gefunksioneer. Daar het die boekrakke gestaan sowel as die naslaanafdeling met leestafels wat vyftig sitplekke gebied het.

In 1921 word egter reeds gekla oor gebrek aan ruimte, en in 1924 het die Raad besluit om die biblioteek uit te brei na die Geskiedenislesingkamer (d.i. die kamer op die hoek wat tans deur Afrikaanse Kultuurgeskiedenis gebruik word) en die klein hal daartussen wat destyds die oop uiteinde van die balkongang was. Hierdie ruimte is aan die suidekant toegemaak met mooi vensters van gebrandskilderde glas met die monogram „T.U.C." wat uit die ou gebou van die School of Mines in Johannesburg deur registrateur Roberts vir die kollege gered is toe dit gesloop is. Hierdie lokaal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is voor afgeskort deur 'n toonbank en het as kantoor vir die bibliotekaris gedien, terwyl die bykomende kamer as naslaan- en leeskamer ingerig is.


Die ruimte was net vir 'n paar jaar voldoende. In 1928 kla bibliotekaris Spruce alweer oor gebrek aan „book space." Daar was nog net op die vloer plek om boeke te pak. Hy bepleit die „immediate building of a selfcontained Library" en vervolg verder: „Its library has been described as the heart of a University. Let us see to it that ours suffer from no cardiac affection or weakness." Die volgende jaar het daar al ruimte ontbreek vir tussen 5,000 en 6,000 boeke.

Op 4 September 1933 het die Eiendomskomitee aanbeveel dat ernstige pogings nou aangewend moet word om 'n doeltreffende biblioteekgebou op te rig.

In 'n lang memorandum het prof. E. H. D. Arndt in Oktober 1923 geskrywe: „Ons akademiese selfrespek eis, ons verpligting teenoor ons studente eis, ons naam van Universiteit vir die Afrikaanssprekendes wat ons nie deur die buitewêreld durf laat verander in ‚Backveld' universiteit nie, eis dat ons dadelik oorgaan tot die bou van 'n moderne biblioteek."

Inderdaad was daar al van 1920 af pogings om geld vir 'n biblioteek in te samel. Volgens 'n Raadsbesluit van 25 November 1920 sou gekollekteer word „for a Voortrekker Monument consisting of a Hall and a Library . . . " Hierdie poging was in 1929 nog ter sprake. Die bedoeling was om teen 1938 'n gebou ter ere van die Voortrekkers op te rig wat onder andere 'n biblioteek sou bevat. Die planne het heel weinig opgelewer en die hernieude pogings van 1934 was ook nie te vrugbaar nie. Eers teen 1937 sou die insameling meer oplewer omdat die pasaangestelde propagandasekretaris, F. S. Steyn, hom in alle rigtings beywer het om die fonds te styf.

Op hierdie tydstip het die vermoënde myngeoloog, dr. Hans Merensky, 'n skenking van £500 per jaar vir vyf jaar belowe wat later verhoog is tot £5,000 in die geheel.



Die voorportaal van die biblioteek in die Ou Letteregebou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dis na aanleiding hiervan dat die gebou by voltooiing die Merenskybiblioteek genoem is.

Terwyl met die bouwerk in 1937 begin is, het die fondsinsameling nuwe vaart gekry. Die personeel het £1,841 bygedra, 'n groot kermis het £3,200 gelewer, 'n anonieme vriend het £1,000 bygedra, die Stadsraad £2,000 en die studente het £373 met 'n „bokveldans" op die tennisbane ingesamel. Daar was nog 'n tekort op die totale koste toe genl. J. C. Smuts op 11 Oktober 1937 die hoeksteen gelê het. Uiteindelik het die biblioteekgebou £38,000 gekos en die tekort is deur donasies gedek wat nog tot 1945 van firmas en die publiek ontvang is. Dus was dit die eerste groot gebou wat die Universiteit opgerig het uit lopende skenkingsinkomste sonder om kapitale fondse of lenings aan te spreek. Teen die einde van 1938, net toe die Ossewatrek Pretoria bereik het, was die bouwerk klaar.

Die formele opening is waargeneem op 15 April 1939 deur die destydse Minister van Onderwys, adv. H. A. Fagan. Onder die eregaste was ook dr. Merensky en prof. Gerrit Besselaar (dosent in 1908-1909) wat die Nederlandse kamer in die nuwe biblioteek ten dienste van die departement Nederlandse Kultuurgeskiedenis oorhandig het.

Die gebou se ontwerp is die resultaat van indrukke van die argitek, Gerard Moerdyk, tydens 'n studiereis wat hy na Egipte en die Midde-Ooste onderneem het. Moerdyk self het dit beskryf as 'n gebou in die Persiese boustyl met enkele Afrikaanse motiewe — o.a. uit Egipte en Zimbabwe — daarin verwerk. Naas bewondering het dit al gou kritiek verwek. Dit is as 'n blote voorstudie vir Moerdyk se Voortrekkermonument bestempel, kompleet met dom en sarkofaagput wat (in die geval van die biblioteek) 'n reuse-slinger moes bevat. Laasgenoemde is weens geldgebrek nooit aangebring nie.



Genl. Smuts aan die woord tydens die hoeksteenlegging van die Merenskybiblioteek, 1937.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit het byna onmiddellik geblyk dat die gebou in haas geen enkele opsig aan die eise van 'n moderne biblioteekgebou voldoen het nie. Binne die eerste dekade het dit alweer so oorvol geraak dat die posisie byna so erg soos voor 1939 was.

In 1951 en 1952 is tussenvloere in die hoofsaal en in die magasyn ingevoeg om die dringende opbergingsnood die hoof te bied. Daarmee is tydelik 30% meer ruimte geskep, maar dit was nog onvoldoende. In 1955 moes 'n hele reeks verskuiwings en afskortings uitgevoer word om met die bestaande ruimte so lank moontlik te maneuvreer. Nadat 'n lening van £80,000 deur die Regering toegestaan is, is teen die einde van Maart 1955 besluit om aan die oostekant 'n gebou op utiliteitsgrondslag op te rig, met magasyn en bypassende kamers vir spesiale versamelings, tydskrifte en die bindery.


In opdrag van die rektor is terselfdertyd 'n noukeurige ruimte-opname uitgevoer (wat die takbiblioteke Buitemuurs en Geneeskunde ingesluit het). Die verwagte ruimtebehoeftes van die biblioteek teen die jaar 1980 is bereken en daarvolgens is met die medewerking van die tegniese adviseur 'n bouprogram in drie siklusse beplan, waarvan die eerste in 1956 sou begin. Die argitek, F. J. Wepener, het (anders as by die oprigting van die Merensky) nou saamgewerk met die bibliotekaris en die tegniese adviseur. So is 'n funksionele plan opgestel wat ruim voorsiening maak vir interne werksaamhede en leesruimte. Die Merenskyleessaal sou saam met die nuwe gebou 'n biblioteektuiste vorm wat gunstig met enige ander in die land vergelyk.

Met die bouwerk is aan die einde van 1956 begin en op 15 Julie 1957 kon die Merensky-uitbreiding by geleentheid van die kongres van die S.A. Biblioteekvereniging by die Universiteit deur dr. S. M. Naudé geopen word. Die vloeroppervlakte is deur die nuwe gebou ineens meer as verdubbel, vir tegniese en administratiewe werk is goed voorsien, die leesstoele het van 120 na 550 in die twee geboue vermeerder, met 10 vakleeskamers, aparte tydskrifafdeling en magasynruimte vir 425,000 teenoor die vroeëre ruimte vir 220,000 bande.



Biblioteek — interieur.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Merenskybiblioteek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Beheer



J. Purves (geb. 1877).

Aanvanklik was die beheer oor die biblioteek opgedra aan prof. Purves met die rang van erebibliotekaris. Eers in 1912 kry hy hulp deur die aanstelling van mej. Mary G. Burton as „clerical assistant and librarian". Sy het dus eintlik die dubbele pligte gehad van algemene klerk en bibliotekaresse.

Mej. Burton word in 1914 deur mej. B. Faure opgevolg wat tot 1919 die pos beklee, toe sy weens haar voorgenome huwelik bedank het.

Prof. Purves word in 1917 deur prof. Macfadyen opgevolg as „Honorary Librarian." Terselfdertyd is ook die eerste Biblioteekkomitee deur die Senaat benoem, bestaande uit proff. Macfadyen, Reinink, Du Toit, dr. L. C. de Villiers en mej. Faure. Hierdie komitee het dadelik die vinger op gebreke en tekortkominge gelê en baie tot die bevordering van die biblioteek bygedra. Veral katalogisering het sy aandag geniet. Reeds in 1912 is aan ene mnr. Gibbs £12.10.0 betaal „for catalogueing the Library Books during the vacation," d.w.s. die Julievakansie. Wat mnr. Gibbs uitgevoer het, word nie vermeld nie, maar gedurende Julie, dus terwyl hy daarmee besig moes gewees het, word 'n versoek van die Senaat aan die Raad om 'n „Dewey Library Catalogue" vir gebruik in die biblioteek te bestel, toegestaan. So vroeg is dan al besluit om die biblioteek volgens die Deweystelsel in te rig.

Hoe vinnig en hoe korrek dit geskied het, is nie uit te maak nie. Daar sou egter herhaaldelik klagte opduik oor ondoeltreffende en onvolledige katalogisering.


'n Aanbeveling van die Biblioteekkomitee in 1917 dat die doserende personeel die bibliotekaris met katalogiseerwerk moes bystaan, elkeen in sy besondere departement, is blykbaar nooit opgevolg nie. Mej. Faure het maar die werk so goed soos sy kon in die beperkte tyd tot haar beskikking gedoen. In 1919 berig sy dat alle boeke volgens die Deweystelsel gekatalogiseer is. Sy kla egter baie oor boeke wat wegraak en dosente wat uitgeleende boeke nie terugbesorg nie. Binne twee jaar het daar 120 boeke weggeraak. Een dosent het, volgens haar, een kwart van die skeikundeboeke by hom gehou en glad nie op haar herhaalde versoek om dit terug te besorg, gereageer nie!

Na die aftrede van mej. Faure het die Raad besluit om 'n voltydse bibliotekaris aan te stel.

Intussen is, tot die opvolger van mej. Faure gevind kon word, twee personeellede as gesamentlike bibliotekarisse aangestel en die £12 10 0 salaris per maand kon hulle dan onder mekaar deel.

Maar om 'n bibliotekaris teen die aangebode salaris van £12.10.0 per maand te kry, was nie so maklik nie. Verskeie name duik in 1919 op, maar of een van hulle aangestel is, is nie seker nie. By sy terugkeer na sy studie in Amerika word dr. V. Voss (oudstudent 1911—1913) tydelik as bibliotekaris aangestel tot hy die volgende jaar dosent in Fisika geword het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



C. SPRUCE

Nadat 'n hoër salaris aangebied is, is eindelik 'n voltydse bibliotekaris gevind in die persoon van Charles Spruce wat in 1920 benoem is. Hy het 'n buitelandse graad gehad, die Ph.B. van die Universiteit Yale, maar sy loopbaan daarna was nie juis daarop bereken om van hom 'n bibliotekaris te maak nie. Na hy Amerika in die jare negentig van die vorige eeu verlaat het, word hy eers lid van die polisie van die Chartered Company in Suid-Afrika, toe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog lid van 'n Britse Verkennerskorps — knaend maar tevergeefs op die spoor van genl. De Wet — en daarna mynwerker, toe hy weens vermeende silikose gepensioeneer is.

Onder omstandighede het Spruce hom goed van sy taak as bibliotekaris gekwyt. Sy jaarverslae is kleurryk soos sy loopbaan self. Hy het dadelik begin met die opstel van 'n inventaris van die nagenoeg 9,000 boeke en in sy eerste verslag (van 1921) deel hy mee dat die katalogisering grotendeels klaar is. Dit was 'n „combined author and class catalogue." Die Biblioteekkomitee was besonder tevrede met Spruce. Hulle wys hier in die tweede jaar van sy diens daarop dat sedert sy aanstelling daar nie een boek verlore geraak het nie.

Spoedig na die benoeming van 'n permanente bibliotekaris is besluit om die biblioteekkomitee meer verteenwoordigend te maak. Dit is uitgebrei na sewe lede om die volgende groepe te verteenwoordig: Wiskunde en Fisika, Biologie, Skeikunde en Geologie; Ou Tale en Teologie; Moderne Tale; Filosofie, Ekonomie en Geskiedenis; Handel en Regte. Hierdie groeperings van vakke is telkens verander namate meer bygekom het maar die getal het 'n geruime tyd agt nie oorskry nie. Die voorsitters van hierdie komitee was oor die jare die volgende: proff. J. P. R. Wallis (1921-1924), L. Fouché (1924-1929, afgewissel deur dr. J. C. Ross wat van September tot November 1926 opgetree het), F. J. Tromp (1928-1930), D. E. Malan (1930-1932), E. H. D. Arndt (1932-1935), H. G. Viljoen (1935-1940), D. Pont (1940-1944) en E. F. W. Gey van Pittius sedert 1944.

Reeds in Maart 1924 skryf Spruce aan die registrateur dat die bibliotekarisskap nie meer 'n „one man job" is nie: „The work is accumulating beyond my physical power to cope with." Hy stel voor dat mnr. P. C. Coetzee wat sedert 1922 al 'n klerklike pos aan die T.U.K. beklee het, as sy assistent benoem moet word.

Hierdie versoek het voorlopig geen resultaat gehad nie en jaar na jaar het Spruce daarop teruggekom. In 1924 wys hy daarop dat die agterstand steeds groter word. Hy het in vier jaar slegs tien dae verlof gehad. Alleen kon dit nie meer nie; as hy gedurende eksamentyd moet sterf of siek word, kan dit „disastrous" vir die studente wees, so kla hy.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Komitee van ondersoek bestaande uit proff. Arndt, Sherwood en Le Roux was in 1925 glad nie tevrede met die toestande in die biblioteek nie. Hulle beveel aan dat iemand spesiaal oorsee gestuur moet word vir opleiding in biblioteekkunde.

Eindelik is mnr. P. C. Coetzee in Augustus 1925 oorgeplaas en aangestel as assistent van die bibliotekaris. Dadelik het daar verbetering ingetree. In 1927 is Spruce se oordeel dat die werk wat sedertdien gedoen is „abundantly justified the appointment". Aan die katalogisering wat soveel jare agter geraak het, kon nou flink gewerk word en in 1928 kan Spruce meedeel dat dit voltooi is, „functioning to the satisfaction of all concerned, even of the 'gloomy deans' who reported them some years ago as 'no good' merely because they were incomplete."

Ten spyte van sy optimistiese woorde was die toestand nie bevredigend nie. Dosente wat in Europa en Amerika met ander biblioteektoestande bekend geword het, het die leemte besef en herhaaldelik op beter werk aangedring. Hier moet veral die name van prof. E. H. D. Arndt en later prof. H. G. Viljoen genoem word, wat nooit opgehou het om die rol wat die biblioteek in die universiteit behoort te speel, te beklemtoon nie.

Die toepassing van die Deweystelsel het dikwels moeilikhede opgelewer. So byvoorbeeld het die komitee van ondersoek in 1925 opgemerk dat alle Afrikaanse boeke onder „Dutch" geklassifiseer word. „The explanation is simple. Dewey didn't know of such a language." Hulle beveel aan dat die klasnommer van Plat-Duits vir Afrikaans gebruik word. In 1928—1929 is dit nodig gevind om die hele Hollandse afdeling van die biblioteek te herklassifiseer, wat deur mnr. Coetzee in oorleg met prof. T. H. le Roux gedoen is.

In 1930 het mnr. Spruce uit die diens van die biblioteek getree. P. C. Coetzee is toe as waarnemende bibliotekaris benoem wat met een assistente en die toevallige hulp van mnr. W. Abernethy in die Buitemuurse Afdeling die volledige personeel was wat die versameling van 27,545 boeke moes beheer.

Ten spyte van herhaaldelike pogings kon nie 'n ervare en bekwame persoon vir die bibliotekarispos gevind word nie en daar word toe besluit om die pos voorlopig nie te vul nie. Intussen het mnr. Coetzee deur deeltydse studie in 1929 die B.A.-graad behaal en in 1934 die A.L.A. van die British Library Association. Gevolglik word hy van die begin van 1938 as bibliotekaris benoem.

Die vroeë jare dertig was vir die jeugdige bibliotekaris 'n moeilike leerskool. Hy het sover dit moontlik was 'n poging aangewend om die klassifikasie van die voorraad te hersien. Maar met onopgeleide hulp — aanvanklik nie eers gematrikuleerd nie — het dit moeilik gegaan.

Gevolglik is pogings aangewend om self persone in biblioteekkunde op te lei. Hierin is eers in 1937 geslaag toe 'n driejarige diplomakursus en ook leergange in biblioteekwerk vir H.O.D.-studente ingestel is. Die opleiding was aan die begin in die hande van die bibliotekaris en die assistent-bibliotekaris, A. J. van den Berg, wat in Augustus 1935 aangestel is. Dit ontwikkel tot 'n departement Biblioteekkunde in 1948 met die bibliotekaris as hoof.

Die geweldige agterstand in die katalogisering was in die oorlogsjare nog die grootste probleem. Die kommissie E. G. Malherbe-L. J. Rautenbach se algemene bevinding in 1940 was dan ook dat die biblioteek nie beantwoord aan die doel waarvoor dit ingestel is nie. Die opgehoopte agterstand in die rangskikking en katalogisering was ontsettend. Hoewel die personeel nou al tot 13 persone aangegroei het, was die meeste klerklik, en daar was juis behoefte aan professionele personeel. Eers na 1938 neem die naam- en sistematiese katalogus vorm aan, maar dit was die werk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van onopgeleides, sodat die eerste 92,000 dele van die voorraad later weer hersien moes word. Katalogisering sou eers na 1944 op dreef kom.

Aan die einde van 1953 word op aanbeveling van die Senaat nog eens 'n omvattende biblioteekondersoek gelas. Teen Oktober 1954 kry die kommissie na sy eerste verslag opdrag om sy ondersoek nog verder voort te sit. In die loop van 1955 word nog drie verslae ingelewer wat in 1956 deur die Senaat behandel en na die betrokke instansies verwys is. Besondere nadruk het by die hele ondersoek geval op die kwessie van doseerwerk deur lede van die biblioteekpersoneel. Die posisie moes aanvaar word dat doseerwerk 'n deel van die diensopdrag vir senior lede van die personeel sou bly, maar ter wille van die doeltreffende werkverrigting van die biblioteek is besluit dat dit noodsaaklik is om hierdie doseerpligte so ver moontlik te beperk en in elk geval die pos bibliotekaris te skei van die hoofskap van die departement Biblioteekkunde.

Hierdie skeiding het op 1 Januarie 1959 in werking getree. Dr. P. C. Coetzee het na 32 jaar diens by die biblioteek, waarvan 28 jaar as hoof en bibliotekaris, hoof geword van die departement Biblioteekkunde wat hy tydens sy dienstyd self geskep en uitgebou het. Die biblioteekpersoneel het van die oorspronklike 2 tot 26 aangegroei waarvan die oorgrote meerderheid gegradueerdes met opleiding in die biblioteekkunde is.

Na die uittrede van dr. Coetzee het mnr. A. J. van den Berg in samewerking met die dagbestuur van die biblioteekkomitee waargeneem tot hy van 1 Julie 1959 as bibliotekaris benoem is.

Groei van die Boekevoorraad


Die begin van die universiteitsbiblioteek wat nou oor die 216,000 boekdele tel, was klein en nederig soos dié van die T.U.K. self.

Miskien moet prof. John Purves beskou word as die grondlêer van wat die biblioteek van die T.U.K. geword het. Dit is altans na aanleiding van 'n voorstel van hom dat die Raad van die Transvaal Technical Institute in 1906 besluit het „to purchase books as per lists in English, Literature, History, Philosophy and Education". Dit is hierdie „Arts Library" wat in 1908 na Kya Rosa in Pretoria oorgeplaas is om as biblioteek van die Kollege se tak in Pretoria te dien.

Hoe groot hierdie biblioteek was, word nie gesê nie. Wel word gemeld dat dit in Pretoria aansienlik aangevul is deur toelaes van die Raad en privaatskenkings. By die afskeiding in 1910 was daar 'n „special grant of Council" wat blykbaar op £500 te staan gekom het. In 1912 meld die Thomsonverslag dat die nuwe gebou van die T.U.K. 'n „well-furnished library" bevat en dat daar reeds £800 aan boeke bestee is.

Gemelde verslag het die vereistes vir 'n universiteitsbiblioteek hoog gestel: „If a library is to serve its purpose, it must not only be provided with standard works of reference, but additions should be regularly made in the form of well-selected periodicals, scientific journals, and other literature of this class. After a library has been well housed and initially equipped there should be a sufficiently liberal expenditure to keep it well up to date, and it ought to be under the charge of some qualified person who can devote sufficient time to the work." Hoewel die Raad die waarde van die biblioteek besef het, was die beskikbare fondse te min om 'n behoorlike jaarlikse toelae te maak. Selfs die geringe som van £100 per jaar wat die Thomsonverslag as noodsaaklik gestel het, kon nie altyd gehandhaaf word nie. So was dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Groei van die boekevoorraad. (Elke simbool van volle grootte stel 8,158 *boeke voor — die aantal wat in* 1920 *in die biblioteek was).*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

byvoorbeeld in 1913 £100 maar in 1917 net £50; in 1918 egter weer £250. Hoe ontoereikend die toelae van £100 al baie gou was, blyk uit die feit dat daar in 1917 al 23 departemente was waarvan elkeen dan net £4.7.0 sou gekry het om boeke aan te koop.

Veral was die toelae ontoereikend waar nuwe departemente ingestel is wat dan van meet af uitgerus moes word. Om dié rede is in 1920 behalwe die verhoogde toelae van £400 nog 'n spesiale toelae van £1,000 van die minister gekry.

Die jaarlikse toelae en die verhouding daarvan tot die vermeerdering van die boekevoorraad kan die beste aan die hand van die volgende tabel nagegaan word:

JAARLIKSE TOELAE EN VERMEERDERING VAN DIE BOEKEVOORRAAD, 1920 — 1959

Jaar:	*Toelae per jaar:*	*Aanwins per jaar:*	*Totale aantal bande:*
1920	£ 400		8,158
1921	400	2,556	10,721
1922	400	1,239	11,859
1923	400	2,232	14,141
1924	600	1,041	15,124
1925	500	1,622	16,762
1926	1,050	1,130	17,905
1927	800	3,276	21,181
1928	800	2,231	23,412
1929	1,000	2,093	25,205
1930	1,000	1,735	27,548
1931	900	2,179	29,198
1932	1,000	2,662	30,932
1933	1,000	4,410	35,895
1934	1,400	4,039	40,024
1935	1,700	3,619	43,643
1936	3,200	4,004	47,647
1937	2,720	4,568	53,235
1938	2,720	9,095	61,430
1939	2,720	11,275	72,700
1940	3,270	8,623	82,017
1941	3,270	5,195	87,212
1942	3,270	4,877	92,089
1943	4,270	7,734	99,823
1944	3,270	6,301	106,124
1945	3,770	6,538	112,179
1946	5,070	7,201	118,950
1947	5,070	5,235	123,597
1948	4,755	6,478	129,708
1949	4,330	7,561	136,537
1950	3,932	5,847	141,290
1951	6,000	7,827	148,419
1952	8,450	8,310	156,492
1953	12,000	7,506	163,785
1954	14,000	8,472	171,682
1955	14,000	10,216	181,413
1956	14,500	8,570	189,378
1957	15,000	12,369	201,600
1958	16,500	10,250	211,563
1959	25,500	9,195	220,750

Die tydskrifafdeling van die biblioteek is blykbaar lank verwaarloos. In 'n verslag van die bibliotekaresse, mej. Faure, word vir die eerste keer in 1919 van tydskrifte melding gemaak en toe was dit net om te kla oor die feit dat dosente die goed wegdra. In 1921 word gemeld dat in daardie jaar 156 tydskrifte ontvang is. Maar hierna het dit vinnig toegeneem. Gemiddeld kan die jaarlikse groei van periodieke publikasies gedurende die jare twintig op ruim 2,000 gestel word. Veral die landboubulletins het vinnig toegeneem. Na 1930 het die getal tydskrifte ongeveer vertiendubbel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die ontoereikende kragte tot sy beskikking is veral dié afdeling van die biblioteek verwaarloos. Aan klassifikasie en katalogisering van al die tydskrifte kon eenvoudig nie gedink word nie. Daar was ook nie die nodige uitstalruimte en rakke daarvoor beskikbaar nie. Toe daar gebrek aan ruimte gekom het, was die tydskrifte die eerste slagoffers. In 1925 is hulle al opgestapel in 'n klein kamertjie op die onderste verdieping en mettertyd het die stapel dakhoogte bereik.

Geneem teen die agtergrond van die universiteitsbiblioteekwese in Suid-Afrika is dit goed om te onthou dat eers sedert 1930 'n behoorlike organisasie daarvan ontwikkel het. Voor 1930 was die posisie uiters haglik. Volgens die verslag Van der Horst van 1927 was die totale besit van die biblioteke van die nege universitêre inrigtings in dieselfde jaar minder as 130,000 waarvan 76,000 in drie biblioteke gekonsentreer was (Kaapstad 23,000, Stellenbosch 32,000 en T.U.K. 21,000).

In 'n byvoegsel tot die verslag het dr. P. J. du Toit, destyds direkteur van Veeartsenykundige Dienste, die volgende te sê: „The library of the T.U.C. is not bad as College Libraries go: a fair number of periodicals are received, so that professors (and senior students) are able to maintain a nodding acquaintance with what goes on in this line of work. However, for the research worker the amount of literature available is entirely inadequate, but perhaps it would be unreasonable to expect an institute of the size of the T.U.C. to maintain a library which would meet the demands of the research worker."

Interessant is ook die bevinding van mnre. Milton J. Ferguson en S.A. Pitt wat in 1928 en 1929 ten behoewe van die Carnegie Corporation of New York 'n ondersoek ingestel het in die biblioteektoestande in die Unie, Rhodesië en Kenia: „The two colleges at Pretoria and Grahamstown have fewer books than one could reasonably expect in a good high school in America."

Dit is 'n kras oordeel; maar wat die buitelanders nie raakgesien het nie, is die agtergrond waaruit alles moeisaam ontwikkel het. As mens dit in ag neem, is die groei van die biblioteek in die jare twintig tog 'n prestasie.

Gedurende die depressiejare was die groei nog maar stadig, dog daarna het dit gaandeweg toegeneem tot dit vandag 'n behoorlike voorraad boeke besit. Met verloop van tyd het die biblioteek ontwikkel van 'n versameling handboeke tot 'n navorsingsapparaat.

Versamelings en Skenkings

Nie alleen deur normale jaarlikse aankope het die boekevoorraad aangegroei nie, maar in 'n belangrike mate ook deur skenkings en die aankoop van spesiale boekerye. Baiekeer was dit nie groot skenkings nie, dikwels slegs enkele boeke, maar die biblioteek is besonder dank verskuldig aan hierdie weldoeners, hier in die jare toe hy nog klein was. Onder die skenkers het lede van die personeel 'n eervolle plek ingeneem. Om 'n volledige opgawe hiervan te verstrek, is nie doenlik nie.

Twee belangrike skenkings is in 1923 aan die biblioteek toegevoeg, naamlik die biblioteek van die Loquela-Vereniging van die T.U.K. (612 boeke) en die Neder-duitsch Hervormde Kerkbiblioteek, aangekoop en geskenk deur dr. S. P. Engelbrecht (716 boekdele).

Van die Carnegiefonds is byna gereeld boeke ontvang wat gewissel het van tien tot in die 70 per jaar. Van verskeie ander buitelandse inrigtings is boeke ontvang; byvoorbeeld sestien van die Trinity College, Dublin in 1926; negentien van die Universiteit van Utrecht en sestien van die Universiteit van Groningen, albei in 1928.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van die British War Office is in 1921 'n skenking van 664 boeke ontvang. Uiters belangrike aanwinste vir die karig voorsiende Buitemuurse biblioteek is 76 boeke van die Pretoria Law Society in 1921 en 140 boeke van die Transvaal Society of Accountants in 1926. Belangrike aankope was in 1925 die biblioteke van wyle prof. Macfadyen en dié van regter Mason.

'n Baie waardevolle skenking in 1927 was dié van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereniging wat bestemd was vir al die universiteitsinrigtings van Suid-Afrika; vir die T.U.K. het dit op 1,287 boeke neergekom.

Nadat 'n poging om die Gubbinsversameling, waarop prof. Wallis in 1930 die aandag gevestig het, in die hande te kry, misluk het, is in 1932 besluit om 'n Africana-versameling eerstens uit die bestaande voorraad op te bou en met spesiale aankope te vermeerder. Vir die eerste keer is £100 per jaar vir Africana afgesonder en 'n Skakelkomitee vir insameling is benoem, naamlik proff. Bokhorst, Arndt, H. G. Viljoen, Lestrade, M. L. du Toit en S. P. Engelbrecht. Toevallig het die onderneming in Augustus 1932 'n mooi stoot gekry deur die toevoeging van wyle dr. N. M. Hoogenhout se nagelate boeke, tesame 1,100 dele waaronder daar benewens literatuur oor die Eerste Taalbeweging (uit C. P. Hoogenhout se besit) waardevolle volledige reekse was van *Die Brandwag* (van 1910) en 'n volledige stel van *Die Huisgenoot* wat nog steeds bygehou word. Onder Hoogenhout se boeke was daar ook 'n unicum onder Africana: die oorspronklike Notuleboek van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875).

In Desember 1934 is die Africana op een plek geplaas. Teen dié tyd is ook reeds die waardevolle Brandversameling ontvang (sir Christoffel en pres. J. H. Brand) waarin baie reisbeskrywings was. In 1935 en 1936 word ook deur dr. W. J. Leyds 'n deel van sy biblioteek uit Den Haag gestuur, meestal Transvaalse Africana- en historiese pamflette. Deur bemiddeling van prof. S. P. Engelbrecht skenk Leyds ook terselfdertyd 'n borsbeeld wat deur Fanie Eloff van hom gemaak is. Dit word in 1936 in ontvangs geneem en staan tans in die portaal van die nuwe ingang waar op 16 April 1959 'n naamplaat daarop aangebring is.

Uit die boedel van wyle prof. Johannes du Plessis van Stellenbosch is in 1939 vir die biblioteek 'n boekery van 6,000 dele vir £3,000 aangekoop. 'n Baie groot deel hiervan was Africana met die gevolg dat die Africana-versameling byna verdubbel is. Seldsame en duur werke, en 'n pamfletversameling met stukke wat toe reeds geheel en al onverkrygbaar was, het weer op die rakke gestaan. Volgens Raadsbesluit van 17 Augustus 1939 sou plate by die versameling in albei landstale geplaas word met die volgende bewoording:

„*Die aankoop van hierdie versameling is moontlik gemaak deur ruim geldelike bydrae van die Carnegie-korporasie van New York en die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal.*"

In Augustus 1940 is in Pretoria oorlede mnr. J. de. V. Roos wat sedert 1908 ten nouste aan die T.U.K. en die Universiteit verbonde was. Hy het sy uiters kosbare Africana-boekery in die geheel nagelaat aan die Universiteit en daarby nog £500 vir die versorging daarvan. Dit word as 'n eenheid in die Africana-afdeling bewaar en mag (soos ook in die geval van die Du Plessis-versameling) nie uitgeleen word nie.

Naas Africana is dit veral regsgeleerdheid wat bo twyfel die volledigste toegerus is. Dit is in groot mate toe te skrywe aan die persoonlike aandag wat prof. dr. D. Pont oor die lang tydperk 1927—1960 aan die vergroting van hierdie afdeling bestee het, veral met die verkryging van die ou tekste in verband met die Romeins-Hollandse reg. In 1931 is belangrike aankope uit die nagelate boekery van regter G. F. W. G.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Pittius gedoen, en in 1938 is die boekery van hoofregter Jacob de Villiers (oorlede 1932) in bruikleen deur die familie aan die biblioteek oorgedra. In 1958 is die tydperk van lening vir nog 20 jaar verleng. In die versameling regsgeleerdheid berus ook die dr. Carel Potgieter-biblioteek van 304 bande.

Verskeie versamelings het gebaat by die skenkings of nalatenskappe van dr. H. Breyer, dr. H. S. Bosman, prof. P. J. Muller, Carl Jeppe, die Deutscher Studenteverein en die periodieke skenkings van resente publikasies deur die regerings van Portugal, Eire, die V.S.A., Nederland, die Verenigde Koninkryk en Wes-Duitsland.

Ook die nuutste fakulteit, Ingenieurswese, het in sy eerste jaar in 1956 'n waardevolle skenking ontvang toe prof. W. J. Walker van die Universiteit van die Witwatersrand sy volledige reekse vaktydskrifte aan die biblioteek geskenk het.

Onder aankope kan ten slotte nog genoem word die omvangryke Goetheversameling wat vir die departement Duits van besondere betekenis is.

Takbiblioteke

Die eerste takbiblioteek van die T.U.K. was dié van die Buitemuurse Afdeling wat omstreeks 1918 ontstaan het. Dit is van die begin af as deel van die sentrale biblioteek beskou en onder die gesag van die bibliotekaris gestel.

Voor 1924 het die Buitemuurse Afdeling geen spesiale biblioteektoelae ontvang nie en toe het alleen die departemente van Regte en Rekeningkunde wat uitsluitlik buitemuurs gefunksioneer het, dit gekry. Dat hulle aandeel maar klein was — in 1924 het Regte £75 ontvang en Rekeningkunde £40 — is begryplik en gevolglik het die boekery nie vinnig gegroei nie.

Voor die aanstelling van mnr. Stokes-Waller as buitemuurse registrateur is daar geen sorg aan die buitemuurse biblioteek bestee nie. Selfs daarna het toestande baie te wense oorgelaat. Die voorskrifte vir die uitleen van boeke is nie behoorlik nagekom nie en toe in 1925 ondersoek ingestel is, kon die bibliotekaris geen rekenskap van nie minder as 36 boeke gee nie. Daar sou toe 'n lys van die boeke opgeplak word, „as this ought to refresh the memories of the delinquents."

Aangesien alle boeke alleen binnemuurs ingeskryf en gekatalogiseer is, is daar geen rekord gehou van boeke wat direk aan die Buitemuurse Afdeling oorgemaak is nie. So is daar in 1924 nog geen inskrywings gemaak van die belangrike skenkings van die Carnegie Foundation nie, „and accordingly no trace has been kept as to what has happened to them." Dieselfde was die geval met die boeke van die Transvaal Society of Accountants, waarvan toe al etlike weg was.

In 1925 het die hele buitemuurse biblioteek bestaan uit twee of drie rakke, in geheel 248 boeke, in die kantoor van die buitemuurse registrateur. Alle regsboeke is toe in prof. Pittman se privaatkantoor in die Tudorgebou aangehou, aangesien studente daar makliker toegang daartoe gehad het as in die registrateur se kantoor.

Die stelsel om hierdie boeke van die binnemuurse biblioteek op aanbeveling van dosente oor te plaas na die Buitemuurse Afdeling het ook nie goed gewerk nie. Daar was nie genoeg duplikate nie en in werklikheid is die belangrikste boeke daar gehou en net die „afgeroomde melk" is na Buitemuurs gestuur.

Baie dosente was gevolglik genoodsaak om hulle privaatboeke aan studente uit te leen. Ander het die Staatsbiblioteek genader om boeke oor hulle vak in 'n aparte afdeling te plaas vir gebruik deur die studente. Maar die boeke daar aanwesig was uiteraard van 'n baie populêre karakter en dus nie geskik vir ernstige studie nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Arndt wat die saak ondersoek het, noem die toestand „a disgrace and of positive discredit to the prestige of an institution like the T.U.C." Die onreg teenoor die buitemuurse studente, wat byna die helfte van die geheel uitmaak, word sterk deur hom beklemtoon.

Aangesien daar 'n nuwe gebou opgerig word, beveel hy aan dat daar 'n kapitale belegging vir 'n goeie biblioteek gemaak word, van minstens £1,000 om mee te begin en 'n ruim jaarlikse toelae, sodat buitemuurse studente oor dieselfde biblioteekfasiliteite kan beskik as die binnemuurse. Verskeie ander praktiese wenke toon dat prof. Arndt met besondere insig en toegewydheid die aangeleentheid benader het.

Al hierdie goeie aanbevelings het weinig uitwerking gehad. Met die ingebruikneming van die Buitemuurse Gebou in Vermeulenstraat is daar wel 'n kamer vir die biblioteek afgestaan, maar geen bibliotekaris is benoem nie, ten spyte van herhaaldelike vertoë deur die Biblioteekkomitee en die betrokke dosente.

Daar het net een amptenaar diens gedoen — mnr. Abernethy is in die posisie aangestel net voor die gebou geopen is — en hy moes alle pligte waarneem, ook dié van bibliotekaris. Hy was so besig met geldinvordering dat teen die einde en begin van die maand die biblioteek nie geopen kon word nie.

Met die uitsondering van 'n paar boeke gedurende vakansietye kon Abernethy feitlik niks aan katalogisering doen nie. Toe het prof. Arndt maar ingespring en met behulp van studente op Vrydagaande die werk gedoen. Daar was in 1927 ongeveer 600 boeke in die biblioteek en die werk het maande geduur.

In 1931 het die biblioteek buitemuurs 'n deeltydse assistente gekry. Ter wille van die studente is daar langer ure ingestel. Met die vergroting van die gebou in 1940 is aan die biblioteek twee lokale gegee, maar dit was, gesien die sneltoenemende studentegetal, onvoldoende. In 1948 is toe die Macfadyensaal (wat sedert die oprigting van die gebou in 1926 altyd vir vergaderings of kunstentoonstellings gebruik is) in 'n biblioteek omgeskep. Dit het as heel bevredigende lokaal die eersvolgende paar jaar diens gedoen. Maar die ou ruimteprobleem was teen 1959 weer akuut weens die ongeëwenaarde styging in die getal buitemuurse studente tot oor die 1,500. Hoewel die Buitemuurse Afdeling van die biblioteek in die omstandighede na die beste van sy vermoë probeer diens lewer het, was baie studente noodwendig op die Staatsbiblioteek aangewese om die beperkte boekevoorraad (waarin uiteraard Handel oorheersend verteenwoordig is) aan te vul.

By die beplanning van die Nuwe Buitemuurse Gebou in Proesstraat is vir die biblioteek ruim voorsiening gemaak. Volgens Raadsbesluit van 17 April 1958 en op aanbeveling van die biblioteekkomitee dra die nuwe biblioteek die naam van prof. W. A. Macfadyen, een van die manne aan wie Buitemuurs in groot mate sy ontstaan te danke het.

Die nuwe biblioteek wat in 1960 in gebruik geneem is, word gehuisves in die boonste gedeelte van die sesverdiepingblok aan Strubenstraat. Die gebouekompleks is so beplan dat die biblioteek in die toekoms na 'n nuwe gebou kan verhuis wanneer die biblioteeklokale vir ander doeleindes ontruim mag word.

'n Ander takbiblioteek is dié van Geneeskunde. Toe die Fakulteit Geneeskunde in 1943 ingestel is, moes deur die Universiteitsbiblioteek binne kort tyd 'n versameling mediese literatuur byeengebring word. Daarin is in hoë mate geslaag. Maar die boekevoorraad kon om praktiese redes slegs ten dele in die Merensky geplaas word. Die res is in die kantore van departementshoofde in die fakulteit versprei. Dit het veel ongerief en administratiewe werk meegebring. Solank daar nog nie 'n biblioteekgebou vir Geneeskunde was nie, was dit nie moontlik om behoorlike diens te lewer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nog voordat die nodige middele vir 'n gebou gevind is, het die tegniese adviseur, mnr. H. W. Bateman, in opdrag van die rektor, in 1949 al 'n plan ontwerp om bo-op die teekamer by die kliniese gebou 'n mediese biblioteek te bou wat sowat £14,000 sou kos. Daarop het die rektor aangeteken: „Dit sal nog eendag oorweeg moet word . . . " Binne twee jaar het die saak aktueel geword. Van dr. Hans Merensky is in Oktober 1951 'n skenking van £2,500 ontvang wat deur die rektor bestem is vir 'n mediese biblioteek. Vroeg in 1953 het die skakelbeampte aan die planne vir 'n Mediese Uitbreidingsfonds begin vorm gee: 50 medici sou met indiwiduele skenkings en by wyse van aftrekorders bydra. Dit was 'n vrugbare plan. Van 'n beoogde £20,000 was teen Julie 1954 al £11,500 ingesamel, weliswaar ook buite die mediese beroep en slegs gedeeltelik vir die oprigting van die biblioteek. Teen die einde van 1954 was die mediese biblioteek egter al „op die gesigseinder."

In Junie 1955 is besluit om die ontwerp van 'n gebou aan argitek F. J. Wepener op te dra en in Julie 1956 kon die gebou reeds in gebruik geneem word. Dit het ruimte vir 109 stoele vir voorgraadse studente, 'n lokaal vir nagraadse werk en bêreplek vir 30,000 bande. Met sy oprigting het dié takbiblioteek reeds 320 mediese tydskrifte ontvang. Met die voltooiing van hierdie gebou, tussen die Klubsaal en gang van die Kliniese Gebou, is 'n ideaal verwesenlik wat van die stigting van die fakulteit al gekoester is. Die bestaande boekevoorraad is egter selfs nou nog nie geheel en al daar gekonsentreer nie. By die Instituut vir Patologie word 'n handbiblioteek, veral van tydskrifte, in biblioteekkamers gehuisves en geraadpleeg. Die Fakulteit Tandheelkunde huisves in sy hoofgebou 'n afdeling vakliteratuur.

Die biblioteek vir Geneeskunde is in Augustus 1956 formeel deur die rektor, prof. C. H. Rautenbach, geopen, toe 'n U.P.-wapen teen die muur van die gebou onthul is.

'n Afdeling van die Merenskybiblioteek, wat eintlik geen takbiblioteek is nie, het in die jongste tyd in die Onderstepoortkoshuis tot stand gekom, bestaande uit vakliteratuur en ontspanningsleesstof.

In die verlede was dit vir studente in die Veeartsenykunde moeilik om op aanvraag boeke uit die departementele biblioteek op Onderstepoort te verkry. Daarom is in 1952 'n tegniese biblioteek in die fakulteitsgebou beplan, maar die gedagte is later gewysig ten gunste van 'n boekery in die koshuis.

Dit is op 14 Augustus 1959 amptelik deur die rektor geopen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK IX

STUDENTELEWE

STUDENTEBESTURE

BINNEMUURSE STUDENTERAAD

DIE verhaal van Tukkies se georganiseerde studentebedrywighede gaan terug tot 17 Maart 1909, toe op versoek van die Senaat 'n algemene vergadering van studente onder voorsitterskap van dr. Reinink in die Staatsgimnasium gehou is. Hierdie allereerste monstervergadering van studente in universitêre verband wat ooit in die Transvaalse hoofstad gehou is, was buitengewoon nie slegs weens die hoë bywoningsyfer daarvan nie maar ook weens die geesdrif wat by dié geleentheid geopenbaar is. Op enkele uitsonderings na was elkeen van die ses-en-sestig ingeskrewe studente van daardie jaar nie alleen getuies nie, maar ook deelhebbers aan die geskiedenis wat hom daar voltrek het.

Op die vergadering het dr. Reinink verduidelik „that the Senate desired the students to elect a certain number of students to represent them and to act as an



Eerste Studenteraad saamgestel op 17 *Maart* 1909.
Staande (van links na regs): T. B. NESER, *mej.* T. FAURE, A. MEESTER.
Sittende (van links na regs): Mej. C. KÖNIG (*ondervoorsitster*), W. F. CANDY (*voorsitter*), *mej.* K. MURRAY.
Voor: A. WAGNER (*sekretaris*).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

intermediary body between the Senate and the Council." Aan die besprekings wat daarop gevolg het, is lewendig deelgeneem en daar is eenparig besluit om oor te gaan tot die verkiesing „of a body to be called the Student's Representative Council". Op voorstel van prof. Paterson is besluit dat die Studenteraad uit agt lede — drie dames en vyf mans — sou bestaan. Die daad is by die woord gevoeg en volgens erkende demokratiese prosedure is die volgende agt studente as die eerste verteenwoordigende studenteraad van die Transvaalse Universiteitskollege aangewys: Mejj. T. Faure, C. König en K. Murray en mnre. W. F. Candy, A. Meester, T. B. Neser, P. C. Vercueil en A. Wagner. In die loop van die jaar het P. C. Vercueil as lid van die Raad bedank en is G. P. Rautenbach, oom van die huidige rektor, in sy plek gekies.

'n Paar dae later is die eerste vergadering van die pas verkose Studenteraad in die ontvangskamer vir mans te Kya Rosa gehou wat net soos die eerste monstervergadering merkwaardig en kenmerkend genoem kan word. Drie ampsdraers — 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n sekretaris — is eenparig verkies. W. F. Candy, 'n rou „Tommy" wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog teen die Boere geveg het, het voorsitter geword. A. Wagner is as sekretaris gekies, terwyl 'n dame — mej. König — met die amp van ondervoorsitster belas is. Mej. König is in die geskiedenis van die Binnemuurse V.S.R. die enigste dame vir wie hierdie onderskeiding ooit te beurt geval het.

Met die ampsdraers aangewys, kon die vergadering daartoe oorgaan om volgens sy oordeel en insig aandag te gee aan — vir sover dit die studentegemeenskap betref — sake van dringende belang. Drie sake is oorweeg en drie besluite is geneem wat uit piëteit vir ons studentebaanbrekers verdien om aan die vergetelheid ontruk te word.



W. F. CANDY.
Eerste Voorsitter van die Studenteraad.

Om behoorlik te kan funksioneer, was iets soos 'n konstitusie min of meer onontbeerlik, maar omdat dit sake is daardie waarmee 'n jong raad nie graag op sy nugter maag doenig raak nie, is gerieflikheidshalwe besluit „to postpone the matter". Vervolgens het die gebruik om op Woensdagmiddae lesings te gee aan die orde gekom; en omdat die Raad van oordeel was „that the continuation of the classes was inimical to the interests of Sports", is besluit om die Senaat te versoek om die rooster te verander. Eindelik, daar aan die inwendige mens ook gedink moes word, het niemand minder nie as die voorsitter die moontlikheid en wenslikheid van elfuurtee ter sprake gebring. Die vergadering het hom ondersteun, sodat oor hierdie saak besluit is „to appoint a sub-committee of three members to see what could be done."

Aan die opstel van 'n konstitusie is daarna by verskillende geleenthede aandag gewy, sodat die finale ontwerp op 25 Oktober 1909 aanvaar kon word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierin is bepaal dat die Raad uit hoogstens tien lede sou bestaan van wie agt by wyse van stemming op die jaarlikse algemene vergadering aangewys sou word. Die moontlikheid vir uitbreiding na tien is gelaat, omdat die Senaat die reg voorbehou het „to appoint one or two additional members if it be thought advisable". Van hierdie reg het die Senaat onmiddellik gebruik gemaak en I. de V. Malherbe en J. Hugo op die Studenteraad van 1910 benoem. Ook is in die konstitusie vir groepsverteenwoordiging voorsiening gemaak. Die intermediêre en B.A.-groepe sou elkeen deur vier lede op die Raad verteenwoordig word en elke groep sou oor sy eie verteenwoordigers besluit.

Hoe gemoedelik die verhouding in die dae van die klein begin was, blyk o.a. daaruit dat die voorsitter van 1909 in 1910 sekretaris van die Studenteraad geword het. Die latere bekende professor in Latyn aan U.P., J. Boxwell, het in 1910 as voorsitter opgetree en is trouens in 1911 weer in die hoedanigheid verkies. Hy en twee ander lede van die V.S.R. het egter in die loop van die jaar omrede van 'n kwessie oor die dra van togas bedank. In die daaropvolgende verkiesing is hulle al drie herkies, maar met die aanwysing van 'n voorsitter het die oud-voorsitter die stryd verloor teen I. de V. Malherbe (in later jare professor in Landbouchemie aan die Universiteit van Stellenbosch).

Die reëling van 1909 waarvolgens eerstejaars gelyke verteenwoordiging met die seniors op die Studenteraad sou hê, het in die praktyk baie gou onbevredigend geblyk, met die gevolg dat in 1914 bepaal is dat „only students who have been at a University College for at least one academic year, are eligible as members of the Council". Dit is naamlik gevind dat die verteenwoordigers van die intermediêre groep nooit aan besprekings deelneem nie maar tog 'n oordeel by wyse van deelname aan stemming vel. Daarmee het die eerstejaars hulle verteenwoordiging op die Studenteraad verloor tot die gebruik in 1923 ontstaan het dat die Senaat sy twee verteenwoordigers op die Studenteraad deur die eerstejaars uit eie geledere laat kies het. Met die gebruik is tot in 1930 volgehou, toe die Senaat afstand gedoen het van sy reg om verteenwoordigers op die Studenteraad te benoem. Soos straks sal blyk, is daarna vir verteenwoordiging van eerstejaars, op 'n ander wyse voorsiening gemaak.

Sedertdien was dit by verskillende geleenthede nodig om die samestelling van die Studenteraad, en daarmee ook sy konstitusie, te verander. 'n Belangrike verandering in 1927 het die samestelling van die Studenteraad weliswaar nie noemenswaardig geraak nie wat egter wel die geval was, toe in 1929 'n ooreenkoms met die Studenteraad van die plaaslike Normaalkollege aangegaan is. Omdat baie Normaalstudente ook by die Universiteit lesings bygewoon het en geregistreer is, het daar 'n voortdurende aanraking tussen die twee groepe plaasgevind. Dit was dus nodig om in bestuursaangeleenthede hiermee rekening te hou en daarom is ooreengekom dat die Studenteraad uit dertien lede sou bestaan van wie twee deur die Studenteraad van die Normaalkollege uit hulle eie geledere aangewys sou word.

Die samewerking met Normaal het lank geduur en was hartlik. Namate die twee inrigtings gegroei het, het elkeen 'n eie weg opgegaan en was uiteindelike skeiding nie alleen onvermydelik nie maar ook wenslik. Veral die reëling waarvolgens Normaalstudente stemreg op monstervergaderings van die binnemuurse studente kon uitoefen, terwyl die omgekeerde nie die geval was nie, het 'n krapperige verhouding veroorsaak en belangrik daartoe bygedra dat Normaal uiteindelik na 1948 heeltemal selfstandig sy eie weg opgegaan het.

Kort nadat die ooreenkoms van 1929 met die Normaalkollege aangegaan is, is die samestelling van die Raad in 1930 weer gewysig. Die beginsel van groepsverteenwoordiging word volgens hierdie reëling gehandhaaf, toe besluit is om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Raad wat uit vyftien lede sou bestaan soos volg saam te stel: Twee verteenwoordigers, van wie een 'n man en een 'n dame, wat aan die begin van die tweede semester deur die eerstejaars uit hulle geledere gekies word; drie verteenwoordigers, twee mans en een dame, wat deur die junior studente (die tweedejaars) uit hulle geledere gekies word; sewe verteenwoordigers — vyf mans en twee dames — wat deur die senior studente uit eie geledere gekies word; een verteenwoordiger van die studente van Onderstepoort en twee verteenwoordigers van die Normaalkollege aangewys in terme van die ooreenkoms van 1929. Die beginsel is ook aanvaar dat mans vir mans en dames vir dames sou stem.

Die gebruik om eerstejaars 'n aandeel in studente-bestuursaangeleenthede te gee, is op die eerste monstervergadering in 1942 beëindig. Die oortuiging dat groentjies nog te min van studentesake weet en dus maklik deur die ouer studente misbruik kan word, het daartoe gelei dat hulle nie slegs hulle verteenwoordiging op die Studenteraad nie, maar ook die reg om te stem, verloor het. Die V.S.R. sou dus voortaan uit dertien lede bestaan.

Sedert 1942 het ongemerk 'n ander verhouding tussen die steeds groeiende aantal afdelings ingetree en is dit nodig geoordeel dat dit ook in die samestelling van die Studenteraad gereflekteer moet word. Daarom verval die tweedejaarverteenwoordiging op die V.S.R. vanaf 1946, terwyl mediese verteenwoordigers bykom. Die Raad sou voortaan uit 18 lede bestaan: 7 binnemuurse mans, 2 binnemuurse dames, 6 mediese studente, 1 van Onderstepoort en 2 van Normaal. In 1949 word 'n verteenwoordiger van Boukunde bygevoeg en groei die Raad tot 19 lede.

Om groter kontinuïteit te bewerkstellig, is in 1951 op versoek van die rektor besluit om die V.S.R.-verkiesing wat sedert 1909 aan die begin van die jaar plaasgevind het, na die einde van die jaar te verskuif. Hierdeur is weggedoen met die noodsaaklikheid om telkens 'n interimkomitee te benoem; 'n komitee wat, weens sy beperkte magte, 'n onbevredigende instelling geag is.

Saam met die permanente instelling van die Sentrale Studenteraad is die grondwet opnuut gewysig, sodat die V.S.R. sedert die begin van 1952 uit twaalf lede bestaan waarvan ses (minstens een dame) deur die gewone binnemuurse studente gekies word; vier deur die geneeskundige studente op so 'n wyse dat van die Mediese en Tandheelkundige huise ten minste een elk verkies word en een lid wat deur elk van die Veeartsenykundige en Boukundige studente aangewys word. Die Normaalverteenwoordiging word afgeskaf. Binne twee dae na die verkiesing, so is verder bepaal, moet die hoofverkiesingsbeampte die lede van die nuutverkose en van die uittredende Studenteraad bymekaarroep wat dan in gesamentlike sitting onder sy voorsitterskap 'n voorsitter aanwys wat onmiddellik na sy verkiesing die stoel inneem, die res van die uitvoerende komitee laat kies en die vergadering verder lei. Vandat Boukunde sedert die begin van 1958 by die Universiteit gehuisves word, het hierdie groep nie meer afsonderlike verteenwoordiging op die Studenteraad nie. Saam met al die gewone binnemuurse studente kies hulle dus toe sewe lede van die V.S.R. In die loop van 1959 is die grondwet weer gewysig sodat die V.S.R. tans uit 15 lede bestaan.

Buitemuurse Studenteraad

Terwyl die binnemuurse studente hulle probleme op hulle eie manier probeer oplos het, het die Buitemuurse Afdeling waar met die behoeftes van die werkende student rekening gehou is, langsamerhand vaste vorm gekry. Eienaardig genoeg het hierdie groep aanvanklik nie 'n behoefte gevoel aan 'n bepaalde studente-organisasie nie. Maar toe skielik „have they realised their strength and importance as a unit of the

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


T.U.C. and so have elected a Student's Representative Council." Hierdie belangrike gebeurtenis het op 31 Mei 1921 plaasgevind. By die geleentheid is ook 'n konstitusie opgestel wat later deur die Senaat goedgekeur is. Ooreenkomstig die voorskrifte hiervan sou die V.S.R., wat uit nege lede moes bestaan, van wie minstens een 'n dame, op 'n jaarlikse, algemene vergadering aan die begin van die jaar per geslote stembriefie verkies word.

Met die verkiesing van 1921 is H. S. Walker as die eerste voorsitter van die Buitemuurse V.S.R. aangewys en is, net soos in die geval van die eerste Binnemuurse V.S.R., 'n dame, mej. C. M. Hall, met die eervolle amp van ondervoorsitster belas.

Daarna is by verskillende geleenthede wysigings in die grondwet aangebring wat, met uitsondering van die wysiging in 1924, egter nie deur die Senaat goedgekeur is nie. So is bv. in Maart 1924 op 'n massavergadering besluit dat „a member of the Senate nominated by the Extra-Mural Students' Representative Council and approved by Senate shall be added to the Students' Council in order to ensure closer contact between the Senate and the Students' Council." Met hierdie gebruik is volgehou, totdat die Senaat aan die begin van 1930 besluit het „that for the present the Senate would not appoint a representative on the Extra-mural S.R.C."

Aan die begin van 1931 is die konstitusie weer eens op 'n massavergadering te dien effekte gewysig dat die voorsitter voortaan deur die verkose lede en nie deur die massa gekies sou word nie. By dieselfde geleentheid is die gebruik om die V.S.R. op en deur 'n algemene vergadering te laat kies, opsygeskuif ten gunste van 'n verkiesing met geslote stembriewe gedurende die loop van die dag voorafgaande aan die algemene vergadering.

En toe kom die groot verandering van 1933 wat die poppe vir die eerste keer in Buitemuurs se geskiedenis behoorlik aan die dans gesit het. Op 'n vergadering wat



Die Eerste Buitemuurse Studenteraad.
Staande (van links na regs): N. J. A. LAUBSCHER, W. P. E. STOKES-WALLER (*sekretaris*).
Sittende (van links na regs): E. GLAHOLM, *mej.* C. HALL (*ondervoorsitster*), H. S. WALKER (*voorsitter*), A. J. STEDNAM.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op 21 November plaasgevind het, is besluit dat die eerstejaars van 1934 af nie meer aan die verkiesing sou deelneem nie. Ook hierdie wysiging is nie aan die Senaat vir goedkeuring voorgelê nie met die gevolg dat 'n verkiesing op daardie basis, streng genome, onwettig sou wees.

Soos wafferse gesoute manne van die akademie het die eerstejaars van 1934 tande gewys, beswaar gemaak teen die wysiging van 1933, die ongeldigheid van die nuwe konstitusie beklemtoon en hulle op die Senaat beroep. Omdat die nuwe jaar intussen nie stilgestaan het nie, het die rektor gereël dat die verkiesing op grondslag van die gewysigde konstitusie uitgeskryf kon word, maar dat die uitslag daarvan, in afwagting van die Senaat se besluit op die eerstejaars se petisie, geheim gehou moes word.

Die Senaat het die eerstejaars gelyk gegee, maar daaraan het die verkiesingskomitee en die V.S.R. van 1933 wat toe nog in funksie was, hulle skynbaar nie gesteur nie. Bygevolg is in 'n petisie hierteen beswaar gemaak en in beroep gegaan op die Senaat „om die V.S.R. en verkiesingskomitee te gelas om die verkiesing stop te sit en 'n nuwe verkiesing op konstitusionele lyne te reël." Ooreenkomstig hierdie versoek het die registrateur die V.S.R. toe formeel gelas om uitvoering te gee aan die wense van die Senaat, en eerstejaars ook aan die verkiesing te laat deelneem. Die V.S.R., behoorlik in die hoek gedryf, het liewers as om aan die eerstejaars te kapituleer studente-harikiri gepleeg en bedank.

Dit is nouliks nodig om die ideologiese agtergrond van die hele petalje te beklemtoon. In 1933 het die stryd, Binne- sowel as Buitemuurs, op sy felste tussen Nusas en A.N.S. gewoed. Buitemuurs kon hom die langste as Nusasvesting handhaaf, maar ook daar het die posisie jaarliks met die koms van nuwe eerstejaars wat steeds sterker en sterker die Afrikaanse beleid ondersteun het, wankelmoediger geraak. Die einde was reeds in sig toe die gedagterigting van 1933 hom nog vir minstens een jaar in die kussings wou hou deur die eerstejaars uit die verkiesing te hou. Die ideologiese agtergrond blyk ook daaruit dat die petisie van die eerstejaars gans te regsgeleerd was om spontaan by 'n klompie groentjies te kon ontstaan. Hulle is ryklik geïnspireerd en voorgegaan deur 'n klomp belhamels uit die kraal van die afwykende A.N.S.

Nadat die storm op die gesigseinder verdwyn het, het die nuwe V.S.R. onder voorsitterskap van J. Coetzee 'n nuwe grondwet voorberei wat na aanname deur die studente vir goedkeuring aan die Senaat voorgelê is. Buitemuurs het weer 'n amptelike grondwet gehad — die eerste keer sedert 1924, toe aan die oue begin torring is. Die hoogste bestuursliggaam van Vermeulenstraat sou voortaan uit nege lede bestaan.

Nog een wysiging in die samestelling van die Studenteraad sou volg, maar dit was nie ingrypend nie. Omdat Buitemuurs se getalle ook nie stilgestaan het nie, was die nege lede weldra nie meer by magte om alles te behartig nie. Meer hande was nodig en daarom word die getal lede van die Raad — kennelik is die buitemuurse studente nie bygelowig nie — opgeskuif na 13!

Die Sentrale Studenteraad

Die Buitemuurse Studenteraad het onteenseglik in 'n behoefte voorsien. Dog ook in 'n ander opsig het die instelling daarvan 'n betekenisvolle uitwerking gehad. Want tot 1921 het die binnemuurse studentegemeenskap geleef en gewerk asof hulle heeltemal onbewus is van die bestaan van 'n Buitemuurse Afdeling. Maar toe daar nou mettertyd twee studenterade as het ware langs mekaar tot stand kom, het weldra


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

geblyk dat tussen hulle gemeenskaplike belange bestaan wat 'n mate van oorvleueling tot gevolg gehad het. Sporadiese geskilletjies oor hoe die gemeenskaplike terrein die beste bewandel kan word, het die noodsaaklikheid van samewerking minstens met betrekking tot sekere aangeleenthede, sterk beklemtoon. In die studenteblad van 1926 word selfs gedink in terme van 'n enkele Studenteraad wat vir albei afdelings verantwoordelik sou wees.

Daarmee is die bal aan die rol gesit waarop die Binnemuurse Studenteraad onder leiding van M. D. C. de Wet Nel, die huidige Minister van Bantoe-Administrasie, vroeg in 1927 voortgebou het, toe hy die Studenteraad nie slegs van Buitemuurs nie, maar ook van Normaal uitgenooi het om oor die wenslikheid van 'n sentrale Studenteraad samesprekings te hou. Die gedagte het algemeen byval gevind met die gevolg dat laat in 1927 die *Studente-unie* tot stand gekom het. Sake van algemene belang sou deur die Studente-unie gehanteer word wat vir dié doel oor sy eie fondse sou beskik.

Die onderneming van 1927 het in die praktyk blykbaar nie aan die verwagtings beantwoord nie. By die Buitemuurse Afdeling het dit klaarblyklik nie byval gevind nie, want in sy jaarverslag vir 1928 verklaar P. J. J. Viljoen, voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad, dat na sy oordeel teruggeval moes word op die ou gebruik, toe periodiek gesamentlike vergaderings gehou is.

En hiermee, kan ons aanneem, het die goedbedoelde poging van 1927 'n vroeë dood gesterf. Na die vorige toestand is egter nie teruggekeer nie, want terwyl Buitemuurs daarna min of meer heeltemal selfstandig sy eie weg opgegaan het, het die verhouding tussen Binnemuurs en Normaal selfs intiemer geword, toe laasgenoemde



Die Studente-unie, 1928.
Staande (van links na regs): O. Bekker, D. Gould, A. van den Berg, *mej.* Y. de la Harpe, H. Barnard.
Sittende (van links na regs): G. Keizer, *mej.* L. Desfontaine, M. D. C. de Wet Nel (*voorsitter*), *mej.* Murray-Seath, P. J. Viljoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

liggaam van 1929 af deur twee van sy lede op die Binnemuurse Studenteraad verteenwoordig is.

Dit was egter nie die einde van samewerking op 'n federale basis nie. Van ongeveer 1938 af is voorsiening gemaak vir 'n *Skakelkomitee* wat sou bestaan uit die Uitvoerende Komitees van die drie Studenterade. Ook in hierdie geval was dit die bedoeling dat die komitee hom bloot by sake van gemeenskaplike belang sou bepaal. Die Skakelkomitee het 'n nuttige doel gedien, maar mank gegaan aan die gebrek dat dit nie op 'n konstitusionele basis berus het nie en daarom slegs adviserend kon optree.

Daardeur is die behoefte aan 'n sentrale outoriteit wat gesaghebbend namens die hele studentegemeenskap kon optree, net sterker beklemtoon. Trouens, in 1946 het verskillende faktore gevaarlik gedreig om die hoogs nodige eenheid te versteur. Oor die A.S.B. en die verhouding met Wits is deur Binne- en Buitemuurs verskillend geoordeel. Die ontydige aandrang van die mediese studente onder leiding van 'n groep immigrante wat van die Tukkie-gees niks gesnap het nie om 'n eie kleurbaadjie, het beroeringe veroorsaak en dit het al die takt en wysheid van 'n Salomo vereis om bymekaar te hou wat bymekaar hoort. Sedert 1946 is lank en met toewyding gewerk aan die skepping van 'n Sentrale Studenteraad. In hierdie proses is 'n hele aantal konsepkonstitusies opgestel en weer stukkend geskeur tot eindelik 'n grondslag gevind is wat almal tevrede gestel het.

Die name van 'n groot aantal studenteleiers kan hier eervol vermeld word wat in hierdie moeilike dae van wik en weeg werklik leierskwaliteite geopenbaar het. Aan Binnemuurse kant het Punt Janson, Piet Stofberg, C. van der Merwe, Gerrit Viljoen, A. D. Pont en Willie Maree 'n oplossing help soek, terwyl W. A. Kleynhans, Charles Nieuwoudt, John Maré en F. Raubenheimer van Buitemuurs die saak op voortreflike wyse gedien het.

Aanvanklik is daaraan gedink om 'n gesentraliseerde bestuur te skep waarin Binnemuurs, Buitemuurs, Medies en Normaalstudente elkeen vier verteenwoordigers sou hê. Met twee verteenwoordigers vir Onderstepoort daarby sou die algemene raad uit 18 lede bestaan en namens die hele gemeenskap praat. Daarnaas sou Binnemuurs, Buitemuurs en Normaal elkeen sy eie V.S.R. behou. Die plan het nie gedeug nie, met die gevolg dat in 1948 'n oplossing gesoek is in die rigting van direkte verteenwoordigers vir Buitemuurs op die Binnemuurse V.S.R. Inderdaad het drie lede van Buitemuurs op die Binnemuurse V.S.R. sitting geneem, maar dit was duidelik dat die Buitemuurse Afdeling oor hierdie toedrag van sake nie gelukkig gevoel het nie.

Die reëling vir 1948 het die probleem baie nader aan 'n oplossing gebring sodat met hernieude ywer beraadslaag is. Hoewel diskussies soms heftig gevoer is en die manne oor en weer warm geraak het, het die koppe koel gebly en kon die pasverkose S.S.R.-sekretaris, A. D. Pont, op 13 Oktober 1949 aan die Senaat kennis gee „van die stigting van 'n Sentrale Studenteraad aan hierdie Universiteit." Hoewel die eerste S.S.R. in 1949 aangewys is, was 1950 in werklikheid 'n proefjaar. Die praktiese toepassing van die beginsels waarop die nuwe raad berus het, het heelwat probleme opgelewer, maar is alles in 'n gees van wedersydse welwillendheid opgelos. Plek-plek moes selfs aan die konstitusie geskaaf word.

Met die bepaling van die ledetal van die S.S.R. moes noodwendig met die sterkte van die onderskeie afdelings rekening gehou word. Gedurende die proefjaar 1950 sou die S.S.R. uit al 19 Binnemuurse V.S.R.-lede plus 7 Buitemuurse verteenwoordigers bestaan. Omdat die Raad so saamgestel effens groot en log was, is met die permanente instelling van die S.S.R. ooreengekom dat die twaalf lede van die Binnemuurse V.S.R. *ex officio* die verteenwoordigers van die binnemuurse studente op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


die S.S.R. sou wees. Buitemuurs word deur vyf lede verteenwoordig wat deur die Buitemuurse V.S.R. uit sy midde en deur homself vir die doel aangewys word.

Die S.S.R. in funksie

Sedert sy instelling is die S.S.R. die orgaan wat studenteaangeleenthede betreffende die studentegemeenskap as geheel reël en beheer. Dit is die amptelike mondstuk van die studentegemeenskap en die enigste kanaal waardeur een of meer studente in naam van die hele groep in studenteaangeleenthede teenoor die Universiteitsowerhede of na buite mag optree. Ooreenkomstig hierdie beginsel is alle sake van gemeenskaplike belang aan die sorg van die S.S.R. opgedra. Daaronder val die reëlings vir die jaarlikse Jool en Lentedag; alles in verband met sangbyeenkomste, studenteliedere en strydkrete; toesig en beheer oor tussen-universitêre sportbyeenkomste; gesag en verantwoordelikheid met betrekking tot die toekenning van kleure sowel as tussenuniversitêre studentebetrekkinge. Verder het die S.S.R. ook nog beheer oor *Perdeby*, *Trek*, alle sportklubs en sodanige sake wat met 'n twee-derde meerderheid op die monstervergaderings van albei afdelings aan die Sentrale Studenteraad opgedra word. Kragtens hierdie klousule is sedert 1949 reeds die verantwoordelikheid vir die uitgee van 'n inligtingspamflet aan eerstejaars en die reëling in verband met die weeklikse studentevaria aan die sorg van die S.S.R. opgedra.

Trek

Die gedagte aan 'n studenteblad is so oud soos die studentegemeenskap self. Reeds in April 1910 het ene mnr. Letters in 'n brief aan die V.S.R. die wenslikheid uitgespreek dat 'n jaarblad uitgegee moet word. Blykbaar het hierdie voorstel die studenteraad enigsins onvoorbereid gevind, want in plaas van „ja" of „nee" te ant-



Die Sentrale Studenteraad, 1950.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

woord, is besluit om die voorsteller te vra om 'n skema voor te lê van hoe, na sy oordeel, die saak aangepak moet word. Dit het toe gebeur en die Studenteraad is aan die dink gesit wat meer as 'n jaar later geëindig het „in the conviction that such a publication was not yet justified".

In 1912 het die voorsitter van die Studenteraad, J. L. Andrew, die saak ter hand geneem en voorgestel dat 'n studenteblad uitgegee moet word. Alhoewel dit toe reeds in die tweede helfte van die jaar was, het die voorstel tog byval gevind en is 'n redaksie saamgestel bestaande uit J. de Wet as hoofredakteur, bygestaan deur mejj. Richter, Broodryk en Wessels en mnre. Andrew en Gibbs. Alles het blykbaar verder goed verloop en in November het Deel I, No. I van „The T.U.C. Students Magazine — Studenteblad van die T.U.K." verskyn.

Sedert 1912 het die blad, behoudens twee onderbrekings, gereeld jaarliks een of meermale verskyn. In 1923 het „steurende omstandighede" — oor die aard waarvan ons nêrens behoorlik ingelig word nie maar vermoedelik met die skorsing van die Studenteraad in verband staan — die verskyning van die jaarblad in die weg gestaan. In 1936 het daar ook nie 'n jaarblad verskyn nie. In die plek daarvan is toe 'n maandblad, *Praetor*, uitgegee wat met W. J. Burger as hoofredakteur tussen Mei en Desember vyf uitgawes beleef het.

Hoewel dit vir baie jare die geval was, het die studenteblad nie altyd sonder 'n naam gebly nie. In November 1927 is dit met N. H. Theunissen as hoofredakteur die eerste keer ten doop gebring, toe dit met 'n bloedrooi hoenderhaan op die voorblad — simboliserende die aankondiger van die daeraad — onder die naam *Vocator* verskyn het. So bly dit tot die jubileumuitgawe (T.U.K. word U.P. en die jaarblad bereik sy vyf-en-twintigste uitgawe) in Oktober 1930 weer sonder naam verskyn het.

Hierdie verandering was so opvallend dat die Engelse redaktrise, Elsa Niemeyer, dit nodig geag het om daaroor kommentaar te lewer. „The truth is", so skryf sy, „that the name 'Vocator', with other things that belonged intrinsically to T.U.C., has been abandoned. We are no longer called into command and with the passing of the old motto the significance of the name 'Vocator' is lost. It first appeared in company with the resplendent cock on the cover for 1927 and continued even when that vociferous bird had given away to the silhouette of the Arts-block with a more austere appeal. Now a cock, the herald of the day, could be said to call, and so in a certain figurative sense could the Arts-block, but the old name was felt to be incongruous with the crest on our new cover." Tot sover dan wat die verdwyning van *Vocator* betref. Maar waarom dan naamloos? Ook daarop word 'n antwoord gegee. „But it was not solely because we are uninventive that no new name has been found. It was felt that a commemoration number would best appear in this almost impersonal way."

Die voorgaande woorde wek reeds die vermoede dat die volgende uitgawe van die studenteblad met 'n nuwe naam sou verskyn en in die verwagting word ons dan ook nie teleurgestel nie. In 1931 beleef die studenteblad twee uitgawes en reeds die Junienommer lag ons toe met die naam wat sedertdien tradisie geword het: *Trek*. In sy hoofartikel skryf hoofredakteur P. C. Coetzee, van wie die naam afkomstig is, dat ‚Trek' 'n bondige samevatting is van die Universiteit se wapenspreuk „Ad Destinatum Persequor." „Dit benadruk ook nog dat ons Alma Mater as Noordelike Universiteit met die nouste bande gebind is aan die nageslag van die Voortrekkers; dat ons reg het op die naam ‚Voortrekker-Universiteit'. 'n Voorreg wat ons beste kragte en suiwerste toewyding sal kos om te regverdig." Daarby kom ook oorwegings van 'n meer praktiese aard. Die woord „Trek" is gekies omrede „it is short and pregnant,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

and eloquent; it admits of only one pronunciation, and that is the right one; and last but not least, it is a bilingual word."



P. C. COETZEE.

Toe die Buitemuurse Afdeling in 1921 sy eie V.S.R. gekry het, is vir 'n oomblik daaraan gedink om ter wille van interne konsolidasie 'n eie jaarblad uit te gee. Gelukkig is die gedagte selfs in eie kring bestry en met 'n soort dubbeldoorredaksie is 'n enkele jaarblad vir die hele studentegemeenskap gehandhaaf. Hoewel in later jare by verskillende geleenthede gekibbel is oor die aandeel wat elke afdeling toekom, het daar nooit weer 'n gedagte aan twee afsonderlike jaarblaaie ontstaan nie. Onder die beheer van die S.S.R. het *Trek* sedert die begin van die vyftigerjare tot 'n trotse prestasie uitgedy en veral in 1956 met Madder Steyn as hoofredakteur 'n eersterangse joernalistieke verrassing opgelewer. Ook vir die S.S.R. het die besondere uitgawe 'n verrassing ingehou, toe die hele oplaag verkoop is binne 24 uur na dit verskyn het.

Met die loop van jare het *Trek* op eie werf met mededinging te doen gekry. In sy voorsittersverslag spreek V.S.R.-voorsitter Hilgard Muller in 1936 — die jaar toe daar nie 'n *Trek* verskyn het nie — die verwagting uit dat eendag 'n soort wetenskaplike jaarblad gestig sal word „waarin belangrike intreeredes van professore, interessante tesisse, proefskrifte en seminare van studente gepubliseer kan word." Die moontlikheid word selfs in vooruitsig gestel dat dit die herlewing van *Trek* in 'n nuwe gedaante kan wees.

By 'n vrome wens het dit nie gebly nie, want reeds in September 1937 verskyn die *Wetenskaplike Blad* wat alles saam net drie uitgawes beleef het. Uit die voorwoord by die eerste uitgawe van hierdie blad verneem ons meer van die strekking daarvan. Die blad is doelbewus uitgegee om bydraes van wetenskaplike aard uit „Trek" te weer sodat die studenteblad met die ligtere sy van studentebedrywighede belas kan word.

Voeg nog hieraan toe dat die tydskrif *Castalia* wat in Oktober 1934 die eerste keer verskyn het onder beskerming van die kunsvereniging *Castalides* en hom spesiaal aangebied het as 'n „Tydskrif vir Kuns en Kultuur", dit in vooruitsig gestel het om vanaf 1939 kwartaalliks onder die beskerming van die A.N.S. te verskyn, dan kan ons begryp dat die arbeidsveld van *Trek* al nouer getrek is. En toe *Perdeby* teen die end van 1939 as 'n studentekoerant sy verskyning maak, het die toekoms min hoop vir *Trek* ingehou anders as om soos 'n kaalgeplukte 'n gans roemlose einde tegemoet te gaan.

Nie alleen het *Trek* min of meer sonder 'n eie terrein oorgebly nie, maar uit die oogpunt van finansies was dit ondoenlik om so 'n groot aantal mededingers op mekaar te laat parasiteer. Die V.S.R. se eie fondse was te beperk om almal aan die gang te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hou. In Pretoria is moeilikheid met advertensies ondervind. Om alles te kroon, wou elkeen van die blaaie juis in Oktober, die „drukste-drukste" maand, verskyn, sodat weldra 'n tekort aan gewillige helpers ondervind is.

Iewers sou wal gegooi moes word. Aan die begin van 1940 is die saak op 'n massavergadering ter sprake gebring, toe 'n voorstel om *Trek*, *Castalia*, *Wetenskaplike Blad* en *Perdeby* tot 'n enkele kwartaalblad saam te voeg, bespreek is. Die besprekings was grondig en het tot 'n verstandige besluit gelei. *Castalia* en die *Wetenskaplike Blad* sou by *Trek* ingelyf word en eenkeer per jaar verskyn, maar *Perdeby* is met rus gelaat om onafhanklik, eenkeer per maand te verskyn.

Perdeby

Gedurende die vroegste jare, toe die studentegemeenskap maar klein was, het hy aan die jaarblad wat by wyse van uitsondering twee keer, maar gewoonlik net eenkeer per jaar verskyn het, genoeg gehad. Met die loop van jare sou daar egter 'n behoefte ontstaan aan 'n meer gereelde kommunikasiemiddel. Te gou het dit egter nie gebeur nie. In 1930 word egter formeel tot die stigting van 'n maatskappy oorgegaan met die doel om 'n studentekoerant uit te gee. Die maatskappy wat bekend gestaan het as „The Students' Forum Publishing Company," is beheer deur 'n raad van vyf direkteure waarvan minstens twee ingeskrewe en twee oudstudente moes wees. Die koerant sou tweeweekliks verskyn en het as die eerste in sy soort in Suid-Afrika op 8 September 1930 die lewenslig aanskou onder die tweetalige benaming *The Students Forum*, *Die Studente Forum*.

Met groot geesdrif is die onderneming aan die gang gehou en tot verbasing van 'n groot aantal pessimiste, het dit sy moeilike kinderstadium oorleef. Van sy vierde uitgawe af is selfs 'n bylaag, *Liga*, amptelike orgaan van die *Volkebondsunie* onder redaksie van prof. E. H. Brookes en dr. E. F. W. Gey van Pittius uitgegee. Ongelukkig was nòg die Binnemuurse nòg die Buitemuurse Studenteraad bereid om enige verantwoordelikheid vir die koerantjie te aanvaar, met die gevolg dat die „direksie" genoodsaak was om, nadat veertien nommers verskyn het, die publiksaie op 1 Julie 1931 te staak.

Toe eers eenkeer in terme van 'n eie koerant gedink is, het dit aan verdere pogings nie ontbreek nie. Op 10 Mei 1934 verskyn onder hoofredakteurskap van S. J. Henrico die eerste nommer van 'n koerantjie wat met sy tweede verskyning tot *Die Skerpioen* gedoop is. Die koerantjie wat onder beskerming van die Studenteraad uitgegee is, was heel beskeie in voorkoms en het slegs vier bladsye getikte leesstof aangebied. Maar iets het geskort — sake wou maar nie behoorlik vlot nie, met die gevolg dat die hoofredakteur na die vierde nommer wat op 17 Augustus 1934 verskyn het, die witvlag gehys het.

Kort na die heengaan van die *Skerpioen* het in Junie 1935 'n netjies afgerolde tydskrif in kwartoformaat onverwags en sonder vermelding van die name van die redaksie, onder die benaming *NUSANS*, sy verskyning gemaak. Dit was 'n satiriese geskrif wat met alles en nog wat die draak gesteek het en veral met die teenstelling N.U.S.A.S.-A.N.S. probeer gekskeer het. Hoewel nie openlik onkuis nie, is daar tog beswaar gemaak teen die toon van die blad en omdat in 'n hoofartikel 'n sterk pleidooi gelewer is vir 'n samesmelting van die A.N.S. en N.U.S.A.S., het dit dadelik verset uitgelok by 'n groot aantal studente. Die V.S.R. het ingegryp, verdere finan-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

siële steun aan die onderneming ontsê en *Nusans* se „eerste sang was ook sy swanesang!"

Die Studenteraad met Andries Nolte as voorsitter was egter van oordeel dat die behoefte aan 'n koerant groot was en dat op een of ander wyse daarin voorsien moes word. Dadelik is 'n nuwe redaksie benoem met opdrag om met inagneming van die goeie sedes met die onderneming voort te gaan. Die saak is noukeurig ondersoek en toe dit geblyk het dat die koste aan so 'n onderneming verbonde te groot is, is voorlopig van die plan afgesien. Die V.S.R. het dit egter ten sterkste by sy opvolger ter oorweging aan die hand gegee om die volgende jaar 'n studentekoerant in die plek van *Trek* uit te gee. Die wenk is deur die V.S.R. aanvaar met die gevolg dat die maandblad *Praetor* in 1936 *Trek* van sy troon laat kantel het. Die onderneming het glad nie aan die verwagtings beantwoord nie, want die idee van 'n maandblad is by hierdie eerste poging gelaat.

Die beperkte mate van sukses wat met al hierdie vroeë pogings behaal is, kon die belangstelling vir 'n studentekoerant nie demp nie. Vroeg in 1939 het vyf manne wat anoniem wou bly en hulle dus as die „vyf liberaliste" bekend gestel het met die volgende poging begin. Op geleende wasvelle, op 'n geleende tikmasjien en in die „geleende" dekaanskamer van die Fakulteit Teologie is deur nagtelike duisternis omhul in die aanwesigheid van die volle redaksie, deels vanaf kopie en deels vanaf diktaat, die eerste afgerolde uitgawe van *Perdeby* as 'n verrassing vir die studente voorberei.


So suksesvol was hierdie „midder-nagtelike" poging dat toe voorsitter Albert Geyser op 'n spesiale monstervergadering van 18 April 1939 'n brief van die „vyf liberaliste" voorlees waarin hulle hul wens te kenne gee om as redaksie van *Perdeby* uit te tree, maar waarin hulle tewens versoek dat 'n redaksie wat deur die V.S.R. benoem moet word met die onderneming sal voortgaan, die vergadering besluit het om *Perdeby* as universiteitsmaandblad te aanvaar. Met die besluit van die vergadering as 'n opdrag het die Studenteraad *Perdeby* onder sy beskerming geneem, 'n redaksie onder bevel van Org du Plessis benoem en die nodige geldjies beskikbaar gestel. Op 1 Julie en daarna weer op 1 September verskyn die volgende twee nommers in druk. Vanaf 1940 word *Perdeby* 'n maandblad.



P. G. (ORG) DU PLESSIS.

Reeds in 1941 word bedenkings oor die voortbestaan van *Perdeby* uitgespreek. V.S.R.-lede, voorsitter inkluis, sê hardop dat *Perdeby* nie sy bestaan regverdig nie en dat geld wat daaraan bestee word, vir 'n beter doel aangewend kan word. 'n Stemming is gewek, *Perdeby* onder verdenking gebring, met die gevolg dat op die eerste monstervergadering van 1942, nog voor *Perdeby* daardie jaar sy buiging kon maak, eenparig besluit is om sonder 'n studentekoerant klaar te kom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



LOUIS VAN WYK (LOUIS PERDEBY).

In die loop van 1943 word egter weer eens besef dat 'n studenteblad onontbeerlik is vir gesonde onderlinge studenteverkeer. Aan Louis van Wyk (beter bekend as Louis Perdeby) word opdrag gegee om die saak noukeurig te ondersoek. Toe hy gunstig rapporteer, word hy met die redakteurstaak belas en van 1 April 1944 af verskyn *Die Nuwe Perdeby* maandeliks.

Reeds die volgende jaar bring Willie Lubbe 'n verandering aan, toe hy dit in 'n klein en handige formaat elke 14 dae laat verskyn. Na hom het Willem Cruywagen, Albertus van Zyl (onder sy leiding het die blad in 1948 'n weekblad geword, weer eens die enigste in sy soort in Suid-Afrika), Willie Jonker, Murray Janson en Nico Smith onvermoeid voortgebou, totdat in 1952 met die oog op die steeds toenemende bedrywighede vir 'n groter formaat voorsiening gemaak moes word.

Hoewel *Perdeby* in sy prille jeug met moeilikhede van allerlei aard te kampe



Groentjies adverteer die heel eerste joolpoging.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gehad het, is hy vandag 'n gevestigde orgaan en verskyn hierdie bes-gelese koerant in Suid-Afrika klokslag gereeld elke Vrydag. Niemand dink meer daaraan om ter wille van besparing sy lewensdraad te knip nie!

KONING JOOL

Die jool wat met sy gebruiklike, kleurvolle optog, kenmerkende studentevreugde, skerts en rumoer, reeds 'n vaste instelling in Pretoria geword het, dateer terug tot die vroeë dertigerjare. As voorloper van 'n tradisie waarmee in 1931 begin is, kan die poging van 2 Maart 1925 genoem word, toe die jaarlikse inlywingseremonie wat ten aanskoue van duisende Pretorianers nog op Kerkplein gehou is, verbind is met 'n poging om geld in te samel vir 'n liefdadigheidsonderneming. Ter wille hiervan het die Studenteraad besluit „to link up with the 'rag' an effort to collect funds in aid of Princess Alice's appeal for the national work of the Child Welfare Council." Terwyl die inlywingsplegtigheid op die Saterdagmiddag sou plaasvind, het die dames van die T.U.K. (eerstejaars sowel as seniors) gedurende die oggend op straat geld gekollekteer „while four 'green' students paraded the streets with placards, advertising the appeal and also the 'rag' proper, which takes place in the afternoon." Die aksie van die studente het groot waardering geniet en sonder dat op groot skaal georganiseer is, het die gulhartige Pretorianers die oggend £147 vir die lofwaardige doel bygedra.

Die inisiatief vir die eerste volbloedhospitaaljool wat in 1931 gehou is, het egter nie van die studente uitgegaan nie. In die dae toe hospitale nog vrywel uitsluitlik van openbare steun afhanklik was, het die gebruik bestaan dat die Raad van die Volkshospitaal in Pretoria op een of ander Saterdag 'n straatkollekte reël. Gedurende 1930 het die Hospitaalraad met die V.S.R. onderhandel en is ooreengekom dat



Die Sierwa van mej. Pat Hamman, Joolkoningin in 1955.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ter ondersteuning van die Hospitaal se straatkollekte wat op 11 April 1931 gehou sou word, die studente by wyse van reklame 'n optog deur die strate van Pretoria sou hou. Dit is dus baie duidelik: die inisiatief vir die hele onderneming het van die Hospitaalraad uitgegaan, die kollekte is deur 'n spesiale komitee van die Hospitaalraad georganiseer waarby die studente ingeskakel is en ten behoewe waarvan 'n optog gehou is.

Die poging van 1931 was 'n groot sukses en van 1932 af neem die studente die verantwoordelikheid vir die kollekte en optog op hulle skouers. Hiermee is 'n tradisie wat die vorige jaar op klein skaal begin is, voortgesit. Met die loop van jare het dit tot so 'n magtige organisasie gegroei dat dit nie meer die werk van een man of een komitee is nie. Aan vindingrykheid ontbreek dit nie en bykans jaarliks word die een of ander nuwe streek bygehaal om goedgesinde persone vriendskaplik te „beroof". Afsonderlike items het elk tot 'n aparte organisasie uitgegroei. So het die *Joolblad* in 1959 die fantastiese oplaag van 55,000 bereik en is oudergewoonte binne 24 uur na sy verskyning aan 'n gewillige publiek oor die lengte en breedte van Transvaal en tot diep in die Vrystaat en Natal vir 2/6 verkwansel. Die joollyste wat voor die Aprilvakansie uitgedeel word, dring ook deur tot die verste uithoeke van ons land en besorg die Sentrale Joolkomitee 'n aardige sommetjie. Sedert 1952 is begin met 'n Pleinfunksie — 'n basaar op groot skaal waar 'n karnavalgees heers, wors en pannekoek aan nuuskieriges vir ses oulap in die hand gestop word en waar op elke denkbaar geoorloofde wyse die gewillige publiek verlei word om van hulle silwergeld ontslae te raak. Dit is by hierdie geleentheid waar die Joolkoningin met groot prag en praal jaarliks gekroon word en die burgemeester plegtig die stadsleutel aan die Joolkomitee oorhandig waarmee dan ook die amptelike begin van die Jool en jolyt aangekondig word. Die „Hof van Onreg" neem oudergewoonte op Kerkplein sitting en



Nagte se moeisame arbeid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bewys sy gewildheid deur die groot bedrag wat jaarliks langs dié weg tot die totale opbrengs toegevoeg word.

Miskien minder winsgewend maar seker nie minder kleurvol nie is die joolbokjol wat in die Bereasaal plaasvind, die joolkonsert wat in een of ander saal aangebied word en die „bounie-wedren" (fietsreisies) wat by die waardigheid wat so 'n geleentheid pas, gedurende die joolweek van stapel gestuur word. Sedert 1957 het dit gebruiklik geword om die feestelikhede van die week met 'n gekostumeerde bal, bo en behalwe die gewone jooldans in die stadsaal, af te sluit.

'n Noukeurige ontleding van elke joolpoging sal ons te ver voer en daarom word in die verbygaan net vermeld dat sedert 1932, toe 'n skamele £374 ingesamel is, verby die rekordpoging van 1955 toe die netto wins bykans £13,000 bedra het, tot op datum om en by £110,000 vir liefdadigheidsoogmerke byeengebring is.



'n Kollektant in kenmerkende mondering.



Jooltoneel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Soos dit hierbo gestel is, het die jool sy ontstaan te danke aan die optrede van die Raad van die Volkshospitaal in Pretoria. Baie jare is dan ook van die „Hospitaaljool" gepraat en is om dieselfde rede die opbrengs van die jool sonder meer aan die Hospitaalraad oorhandig. Die Studenteraad kon egter nie onverskillig staan teenoor die bestaan van ander hospitale in Pretoria nie en toe van die kant van daardie inrigtings ook 'n beroep gedoen is om finansiële steun, is tot groot ontevredenheid van die Hospitaalraad besluit op 'n alternatiewe aanwending van fondse. Tot en met 1941 is behalwe aan die Volkshospitaal ook aan die Zuid-Afrikaansche Hospitaal en Diakonessenhuis en die Bond van Afrikaanse Moeders donasies uit die opbrengs van die Jool gemaak. In 1942, toe hard gewerk is aan die daarstelling van 'n Mediese Fakulteit, is dit korrek geoordeel dat ook ten behoewe van hierdie instelling geld beskikbaar gestel sal word. Voortaan sou die opbrengs van die Jool beurtelings ten behoewe van die Volkshospitaal en die Mediese Fakulteit aangewend word. En so het dit voortgeduur tot in 1947, toe die vraag ontstaan het of met die nadering van vrye hospitalisasie die opbrengs van die jool nie meer konstruktief aangewend kon word nie. Daar word dan ook van die bestaande beleid afgewyk, sodat 'n hele aantal welsynsorganisasies sedert 1948 deur die joolpoging gebaat het. Die totale bedrag wat sedert 1932 langs die joolpad ingesamel is, sowel as die uiteindelike bestemming van die geld, word in die volgende tabel aangetoon:

	£	s.	d.
Mondchirurgiese afdeling van die Tand- en Mondhospitaal	27,500	0	0
Kinderhospitaal	27,231	4	2
Pretoria-Volkshospitaal	13,316	0	0
Pretoria- en Noord-Transvaalse Kreupelvereniging	18,000	0	0
Mediese Fakulteit	5,320	0	0
Pretoria-Kindersorgvereniging	5,000	0	0
Trans-Oranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys	2,000	0	0
Bond van Afrikaanse Moeders	1,325	11	0
Zuid-Afrikaansche Hospitaal en Diakonessenhuis	1,000	0	0
Pretoria-tak van die Vereniging vir Blindes	1,000	0	0
Monument-Tehuise	3,000	0	0
Christelike Maatskaplike Raad van Pretoria	1,500	0	0
Ondersteuningsraad van Pretoria	1,500	0	0

Sedert die instelling van die jool in 1931 is net by twee geleenthede van die gebruiklike patroon afgewyk. In 1952 is besluit dat die studente, saam met personeel en oudstudente, kragte sou monster in belang van die saalboufonds. Met die oog op hierdie reëling het die optog wel, maar die daarmee gepaardgaande straatkollekte nie plaasgevind nie. In die plek daarvan is 'n kermis op Kerkplein gereël wat sedertdien 'n instelling geword het. Ook met betrekking tot die 1959-jool is enigsins van die normale gang van sake afgewyk, toe besluit is dat die opbrengs van die verkoop van Joolblaaie, die Universiteit se Swembadfonds ten goede sal kom. In die verbygaan mag hier vermeld word dat die Universiteitsraad so vroeg as 1931 die studente toegelaat het om 'n kermis op die Universiteitsterrein te hou om fondse bymekaar te maak vir die bou van 'n swembad by die Universiteit.

Maar heeltemal afgesien van die gebruiklike jaarlikse jool, is by verskillende geleenthede 'n buitengewone insameling gereël om buitengewone node te help lenig. So is bv. gedurende die tweede helfte van 1948 'n spesiale insameling gereël in die vorm van 'n halfkroonfonds ten behoewe van die V.V.O.-kinderfonds. Hierdie insameling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat onderneem is in belang van die groot aantal hongerlydende en skamel geklede kindertjies in oorlogsgeteisterde Europa het £230 opgelewer.

Toe daar gedurende die winter van 1952/53 onverwags dood en ellende in sommige van ons stamlande gesaai is deur ongekende oorstromings, het die Sentrale Studenteraad, ten spyte van die lang somervakansie, onverwyld reëlings getref om na vermoë tot die leniging van die ellende by te dra. Die „Waterjool" wat op 14 Maart 1953 plaasgevind het, het 'n netto bedrag van £1,743-10-1 opgelewer wat in belang van noodleniging in Nederland, België en die Britse eilande beskikbaar gestel is.

Die studente van die Universiteit van Pretoria het met 'n indrukwekkende rouoptog na Kerkplein op 14 November 1956 die voortou geneem met die opwekking van landswye simpatie met die Hongaarse Volk wat op beesagtige wyse deur die Kommuniste oorval en van hulle vryheid beroof is. Die inisiatief het van dr. Willie Lubbe uitgegaan en ten spyte van die drukkende eksamens het honderde gewilliges gehelp met die insameling van fondse. Ongeveer 3,300 lb. wintersklere is per vliegtuig na Europa versend, terwyl 'n groot hoeveelheid somersklere later per skip gestuur is. Christo de Vries en Antonie Gildenhuys wat hulle veral vir die saak beywer het, kon met genoegdoening ondervind dat met behulp van 'n musiekkonsert, 'n koektafel, 'n filmvertoning e.d.m. ook nog 'n kontantbedrag van £1,400 vir die doel ingesamel is.

By ander geleenthede het die studente hulle vernuf en vindingrykheid gebruik om ook in eie belang vir een of ander saak te ywer. In sy dae van worstelende bestaan was dit vir die Universiteitsraad hoogstens moontlik om die inrigting se siel en liggaam akademies aanmekaar te hou. Om vir die weelde van sportvelde te betaal, was daar nie geld beskikbaar nie. Teen 1920, toe op die kollegeterrein slegs vier tennisbane bestaan het, het die Studenteraad met S. A. Redelinghuys as voorsitter (die man met die onderskeiding dat hy met sy vier termyne die meeste keer voorsitter van die V.S.R. was), besluit om 'n groot kermis te hou en fondse in te samel. Die kermis waarvoor lank en goed georganiseer is, het op 21 Mei 1921 plaasgevind.

'n Groot aantal tente is vir die doel op Kerkplein onder die bome opgeslaan. Vermaaklikhede, deur studente georganiseer, is op die Lewis en Marksterrein daar vlakby aangebied waar ook die groot Hollandse tent „Zoete Inval" gestaan het en wafels, poffertjies en ander lekkernye 'n gewillige publiek te koop aangebied is. Ook is 'n pragtige bydrae gemaak „door velen der professoren in 't maken van inderdaad mooie meubels, waarvan niemand zal kunnen zeggen dat 't amateurwerk is." Op die £1 vir £1 basis is 'n nuttige bedrag van £1,800 ingesamel. Met bandiete-arbeid is daarna nog 'n aantal tennisbane en die eerste voetbalveld aangelê.

In 1927 was die tentoonstellingsterrein weer die middelpunt van studentebedrywighede, toe op 7 en 8 Oktober 'n groot kermis gereël is in belang van die Landboufakulteit. H. K. H. Prinses Alice, gravin van Athlone, het die kermis geopen en soveel belang gestel in die onderneming dat sy vir 'n stalletjie verantwoordelik was en 'n ruk lank self die verkopings waargeneem het. Die Fakulteit het 'n fonds van £100,000 beoog en hiertoe het die kermis 'n waardevolle bydrae van £1,500 gelewer.

Van die tyd af toe Ma Allan in 1912 haar rondawelwoning, op sigself ook maar beknop, as 'n soort teekamer ingerig en tee teen 2 pennies per koppie beskikbaar gestel het, het daar 'n gereelde groei in studentegetalle plaasgevind. Teen 1925 is by al die ander behoeftes die gemis aan 'n behoorlik ingerigte teekamer en ontspanningsoord sterk gevoel. Nog steeds het die finansies gebyt met die gevolg dat die Sportvereniging onder voorsitterskap van prof. Henning aan die gang gekom het en aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

begin van Oktober 'n groot kermis op Kerkplein gereël het. Die organisasie wat in die hande van J. B. Osborne, prof. Henning en dr. Ross was, was in elke opsig puik en 'n bedrag van £2,500 is ingesamel. Hierdie geld is beskou as die eerste bydrae vir „a hall and gimnasium that will form the nucleus of something like a T.U.C. club." Aan die geduldige wag vir die ingebruikneming van die klubgebou was daar geen einde nie en eers in Maart 1931 is die eerste gedeelte van die klubgebou bestaande uit 'n saal, kombuis, dames- en herekleedkamers en 'n studenteraadskantoor in gebruik geneem. Mev. Slade was die eerste dame met wie 'n ooreenkoms aangegaan is vir die verskaffing van verversings in die nuwe gebou.

In Junie 1937 is weer kermis gehou en weer eens is Kerkplein vir die doel deur die Stadsraad beskikbaar gestel. Fondse is by die geleentheid vir die nuwe biblioteek ingesamel. Die owerhede het die leiding geneem, maar die studente het nie lyf weggesteek nie en hulle deel bygedra.

Alhoewel die klubgebou van 1931 af en 'n hele aantal jare daarna trots soos 'n pou op die studentewerf kon pronk, is sy stertvere baie gou uitgetrek. Teen die end van die dertigerjare was die behoefte aan 'n vergadersaal 'n dringende aangeleentheid waarby weldra ook die gedagte aan 'n ontspanningsaal gevoeg is. In 1941 is vertoë tot die owerhede gerig, die rektor het simpatiek gereageer en die bal aan die rol gesit deur persoonlik £500 vir die doel beskikbaar te stel. Met kenmerkende studenteoptimisme het die V.S.R. uit eie fondse nog £100 by die bedrag gevoeg in die verwagting „dat die verlange na 'n saal binne 'n jaar of twee, drie verwerklik sal word."

Aan die begin van 1945 het die Studenteraad geoordeel dat die Mediese Fakulteit op sy eie bene kon staan en daarom is die komitee wat gedurende die voorafgaande jare fondse vir die Mediese Fakulteit ingesamel het, ontbind en 'n Saalboufondskomitee gevorm. Thomas (later ds.) Dreyer was die eerste voorsitter van die komitee.



Die Kafeteria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Rikus van Tonder wat as sekretaris opgetree het, was die siel van die Saalboufondskomitee en het met sy groot gawes op organisatoriese en finansiële gebied skitterend daarin geslaag om die Tukkies „saalbou-bewus" te maak.

Aan die begin van die vyftigerjare het die Sentrale Studenteraad die saak met erns aangepak, die hele Uitvoerende Bestuur van die komitee self aangestel, elke huis daarop verteenwoordiging gegee en met mening gesê: Sa! En toe het dinge aan die gang gekom. Op 'n buitengewone S.S.R.-vergadering vroeg in Maart 1952 is 'n gewigtige besluit geneem: geen joolpoging sou in die jaar geloods word nie, maar almal sou eendragtig saambeur aan 'n magtige Saalboufondsinsameling. As vernaamste oorweging vir hierdie besluit het gegeld 'n belofte reeds vroeër aangegaan dat die studente £12,000 vir die saal bymekaar sou maak. Tot op datum was nog slegs £8,000 byeengebring. Gelet op die dringende behoefte aan 'n saal wat nie slegs die Universiteit nie, maar Pretoria as 'n geheel nuttig sou dien en gedagtig daaraan dat die studente by fondsinsamelings haas nooit aan hulleself dink nie, is die gebruiklike jool sonder gewetenswroeging opsygeskuif en heeltemal tereg ook.

Lentedag

Die kontras tussen die verouderde en beknopte ruimte waarvan die T.U.K. heeltemal aan die begin van sy bestaan noodwendig gebruik moes maak en die sierlike Letteregebou wat in 1910 in die onbelemmerde ruimte van Pretoria-Oos verrys het, was so groot dat dit 'n onuitwisbare indruk op elke tydgenoot wat die verandering beleef het, moes maak. Inderdaad het dit so hard gespreek dat, sedert die verhuising na die nuwe omgewing met vir daardie dae 'n oormaat aan weelde en gerief, die derde Augustus 1910, die datum waarop die hoeksteen van die Letteregebou gelê is, vir baie waarskynlik as die werklike begin van die T.U.K. gegeld het. Daarom dat daar van meet af 'n behoefte bestaan het om die datum jaarliks weer in herinnering te roep.


Hoewel reeds vroeër aandag aan die heuglike gebeurtenis gegee is, dateer die gebruik om 'n dag in Augustus af te sonder as „Commemoration Day" van 1923 af. Alles dui daarop dat die inisiatief hiervoor uitgegaan het van prof. A. E. du Toit wat daarin hartlik ondersteun is deur prof. Paterson. „Herdenkingsdag" wat vir die eerste keer op Saterdag, 18 Augustus 1923, plaasgevind het, was altyd 'n dag van vreugde en fees waaraan personeel, studente en, in later jare ook oudstudente deelgeneem het. Die jaarlikse kollegebal waarmee ook in 1923 'n begin gemaak is en wat een van die groot sosiale geleenthede van die jaar in Pretoria was, het ook by dié geleentheid plaasgevind, terwyl die Toneelvereniging altyd een of meer stukke op die planke gebring het. In 1923 is die feestelikheid met 'n gesamentlike kerkdiens afgesluit.

Toe aan die begin van die dertigerjare twee groot gebeurtenisse — universiteitswording en Afrikaanswording — kort na mekaar plaasgevind het, was dit nie sonder uitwerking op „Herdenkingsdag" nie. Die begeerte om een of ander gebeurtenis in verband met die bestaan van die Universiteit te gedenk, het behoue gebly maar om begryplike redes is nou in die gebeurtenisse rondom 1932 na 'n sentrale motief vir die toepassing daarvan gesoek. Na 1931 is nie weer 'n feestelikheid aan die Ou Letteregebou verbind nie. Reeds in 1933 ontstaan die gebruik dat die A.N.S. in opdrag van die V.S.R. op die Vrydag naaste aan die 13de September, 'n dinee reël waartoe die Universiteitsraad ook finansieel bygedra het. In 1938 word nog verder gegaan toe die A.N.S. besluit het om die 14de (sic) September as „Lentedag" in te stel en dit tewens te beskou „as 'n herdenkingsdag aan die honderd persent Afrikaanswording van die Universiteit."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op hierdie stadium was die kwessie van 'n feestelikheid dus bloot 'n huishoudelike saak van die A.N.S. So sou dit nie bly nie, want op 'n spesiale monstervergadering wat op 10 April die volgende jaar gehou is, is eenparig op voorstel van Anton Rupert besluit „dat 14 September (die datum van die Afrikaanswording van die universiteit) jaarliks feestelik herdenk sal word deur 'n studentefunksie, die aard waarvan deur die Studenteraad bepaal sal word." Dat hulle met die datum nie heeltemal korrek was nie, het die studente nie verhinder om op voorstel van Hendrik Geyser die hoër instansies te versoek „dat 14 September as Universiteitsvakansiedag verklaar word."


Sedertdien is die Afrikaanswording gereeld herdenk en is van die feestelikheid wat daarmee gepaard gegaan het konsekwent as „Herdenkingsdag" gepraat. Die gebruiklike patroon wat die verrigtinge aangeneem het, was 'n oggendfunksie waarby die ossewa, Voortrekkerdrag en nasionale vlae, veral aan die begin, prominent gefigureer het. Die middag is in hoofsaak aan tipiese boeresport gewy met as 'n toegif die tradisionele botsing tussen Transvaal en Vrystaat op die voetbalveld. Die dag is op genoeglike wyse, eers met 'n boeredans en later sommer net met 'n dans, afgesluit. Veral die middagfunksie met sy boeresport het groot byval gevind en in 1940 het die Studenteraad die saak nog verder aangemoedig deur 'n wisseltrofee vir intertehuismededinging beskikbaar te stel — 'n wisseltrofee wat op vier uitsonderings na sedertdien nog gereeld deur Sonop gewen is.



Assie Kaballis, gunsteling vir die „Donkie-Derby", word finaal getoets onderwyl eienaar baron Barnard en jokkie Kosie Smit besorgd toekyk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die wens van die studentemassa dat Herdenkingsdag ook 'n vakansiedag moet wees, is nie onmiddellik verwesenlik nie. Van die begin af het die Senaat toegestem dat 'n weeksdag vir die doel gebruik word en is lesings gewoonlik vanaf 10 vm. gekanselleer. In 1943 besluit die Senaat dat Dinsdag, 14 September van daardie jaar, 'n vakansiedag sal wees met dien verstande dat die hele saak verwys word na 'n komitee van dosente en studente met die oog op toekomstige reëlings.



STEVE DE VILLIERS.

Toe die saak eenmaal hierdie wending geneem het, het die Studenteraad met erns opgetree. Op 23 Augustus 1944 rig S. M. de Villiers, voorsitter van die V.S.R., 'n brief aan die voorsitter van die Senaat wat omrede van sy belangrikheid hier volledig aangehaal word. „Dit is die dringende versoek van die Studenteraad en studentemassa dat vrystelling van lesings jaarliks toegestaan sal word op die Woensdag naaste aan die 13de September, ten einde alle studente in staat te stel om mee te doen aan 'n feestelikheid ter herdenking van die Afrikaanswording van die Universiteit. Waar die datum van die voorgenome jaarlikse feestelikheid heel toevallig saamval met die intog van die lente, en die gebeurtenis wat herdenk word 'n lenteperiode vir die Universiteit ingelui het, word voorts aansoek gedoen dat die dag van feestelikheid bekend sal staan as Lentedag."

Nadat die Senaat en Raad agtereenvolgens hulle seën aan die versoek verbind het, is die Studenteraad op 5 September soos volg geantwoord: „Ten antwoord op u brief aan die Voorsitter van die Senaat moet ek u meedeel dat die Universiteitsraad besluit het om aan u versoek te voldoen naamlik om Lentedag jaarliks te verklaar tot 'n Universiteitsvakansiedag." So het „Herdenkingsdag" haas onopgemerk „Lentedag" geword en dit met algemene byvalsbetuiging.

Hoewel die algemene patroon van die Lentefeestelikhede sedert 1940 nie meer verander het nie, het vrywel elke jaar met betrekking tot die besonderhede iets nuuts opgelewer. In 1950 word die Voortrekkerwa nie by 'n spesiale funksie aan die nuwe Studenteraad oorhandig nie, maar word die plegtigheid by Lentedag ingelyf toe adv. J. G. Strijdom as hoofspreker opgetree het. In 1952 word vir die eerste keer 'n Lentekoningin aangewys — aan Pauline Bester het die onderskeiding te beurt geval — en daarby verskyn nuut op die program interontbyt, huiskompetisies van danse en sang, 'n sokkiejol! In 1954 bereik Lentedag in baie opsigte 'n hoogtepunt toe dr. Malan vir die laaste keer in sy hoedanigheid as eerste minister voor die jeug van Suid-Afrika optree. Die instelling om die aand voor Lentedag by die huise van die staatshoof, die premier en die rektor te gaan sing, was ook 'n vrug van 1954; 1956 weer was vader van die eerste onvergeetlike „bounie-wedstryd" wat sedertdien aan Jooldag oorgedra is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die loop van jare is egter gevoel dat die Afrikaanswording soos jaarliks gevier aan die grootheid van die gebeurtenis nie reg laat wedervaar nie. Om van hierdie geleenthede 'n groter plegtigheid te maak, is daarom in 1952 besluit om die Afrikaanswording van U.P. al om die drie jaar te vier. By die ander twee geleenthede word op Lentedag ter wille van louter genot ontspan.

Tussen-universitêre Betrekkinge

Dit spreek boekdele dat ten spyte van die na verhouding groot aantal universiteite in Suid-Afrika wat nie slegs oor 'n groot gebied versprei is nie, maar met die loop van jare op grond van taalmedium en algemene beleid in twee min of meer ewe sterk kampe gegroepeer is, onderlinge spanning haas nooit voorkom nie. Oor en weer word mekaar die reg gegun om elkeen op eie werf sake na eie goeddunke te reël. Dit beteken nie dat geen onderlinge verkeer plaasvind nie; inteendeel, daar moet gewaak word teen 'n oormaat van geleenthede tot onderlinge verkeer. In die praktyk kom dit daarop neer dat hoewel alle betrekkinge onder oppertoesig van die onderskeie studenterade plaasvind, die verantwoordelikheid in die reël gedra word deur die betrokke sportorganisasies of studenteverenigings. Die studenterade bly op die agtergrond en tree alleen na vore wanneer werklike beleidskwessies op die spel is.

Maar ook die „Groot Studente-Politiek" het in die verlede nog min geleentheid tot werklike spanning gebied. Vrywel die enigste uitsondering word aan die begin van die veertigerjare aangetref, toe die oorlogspanning waaraan almal onderhewig was hoë eise aan die staatsmansbeleid van die studenteleiers gestel het.

Die hele moeilikheid was in sy wese huishoudelik en het op 'n monstervergadering van die Randse Universiteit begin toe o.a. deur 'n naturellespreker smalende opmer-



Pauline Bester, *eerste Lentekoningin, en haar gevolg.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kings oor die Afrikaanse studente sou gemaak gewees het en die vergadering op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee het dat hy toenadering tot Fort Hare soek. Op grond van hierdie gebeurtenis en in die lig van die algemene gesindheid wat die Afrikaanssprekende op Wits toebedeel is, sou die A.N.S.-tak daar ter plaatse blykens 'n berig in een van die dagblaaie „'n beroep op ander Afrikaanse Universiteite gedoen het om Wits as Universiteit te ignoreer tot hulle weer tot Afrikanerstatus gestyg het."

Of daar werklik so 'n versoek van die A.N.S.-tak uitgegaan het, het toe nie meer saak gemaak nie — 'n knuppel is in die hoenderhok gegooi, die poppe is behoorlik aan die dans en 'n teenstelling aan die ontstaan wat weldra landswyd uitgekring het. In Pretoria het die destydse Skakelkomitee met groot eenstemmigheid die saak ter hand geneem, uiters versigtig opgetree, Wits in die geleentheid gestel om by 'n onderhandeling te bewys dat die inligting waaroor hy beskik, foutief is maar die uitslag van die onderhandeling tog vooruit geloop deur „alle verbindinge en samewerking, ook alle sportaangeleenthede met Wits" vroeg in Junie 1941 te verbreek. Korrespondensie wat na die datum oor die saak gevoer is, het die reeds opgesweepte gemoedere tot kookpunt verhit, sodat die Skakelkomitee op 9 Augustus 1941 'n proklamasie uitgevaardig het beginnende by „Nademaal" en eindigende met „So is dit dat die S.V.R. (Binne- en Buitemuurs) hierby bekend maak en proklameer dat die Universiteit van Pretoria alle betrekkinge met die Universiteit van Witwatersrand vanaf datum hiervan verbreek. Hierdie toestand sal voortduur tot die onhoudbare liberale beleid van die studente van Witwatersrand so gewysig is dat dit die weg oopmaak vir die herstel van normale betrekkinge."

In 1942 het die temperatuur deurentyd kookpunt gebly en toe die rektor van Wits 'n skrywe aan sy kollega in Pretoria rig met die voorstel „dat verteenwoordigers van alle Suid-Afrikaanse universiteite uitgenooi sal word om die huidige moeilikhede te besleg," is kort en saaklik geantwoord dat U.P. geensins gewillig is om deur middel van hoofde van universiteite te onderhandel nie. As Wits se V.S.R. gewillig sou wees om dié van U.P. te ontmoet, sou dit wel „'n hoender van verskillende vere" wees, maar selfs dan nog word die onverbiddelike eis gestel dat enige samesprekings voorafgegaan moet word „deur 'n apologie aangeteken op 'n gekonstitueerde massavergadering vir die smalende uitlatings verlede jaar gebesig."

Die gordyn het oor 1942 gesak met 'n uitnodiging van Wits tot bywoning van 'n konferensie waarby verteenwoordigers van die vier groot universiteite sou byeenkom met die oog op die beslegting van die bestaande moeilikhede. Maar wat van die vier kleintjies? sou met reg gevra kon word. Daaraan is op hierdie stadium nie gedink nie. Vir Pretoria het die geskil die voorkoms van 'n „onder-onsie" met sy groot buurman aangeneem wat hom, ten spyte van diepgaande verskille, van alle universiteite per slot van rekening tog die naaste aan die hart gelê het. Sy rusies, net soos sy gesellige verkeer met hierdie groot buurman, was uitsluitlik sy eie saak en die genot daarvan sou nie met ander gedeel word nie.

In 1943 en weer in 1944 het die intervarsity-lus Wits na 'n uitweg laat soek — waarom anders het hulle dan elke keer in April van hulle laat hoor? Maar die fluwele hand van Wits is telkens met kille hardvogtigheid weggeslaan, toe eenvoudig net die feit beklemtoon is dat daar voorwaardes was om aan te voldoen!

Dit is toe dat 'n floue ligstraal van hoop weer deurgebreek het. Op 13 Junie 1944 skryf Wits se V.S.R. om te sê dat hulle spyt voel oor die beledigende opmerkings wat op die gewraakte monstervergadering gemaak is. In Pretoria is daarop met senuagtige haas kajuitraad gehou. Buitemuurs en selfs Normaal se V.S.R. is geraad-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

pleeg en presies 'n week later word ooreengekom dat die brief as 'n mosie van apologie aanvaar sal word. Van toe af merk 'n mens weer iets van die ou gees. Met die lug dermate gesuiwer kon daar nou weer gesels word, maar om niks van oorgretigheid te laat blyk nie, word gereël dat die eerste samespreking op neutrale grond sou plaasvind en daarom beweeg twee studentedeputasies op die aand van 28 Junie in teenoorgestelde rigting om by Halfweghuis vir die eerste keer na drie jaar langs dieselfde tafel plek in te neem. Hoewel amptelik nog altyd kwaad vir mekaar, was die vreugde van die herontmoeting groot en het alles wat daar gesê en gedoen is in 'n gees van vriendskap en welwillendheid plaasgevind. Oor alles word ooreengekom — oor alles behalwe rasseaangeleenthede! Wits kon naamlik nie onderneem dat by geleentheid van Intervarsity op hulle werf geen vermenging van kleure sou plaasvind nie. Die volgende aand is in Pretoria verder gesels, maar alles het niks gehelp nie — die heerlike vooruitsigte van Intervarsity is vir minstens nog 'n hele jaar lank op die lange baan geskuif.

Min of meer net 'n jaar later het die uitvoerende komitees van U.P. en Wits se studenterade weer in Pretoria byeengekom om oor die herstel van betrekkinge te gesels. Miskien is by hierdie geleentheid die meeste nugterheid van die voorafgaande vier jaar geopenbaar, die probleem is in sy regte perspektief gesien, van 'n plaaslike tot 'n interuniversitêre peil verhef en dus besluit dat U.P. en Wits as gesamentlike oproepers 'n uitnodiging tot die ander inrigtings sou rig om op 'n samespreking teenwoordig te wees wat op 28 en 29 Junie by Wits gehou sou word. Van die beoogde konferensie het niks gekom nie, omdat U.K.O.V.S. en P.U.K. nie op daardie grondslag tot deelname bereid was nie.

Hierna is daar nou 'n behoorlike ompad geloop om by 'n oplossing te kom. Voordat aan 'n algemene bespreking deelgeneem kon word, is gevoel dat die Afrikaanse universiteite eers onderling oor 'n gedragslyn moes ooreenkom. Gevolglik vind 'n samespreking tussen die vier Afrikaanse universiteite op 27 Junie 1945 te Stellenbosch plaas. By die geleentheid is ooreengekom dat hulle „aan geen sportbyeenkoms van watter aard ook al sal deelneem nie, tensy die beginsel van segregasie tussen blank en nie-blank tydens die byeenkoms en die daarmee gepaardgaande sosiale omgang ten volle toegepas word nie". By dieselfde geleentheid is aan U.P. opdrag gegee om voort te gaan met die reëling van 'n interuniversitêre byeenkoms wat dan ook belê is vir 13 en 14 Augustus. Weer het P.U.K. weggebly.

Op die byeenkoms was die beginsel van akademiese segregasie wel ter sprake, maar is nie aanvaar nie. Dit kon trouens moeilik gebeur, omdat dit 'n by uitstek huishoudelike aangeleentheid was wat nie binne die bevoegdheid van studente geval het om oor te beslis nie. 'n Oplossing is egter bereik toe Natal voorgestel het dat die beginsel in ag geneem sal word by interuniversitêre byeenkomste. Wits was die enigste inrigting wat die voorstel nie ondersteun het nie, maar het onderneem om hom by die besluit van die meerderheid neer te lê.

Terug in Pretoria het voorsitter Janson aan sy monstervergadering van studente die vraag gestel of die uitslag van die konferensie gebruik kon word as 'n grondslag vir verdere samespreking tussen U.P. en Wits. Na 'n lang bespreking het die massa op voorstel van S. M. de Villiers eenparig „ja" gesê, mits die voorwaarde nogmaals duidelik aan Wits gestel word „dat die beginsel van segregasie streng toegepas word op die plek en ten tye van die sportbyeenkoms en bygaande sosiale funksies". Wits het daarna ook „ja" gesê en die langste Intervarsity van die geskiedenis is vredevol beëindig. Wie het gewen? Nugter weet, maar U.P. was tevrede, want luidens sy voorsitter se verslag was die betrekkinge herstel „onder ons voorwaardes."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die verhouding tussen die twee „reuse" van Suid-Afrika het sedertdien nie weer iets te wense oorgelaat nie. In 1948 is op inisiatief van die Universiteit van Pretoria selfs 'n gesamentlike Intervarsityblad uitgegee. Na 'n onderbreking van tien jaar is in 1958 hiermee voortgegaan, toe die voorneme ook te kenne gegee is dat die onderneming 'n jaarlikse instelling moet word.


Gelukbringers en Strooptogte

Oor die sielkunde van die bygeloof kan lank en geleerd betoog word. Om die saak prakties te benader, is dit egter nie nodig om een of ander primitiewe inboorlingkraal waar 'n likkewaan of 'n ystervark of 'n ietermago as stamtotem tot inspirasie dien, te besoek nie. Die gemiddelde studentegemeenskap bied volop geleentheid hiervoor. Hoe irrasioneel ook al, bly dit tog waar dat die gemiddelde student, al is dit ook ter wille van blote vertoon, 'n neiging openbaar om aan die werking van die bonatuurlike waarde te heg. Hoe anders kan 'n mens dit verklaar dat die deursneekroegbaas of -hoteleienaar noulettend op sy hoede is, wanneer hy vermoed dat 'n studentegroep in die omgewing verwyl. Met die gemak van 'n afgerigte kraai sal hier 'n ditjie en daar 'n datjie opgepik word — sonder enige kwaaie bedoeling hoegenaamd — net maar om voorsorg te tref dat eensame ure nie eensaam deurgebring word nie.

En wat waar is van die enkeling, is ewe waar van die groep. 'n Samehorigheidsgevoel is nie afhanklik van 'n „stamtotem" nie hoewel laasgenoemde — dit is nou al oor en oor bewys — baie bevorderlik is vir die eerste. Dit is verbysterend om te sien hoe 'n groep volwasse manne met die lojaliteit wat aan die onnosele grens soos wafferse buffelbulle beskermend om 'n lappop sal saamdrom en verdra om voos geslaan te word liewers as om die voorwerp waarvan hulle geluk afhanklik is, in die steek te laat.

Hoeveel gelukbringers in die jare wat was reeds een of ander groep uit die studentegemeenskap „onder beskerming geneem het", sal waarskynlik nooit vasgestel kan word nie. Dit was uit die groot aantal vir slegs enkeles beskore om tot onsterflikheid te groei en hulle is bekendes. Soos Sonop aan Garibaldi kleef, soek Kollege heil by Sarge Bourke. Damestehuis ken die waarde van die olifant, terwyl 'n langnekgiraf inpas by Asterhof se lenige grasie. Hoewel ons die onsterflikes nog altyd by ons het, het net een — die swaarlywige „Oom Gert" legendaries geword.

„Oom Gert" is in 1929 deur vier studente — mnre. Barry Kok, „Fire" van Vuuren, Ark Gardner en George Randall — voor Van Erkoms se tabakwinkel in Pretoriusstraat „ontvoer". In daardie dae was „Oom Gert" nog „Oom



Garibaldi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Paul" en was hy met twaksak en pyp in die regterhand, 'n waardige advertensie vir Springboktabak. Toe oubaas Van Erkom agterna ingelig is oor die rede vir die verdwyning van „Oom Paul", was hy inskiklik en bereid om die beeld aan die studente af te staan. So geheg was hy egter aan „Oom Paul" dat hy twee skilderye deur die bekende skilder Kyle van hom laat maak het. In 1932 het „Oom Paul" „Oom Gert" geword. Sedertdien is daar tussen die koshuise om die besit van „Oom Gert" 'n haas ononderbroke broederkryg gevoer en menige goedbeplande strooptog van stapel gestuur. Afwisselend het hy tussen die verskillende koshuise gekuier en 'n tyd lank selfs die gasvryheid van Damestehuis geniet, waar hy voor sy soveelste geheimsinnige verdwyning meer as eenkeer doeltreffend met hokkiestokke en hoëhakskoene verdedig is.

Tydens die worstelings om hom in die hande te kry, het dit dikwels nie al te sagkens toegegaan nie — daarvan getuig „Oom Gert" se gebreekte skedel en sy verlore arm wat in die slag gebly het, toe hy om ontvoering te voorkom by 'n geleentheid met sy arm aan 'n paal vasgeketting was. Maar ook die stropers het dikwels sleg deurgeloop en wat veral kommer verwek het, was dat huisraad en toerusting nie altyd ontsien is nie. Van owerheidsweë is gebrom en aan weë en middele gedink om die strooptogte uit te skakel. Dit is toe dat die interimkomitee aan die begin van 1945 op die gedagte gekom het om „Oom Gert" aan die koshuis te skenk wat tydens die daaropvolgende joolpoging die meeste geld sou insamel. „Oom Gert" het daardeur miskien 'n baas gekry maar sekerlik nie 'n permanente tuiste nie. Eers na 'n amptelike verbod op strooptogte het „Oom Gert" die rus gevind wat sy jare vereis het.

Wat „Oom Gert" se avontuurlike loopbaan des te merkwaardiger maak, is dat hy 'n ewe vermaarde tydgenoot het — 'n rondloper-Skot genaamd Phineas. Tydens 'n besoek van 'n roeispan van die Universiteit van Kaapstad aan die buiteland



„Oom Paul" en sy stropers.
Voor (van links na regs): DEWALD (ARK) GARDNER, SERENA DU TOIT (*mev.* F. DEALE), BARRY KOK.
Agter (van links na regs): GEORGE RANDALL, J. P. J. VAN VUUREN, „OOM PAUL".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


is hy in Edinburg gegaps en na Suid-Afrika gebring. Aanvanklik het die twee suidelike universiteite met mekaar meegeding oor die besit van Phineas. Die klimaat in die suide het egter nie met sy Skotse smaak ooreengestem nie met die gevolg dat hy in 1929 ten tyde van 'n tussen-universitêre kragmeting in Kaapstad, saam met die Witsies na die noorde verhuis het.

Die Witsies het Kaapstad knap met die aandtrein verlaat, toe die Ikeys ontdek dat Phineas voete gekry het. Met motors is afgesit Paarl toe, die trein dáár deursoek maar sonder enige welslae. Navraag op die stasie het egter aan die lig gebring dat daar vroeër die middag ook 'n trein na die noorde vertrek het wat toe onverwyld agternagesit en iewers tussen Beaufort-Wes en De Aar ingehaal is. Ook hierdie trein is nougeset deursnuffel — eweneens sonder sukses. Met 'n oulike set is die Ikeys uitoorlê, omdat Phineas aan die sorg van 'n verpleegster en 'n dokter wat saam met 'n siek dame gereis het, toevertrou is. Die kondukteur was ewe behulpsaam en het saam met die studente van kompartement tot kompartement beweeg, hulle orals toegang verleen behalwe in die kompartement waarin die siek dame gereis het!

Vanselfsprekend het Tukkies daarin belang gestel om Phineas in die hande te kry en twee keer daarin geslaag om hom van tuiste te laat verander. Die eerste keer was op 6 Junie 1931. Terwyl die ondernegentien-spanne die Intervarsity op Loftus Versfeld ingelui het, het 'n viertal Tukkies uitgedos in Witskleurbaadjies afgesit Johannesburg toe en sonder enige moeite daarin geslaag om Phineas uitgelewer te kry. In 1934 is hy onder aanvoering van die tans bekende toneelspeelster, Berdine Grünewald, weer ontvoer. Die twee vernederings het vir Wits 'n dure les ingehou. Phineas is daarna so goed versteek — eenkeer selfs in die tronk — dat hy nog nie weer in vyandshande geval het nie.



Oom Gert.



Phineas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die sukses wat Tukkies by twee geleenthede behaal het, het die Witsies aangespoor om „Oom Gert" ook in die hande te kry. So veilig is die oubaas egter opgepas dat dit hulle net eenkeer geluk het. Dit was op 28 April 1950 toe hy in Witsieland gebly het tot ná die Intervarsity op 3 Junie. „Oom Gert" se ontvoering is op heel slinkse wyse beplan en uitgevoer. Dood luiters het 'n „rottevanger", kompleet met wit jas en gaspomp en 'n rottevangergeselstrant een oggend by Sonop aangedrentel gekom, gewapen met 'n „lasbrief" om die plek van rotte te suiwer. Die „lasbrief" is van die Gesondheidsdepartement van die Pretoriase Stadsraad bekom onder voorwendsel dat die betrokke student — kwansuis 'n Tukkie — besig is met 'n tesis oor rotte en die verspreiding van pes.

Om sy werk doeltreffend te kan verrig, moes die „rottevanger" Sonop meer as eenkeer besoek en ook onder die vloerplanke van die koshuis rondkruip. In hierdie proses het hy die niksvermoedende „Oom Gert" op die klipharde grond in die koue met spinnerakke omweef onder die vloer van die spens aangetref. Met 'n duiwelse lis het hy toe die skroewe van die valluik in die spens verwyder en afgeknip en net die koppe teruggeplaas maar so netjies dat niemand iets sou vermoed nie.

Na hierdie voorbereidende werk was alles gereed vir die finale aanslag op „Oom Gert". Deur 'n valluik in die gemeenskapskamer wat snags nie gesluit is nie, is toegang tot die „ondervloerse" doolhowe van die koshuis gekry vanwaar die skuilplek van „Oom Gert" onder die vloer van die spens maklik bereik kon word. Die skroeflose luik van die spens kon toe maklik van onder af oopgedruk en „Oom Gert" daardeur gelig word. Die deur van die spens, toegerus met die soort slot wat van binne sonder sleutel oopgemaak word, sou geen probleme oplewer nie. In die stilte van die nag het 'n taakmag-skoktroepe „Oom Gert" kom haal.

Van Pretoria is „Oom Gert" inderhaas na die Dunnottarlughawe geneem waar hy en Phineas die eerste keer in die geskiedenis nader kennis gemaak het. Omdat



JANNIE MALAN *en* „OOM GERT" *saam met die Witsies wat* „OOM GERT" *ontvoer het.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

een van Wits se oudstudente bevelvoerende offisier op die lughawe was, is dit as 'n baie veilige skuilplek vir die twee gelukbringers geag. Om niks aan die toeval oor te laat nie, is hulle binne in 'n Dakotavliegtuig vasgemaak. Vir geval die Tukkies daar sou kom rondvroetel — so is vooraf gereël — sou die bevelvoerende offisier die tweetal op 'n roetinevlug weggeneem het.

Net soos plaaslik voortdurend strooptogte deur een koshuis op die ander onderneem word, net so is die versoeking vir die twee universiteite groot om onder voorwendsel van 'n soektog na die ander se gelukbringer strooptogte op mekaar uit te voer. Menige bloedige geveg het reeds op dié wyse met die beste bedoelings plaasgevind. Hoewel geen jaar verbygaan sonder sy kwota kragmetings nie, het niks die reuseaanval wat Wits met vyfhonderd studente in 1934 op Tukkieland uitgevoer het, oortref nie.

Omdat strooptogte by tye hand uitgeruk en aansienlike skade veroorsaak het, is by verskillende geleenthede pogings aangewend om die saak behoorlik te organiseer en veral die getalle wat daaraan mag deelneem, te beperk. Reeds in 1948 het A. D. Pont met Wits 'n reëling getref. Daarna is in 1951 'n ooreenkoms aangegaan, toe bepaal is dat niemand tydens 'n strooptog toegelaat sal word om die geboue van die ander inrigting binne te gaan of om eiendomme op enige wyse, hoe ook al, te beskadig of te ontsier nie. Op die ontvoering van gelukbringers en dirigente is geen verbod geplaas nie, maar baie uitdruklik is bepaal dat groepe van nie meer as ses hieraan mag deelneem nie.

In 1955 is weer 'n ooreenkoms aangegaan, maar ten spyte daarvan is in 1956 so wild te kere gegaan dat strooptogte en alles wat daarmee in verband staan vir 'n tyd lank heeltemal in die ban gedoen is. Met die loop van jare is die strooptogte al hoe meer aan Intervarsity gekoppel met die nadeel egter dat dit 'n onbepaalde tyd lank kon aanhou. In die lig van die ervarings opgedoen in 1956, word op 7 Mei 1957 weer 'n ooreenkoms aangegaan tussen U.P. se S.S.R. en Wits se V.S.R.

Strooptogte word streng beperk tot die week voor Intervarsity. Ook word nou onderskei tussen massa- en kleinstrooptogte. Al die gevalle waar meer as 30 studente by die saak betrokke is, sal as massastrooptogte beskou word, wanneer geen gelukbringers of sangleiers geskaak mag word nie. In elk geval word 'n algehele verbod geplaas op strooptogte waaraan meer as 200 studente aan 'n kant deelneem. Tydens kleinstrooptogte mag studente oor en weer gevange geneem word; maar loslating moet binne 24 uur volg. Gelukbringers wat geroof word, moet weer aan die betrokke inrigting terugbesorg word twee dae voor Intervarsity. Sangleiers wat gevang word, sal ook na 24 uur losgelaat word, maar sal die dag met Intervarsity op die gebruiklike wyse voor die pawiljoen van die opponente uit 'n streepsak geskud word.

Strydkreet en lied

Heinrich Rissik wat in 1914 voorsitter van die V.S.R. was en op 'n tydstip ook kaptein van die eerste voetbalspan vertel onderhoudend dat toe die T.U.K. op 31 Mei 1913 aan sy eerste Intervarsity teen Grey Kollege op Bloemfontein deelgeneem het, „ons skaam gevoel het dat ons nie 'n strydkreet gehad het nie, terwyl hulle wel van een gebruik gemaak het. Ons het vinnig gedink en toe maar soos volg geantwoord:

Who are, who are, who are we,
We are, we are, the T.U.C.!
Who are, who are, who are they,
Oh they are jolly good fellows
Oh they are jolly good fellows — etc."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die verleentheid waarin Tukkies in 1913 beland het, het waarskynlik meegebring dat die strydkreet wat ons vandag nog in enigsins gewysigde vorm gebruik, reeds in 1915 gereed was, toe dit soos volg gelui het:

Aa Ching-a-ling aa mosti } × 2
Kontang koo kontang kwa }
Faa nikodeem, faa nikodeem
Faa niko; jerema, jerema, jerema, jerema,
Boonga, boonga, boonga, boonga, baa,
Tuc! — Tuc! — Tuc! — Tuc!
T. — U. — C.! T. — U. — C.!
Tuc, Tuc, Tuc, Tuc
Tackle low, Tackle low
Heel! Heel! Heel! Heel!
Heel that ball! — Heel that ball!
Feet! Feet! Feet! Feet!
Feed the Wing! Feed the Wing!
Pull and Push and Heave and Shove
H E A V E !

Tot 1930 het die kreet volkome aan sy doel beantwoord, maar met die universiteitswording in daardie jaar is gevoel dat die deel van die kreet wat met „Tuc, Tuc, Tuc, Tuc," begin, verouderd is. Dit is gevolglik weggelaat waarna die volgende reëls tot die oorblywende gedeelte van die kreet toegevoeg is:

Chaka-la-ka, chaka-la-ka, ra-ja-ra,
Ra-ja-ra, Pretoria, Varsity,
Boomshey, Wah!

Wanneer en deur wie dit daaraan toegevoeg is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Gelukkig bestaan daar geen onsekerheid oor die oorspronklike strydkreet nie. Die woorde en melodie van die eerste vyf reëls is afkomstig van T. P. C. Boezaart en J. R. L. (Kleinjan) van Bruggen (in die wandel bekend as Buzz en Urrie) wat dit stuk-stuk saam uitgedink het, terwyl hulle kamermaats was in die „Pawn Shop", die koshuis wat op die noordwestelike hoek van Park- en Hillstraat gestaan het. Die gebou staan vandag nog daar en is so genoem vanweë die groot aantal Joodse studente uit Johannesburg en elders wat daar tuisgegaan het. Die deel van die strydkreet wat in 1930 verval het, staan op rekening van mnr. Boezaart alleen.

Maar Kleinjan het nie alleen 'n aanvoeling vir musiek gehad nie. By al sy ander gawes, het hy ook 'n mooi stem gehad. Aan hom kom die eer toe dat hy die strydkreet gepopulariseer en by die studente laat inslaan het. Verskillende oudstudente onthou nog die geleentheid toe hy met sy pragtige tenoorstem hierdie kreet aangehef het. Dit was op 'n middag toe Tukkies in die tweede liga teen Pretoria op die Klein Sahara van die destydse Oostelike Sportterrein (tot betreklik onlangs die Loftus B-veld wat met die jongste uitbreiding met die A-veld gekonsolideer is) gespeel het. Dit was 'n reusebotsing wat baie gelykop verloop het en toe die studente die teenparty se lyn nader, het iemand in die bondel uitgeroep: „Toe Kleinjan, sing jou sang." Van Bruggen het weggeval en feitlik alleen gesing. „'n Week of wat later was daar 'n stuk of tien wat saamgesing het en geen jaar het verbygegaan nie of die strydkreet het oor die vlakke velde daarbo weergalm."

Die strydkreet van 1915, so getrou aan die vereistes van 'n strydkreet, het egter met die loop van jare een gebrek openbaar: dit was enigsins lomp, meer formeel van aard en dus nie geskik om desnoods met kort tussenposes as 'n slagspreuk deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die studentemassa uitgeblaf te word nie. Om aan hierdie behoefte te voldoen, het die Skakelkomitee in 1945 besluit om 'n prysvraag uit te skryf vir 'n nuwe universiteitskreet wat nie vervangend nie, maar aanvullend by die bestaande een gebruik kan word.

Of die bekende „A-ra-ra-rattio" die vrug van hierdie poging was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Sommige oudstudente is van oordeel dat dit veel ouer is, ander is bereid om sy oorsprong met 1945 te verbind. Niemand is egter heeltemal seker nie en ook niemand weet wie die outeur was nie. Soveel is egter seker dat groter vindingrykheid nooit voorheen in drie kort woordjies saamgevat is nie.

Met die skepping van 'n universiteitslied het dit minder voorspoedig gegaan. Nie dat daar nie aan so iets gedink is nie, want reeds op 13 Mei 1909 het mej. König in die Studenteraad voorgestel „that something should be done with regard to the composition of a College Anthem." 'n Tweepersoonskomitee is toe met die saak belas wat op 28 Julie gerapporteer het „as yet they had received no contributions." Hierby het die saak skynbaar gebly en baie jare daarna is met volkome verontagsaming van die feit dat Jan Celliers reeds die probleem opgelos het, nie weer aan 'n eie lied gedink nie. In 1912, naamlik toe die eerste studenteblad — voorloper van „Trek" — verskyn het, het Jan Celliers sy gedig „Komaan!" spesiaal daarvoor geskryf. As die studenteraad maar hierdie geleentheid aangegryp het, wat 'n treffer kon dit nie geword het nie!

Vir die volgende paar jaar is blykbaar nie ernstige aandag aan 'n studentelied gewy nie, toe onverwags in die studenteblad wat in Junie 1918 verskyn het *Die Lied van die T.U.K.* gepubliseer is. Die lied wat uit twee strofes bestaan, lui soos volg:


Die wijsheid en die ossewa,
Dit was ons vaders skat,
Hier staan hul in ons wapen
En wijs ons nog die pad,
Geroepe tot regere —
Die weg wat hij moet gaan
Die loop langs vaste bakens
Vir elke T.U.Kaan.

Van Breedestroom tot Krokodil,
Van Oemsindoes tot Mooi,
Dis waar ons Alma Mater
Omheen sij arme gooi.
Maar wie's die kroon van almal,
En voorste op die baan?
Ons hou wat ons gewin het
Dit is die T.U.Kaan!

Blykbaar het die lied nie byval gevind nie, want in 1922 is die saak weer ter hand geneem, toe die Studenteraad 'n komitee bestaande uit twee dames en drie here benoem het „om te sorg dat daar so gou moontlik 'n kollegelied in die lewe geroep word." Van die verrigtinge van hierdie komitee is niks bekend nie.

Teen die end van die twintigerjare het 'n oudstudent, T. P. C. Boezaart, dieselfde man wat medeverantwoordelik was vir die eerste strydkreet, die woorde en melodie vir 'n universiteitslied, „Alma Mater", voorsien. Hettie Wagner het vir die toonsetting gesorg. „Alma Mater" is 'n wals en is by studentebyeenkomste as 'n kollegelied

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



„Komaan" in die handskrif van Jan Celliers spesiaal geskryf vir Tukkies se eerste Studenteblad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gesing. Dit was ook die gebruik dat dit altyd as die laaste nommer by studentedanse deur die orkes gespeel is. Die lied is in Afrikaans geskryf en daarna in Engels vertaal — tweetaligheid was in dié dae 'n streng vereiste — en het soos volg gelui:

Sing nou die T.U.K.,
Kroon van Pretoria!
Blom van Suid-Afrika!
Waar ons vryheid geniet!
Bly vier ons vanaand fees,
Vry ewig sal jeug wees,
Blymoedig die jong gees —
Sonder verdriet.
Hier sing ons met vreugde
Die roemryke lied —
En die lofsang verhewe
Van T.U.K.!

Oral in Afrika,
Roem hul die T.U.K.
Vorder Pretoria!
Nie in woord, maar in daad
Groei jou faam!
Hier kom die man vandaan,
Hy wat sy „slag kan slaan",
Edelheid, trouheid en waarheid,
Spel sy naam!

Sing to the T.U.C.,
Sing now this song with me,
Let us be mild and free,
Till the red break of day!
Enjoying youth's madness,
Embracing its gladness,
And banishing sadness —
Let all be gay!
Then let us be happy
And sing while we may
Of the glories and greatness
Of T.U.C.!

Build on the T.U.C.,
Home of the strong and free,
Steadfast our progress be
First in work, first in play.
First always.
Here we produce the man,
He who will say I can —
Dauntlessly, fearlessly, I can —
Come what may!

Toe die T.U.K. 'n selfstandige universiteit geword het, het rektor A. E. du Toit mnr. Boezaart gevra om 'n nuwe lied te komponeer waarin die nuwe status tot uitdrukking gebring sou word. Aan die versoek het mnr. Boezaart voldoen en die woorde en melodie van 'n Huldelied *Ad Destinatum* verskaf wat deur mev. A. A. Roberts getoonset is. Die eerste strofe van die lied lui soos volg:

Daar rys 'n ster wat glinster oor die ou Transvaal
Ja noorde van die goudstad sal sy lig uitstraal
En niemand kan hom t'rug hou van sy ideaal
Steeds rys die ster — pronkstuk van ou Transvaal.
Refrein: Noordelike ster van Suid-Afrika
Wat sy oorsprong neem uit die T.U.K.
Jou faam is versprei en jou invloed uitgebrei
Universiteit van Pretoria!

Die lied is goed ontvang maar gaandeweg het die belangstelling gekwyn en is daar mettertyd nie meer gebruik van gemaak nie.

Teen hierdie tyd het die studente taamlik besorg begin raak oor die gebrek aan 'n universiteitslied. Die tweeslagtige karakter van weleer was iets van die verlede, die Universiteit het in 'n suiwer Afrikaanse rigting opgegaan en die afwesigheid van 'n lied is as 'n aanklag gevoel. In 1934 is op 'n massavergadering van binnemuurse studente met klem aangedring dat iets in verband met die saak gedoen moet word. In opvolging van hierdie besluit het die drie studenterade in 1955 'n prysvraag uitgeskryf en toe die propagandakomitee van die Universiteit in 1936 die rektor opdra om met die Studenterade die aangeleentheid te bespreek, het die saak behoorlik op dreef

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gekom. Net soos die eerste strydkreet het die universiteitslied, ondanks die prysvraag wat landswyd georganiseer is, in een van die koshuise ontstaan. Vir hierdie skeppende werk was twee inwoners van Kollegetehuis, C. H. (Bags) Cilliers en Donnie du Toit, verantwoordelik wat met potlood en papier gewapen daelank voor die klavier in die ontvangskamer gesit het tot hulle uiteindelik die volgende lied kon aanbied wat teen die einde van 1936 deur die studente op 'n massavergadering spontaan aanvaar is:



C. H. (BAGS) CILLIERS.

Ons dra die heil van Afrika
As studente van U.P. —
Ons is die roem van ons vaderland,
Getrou aan al sy weë.
Ons sal voorwaarts gaan in ons strewe,
Geroepe tot regere.
Alma Mater, bron van krag,
Besiel alleen tot mag.
Ad destinatum persequor!
Ad destinatum persequor!
Gebind deur die koord van blou, rooi en goud
Ad destinatum persequor!
Ad destinatum persequor!
Ad destinatum persequor!
Gebind deur die koord van blou, rooi en goud,
Ad destinatum persequor!

„Bags" het die woorde geskep terwyl Donnie die Franse Volkslied se wysie daarby aangepas het.

Tydens die soektog moes sonder twyfel 'n groot aantal ontwerpe uitgedink en aangebied gewees het. Blykbaar het een daarvan sy weg gevind in die *F.A.K.-Volksangbundel* wat onder die afdeling „Studenteliedere" kompleet met musiek, afgedruk word. Op wie se gesag dit daarin opgeneem is, sal moeilik wees om te sê, maar maak eintlik ook geen saak nie, omdat met groot stelligheid beweer kan word dat dit nooit die lied van die Universiteit van Pretoria was nie.

Ook aan die lied van 1936 het 'n groot beswaar gekleef. Hoewel die woorde oorspronklik was, was die melodie nie. In 1943 het *Voorslag* die voortou geneem en daarop aangedring dat 'n nuwe wysie vir die universiteitslied gesoek moes word, aangesien „dit 'n belediging vir die Franse Volkslied is, as ons hulle wysie gebruik vir ons Universiteitslied." Dit was 'n onomstootlike waarheid waarteen niks ingebring kon word nie, daarom het die Studenteraad vroeg in 1944 besluit om 'n prysvraag waaraan £50 verbind sou word, uit te skryf. Die sluitingsdatum is vir die end van Augustus bepaal en mnre. Lemmer en Gideon Roos is gevra om as beoordelaars op te tree, uit die ingesonde komposisies die twee bestes uit te soek wat dan aan 'n monstervergadering vir finale beoordeling voorgelê sou word.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die saak het ooreenkomstig hierdie besluit verloop. As die beste komposisies is dié van ds. M. L. de Villiers en mnr. C. van Tonder deur die beoordelaars aangewys. Hulle is op 'n monstervergadering wat op 27 Augustus 1954 plaasgevind het twee keer deur die Voorslagkoor gesing. By die daaropvolgende stemming wat nog dieselfde aand gehou is, is met 'n groot meerderheid voorkeur aan die komposisie van ds. De Villiers gegee.


Die Universiteitskleure

Van die begin af het die Studenteraad vanselfsprekend die verantwoordelikheid eers vir die keuse en daarna vir die beskerming van die inrigting se kleure aanvaar. Toe in 1908 met akademiese onderwys in Pretoria begin is as 'n vertakking van die T.U.K. met sy setel in Johannesburg, was die kleure van die inrigting donkergroen en ligblou. Nouliks is besluit dat die Pretoriase afdeling 'n selfstandige rigting sou inslaan of die Johannesburgse groep „had objected to the use of these colours by this College." Op die massavergadering wat in Maart 1910 gehou is, is derhalwe besluit dat die Studenteraad „with three delegates from each of the Football Clubs" as 'n kleurkomitee sou optree „with full power to settle the matter and order Colours."

Deur die kleurkomitee is daarna binne 'n week op voorstel van W. F. Candy eenparig besluit „that the colours should be: *Chocolate* and *Old Gold*." By dieselfde geleentheid is besluit dat die rugbytruie uit 'n „Chocolate body with Gold fronts, collars and cuffs" saamgestel sou wees. „Association Shirts" sou daarenteen bestaan uit 'n „Chocolate body with gold collar and pocket, badges to be added to the pocket when ready." Baie gou het dit egter duidelik geword dat die haastige optrede nie met oorleg gepaard gegaan het nie. Die nuwe kleure het nie byval gevind nie en vrywel van die begin af is spottend daarvan gepraat as „mud and mustard."



P. U. Rissik.




Heinrich Rissik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit wil voorkom of reeds in die eerste jare van die T.U.K. se selfstandige bestaan die inrigting oor twee kleurbaadjies beskik het. Die algemene kleurbaadjie, so is besluit, „to be modelled on the hatband" met vertikale strepe in ou-goud en ongeveer ½ duim breed, drie duim van mekaar op 'n bruin („chocolate") agtergrond, terwyl die spelers van die eerste voetbalspan die resep van die Springbokke nagevolg het, behalwe dat die groen met „Chocolate" vervang is. Die broers Heinrich en Ulrich Rissik, respektiewelik in 1914 en 1916 voorsitter van die Studenteraad, het die kleurbaadjie ontwerp.

Om die besware aan die „mud en mustard" verbonde uit die weg te ruim, is in 1919 „a saving white" daaraan toegevoeg. Oor die presiese wyse waarop die drie kleure toe in die kleurbaadjie gerangskik is, word ons ingelig deur ou foto's. Daaruit blyk dat vertikale wit strepe ongeveer ¼ duim breed, met „Chocolate" strepe van ongeveer 1½ duim geskei is van goue strepe waarskynlik ⅜ duim breed. Die verandering was op die duur nie 'n verbetering nie en die ontevredenheid het voortgeduur. Die groot beswaar was dat „Chocolate" nie 'n kleur in die ware sin van die woord is nie, dat dit maklik verbleik het en dat dit moeilik gegaan het om altyd die regte voorstelling daarvan in materiaal vas te lê. Heraldies was die saak ook nie in orde nie. In 1925 het die Studenteraad onder voorsitterskap van mnr. J. G. Nel begin optree, die saak aan 'n monstervergadering voorgelê waarna 'n komitee bestaande uit prof. Henning, mej. Jameson en mnr. De La Bat belas is met die taak om 'n nuwe kleursamestelling te ontwerp.

Die komitee het lank en noukeurig aandag aan die saak gewy, 'n groot aantal ontwerpe oorweeg en uiteindelik die ontwerp van mej. Grace Anderson (tans mev. Battiss) by die Studenteraad aanbeveel. Die ontwerp is saam met die




M. W. HENNING.



GRACE ANDERSON (MEV. BATTISS).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



P. J. P. STOFBERG.



Die V.S.R.-eremedalje.

tweede keuse: „Black, Crimson and Silver," aan 'n monstervergadering voorgelê en vrywel eenparig aanvaar. Ook die Senaat het dit goed gevind dat die T.U.K. se kleure verander sou word tot dieprooi, donkerblou en goud. Teen die einde van 1927 was die saak gefinaliseer en kon M. D. C. de Wet Nel, die voorsitter van die Studenteraad, vir sy moeite in verband met die saak beloon word, toe die eerste nuwe Tukkie-kleurbaadjie aan hom oorhandig is. Hierdie selfde kleurbaadjie het mnr. Nel, tans Minister van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling, op 4 September 1959 by geleentheid van die S.S.R. se jaarlikse eetmaal waar hy as hoofspreker opgetree het, aan die Studenteraad geskenk om in bewaring te hou.

Sedert 1927 is die kleure basies nie weer verander nie, hoewel inmiddels 'n hele verskeidenheid kleurbaadjies die lig gesien het. Die beginsel dat lede van sportklubs wat goed presteer erekleure ontvang, het sedert 1927 eers in volle werking getree, toe volgens verdienstelikheid ook onderskei is tussen half- en volkleure. In die vyftigerjare het die vraag ontstaan of persone wat op die gebied van die verenigingslewe 'n belangrike bydrae gemaak het, nie ook vir erekleure in aanmerking behoort te kom nie. Na aanvanklike verskille is in 1954 besluit dat dit tog kon gebeur, maar dat slegs volkleure toegeken sou word. Hoewel geen beperking op die aantal persone wat vir die onderskeiding in aanmerking kon kom, geplaas is nie, is die keuring — net soos in die geval van die verskillende sportsoorte — besonder streng. In 1958 is oorweging geskenk aan 'n V.S.R.-kleurbaadjie. Die gedagte het nie byval gevind nie en is op 'n monstervergadering vrywel eenparig verwerp.

Hoewel die studente hulle sterk uitgespreek het teen 'n afsonderlike kleurbaadjie vir die Studenteraad, kan in die verbygaan vermeld word dat hulle tog geneë is om verdienstelikheid in ag te neem. Toe die Studenteraad aan die begin van 1948 besluit het om jaarliks 'n medalje toe te ken aan die student wat diens van besondere gehalte aan die studentegemeenskap gelewer het, is die besluit met geesdrif begroet. P. J. P.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Stofberg het die onderskeiding te beurt geval om die eerste persoon te wees aan wie die medalje toegeken is. In 1952 is ook 'n S.S.R.-wapen ingestel.

Ook die oudstudente het in 1930 'n eie kleurbaadjie gekry. Die ontwerp het groot ooreenkoms met die gebruiklike halfkleure vertoon en omdat dit met sy oorwegende wit agtergrond baie gevoelig vir stof was, is dit in 1952 verander tot 'n effe blou baadjie met die universiteitswapen op die sak. In sekere sin vertoon dit groot ooreenkoms met die onder-negentienvoetbalkleurbaadjie wat in 1940 ingestel is en waarvoor spelers wat 75% van die wedstryde gespeel het in aanmerking kan kom. In laasgenoemde geval kom 'n silwer-U.P.-wapen met die aanduiding „O-XIX" en die datum van toekenning op die sak.

'n Eienaardige saamloop van omstandighede het aan Onderstepoort 'n eie kleurbaadjie besorg. Dit was in 1924, toe die eerste studente onder leiding van sir Arnold Theiler hulle kursus voltooi het, dat die wêreldberoemde wetenskaplike grappenderwys die instrumente waarmee sy studente vertroud was, vergelyk het met dié wat hy moes gebruik, toe hy as pionier in Transvaal baanbrekerswerk kom doen het. Met 'n skalkse glimlag het hy smaakvol vertel dat sonder die volgende artikels hy moeilik sy werk kon verrig: 'n Bybel, want daardeur is die boere se vertroue in hom versterk; 'n perkussiehamer en pleksimeter wat onontbeerlik was vir deeglike ondersoek, en 'n kurketrekker wat vir sy eie gesondheid van lewensbelang was. Wat hy in werklikheid bedoel en agterna ook gesê het, was dat die kurketrekker nodig was om die proppe van die bottels wat perdesiekteserum bevat, te verwyder. Die grappige vertelling het daartoe gelei dat dr. John Dickson, tans onderdirekteur van Veeartsenydienste in Bloemfontein, in dieselfde ligte luim 'n wapen ontwerp het waarin die vier voorwerpe uitgebeeld word. Toe prof. Doug Coles, tans professor in Pluimveesiektes aan Onderstepoort, suggereer dat EXPERTO CREDE (glo hom wat weet) 'n toepaslike spreuk by die wapen sal wees, is die saak nie langer as 'n grap beskou nie. Die ontwerp het soveel byval gevind dat dit in 1927 as die amptelike wapen van die Fakulteit Veeartsenykunde aangeneem is en sedertdien deur die studente van Onderstepoort op die sak van 'n swart baadjie gedra word.

Die kleurbaadjie van Onderstepoort het waarskynlik as presedent gedien, toe die studente van die Geneeskundige Fakulteit vroeg in 1950 ook begin voorbrand maak het vir 'n klasbaadjie. Aanvanklik is wal gegooi en onder voorwendsel dat kleurbaadjies vir afsonderlike groepe slegs versplintering in die hand kon werk, is na 'n warm bespreking op 'n monstervergadering besluit om die versoek nie toe te staan nie. Toe die agitasie vir so 'n kleurbaadjie daarna knaend voortduur, is naderhand onder bepaalde voorwaardes aan die wens voldoen. Slegs studente in die derdejaar word toegelaat om die baadjie te dra, mits hulle reeds in besit van 'n gewone U.P.-kleurbaadjie is. Die baadjie mag ook nie gedra word by geleenthede waar die studente as 'n Tukkie-gemeenskap optree nie, soos bv. by Intervarsity, Jool, Lentefeeste of interhuis-kompetisies. Die mediese kleurbaadjie is nagenoeg van dieselfde kleur as dié van die oudstudente met die mediese kenteken — 'n slang gekrul om 'n fakkel, omhul deur 'n lourierkrans — op die sak.

Omdat die dra van universiteitskleure as 'n groot voorreg beskou word en aan die draer daarvan 'n mate van aansien verleen, het die Studenterade nog altyd noulettend toegesien dat ongemagtigde persone nie in die besit daarvan kom nie. Kleure kan alleen by 'n amptelike kleurverskaffer verkry word op voorlegging van 'n kleurkaart wat op gesag van die S.S.R. uitgereik is.

Sedert 1910 het 'n hele aantal firmas die Universiteit se kleure beheer. Van 1910 af tot ongeveer 1919 het Hamiltons die kontrak gehad ofskoon Robert Gregg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in 1913 ook kleure verskaf het. Blykbaar as gevolg van die moeilikhede wat met die „Chocolate" ondervind is, is in 1919 besluit om 'n ander firma ook 'n kans te gee, toe aan die Johannesburgse firma Stuttafords ook die reg verleen is om kleure te verskaf. Om nie te veel deur afstand verontrief te word nie, is bepaal dat mnr. Spruce wat in daardie dae in bevel van die Biblioteek was en in oorleg en samewerking met die Studenteraad 'n soort boekwinkeltjie daarop nagehou het, die reg sou hê om kleiner voorwerpe soos dasse, serpe, ens., te verkoop.

Toe in 1927 op nuwe kleure besluit is, is die kwessie van die kleurkontrak ook in hersiening geneem en op 2 Mei is besluit om dit aan die firma Grant Mackenzie toe te ken. Namate die studentegetalle gegroei het en kleureverskaffing 'n groot onderneming geword het, het ander firmas ook daarvoor begin aspireer. Veral na 1932 toe die Universiteit 'n Afrikaanse inrigting geword het, is die vraag herhaaldelik gestel of 'n Afrikaanse firma nie minstens 'n aandeel in die voorsiening van kleure behoort te kry nie. Nogtans word jarelank niks aan die saak gedoen nie tot in 1954 besluit is om die firma Uniewinkels, Beperk, aan te stel as medeverskaffer.

Ten spyte van die grootste versigtigheid met die uitreiking van kleurkaarte het dit tog dikwels gebeur dat totaal ongemagtigde persone die universiteitskleure gedra het. Om hierdie euwel die hoof te bied, sou dit nodig wees om wetlike beskerming deur die registrasie van die kleure te verkry. Sedert die aanname van die Wet op Beskerming van Name, Uniforms en Wapens in 1935 is hieraan gedink, maar dit was nie voor 1940 dat met erns van die saak werk gemaak is nie. Selfs toe het dit nog 'n lang gesloer afgegee en eers op 23 Oktober 1950 is die kleure van die Universiteit finaal geregistreer, d.w.s. behoorlik ingeskryf, kragtens die bepalings van genoemde wet. Amptelik lui die beskrywing van die kleure soos volg: „Op 'n donkerblou agtergrond, met tussenruimtes van vier duim, 'n reeks afwisselende vertikale ou-goudkleurige, donkerblou en dieprooi strepe, onderskeidelik 5/16 duim, 5/16 duim en 5/8 duim breed."

Maar ook in eie kring moes teen onreëlmatigheid gewaak word. Ook in dié opsig het die verskillende Studenterade groot verantwoordelikheidsin aan die dag gelê. Van tyd tot tyd is reëls neergelê wat by die dra van kleure in ag geneem moes word — die oortreding waarvan tot die ontneming van kleurregte aanleiding kan gee.

Veral die vraag of eerstejaars van die voorreg om kleure te dra, uitgesluit behoort te word, is oor die jare heen ernstig oorweeg. Bykans elke generasie het sy eie beskouing oor die saak gehad en dienooreenkomstig maatreëls getref. In 1920 is bepaal dat „New students who are for their first year at College shall not wear College Colours until after the June vacations." In 1935 is blykbaar weer verligting gebring toe besluit is dat eerstejaars aan die end van die eerste semester kleurgeregtig sal wees. Slegs twee jaar later kom die streng bepaling dat met uitsondering van sportkleure, die kleure van die Universiteit nie aan eerstejaars toegeken sal word nie. Nog later kom die bepaling dat 'n student vir 'n tweede keer geregistreer moes wees om 'n kleurkaart te ontvang waaraan in 1950 die verdere vereiste gevoeg is dat hy in sy eerstejaarskursus moes geslaag het om vir kleure in aanmerking te kom.

Die Universiteitswapen

Sedert sy ontstaan in 1910 het die Universiteit net twee wapens gehad — die eerste was verbind aan die T.U.K. en die tweede aan die Universiteit van Pretoria.


Net soos met die kleure, het die Studenteraad in 1910 ook met die wapen die inisiatief geneem, maar in dié geval met 'n weinig minder haas te werk gegaan. Op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


die vergadering van Maart 1910 toe die „Mud and Mustard" as 't ware oornag uit die mou getower is, is ook 'n ontwerp vir 'n wapen voorgelê „but this matter," so is verstandig besluit, „was left over indefinitely." Blykbaar is daarna in wye kring oor die saak nagedink, terwyl 'n gepaste spoed in aanmerking geneem is, want nouliks drie maande later lees ons die volgende in die V.S.R.-notule: „Mr. Boxwell submitted three designs sent from Bloemfontein by Miss Etheridge, one of which was unanimously selected as the T.U.C. badge subject to slight alteration. It was decided to return it to Miss Etheridge to be altered and coloured."

Indien ons in gedagte hou dat hierna in die loop van 1910 by geen geleentheid weer 'n woord gerep is oor 'n wapen nie en dat die aan ons bekende wapen van die T.U.K. reeds in Augustus 1910 op 'n program van 'n toneelopvoering afgedruk is, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die ou T.U.K.-wapen, ondanks die uitspraak van oudstudente uit daardie dae wat afwisselend prof. Purves en prof. Paterson as die skeppers van die eerste wapen aanwys, deur die Bloemfonteinse dame, mej. Etheridge, ontwerp is. Hierdie wapen is op 16 Februarie 1911 deur die Raad van die T.U.K. as amptelike wapen goedgekeur.

In 1927, toe nuwe kleure vir die T.U.K. ontwerp is, het die komitee wat met die saak besig was, ook aandag aan die wapen gewy en blykbaar ontwerpe vir 'n nuwe wapen gevra. In sy verslag aan die V.S.R. beveel die komitee aan „dat die huidige wapen verander word omdat dit heeltemal verkeerd is volgens die reëls van die heraldiek." Nadat enkele van die foute in die wapen aangewys is, word riglyne aangedui waarvolgens 'n nuwe wapen saamgestel behoort te word. In sy verslag meld die komitee verder dat hy baie voorstelle vir 'n sentrale motief van die wapen ontvang het, „bv. 'n ooievaar as basis en fonteine op die boonste hoeke, ook 'n Springbok, Afrikanerbul, Kwagga ens."



Die wapen van die Transvaalse Universiteitskollege.




Die wapen van die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die ooievaarontwerp het die hele poging in diskrediet gebring en aanleiding tot grootskaalse gekskeerdery gegee. Buitendien het die Studenteraad nie veel waarde aan die opinie van die heraldici geheg nie omdat „elke land, distrik en selfs familie sy eie reëls van heraldiek het." Ook is geoordeel dat die bestaande wapen „al die sentiment en tradisie van die T.U.K. verteenwoordig," en daarom word baie beslis verklaar dat die V.S.R. heeltemal gekant is teen die vervanging van die wapen. Daarby het die saak voorlopig dan ook gebly.

Aan die begin van 1930, toe die oorskakeling van die T.U.K. na die Universiteit van Pretoria goed onderweg was, is weer aan die wenslikheid van 'n nuwe wapen gedink. By hierdie geleentheid het die Universiteitsraad die voortou geneem en 'n komitee waarop die Raad, Senaat en die oudstudente-vereniging verteenwoordig was, benoem „om 'n heraldies korrekte en kenmerkende wapen vir die Universiteit van Pretoria" te ontwerp. Die komitee het sy opdrag geïnterpreteer in die sin „that it was necessary in order to secure the Royal Licence for the display of Armorial Bearings, to amend the existing device and to bring it into conformity with ordinary practice." In die lig van hierdie opvatting van sy taak het die komitee aanbeveel dat die wapen van die Universiteit soos volg daar sal uitsien: „The field to be blue, and the charge a head of Pallas Athene, proper armed with a gold helmet. The crest to be a battlemented gateway proper. The head must be turned to face the right direction." Die aanbeveling is op 17 April 1930 deur die Raad aanvaar en twaalf dae later was 'n brief onderweg na Londen vir die registrasie van die gewysigde wapen by die „College of Heralds."

Intussen het die besluit van die Raad bekend geword en 'n soort opskudding veroorsaak met veral prof. J. S. van der Lingen aan die spits. Die gevolg was dat dieselfde komitee weer bymekaargekom het met prof. Van der Lingen blykbaar op uitnodiging aanwesig. Die komitee het hom egter nie van stryk laat bring nie en besluit om sy vorige aanbeveling te handhaaf. Dit was prof. Van der Lingen en die wat saam met hom gevoel het egter erns; hulle weier om by die komitee se beslissing te berus en beroep hulle op die Raad. Wat gedurende die volgende paar weke alles plaasgevind het, sal waarskynlik nooit bekend word nie, maar toe die Raad op 25 Mei bymekaarkom, is die vorige besluit opgeskort en besluit „to refer the matter to a new Committee" met opdrag „to draw up a design embodying symbols typical of Pretoria, the Transvaal, South Africa and South African University life." Daar is voorts besluit om die „College of Heralds" per kabel te versoek „to postpone action in regard to the registering of the crest."



J. S. VAN DER LINGEN.

Van hierdie tweede komitee was prof. Van der Lingen ook lid en onder sy invloed is nou nie meer gedink in terme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n wysiging van die bestaande wapen nie, maar is as uitgangspunt aanvaar om ooreenkomstig die riglyne van die Raad, 'n geheel nuwe wapen op te stel. Omdat prof. Van der Lingen wat in heraldiek belang gestel het en daar 'n goeie kennis van gehad het, 'n konsep gereed gehad het wat deur die komitee aanvaar is, was dit moontlik om binne enkele weke 'n aanbeveling te maak wat op 19 Junie 1930 deur die Raad aanvaar is en waardeur aan die Universiteit van Pretoria heeltemal 'n nuwe wapen gegee is.

Die wapen van die Universiteit is toe nooit by die „College of Arms" geregistreer nie „as we were informed that the Minister is considering the introduction of a Bill to protect University crests and colours, as well as other distinctive marks." Nadat die „Wet op Beskerming van Name, Uniforms en Wapens" in 1935 aangeneem is, het die Raad in 1936 onderhandelings vir die registrasie van die wapen aangevoor wat egter met baie omslagtighede gepaard gegaan het en eers op 23 Oktober 1950 gefinaliseer is, toe die wapen in amptelike taal soos volg beskryf is:

„'n Skild, in ou-goud omsoom, en in drie verdeel deur 'n omgekeerde gaffel in 'n ou-goud kleur; in die basis, op 'n veld van donkerblou, verskyn 'n ou-goudkleurige ossewa. In die regterhoof op 'n veld van dieprooi, verskyn 'n voorstelling van drie bye, een bo en twee onder, in ou-goud en donkerblou; in die linkerhoof, op 'n veld van dieprooi, verskyn drie ringe in ou-goud, twee bo en een onder. Op die skild rus 'n kopstuk bestaande uit 'n boek, in wit, donkerblou en ou-goud, oopgeslaan oor 'n anker in ou-goud, en donkerblou met 'n ou-goudkleurige en donkerblou koord. Onder die skild verskyn 'n krul, in ou-goud omsoom, met die leuse AD DESTINATUM PERSEQUOR in ou-goudkleurige letters op 'n donkerblou veld."

In 1931 het prof. A. E. du Toit, toe nog rektor van die Universiteit, 'n uitleg van die wapen gegee wat ter wille van die volledigheid van die saak, hier woordeliks aangehaal word:

„(a) The crest, the book and anchor are indicative of a University, while the anchor has additional significance as reflecting the origin of this University, like other universities in South Africa, through the University of South Africa out of the University of the Cape of Good Hope.

(b) The base of the shield is an ox wagon on a blue field. The ox wagon, which represents the Transvaal, was taken from the shield of the Transvaal University College out of which the University of Pretoria developed.

The ox wagon at the same time has the symbolic meaning 'carrier of the South African culture.'

(c) The Dexter Chief contains three bees on a red field. The bees represent activity and were taken over from the crest of the town Pretoria.

(d) The Sinister Chief contains three rings on a red field. The rings representing unity are taken from the shield of the University of South Africa and were originally taken from the shield of Jan van Riebeeck.

These symbols were borrowed as stated to indicate that the University of Pretoria sprang out of the Transvaal University College of the University of South Africa and is situated in the town of Pretoria."

Die Universiteitsleuse

Toe die eerste wapen van die Universiteit in 1910 aanvaar is, het die wapenspreuk „Vocamur in Imperium" saam daarmee sy verskyning gemaak. Van wie die leuse afkomstig is, is een van die lastige vrae waarvoor nog nie 'n antwoord gevind kon word nie. Hoe dit ook al sy, hierdie leuse het ongehinderd sy plek in die wapen behou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en was nooit ter sprake nie tot 1930, toe met die universiteitswording aan 'n nuwe wapen oorweging geskenk is.

Van die twee Raadskomitees wat in daardie jaar aanbevelings in verband met 'n wapen gemaak het, het die eerste aanbeveel „that the present motto be retained." Daarteen het dadelik stemme opgegaan, want hoewel die leuse „Vocamur in Imperium" algemeen vertaal is met „Ons is geroep om te regeer," is daar tussen die wapenstryd deur aangevoer dat dit ewe korrek vertaal kon word as „We have been called into the Empire."

Die tweede wapenkomitee het derhalwe, sonder dat dit in sy opdrag bepaal is, ook aandag aan die leuse gewy, 'n aantal voorstelle van belangstellendes ontvang, een daaruit gekies en dit vir aanname by die Raad aanbeveel. Die Raad het dit egter nie aanvaar nie maar besluit om die kwessie van 'n geskikte leuse te verwys na 'n komitee bestaande uit die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad saam met die rektor.

Hierdie komitee het voorstelle vir 'n leuse ingewag en nie minder as veertien ontvang nie waarvan die volgende drie aan Senaatslede by wyse van 'n privaatstemming voorgelê is:

(a) Ad Destinatum Persequor. (I press on to the goal).

(b) Accipe daque fidem. (Receive and give loyalty).

(c) Non sibi sed patriae humanitatique. (Not for oneself but for one's country and humanity). Die uitslag van die stemming was dat die drie voorstelle respektiewelik deur 24, 8 en 11 senaatslede ondersteun is.

Ook die Studenteraad is in 'n geleentheid gestel om hom oor die saak uit te spreek wat die drie ontwerpe in die volgorde (b), (a) en (c) geplaas het met die verduideliking daarby dat die eerste twee „were equally preferred only a casting vote placing them in the order indicated." Met hierdie uitslag as leidraad is toe besluit dat *Ad Destinatum Persequor* die nuwe leuse van die Universiteit sal wees.

In die verlede het daar 'n mate van spekulasie oor die vraag bestaan van wie die leuse nou eintlik afkomstig is. Dit is egter nie nodig nie, omdat dit bo alle twyfel staan dat dit deur prof. B. Gemser voorgestel is. In sy brief aan die rektor onder datum 14 Junie 1930, waarin die voorstel gemaak word, voer prof. Gemser ook die oorwegings aan wat hom op die gedagte gebring het. Om die inhoud van die leuse beter te kan begryp, word die brief van prof. Gemser hier min of meer volledig weergegee:

„Ek het gemeen nie in die wilde te moet gaan soek nie maar dat dit die beste was uit te gaan van die gedagtes wat die wapenskild self verteenwoordig, nl. hierdie vier: die universitêre ideaal (die bekroning met boek of Minerva), die verlede (die ringe van Van Riebeeck en Universiteitswapen), die ywerige arbeid van die hede (die bye, wat ek nog hoop vir die skild behou sal bly) en die toekoms waarna ons strewe (die ossewa, die trek). Hierdie gedagte sou die beste verteenwoordig wees in 'n spreuk van hierdie inhoud: getrou aan ideaal (roeping) en verlede, werk ons ingespanne vir (streef ons ywerig na) 'n nuwe toekoms. Nou is so 'n spreuk natuurlik te lank vir 'n motto. Maar die vernaamste gedagte en die gees daarvan vind ek goed verteenwoordig in hierdie leus of devies:

Ad Destinatum Persequor.

(Ywerig en volhardend streef ek na die gestelde doel).

In *Destinatum* lees ek die deur ideaal en verlede gestelde doel (bekroning en Van Riebeeckringe), in *Persequor* die ywerige en volhardende strewe na die toekomsideaal (die bye en die ossewa). So sou wapen en leuse die raadgewing van President Kruger

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verteenwoordig om in die verlede te soek die skone en goeie en daarmee die nuwe toekoms te bou; en so sal die leuse 'n gedurige aansporing kan wees tot die doelbewustheid en doelvastheid waaraan ons by die wetenskaplike arbeid en die opbou van ons Universiteit so groot behoefte het.

Die goeie Latyn van die spreuk is verseker; dit is 'n formulering uit die vyfde eeu n.C. wat die toets van die eeue reeds deurstaan het. Poësie is daar nie in nie, maar miskien des te meer krag! Ook verkies ek die eerste persoon en dus die persoonlike, die eie belofte en belydenis wat in die spreuk lê."

Met die oog op die voorgaande is dit duidelik dat, hoewel die ooreenkoms groot is, die leuse onafhanklik van Filippense 3 vers 14 ontstaan het, soos in Mei 1931 deur rektor A. E. du Toit in 'n brief verklaar is.

Die naam van die Universiteit

In 1910 toe die splitsing van die twee afdelings van die destydse Transvaalse Universiteitskollege 'n voldonge feit geword het, was dit nodig dat die afdeling wat in Pretoria verder sou ontwikkel, 'n naam moes kry. Op 14 Junie 1910 het die Kollegeraad blykbaar sonder raadpleging van sy kollega in Johannesburg besluit „that from the coming into force of the Act viz. the 17th May 1910 the College be carried on with the statutory name of the Transvaal University College instead of 'Transvaal University College Pretoria Committee'."

Toe in 1929 besluit is om deur wetgewing die status van die Transvaalse Universiteitskollege te verander, moes ook aandag aan die naam van die beoogde nuwe inrigting gewy word. Op 'n spesiale Senaatsvergadering wat op 9 Oktober 1929 gehou is, is verskillende name voorgestel. Uit die aard van die saak was dit onmoontlik om dadelik oor die saak te besluit, sodat die aangeleentheid na 'n komitee verwys is bestaande uit proff. T. J. Hugo (saamroeper), L. Fouché, S. P. Engelbrecht, A. M. Bosman en T. H. le Roux.

Nadat die saak noukeurig oorweeg is, het die komitee die name in volgorde van verdienste soos volg by die Senaat aanbeveel:

Noordelike Universiteit,
Universiteit van Transvaal,
Universiteit van Pretoria voorgestel deur prof. T. H. le Roux,
Paul Kruger-Universiteit voorgestel deur prof. J. H. Greyvenstein,
Voortrekker-Universiteit voorgestel deur prof. D. F. du T. Malherbe.

Dit is interessant om na te gaan hoe prof. Malherbe sy voorstel ten gunste van die naam „Voortrekker-Universiteit", gemotiveer het. Dit is allesins gepas, voer hy aan, „aangesien die T.U.K. in baie opsigte voorgetrek het: die T.U.K. het die voortou geneem in die oprigting van Fakulteite vir Teologie, Landbou, Veeartseny, Handel en Publieke Administrasie." „So 'n naam", so redeneer hy verder, „sal inspirerend werk op staf en studente om nie net na-apers te wees van ander inrigtings nie, maar 'n eie rigting in te slaan soos die Voortrekkers gedoen het," en voeg o.a. dan nog daaraan toe: „Namate ons nader kom aan 1936—38 sal die naam Voortrekker al meer en meer in ere kom . . . 'n Voortrekkermonument in die vorm van 'n groot Administrasie-blok met Auditorium (Aula) en Leessaal (Biblioteek) sal dan net 'n kwessie van tyd wees."

Die aanbeveling van die komitee het blykbaar nie voor die Senaat gedien nie. Die Uitvoerende Komitee van die Senaat wat dit wel oorweeg het, het egter sonder opgaaf van rede besluit „to recommend to Council to name the University to be

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

formed 'The University of Pretoria'." Hierdie aanbeveling is deur die Raad op sy vergadering van 12 November 1929 aanvaar.

Die tyd sou egter leer dat prof. Malherbe in meer as een opsig die toekoms reg aangevoel het, want gedurende die eeufeesjaar 1938 is in toenemende mate van die Universiteit van Pretoria as die „Voortrekker-Universiteit" gepraat. Voordat amptelik enigiets oor die saak gesê of gedoen is, het die publiek duidelik te kenne gegee dat hy simpatiek teenoor so 'n verandering staan, terwyl die studente die nuwe naam by voorbaat geesdriftig aanvaar het.

Vroeg in 1939 het die A.N.S. die saak ter hand geneem toe besluit is om die Senaat per petisie in dier voege te nader. Die studentegemeenskap het hierby aangesluit en op 18 April eenparig op 'n monstervergadering besluit om die naam Voortrekker-Universiteit as gebruiksnaam te aanvaar in plaas van Universiteit van Pretoria.

Pas daarna het die Senaat op die toneel verskyn en op 7 Augustus 1939 sonder teenstem aanbeveel „dat die nodige stappe gedoen word om Wet No. 13 van 1930 sodanig te laat wysig dat die naam van die Universiteit sal wees ‚Voortrekker-Universiteit'." Die Raad, uit die aard van die saak 'n nugtere liggaam, het op hierdie tydstip elke pennie waarop die hand gelê kon word, vir 'n Mediese Fakulteit bymekaargemaak en omdat verandering van naam wetswysiging sou noodsaak en dit geld kos om wette te verander, op 17 Augustus hom met die gevoelens van die Senaat vereenselwig en die hoop uitgespreek „dat as die Mediese Fakulteit eenmaal tot stand gekom het, die heuglike feit bekroon sal word met die naamsverandering soos deur die Senaat voorgestel."

Hoewel die Senaat daarna nog 'n keer op die saak teruggekom het, het die Raad voet by stuk gehou. Vir alle praktiese doeleindes was dit die einde van die saak, ofskoon die Studenteraad nog lank daarna die „gebruiksnaam" gehandhaaf het. Eers in Mei 1948 is besluit om in die toekoms slegs die amptelike naam van die Universiteit te gebruik.

In die verbygaan kan hier gemeld word dat in dieselfde tyd 'n verdoping van koshuise aan die gang was. Damestehuis se naam is verander na „Ons Laer", Kollegetehuis het „Majuba" geword, terwyl Buxtontehuis herdoop is tot „Voortrekkertehuis". Soos elders vermeld word, is daar ook voorgestel dat die naam van Andries Pretorius of Erasmus Smit aan die buitemuurse gebou verbind sal word. Om een of ander rede het die veranderings nie ingeslaan nie en het slegs Voortrekkertehuis behoue gebly.

Die Studenterade op eie werf

Bo en behalwe sy verpligtinge in en ten opsigte van die Sentrale Studenteraad het elkeen van die Binnemuurse en Buitemuurse Studenterade 'n groot aantal take op eie werf te verrig. Behalwe toesig en beheer oor die groot aantal studenteverenigings moet ook oor die onderlinge verhoudinge gewaak word, voortdurend ko-ordinerend opgetree word en is die Studenteraad bo alles ook die mondstuk van die verskillende groepe teenoor die Universiteitsowerhede.

Onderlinge verhoudinge

Absolute eenstemmigheid is by 'n student soos by die mens in die algemeen iets seldsaams. Aan die ander kant het die geskiedenis van 50 jaar egter geleer dat diepgaande meningsverskille waardeur onoorkomelike teenstellings in die geledere van die studente van Pretoria ontstaan het, nog seldsamer is. By hoogstens 'n paar geleenthede het opinies so ingrypend verskil dat 'n krisissituasie ontstaan het, maar elke keer het gesonde verstand oorwin en is die harmonie herstel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Asof simbolies van wat later die bestemde koers van die T.U.K. sou word, het die heel eerste georganiseerde studentegemeenskap in 1909 teen homself in opstand gekom, toe dit 'n maand of wat na die samestelling van die eerste Studenteraad bekend geword het dat die voorsitter, W. F. Candy, tydens die Tweede Vryheidsoorlog teen die Boere geveg het. 'n Petisie waarin sy uittrede versoek is, het aanleiding tot 'n baie warm algemene vergadering gegee toe by die daaropvolgende stemming mnr. Candy en die teenkandidaat presies ewe veel stemme gekry het. Met al die takt van 'n baie ervare diplomaat het die ondervoorsitter van die Studenteraad, 'n dame — mej. König — ten gunste van mnr. Candy beslis, omdat, toe by geleentheid van die heel eerste dans wat ooit deur die V.S.R. gereël is kaartjies alleen in Engels gedruk is en die „boertjies" daarteen in opstand gekom het, hy hom sterk uitgespreek het vir 'n gelyke behandeling van die twee landstale.


Die geskil van 1909 was nouliks bygelê toe die volgende een om die draai gewag het. In die tweede helfte van 1910 is op aanbeveling van die Studenteraad die volgende besluit geneem: „The wearing of gowns to be optional from the commencement of next Term (4th of 1910), and compulsory from February, 1911." Toe 1911 egter aanbreek, was dit baie duidelik dat die meeste studente hoegenaamd nie geesdriftig gevoel het oor die dra van togas nie. Omdat die V.S.R. self verdeeld was oor die saak, is besluit om die aangeleentheid opnuut aan 'n algemene vergadering van studente voor te lê. Hoewel by dié geleentheid 'n voorstel dat die dra van togas opsioneel sal wees met 20 teen 16 stemme aanvaar is, het dit tog verval, omdat voorsitter J. Boxwell, wat self ten gunste van die voorstel was, gereël het dat 'n meerderheid van drie-kwart nodig was om 'n bestaande besluit te verander.

Hieropvolgend het die voorsitter en nog twee lede van die Studenteraad bedank „giving as their reason that they were unwilling to enforce the wearing of gowns." Die aksie van die drie lede het die groep as 'n geheel tot meer nugtere denke gebring, sodat op 'n volgende vergadering met die vereiste meerderheid besluit is dat „The wearing of academic dress on College premises during lecture hours is strongly recommended." Hoe min geesdrif vir die saak bestaan het, blyk duidelik daaruit dat ten opsigte van 1912 byna beteuterd opgemerk is: „ 'Togadom' was not to live a flourishing life, for this year her representation number exactly four." Nogtans is die hoop uitgespreek „That the matter will soon be taken in hand, and once for all a decree issued forbidding students to attend classes without academic dress." Daarby het die saak gebly, want hoewel klousule 8 van „Reëls vir Studente", soos opgestel in 1918, bepaal het dat „all students, except students in the Faculty of Law, shall wear academic dress at lectures and at public functions of the College", het die Senaat in Mei 1919 weer besluit „to recommend the wearing of Academic dress at lectures and public functions of the College, this rule not to be compulsory." Later generasies sou nog dikwels kla oor die traagheid van studente om togas te dra. Met geesdrif is die saak nooit aanvaar nie. Eers aan die begin van 1937 is die knoop deurgehak toe besluit is om die dra van togas af te skaf. Eienaardig genoeg het 'n aantal dosente daarna nog met die gewoonte volhard en een van hulle was prof. Boxwell, dieselfde man wat in 1911 as voorsitter van die Studenteraad bedank het, omdat hy onwillig was „to enforce the wearing of gowns." In 1946 het 'n massavergadering weer ten gunste van die dra van togas besluit „maar net by gradeplegtighede en dan alleen deur graduandi en oud-gegradueerdes."

Onvermydelik moes die Eerste Wêreldoorlog ook sy invloed laat geld — en dit veral met betrekking tot die verkiesing van 'n Studenteraad aan die begin van 1915 wat op 'n „pro- or anti-rebellion basis" plaasgevind het. „The 'rebs.' seem to have

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

won the day," was die kommentaar agterna toe na V.S.R.-voorsitter, M. Prinsloo, algemeen verwys is as ,,Rebelkoning".



S. A. REDELINGHUYS.

Toe aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog 'n semi-geheime organisasie sy verskyning onder die studente gemaak het, bekend as die S.H.S.S. (Student's Highly Select Society), in die omgang bekend as Shess, het die self-benoemde elite wat owerigens 'n heel onskuldige vereniging met kulturele belangstelling was, sosiaal verkeer en een keer per jaar 'n wilde fuifparty georganiseer het, veroorsaak dat die Studenteraadsverkiesing op 'n ,,party"-basis verloop het. Die S.H.S.S. wat sy kandidate in al die belangrike besture verkies wou kry, kon die pyp egter nie rook nie en S. A. Redelinghuys is vir 'n rekordtermyn aan die bewind geplaas. Die S.H.S.S. wat deur oudstudente heel verskillend beoordeel word, het blykbaar om sy lede saam te bind, reeds in 1915 'n eiesoortige groet daarop nagehou. Toe die vereniging na 'n tyd die wind so sterk van voor gekry het dat dit opgehou het om te bestaan, het die groet saam met die vereniging verdwyn, maar teen die end van die twintigerjare weer teruggekom as die groet van die hele studentegemeenskap. Dit is vandag nog die geval.

Die grootste teenstelling — sonder twyfel die enigste wat ooit sorgwekkende afmetings aangeneem het — het in 1939 plaasgevind. Die struweling wat uiteindelik met 'n krisis in die V.S.R. geëindig het, het sy oorsprong gehad in 'n A.N.S.-kongres wat tydens die Junievakansie by Hartebeespoortdam gehou is. 'n Paar studenteleiers van Pretoria het 'n voorstel bestry dat die konstitusie van die A.N.S. so gewysig moet word dat naturelle uitdruklik verhinder moet word om by die organisasie aan te sluit. Na afloop van die kongres is sake in sommige kringe so voorgestel asof hierdie persone ten gunste van die insluiting van naturelle by die A.N.S. sou wees. Gemoedere is in so 'n mate gaande gemaak dat een nag gedurende September 'n aantal leidende persoonlikhede in die atletiekkleedkamers met skoenwaks swart gesmeer is.

VERHOUDING TOT UNIVERSITEITSOWERHEDE

Waar die Studenteraad kragtens sy konstitusie aangewys is as die enigste skakel tussen studente en owerhede is die kontak nie alleen voortdurend nie maar ook intiem. Dat dit in hierdie proses heel dikwels nodig was om haakplekke weg te skaaf, verbaas 'n mens nie.

'n Eerste spanning het reeds so vroeg as 1912 plaasgevind en spruit voort uit 'n bemorsing van die mure in die mansitkamer — klaarblyklik omdat met 'n tennisbal daarteen gespeel is. Die Senaat het die mure laat skoonmaak en die rekening ten bedrae van £3-15-0 aan die Studenteraad gestuur vir wie dit 'n probleem was hoe om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die rekening te betaal sonder om die eie fondse wat baie beperk was, aan te spreek. Toe die Studenteraad nie vinnig genoeg gereageer het nie, is die sitkamer gesluit.

Die studente was prikkelbaar en in die regte stemming om elke insident tot 'n geskil te laat ontwikkel, en het 'n soliede front vertoon met voorsitter J. L. Andrew aan die spits wat die aandag gevestig het op „the abrupt and highhanded manner in which the Senate had taken the S.R.C. and other notices from the College notice board, and had placed them on a paltry and unstable piece of black board on a shaky easel." Met groot eenparigheid is besluit dat 'n brief aan die Senaat geskryf sal word „explaining that such methods of dealing with the students are neither graceful nor conciliatory." Dit het die studente egter nie gehelp om die rug krom te maak nie. Nadat besluit is om elke manstudent met 2/- te „belas" en die rekening betaal is, is die sitkamer weer ontsluit.

Die volgende insident sou voor bloktyd in 1923 plaasvind. Omdat Maandag, 1 Oktober, 'n vakansiedag was en omdat die V.S.R. van oordeel was dat 'n lang naweek almal goed te pas sou kom, is die Senaat gevra „to grant Friday, 28th September, and Tuesday, 2nd October, to the students as holidays." Toe die Senaat nie die versoek toestaan nie, het die studente op 26 September besluit om op die twee dae nie klasse by te woon nie. Toe die prinsipaal van die Normaalkollege hiervan te hore kom, het hy die Normaalstudente wat by die Universiteit klasse bywoon, gewaarsku om nie aan die staking deel te neem nie, maar daardeur juis die ding wat hy wou verhoed, aan die gang gesit, omdat die Normaalstudente blykbaar nog dieselfde dag besluit het om die voorbeeld van die T.U.K.-studente na te volg.

Op die Vrydagoggend het ongeveer 40 Normaalstudente van die klasse weggebly waarop 'n stuk of twaalf deur die prinsipaal, na oorlegpleging met die Direkteur van Onderwys, geskors is. Hierdie drastiese optrede het die binnemuurse studente haastig op Maandag, 1 Oktober, andermaal vergadering laat hou, toe besluit is om die klasse op Dinsdag 2 Oktober, weer by te woon op voorwaarde egter dat niks aan die studente gedoen sal word wat versuim het om op die Vrydag hulle opwagting by die klasse te maak nie en mits „die skorsing van al die studente aan die Normaalkollege voor die einde van die week opgehef word." Die Senaat het nie daarvan gehou dat die studente voorwaardes stel nie, die V.S.R. ontbind en bepaal dat sittende lede nie vir verkiesing op die volgende Studenteraad in aanmerking sou kom nie. Die lede van die Studenteraad moes buitendien 'n deur die Senaat opgestelde apologie onderteken wat by weiering verbanning uit die Universiteit tot gevolg sou hê. Op 10 Oktober is S. A. Redelinghuys, voorsitter van die Studenteraad, in die geleentheid gestel om die studentehouding aan die Senaat toe te lig waarna die saak gelukkig in der minne geskik is.

In 1929 het die hare behoorlik gewaai. Toe in Juniemaand 'n rektor aangewys moes word en die naam van prof. A. E. du Toit in dié verband genoem is, het die Studenteraad onder voorsitterskap van David Gould homself geroepe geag om ook 'n standpunt in te neem. 'n Buitengewone massavergadering is vir 3 Junie belê. By die geleentheid is onvriendelike woorde aan die adres van prof. Du Toit gerig en 'n meerderheidsgroep het hom teen die aanstelling van prof. Du Toit uitgespreek. Die besluite van hierdie vergadering is twee dae later deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat behandel wat die saak vir ondersoek na 'n komitee bestaande uit proff. A. M. Bosman, J. P. R. Wallis, D. E. Malan en D. Pont verwys het. Die bevinding van die komitee was dat die vergadering van 3 Junie onkonstitusioneel was, omdat nie 48 uur kennis daarvan gegee is nie, die agenda van die vergadering nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die kennisgewing vergesel het nie en die vergadering semi-openbaar was, aangesien dit deur oudstudente en buitemuurse studente bygewoon is.

Op 12 Junie het die Senaat die saak verder gehanteer, toe besluit is om die V.S.R. te skors en bepaal is dat die lede van die Raad „be debarred from holding any office in any student committee or society in the College." Op dieselfde vergadering het die Senaat opdrag gegee dat 'n massavergadering op 18 Junie gehou moes word om 'n interim-V.S.R. saam te stel. Op die vergadering waar B. Lombaard eenparig tot voorsitter verkies is, het hy aan die vergadering die vraag gestel of hy bereid is om 'n interimkomitee saam te stel. Nadat die saak grondig bespreek is, is besluit om nie aan die opdrag van die Senaat te voldoen nie.

In hierdie stadium was die breuk volkome en het studentebedrywighede noodwendig tot 'n stilstand gekom. Gelukkig is 'n uitweg uit die impasse gevind toe die voorbokke skriftelike apologie vir hulle onvriendelike opmerkings aangeteken het. Die lug was gesuiwer, die verbod op die herkiesbaarheid van die ou lede opgehef, sodat aan die begin van die tweede semester weer 'n studenteraadsverkiesing gehou kon word toe die ou Raad in sy geheel herkies is.

Die dertigerjare is deur 'n buitengewone rus gekenmerk. Spannings tussen owerhede en studente het nie bestaan nie, en selfs toe die studente van Sonop teen die end van 1934 teen hulle huisvader in opstand gekom het, het dit die verhouding met die Universiteitsowerhede nie in die minste versteur nie.

Die daaropvolgende dekade was dit weer anders. In 'n groot mate moet die onrustige oorlogsomstandighede, toe die studente nie geskroom het om openlik van die regering van die dag te verskil nie, daarvoor verantwoordelik gehou word. Die gemoedere was gaande en die geringste misstap kon tot 'n krisis ontwikkel. Om onder daardie omstandighede rektor van die inrigting te wees, was geen gemaklike taak nie, soos prof. M. C. Botha seker terdeë ondervind het. En tog het dwarsdeur die moeilike tydperk nie eenkeer 'n noodlottige botsing ontstaan nie. Veeleer kan die hele tydperk aangedui word as een van „gewapende vrede."

In 1943 het die eerste relletjie plaasgevind tussen die rektor en 'n groep mediese studente. Waaroor alles presies gegaan het, is nie altyd ewe duidelik nie, maar soveel is seker dat die studente o.a. ook die Afrikaanse karakter van die Fakulteit bedreig geag het. Die Studenteraad van Sampie Young het onomwonde die kant van die studente gekies, ofskoon hy na 'n langdurige samespreking waaraan die rektor ook deelgeneem het die versekering gegee het „dat die Rektor of Universiteit as 'n geheel i/s die pas gestigte Mediese Fakulteit tot op hierdie stadium op geen wyse hoegenaamd afgewyk het van die Afrikaanse beleid wat deur die res van die Universiteit uitgeleef word nie." Verhoudings was egter gespanne, veral ook omdat die rektor geweier het om die Lentedagverrigtinge by te woon, nadat hy reeds onderneem het om teenwoordig te wees.

Presies 'n jaar later, weer eens met die geur van lentebloeisels in die lug, ontstaan opnuut onvergenoegdheid, toe die rektor kapsie maak dat die A.N.S. dr. Malan genader het om as spreker in die Nuwe Chemiesaal op te tree. Toe die Raad 'n paar dae later op versoek van prof. Botha 'n besluit neem waarin die rektor opgedra word „om toe te sien dat geen persoon buite die Universiteit wat in enige verband staan met die politiek in enige vorm toegelaat sal word om 'n algemene vergadering van studente op die Universiteitsterrein toe te spreek", was die vet in die vuur. Die studente het die besluit van die Raad as 'n mosie van wantroue beskou, luidkeels geprotesteer en 'n uiters gespanne situasie laat ontstaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vier jaar later was die rolle min of meer net omgekeer, toe die Studenteraad met die rektor gebots het oor 'n vergadering van Nusas waar Uys Krige as spreker sou optree en waarvoor die rektor reeds sy goedkeuring gegee het. 'n Deputasie is na die Raad gestuur, nadat die Studenteraad te kenne gegee het dat, ondanks wat reeds gebeur het, positiewe stappe geneem sal word om die hou van die vergadering op 'n eerbare wyse te verhoed. Om te voorkom dat die „eerbare pogings" eerloos sou verloop, is die vergadering na 'n saal in die gebou van die Tegniese Kollege verplaas.

Na die uittrede van prof. Botha het prof. C. H. Rautenbach die teuels oorgeneem. Hoë verwagtings is gekoester van die eerste oudstudent wat dit tot rektor gebring het, self nog jonk was en dus na aan die studente geleef het. Die gang van sake gedurende die twaalf jaar wat op 1948 gevolg het, het die hoë verwagtings nie teleurgestel nie. 'n Tydperk van rus en ongeëwenaarde bloei het ingetree afgewissel met slegs een werklike wanklank.

Voordat ons daarby kom, verdien 'n vroeë herfsfrats eers die aandag. Dit was vroeg een Dinsdagoggend in Maart 1954 dat 'n tent vlak langs die klubsaal verrys het. Verbygangers het in die verwagting dat dit die begin van 'n pannekoekbakkery sou wees met verbasing verneem dat in werklikheid 'n plakkerskamp beoog word,



Die Studenteraad gasvry deur mev. Rautenbach onthaal.
Op die foto verskyn van links na regs: Mej. LYDIA VAN DER WATT, JOHNY NELL, *mev.* RAUTENBACH, *mej.* MARIETA VAN DER SPUY, THOMAS LANGLEY *en prof.* C. H. RAUTENBACH.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

want op 'n yslike plakkaat het daar in groot letters te lees gestaan: „Ons plak in protes teen (a) Die asemberowende en klankgrensbrekende spoed waarteen die saal die afgelope drie jaar verrys het (b) Die pessimistiese houding van die owerhede i.v.m. die aanbou van koshuise (c) Die verhoogde klasgelde nadat volgens parlementêre beriggewing, inflasie reeds die nek ingeslaan is."

Die kampanje het veld gewen en die volgende middag het reeds vier tente langs die klubsaal gestaan. Toe die omgewing daar heel gesellig begin uitsien het, het die rektor 'n beleefdheidsbesoek by die tentbewoners afgelê, na hulle welstand verneem en selfs verversings aangebied. Dit was die einde van die plakkers en die einde van 'n goedbedoelde „hekel op hoë vlak" wat almal baie geniet het.

En toe breek 1956 aan waarvan in voetbaltaal gesê word „een van daardie dae wat die bal net nie reg wou spring nie." Sommer van die afskop af is ergernis met ontgroening ondervind wat handuit geruk het en afgelas moes word. Toe 'n brief van die dame wat toevallig ook voorsitster van die Bond van Dienaresse was oor die euwels van ontgroening in een van die dagblaaie verskyn, is 'n basterbetoging by 'n byeenkoms van die organisasie in die middestad gehou. Vervolgens verskyn die *Joolblad* met 'n hele klomp van die grappe wat ds. Kobus gesensor het en verwek misnoeë tot ver buite eie kraal. Toe die leier van die opposisie kort daarna 'n partyfunksie op Belgraveplein sou toespreek, het 'n optog van studente soos rouende dames gekleed hom die laaste end van sy pad tot by sy spreekgestoelte vergesel. Met Intervarsity om die draai het hef-aan nog voorgelê — die „Groot Brag" het hand-uit geruk en tydens die strooptogte wat die gebruiklike botsings op die voetbalveld voorafgegaan het, is 'n viertal Wits-dames ontvoer, klasse by Wits opgebreek en beledigend teenoor die waarnemende rektor van Wits opgetree.

Teenoor alles moes opgetree word en toe die owerheidsbemoeiinge onvriendelike kommentaar van naamlose korrespondente in *Perdeby* uitgelok het, is die fluitjie hard geblaas en die spelers verplig om te kom skrum op die plek wat die skeidsregter aangewys het. Sake het nou min of meer soos volg verloop. Die S.S.R. en die hoofredakteur van *Perdeby* is voor die Dissiplinêre Komitee van die Senaat in afwesigheid van die rektor ontbied en van hulle is tot die bevrediging van die Komitee 'n skriftelike apologie geëis wat in *Perdeby* moes verskyn. 'n Apologie is toe opgestel, maar nie deur die Dissiplinêre Komitee aanvaar nie, waarna aan die S.S.R. 'n apologie voorgelê is wat net na die hoofartikel in *Perdeby* geplaas moes word. Die S.S.R. het hulle hierdie reëling laat welgeval, maar onmiddellik daarna besluit om te bedank. Die Binnemuurse V.S.R. het hulle voorbeeld gevolg en so ook die hoofredakteur van *Perdeby*. Die vrede is herstel toe aan die begin van die volgende semester slegs die twaalf lede wat bedank het, vir die V.S.R. genomineer is. Geen verkiesing het gevolglik plaasgevind nie en die ou V.S.R. het na 'n onderbreking van twee maande sy werksaamhede hervat. Met die herinstelling van die vorige V.S.R. was die S.S.R. ook vanself op die ou grondslag saamgestel.

Optrede na buite


Geplaas in die breëre verband van Suid-Afrikaanse omstandighede met sy, vir die onverskillige buitestaander, nodelose oplaaiing van emosie, is dit goed begryplik dat die student van die Universiteit van Pretoria, net soos by geleenthede ook sy ouer kollega van die T.U.K., die verleiding nie kon weerstaan om teenoor die buitewêreld te getuig van die spanning wat in hom leef nie. En wanneer die spanning nie meer te weerhou was nie, was die openbaring daarvan dikwels so sterk emosioneel gelaai dat dit die oningeligte met twyfel kon vervul.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ongetwyfeld het die eeufeesjaar, 1938, veel met die spanninge van die tydperk onmiddellik daarna te doen. Veral die jeug is daardeur aangespoor om met die toewyding van 'n martelaar die een aanslag na die ander teen elke on-Afrikaanse simbool te loods. Verbaas dit ons dan dat veral in 1939 die studente van U.P. 'n georganiseerde poging van stapel gestuur het om die Britse Volkslied uit bioskope verwyder te kry en in daardie proses dikwels van die veronderstelling uitgegaan het dat die middele deur die doel geheilig word. Binne twee maande na die begin van die akademiese jaar in 1939 het die eerstejaars in 'n bepaalde vak summier van die dosent verwag om sy lesings in Afrikaans te gee. Toe hy nie aan die eis kon voldoen nie, het hulle soos een man opgestaan, „Die Stem" aangehef, uitgestap en vir hierdie daad van onoordeelkundige voortvarendheid erkenning van 'n monstervergadering gekry.

Toe 'n lid van die Volksraad op 12 Junie 1939 in die Volksraad aanvoer „dat die gees van gasvryheid en respek nie betoon word deur studente van die Pretoriase Universiteit nie .... daar heers 'n gees wat nie gesond is nie .... 'n gees van nasionaal-sosialisme, 'n Nazi-gees," is hy voor 'n massavergadering gedaag, die geleentheid gebied om sy standpunt toe te lig, waarna die voorsitter en ander sprekers van die vloer af in ondubbelsinnige taal aan hom vertel het „dat die studente nòg Nazis nòg Kommuniste is, maar Afrikaans en Christelik-Nasionaal in die wydste sin van die woord!" Hierdie selfde gedagterigting het 'n massavergadering teen die einde van 1940 eenparig laat besluit om die Senaat te versoek „dat alle onnasionale vakansiedae soos die verjaarsdag van die Britse koning en Empiredag tot Universiteitswerksdae verklaar word, en dat 6 April net soos 10 Oktober 'n Universiteitsvakansiedag sal word."

En toe kwaadwillige persone so onlangs as Maart 1957 die standbeeld van die President op Kerkplein met verf besmeer het, is in 'n ommesientjie 'n protesoptog gereël, by die standbeeld betoog, die Engelse vlag van die Ou Raadsaal afgeruk en met die Vierkleur vervang, terwyl 'n groot skare daar onder op die plein saam met die studente „Kent Gij dat Volk" gesing het. Die studente het daarna die terpentynlappe uit die hande van die naturelle geneem en die skade self herstel.



Die fakkel brandende sedert 1938

Die eeufeesvlam wat in 1938 deur mev. pres. Steyn by die Van Riebeeck-standbeeld aangesteek en toe na Monumentkoppie gedra is, is na die hoeksteenlegging deur die toedoen van Anton Rupert aan die Universiteit van Pretoria vir bewaring toevertrou tot wanneer die inwyding eendag sou kon plaasvind. Hoewel die moedervlam op 'n plek gehou is waar dit vir die publiek nie toeganklik was nie, is 'n fakkel wat daar aangesteek is in die voorportaal van die Ou Letteregebou brandende gehou. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en nadat genl. Hertzog se neutraliteitsmosie in die Volksraad verslaan is, was dit asof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

alle primitiewe instinkte in 'n groot deel van die mensheid skielik losgelaat is. Onder dié omstandighede kan 'n mens jou effens 'n voorstelling vorm wat die reaksie was, nie alleen aan U.P. en in Pretoria nie, maar dwarsoor Suid-Afrika, toe dit vroeg in September bekend word dat die fakkel in die voorportaal gedoof is „and a Union Jack was fixed to it with the words 'To Hell with Hertzog and Neutrality.' "

Die vet was in die vuur en die verhouding tussen soldate en studente het sigbaar verswak tot met 'n opstootjie by 'n bioskoop een Saterdag vroeg in Junie 1940 'n ernstige situasie ontstaan het — so ernstig dat die owerheid dit raadsaam geag het om die wintervakansie 'n week voor die beplande tyd te laat begin.

Ten spyte van dreigemente en onbeteuelde skeldtaal het die studente oudergewoonte in 'n monstervergadering byeengekom en met 'n eensame teenstem verklaar dat hulle kalm en waardig, soos dit vrye burgers van 'n land pas, sal protesteer teen „die stelselmatige en georganiseerde opsweping teen ons volk met sy verskillende kulturele bewegings waarin die volk sy Christelik-nasionale lewensbeskouing giet en vorm." Teen die vernedering van internering word geprotesteer en net soos in 1914 met genl. De Wet en sy mense in die tronk, toe die studente van die T.U.K. ywerig onder leiding van mnr. (Prof.) Van Rooy met die insameling van fondse vir die Helpmekaarbeweging behulpsaam was, so is weer in 1940 en daarna op daadwerklike wyse deur die studente hulp aan geïnterneerdes verskaf.

Sedertdien is ook by ander geleenthede hardop gesê wat in die studentegemoed omgaan. Toe daar in 1946 sprake was dat Indiërstemreg na die noordelike provinsies uitgebrei kon word, is op 'n monstervergadering die sterkste afkeuring uitgespreek „oor die voorgestelde ingrypende verandering in die politieke struktuur van ons land." Minder as 'n jaar later vind die studente dit nodig om weer 'n waarskuwende stem oor die heersende kleurbeleid te laat hoor toe die volgende mosie aanvaar is:

„Hierdie massavergadering van studente aan die Universiteit van Pretoria spreek hom uit ten gunste van 'n kleurbeleid in die Unie en Suidwes-Afrika, waardeur elke kleurgroep in die land die geleentheid sal hê om apart in die land op politieke, sosiale en ekonomiese gebied volgens eie volksaard, kultuur en tradisie, te ontwikkel tot die hoogste waartoe hul in staat is en spreek hom ook uit teen enige beleid wat gelykstelling van blank en nie-blank onmiddellik of uiteindelik ten gevolg mag hê."

Net soos hulle met vrymoedigheid van die landsowerheid kon verskil en dit hardop wêreldkundig maak, net so het hulle hul instemming met die wyse waarop die owerheid grondliggende vraagstukke gehanteer het, nie onder stoele en tafels weggesteek nie. In 1954 word bv. aan die tweemanskap P. Maree en H. Cronjé opgedra om 'n beleidsverklaring voor te berei waarmee steun aan die regering toegesê is met betrekking tot die deurvoering van die segregasiebeleid ten opsigte van universiteite.

Ontgroening

Voordat van die Binnemuurse Studenteraad se doen en late afgestap word, moet 'n woord oor dié onderwerp gesê word wat waarskynlik meer as enigiets anders onmin veroorsaak het.

Wanneer ontgroening as 'n gewettigde praktyk sy verskyning aan die ou T.U.K. gemaak het, val moeilik om te sê. Te oordeel na die amptelike stukke tot ons beskikking is eerstejaars gedurende die eerste jare nie alleen met rus gelaat nie, maar selfs soos grootmense behandel, omdat hulle uit eie geledere net soveel verteenwoordigers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die Studenteraad kon aanwys as al die latere jare se studente gesamentlik. Hoe lank die verhouding geduur het, is egter onbekend.

In die vroeë twintigerjare is ontgroen, soos duidelik te kenne gegee word deur 'n liedjie wat veral met bloktyd gereeld aangehef is:

O Wait and pray for us, you Inks,
Lest we come again.

In daardie dae is ontgroening egter as 'n huishoudelike aangeleentheid beskou, d.w.s. elke koshuis het sy nuwelinge op sy eie manier gehanteer. Mettertyd het 'n nuwe gewoonte ontwikkel, toe die ontgroeningstydperk met 'n finale inlywingsfunksie wat op Kerkplein in die openbaar plaasgevind het, afgesluit is. Die verrigtinge wat altyd op 'n Saterdagmiddag plaasgevind het, is met 'n optog van eerstejaars, uitgedos in allerlei gekke mondering, ingelui. Die eerstejaars is daarna op Kerkplein in groepe verdeel en deur die ou here tot groot vermaak van omstanders onder hande geneem. Terwyl sommige van die groentjies koerante moes verkoop, het ander skoene gepoets. Nog ander moes hulle onledig hou deur met selfvervaardigde hengelgerei op die grasperke vis te vang. 'n Geliefkoosde opdrag aan eerstejaars was om met 'n worsie of 'n piesang die omtrek van Kerkplein te meet.

In 1928 is van die patroon afgewyk toe die finale fase van die ontgroening na die campus verplaas is. Die bedrywighede van die dag is toe afgerond met „the final ceremony of pronouncing each fresher a member of the University." Om waardigheid aan die geleentheid te verleen, is elke eerstejaar deur die voorsitter van die V.S.R. aan die burgemeester en die rektor en hulle dames voorgestel waarna 'n soort van eerstejaarskonsert aangebied is. In 1929 is op die patroon verder voortgebou, toe vir die eerste keer besluit is om uit die eerstejaarsdames 'n koningin te kies. Die verkiesing was populêr, d.w.s. ook die aanwesige lede van die publiek kon daaraan deelneem.



Twee groentjies van 1927 *op Kerkplein.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eerste koningin wat op hierdie wyse aangewys is en sover vasgestel kan word ook die eerste koningin van enige aard wat ooit aan die Universiteit gekies is, was mej. Serena du Toit — tans mev. Deale.



SERENA DU TOIT (MEV. DEALE).

Dwarsdeur die dertigerjare was ontgroening wat dit altyd bedoel was om te wees — 'n vorm van vermaak vir die senior studente en 'n geleentheid vir eerstejaars om as 'n groep te midde van 'n mate van verdrukking aan 'n nuwe situasie gewoond te raak. Met die loop van jare het òf weens die toename in getalle 'n mate van ontaarding ingetree, òf het eerstejaars se weerstand afgeneem, want sedert 1940 is ontgroening prontweg 'n siekte.

In hierdie jaar word die eerste dekreet aangetref waardeur ontgroening tot 'n verbode praktyk verklaar is. Die woorde van voorsitter S. W. Pienaar voor die massavergadering, toe hy gesê het „Ons weet dat ontgroening tog nie afgeskaf kan word nie," was nie van alle waarheid ontbloot nie, want in 1943 en daarna in 1945 word dieselfde verbod uitgevaardig, toe by die laaste geleentheid die rektor Raadsmagtiging ontvang het „om oortreders na behoorlike ondersoek verdere toegang tot die Universiteit te ontsê."

Met die oog op die beëindiging van ontgroening word vir 1946 'n nuwe reëling getref. Gedurende 'n enkele week mag daaglikse byeenkomste van eerstejaars plaasvind met die doel om aan hulle universiteitsliedjies te leer, in te lig oor studenteaktiwiteite en talente in verband met konsertaanleg en sport op te spoor. Maar dit moet goed begryp word — geen ontgroening of inlywing van enige aard sou by sulke byeenkomste geduld word nie. Die studente het by die reëling ingeval en ontgroening was so dood soos 'n mossie. Voortaan sou net van verwelkoming gepraat word en 'n tyd lank het alles voor die wind gegaan. Sonder 'n klaer is daar per slot van rekening ook nie 'n wet nie!

Toe die ou euwel in 1950 sy kop in 'n nuwe gedaante uitsteek, was dit nodig om vir die soveelste keer in te gryp en alles wat na ontgroening lyk, in die ban te doen. Omdat 'n doeltreffende vorm van inlywing egter nodig geag is, het na samesprekings tussen die V.S.R., huisvoorsitters en die rektor teen die einde van 1950 'n nuwe reëling tot stand gekom soos beliggaam is in die Inlywingsreglement. Hierin word voorsiening gemaak vir deelname van eerstejaars aan studentebedrywighede deur die jaar waarvoor volgens 'n vasgestelde puntestelsel krediet verwerf kan word. Verder maak die reglement nog voorsiening vir die verpligte dra van die groen knoop vir die duur van die eerste jaar, 'n plegtige inlywing met 'n gepaste seremonie en 'n verbod op tweedejaars om hulle met die nuwelinge te bemoei.

Om eerstejaars tot hulp te wees, is vanaf 1951 'n inligtingspamflet uitgegee, aanvanklik deur die Binnemuurse V.S.R. maar later deur die S.S.R. Sedert 1957

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

staan die stuk bekend as „Wie, Wat, Waar." 1952 bring die „Groenboek-stelsel" waarmee die oogmerk was om eerstejaars beter te organiseer en om die algemene belangstelling, dissipline en hoflikheid onder die eerstejaars te verbeter. Enige senior student kon 'n aantekening in die debietafdeling maak wanneer 'n eerstejaar op een van baie maniere oortree het. Lede van die V.S.R. en die eerstejaars se huiskomitee kon weer 'n aantekening in die kredietafdeling maak. Toekenning van kleure sal dan weer deur die uitslag van die stelsel bepaal word.

Toe die wanpraktyke ondanks die inlywingsreglement van 1950 nog voortgeduur het, is ontgroening in September 1953 op besluit van die Studenteraad en met instemming van die Studentesorgkomitee afgeskaf. Hoewel ontgroening beëindig word, word in die reglement tog voorsiening gemaak vir 'n gedissiplineerde inburgering van eerstejaars en is hulle aan 'n bepaalde roetine onderwerp. In 1955 kom die V.S.R. met nog 'n nuwe poging voor die dag, toe 'n „Komitee vir Voorligting van Eerstejaars" gestig is.

Ten spyte van alles wat in die voorafgaande jaar gedoen is, was dit duidelik „dat allerlei verwerplike ontgroeningspraktyke aan die gang is." Daarom word aan die begin van 1956 verorden „die finale aflassing van alle vorme van ontgroening onder watter name en in watter gedaante ook al."

Toe die stof en kruitdampe wat hierdeur veroorsaak is enigsins tot bedaring gekom het en nugter denke weer moontlik was, het die rektor die saak opgeneem en in 'n skrywe aan Thomas Langley, voorsitter van die Studenteraad, sy instemming betuig met die standpunt van die V.S.R. dat 'n gans nuwe oriëntasie met die hantering van eerstejaars nodig was. Hy het konkrete voorstelle afgewag en sy bereidwilligheid te kenne gegee om selfs enduit met die studenteleiding saam te stap indien op 'n verantwoordelike wyse te werk gegaan word.

Op hierdie wenk het die U.K. van die V.S.R. bekwaam en vinnig gereageer, en na oorlegpleging met die rektor 'n omvattende skema voorgestel vir die hantering van eerstejaars. Die kern van sy voorstel het daarop neergekom dat „in die lewe geroep moet word 'n Sentrale Eerstejaarskomitee (S.E.K.) waarvan die doel sal wees: Om alle eerstejaars te help met die aanpassing by nuwe vereistes ten opsigte van studente-aktiwiteite (huis-, sport- en verenigingslewe) en die studiesfeer van die Universiteit." Hierdie voorstelle is daarna na die Studentesorgkomitee verwys wat dit met geringe wysiginge by die Senaat aanbeveel het. Dit is vervolgens deur Senaat en Raad aanvaar.

Die S.E.K. is daarna formeel saamgestel en sou bestaan uit die U.K. van die V.S.R., een verteenwoordiger van elke huis, drie lede van die doserende personeel deur die rektor benoem en die studenteleraar. Die eerste vergadering van die S.E.K. is op 11 Februarie 1957 in die Studenteraadskantoor gehou. Met die instelling van die S.E.K. is die groen knoop met 'n gele vervang, want „aan die groen knoop het 'n stigma bly kleef vanweë vroeëre wanpraktyke. Nou egter is dit 'n deel van die Universiteitskleure."

Onder diepe besef van hulle verantwoordelikheid het die S.E.K. sy taak begin. Die algemene program wat deur die liggaam aanvaar is om te dien as handves vir die inskakeling van eerstejaars strek oor 'n tydperk van 10 dae. By elke huis word die inskakeling opgehef deur 'n inlywingsprogram wat 'n heeltemal eie karakter dra. Hierdie program moet egter vooraf deur die S.E.K. goedgekeur word wat in sy oordeel vaderlik die belange van eerstejaars behartig, oor die algemeen toegewend is, maar tog waak dat by die finale inlywing nie buitensporig opgetree word nie. In die geval van dames is dit bv. ontoelaatbaar dat van gedempte gille, nat lappe en harige vingers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gebruik gemaak word om atmosfeer te skep. Tweedejaars word sover doenlik hokgeslaan. Dit is voorts die taak van die S.E.K. om te sorg dat na afloop van die inlywing 'n eerstejaarskonsert gereël word en eerstejaarsport plaasvind.

VERMEULENSTRAAT SE MENSE

Hoewel die Buitemuurse Studenteraad sedert 1921 ononderbroke in funksie gebly het, het sake daar om voor die hand liggende redes minder skouspelagtig verloop. 'n Verbinding van werk en studie laat nou eenvoudig nie toe dat vir iets anders as die werklik noodsaaklike tyd en aandag oorbly nie. Maar ofskoon sake aan die Buitemuurse Afdeling vir die breë publiek minder opvallend vertoon, sal die oplettende waarnemer dáár waarskynlik juis 'n diepte en erns aantref wat in die reël nie skering en inslag van die student se bedrywighede vorm nie.

Neem ons Buitemuurs se aandeel aan die verrigtinge van die S.S.R. weg en beskou ons die bedrywighede van die redelike groot aantal buitemuurse studenteverenigings afsonderlik, dan bly daar in werklikheid vir die Buitemuurse Studenteraad nie 'n groot taak oor nie, behalwe om te sorg dat die interne verhoudinge en die verhoudinge tussen studente en owerheid op 'n gesonde grondslag gehandhaaf word.

Oor die jare heen het die Buitemuurse Studenteraad nog altyd konsekwent as mondstuk van die studentemassa opgetree en nooit geaarsel om selfs na dit mag voorkom, kleiner en minder belangrike sakies met die owerhede te bespreek nie. Gebrekkige beligting, ontoereikende ontspanningsgeriewe, kwessies in verband met die afneem van eksamens, proffies wat „oortyd" werk en dit tot nadeel van 'n volgende groep wat dieselfde lokaal moet gebruik, is gewetensgetrou en sonder aarseling onder die aandag van hoër instansies gebring.

Ook aan die bekendstelling van Buitemuurs het die Studenteraad meegedoen. Reeds in 1936 word 'n pamflet „Waarheen" waarmee 'n hele aantal jare volgehou is, opgestel en nie alleen in Pretoria nie, maar ook op die platteland en veral by skole versprei. 'n Verskeidenheid geskrifte waarin nuttige inligting oor buitemuurse studie beskikbaar gestel word, is sedertdien opgestel en versprei.

Baie bewus van die probleem wat studente ondervind om geskikte huisvesting te kry, is sedert 1939 deur die Studenteraad oorweging geskenk aan die moontlikheid van 'n buitemuurse koshuis. Met verskillende instansies is onderhandel maar telkens is voor onoorkomelike probleme gestuit, met die gevolg dat die ideaal mettertyd prysgegee is.

En so, sonder om hulle ooit op die voorgrond te dring, het die Buitemuurse Studenteraad steeds wag gestaan en eervol gewaak oor die belange van hulle wat as 'n groep luister verleen het aan die naam van student in Suid-Afrika. Die ererol van V.S.R.-voorsitters, beginnende by 1932, waartoe in 1948 besluit is, is maar 'n geringe erkenning van die onbaatsugtige dienste wat onder moeilike omstandighede in Vermeulenstraat gelewer is.

STUDENTEVERENIGINGS

IN die loop van die eerste vyftig jaar het in Tukkieland 'n groot verskeidenheid verenigings ontstaan. In die algemeen is dit moontlik om die groot aantal tot die volgende groepe te herlei: Verenigings met 'n oorwegend kulturele inslag, verenigings met 'n suiwer godsdienstige inslag, verenigings wat aan een of ander studierigting verbonde is en daarbenewens nog 'n aantal verenigings wat nie by een of ander bepaalde groep ingedeel kan word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel die *Afrikaanse Studentebond* nie die oudste vereniging aan die Universiteit is nie, is dit ongetwyfeld die vereniging waarvan oor die loop van jare besondere invloed en krag uitgegaan het. Die Afrikaanse Studentebond is gedurende die Paasvakansie 1916 tydens 'n kongres waaraan Transvaalse en Vrystaatse studente deelgeneem het, in Pretoria gestig. In September dieselfde jaar word 'n tak van die organisasie aan die ou T.U.K. gevorm wat hom, net soos die moederorganisasie, vir die bevordering van die Afrikaanse kultuur en die wetenskaplike ontwikkeling van die Afrikaanse tradisie en volkskarakter sou beywer.

Teen 1930 het 'n windstilte ingetree en het die A.S.B. nie meer baie lewenskrag geopenbaar nie. Teen hierdie tyd het 'n ander studenteliggaam wat alle studente aan al die universiteite ingesluit het, die *Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente*, 'n onafrikaanse koers ingeslaan met die gevolg dat U.P., P.U.K. en G.U.K. in Augustus 1933 van hierdie organisasie losgeskeur het. Op 7 September daaropvolgend het verteenwoordigers van die drie inrigtings in Bloemfontein samesprekings gehou waar besluit is om 'n nuwe Afrikaanse studente-organisasie te stig wat voorlopig as die *Nasionale Studentebond* (N.S.B.), bekend sou staan.

Op 14 Oktober 1933 is weer 'n vergadering in Bloemfontein gehou waar behalwe die drie reeds genoemde inrigtings ook Stellenbosch en die Normaalkolleges van Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Steynsburg verteenwoordig was. By hierdie geleentheid is besluit om die *Afrikaans-Nasionale Studentebond* (A.N.S.), te stig wat as teenhanger van die liberalistiese invloede van die N.U.S.A.S. die Afrikaanse studente sou saambind. Onmiddellik na die stigting van die organisasie is takke daarvan aan die Binnemuurse en Buitemuurse Afdelings gestig.

Die ongelukkige skeuring in die Afrikanergeledere van 1941 het ook onder die studente sy wrange vrugte gedra en veral nadat die A.N.S., al was dit ook hoe sydelings, met die Ossewabrandwag gekoppel geraak het, het interne twiste onvermydelik gevolg. Hierdie posisie het aan die verskillende universiteite verskillende gevolge gehad. So is aan die Buitemuurse Afdeling die *Republikeinse Studentebond* gestig wat noodwendig met die A.N.S. in botsing moes kom. Aan die Binnemuurse Afdeling het 'n tak van die *Nasionale Jeugbond* tot stand gekom wat egter vanweë sy politieke affiliasies nie op die universiteitsterrein geduld is nie.


Die stryd was lank en bitter. Daarom is net soos op interuniversitêre vlak hier na 'n oplossing vir die moeilikhede gesoek. Gevolglik het op 11 en 13 Augustus 1945 samesprekings plaasgevind tussen die Binnemuurse A.N.S.-tak en die Nasionale Jeugbond. Albei groepe het toegewings gemaak in die hoop dat samewerking binne die A.N.S. weer eens moontlik sal wees. Van hierdie poging het niks gekom nie, omdat die uniale A.N.S.-kongres kort daarna geweier het om enige konstitusionele veranderings aan te bring.

Nie ontmoedig deur hierdie terugslag nie, het op 18 Oktober 1945 weer 'n samespreking plaasgevind waaraan verteenwoordigers van al die groepe aan die Universiteit en die Normaalkollege, tw. die V.S.R., A.N.S., R.S.B. en N.J.B. deelgeneem het. Proff. T. J. Hugo, C. H. Rautenbach, E. F. W. Gey van Pittius en dr. A. N. Pelzer was ook teenwoordig. Op hierdie vergadering is besluit om die *Afrikaanse Studentebond* te stig. Vier dae later het die Binnemuurse V.S.R. besluit dat aangesien A.N.S. nie meer alle Afrikaanse studente insluit nie, hy vervang sal word deur die pasgestigte A.S.B.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kort hierna het U.P. 'n uitnodiging ontvang van die Afrikaanse Studentevereniging aan die U.K.O.V.S. om aan 'n samespreking van alle universiteite en kolleges deel te neem. Die konferensie het op 4 Desember 1945 in Bloemfontein plaasgevind waar besluit is om 'n *Afrikaanse Studentebond* in uniale verband te stig. Punt Janson is tot eerste voorsitter van die uniale bestuur gekies. Die eerste tak van die nuwe Bond is op 1 Maart 1946 deur die binnemuurse studente gestig. Buitemuurs volg twee weke later op 15 Maart. *Ons Toekoms*, die A.S.B.-blad wat onder redaksie van F. P. Smit aan die Buitemuurse Afdeling uitgegee is, is as die amptelike orgaan van die A.S.B. aanvaar.

Ten spyte van bogenoemde besluit het daar op verskillende plekke nog afwykende organisasies bly bestaan, sodat 'n werklike eenheid nog nie verkry is nie. Om alle geskille uit die weg te ruim, het verteenwoordigers van die studenterade van Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Stellenbosch op uitnodiging van die Binnemuurse V.S.R. op 26 Junie 1948 in Pretoria mekaar ontmoet waar volkome eenstemmigheid bereik is en met die opstel van 'n konsepgrondwet begin is. Die konsepgrondwet is daarna op 14 Augustus 1948 in Bloemfontein bekragtig, toe C. van der Merwe, voorsitter van die Binnemuurse Studenteraad, tot eerste president van die herstigte A.S.B. gekies is.



T. N. H. (PUNT) JANSON.



C. V. (NAK) VAN DER MERWE.

In die jongste tyd het weer allerlei bedenkinge teen die A.S.B. ontstaan en is die vraag gestel of die A.S.B. sy bestaan regverdig. 'n Ondersoek wat in 1958 hier ingestel is, het beklemtoon dat daar wel 'n behoefte aan 'n ideologies-georiënteerde organisasie wat alle Afrikaanse studente saambind, bestaan. Of daarmee die laaste woord gespreek is, sal die tyd moet leer.


Om in besonderhede stil te staan by alles wat die A.S.B. vermag het sedert sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stigting in 1916, sal ons heeltemal te ver voer. In die verbygaan kan daarop gewys word dat 1933 'n belangrike wending in die koers van die A.S.B. gebring het. Waar dit tot op daardie tydstip 'n uitgesproke kulturele karakter het, het dit sedertdien sterk ideologies ontwikkel en ook ander terreine as die kultuurakker betree. Voor 1933 het die A.S.B. hom sterk beywer om waar Afrikaans in 'n agterstand verkeer het, die verhouding reg te stel. Reeds in 1922 is vertoë tot die Universiteitsowerheid gerig dat Afrikaans as voertaal aan die inrigting tot sy reg moet kom. Toe die dames van Casabianca in dieselfde jaar moeilikheid met die matrone ondervind omtrent die behandeling van hulle taal het die A.S.B. die saak by die outoriteite aanhangig gemaak. In 1928 word weer eens aangedring op meer lesings in Afrikaans terwyl in 1931 beswaar gemaak word teen die eentalige bibliotekaris. By dieselfde geleentheid is vertoë gerig tot die Senaat en Raad om in die toekoms slegs tweetalige aanstellings te maak.


Diep onder die indruk van die agterstand van die Afrikaanse lied, het die A.S.B. hom nie slegs beywer vir meer Afrikaanse liedere nie, maar met sy eie koor ook die smaak vir sang probeer bevorder. Aan Afrikaanse digters is aandag gewy en by wyse van luisterryke byeenkomste hulde gebring aan manne soos Celliers, Totius, Leipoldt, Langenhoven, Visser en Marais.

Natuurlikerwys het die A.S.B. in die twee laaste presidente belang gestel. Heeltemal op eie inisiatief is met fondse wat hy self byeengebring het 'n standbeeld van pres. Steyn in Bloemfontein opgerig. Hiertoe het die takke in Pretoria hulle pro rata-bydrae gemaak. In die verjaarsdag van pres. Kruger is van die begin af belang gestel. Nie alleen is aan die eeufeesverrigtinge van 1925 wat met 'n onthulling van die Kruger-beeld op Stasieplein gepaard gegaan het, deelgeneem nie, maar in 1929 is op aansporing van mej. Anna Pohl 'n luisterryke program vir Krugerdag gereël wat sedertdien die



Die „Louis Trichardt"-wa.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



O O R K O N D E.

NAMENS DIE STUDENTE VERTEENWOORDIGENDE RAAD EN STUDENTE VAN DIE VOORTREKKER - UNIVERSITEIT

IN DIE JAAR WAT TEENOOR MY NAAM VERMELD STAAN, GETUIG EK DAT ONS DIE VOORTREKKERWA "LOUIS TRICHARDT" WAT DEELGENEEM HET AAN DIE A.T.K.V. SIMBOLIESE OSSEWATREK GEDURENDE 1938 EN DEUR DIE A.T.K.V. IN ONS BEWARING GESTEL IS, MET SORG BEWAAR HET AS TEKEN VAN DIE ADEL EN VRYHEIDSDRANG VAN ONS VOOROUERS.

HIERMEE DRA ONS DIE VOORTREKKERWA OOR IN SORG VAN DIE STUDENTE VERTEENWOORDIGENDE RAAD EN STUDENTE NAMENS WIE U SAL TEKEN MET DIE PLEGTIGE OPDRAG DAT U DIE WA VEILIG ONDER U TOESIG SAL HOU EN DIT SAL BESKOU EN HULDIG AS SIMBOOL VAN ONS AFRIKAANSE VERLEDE WAT ELKE GESLAG VAN DIE JEUG OPKOMMANDEER OM KRISTELIK, EERBAAR EN EENDRAGTIG TE STRY VIR DIE VOLLE ONTPLOOIING VAN ONS AFRIKAANSE NASIE SE MOONTLIKHEDE IN 'N VRYE, MAGTIGE EN REGVERDIGE BOERESTAAT,

OORHANDIG DEUR:		ONTVANG DEUR:
Anton Rupert	22 April 1939.	Hans Mel.
Hans J. Mel.	4 Maart 1940	
J N. Botha		
J N. Botha	9 April 1942	
G.J. Davidtsz.	5 April 1943	
	14 April 1944	
	12 April 1945.	
	17 April 1947	
	15 April 1948	
	6 April 1949	
	13 Sept. 1950.	
	18 Sept. 1951	

Die tradisie om die wa jaarliks aan die nuwe V.S.R. te oorhandig, is in 1950 *beëindig nadat die wa deur die A.T.K.V. in volle eiendom aan die studente geskenk is.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

patroon geword het waarvolgens die Krugergenootskap sy eie feeste jaarliks inrig. Sedert 1932 het die plaaslike tak van die A.S.B. in toenemende mate sterk by die Minister van Binnelandse Sake op die erkenning van 10 Oktober as 'n openbare vakansiedag begin aandring.

Na 1933 het hierdie en soortgelyke sake aandag bly geniet, maar is ook aan die uiteindelike bestemming — ook op politieke gebied — van die Afrikaner, oorweging geskenk. Studiegroepe, as *Studiekringe* georganiseer, het sedert 1933 gereeld vergader en onder leiding van persone soos dr. Albert Hertzog en prof. W. A. Willemse onderwerpe van uiteenlopende aard bespreek. In 1944 is 'n studente-werkerskongres gehou. By dié geleentheid het dertien werkers voor die studerende jeug opgetree. 'n *Arbeidskorps* is aan die gang gesit en op 4 September 1944 word 'n *Landdiensvereniging* aan die Universiteit gestig waarmee diens aan die gemeenskap gelewer word deur die bestryding van gronderosie en die aanplant van bome. In 1948 het hieruit onder leiding van mnr. A. H. van Zyl die *Landdiensklub* ontwikkel.

Tydens die eeufees in 1938 het Fritz Steyn en Anton Rupert namens die Tukkiegemeenskap op 10 Oktober afgereis na Bulhoek om die geboortedag van pres. Kruger saam met die trekgeselskap aldaar te herdenk. By die geleentheid is namens die studente 'n versoek gerig tot die hoofleier van die Ossewatrek om 'n wa wat as blywende besieling vir die studente kon dien. Op die aand van 14 Desember het mnr. Klopper aan die menigte rondom Monumentkoppie waar die Voortrekkermonument in aanbou was, meegedeel dat die wa „Louis Trichardt" aan die studente van die Universiteit van Pretoria ter bewaring toevertrou gaan word. Op die oggend van 17 Desember het die studente die tweede Voortrekkereeu ingelui met die trek van die wa van die feesterrein na die Universiteit.

Hoewel die Studenteraad namens die studentegemeenskap die verantwoordelikheid vir die versorging van die wa op hom geneem het waaruit die tradisie ontstaan het om dit jaar na jaar deur die aftredende voorsitter van die Studenteraad aan sy opvolger te oorhandig, het die ossewa in die geskiedenis van die A.N.S. en die A.S.B.



Die gedenkplaat wat op Lentedag 1947 *onthul is.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tog 'n besondere rol gespeel. Jaarliks is dit byvoorbeeld in die optog by geleentheid van die kransleggingsfunksie op Krugerdag deur die A.N.S. gebruik — aanvanklik getrek deur 'n span bloedrooi Afrikaners van die proefplaas maar later deur die studente self.

Van die bedrywighede van die A.S.B. kan nie afgestap word sonder om te verwys na die besonder geslaagde Lentedagprogram wat in 1947 aangebied is nie, toe 'n gedenkplaat by die ingang van die Ou Letteregebou onthul is. By daardie geleentheid is die Afrikaanswording van die Universiteit, vyftien jaar vroeër, dankbaar in herinnering geroep.

Buitemuurs, waar die geleentheid tot fisiese aktiwiteit in 'n veel mindere mate aanwesig is, is veral die waarde van die geskrewe woord ingesien. Nie alleen is daar in 1946 die voortou geneem met die A.S.B.-blad *Ons Toekoms* nie, maar daarna is agtereenvolgens in 1950 en in 1954 met nuwe publikasies begin. Eers sien *Die nuwe Patriot* die lig en daarna *Skakels* waarin getrag is om die beleid en oogmerke van die A.S.B. by 'n wye studentegroep bekend te maak.

Die groot krag van die A.S.B. — Buite- sowel as Binnemuurs — het egter nog altyd by sy ondervereenigings gelê. Ook in hierdie opsig word sedert 1933 'n nuwe koers ingeslaan, toe eers die A.N.S. en daarna die A.S.B. sy aktiwiteite onder 'n aantal hulpvereenigings verdeel het. In die tyd van die Skakelraad het die A.S.B. met die volgende vereenigings geskakel en van hulle hulp ontvang: *Juridiese Vereniging*, *Parlementêre Debatsvereniging*, *Evangeliediensgesindes*, *Ekonomiese Vereniging*, *Staatkundige Vereniging*, *Cum Animo*, *Dansvereniging* en die *Volkekundige Vereniging*.

Binnemuurs is daar ewe-eens met min of meer elke komitee met 'n kulturele inslag intiem geskakel wat met die loop van tyd o.a. ingesluit het die *Toneelvereniging*, *Debatsvereniging*, *Stap- en Toerklub*, *Castalides-Kunsvereniging*, *Sosiologiese Kring*, *Studiekring*, *Filmburo* en *Propagandaburo*. Dit is juis deur sy onderkomitees en ander bevriende organisasies dat die A.S.B. in die geskiedenis van Binnemuurs sy grootste sukses behaal het. In die afgelope jare het die gebruik ontstaan dat die A.S.B. by geleentheid van sy uniale kongres ook 'n kunsfees reël. Sedert 1953 het die binnemuurse tak van die A.S.B. met byna eentonige reëlmatigheid nog altyd die beste presteer.

Die groot tydgenoot en latere teenstander van die eerste A.S.B. was die *Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente* (*N.U.S.A.S.*), 'n organisasie waartoe tydens die wintervakansie van 1924 op 'n tussenuniversitêre konferensie te Bloemfontein besluit is. Daarvandaan het dit na alle universiteite versprei en het ook 'n klein begin aan die T.U.K. gemaak.

Aanvanklik het N.U.S.A.S. 'n sentrale plek ingeneem en hom slegs ten doel gestel om aan alle studente aan al die universiteite 'n gemeenskaplike tuiste te bied. Met die loop van jare het hy van koers verander en meer en meer 'n uitgesproke liberale gesindheid openbaar waarmee die Afrikaanssprekende studente hulle nie kon vereenselwig nie. Gevolglik het 'n binnemuurse monstervergadering op 1 September 1933 besluit om die V.S.R. te versoek om sy bande met N.U.S.A.S. te verbreek en aansluiting te soek by ander Afrikaanse inrigtings deur middel van 'n Afrikaanse studentevereniging wat op federale grondslag georganiseer kan word. Twaalf dae later is 'n vergeefse poging aangewend om N.U.S.A.S. in ere te herstel.

Daarna is op 12 Oktober 1933 weer 'n monstervergadering gehou waar met 'n groot meerderheid die beginsel van vrywillige lidmaatskap aanvaar is. Hiervolgens kon 'n student na eie keuse aan òf die A.N.S. òf N.U.S.A.S. behoort, terwyl die V.S.R. sou onderneem om aan elke vereniging ooreenkomstig sy aantal lede subskripsiegelde te betaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Buitemuurs het in dieselfde tyd 'n soortgelyke reëling getref, maar van 1935 af geweier om enige fondse aan N.U.S.A.S. beskikbaar te stel, omdat die Universiteit van Kaapstad geweier het om die A.N.S. finansieel te ondersteun solank die organisasie naturelle en kleurlinge nie as lede toelaat nie. Vier jaar later het Binnemuurs nie alleen Buitemuurs se voetspore gevolg nie, maar nog 'n stappie verder gegaan, toe op voorstel van G. J. Davidtsz besluit is om die verbanning van N.U.S.A.S. tot in sy uiterste konsekwensies deur te voer en die vereniging die voorreg van kennisgewingborde en sale te ontneem. Hierdie besluit wat „eenparig sonder een enkele teenstem" geneem is, het vir alle praktiese doeleindes die einde van N.U.S.A.S. beteken.

Soos die Afrikaanstalige studente deur middel van die A.S.B hulle vir die bevordering van die eie kultuur beywer het, net so het die studente van Engelse, Duitse en Joodse herkoms hulle eie organisasies gehad.

In hierdie opsig was die Duitse groep die ander ver vooruit, want reeds in 1917 is 'n *Deutscher Literaturverein* gestig. Paul Zorn was die eerste voorsitter en vergaderings wat een of twee maal per maand gehou is, kon deur almal bygewoon word „die sich für dieses Streben interessieren." Die Eerste Wêreldoorlog wat die volgende jaar uitgebreek het, was egter nie vir die voortbestaan van die vereniging bevorderlik nie.

In 1927 is op inisiatief van dr. M. L. du Toit die drade weer opgeneem waar dit in 1919 teen wil en dank gelaat is toe die *T.U.K. Deutscher Studentenverein* gestig is met H. P. H. Behrens as voorsitter. Die doel van die vereniging was om die studente 'n geleentheid te gee om in aanraking te kom met die Duitse kultuur, literatuur en „das deutsche Lied." Die vereniging het hom verder veral beywer vir die uitbouing van die seminarbiblioteek van die Duitse departement en jaarliks 'n aansienlike bedrag aan geld vir hierdie doel bestee. In 1938 het die vereniging nog altyd bestaan en nuttige werk gedoen, toe die Tweede Wêreldoorlog sy lewensdraad geknip het.

Nouliks het die oorlogswolke verbygewaai toe die *Duits-Afrikaanse Studentebond van die Universiteit van Pretoria* (*D.A.S.U.P.*) in 1947 gestig is. Kragtens sy konstitusie word beoog die samesnoering van Duitssprekende studente aan die Universiteit tot 'n bond wat die belange van genoemde studente behartig en bevorder, 'n vrugbare verhouding tot ander jong Duitssprekendes bewerkstellig, die handhawing van die tradisionele erfenis en kultuureiendom van die Duitssprekende Afrikaner; om verder die studentegemeenskap waaraan die Bond behoort getrou en na die beste van sy vermoë te dien, in besonder deur te beklemtoon dat elke Duitssprekende student persoonlik verantwoordelik is teenoor die Universiteit vir sy doen en late en ten slotte om op genoemde weg „Suid-Afrika wat ons as tuiste en vaderland beskou, na die beste van ons vermoë te dien."

Net so verhewe as sy doelstellings, net so uiteenlopend is D.A.S.U.P. se bedrywighede. Vir enigiets word kans gesien: danse en sportbyeenkomste, kultuurfilms en opvoerings, jolsange en konserte, voorlesings en besprekings, fietstoere en naweekkampe word gereël. Deeltydse werk word vir sy lede georganiseer, losies vir ander gesoek. Boonop word van November 1954 af kwartaalliks 'n nuusblad, *Studentenblatt*, vir die Duitssprekende gemeenskap van die hele land uitgegee. £100 is aan die Universiteit geskenk om die naam van prof. W. P. de Villiers aan 'n stoel in die Aula te verbind en nog 'n verdere £8 ter verbintenis van eerwaarde H. Dehnke, 'n oud-Tukkie.

In 1927 is die *T.U.C. Students Jewish Association* gestig „to promote the study of Jewish history, traditions, customs and literature." D. Gould was die eerste voorsitter. Na 'n tyd het die belangstelling verflou en mettertyd het die vereniging heeltemal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opgehou om te bestaan. In 1937 word 'n onsuksesvolle poging aangewend om die vereniging te laat herleef. Die ideaal wat in 1937 nie bereik kon word nie, is in 1959 verwesenlik toe op 10 Augustus die *Studente Joodse Vereniging* gestig is. Lidmaatskap van die vereniging is oop vir alle studente van die Universiteit.

In 1930 het die *English Literary Society* ontstaan wat hom „the promotion of South African English Culture" ten doel gestel het. Lesings en voordragaande is gereël en by een geleentheid het die vereniging in samewerking met die *Modern Drama Circle*, 'n toneelvereniging aan die Buitemuurse Afdeling, „Cherry Orchard", opgevoer. Die vereniging het om sy oogmerke te bevorder selfs steun van die A.S.B. gesoek soos blyk uit 'n skrywe van H. G. Andrews, sekretaris van die vereniging en tewens voorsitter van die Buitemuurse V.S.R. waarin o.a. vermeld word: „U vereniging sal ook seker ons baie kan help in ons stryd om 'n behoorlike erkenning van Engelse Suid-Afrikaanse Kultuur te kry en om 'n gees van selfbewussyn onder ons Engelssprekende landgenote aan te kweek wat betref hulle taal, lettere, kuns en ideale." Die vereniging wat net Buitemuurs was, het klaarblyklik nie lank bestaan nie.


Die oudste vereniging van die Universiteit van Pretoria is gestig nog voordat hier 'n Studenteraad bestaan het en is inderdaad ook ouer as die Transvaalse Universiteitskollege wat in 1910 'n selfstandige inrigting vir hoër onderwys in Pretoria geword het. Hierdie vereniging wat in 1908 gevorm is, was volkome tweetalig en het in Afrikaans bekend gestaan as „*Letterkundige Debat-Vereniging*". In Engels is dit genoem „*Literary and Debating Society*". Generaal J. C. Smuts was die eerste erepresident, terwyl al die raadslede tot beskermhere benoem is. Reeds in die eerste jaar van sy bestaan is 'n netjies gedrukte program uitgegee, waaruit blyk dat in die loop van die jaar nie minder as twaalf byeenkomste gehou is nie. In ooreenstemming met die taalbeleid van die vereniging is ook 'n dubbeldoorbestuur saamgestel. In 1908 het F. Quirke en E. Swemmer as voorsitters van die Engelse afdeling opgetree en mej. T. Faure en G. Radloff van die „Hollandse" afdeling.

Die debatsvereniging het van kindsbeen af met probleme te doen gekry wat hom blykbaar sy hele lewe lank bygebly het. In 1911 is gevind hoe onmoontlik dit is „to compete with the bioscopes on Saturday evenings," met die gevolg dat na die oorspronklike reëling teruggekom is en Vrydagaande vir die doel gebruik is. Debatsaande is in hierdie tyd in die klaskamer van die Staats-Modelskool gehou waaruit, volgens oorlewering, Winston Churchill gedurende die Tweede Vryheidsoorlog ontsnap het.

Omstreeks 1918 het die debatsvereniging 'n besondere bloeitydperk beleef. In dié dae het die interessante gebruik bestaan om aan die einde van elke byeenkoms, by wyse van stemming, die drie beste sprekers van die aand aan te wys. In verband hiermee lees ons in die notule onder datum 17 Oktober 1919 „Mr. Erlank astonished the meeting by his eloquence and extraordinary command of language". Allerlei soorte onderwerpe het in dié dae belangstelling gewek. Op 7 Mei 1920 was C. H. Rautenbach (tans rektor) inleier van die onderwerp „That in the world of International Politics, Might is Right". Hy sê ja en wen die debat.

Daarna kwyn die belangstelling en in 1921 beleef ons „the collapse of the Afrikaans section as a separate body." Die beleid word dus gewysig, die twee afdelings geamalgameer „and all meetings are in future to be bilingual." Sake verloop daarna normaal tot in 1926 toe 'n buitengewone oplewing geopenbaar is aan die Buitemuurse Afdeling en 'n debatsvereniging gestig word. Nog in dieselfde jaar het Binne- en Buitemuurs begin saamwerk en gesamentlike vergaderings was die gevolg. Die oplewing word ook gekenmerk deurdat van nou af interdebatte met die personeel, Buitemuurs,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Foundation Members of the Society.

Mr. Besselaar.
Mr. A. C. Paterson.
Mr. Malherbe.
Mr. J. Purves.
Dr. H. Reinink.
Mr. G. L. Thomas.
Miss E. Anderton.
Miss S. Faul.
Miss T. Faure.
Miss G. Inman.
Miss A. James.
Miss E. Keith.
Miss V. Kinkead.
Miss G. Phillips.
Miss W. Read.
Miss J. Robertson.
Mr. J. Andrew.
Mr. J. Bosman.
Mr. C. Cross.
Mr. J. Engela.
Mr. J. Faure.
Mr. W. Haak.
Mr. S. Jensen.
Mr. G. de Kock.
Mr. H. Kuschke.
Mr. J. van Meerten.
Mr. A. Meester.
Mr. T. Neser.
Mr. E. Norgarb.
Mr. P. W. Pougnet.
Mr. F. Quirke.
Mr. G. Radloff.
Mr. C. Roos.
Mr. E. Swemmer.
Mr. R. Vosa.
Mr. A. Wagner.
Mr. F. van Wyk.
Mr. W. Wronsky.
Mr. P. Zorn.

Transvaal University College

Literary & Debating Society.

HONORARY PRESIDENT:
The Honourable J. C. SMUTS.

PATRONS:

Mr. J. E. Alanson. Mr. J. G. van Broekhuizen.
Dr. F. V. Engelenburg. Mr. E. Garnett.
Consul F. M. Knobel. Mr. W. F. Lance.
Mrs. J. de V. Roos. Mr. G. B. Smith.
Dr. Veale. Mr. T. N. de Villiers.
Mr. Justice Wessels.

COMMITTEE:

ENGLISH:	DUTCH:
Mr. F. Quirke, Pres.	Miss T. Faure, Pres.
Mr. E. Swemmer, Pres.	Mr. G. Radloff, Pres.
Miss G. Phillips.	Miss S. Faul.
Miss G. Inman.	Mr. J. Bosman.
Miss V. Kinkead.	Mr. T. Neser.
Miss W. Read.	Mr. A. Meester.
Hon. Secretary: Miss G. Phillips, Normal College.	Hon. Secretary: Mr. A. Meester, Kya Rosa.

PROGRAMME, 1908.

Meetings are held on alternate Fridays, in the Lecture Hall, of the University College, 271, Schoeman Street.

MAY 22.—ENGLISH—
Lecture by Prof. Purves:
"Shakespearean London."

JUNE 5.—DUTCH—
Lecture by Consul F. M. Knobel:
"Japan."

JUNE 19.—ENGLISH—Debate:
"Do we devote too much time to sport?"
Leaders: Mr. Zorn and Mr. Wronsky.

JULY 31.—DUTCH—
Lecture by Mr. Preller:
"Het Zuid-Afrikaansch Tooneel."

AUGUST 14.—ENGLISH—Debate:
"Unification as contrasted with Federation is the better form of Union for the South African Colonies."
Leaders: Mr. Radloff and Mr. Quirke.

AUGUST 28.—DUTCH—Debate:
"Vrijgezellen moeten belast worden."
Leaders: Mr. Swemmer and Mr. Bosman.

SEPT. 11.—ENGLISH AND DUTCH—
Dramatic Performance.

OCTOBER 9.—ENGLISH—
(a) Essay on Lady Duff-Gordon. Miss Inman.
(b) Essay on Lady Ann Barnard. Miss Kinkead.

OCTOBER 23.—DUTCH—
Lecture by Mr. Besselaar:
"Hollandsche Rijmlust in de Zeventiende Eeuw."

NOV. 6.—DUTCH AND ENGLISH—
Impromptu Debate.

NOVEMBER 13.—DUTCH—
Lecture by Dr. Reinink:
"Roman Life as illustrated by the Pompeian Excavations."

NOV. 20.—ENGLISH AND DUTCH—
(a) Essay on French-Canadian Poetry. Mr. Pougnet.
(b) Essay on Modern English Poetry. Miss Phillips.
(c) Essay on Modern Dutch Poetry. Miss Faure.

VALEDICTORY ADDRESS—
By the HONOURABLE J. C. SMUTS.

Die program van die Debatsvereniging vir 1908.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

P.U.K., en die plaaslike Normaalkollege gehou word. Die eerste interdebat teen Wits vind plaas in September 1926 en, so skryf adv. H. A. Howard, voorsitter van die Buitemuurse Afdeling „we are happy to report that we won the day in splendid fashion." Die vordering in 1928 word gekenmerk „by the fact that this year for the first time we were able to put up, against an over-seas university, a team consisting of T.U.C. Students only". Dit was by geleentheid van 'n besoek van *Bates* universiteit in Augustus 1928.

Tot in 1932 tref ons nog altyd die ou reëling aan. Binne- en Buitemuurs het elkeen sy eie tak maar by Binnemuurs is daar 'n Afrikaanse en Engelse voorsitter. In hierdie jaar kwyn die vereniging in so 'n mate dat dit duidelik geword het dat op die ou grondslag nie voortgegaan kon word nie. Klaarblyklik het die tweeslagtigheid ook nie meer bevredig nie, want aan die begin van 1933 het die bestuur van die A.S.B. besluit dat tensy die bestuur van die debatsvereniging oortuigend Afrikaans is, hy sy eie debatsvereniging sal saamstel. Dit het inderdaad gebeur, sodat die A.S.B. se debatsvereniging op 29 Maart 1933 sy eerste byeenkoms gehou het met C. van H. Steenekamp in die voorsitterstoel.


Ook by Buitemuurs kwyn die belangstelling totdat die A.S.B. in 1949 die *Parlementêre Debatsvereniging* vorm. Die vereniging het hom ten doel gestel om politieke en sosiale probleme volgens parlementêre prosedure te bespreek. Miskien het dit juis daarom nie altyd te ordelik op die vergaderings toegegaan nie, hoewel die atmosfeer daar juis bevorderlik was vir die ontwikkeling van die redenaarsvermoë.

Ofskoon aan die T.U.K. nie voor 1923 'n toneelvereniging bestaan het nie, is van die begin af toneelstukke opgevoer. Die eerste „Dramatic Performance" in „English and Dutch" is deur die debatsvereniging beplan vir 11 September 1908. In 1909 is „Major Barbara" van Bernard Shaw op die planke gebring om in 1910 deur 'n nog grootser poging gevolg te word, toe die V.S.R. twee komitees benoem het om vir 'n Hollandse en Engelse opvoering te sorg. Of die Hollandse komitee met sy opdrag enige vordering gemaak het, is onseker, maar op 27 Augustus is „She Stoops to Conquer" in die Opera House opgevoer. In die verbygaan kan daarop gewys word dat toe die inwoners van Buxtontehuis in 1932 hulle eie Toneelvereniging opgerig het, bekend as die „*Buxton Amateur Theatrical Society* (*B.A.T.S.*)," hulle ook „She Stoops to Conquer" aangebied het.

Gedurende die jare na 1910 word gereeld opvoerings gehou waarby die leiding afwisselend uitgaan van verenigings soos Loquela, die A.S.B., die C.S.V., gesamentlik of afsonderlik. In 1923 is die „Badgaste" opgevoer waarmee groot sukses ingeoes is en wat die direkte aansporing was dat onmiddellik daarna die *T.U.K. Afrikaanse Kultuur en Toneel Vereniging* gestig is. Hierdie vereniging het tot aan die begin van die dertigerjare groot sukses behaal wat waarskynlik in die eerste plek aan die goeie leiding van mej. Stephanie Faure toegeskryf moet word wat 'n verskeidenheid van stukke soos „Haar Plig", „Lenie", „Die Spookhuis", „Die Peswolk" en „In die Wagkamer" op die planke gebring het.

In dieselfde jaar word onder leiding van prof. J. P. R. Wallis ook 'n Engelse Toneelvereniging gestig naamlik „*The Thespians*", genoem na „Thespis, the first actor-manager, who flourished in ancient Greece in the 6th Century B.C." Die vereniging het groot geesdrif openbaar en o.a. stukke soos „Arms and the Man", „You Never Can Tell," „Admirable Crichton" en „The Romantic Age" opgevoer. In 1928 word „The Pigeon" met groot sukses in die Macfadyensaal aangebied waarna om een of ander onverklaarbare rede nie weer van die vereniging gehoor is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die eerste bladsy van die program wat gedruk is by geleentheid van die aanbieding „She Stoops to Conquer".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1932 het die Afrikaanse Toneelvereniging opgehou om 'n selfstandige bestaan te voer en, soos baie ander soortgelyke organisasies, die beskerming van die A.S.B. geniet. Onder die *A.S.B.-toneelvereniging* en later *A.N.S.-toneelvereniging* het die toneel aan die Universiteit groot vordering gemaak toe 'n ruimer arbeidsveld gesoek is en die gebruik ontstaan het om jaarliks toneelreise na een of ander plattelandse gebied te onderneem.

Na die verdwyning van *Thespians* is in 1936 weer 'n poging aangewend om die Engelse toneel aan die Universiteit tot sy reg te laat kom toe 'n *Dramatic Society* gestig is. Die samewerking tussen hierdie vereniging en die A.N.S.-Toneelvereniging was so goed dat op 20 April 1923 'n ambisieuse toneelaand onder regié van Stephanie Faure aangebied is, toe twee Afrikaanse stukke, „Rooibruin Blare" en „Oupa Saliger" en drie Engelse stukke, „Send Her Victorious", „White Elephants" en „Our Husband" opgevoer is. Sedertdien is nie weer van die *Dramatic Society* gehoor nie.

Inwendige spanninge het die A.N.S. teen 1945 min of meer lamgelê. Toe die Toneelvereniging as gevolg daarvan ook die kreeftegang gegaan het, was die studente-vitaliteit onmiddellik gereed om 'n ander oplossing aan te bied. In 1945 word die *Studente-Kunsteater* met twee afdelings — een vir toneel en die ander vir kuns — gestig en is dadelik met opvoerings begin. 'n Werklike hoogtepunt word eers in 1948 bereik, toe *Teaterkring* wat pas drie maande tevore uit die afdeling vir toneel ontwikkel het, in die plaaslike uitdunning van die Federasie van Amateurverenigings van Suid-Afrika die louere weggedra het en in daardie proses die vorige jaar se uniale pryswenners, „Volksteater", uitgestof het. Die sukses van 1948 word in 1950 herhaal, toe met „Die Vrees" van Gerhard Beukes, onder regié van mej. Stegmann, die louere weggedra word.



'n Toneeltjie uit „She Stoops to Conquer".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Teaterkring, 1948.

Afgesien van die groot aantal stukke wat *Teaterkring* op die planke gebring en waarmee by toneelfeeste en die A.S.B. se kunsfeeste sukses behaal is, het die organisasie hom ook verdienstelik gemaak met sy pogings om teoretiese kennis in verband met toneel aan sy lede te bring. Ook word klasse in verhoogtegniek en aanverwante sake gereël om sy lede so in die geleentheid te stel om te sien hoe professionele spelers optree.

Onder leiding van prof. M. L. du Toit is in 1932 baie doelbewus die terrein van die skone kunste betree toe die *Castalides-kunsvereniging* gevorm is. Die vereniging het hom ten doel gestel om sy lede 'n dieper insig in die prag van die Afrikaanse kultuur te gee, om kuns in die algemeen te bevorder deur voeling met kunstenaars te hou en om 'n groot versameling van Afrikaanse kultuurvoorwerpe op te bou. Onder die besielende leiding van prof. Du Toit het die jong vereniging baie gou 'n hoogtepunt bereik. By verskillende geleenthede is kunskonserte in die Pretoriase stadsaal gereël waar vooraanstaande kunstenaars van ons land opgetree het. Kunstentoonstellings is vir skilders en beeldhouers gereël, terwyl so dikwels moontlik kunstenaars self voor die vereniging opgetree het. Die grootste en blywendste prestasie van die vereniging was sonder twyfel die kunsblad „Castalia" wat by twee geleenthede, eers in 1934 en toe weer in 1938, verskyn het. In 1938 word ook 'n begin gemaak met gereelde uitstallings van studentekuns en word daar in ruimer verband deur die departement Afrikaanse Kuns en Kultuur onder leiding van prof. H. M. van der Westhuysen veel aandag gewy aan die bevordering van kunsbeoefening by lede van die vereniging.

Van 1944 af, toe die vereniging reeds geruime tyd 'n ondervereniging van die A.N.S. was, het dit 'n kwynende bestaan gevoer. Toe in April 1945 *Studente-kunsteater* aan U.P. met sy twee afdelings vir toneel en kuns gestig is, is 'n poging aangewend om die vereniging ook by die A.N.S. in te lyf. *Studente-kunsteater* het egter verkies om apart te staan. Omdat twee kunsverenigings egter moeilik naas mekaar kon bestaan, is met instemming van die A.N.S. besluit dat Castalides in die kunsafdeling van Studentekunsteater sou opgaan.

Reeds die volgende jaar het die kunsafdeling tot 'n selfstandige vereniging, *Kunskring*, ontwikkel wat sy werksaamhede daarna in drie rigtings gevoer het. Vir al die vertakkinge van die toegepaste kunste sou *Beeldende Kunste* verantwoordelik wees. In hierdie nuwe hoedanigheid het hy die ou taak van Castalides voortgesit, kunsuitstallings gereël en waar moontlik belangstelling vir die skone kunste probeer opwek. Saam met *Beeldende Kunste*, kom ook *Woordkuns* in 1946 tot stand wat aanvanklik 'n soort letterkundige studiekring genoem kan word maar weldra tog die meeste klem op debats- en voordragaande laat val het. Die derde afdeling van *Kunskring* kom in 1948 tot stand, toe *Teaterkring* gestig is en onmiddellik opspraak verwek het, toe dit slegs drie maande na sy ontstaan die eerste plek op die toneelfees verower het. Met die ontwikkeling van hierdie drie selfstandige rigtings het daar vanselfsprekend nie meer 'n taak vir Studentekunsteater oorgebly nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit is heeltemal logies dat met die groot belangstelling wat vir min of meer elke kunsvorm bestaan het, ook aandag aan musiek gewy sou word. Die belangstelling vir musiek kan teruggevoer word tot 1917 toe 'n *Musical Society* gestig is. Hierdie vereniging het nie 'n lang lewe gehad nie want in 1924 is daartoe oorgegaan om 'n *Musiekklub* „which is to co-ordinate the activities of our *Choral Society* and the *Orchestral Society*", te vorm. Die Musiekklub het met wisselende sukses bly voortbestaan, 'n keer of wat selfs van die toneel verdwyn tot dit in 1941 gereorganiseer is en die naam *Musiekvereniging* daaraan verbind is.

In 1938 is onder die beskerming van die A.N.S. 'n *Filmburo* gestig waarmee die vernaamste oogmerk was om in die behoefte aan 'n eie teater te voorsien en om belangrike episodes uit die bestaan van die A.N.S. op die doek vas te lê. Aanvanklik het die vereniging nuttige werk verrig, maar toe die verswakking wat teen 1945 by die A.N.S. ingetree het ook hierdie vereniging ongunstig getref het, is besluit om dit direk onder die V.S.R. te laat ressorteer. Die verandering word ook gekenmerk deur 'n naamsverandering in 1946, toe dit verdoop is tot *Universiteit van Pretoria Amateur Filmburo (U.P.A.F.)*, toe dit 'n selfstandige vereniging word met afdelings vir stilfotografie, rolprentfotografie en radiotegniek. Veral die laaste afdeling het hom van die begin af verdienstelik gemaak deur die bou van 'n luidspreker waarvan op allerlei studentefunksies gebruik gemaak is.

Die bedrywighede van hierdie vereniging sluit in maandelikse byeenkomste waar kenners lesings hou oor stil- en rolprentfotografie. By hierdie geleenthede is foto's van lede van die vereniging bespreek en beoordeel. Met toerusting en materiaal wat ongeveer £1000 werd is, bied die vereniging vir elke fotograaf en voornemende fotograaf 'n uitstekende ontspanning en 'n geleentheid om die geheimenisse van fotografie te bestudeer. Die vereniging het 'n tyd lank elke Vrydagaand 'n rolprentvertoning in die Chemiesaal gehou, sy eie rolprentopnames van belangrike studentebedrywighede gemaak en self rolprente vervaardig waarin studente optree. Verder word stilfotografiese werk onderneem en jaarliks is met groot welslae aan die Interuniversitêre Fotografiese Salon deelgeneem.

Die grootste prestasie van die vereniging was sekerlik die rolprent wat deur hom vervaardig is oor die ontstaan en groei van die Universiteit en waarvan die „wêreldpremière" onder die titel „'n Universiteit Verrys" op 20 April 1956 in die Chemiesaal vrygestel kon word.

Toe in 1940 onder leiding van J. Vorster 'n volkspelegroep aan U.P. afgerig word, is waarskynlik onbewus met 'n onderneming begin wat vir die Universiteit groot voordeel ingehou het. Uit hierdie onderneming is die *Volkspelelaer* gebore wat baie jare onder leiding van mevv. Cecile de Ridder en Dolla Raats 'n ereplek onder die studentebedrywighede bly inneem het. Nadat die eerste Volkspelegroep in 1940 met groot sukses as afrigters opgetree het op die Provinsiale Volkspelekursus wat in Heidelberg gehou is, het hulle bedrywighede ook gelei tot die stigting van die *Voorslaggeselskap* in 1941. Reeds van sy eerste jaar af het hierdie geselskap gereeld uitgebreide toere na alle dele van die land onderneem. Op dié wyse is nie alleen 'n groot bedrag vir 'n studentesaal en die Mediese Fakulteit ingesamel nie, maar bowenal is die Universiteit bekendgestel en 'n uitgebreide vriendekring vir die inrigting opgebou.

Aan die begin van 1943 is besluit om die Voorslaggeselskap te ontbind en in die plek daarvan die *Voorslag-vereniging* te vorm. Die naamsverandering was nie toevallig nie, want sedert 1943 het die vereniging 'n ruimer taak onderneem en die bevordering van musiek in sy ruimste verband hom ten doel gestel. Alle verenigings wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op een of ander wyse met musiek verbind was, is onder die offisiële *Musiekvereniging* gekoördineer waarby die *Universiteitsorkes*, waarvan ons vir die eerste keer in 1928 hoor maar toe nog as 'n *Jazz-Band* bekend gestaan het, ook ingelyf is. Die vereniging het daarna steeds aan lewenskragtigheid gewen en behalwe die plateprogram wat elke Sondagaand na die kerk in die senaatsaal gehou is, ook nog 'n uitstekende koor opgebou wat groot luister aan die vereniging se konserte verleen het.

Die *Universiteitskoor* het voordat die Voorslagvereniging daarin belang gestel het, 'n wisselvallige bestaan gevoer. In 1919 is vir die eerste keer 'n koor gevorm wat aan die begin van die twintigerjare 'n groot oplewing beleef het toe „John Connell F.C.R.O., who has been appointed by the Senate as Musical Director," die leiding geneem het. In later jare het die A.N.S. 'n koor in stand gehou wat egter net by besondere geleenthede tot werklike ontwikkeling gekom het.

Teen die end van 1948 het so 'n groot aantal kunsverenigings aan U.P. bestaan dat almal nie meer hulle bestaan kon regverdig nie. Om oorvleueling te voorkom, het die Studenteraad die bestaande verenigings versoek om in federale verband te verenig. Die voorwaarde vir die koalisie sou wees dat elke vereniging sy eie identiteit en bestuur sou behou, maar dat almal deur 'n gemeenskaplike bestuur beheer sou word. Op hierdie grondslag het *Pro Arte* in 1949 tot stand gekom waarna daar eers 'n werklike bloeitydperk vir die kunsverenigings aan U.P. aangebreek het. Hoewel alle kunsverenigings nie sedertdien gereeld by *Pro Arte* ingeskakel was nie, het daar nou vir die eerste keer 'n doeltreffende werkverdeling ingetree en kon daarmee as grondslag 'n samewerking verkry word wat die kunsverenigings tot ongeëwenaarde hoogtes gevoer het.


Na die totstandkoming van *Pro Arte* het, waarskynlik deur sy toedoen, die *Musiekvereniging* en die *Voorslagvereniging* saamgesmelt en as *Musiekkring* bekendgestaan. Veral sedert ongeveer 1953 het *Musiekkring* 'n lewendigheid en groeikrag geopenbaar wat almal verbaas laat staan het. Insonderheid is aan klassieke musiek, volksmusiek en kerkmusiek aandag gewy wat aan die lede van die vereniging toegelig is respektiewelik deur Anton Hartman, Willem van Warmelo en Gerrit Bon. Daarbenewens het Musiekkring, nadat sedert 1949 in die rigting gewerk is, in 1955 met sy eie *simfonieorkes* bestaande uit 'n twintigtal lede sy debuut gemaak. Ook 'n *Musiekkringkoor* bestaande uit vyf-en-dertig lede is gevorm. Dit is hierdie groep wat op Lentedag die Goewerneur-generaal, die Eerste Minister en ander hoogwaardigheidsbekleërs aan die slaap gaan sing. Die Sondagaandse plateprogram is deur die Kring voortgesit, maar omdat dit so in gewildheid toegeneem het, moes van die senaatsaal na die biblioteeksaal gewyk word.

Naas *Musiekkring* was *Teaterkring* en *Woordkuns* van die begin af die ander samestellende verenigings onder die sorg van *Pro Arte*. Aan die end van 1954 is op inisiatief van die moedervereniging 'n vierde vereniging daaraan toegevoeg, toe *Castalia* gestig is om die funksie van *Beeldende Kunste* wat na 'n tyd onaktief geraak het, oor te neem. *Castalia* het nie op hom laat wag nie, maar allerlei diepsinnige probleme soos „watter kant van 'n moderne skilderstuk is die boonste" deur gesaghebbendes laat behandel. Daarbenewens het die bestuur ook telkens wanneer daar 'n behoefte aan bestaan het praktiese klasse gereël vir diegene wat hulle in hierdie kursusse wou verdiep.

Dit was deur sy vier samestellende verenigings dat *Pro Arte* sedert sy ontstaan so hoog kon presteer. Hiervan word nie alleen getuig deur die gereelde konserttoere wat na alle dele van die land onderneem word nie, maar ook deur die haas ongelooflike sukses wat jaarliks op die kunsfees van die A.S.B. behaal word. Maar ook in eie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kring het *Pro Arte* hom verdienstelik gemaak. In 1954 is £100 aan die Saalboufonds geskenk en daardeur 'n stoel in die gehoorsaal verbind aan die naam van Arnold van Wyk. Twee erepennings word jaarliks toegeken, een aan 'n kunstenaar buite die vereniging vir wie se werk *Pro Arte* hoë waardering het en die ander aan die lid wat hom die meeste in belang van die vereniging beywer het. Daarbenewens word daar nog 'n beurs van dertig pond elke jaar aan 'n verdienstelike student toegeken.



I. DE V. MALHERBE.

VERENIGINGS MET 'N GODSDIENSTIGE INSLAG

Die oudste vereniging in hierdie groep, trouens een van die oudste verenigings aan die Universiteit, is die *Christen Studentevereniging* wat so vroeg as 1909 met 'n ledetal van vyftien onder voorsitterskap van I. de V. Malherbe sy werksaamhede aan die ou T.U.K. begin het. Van hierdie klein begin het die C.S.V. gereeld gegroei tot dit tans ongeveer 700 lede tel. Met hierdie groei in ledetal het die C.S.V., ook om sy lede almal aktief aan die gang te hou, steeds nuwe arbeidsterreine betree. Naas die honderdtal Bybelstudiekringe en die tweeweeklikse, algemene vergaderings wat die vereniging onder sy sorg het, is dit nodig dat 'n groot aantal onderkomitees die bestuur in die uitoefening van sy taak bystaan.

Reeds vanaf 1936 word planmatig en gereeld besoeke aan hospitale en tronke afgelê, godsdiensoefeninge in die agterbuurtes gehou en die Evangelie tot die nie-blankes gebring. Vanaf 1943 het 'n sosiologiese ondervereniging gereeld konserte in arm buurtes gehou. In 1949 weer word onder die vleuels van die C.S.V. 'n *Christenstudenteklub* gestig wat beoog om 'n noue kontak tussen die lede te bewaar en vir die doel die lede van die vereniging Sondagaande na die dienste in die klubsaal bymekaarbring waar verversings geniet word en saam gesing of na een of ander kunsprogram geluister word. As gevolg van sy groot aantal aktiwiteite beland die C.S.V. jaarliks ten bedrae van 'n paar honderd pond in die skuld. Dit baar egter geen sorge nie — in ligte luim word 'n „kleinjool" gehou en die skuld sonder moeite gedelg.

Met die loop van jare het die C.S.V. sy stempel op die studentegemeenskap van U.P. afgedruk en vir hom 'n besondere plek daarin verower. Voortdurend is gepoog om aan die leuse van die vereniging: „Maak Jesus Koning" sin en betekenis te gee. Hoewel die C.S.V. in die eerste plek geroepe is om as Interkerklike beweging op geestelike gebied voor te gaan, het hierdie beweging met die loop van jare hom ook daarop toegelê om op sosiale gebied die nodige leiding aan die studente van U.P. te gee. Met sy groot aantal lede wat op alle terreine van die universiteitsgemeenskap beweeg, poog die C.S.V. om gedurig in die eb en vloed van die studentelewe as stabiliserende faktor op te tree.

Die aktiefste ondervereniging van die C.S.V. wat met die loop van jare tot self-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

standigheid uitgegroei het, is die *Sendingkring*. Sedert 20 Augustus 1939, toe hierdie kring gevorm is, word gereeld Sondagskool in Vlakfontein en Garsfontein gehou, en Sondagmiddae besoek by die nie-blanke afdeling van die Algemene Hospitaal afgelê. Garagedienste word ook op weeksdae deur senior studente in oostelike Pretoria behartig. Die kring dra sorg vir die verspreiding van Bybels en ander godsdienstige lektuur in een of ander van die lokasies rondom Pretoria. Op een tydstip het hulle selfs ingestaan vir 'n evangelis van die Oriental Missionary Society.

Op 24 Maart 1924 is die *Teologiese Vereniging „Van der Hoff"*, aan die huis van prof. J. H. Greyvenstein gestig. Die eerste voorsitter van die vereniging was teologiese student C. H. Rautenbach, tans rektor van die Universiteit. „Van der Hoff" is die vereniging van alle studente wat hulle voorberei vir die B.A. en B.D.-graad aan U.P. met die oog op toelating tot die bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die teologiese professore is erevoorsitters en die predikante van die Hervormde Kerk erelede van die vereniging. Deur die jaarlikse re-unie kom almal wat hulle vir die bediening voorberei en almal wat reeds in die bediening staan, byeen.

Die vereniging erken as basis die beginsels van die Ned. Herv. Kerk. Hierdie beginsels omvat in die eerste plek die hele rykdom van die reformatoriese erfenis. In hierdie lig moet ook die leuse van „Van der Hoff" gesien word: „Bewaar die pand." (I Tim. 6 vers 20). Maandelikse vergaderings word gehou. By dié geleentheid hou een van die lede 'n voordrag en voer die lede diskussies oor teologiese vraagstukke.

By die begin van die teologiese opleiding vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal aan U.P. is in 1936 die *Deo Gloria-Vereniging* gestig met die leuse: „Soli Deo Gloria — Aan God alleen die eer."

Baie gou het hierdie vereniging wat om voor die hand liggende redes 'n beskeie begin gemaak het, die vlerke wyd uitgeslaan en 'n wye terrein bestryk. In 1939 is begin met 'n fakulteitsuitgawe van „Die Herder". Reeds die volgende jaar is 'n teologiese jaarblad met dieselfde naam as die vereniging uitgegee. Van 1941 af word met die teologiese studente van Stellenbosch, Wellington en Potchefstroom meegewerk aan die „Gesamentlike Teologiese Studenteblad." In 1950 word die Lydia-vereniging vir dames wat in geestelike werk belang stel, gevorm. In 1955 word weer eens iets nuuts aangedurf, toe in een van die plaaslike gemeentes tentsendingdienste gehou is in 'n poging om afgedwaaldes van die kerk weer te probeer terugwin. Om behoeftige teologiese studente finansieel by te staan, het die vereniging ook begin om 'n fonds op te bou en vir hierdie doel 'n mannekoor opgerig wat reeds met groot sukses 'n hele aantal uitgebreide reise na verskillende dele van die land onderneem het. In 1956 is selfs 'n reis onderneem met die kantate „Jesus van Nasaret" en die eenbedryf „Judas Iskariot."

Sedert 20 Maart 1943 bestaan ook aan die Universiteit die *Hervormde Studentevereniging*. Die vereniging beoog om die studerende lede van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit in kontak met mekaar te bring deur middel van 'n aantal vergaderings waar telkens 'n lesing gehou en bespreek word. Dit word met musiek, sang en voordrag opgeluister. Daar is ook 'n aantal funksies per jaar waar die lede op gesellige wyse saam verkeer. Lidmaatskap is beperk tot geregistreerde studente aan U.P. wat lid is van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika of wat die beginsels van die Kerk goedgesind is. Diplomastudente aan die Normaalkollege kan as lede van die vereniging gekoöpteer word. Van Oktober 1945 af gee die vereniging sy eie blad uit — aanvanklik op eie houtjie, maar van die tweede jaargang af in samewerking met die teologiese vereniging „Van der Hoff."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In Januarie 1945, nadat die klassieke tale ook na Buitemuurs gebring is en dit dus moontlik geword het vir die studente van die drie Afrikaanse kerke om die B.A. (Admissie)-eksamen Buitemuurs af te lê, is die *Vereniging vir Evangeliediensgesindes* (*V.E.G.*), gestig. Lidmaatskap van die vereniging staan oop vir al drie susterkerke. Een van die funksies van die V.E.G. is om vir voornemende lede wat buite Pretoria woonagtig is werk in die stad te vind. Verder beywer die vereniging hom om sy lede geestelik te sterk. Met groot verwagting vergader die lede elke Woensdagmiddag tydens die etensuur vir enkele oomblikke van gebed. Hier kom hulle soos broers in liefde saam. By dié geleentheid tree predikante en belangstellende vriende met raadgewing en inspirerende boodskappe op. Die studie word voorop gestel. Tog streef elke lid daarna om aktiewe deelname in die gemeenskaplike werksaamhede te hê. By verskillende geleenthede is reeds ernstige pogings aangewend om Christelike leesstof te versprei en in oorleg met die S.A.B.-vereniging is opbouende leesstof reeds tot sover as Brits-Betsjoeanaland versprei. In 1948 het die vereniging ook met sy eie maandblad, die *V.E.G.*, begin.

Die vereniging moedig sy lede aan om alles in hulle vermoë te doen om sonder enige finansiële hulp die admissie-eksamen agter die rug te kry en sodoende onomstootlike bewys te lewer van roepingsbewustheid, volharding en prestasie. Tog staan die vereniging nie gevoelloos teenoor die geldelike nood van lede nie en is met die oog daarop reeds 'n aansienlike fonds opgebou waaruit rentevrye lenings aan lede beskikbaar gestel word.

In 1949 het die *Mediese Studente Christelike Vereniging* erkenning van die V.S.R. gekry, nadat dit reeds 'n paar jaar bestaan het. Die vereniging is gestig om aan die geestelike behoeftes van die afgesonderde mediese studente te probeer voldoen en ook om moontlike sendingdokters rigting en doel in hul strewe en lewe te gee.

Verenigings verbind aan 'n bepaalde departement of fakulteit

Die oudste vereniging wat tot hierdie groep behoort, is in 1910 deur prof. T. H. le Roux gestig en het as *Loquela* bekend gestaan en „de beoefening van de Nederlandse en Afrikaanse letterkunde" ten doel gehad. Omdat Afrikaanse werke in daardie vroeë jare haas nog nie bestaan het nie, het die besprekings hoofsaaklik oor Nederlandse werke gegaan. Besprekings moes in Nederlands plaasvind om die studente wat uit hulle eie nie maklik in Nederlands gepraat het nie, ook spreekoefening in Nederlands te verskaf. Studente en oudstudente van die T.U.K. en die Normaalkollege kon by die vereniging aansluit.

Kort op die hakke van Loquela volg die *T.U.K. Wetenskaplike Vereniging* wat in 1915 gestig is. Die oogmerk met hierdie vereniging was om belangstelling te wek in wetenskaplike onderwerpe deur middel van voorlesings en ekspedisies na plekke van wetenskaplike belang. Waarskynlik as gevolg van die groot aantal ekskursies wat gereël is, het die vereniging tot ongeveer 1928 'n florerende bestaan gevoer waarna nie meer daarvan verneem word nie. In Maart 1948 is die vereniging herstig, toe dit meer korrek betitel is as die *Natuurwetenskaplike Studentevereniging* (*N.W.S.V.*). In die algemeen was dit die oogmerk met die vereniging om 'n breër belangstelling in wetenskaplike ondersoek te wek as 'n teenvoeter vir die oorspesialisasie waartoe studente in die natuurwetenskappe nogal dikwels geneig is. Ook is dit die bedoeling om studente deur middel van die vereniging geesteswetenskaplik te oriënteer.

'n Jonger boetie van die Wetenskaplike Vereniging was die *Classical Society* wat tussen die jare 1916 en 1920 'n florerende bestaan gevoer het „under the benign

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

guidance of Prof. A. C. Paterson." Teen 1924 het dit egter heeltemal onaktief geraak, toe dit deur die toedoen van dr. Reinink weer herleef het.

Die *Landbou-Vereniging* wat deur lesings en reise aanvullende inligting vir sy lede bring, is 'n skepping van 1918. In 1920 is die naam verander tot *Landbou- en Veeartsenykundige Vereniging* om aan die nuwe fakulteit van Veeartsenykunde 'n aandeel in die bedrywighede van die vereniging te gee. Toe die fakulteit Veeartsenykunde volledig tot ontplooiing gekom het, het hy hom aan die vereniging onttrek. In 1952 het 'n *Huishoudkundige Vereniging* aan die Universiteit ontstaan en twee jaar later met die Landbouvereniging geamalgameer sonder om sy eie identiteit heeltemal prys te gee. Die huweliksverbintenis was blykbaar nie baie geslaagd nie, want in 1955 het die huishoudkundiges hulle aan die koalisie onttrek en weer op eie bene gaan staan.


Van die vereniging wat in 1920 deur die toedoen van proff. Leo Fouché, W. P. de Villiers en J. E. Holloway ontstaan het, is aanvanklik as die *Geskiedkundige Vereniging* gepraat. Weldra het dit egter die *Historiese Vereniging* geword en die naam behou tot aan die begin van die dertigerjare, toe die vereniging opgehou het om te bestaan. Aan die end van 1934 het prof. S. P. Engelbrecht hom weer eens vir 'n vereniging van dié aard beywer, toe ook inderdaad die *W. J. Leyds-Historiese Vereniging* gestig is. Na 'n paar jaar het dit opgehou funksioneer, sodat in die tweede helfte van 1956 vir die derde keer 'n *Historiese Vereniging* gestig kon word.

In die vroeë jare moes aan die T.U.K. 'n *Filisofiese en Pedagogiese Vereniging* bestaan het. Wanneer dit opgerig is, kan nie met sekerheid vasgestel word nie, want in die beskikbare geskiedrolle word alleen vermeld dat die vereniging in 1924 herstig is. Teen 1927 het die filosowe afvallig geraak toe hier slegs nog 'n *Pedagogiese Vereniging* gefunksioneer het en min of meer net die studente wat die H.O.D.-kursus geneem het, lede van die vereniging was. In dieselfde jaar word ook melding gemaak van 'n *Aardrykskundige Vereniging* wat 'n florerende bestaan gevoer het danksy interessante reise wat na plekke soos die Victoriawaterval en Mount-aux-Sources onderneem is.

Onmiddellik na sy benoeming tot dosent aan die T.U.K. het prof. D. Pont in 1927 die leiding geneem in verband met die oprigting van die *T.U.C. Law Society* wat in die tydperk na verafrikaansing hom by nuwe omstandighede aangepas het en vandag nog bekend staan as die *Juridiese Vereniging*. Die Juridiese Vereniging is 'n binnemuurse instelling, maar Buitemuurs het 'n verteenwoordiger op die bestuur. Die vereniging bespreek regsvraagstukke, nooi regsgeleerdes uit om te praat oor regsaangeleenthede en reël skynhofsittings, sodat studente vertroud kan raak met die gewone hofprosedure. Jaarliks word ook 'n redenaarskompetisie gehou om die Demosthenes-trofee.

Die verhouding tussen blank en nie-blank het reeds in die dae van die T.U.K. belangstelling gewek, met die gevolg dat in Junie 1928 onder beskerming van N.U.S.A.S. 'n *Bantu Study Circle* gevorm is. Die eerste voorsitter van die studiekring was die huidige Minister van Bantoe-Administrasie, mnr. M. D. C. de Wet Nel, en het sy werksaamhede in die tweede semester begin „met 'n gelykevoets-konferensie met vooraanstaande naturelle uit die stad." In 1932 is 'n soortgelyke organisasie onder die benaming *Bantu Studies Society* aan die Buitemuurse Afdeling gevorm. Tussen die twee verenigings het 'n goeie verstandhouding geheers, veral nadat die binnemuurse organisasie van N.U.S.A.S. losgeskeur en saam met die buitemuurse vereniging onder beskerming van die A.N.S. getree het, toe dit as die *Bantoe-studievereniging* bekend gestaan het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



M. D. C. DE WET NEL.

Die vereniging het groot belangstelling gewek en goeie werk verrig. Toe daar mettertyd verval ingetree het, is dit op 7 Junie 1950 onder die benaming *Volkekundige Vereniging* as 'n gesamentlike onderneming van Binnemuurs en Buitemuurs herstig. Om die indruk van eensydigheid te voorkom, is in 1955 besluit om die naam van die vereniging te verander na die *Bantoekundige Vereniging*. Die vereniging stel hom ten doel om by die studente 'n praktiese en objektiewe benaderingswyse ten opsigte van volkekundige aangeleenthede en veral van die naturellevraagstuk te ontwikkel. Hiervoor word samesprekings, gesellige byeenkomste maar veral ook uitgebreide studiereise gereël.

Die *Internasionale Studieklub* wat in 1932 aan die Buitemuurse Afdeling gestig is, het van die begin af 'n baie beperkte terrein gehad om op te beweeg. Geen wonder dat dit kort daarna opgehou het om te bestaan nie. In 1943 word dit egter onder die ou naam herstig en toe die eertydse probleme maar weer opgeduik het, is in 1947 besluit om van die vereniging te verdoop tot die *Staatkundige Vereniging*. Naas die bestudering van internasionale vraagstukke stel die vereniging hom van toe af ook ten doel om deur middel van voorlesings en debatte 'n geleentheid aan studente in die Staatsleer en Staatsadministrasie te bied om meer vertroud te raak met die praktiese sy van hul vak. Van 1948 af het die vereniging sy eie publikasie *Die Staat* uitgegee en daarmee volgehou tot in 1955. Voordat daar 'n eie vereniging was, kon die studente wat in die vak belang gestel het teen afsonderlike subskripsie geassosieerde lede van *The Pretoria Regional Group of the Institute of Public Administration* word.

Die vereniging met waarskynlik die langste naam het op 16 Junie 1933 tot stand gekom, toe tot die stigting van die *Universiteit van Pretoria Argitek- en Hoeveelheidsopnemingstudente Vereniging* oorgegaan is. Die doel van hierdie vereniging wat afgekort is tot *U.P.A.Q.A.*, was om 'n lewende beslangstelling in Argitektuur en verwante kunste aan die Universiteit in die besonder en in Pretoria in die algemeen op te wek. Sedert 1947 is die vereniging as die *Boukundige Studentevereniging* bekend.

Vroeg in 1935 het die sosiologiestudente tot die stigting van die *Sosiologiese Kring* oorgegaan met die oogmerk om naas die teoretiese bestudering van die Sosiologie deur middel van die vereniging beter kennis van maatskaplike vraagstukke op te doen. Die onderneming wat later as die *Sosiologiese Vereniging* bekend was, het goeie werk gedoen tot in 1943, toe dit opgehou het om te funksioneer.

Met die werk wat deur die Sosiologiese Vereniging begin is, het *Cum Animo*, 'n vereniging van Maatskaplike Werk-studente wat in April 1944 gestig is, voortgegaan. By sy stigting het hierdie vereniging vir homself 'n baie verhewe doel gestel. Onder andere is beoog om studente wat die kursus volg saam te snoer en mekaar ook in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beroepslewe behulpsaam te wees. Deur te doen en nie te praat nie, sou getrag word om 'n nuwe gees en rigting in ons volksang en ook in die studentelewe te bring. Ook sou begin word om 'n fonds op te bou om die vereniging in staat te stel om konserte en funksies in voorstedelike gebiede en inrigtinge te reël. As leuse is aanvaar: „Algaande groei ons — al doende werk ons" en in die sestien jaar van sy bestaan het die vereniging deur sy doen en late nog steeds aan die leuse getrou gebly. In 1947 het die buitemuurse studente by die vereniging aangesluit, maar van 1948 af hulle eie tak gevorm. Van 1953 af gee die vereniging sy eie jaarblad uit.

Op aandrang van 'n aantal studente en met die leiding en waardevolle hulp van proff. L. C. de Villiers en D. L. Scholtz is op 2 Oktober 1936 'n *Geologiese Vereniging* aan die Universiteit gestig. 'n Groot aantal ekskursies is sedertdien onderneem na plekke van geologiese belang. In 1949 is in samewerking met die Universiteit van die Witwatersrand 'n Geologiese Vereniging op uniale grondslag gevorm.

Oor die belange van die mediese studente word gewaak deur die *Kliniese Vereniging* wat in 1947 gestig is en waaraan studente in hulle kliniese jare, d.i. die vierde, vyfde en sesde jaar behoort. Interessante lesings, gesellige verkeer en kulturele uitbouing word aan sy lede deur die vereniging gebied. Sedert 1952 word 'n weeklikse nuusblad „Spekulum" uitgegee en onder beskerming van die Mediese Huis versprei.

Die *Vereniging vir Ekonomiese Wetenskappe* wat in 1948 aan die Buitemuurse Afdeling tot stand gekom het, beoog die bevordering van belangstelling in ekonomiese en aanverwante probleme by studente in die ekonomiese wetenskappe, die behartiging van hulle belange as 'n groep in algemene studenteaangeleenthede en die opbou van betrekkinge met verwante instellings buite die Universiteit. Dit is tewens 'n begeerte van die vereniging om die sosiale omgang onder die studente in die fakulteit Handel en Publieke Administrasie te bevorder. In die verbygaan kan daarop gewys word dat in 1929, toe daar nog nie 'n ekonomiese vereniging aan die Universiteit bestaan het nie, dit vir buitemuurse studente moontlik was om teen afsonderlike subskripsie geassosieerde lede van *The Economic Society of South Africa* (*Pretoria Branch*) te word.

Die Liggaamlike Opvoedkunde-Vereniging wat terugdateer tot 1950, bring ons reeds binne die jongste dekade van U.P. se bestaan. Ook hierdie vereniging beywer hom vir die sosiale en ander belange van die groep studente wat kragtens hulle studierigting daaraan mag behoort. Daarby word ook nog voorligting gegee in liggaamsopvoedkundige probleme deur middel van opvoedkundige lesings en filmvertonings, en word verder deur woord en daad daarna gestreef om die praktiese waarde van die leuse „'n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam" by al die studente van die Universiteit te laat inslaan.

Ter afsluiting van wat onder hierdie afdeling oor die verenigingslewe van die Universiteit gesê is, moet nog op die bestaan van die vier babas — nie 'n vierling nie — gewys word. Die *Tandheelkundige Kliniese Vereniging*, die *Ingenieursvereniging*, die *Ouditeursklerkevereniging* en die *Sielkundige Vereniging* het respektiewelik in 1956, 1957, 1958 en 1959 ontstaan en is ondanks hulle jeugdigheid met dieselfde ywer as ou en gevestigde verenigings besig om naas die baie ander geleenthede vir plesier en ontspanning die studente te help om hulle tyd in 'n positiewe rigting te benut.

Ander verenigings

Afgesien van die verenigings wat in die voorafgaande groepe ter sprake gekom het, het die kleur en verskeidenheid van die studentelewe hom ook nog op 'n groot aan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tal ander maniere in die verenigingslewe geopenbaar. 'n Vereniging wat ontspanning en sosiale verkeer ten doel het, is die *Buitemuurse Dansvereniging* wat jaar na jaar sedert 1929 groot geesdrif aan die dag gelê het, vandag reeds 'n instelling is en nie slegs aan die studente bekend is nie, maar ook hoog aangeskrewe staan by die publiek van Pretoria. Daarom bied die danse wat gereël word nie net ontspanning nie, maar dien ook as 'n belangrike skakel tussen die studente en die buitewêreld. Danksy 'n florerende bestaan kon dit deur die jare heen 'n aansienlike kapitaal opbou. 'n Groot deel van hierdie opgehoopte winste word jaarliks in die vorm van rentevrye studielenings aan buitemuurse studente beskikbaar gestel. Nog ouer as die Buitemuurse Dansvereniging is die *Dans Vereniging* wat met toestemming van die Senaat in 1919 gestig is. Van die lotgevalle van hierdie vereniging is egter baie min bekend.

Teen die end van 1921 het die Senaat 'n versoek tot die Verdedigingsmag gerig om 'n eenheid van die Aktiewe Burgermag aan die T.U.K. in te stel. Tydens die „Red Revolt" van stakende mynwerkers aan die Rand in 1922 is die T.U.K.-Skietvereniging opgeroep om saam met die Pretoriase Kommando en die Pretoriase regiment die spoorlyn tussen Pretoria en Germiston wat op plekke deur die stakers opgeblaas is, te bewaak. Na afloop van die episode het die Verdedigingsmag op die versoek van die Senaat gereageer en voorgestel dat die Skietvereniging omgevorm moet word tot 'n kompanjie van die Pretoriase regiment. Dit het gebeur. Die D.-Kompanjie is aan die T.U.K. gevorm met pelotons in die drie koshuise en die dagstudente. Oud-Senator Edgar Brookes was 'n korporaal en dr. Alexander, die huidige direkteur van Veeartsenydiens, 'n sersant.

In 1927 het prof. Bisschop en dr. Quin op versoek van die militêre owerhede 'n *Veterinêre Korps* onder die studente van Onderstepoort gevorm. Die korps het elke jaar by die oefening vir berede magte in Ladysmith aangesluit en 'n nuttige bydrae gelewer. Toe die berede regiment na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog afgeskaf is, is die korps ontbind.



Lugkadette A. S. MAXWELL *en* TAFFY HEROLD.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In Maart 1920 het die Senaat 'n komitee aangewys bestaande uit die rektor en prof. Gundry om met die Sekretaris van Verdediging 'n onderhoud te voer met die oog op die oprigting van 'n *School of Aviation.* Van die poging het blykbaar niks tereggekom nie. Deur die direkte bemoeiing van kol. sir Pierre van Ryneveld is op 1 Julie 1927 egter 'n *T.U.K.-Lugeskadron,* „a sort of volunteer citizen reserve air force," gevorm. Die onderneming het 'n redelike mate van belangstelling gewek en in 1928 het 14 kadette daaraan behoort. Blykbaar het dit nie met al die kadette ewe voorspoedig gegaan nie, want in 'n beriggie wat in Augustus 1928 in die *Pretoria News* verskyn het, word vermeld „T.U.C. air cadets continue to crash." A. D. Wassenaar was die eerste student wat as 'n loods gekwalifiseer het.

Die *No.* 1. *Masjiengeweer-eskadron* is as 'n eenheid van die Aktiewe Burgermag aan die begin van die tweede semester in 1930 gevorm, nadat 'n aantal studente onder leiding van kaptein W. P. de Villiers en luitenant Schilz gedurende die wintervakansie 'n instrukteurskursus aan die Militêre Kollege te Robertshoogte deurloop het. Die oogmerk met die instelling van die eskadron was om diensplig te stel om met die minste ongerief hulle diensplig na te kom. Instrukteursklasse is by die Universiteit gehou en skietparades op die eskadron se skietbaan by die proefplaas, of op die Kwaggaspoortbaan. Dr. Schilz het prof. W. P. de Villiers as offisier-in-bevel opgevolg. In 1936 is hy vir studie oorsee en omdat niemand gevind kon word om in sy plek waar te neem nie is die eskadron ontbind.

In die loop van 1950 is die *Eerste Observasieregiment Suid-Afrikaanse Artillerie B.M.* deur die Verdedigingsmag gevorm. Weer was die oogmerk om studente wat diensplig is in die geleentheid te stel om op die gerieflikste wyse hulle diensplig na te kom. Toe die regiment ingestel is, was dit belas met Radar-opmeting en Geluid- en Klankmeting. Sedert 1955, toe komdt. L. J. le Roux as bevelvoerder oorgeneem het,



No. 1 *Masjiengeweer-eskadron,* 1932.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het dit oorgegaan in 'n veldregiment van die Suid-Afrikaanse Artillerie, bewapen met 25-ponderkanonne. Die regiment met sy hoofkwartier in Potchefstroom bestaan uit drie batterye, onderskeidelik gevestig aan U.P., U.O.V.S. en P.U. vir C.H.O. Rekrute ondergaan ses weke oefeninge gedurende Januarie en Februarie by die militêre kamp in Potchefstroom en weermanne drie weke gedurende Julie. Op die oomblik is komdt. L. J. le Roux bevelvoerder van die regiment met majoor J. H. Vorster tweede in bevel. Majoor C. A. du Toit is batterybevelvoerder aan U.P.

Naas die bogenoemde suiwer militêre ondernemings het nog 'n aantal bekende semi-militêre organisasies aan die Universitiet wortel geskiet. So is bv. op 21 Maart 1945 die *Fakkelveldkornetskap* van die Voortrekkerbeweging onder bevel van veldkornet A. H. van Zyl aan U.P. gestig. Ongeveer dieselfde tyd het hier 'n lewendige tak van die *S.A. Noodhulpliga* bestaan. Verskillende kursusse, o.a. in Noodhulp, Tuisverpleging, Volksgesondheid, Kindersorg en Moederkunde kon gevolg word. Verder terug in die verlede tref ons ook die *Handhawersbond, Wyk U.P.*, aan. Die organisasie was op militêre grondslag georganiseer en P. C. Coetzee het die rang van generaal beklee. Dit het in noue voeling gestaan met die A.S.B. en ander verenigings wat die bevordering van die Afrikaanse kultuur beoog het.

Teen die einde van die dertigerjare het aan die Buitemuurse Afdeling 'n *Calvinistiese Studiekring* bestaan. Die doel van die studiekring was om deur navorsing die Calvinistiese beginsels op wetenskaplike gebied aan te kweek en voort te plant. Aan die begin van die veertigerjare is 'n belowende begin met 'n tak van die *Reddingsdaadbond* gemaak. Veral prof. Henning het hom baie vir die saak beywer en die sukses wat behaal is, moet grootliks aan sy geesdrif toegeskryf word.

In die dae toe die A.N.S. in 'n totalitêre rigting opgegaan het, het 'n deel van die studente wat hulle nie met die rigting kon vereenselwig nie belangstelling in die *Nasionale Jeugbond* geopenbaar. Omdat die Jeugbond so nou aan 'n politieke party verbonde was, was dit, wat die Universiteit betref, 'n verbode organisasie en daarom het die studentetak maar onder die skaduwee van die Union Jack in die Sons of England-saal, nouliks 'n halfmyl van die Universiteit af, vergader. Op 20 Augustus 1950 is egter toegestem dat 'n studentetak van die Nasionale Jeugbond met die reg om sale en kennisgewingborde te gebruik, aan U.P. gestig kan word. Die stigting was egter onderworpe aan bepaalde voorwaardes. Net ingeskrewe studente mag lid word en net lede van die studentetak mag die takvergaderings bywoon. Kennisgewings moet beperk wees tot saaklike aankondigings, terwyl dit baie duidelik gestel is dat nooit by die S.S.R. om finansiële steun aansoek gedoen mag word nie.

Dit is heeltemal logies dat die kleurryke studentelewe van die Universiteit ook een of meer geheime of halfgeheime organisasies sou oplewer. Aan die begin van die twintigerjare is baie geargumenteer of die *Student's Highly Select Society* (S.H.S.S.) tot hierdie kategorie behoort. Twee dekades later was dit min of meer dieselfde geval met 'n afdeling van die *Ossewabrandwag* wat aan die Universiteit bestaan het. Maar geheim of half-geheim — dit maak nie baie saak nie. Wat daar gebeur het, was in elk geval van 'n vertroulike aard en nie bedoel om hier oorvertel te word nie.

GEESTELIKE BEARBEIDING VAN STUDENTE

OMDAT 'n hoë persentasie van die studente aan die Universiteit nie in Pretoria woonagtig is nie en ouers in die reël besorgd is om te weet of die Christelike grondslae van die ouerhuis altyd behoorlik in ag geneem word, is die geestelike bearbeiding van die groot aantal jongmense 'n saak wat met erns bejeën word. Onder die diepe besef dat die vrees van die Here die beginsel van Wysheid is, word geredelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanvaar dat die vorming van die geestelike lewe gedurende die ontvanklike studentejare net so swaar weeg as die vorming van die intellektuele en kulturele lewe.

Die universiteitsowerheid sorg dat aan die universiteit 'n atmosfeer heers waarin die Christenmens hom tuis kan voel en met gemak kan beweeg, maar kan uiteraard as openbare instelling nie meer as hierdie gunstige voorwaarde skep nie. Dit is ook nie nodig nie, omdat die drie susterskerke roepingsbewus elkeen sy eie akker bearbei.

Met die groei en ontwikkeling van die Universiteit het die behoefte aan die geestelike bearbeiding van die steeds groter wordende studentegemeenskap met sy eie probleme die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Transvaal daartoe beweeg om spesiale aandag aan die saak te wy. In September 1928 is dr. Dio Moorrees as die eerste studenteleraar hier in die noorde aangestel met 'n besonder uitgebreide werkkring. Hy moes naamlik vier sentrums in Transvaal waar studente opgelei word, een in die Vrystaat en een in Natal besoek, t.w. Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Heidelberg, Bloemfontein en Pietermaritzburg.

Al spoedig het dit geblyk dat met die oog op deeglike bearbeiding hierdie trekkerslewe van die arbeider ondoeltreffend is. Hy het min of meer net geleentheid gehad om oral te preek en juis die rustiger en intiemer persoonlike werk, wat onder studente so uiters belangrik is, was haas onmoontlik. By hulle, meer as by ouer mense, is daar 'n groot gevoeligheid vir belangstelling en vriendskap, en 'n behoefte aan openhartige gesprek.

Dr. Moorrees is in Augustus 1933 opgevolg deur proponent, nou prof. H. D. A. du Toit. Die volgende jaar besluit die Transvaalse Sinode dat die Transvaalse kerk sy eie studenteleraar moet hê. Die drie universiteite en die vier normaalkolleges word dus nou 'n afsonderlike werkkring. Prop. Du Toit bly net een jaar in dié kring werksaam en word in Augustus 1935 opgevolg deur ds. André McDonald. Hy neem ook kort daarna 'n beroep aan en vertrek in Januarie 1937.

Dit was nog maar die dag van klein dinge. Die groot uitbreiding van ons universiteite en van die groei en betekenis van studentewerk sou spoedig volg. In September 1937 word prop. Ben Marais beroep in die plek van ds. McDonald. Met hom tree die werk 'n heeltemal nuwe fase binne. Ds. Ben Marais sou twaalf jaar lank studentepredikant bly. Gedurende hierdie twaalf jaar is die werk se fondamente heg gelê. Al die besondere metodes — studentedienste, die persoonlike besoek van studente op hulle kamers, die jaarlikse Pinksterdienste, die ontmoet van klein besprekingsgroepe in koshuise en onder dagstudente — kry nou vaste patroon of word gedurende hierdie tyd begin. Die instelling van Pinksterdienste kan as voorbeeld geneem word. In 1938, toe dit deur ds. Marais begin is, het twaalf studente opgedaag en kon in 'n gewone klaskamer bymekaargekom word. Toe hy na twaalf jaar uittree, het die getal gegroei tot 500.

Middelerwyl het die studentegetalle steeds gegroei. In 1940 reeds besluit die Sinode om die Transvaalse werkkring in twee te verdeel met Pretoria en Heidelberg en Johannesburg en Potchefstroom as afsonderlike werkkringe. Ds. Marais is na albei werkkringe beroep, maar neem Pretoria aan en word so die eerste studenteleraar van Pretoria. Tot in 1946 val Heidelberg ook nog onder hom maar daarna uitsluitlik Pretoria.

In 1949 volg ds. Marais dr. Nicol op as predikant van die gemeente Pretoria-Oos, dieselfde gemeente waaraan hy reeds al die jare as studentepredikant verbind was. As studentepredikant word hy opgevolg deur ds. C. F. B. Naudé wat ongeveer vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

jaar die amp met onderskeiding vul. In die tussentyd is die werkkring van Pretoria self onder die druk van steeds groeiende getalle in drie verdeel met een predikant vir die studente rondom die universiteit, 'n tweede onder die normaalstudente en 'n derde onder die mediese studente.

Ds. Kobus Potgieter volg ds. Naudé in 1955 op, terwyl ds. Jannie Malan onder die mediese studente en wel as medeleraar van Riviera werk, en ds. Dirk Viljoen onder die studente van die Normaalkollege, eers as medeleraar van die gemeente Sunnyside en nou van die gemeente Harmonie.

Die Ooskerk (Pretoria-Oos) was maar steeds die eintlike studentekerk van die universiteit. Van 1947 af is dit dikwels te klein vir die groot getal studente, veral gedurende die eerste drie en laaste twee maande van die jaar. Daar is met verloop van tyd vir gedeeltes van die jaar aanddienste in die A. E. du Toit-gehoorsaal gehou, maar tans oorweeg die gemeente Pretoria-Oos die aanbou van 'n tweede kerk in die universiteitsbuurt om te voorsien in die geestelike behoeftes van 'n steeds groeiende studentegemeenskap.

Die Hervormde kerk volg enigsins 'n ander patroon met die bearbeiding van studente wat tot dié kerk behoort. Hier word geen afsonderlike studentegemeentes beoog nie, maar word daarna gestreef om die leier op intellektuele en geestelike gebied, en bygevolg ook die studente as wordende leiers, as 'n integrale deel van die kerk by die plaaslike gemeente in te skakel. Daarom word die studente in en vanuit die plaaslike gemeente bearbei, en het alle besondere bearbeiding ten doel die nouer en beter inskakeling by en aktivering in die plaaslike gemeente. Om dié rede dien baie studente bv. in die kerklike organisasie as kerkraadslede.

Tot 1952 is die studente gewoonweg as lidmate van die gemeente beskou en op die gewone wyse deur die plaaslike predikant bearbei, daarin aktief bygestaan deur die wykskerkrade. Deur middel van die kerklike studenteverenigings wat nou met die plaaslike predikant skakel, kon nog altyd 'n intieme verhouding gehandhaaf word.

Vir intensiewer bearbeiding is sedert 1952 'n besondere ouderling en diaken vir die studente aangewys. Prof. B. J. Engelbrecht was die eerste studenteouderling en tree vandag nog in die hoedanigheid op. Sedert 1952 is met 'n aparte kerkgebou en gemeente in Pretoria-Oos, dig by die koshuise, 'n baie intensiewer bearbeiding van studente deur die genoemde kerkraadslede en veral deur die predikant en predikantsvrou van die gemeente, ds. en mev. L. M. le Roux, moontlik. Veral die predikantsvrou verrig goeie werk onder die damestudente en betrek hulle op doeltreffende wyse in die gemeentelike lewe.

In Junie 1958 is nogmaals in 'n voorwaartse rigting beweeg, toe ds. C. L. van den Berg predikant van die Pretoria-gemeente geword het. Met sy bevestiging het hy as besondere opdrag ontvang die bearbeiding van studente op bogenoemde wyse, nl. inskakeling by en aktivering in die plaaslike gemeente.

Ook van die kant van die Gereformeerde kerk word noulettend op die belange van die studente wat tot die kerk behoort, aggeslaan. Uit die aard van die saak gaan dit in hierdie geval om 'n kleiner aantal studente wat buitendien verspreid oor 'n groot gebied in die stad aangetref word. Daarom word hier byna die vanselfsprekende gedragslyn gevolg om die belange van die studente aan die sorg van die plaaslike predikant en kerkraad oor te laat. Dr. B. R. Krüger, predikant van die Gereformeerde gemeente Brooklyn, is uit hoofde van sy standplaas die intiemste by die saak gemoeid en gee bygevolg besondere aandag aan die bearbeiding van studente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert die begin van 1959 het die Joodse Raad van Afgevaardigdes 'n raadgewer vir Joodse studente aan die Suid-Afrikaanse universiteite benoem. Mnr. Leo Schwarz doen grootliks die soort werk ten opsigte van Joodse studente wat gewoonlik verbind word met die geestelike bearbeiding van 'n bepaalde groep studente.

BOND VAN OUDSTUDENTE

TOE die Studenteblad van die ou T.U.K. in 1912 die eerste lewenslig aanskou het, was dit opvallend watter prominente plek daarin aan „Ons oud-studente" afgestaan is. Trouens, verskillende oudstudente het lewendig belang gestel en 'n belangrike bydrae, moreel sowel as andersins, tot die verskyning van die eerste jaarblad gelewer. Daarna het die oudstudente 'n tyd lank op die agtergrond verdwyn en is vir sover vasgestel kan word geen besondere belangstelling in hulle geopenbaar nie.

Met die loop van tyd het by oudstudente self 'n behoefte aan een of ander organisasie ontstaan waardeur hulle met mekaar en ook met die inrigting waaraan hulle verbonde was, voeling kon bewaar. Die persoon wat die leiding geneem het, was adv. A. A. Roberts wat in latere jare nog 'n baie belangrike rol, eers as registrateur en daarna as raadslid, in die geskiedenis van die jong inrigting sou speel. Vroeg in 1918 het hy 'n groep belangstellendes bymekaar gekry, toe onder voorsitterskap van prof. MacFadyen besluit is om 'n oudstudente-organisasie wat in Afrikaans as *Die Transvaal Universiteits Kollege Oud-studente Vereniging* en in Engels as *The Transvaal University College Past Students Association* bekend sou staan, te vorm.

By hierdie geleentheid is A. Meester wat toe aan die personeel van die Boys' High-skool verbonde was en in 1909 op die heel eerste studenteraad gedien het, tot voorsitter verkies. Dr. P. W. Zorn is met die sekretarisamp belas. Tot ongeveer 1931, toe die eerste belangrike verandering in die oudstudente-organisasie ingetree het, het Ulrich Rissik en T. P. C. Boezaart ook as voorsitters van die vereniging opgetree, terwyl J. B. Osborne, mej. Dien Wyers en H. B. Grant Mackenzie, dr. Zorn as sekretaris opgevolg het. Prominente lede van die Oudstudente-Vereniging gedurende die vroegste jare sluit onder meer in die twee broers Ulrich en Harry Rissik, Kleinjan van Bruggen, George Findlay, Frans le Roux, Toon van den Heever, Adriaan Roberts, David Gould, Daan Nel, Freddie van Blommenstein, E. P. Niemeyer J. Perold, P. R. de Villiers, Jannie Rademeyer en Fatty Henning.



T. P. C. BOEZAART.

Die oogmerke van die vereniging was wat 'n mens in die reël van so 'n organisasie sal verwag. Dit het beoog om oudstudente met mekaar en met hulle Alma Mater in voeling te hou, inligting rakende hulle lotgevalle te versamel en bekend te stel, om geleenthede te skep vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gesellige verkeer, fondse in te samel en in belang van die inrigting aan te wend, en heeltemal in die algemeen namens en ten behoewe van oudstudente op te tree.

Gedurende die twaalf, dertien jaar van sy bestaan het die bestuur van die vereniging nie alleen sonder onderbreking goed gefunksioneer nie, maar is daar ook sedert 1923, toe dit gebruiklik geword het om jaarliks Herdenkingsdag te vier, by die geleentheid gereeld 'n sametrekking van oudstudente gereël. Sport en vermaaklikheid van allerlei aard is dan aangebied en oudstudente is in die geleentheid gestel om nie slegs met mekaar nie maar ook met die personeel en studente gesellig te verkeer.

Om by die werksaamhede van die Oudstudente-Vereniging in besonderhede stil te staan, sal ons te ver voer, sodat in die verbygaan slegs die een en ander van sy bedrywighede genoem word. In 1919, toe die T.U.K. die trotse besitter van sy eie banier geword het, was dit in hoofsaak die Oudstudente-Vereniging wat vir die ontwerp en voorbereiding daarvan verantwoordelik was. By geleentheid van 'n re-unie wat in November 1919 plaasgevind het, is die banier oorhandig toe die oudstudente deur die personeel van die Kollege onthaal is.

'n Faktor wat in en na 1923 groot belangstelling vir die Oudstudente-Vereniging gaande gemaak het, was die besluit wat in daardie jaar deur die bestuur geneem is dat, waar moontlik, net oudstudente as verteenwoordigers op die Kollegeraad gekies behoort te word. Op hierdie beginsel is kort na mekaar aan drie verkiesings deelgeneem wat al drie deur die Oudstudente-Vereniging gewen is.

In 1926 het die bestuur met 'n stelsel van lewenslidmaatskap begin. Kingsley Latham was die eerste lewenslid van die vereniging. Ongelukkig het die lys van lewenslede op een of ander wyse verlê geraak waardeur in later jare, toe met die stelsel voortgegaan is, aansienlik ongerief ontstaan het en by baie oudstudente 'n mate van onvergenoegdheid in die hand gewerk is.

In 1930, toe die universiteitswording reeds in sig was en van Raadsweë 'n komitee aangewys is om op die wenslikheid van 'n nuwe wapen vir die Universiteit in te gaan, het die Oudstudente-Vereniging twee verteenwoordigers op die komitee gehad, naamlik adv. A. A. Roberts en adv. C. P. Bresler. Onmiddellik nadat die T.U.K. onafhanklik geword het, het die Oudstudente-Vereniging 'n afsonderlike kleurbaadjie en das vir sy lede ontwerp. In amptelike taal is die kleurbaadjie wat baie sierlik hoewel nie altyd ewe dienlik was nie, soos volg beskryf: „Op 'n wit agtergrond, met tussenruimtes van $3\frac{1}{2}$ duim, 'n reeks afwisselende vertikale dieprooi, donkerblou en ou-goudkleurige strepe $\frac{1}{2}$ duim, $\frac{1}{4}$ duim en $\frac{1}{8}$ duim breed."

Die verhoogde status van 1930 was nie sonder uitwerking op die voortbestaan van die Oudstudente-Vereniging nie. Waar in die dae van die T.U.K. die oudstudente twee verteenwoordigers op die Raad van die Universiteit kon aanwys, is in die nuwe bedeling voorsiening gemaak vir vier verteenwoordigers van die Konvokasie op die Universiteitsraad. Omdat al die oudstudente namens wie die Oudstudente-Vereniging opgetree het nie lede van die Konvokasie was nie, kon die vereniging hom moeilik gesaghebbend inlaat met die nominasie vir en verkiesing van die verteenwoordigers van die Konvokasie op die Raad. By die nuwe omstandighede het die Oudstudente-Vereniging hom verrassend vinnig aangepas, want reeds op 14 Maart 1931 skryf mnr. Boezaart wat sedert 1922 sonder onderbreking met die leiding van oudstudenteaangeleenthede belas was, aan die rektor van die bestaan van *Die Oud-Studente en Konvokasie Unie van die Universiteit van Pretoria* as opvolger van *Die Oud-Studente Vereniging van die T.U.K.*

Of die veranderde omstandighede en die nuwe status van die Universiteit alleen vir die vinnige aanpassing verantwoordelik was, staan te betwyfel. Aan die begin van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die dertigerjare was die Handhawersbond besonder aktief in Pretoria. Onder invloed van hierdie beweging het 'n groep oudstudente onder leiding van L. J. Rautenbach in belang van die Afrikaanse saak handelend opgetree, die bestaande Oudstudente-Vereniging doelbewus verbygegaan en aan die begin van Desember 1930 *Die Unie van Konvokasielede vir die Bevordering van Afrikaanse Kuns, Kultuur en Taal aan die Universiteit van Pretoria* gevorm.

In 'n skrywe aan die sekretaris van die Raad waarin die nuwe organisasie wat onder die kort naam *Die Afrikaanse Konvokasie Unie* bekend gestaan het om amptelike erkenning vra, is 'n afskrif van sy konstitusie ingesluit. Daaruit blyk dat die Unie met betrekking tot sy doelstellings nie noemenswaardig van die *Oud-Studente en Konvokasie Unie* verskil het nie. Slegs in soverre die Unie hom ten doel gestel het om ooreenkomstig sekere beginsels „sorg te dra dat die Afrikaanse taal tot sy volle reg sal kom en dat die Afrikaanse kultuur gehandhaaf sal word", het die ander organisasie van hom verskil omdat die oudstudente-organisasie — onverskillig watter een erken sou word — langs dié weg in 'n seksionele rigting gestuur sou word waaraan in 1931 nie gedink kon word nie.


Hoofsaaklik as gevolg van hierdie enkele verdelingspunt het mnr. Boezaart namens sy organisasie nie skerp nie, maar sterk gereageer. In 'n brief aan die Raad verwelkom hy namens sy bestuur die stigting van ander organisasies, omdat belangstelling in die doen en late van oudstudente op dié wyse aangemoedig kan word. Ter wille van ko-ordinasie versoek hy dat in beginsel toegegee sal word dat „ons vereniging eerste aanspraak het op aanblywende erkenning as die offisiële mondstuk van oudstudente en konvokasie-lede."

Die Raad was deur hierdie versoek enigsins in die hoek gedryf. Om daaraan te voldoen, sou beteken dat tussen oudstudente-organisasies gekies moes word wat waarskynlik baie onverstandig sou wees. Die Raad het hom derhalwe ook net by die beginsel van die saak bepaal en besluit dat hy dit hoogs wenslik ag dat oudstudente en konvokasielede deur een organisasie verteenwoordig moet word en die saak na 'n komitee bestaande uit die rektor, prof. Wallis, adv. Roberts en mnr. Boezaart vir advies verwys. Soos verwag kan word, het die komitee aanbeveel „dat aangesien die Oudstudente en Konvokasie Unie van die Universiteit van Pretoria, synde die opvolgers van die Oudstudente-Vereniging van die T.U.K. vanaf 1918 tot hede as sodanige skakel gedien het, en aangesien hy deur sy konstitusie bewys lewer dat hy die geskikte liggaam daartoe is, die Raad derhalwe sal verklaar dat genoemde Unie in die vervolg ook as sodanige skakel sal dien daar voldoende bewys gelewer is dat daar voorsiening gemaak is om die wense van alle seksies van oudstudente en konvokasielede behoorlik in ag te neem."

Selfs hierna wou die Raad nie 'n beslissing neem nie. Aan die end van 1931 het die Uitvoerende Komitee van die Raad besluit om die saak te laat oorstaan tot Maart 1932, waarskynlik in die hoop dat die saak hom mettertyd self sal oplos. As dit die verwagting van die Raad was, is hy daarin nie teleurgestel nie. Kort daarna het 'n volledige amalgamasie van die twee verenigings onder die naam van *Die Oudstudente en Konvokasie Unie van die Universiteit van Pretoria* plaasgevind. So volkome het *Die Afrikaanse Konvokasie Unie* in die nuwe organisasie opgegaan dat, behoudens 'n enkele bepaling, al sy doelstellings nie slegs volledig nie maar selfs woordelik saam met die bepalings van die ou *Oud-Studente Vereniging* se konstitusie in die gekonsolideerde grondwet van *Die Oud-Studente en Konvokasie Unie* opgeneem is. Dat die saak per slot van rekening so doeltreffend gereël kon word, moet sonder twyfel onder andere daaraan toegeskryf word dat mnr. Boezaart en mnr. Rautenbach wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onderskeidelik namens die twee organisasies opgetree het, teen hierdie tyd albei lede van die Universiteitsraad was, mekaar nie alleen goed geken het nie maar ook goed bevriend was en in baie ander sake in belang van die Universiteit hartlik saamgewerk het.



H. B. GRANT MACKENZIE.

Sedert 1932 het die oudstudenteorganisasie onder die nuwe benaming net so reëlmatig gefunksioneer as wat voor 1930 die geval was. Die bestuur het maandeliks bymekaargekom — tot 1935 op een of ander plek in die stad en daarna by voorkeur in die universiteitsklubgebou. Die gebruik het toe ook ontstaan om die bestuursvergaderings meer gesellig te maak. Vir die doel kon bestuurslede ander oudstudente uitnooi om die vergaderings as gaste by te woon. Onder die bestuurslede van dié dae het persone soos adv. A. A. Roberts, proff. S. P. Viljoen, Arndt, De Loor, Lombaard, Duminy en Davel en mnre. Van Wyk, Dragt en Starke groot belangstelling geopenbaar en baie vir die Unie gedoen. Die sentrale leiding het egter nog altyd by die tweemanskap, mnr. Boezaart en mnr. Mackenzie, berus wat respektiewelik as voorsitter en sekretaris opgetree het.

Te midde van die vreedsame bestaan van die *Oud-studente en Konvokasie Unie* verneem ons in 1935 van 'n ander organisasie wat as die *Afrikaans Nasionale Konvokasie Bond* bekend gestaan het. Wanneer die organisasie gestig is en wie daaraan behoort het, is onbekend. Klaarblyklik het die Bond nie in 'n groot ledetal of in amptelike erkenning belang gestel nie en net as 'n soort waghond opgetree wanneer, na sy oordeel, Afrikaanse belange aan die Universiteit op die een of ander wyse in die gedrang gekom het. Tydens die rektorsverkiesing van 1935 het die Bond hom bv. geroepe geag om sterk teen een van die kandidate op te tree en in wye kring steun te soek teen sy kandidatuur. Dit kan met sekerheid aanvaar word dat van die Bond nooit groot invloed uitgegaan het nie. Na 1935 word nie meer daarvan gehoor nie.

Tot in 1937 moes die *Oud-Studente en Konvokasie Unie* uitsluitlik op eie kragte staat maak en is al die werk van die organisasie deur die bestuurslede in 'n erehoedanigheid verrig. Om 'n samehorigheidsgevoel by oudstudente te kweek en hulle in voeling te hou met die Universiteit, het die Raad in 1937 besluit om aan die end van elke maand van die akademiese jaar 'n blaadjie, *Universiteitsnuus*, uit te gee en gratis aan oudstudente te stuur. Die eerste nommer van die blaadjie wat slegs vier bladsye beslaan het, het in September 1937 verskyn. Van Maart 1938 af verskyn die blaadjie vier maal per jaar en beslaan dit agt bladsye. Die propagandasekretaris, F. S. Steyn, tans L.V. vir Kemptonpark, het as redakteur opgetree.


Die verskyning van die blaadjie was nie sonder uitwerking nie. Onmiddellik het die belangstelling, nie slegs in die Universiteit nie, maar ook in die Oudstudenteorganisasie toegeneem. Om die groeiende belangstelling aan te wakker, word na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oorlegpleging tussen die rektor, mnr. C. F. Schmidt, en die bestuur van die „Oud-Studente en Konvokasie Unie", besluit om die konstitusie van die Unie, waar nodig, in hersiening te neem en by die behoeftes van die tyd aan te pas. Die beoogde wysigings sou op die jaarvergadering, bepaal vir 27 Oktober 1938, aangebring word.

Op die jaarvergadering is die konstitusie op 'n paar punte van ondergeskikte belang gewysig. Die organisasie sou voortaan bekend staan as *Die Oud-Studente en Konvokasiebond van die Universiteit van Pretoria* waarmee die beginsel van tweetaligheid, na dit voorkom, ook oorboord gegooi is. Ook met betrekking tot lidmaatskap is 'n geringe wysiging aangebring. Sedert die ontstaan van die Oudstudente-Vereniging in 1918 het die lidmaatskap van die vereniging oopgestaan vir elke student wat aan die T.U.K. gestudeer het. In later jare is in dié opsig 'n verandering aangebring, veral nadat met Konvokasiebelange rekening gehou moes word. Na 1932 is lede van die *Oud-Studente en Konvokasie Unie* in A- en B-lede verdeel. Tot A-lede is gereken almal wat as lid van die Konvokasie geregistreer is, terwyl oudstudente wat minstens een jaar *bona fide* ingeskrewe studente van die Universiteit of Kollege was, B-lede kon word. Die twee groepe sou in elke opsig dieselfde regte geniet, uitgesonder die reg van nominasie van en stem vir verteenwoordigers van die Konvokasie op die Universiteitsraad. Dié reg is volgens wet tot A-lede beperk. Op die jaarvergadering van 1938 is die bepaling met betrekking tot B-lede so gewysig dat slegs Oudstudente wat minstens twee jaar *bona fide* studente aan die Universiteit was en in minstens een akademiese studiejaar geslaag het, lid van die Bond kon word.

Op die vergadering van 27 Oktober 1938 het mnr. T. P. C. Boezaart as voorsitter afgetree, nadat hy 16 jaar lank ononderbroke in die hoedanigheid gedien het. Ook mnr. Grant Mackenzie het na baie jare van vrugbare diens die sekretarisamp neergelê. Voortaan sou die propagandasekretaris van die Universiteit ook sekretaris van die Bond wees. In die plek van mnr. Boezaart is mnr. F. J. le Roux onbestrede tot voorsitter verkies.



F. J. LE ROUX.

Die reorganisasie het groot verwagtings gewek en op die vergadering is geesdriftig besluit dat die bestuur hom sou beywer vir die oprigting van 'n studiefonds en dat pogings aangewend sou word om die oudstudente van die T.U.K. wat as lede van die Konvokasie van die Universiteit van Suid-Afrika geregistreer was, geleentheid te gee om by die Konvokasie van die Universitiet van Pretoria aan te sluit. By die universiteitswording in 1930 is bepaal dat oudstudente van die T.U.K. wat hulle grade deur die Universiteit van Suid-Afrika ontvang het, lidmaatskap van die Universiteit se Konvokasie kon verwerf, mits hulle binne twaalf maande na die inwerkingtreding van die Universiteitswet daarvoor aansoek doen. Hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bepaling was waarskynlik nie goed bekend nie, sodat bogenoemde besluit nie onredelik skyn nie. Op die vergadering is die gedagtes vrye vlug gegee met die gevolg dat 'n groot verskeidenheid take aan die bestuur opgedra is.

Die hoë verwagtings van 1938 is egter nie verwesenlik nie. Waaraan dit geskort het, is moeilik om te verklaar, maar in plaas van 'n bloeiperiode tegemoet te gaan, het die Bond gekwyn. Die feit dat die propagandasekretaris in hierdie tyd die diens van die Universiteit verlaat het, het waarskynlik veel met die toedrag van sake te doen gehad. Teen 1940 was die bestuur so onaktief dat die Bond vir alle praktiese doeleindes opgehou het om te bestaan.

Gelukkig is die situasie daarna nie gelate aanvaar nie en nadat van verskillende kante besorgdheid uitgespreek is, het die rektor (prof. M. C. Botha) die leiding geneem en 'n klein groepie belangstellendes uitgenooi om aan 'n samespreking op die 9de September 1943 deel te neem. Nadat op die vergadering vasgestel is dat die *Oud-Studente en Konvokasie Bond* nie meer bestaan nie, is op voorstel van prof. De Loor besluit dat 'n nuwe Bond gestig moet word. 'n Interimkomitee onder voorsitterskap van mnr. F. J. le Roux is aangewys om soveel oudstudente moontlik uit te nooi na 'n dinee wat belê is vir Saterdagaand, 13 November 1943, „waarna 'n algemene vergadering met die oog op die stigting van 'n Oud-Studente en Konvokasie Bond, gehou kon word."

Na afloop van die dinee wat deur 'n groot en geesdriftige groep Tukkies bygewoon is, het mnr. Le Roux die oogmerke van die byeenkoms uiteengesit waarna eenparig besluit is tot die herstigting van die *Oud-Studente en Konvokasie Bond van die Universiteit van Pretoria.* 'n Hele aantal amendemente is op die konsepkonstitusie voorgestel en in 'n gees van welwillendheid na die bestuur vir afhandeling verwys. Voordat die vergadering met die oorlogskreet verdaag het, is 'n bestuur bestaande uit 22 lede aangewys om met die werksaamhede van die Bond voort te gaan.

Toe die bestuur daarna op 25 Februarie 1944 bymekaarkom, is mnr. F. J. le Roux tot voorsitter gekies. Hy is teen die end van die jaar en wel op 14 Desember 1944 deur prof. B. V. Lombaard opgevolg. Op 8 Maart 1951 het dr. H. Muller voorsitter van die Bond geword en op 16 November 1956 dr. A. W. Lategan. Hy is tans nog voorsitter. Wat die sekretarisamp betref, is selfs nog groter bestendigheid bereik. In die eerste konstitusie van die Bond is bepaal dat tensy die bestuur anders besluit, die organiserende sekretaris van die Universiteit ook as sekretaris van die Bond optree. In hierdie hoedanigheid word mnr. J. Vorster die eerste sekretaris. Op 14 Desember 1944 word hy deur mnr. C. H. Cilliers opgevolg wat vandag nog sekretaris is.



B. V. LOMBAARD.

Na die herstigtingsvergadering van 13 November 1943 het die bestuur, met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inagneming van al die voorgestelde wysiginge 'n grondwet vir die organisasie voorberei wat by geleentheid van die daaropvolgende jaarvergadering wat op 14 Desember 1944 plaasgevind het deur die lede aanvaar is. Die opvallendste nuwigheid wat die grondreëls bied, is dat die vorige naam oorboord gegooi is en in die plek daarvan aanvaar is *Die Oudstudentebond van die Universiteit van Pretoria.* Hoewel dit in later jare nodig was om die grondreëls by verskillende geleenthede in hersiening te neem, is die doeleindes van die Bond nie drasties verander nie.

Die ingrypendste verandering na 1944 het waarskynlik met betrekking tot die samestelling van die bestuur plaasgevind. Aanvanklik het die bestuur uit twaalf verkose lede en die verteenwoordigers van die Konvokasie op die Universiteitsraad, vir sover hulle lede van die Bond is, bestaan. In 1946 word nog drie lede tot die bestuur toegevoeg van wie twee deur die Binnemuurse en een deur die Buitemuurse V.S.R. benoem word. In 1952 is in die lig van heersende omstandighede weer eens 'n verandering aangebring, toe bepaal is dat die bestuur sal bestaan uit tien verkose lede, die rektor van die Universiteit, die verteenwoordigers van die Konvokasie op die Universiteitsraad wat lede van die Bond is, een verteenwoordiger van elke tak van die Bond en vier ander lede. Twee hiervan moet deur die Binnemuurse V.S.R. en een elk deur die Buitemuurse V.S.R. en die V.S.R. van die Normaalkollege benoem word.

Aan die end van 1957 is die samestelling van die bestuur vir die laaste keer in hersiening geneem. Takverteenwoordigers verdwyn van die bestuur, maar die voorsitter van die Konvokasie kom ampshalwe by. Die vier verteenwoordigers van studenterade word gehandhaaf maar op 'n enigsins ander wyse aangewys. Naas een lid wat deur die Buitemuurse V.S.R. benoem word, word drie lede deur die Binnemuurse V.S.R. aangewys en wel op so 'n wyse dat een 'n afgestudeerde uit die Natuurwetenskaplike fakulteite, een 'n afgestudeerde uit die fakulteite vir Geesteswetenskappe en een 'n Pretoriase Normaalkollege-oudstudent is wat tegelyk 'n afgestudeerde van die Universiteit is.

Gedurende die eerste jaar van sy bestaan het die „Oud-Studentebond" dit moeilik gevind om kop bo water te hou. Hoewel die bestuur gereeld bymekaargekom en ywerig met oudstudente geskakel het, is die eerste jaar afgesluit met nege lede minder as waarmee dit begin het. Daarna het dit in toenemende mate goed gegaan en danksy veral die ondernemingsgees van 'n belangstellende sekretaris by wie dit nooit aan vindingrykheid ontbreek nie, beskik die Bond vandag oor meer as 800 lede. Groot sukses is ook met die stelsel van lewenslede behaal. Na 'n karige oes van ses aan die end van die eerste jaar van die Bond se bestaan is tans 561 lewenslede ingeskryf.

Een van die faktore wat belangrik tot die sukses van die Bond bygedra het, is dat dit van die begin af oor 'n eie publikasiemedium beskik het waardeur dit onder die aandag van oudstudente en huidige studente gekom het. In 1944 is besluit om die studentekoerant van die Universiteit, *Die Nuwe Perdeby*, as amptelike orgaan van die Bond te aanvaar en dit gratis aan lede te stuur. Van tyd tot tyd het berigte oor die doen en late van die Bond daarin verskyn en by twee geleenthede is met die welwillende medewerking van die studente spesiale Bonduitgawes van *Perdeby* uitgegee. In 1952 word 'n stap verder gevorder toe die bestuur besluit het om 'n Oudstudenteblad uit te gee. Met die poging is veel sukses behaal, sodat in 1953 daarmee voortgegaan is. Toe die reeds goedbekende en ewe gewilde *Skakelblad* in Junie 1954 vir die eerste keer verskyn en 'n groot aantal biografiese besonderhede oor oudstudente bevat, het die bestuur geoordeel dat daar nie meer behoefte aan 'n afsonderlike Oudstudenteblad bestaan nie. Sedertdien word baie intiem met *Skakelblad* saamgewerk en so


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onlangs as in April 1959 kon weer 'n spesiale Oudstudente-uitgawe van *Skakelblad* verskyn.

Nadat die Oudstudentebond sy eerste groeipyne oorleef het, het dit planmatig verder ontwikkel en 'n onmisbare instelling nie alleen vir sy lede nie, maar ook vir die Universiteit geword. Die feestelike wyse waarop die Bond gestig is, word jaarliks in ag geneem wanneer een of ander geleentheid tot gesellige verkeer geskep word. Verskillende oudstudente se wonings is reeds vir die doel gebruik; in ander gevalle is op 'n sentrale plek in die stad bymekaargekom en in 1958 kon die oudstudente met hulle jaarfunksie die Aula feestelik in gebruik neem. Die jaarfunksie wat in 1959 met die Bond se sestiende verjaardag saamgeval het, het die kroon gespan en alle vorige pogings oortref.

Hoewel die waarde van die Bond nooit in terme van geld bereken kan word nie, het dit by verskillende geleenthede en op verskillende maniere tot die fondse van die Universiteit bygedra. Belangrik daartoe deur een van sy lede gehelp, kon die Bond reeds in 1944 'n bedrag van £100 stort in die fondse van die Mediese Fakulteit. Dit was nog maar die dag van die klein begin. Groter bydraes en insonderheid doeltreffender dienste sou weldra volg.

Toe aan die end van die veertigerjare ernstig aandag aan die bou van 'n saal gewy is, het die Bond ook planne beraam hoe om fondse vir dié doel in te samel sonder om die pogings van die Universiteit in die wiele te ry. Op 'n wenk van die rektor dat die insameling deur die Bond vir iets konstruktiefs aangewend moet word, het die sekretaris 'n skema uitgewerk waarvolgens die stoele wat in die gehoorsaal aangebring sou word deur 'n stelsel van naamsverbintenis deur oudstudente geskenk word. Die meubelfonds het goed gevorder en teen die einde van 1952 kon reeds 'n bedrag van £800 aan die Universiteit oorbetaal word.



Die stoele in die Aula deur oudstudente geskenk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1955 het die Bond met die oog op die Universiteit se 25-jarige bestaan in oorleg en samewerking met die firma Uniewinkels 'n reeks gedenkstukke wat onder andere koppies, pierings, koekbordjies, teelepels, suikerlepels, servetringe, sleutelhouers, asbakkies en 'n muurbord ingesluit het, beskikbaar gestel. Dit het groot belangstelling gewek en 'n geredelike mark gevind. So suksesvol was die onderneming dat met die oog op die Universiteit se vyftigjarige bestaan as 'n inrigting vir hoër onderwys in 1960 weer eens gedenkstukke uitgegee word.



Die twee kante van die muntkalender van die Feesjaar 1960.

Omdat met die stelsel van lewenslidmaatskap nie in die eerste plek fondsversterking beoog word nie, het die bestuur nog altyd daarna gestrewe om lewenslede op een of ander wyse te ken en waar moontlik tot diens te wees. So lank as wat dit finansieel bygepas kon word, is universiteitspublikasies gratis aan lede beskikbaar gestel. So kon *Trek* en *Perdeby* 'n hele aantal jare aan lede gestuur word. *Skakelblad* waarin die verhaal van die Universiteit se ontwikkeling die suiwerste meegedeel word, word nog steeds gratis aan lede gestuur. Sedert die ingebruikneming van die Aula was die Bond by verskillende geleenthede reeds met 'n stelsel van voorkeursbespreking behulpsaam waardeur veral lede wat nie in Pretoria woonagtig is nie, baie gehelp is. In 1956 het die Bond besluit om lapelwapens te laat slaan met die datum 10.X.30 onderaan en met volgnommers agterop, wat aan lewenslede van die Oudstudentebond geskenk word. Nuwe oorhandigings vind jaarliks by geleentheid van die jaarvergadering plaas.

Sedert 1957 gee die Bond jaarliks 'n muntkalender uit waarmee 'n stelsel wat aan die oudste universiteite in Europa goed bekend is, ook na Suid-Afrika oorgedra is. Die kalenders, ongeveer so groot soos 'n kroon uit 'n ligte allooi met ou-silverafwerking, dien 'n verskeidenheid van oogmerke, maar is in die eerste plek 'n gedenkstuk wat eers na verloop van jare na waarde geskat kan word en dan alleen as die stel wat jaarliks nuut verskyn, volledig is.

'n Onderneming waarmee die Bond besig is en groot belofte inhou, is die vervaardiging van 'n klankfilm oor die Universiteit. Dit is die gedagte om waar moontlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oudstudente by die werk in te skakel en 'n hele aantal kunstenaars van naam het reeds steun in dié verband toegesê.

Die Oudstudentebond bepaal hom in sy werksaamhede nie net tot oudstudente nie. In die besef dat die student van vandag die oudstudent van môre is, word met 'n belangstellende oog die bedrywighede van elke studentegenerasie gevolg en waar die geleentheid hom voordoen, steun daaraan verleen. So is daar in die afgelope jare reeds 'n wisselbeker beskikbaar gestel vir die damespan wat die 4 × 25-treë interhuis-wisselslagaflos op die jaarlikse studenteswemgala wen. Ook aan die tennisklub is 'n wisseltrofee geskenk vir toekenning aan die dameskampioen van die klub. Aan die begin van 1959 is vir die eerste keer tussen die Universiteit en Normaal op die atletiekbaan meegeding om die wisseltrofee wat vir die jaarlikse kragmeting deur die Oudstudentebond beskikbaar gestel is.

Toe na die voltooiing van die nuwe gehoorsaal en ontspanningsentrum ruim lokale aan die Studenteraad beskikbaar gestel is, het die Oudstudentebond 'n bedrag afgestaan waarmee die meubels van die Studenteraadskantoor aangekoop is. Ook is besluit om 'n volledige stel foto's van Studenterade sedert 1909 aan die V.S.R. te skenk. Die voetbalklub sal op dieselfde wyse baat. 'n Volledige stel foto's van die eerste voetbalspan sal op koste van die Oudstudentebond in die Tukkiekleedkamer op die L. C. de Villiers-stadion aangebring word.

Gedurende die afgelope paar jaar oorweeg die Bond dit om 'n bedrag geld beskikbaar te stel waarmee elektroniese klokke vir die Universiteit gekoop kan word. Nie alleen sal langs dié weg 'n unieke onderneming in Suid-Afrika aangevoor word nie, maar sal aan die studentegemeenskap 'n geleentheid gebied word om deur middel van lied en melodie samehorigheid te bevorder. Die verband tussen die Universiteit en die stad Pretoria sal langs dié weg ook meer beklemtoon word. Nadat sorgvuldig op die skema ingegaan is, het die bestuur besluit om £1,000 by wyse van 'n donasie aan die Universiteitsraad toe te ken.

Met hierdie en ander dergelike aksies het die Oudstudentebond in die kort span van 16 jaar veel gedoen, enersyds om oudstudente onderling met mekaar in voeling te hou, andersyds om die verband tussen oudstudente en hulle Alma Mater te verinnig. Die hoogste prestasie van die Bond lê egter op die gebied waar objektiewe waarneming eintlik nie moontlik is nie. In sy diepste wese beoog die „Oudstudentebond van die Universiteit van Pretoria" om met die klein dingetjies behulpsaam te wees om, ongemerk, op onopvallende wyse welwillend te dien. In hierdie gees betree die Oudstudentebond die tweede halfeeu van Tukkie-geskiedenis: steeds bereidwillig — dienswillig Die Uwe.

VOORSITTERS VAN STUDENTERADE

Binnemuurse Studenteraad

1909: W. F. Candy
1910: J. Boxwell
1911: I. de V. Malherbe
1912: J. L. Andrew
1913: J. H. de Wet
1914: H. Rissik
1915: M. Prinsloo
1916: P. U. Rissik
1917: H. Grobler
1918: G. H. Findlay
1919: J. P. Fourie
1920: S. A. Redelinghuys
1921: S. A. Redelinghuys
1922: J. X. van der Merwe
1923: S. A. Redelinghuys
1924: S. A. Redelinghuys
1925: J. Nel
1926: L. W. Meadley

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1927: M. D. C. DE WET NEL
1928: M. D. C. DE WET NEL
1929: D. GOULD
1930: S. HALLATT
1931: S. HALLATT
1932: J. J. DU PREEZ
1933: D. J. VAN STADEN
1934: A. BRANDT
1935: A. J. NOLTE
1936: H. MULLER
1937: A. J. NOLTE
1938: A. W. LATEGAN EN A. E. RUPERT
1939: A. S. GEYSER
1940: S. W. PIENAAR
1941: G. J. DAVIDTSZ
1942: G. J. DAVIDTSZ
1943: S. E. YOUNG
1944: S. M. DE VILLIERS
1945: T. N. H. JANSON
1946: T. N. H. JANSON
1947: P. J. P. STOFBERG
1948: C. V. VAN DER MERWE
1949: J. HOWELL
1950: W. L. MAREE
1951: A. D. PONT
1952: W. D. JONKER EN L. C. MALAN
1953: L. C. MALAN
1954: D. J. BOSCH
1955: J. C. LÖTTER
1956: T. LANGLEY
1957: J. NELL EN G. M. STEYN
1958: J. M. HOFMEYR
1959: G. M. PELSER
1960: P. JOUBERT

BUITEMUURSE STUDENTERAAD

1921: H. S. WALKER
1922: E. MAGGS
1923: E. MAGGS
1924: H. T. ANDREWS
1925: T. A. F. RHODES
1926: F. W. MULLAN
1927: P. J. J. VILJOEN
1928: P. J. J. VILJOEN
1929: A. R. DRAGT
1930: H. G. ANDREWS
1931: P. L. NUTT
1932: P. L. NUTT
1933: P. L. NUTT EN F. J. VAN BILJON
1934: J. COETZEE
1935: J. COETZEE EN H. HESLINGA
1936: P. J. COETZER
1937: L. BOTHA
1938: G. P. SCHOEMAN
1939: W. J. LUBBE
1940: W. J. LUBBE
1941: H. R. RAUTENBACH
1942: H. R. RAUTENBACH
1943: S. VAN LOGGERENBERG
1944: D. J. LOMBARD
1945: W. J. S. LE ROUX
1946: W. J. S. LE ROUX
1947: P. H. BOTHA
1948: W. A. KLEYNHANS
1949: C. F. NIEUWOUDT
1950: J. A. G. MARÉ
1951: F. J. RAUBENHEIMER
1952: L. P. VAN BREDA
1953: F. J. H. BARNARD
1954: C. F. LOUW
1955: G. J. OOSTHUIZEN
1956: H. J. ERASMUS
1957: F. V. Viljoen
1958: J. W. A. VAN DER MERWE
1959: D. P. DU PLESSIS
1960: Z. P. LE ROUX

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK X

TUKKIESPORT

ALGEMENE ONTWIKKELING EN ORGANISASIE

OOR die voor- en nadele van sport aan ons hedendaagse universiteite kan eindeloos geredeneer word.

Hoe ook al die oordeel val, sport het 'n onafskeidelike deel van die universiteit geword. Wie kan hom 'n universitêre inrigting daarsonder voorstel? Ook aan die U.P. het die sportlewe oor die jare heen sy besondere rol gespeel en ongetwyfeld ook sy goeie sowel as sy slegte invloede laat geld. In werklikheid word sport tog maar altyd ter wille van sport self beoefen — soos alle goeie dinge in die lewe — en nie omdat dit een of ander doel dien nie. Niemand verloor 'n wedstryd omdat dit vir sy karakterbou goed is nie, maar bloot en eenvoudig omdat hy dit nie kan wen nie. En so sal die sportbedrywighede aan die U.P. ook hier beskryf word — ter wille van die sport self.

Van meet af aan was daar natuurlik sport aan die T.U.K. Die sportklubs was altyd ondergeskik aan die V.S.R. (of S.V.R. soos dit in die beginjare genoem is). Die eerste Studenteraad is in 1909 gestig, sonder fondse. Die eerste sportklubs ontstaan ook in daardie jaar en hulle moes toe maar self hulle fondse insamel. Van die volgende jaar af is die fondse egter deur die Studenteraad ingevorder en aan die klubs na verhouding uitgedeel.

In 1909, met 'n studentetal van slegs 66, is daar 'n rugbyvoetbalklub en 'n sokkerklub, asook 'n tennisklub en 'n korfbalklub gestig. In 1914 het hokkie bygekom; atletiek in 1918, krieket in 1919 en boks ook omstreeks hierdie jaar, en kort daarna 'n skietvereniging.

In 1929 was daar al 'n swemklub wat gehoop het om 'n eie swembad te hê. In dieselfde jaar ontstaan 'n gholfklub en in 1933 'n rewolwerklub. In 1939 is 'n tafeltennisklub en in 1940 'n amateurstoeiklub gestig. Na 1940 kom daar 'n hele paar sportsoorte by wat in die afgelope twintig jaar populêr geword het. So word in 1941 laer getrek op die universiteitsterrein — 'n jukskeilaer. In 1946 maak bofbal sy verskyning terwyl sy tweelingsuster, sagtebal, presies 'n jaar later „haar" eerste buiging op die sportvelde maak. In 1949 ontstaan 'n gewigoptel- en 'n skermklub. In 1950 volg 'n judoklub, in 1952 'n gimnastiekklub en in 1953 'n waterpoloklub. In 1958 kom nog by 'n hengelklub, 'n motorklub en 'n ruiterklub.

Nie almal het bly voortbestaan nie. Sommige het gekom en gegaan; ander het weer gekom en weer gegaan. Vir 'n lang tyd was die Studenteraad die enigste koördinerende liggaam tussen die verskillende sportklubs onderling en tussen hulle en die Raad en Senaat. Ook was daar altyd 'n lid van die doserende personeel om as president of iets anders op te tree en om van die sportklubs onder sy beskerming te neem.

Die eerste sentrale sportliggaam wat tot stand gekom het was die *T.U.C. Interhostel Sports Union* in die jare twintig en wel na aanleiding van 'n beker wat mnr. G. Heys tussen die verskillende koshuise uitgeloof het. Erkende mededingers was die volgende: Sonop, Kollegekoshuis, Buxton, Dagstudente, Buitemuurse studente,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onderstepoort en Normaalkollege. Mededinging het in die volgende sportsoorte plaasgevind: voetbal, tennis, krieket, atletiek, skyfskiet en swem. Voetbal het in 1928 weggeval, blykbaar omdat daar naas die ligakompetisie nie tyd genoeg oor was vir al hierdie wedstryde nie. Blykbaar het die mededinging in die Heys-beker 'n tyd lank besondere belangstelling gewek en seker heelwat tot aanmoediging van sport bygedra. So 'n omvattende organisasie kon egter met die groei van die Universiteit nie volgehou word nie en dit het 'n natuurlike dood gesterf.

'n Belangrike organisasie wat ook in die jare twintig ontstaan het, is die T.U.K.-Sportvereniging (*T.U.C. Sports Association*) wat volgens sy konstitusie hom ten doel gestel het „to serve as a central body representing all branches of sport at the T.U.C., to foster sporting activities and to promote a keen sporting spirit." Lidmaatskap teen 5/- per jaar het oopgestaan vir lede van die Raad en doserende personeel, vir oud- en gewone studente. Verteenwoordiging is verleen aan voetbal, tennis, atletiek, hokkie, boks, swem en gimnastiek.

Hierdie liggaam het heelwat fondse ingesamel en baie bygedra tot die aanlê en versorging van sportterreine. In Oktober 1925 is 'n kermis op Kerkplein gehou wat deur die publiek goed ondersteun is en wat ongeveer £2,500 ingebring het. Prof. M. W. Henning en J. B. Osborn was 'n tyd lank die baie ywerige voorsitter en sekretaris van hierdie liggaam. Dit verdwyn weer vroeg in die jare dertig.

In 1937 is daar weer behoefte aan 'n organisasie vir al die sportklubs. In hierdie jaar het die V.S.R. aan die Raad voorgestel om 'n „voltydse sekretaris vir die sportklubs aan te stel"; rugby, krieket, atletiek en hokkie word by name genoem. 'n Paar maande later het die Finansies- en Eiendomskomitee op voorstel van prof. H. B. Davel die tydelike aanstelling van 'n persoon teen 'n salaris van £15 per maand aanbeveel om toesig oor die sportterreine te hou. Wat hiervan geword het, is nie vermeld nie.

Dieselfde jaar het die Raad ook 'n komitee benoem om koördinasie van sportverhoudings tussen Normaal-, Buite- en Binnemuurse studente te ondersoek. Of daar iets bereik is, is twyfelagtig, want net die volgende jaar het Normaal, altans wat voetbal betref, afgeskei en 'n eie klub gestig.

Met die totstandkoming van die departement van Liggaamlike Opvoedkunde in 1946 was dit vanselfsprekend dat hierdie departement 'n groot aandeel in die organisasie van sport aan U.P. sou hê. Trouens, die aanbeveling van die betrokke komitee oor die instelling van die departement: „Die departement moet, in samewerking met die studente-sportliggame, 'n besliste rol speel in die afrigting van deelnemers en die organisasie van alle sportaangeleenthede aan die Universiteit." Prof. Claude Smit is in 1947 ook aangestel as sportdirekteur.

Die totstandkoming van bogenoemde departement het die sportklubs in drie opsigte ten goede gekom. Dit het die nodige uitrusting en fasiliteite meegebring. Dit het voortreflike voorligting voorsien. En die liggaamsopvoedingsgebou het 'n tuiste gebied vir 'n aantal binnenshuise sportsoorte.

Omdat die departement Liggaamlike Opvoedkunde en die studentesportliggame van dieselfde sportfasiliteite gebruik moes maak, is samewerking noodsaaklik geag. Botsing in die gebruik van die genoemde fasiliteite en duplisering van uitrusting moes voorkom word.

Daar dit egter onmoontlik was vir die departement van Liggaamlike Opvoedkunde om met elke sportklub afsonderlik te onderhandel, is besluit om 'n Sentrale Sportkomitee te stig, die S.S.K. Hierdie komitee is aan die begin van 1948 gekonstitueer en dit het besluit dat 15% van die Binnemuurse en 10% van die Buitemuurse V.S.R.-gelde aan die Universiteit oorhandig moet word vir die aankoop en instandhouding van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sportuitrusting. Op die S.S.K. het elke sportklub 'n verteenwoordiger gehad, die Rugbyklub meer as een.

Die S.S.K. het op die duur nie goed gewerk nie. Dit het alleen verantwoordelikhede gehad en geen werklike magte nie. Met die totstandkoming van die Sentrale Studenteraad in 1950 is daar die volgende jaar (1951) besluit om die aangeleentheid in hersiening te neem. Daar is besluit om voortaan 25% van die Binnemuurse en 10% van die Buitemuurse V.S.R.-gelde aan die S.S.K. oor te maak om sport aan die U.P. te administreer. Voortaan sou die S.S.K. fondse beskikbaar stel vir toere, affiliasie van klubs aan provinsiale liggame en die nodige toerusting voorsien.

Nog is daar gevoel dat die S.S.K. nie aan sy doel beantwoord nie en in 1953 word dit deur die S.S.R. ontbind, maar weer ingestel met sewe studentelede en prof. C. Smit as permanente voorsitter. Hierdie vorm het dit tot 1957 behou.

Gedurende 1956 het die S.S.R. egter 'n sportkonferensie aan die U.P. belê met die doel om die probleem van sportorganisasie permanent op te los. Hier is 'n sogenaamde Voortsettingskomitee benoem om 'n finale plan saam te stel. Ingevolge hierdie komitee se aanbeveling kom daar op 18 Oktober 1957 na 'n ooreenkoms tussen die S.S.R. en die Raad, die Universiteit van Pretoria-Sportkomitee (U.P.S.) tot stand. Daar word ook ooreengekom dat 30% van die S.S.R.-gelde ter beskikking van die U.P.S. gestel moet word en dat 'n voltydse sportsekretaris aangestel moet word.

Die lede van die U.P.S. bestaan uit vyf personeellede deur die Raad van die Universiteit op voordrag van die rektor aangewys en drie studentelede deur die S.S.R. benoem. Uit hierdie komitee is die volgende ampsdraers gekies: Dr. C. v.d. M. Brink (voorsitter), prof. H. L. Gonin (ondervoorsitter) en mnr. J. H. Lombard (sekretaris). Mnr. Lombard het net tydelik waargeneem tot die pos permanent en voltyds gevul is deur mnr. F. J. Senekal. Op 14 Februarie 1959 het dr. C. v.d. M. Brink bedank as voorsitter daar hy 'n professoraat aan die U.O.V.S. aanvaar het. Prof. H. Gonin word toe as voorsitter gekies terwyl prof. F. Eloff ondervoorsitter geword het. Prof. Claude Smit dien ampshalwe op die U.P.S.

SPORTVELDE

IN 1909 is daar vier sportsoorte aan die pasgestigte T.U.K. beoefen ten spyte van die feit dat daar vir nie een daarvan oefenterreine bestaan het nie. Die inrigting self het nog geen eie terrein gehad nie. By gebrek aan 'n tennisbaan het die tennisklub nog dieselfde jaar in duie gestort maar het spoedig weer opgestaan. Toe daar bietjie meer geld was, is verskillende privaattennisbane gehuur. Korfbalspelers het in die tuin van Kya Rosa geoefen — so goed as hulle kon. Rugbyvoetbal en sokker was afhanklik van die guns van ander klubs: op Bereapark, op die Caledonian- of die Oostelike-sportterreine. Origens word vertel: „we could only indulge in kicking and scrumming in the school yard next to Prospect House." Prospecttehuis was destyds die manskoshuis en die „school yard next to" was dié van die Staatsmodelskool — daar waar Churchill in 1900 as krygsgevangene heen en weer geloop en sy ontsnapping beplan het.

Toe in 1911 die eerste twee universiteitsgeboue klaargekom het en betrek is, was die omgewing nog woes en leeg. By die uitleg van die terrein en die aanplant van bome is dit vanselfsprekend dat ook aan 'n sportterrein gedink is. Die studenteraad het reeds in 1912 die Raad se aandag op hierdie aangeleentheid gevestig en hierdie liggaam het belowe dat alles moontlik gedoen sou word om die sportvelde


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in orde te kry. Die eerste wat tot stand gekom het, was drie tennisbane in 1912 waarvoor die Raad in April daardie jaar £72 beskikbaar gestel het.

Hoofsaaklik weens geldgebrek het die algemene uitleg maar stadig gevorder. Die grond was hard; daar was selfs dinamiet nodig „to get through the rock." Eers is bome geplant en paaie aangelê. Toe het die sportvelde aan die beurt gekom. Wanneer met die aanlê van 'n voetbalveld begin is, is nie uit te maak nie. Teen 1916 kla die S.V.R. dat die veld nog nie klaar is nie. Selfs in 1917, toe rugby aan die T.U.K. 'n hoogtepunt bereik het, was die terrein nog maar „'n grasruigte." In 1919 het nog drie tennisbane bygekom en vir jare daarna moes die studente met ses bane klaarkom.

In 1920 het die uitleg van die hele terrein weer ernstige aandag geniet. Die Departement van Openbare Werke het 'n algemene terreinplan opgestel wat aangeneem is en vir die uitvoering waarvan die Raad £100 opsy gesit het. Deel van hierdie plan was die aanlê van 'n voetbalveld. Toe dit blyk dat die terrein nogal 'n groot val het en dat uitkap en gelykmaak heelwat koste sou meebring, is aansoek gedoen om die voetbalveld op die terrein van die Boys' High-skool uit te lê. Dit is egter geweier en die D.O.W. het daarop gewys dat daardie terrein ook maar 'n groot val het. Daar is dus uiteindelik begin met die gelykmaak van 'n voetbalveld en 'n hokkieveld. In 1922 vertel 'n besoeker hoe 'n groep van honderd rooihemp-bandiete besig was om met pikke te kap en genoemde twee velde aan te lê, wat toe al amper klaar was.

Intussen het atletiek sy verskyning by die universiteitskollege gemaak en die behoefte aan 'n atletiekbaan is ernstig gevoel. Dit bring mee dat nuwe planne vir terreinuitleg opgestel is, planne waarin studente, personeellede en die D.O.W. belang gestel het. Die Raad het moeite gehad om alle aanbevelings met mekaar te versoen.



T.U.K.-rugbyspan, 1909.
L.n.r. agter: ENGELBRECHT, BRINK, MEESTER, NESER, VAN HEERDEN, JEPPE.
Middel: ACKHURST, V.D. MERWE, SLADE (*kapt.*), VOSS, ENGELA.
Voor: FREEMAN, CROSS, STOFBERG, BRINK, BEYERS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daar was blykbaar grootse idees. In 1925 het J. B. Osborn, sekretaris van die T.U.K.-sportvereniging, uitvoerige lektuur van die Universiteit van Illinois gekry oor die uitleg van hierdie inrigting se sportvelde. Die plan was niks minder nie as 'n stadion met die nodige geboue wat 'n voetbalveld met 'n atletiekbaan daaromheen ingesluit het, ook 'n swembad as deel van die uitleg.

In hoeverre hierdie plan ernstig oorweeg is, is moeilik om te sê. In 1927 het die Eiendomskomitee hom inderdaad ten gunste verklaar van „a scheme for the complete lay-out of the Sports Grounds" en 'n werklike plan is ook opgestel. Daar is ook probeer om 'n atletiekbaan soos dié van Illinois uit te lê, veral met die oog op die Dalrymple-byeenkoms wat in 1930 in Pretoria moes plaasvind, maar dit het nie geluk nie. Die Sports Association het tot 1930 onder voorsitterskap van prof. M. W. Henning ernstig aangedring op die aanleg van beter sportvelde en selfs £500 aangebied vir die bou van 'n pawiljoen maar daar het niks van gekom nie.

Teen 1930 het die plan vir die bou van 'n studentesentrum, „Students' Social Centre", opgekom en die Sportvereniging is oorgehaal om sy fondse daarvoor beskikbaar te stel. So is die klubsaal gebou. Die oordrag van die Sportvereniging se geld aan die Raad moes onvoorwaardelik geskied, maar daar was tog die verstandhouding dat die gebou uitsluitlik vir studente gebruik sou word. Toe egter spoedig na voltooiing 'n gedeelte van die gebou gebruik is vir doseerkamers, ens., het die Sportvereniging uit protes ontbind.

'n Atletiekbaan is wel in die jare twintig aangelê. Hoe dit daar uitgesien het, is nie presies uit te maak nie. Daar bestaan 'n ernstige protesbrief van mnr. Saul Suzman, voorsitter van die S.A. Universiteits-Atletiekfederasie, teen 'n plan om 'n atletiekbaan om die bestaande hokkie- en voetbalveld aan te lê, wat dan 550 treë lank sou wees. So 'n baan is teen alle reëls van die S.A.A.-Atletiekvereniging, aldus Suzman.

Blykbaar is die vermaning nie ter harte geneem nie, want daar het wel so 'n baan bestaan, dit wil sê om 'n hokkie- en 'n voetbalveld heen.

Sedert 1926 het atletiek merkwaardig opgebloei en op aandrang van die klub is telkens geld aan die atletiekbaan bestee. Die ongeluk was egter dat die baan buite die seisoen geen aandag ontvang het nie en heeltemal verwaarloos het, sodat elke jaar feitlik van nuuts af begin moes word. Veral die feit dat die T.U.K. in 1928 vir die eerste keer die Dalrymplebeker gewen het, het belangstelling in dié sportsoort laat toeneem. Daar is toe getrag om die byeenkoms van 1930 op die Universiteitsbaan te laat plaasvind, maar ten spyte van vertoë het die baan nie gereed gekom nie en is die byeenkoms op die Caledonian-baan gehou.

In die jare dertig moes die Universiteit 'n redelik goeie baan gehad het. Dit is op een tyd beskryf as „een van die allerbestes in Pretoria". Teen 1937, toe die U.P. weer die gasheer van die Dalrymple-byeenkoms moes wees, was dit alweer in verval. Die Raad het hierdie keer egter £100 geskenk vir die opknapping van die baan en U.P. was toe die eerste om hierdie byeenkoms op eie terrein aan te bied.

Maar om terug te keer tot die rugbyvelde: die een wat in 1922 voltooi is, was van die begin af te min. Gelukkig is daar oefenterreine vir Universiteitspanne op die Oostelike Sportterrein (Loftus Versveldterrein) tot 1930 gebied. In 1926 het die rugbyklub nog 'n veld gevra en toe is besluit om die bestaande hokkieveld in nog 'n voetbalveld te verander en 'n nuwe hokkieveld ten weste van die bestaande voetbalveld aan te lê. Blykbaar is hierdie plan nie uitgevoer nie, want die betrokke voetbalveld is op die laerliggende grond in die suid-westelike hoek van die terrein aangelê — daar waar die tennisbane tans is. Dit het eindelik in 1931 klaargekom, maar die rugbyspelers het teen hierdie tyd al so vermeerder dat ook twee velde nie genoeg was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nie. Van die Oostelike Sportvelde kon nie meer gebruik gemaak word nie. Van toe af is jaar na jaar van die velde van omringende skole gebruikgemaak; d.w.s. dié van die Boys' High-skool, Afrikaanse Hoërseunskool en Christian Brothers' College. Omgekeerd het genoemde en ook ander skole telkens die Universiteit se terrein gebruik. Daar was altyd 'n hartlike samewerking.

Die onderhoud van die velde het steeds heelwat te wense oorgelaat. Die waterpype was aanvanklik te klein vir doeltreffende besproeiing. Dikwels is van deskundige raad van die Landboufakulteit gebruik gemaak insake bemesting. Daar was altyd gebrek aan geld en geen gebrek aan klagte nie. In 1933 lui dit bv.: „kurkhoringdroog en die gras begin vaal word". In 1936 is aanbeveel om die B-veld om te ploeg en oor te plant, wat blykbaar gedoen is. Minstens drie pare muile het hulle oud gewerk op die velde. In 1933 het die Raad £30 beskikbaar gestel vir die aankoop van 'n nuwe paar en in 1944 weer £60 — miskien 'n aanduiding van hoe die prys van muile in tien jaar gestyg het.

Gaandeweg het daar darem meer geld losgekom vir die onderhoud van Sportvelde. Die Noord-Transvaalse Voetbal-subunie het jaarliks 'n som vir die onderhoud afgestaan, aangesien die velde ook vir ligawedstryde gebruik is. Deur bemiddeling van prof. Davel is ook jaarliks 'n deel van die Intervarsity-toegangsgeld aan die betrokke Universiteite uitbetaal. Dit was nooit 'n groot som nie maar dit het gehelp. Nadat die Stadsraad die onderhoud van die velde oorgeneem het, waarvoor die Universiteit dan 'n som geld betaal — in 1945 was dit £1,800, in 1947 £2,700 — was daar meer bestendigheid hoewel toestande nog ver van gunstig was.

Volgens 'n opgawe het daar in 1937 bestaan: twee rugbyvelde, 'n hokkieveld, 'n atletiekbaan, 'n korfbalveld, ses studentetennisbane, 'n tennisoefenmuur, 'n paar stortbaddens — maar geen swembad en geen sportgimnasium en geen instrukteurs vir liggaamsoefening nie. Nadat sterk aangedring is op nog 'n voetbalveld het die Raad in 1939 £500 beskikbaar gestel vir die aanlê daarvan. £250 van die bedrag het die Universiteit van die Noord-Transvaalse Voetbalunie gekry. Hierdie veld, later genoem die B-veld, het ten weste van die eerste (die A-veld) tot stand gekom, terwyl die een „in die gat", soos die studente dit genoem het, toe gedegradeer is tot die C-veld.

In 1946 het die Raad 'n komitee bestaande uit prof. Davel en mnr. Moerdyk benoem om met die Stadsraad oor die uitleg van die sportterrein te onderhandel. Blykbaar het hiervan nie veel gekom nie. Daar bestaan egter 'n plan van die Universiteitsterrein van 1940 deur Moerdyk geteken, wat 'n goeie beeld gee ook van die sportterrein. Die derde rugbyveld was toe nog nie klaar nie maar die terrein waarop dit uitgelê is, word aangetoon. Opvallend is ook die feit dat die atletiekbaan rondom die hokkie- en een voetbalveld geloop het. Waar die Nuwe Letteregebou tans staan was die tennisoefenmuur.

Met die totstandkoming van 'n Departement en Instituut van Liggaamlike Opvoedkunde het daar ook vir die sportterrein van die Universiteit 'n nuwe tyd aangebreek. Behoorlike sportvelde was 'n vereiste vir die doeltreffende funksionering van dié departement. Op aanbeveling van prof. Claude Smit is in 1946 'n terreinkomitee deur die Raad onder voorsitterskap van prof. B. V. Lombaard benoem. Die volgende jaar beveel prof. Lombaard aan dat die beheer oor die sportvelde onder die direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding geplaas moet word. Dit word so aangeneem. Prof. C. Smit word toe benoem tot „direkteur van die Instituut" en het „as sodanig beheer oor die sportterrein aan die Universiteit".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die terrein het toe nog maar baie daar uitgesien soos die Moerdykplan in 1940 dit toon. Die atletiekbaan het nog rondom die een voetbalveld en die hokkieveld gegaan, „meer 'n sandpad as iets anders". Die drie voetbalvelde was klaar, maar die boonste twee, velde A en B, was nie van standaardgrootte nie — te kort en te smal. Die C-veld was ook weer in 'n halfklaar toestand. Daar was ses tennisbane vir studente en drie vir dosente. 'n Paar jukskeibane in erg verwaarloosde toestand het ten suide van die hokkieveld gelê. Hulle het oos-wes gelê en was ondoeltreffend. Die hokkieveld se blad was heeltemal uitgespeel; ook dié van 'n korfbalveld wat aan die noordekant daarvan was en ook oos-wes gelê het. Krieket is in die somermaande op die twee voetbalvelde gespeel.

Onder prof. Claude Smit (en sy ywerige medewerker, R. W. J. van Rensburg) het daar gou verbetering in die toestand gekom. In 1946 beveel hy al aan: beter grasaanplanting en vergroting van die voetbalvelde; 'n nuwe blad vir die hokkieveld; 'n nuwe atletiekbaan, nuwe korfbal- en netbalvelde, nuwe jukskeibane, twaalf nuwe tennisbane en sitplekke langs die atletiekbaan.

Met behulp van die tegniese afdeling van die departement Landmeetkunde is 'n nuwe kontoerplan opgestel — die oue wat uit die dae van die Republiek gedateer het, was maar 'n paar voet uit — en alles is behoorlik beplan. Die atletiekbaan het die eerste aandag geniet. Proewe is gedoen om die beste grintmengsel vas te stel. Die resultaat was 'n baan wat enige tyd langs die bestes in die land gestel kon word. Dit is in Mei 1948 tydens 'n Dalrymple-byeenkoms in gebruik geneem, en het £2,000 gekos.

Ander verbeteringe het mettertyd bygekom. In die buurt van waar die studentesaal en ingenieursgebou tans staan, is netbalvelde en jukskeibane aangelê. Die A- en B-voetbalvelde is aangevul en tot standaardgrootte gebring. Op genoemde velde is 'n bofbalterrein aangelê; later op die C-veld. Die aanlê van nuwe tennisbane het lank gesloer. Eers in 1956 is twaalf nuwe tennisbane aangelê en toe is die C-voetbalveld daarvoor opgeoffer. Boubedrywighede het ook meegebring dat die netbalvelde verskuif moes word na die ou terrein van die tennisbane — naas die Nuwe Letteregebou — waar dit weer moes verdwyn vir die Argitektegebou. Ook die Jukskeibane het intussen verdwyn voor die nuwe bouprogram en ten slotte ook die orige twee voetbalvelde. Ten slotte kan meegedeel word dat die swembad se terrein ook aangewys is — direk ten weste van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde.

In 1948 ontstaan 'n plan om voetbalvelde op die terrein van die Proefplaas oorkant Dollhouse aan te lê, maar daar is om verskillende redes weer daarvan afgesien.

In 1950 word 'n voorstel aan die Boys' High-skool gedoen wat daarop neerkom dat die Universiteit twee rugbyvelde op die skool se terrein aanlê en in orde hou. Daarvoor word gevra dat die Universiteit dit twee middae in die week gebruik. Dit was 'n voordelige aanbod vir die skool maar na hulle dit oorweeg het, is besluit om tog nie daarop in te gaan nie.

Toe is gekom met die Proefplaasplan wat deur die rektor op 'n voetbalvergadering in 1953 geopper is. As terrein word toe aangewys die gebied noord van Suidstraat, wat aanvanklik geweier is omdat dit van die plaas se beste weiding is. Agttien morge is aangevra, maar dit het ten slotte agt-en-twintig geword. Heelwat tyd het verlore gegaan met onderhandeling met die Departement van Landbou, opmetings en beplanning. Die grond het 'n val van 30 vt. en nie minder nie as 18 planne was nodig voor die goedkoopste verskuiwingsplan vir die grond verkry kon word. In November 1954 word Strauss Brink deur die Raad as argitek aangestel en net die volgende maand het die boukomitee sy plan goedgekeur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op die Proefplaas is beplan vir sewe rugbyvelde, later agt, een daarvan voorsien van omringende walle, 'n pawiljoen en uitstekende verkleekamers. Op 11 April 1957 het die Raad goedgekeur dat dit die „L. C. de Villiers-stadion" sou heet — vernoem na wyle prof. De Villiers—die persoon wat seker die meeste tot sport aan die universiteit bygedra het. In hierdie jaar was reeds vyf van die voetbalvelde klaar en in gebruik. Maar die gebrek aan meer was so nypend dat die aanbou van nog twee op aandrang van die voetbalklub voorrang geniet het. Hierdie velde het in 1958 gereed gekom. Op 1 Junie 1959 is die L. C. de Villiers-sportstadion op luisterryke wyse in gebruik geneem.

Behalwe die rugbyvelde is hier ook 'n krieketovaal aangelê met 'n sokker- en hokkieveld daarbinne.

Die toekomstige ontwikkelingsprogram van die terrein omvat die aanlê van nog 'n rugbyveld, nog 'n hokkieveld, twee netbalvelde, 4 jukskeibane, 'n kriekettelbord, beligting van die A-veld, 'n dak oor die pawiljoen wat sitplekke vir 3,000 mense aan die voetbal- en 1,500 aan die krieketkant bied, die aanbring van walsitplekke wat ten slotte 15,000 mense sou huisves en dan nog die aanlê van 'n atletiekbaan om die A-veld. Dit sal volgens die planne alles teen 1965 voltooi wees. Verder is gedink aan 'n parkeerterrein, die aanlê van twee toegange — een teenoor Prospectstraat (wat reeds klaar is) en een teenoor Burnettstraat — met 'n sirkelpad om die A-veld heen.

Eindelik het die Universiteit 'n sportterrein wat aan hoë vereistes voldoen en die belofte inhou om een van die mooistes in ons land te word.



Lugfoto van L. C. de Villiers-sportstadion tydens die ingebruikneming, 1 Junie 1959.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE SPORTKLUBS

RUGBYVOETBAL

TOE die T.U.K.-Rugbyvoetbalklub in 1909, dit wil sê in die tweede jaar van die bestaan van die inrigting, tot stand kom, was daar nouliks genoeg spelers om een span vol te maak. Die hele inrigting het nog maar 66 studente getel.

In 1912 is daar nog steen en been gekla oor die gebrek aan belangstelling; van die slegs sewentien spelers wat die klub toe getel het, het net twaalf 'n behoorlike kennis van die spel gehad. Die volgende jaar verbeter sake en onder die besielende leiding van dr. L. C. de Villiers, wat toe vir die eerste keer president van die klub geword het, het dit van krag tot krag gegaan. Tot op hierdie stadium is nog net vir die derde liga ingeskryf, maar (met 32 spelers) is in 1914 ook vir die tweede liga ingeskryf. Toe in 1916 in albei ligas bo-aan geëindig word, is besluit om vir die eerste liga in te skryf.

Dit was 'n gewigtige stap. Die hele Transvaal was nog net een voetbalunie en in die eerste liga moes hulle selfs teen die sterk Randse spanne meeding. Maar 1917 word die annus mirabilis van T.U.K.-rugby. „Vir die eerste en laaste keer word T.U.K. die Transvaalse Kampioene", soos 'n oudstudent later geesdriftig die jaar in geheue roep. Alle moontlike bekers, die Lilienfeld en die Carlton, word verower. En wat die kroon op alles span: die liga word gewen in 'n laaste epiese wedstryd teen die sterk „Old and Bold" span van Diggers.

Natuurlik moet in ag geneem word dat dit in die oorlogsjare was en dat rugby in die algemeen nie op volle sterkte was nie. Ook is daar in die oorlogsjare nie meegeding om die Pirates-Grootuitdaagbeker nie, wat Tuks dan eintlik in 1917 moes verower het.



Eerste Rugbyspan, 1917.
V.l.n.r. staande: THERON, GROBBELAAR, DU PREEZ, D. JACKSON (*breier*), FRANS, WOLMARANS, J. GROBLER.
Sittende: HENNING, BOTHA, FOURIE, H. GROBLER (*kaptein*), HOFMEYR, MOSTERT, *dr.* L. C. DE VILLIERS (*president*).
Voor: LOUW, MARAIS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoë peil van 1917 is nie weer bereik nie. Of is dit? Dit is immers so moeilik om die standaard van rugby van verskillende jare met mekaar te vergelyk. Want dan moet jy die standaard van die teenstanders ook in aanmerking neem en nog heelwat ander byna onberekenbare faktore. Dit kan maklik wees dat die Tukkiespan telkens na 1917 net so 'n hoë of miskien hoër peil bereik het, maar nie bo uitgekom het nie eenvoudig omdat die teenstanders 'n nog hoër peil bereik het. Dis vrugteloos om hieroor te redeneer. Genoeg om te konstateer dat Tukkies telkens en telkens weer voortreflike spanne opgelewer het en verskeie bekers verower het. So byvoorbeeld word in 1920 weer die Lilienfeldbeker gewen, in 1921 die Reckbeker (wat onder plaaslike spanne uitgeloof is) en in 1926 die Carltonbeker.

En, al het die eerste span nooit weer bo uitgekom nie, dan het die tweede en derde en laer spanne, en veral later die ondernegentien-spanne, dit tog dikwels reggekry. Die geskiedenis van 'n voetbalklub bestaan tog nie net uit die geskiedenis van sy eerste span nie.

Goeie spelers was daar altyd. Elke studentegeslag het sy eie helde opgelewer. Byna gereeld het Tuks verteenwoordigers in die Transvaalse span gehad en na 1938 in die Noord-Transvaalse span. Toe Transvaal in 1922 vir die eerste keer die Curriebeker gewen het, het nie minder as agt Tukkies in hierdie beroemde span gespeel nie.

Ook het verskeie Tukkies deur die jare aangeklop op die deur van die Springbokspan se aantrekkamer. Sover is net E. Dinkelmann toegelaat in 1951. Maar dan wil mens graag in gedagte hou dat verskeie oud-Tukkies die groen en goud aangetrek het na hulle die klub verlaat het. Graag sal mens dit dan so beskou dat hulle die grondslag van hulle rugby aan U.P. geleer het. Ook het dit gebeur dat verskeie oud-Springbokke vir 'n jaar of wat aan die klub verbonde was.

Na gelang die universiteitsinrigting gegroei het, het ook die voetbalklub gegroei, hoewel nie altyd na verhouding nie. Van 17 spelers uit 'n studentetotaal van 66 in 1912 het dit in 1959 gegroei tot 28 spanne uit 'n totaal van oor die seweduisend. In 1928 is die Ondernegentien-liga ingestel wat so reg in Tukkies se kraam gepas het. Sommer die eerste twee jaar wen hulle die De Vriesbeker wat die destydse burgemeester van Pretoria uitgeloof het en daarna het Tukkies dikwels weer die Ondernegentien-liga gewen.

In 1930 het die T.U.K. 'n selfstandige universiteit geword. Die T.U.K.R.V.K. het toe die U.P.R.V.K. geword, maar daar op die veld het Tukkies Tukkies gebly. In 1928 is weer eens met nuwe kleure gespeel. Dit was die derde keer dat die voetbaltrui verander het. Die eerste trui in 1909 was van 'n bruin of sjokolade grondkleur met 'n goudgeel streep om die middel en moue van omtrent ses duim breed en 'n dergelike kraag. Hierdie trui was blykbaar net 'n jaar of wat in gebruik, want in Maart 1910 word dit verander tot 'n „Chocolate body with Gold front, collar and cuffs." Wie verantwoordelik was vir die kleure, word nie vermeld nie. Uit enkele uitlatings is dit duidelik dat die studente van destyds dit nie baie mooi gevind het nie. Dit dra die skeldnaam van „mud and mustard." In 1920 kom daar weer verandering; hierdie keer 'n wit trui met 'n breë band van sjokolade en 'n smaller band van goud daarbinne, rondom die middel. Dieselfde kleure dus, net anders gerangskik. Met die selfstandigwording van die Universiteit in 1930 is 'n nuwe wapen ingevoer.

Die regte gees van Universiteitsrugby word in intervarsity gevind. Intervarsity soos ons dit vandag ken, het natuurlik geleidelik ontwikkel. Sang en lawaai was seker van die begin af daaraan verbonde — dit kom spontaan waar studente bymekaar is. Musiek het reeds baie vroeg die voetbalbotsings, nie net intervarsities nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opgeluister. „Kleinjan" van Bruggen was die selfaangestelde orkes- en sangleier. Die strydkreet dateer uit 1915. Die strooptogte het baie later ontwikkel.

Daar is 'n lang reeks intervarsities teen ongeveer al die inrigtings van die land. Teen Wits, toe die South African School of Mines, is die eerste in 1910 gespeel en daarna is die eintlike reeks in 1915 begin. In die geheel is daar 53 gespeel. Hier in die jare dertig was daar gewoonlik twee per jaar, maar gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dit om emosioneel-politieke redes opgeskort — soos trouens dit teen alle Engelssprekende universiteite die geval was. Van die reeks het Tukkies 34 gewen, Wits 16, terwyl drie gelykop geëindig het.

Teen die Grey-Universiteitskollege (tans U.O.V.S.) is die eerste intervarsity in 1913 gespeel en het daarna 'n jaarlikse instelling geword wat ongelukkig nie volgehou kon word nie. In geheel is daar 32 gespeel waarvan Tuks sestien gewen, tien verloor en nie minder as ses gelykop gespeel het nie.

In 1932 vind die eerste intervarsity teen die Potchefstroomse Universiteitskollege plaas; tot dit verval het, is 19 gespeel waarvan 15 gewen, 2 verloor en twee gelykop beëindig is.

Teen die suidelike universiteite is om begryplike redes min gespeel. Teen die Universiteit van Kaapstad is slegs vyf gespeel: in 1919 en 1921, en toe weer in 1950, 1952 en 1959. In almal het U.K. geseëvier. Teen Stellenbosch is daar ook twee in die jare twintig gespeel; die eerste in 1923. Gedurende die oorlogsjare, toe intervarsities teen Engelstalige universiteite nie plaasgevind het nie, is van 1942 tot 1946 jaarliks teen Stellenbosch gespeel en toe in 1951 weer. Uit die totaal van agt het Tuks drie gewen en vyf verloor. In 1926 het 'n gekombineerde T.U.K.- en Pretoria-span 'n gekombineerde span van Stellenbosch en U.K. 'n neerlaag toegedien, en in 1937 het 'n gekombineerde T.U.K.- en Witsspan dieselfde reggekry. Teen Natal is sedert 1949 vier wedstryde gespeel, die laaste tydens die ingebruikneming van die L. C. de Villiersstadion. In al vier het Tuks geseëvier. Teen Rhodes het Tukkies slegs een keer gespeel, in 1933, en gewen. By bogenoemde interuniversitêre wedstryde is nie ingereken die interuniversitêre toernooi wat om die Ruben Simonskild in 1948 in Pretoria afgespeel is nie en wat deur Tukkies gewen is. Hieraan het deelgeneem Rhodes, Natal, U.K.O.V.S., Wits en U.P. 'n Hoogtepunt op die gebied van interuniversitêre rugby was seker die wedstryd teen die besoekende Oxford- en Cambridge-span in 1951 wat gelykop geëindig het. As mens die geskiedenis nagaan, dan is dit opvallend dat tans veel minder intervarsities gespeel word as vroeër. Dit is die gevolg van 'n ooreenkoms tussen die owerhede van die universiteite onderling na oorleg met die voetbalbesture wat intervarsities beperk tot een per inrigting per jaar.

Belangrik vir universiteitsrugby is die toere wat van tyd tot tyd deur dele van die land onderneem is. Reeds vroeg het die Universiteitsowerhede die publisiteitswaarde van dergelike toere besef en dit altyd met 'n paar pondjies gesteun. Daar is te veel om almal op te noem.

Aan gekombineerde Universiteitstoere het Tukkies ook deelgeneem. In 1939 is daar 'n toer van die noordelike universiteite na Kenia onderneem waaraan vier U.P.-spelers deelgeneem het. In 1954 volg nog eens 'n gekombineerde toer na die noorde waaraan agt Tukkies deelgeneem het. Die belangrikste was egter die gekombineerde span uit al die Suid-Afrikaanse Universiteite — die Swartwitpense — wat in 1956/57 na Engeland getoer het. Hierby was die volgende Tukkies ingesluit: Koos van Vuuren (wat ook onderkaptein was) Thys van Zyl, L. Gioia en K. Kemp.

Dan het Tukkies ook telkens in die gekombineerde Noordelike Universiteitspan teen besoekende spanne gespeel en sedert 1949 was dit telkens onder kapteinskap

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n Tukkie: in 1949 teen die All Blacks onder W. Lubbe, in 1951 teen die Oxford- en Cambridge-span onder E. Dinkelmann, in 1953 teen die Wallabies onder D. Swiegers en in 1955 teen die Britte onder B. J. van Vuuren.

'n Voetbalklub is nouliks moontlik sonder sy ampsdraers en nie-spelende belangstellendes. Dit is die enigste wat 'n mate van kontinuïteit bewerkstellig, veral in 'n studenteklub waar daar uiteraard soveel wisseling van spelers is. Die belangrikste ampsdraer is seker die ere-president. En Tuks was gelukkig om in die loop van jare persone in die posisie te hê wat besondere toegewydheid en belangstelling vir die klub getoon het. Die eerste ere-president was prof. Paterson, die man wat in sy tyd so 'n wye belangstelling in al die vertakkinge van sport getoon het.

In 1913 word dr. (later prof.) L. C. de Villiers vir die eerste keer as ere-president gekies, en hy bly dit tot 1932, met uitsondering van die jare 1926, 1927 en 1931 toe hy om gesondheidsredes en ook omdat hy oorsee was, hom nie verkiesbaar gestel het nie. Ook na hy uitgetree het en die klub se eerste lewenslange ere-president geword het, het sy belangstelling nooit verflou nie tot sy dood in Oktober 1958. Dit moes vir hom 'n besondere genoeë verskaf het om te verneem dat die Universiteit se nuwe sportstadion op die Proefplaas sy naam sou dra.

Gedurende 1926 en 1927 was mnr. July Fourie ere-president, die man wat van 1919 tot 1921 kaptein van T.U.K. was en vir hom as speler 'n besondere naam gemaak het.

In 1931 het prof. H. B. Davel ere-president geword en toe weer vanaf 1933 tot 1945. Hy het besondere dienste aan die klub bewys veral wat die verkryging van beter



Eerste Rugbyspan, 1948.

V.l.n.r. sittende: J. C. VAN ZYL, *Dr.* G. H. SCHEEPERS (*ere-sekretaris*), G. VAN ZYL (*kaptein*), *dr.* L. C. MOSTERT (*president*), N. PERRY (*onderkaptein*), *dr.* JAN PIENAAR (*breier*), E. E. DINKELMANN.
2*e ry:* T. B. DE BRUYN, L. STEYN, W. J. G. LUBBE, J. H. SCHOONRAAD, W. J. ACKERMANN, B. H. RAUTENBACH, F. RAUBENHEIMER.
3*e ry:* D. F. RETIEF, H. P. J. BEKKER, J. M. COMBRINCK, D. J. SWIEGERS, P. J. MALAN, W. A. ODENDAAL, J. L. MATTHYSEN.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

speelvelde betref. Hy was ook jarelank president van die Noord-Transvaalse Rugby-unie. Van 1946 tot 1950 was prof. L. C. Mostert ere-president, en van 1951 tot 1953 prof. G. H. Scheepers. Daarna het prof. C. J. N. Loubser president geword om in 1960 opgevolg te word deur prof. A. N. Pelzer. Dr. C. v. d. M. Brink is vir 1959 gekies, maar weens sy vertrek na Bloemfontein moes hy vir die eer bedank.

As lewenslange ere-presidente is die volgende persone gekies: Prof. L. C. de Villiers in 1933, prof. H. B. Davel in 1946, mnr. John X. van der Merwe (wat in 1922 kaptein van die klub was) ook in 1946, prof. L. C. Mostert in 1951, prof. G. H. Scheepers in 1954, prof. C. J. N. Loubser in 1958 en prof. C. v. d. M. Brink in 1959.

'n Ander ampsdraer wat ongetwyfeld baie vir 'n klub beteken, is die breier. Daar is so baie oor die jare heen wat afrigtingswerk gedoen het — van die eerste tot die laagste span — dat onmoontlik almal genoem kan word. Die volgende persone kom as breiers van die eerste span in die notule voor: adv. Charles te Water, die huidige Kanselier van die U.P., van 1912 tot 1917; mnr. D. C. (Mary) Jackson, 'n 1907-Springbok, van 1917 tot 1922 en toe weer in 1928; dr. C. van der Merwe in 1925; dr. J. Daneel in 1926 en 1927; dr. Chris Neethling in 1929; adv. (later regter) V. H. (Boet) Neser in 1927 en 1930; mnr. (later dr.) Jan Pienaar (Oom Jan) in 1931 en toe weer van 1947 tot 1949; mnr. J. H. van der Walt (Oom Wallie) van 1933 tot 1939; mnr. Steyn Swart van 1940 tot 1943; mnr. O. Prozesky in 1944 en 1945; dr. F. Ziady in 1946; mnr. C. H. (Bags) Cilliers en prof. C. J. N. Loubser van 1950 tot 1953; prof. Fritz Eloff van 1954 tot 1957 en sedert 1958 dr. D. Swiegers wat in 1958 ook deur dr. Paul van Heerden bygestaan is.

VOETBALKAPTEINS

1909 W. H. Slade,
1910 H. H. Broodryk,
1911 W. G. Wessels,
1912 H. Rissik (Harry),
1913 H. Rissik (Harry),
1914 H. Rissik (Harry),
1915 H. Grobler (Bul),
1916 P. R. de Villiers,
1917 H. Grobler (Bul),
1918 J. J. Theron,
1919 J. P. Fourie (July),
1920 J. P. Fourie (July),
1921 J. P. Fourie (July),
1922 J. van der Merwe,
1923 M. M. Zeeman,
1924 M. M. Zeeman,
1925 P. Theron,
1926 M. Kruger,
1927 J. Fourie (Josie),
1928 G. H. Smith,
1929 F. Glatthaar,
1930 J. B. Kok (Blêr),
1931 J. B. Kok (Blêr),
1932 J. B. Kok (Blêr),
1933 A. van der Spuy,
1934 H. Kotzenberg,
1935 H. Kotzenberg,
1936 C. H. Cilliers (Bags),
1937 C. H. Cilliers (Bags),
1938 C. W. Prinsloo,
1939 C. H. Cilliers (Bags),
1940 Clem van der Merwe,
1941 P. L. Strydom,
1942 P. L. Strydom,
1943 S. P. E. B. Jacobs,
1944 F. C. Eloff,
1945 F. C. Eloff,
1946 F. C. Eloff,
1947 W. Ackermann,
1948 G. J. van Zyl,
1949 W. Lubbe,
1950 E. Dinkelmann,
1951 E. Dinkelmann,
1952 D. Swiegers,
1953 D. Swiegers,
1954 L. J. Theron,
1955 P. Felsteadt,
1956 B. J. van Vuuren,
1957 B. J. van Vuuren,
1958 J. Visagie,
1959 G. Basson,
1960 H. Steinberg,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tennis

Soos begryplik is, was tennis een van die vroegste sportsoorte wat aan die T.U.K. beoefen is. 'n Eerste poging om in 1909 'n tennisklub te stig, het misluk maar in 1910 het 'n tweede poging geslaag met B. Radloff as die eerste kaptein. En sedertdien het daar nie 'n jaar aan die inrigting verbygegaan dat rakette nie geswaai en die wit bal nie heen en weer oor die net geslaan is nie.

Die eerste mansenkelspelkampioen van T.U.K. was A. A. Roberts wat in 1910 en 1911 die titel verower het; en die eerste dameskampioentennisspeelster was mej. A. Walwyn wat in 1915 die titel verower het, die eerste jaar dat dit onder die dames uitgespeel is. Jaarlikse wedstryde is gespeel teen die Normaalkollege en ook teen die personeel van die T.U.K. of teen die „Senaat", soos dit genoem is. 'n Mens kry die indruk dat baie van die gesellige lewe aan die inrigting op en rondom die bane afgespeel het. Wedstryde tussen die personeel en studente was ook een van die gereelde items toe later die instelling van herdenkingsdag (herdenking van die stigting van die T.U.K.) jaarliks gevier is.

Intervarsities is taamlik gereeld gehou, veral teen Wits en G.U.K. in die beginjare, later ook teen ander universiteite. Na die eerste botsing teen die Johannesburgse Universiteitskollege in 1910 sou dit eers tot 1915 duur voor dit eintlik 'n jaarlikse instelling geword het. Sedert 1941 neem U.P. se manspanne aan die jaarlikse interuniversitêre toernooi deel. Hulle het die Wilcocks-trofee in 1941, 1945 en 1946 gebuit. Die Tukkiedames ding al van 1951 af in die toernooi mee en hulle het in 1957 en 1958 daarin geslaag om die Eikestad-beker te verower.

Om terug te keer tot die plaaslike organisasie: In 1927 het die T.U.K.-Tennisklub 'n nuwe konstitusie gekry en is die klub as 't ware herbore. Daar is toe ook plek



T.U.K.-tennisspelers, 1910.
V.l.n.r. agter: Zorn, Candy, Du Toit, Chittenden.
Voor: A. A. Roberts, Radloff, Boxwell.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gemaak vir 'n president wat daar vroeër blykbaar nooit was nie. Van toe af het die klub ses presidente gehad: prof. J. P. Duminy, 1927 — 1936; prof. L. C. de Villiers, 1942 — 1944; dr. J. J. Theron, 1945 — 1947; prof. H. L. Gonin, 1948 — 1950; mnr. J. H. Vorster, 1951 — 1958 en prof. C. L. de Jager, 1959. Iemand wat in die jare dertig ook besonder veel vir die klub gedoen het, is prof. R. M. Titlestad, wat jarelank visepresident was.

Tot en met 1956 was die aantal lede wat aan die tennisklub behoort het, onbekend aangesien enige geregistreerde student aan die U.P. wat tennis speel outomaties lid van die tennisklub was. Sedert 1957 moet 'n lid van die tennisklub 'n ledekaartjie koop. Die ledetal het van 75 in 1957 tot 583 in 1959 gestyg. Met reg kan die tennisklub daarop aanspraak maak dat dit die grootste sportklub aan die Universiteit is.

ATLETIEK

Hoewel die „T.U.K. Atletiek Klub" reeds in 1918 gestig is, is die eerste verslag daaroor wat teruggevind kon word dié van 1920. Prof. L. C. de Villiers was toe die president van die klub en Koos Louw die kaptein, miskien beter bekend as 'n haastige vleuel op die rugbyveld. Hy was daardie jaar die Victor Ludorum van die kollege.

Die eerste interuniversitêre byeenkoms is in 1921 op uitnodiging van Wits gehou; dit was die begin van die Dalrymple-byeenkomste. Trouens, sir Wm. Dalrymple het daardie jaar die bekende beker geskenk waarvoor in die toekoms meegeding sou word. Dit het meer belangstelling vir die byeenkomste gewek, sodat 'n jaar of wat later die suidelike universiteite ook begin deelneem het. In hierdie jare het ook die S.A. Universiteite-Atletiekfederasie tot stand gekom om dergelike byeenkomste te beheer.

In 1924 het Tuks 'n span na die eerste groot Dalrymple-byeenkoms in Kaapstad gestuur en $9\frac{1}{2}$ punte ingeoes.

Plaaslik kom daar ook meer aanmoediging. In die byeenkomste wat gereël is deur die Inter Hostel Sports Union waar vir die Heysbeker meegeding is, het atletiek 'n belangrike aandeel gehad. Daar het verskillende interkoshuis-trofeë bygekom soos die Hölzerbeker vir algemene atletiek, die De Vriesbeker vir landloop en die Maggsbeker vir aflos.

Op interuniversitêre gebied is weer die volgende trofeë uitgeloof: die Duxburybeker vir die eenmylaflos en die Suzmanskild vir landloop.

Van die jaar 1927 word gesê dat atletiek aan T.U.K. „'n hoogte bereik het ongeewenaard in ons geskiedenis," d.w.s. op intervarsity. Maar die volgende jaar kom die hoogtepunt. Op die universitêre byeenkoms in Bloemfontein verower Tuks vir die eerste keer die Dalrymple-beker.

In 1930 word die prestasie herhaal. Weer eens word die Dalrymple-beker verower, hierdie keer in Pretoria op die Caledoniansportveld en wel met 'n rekordaantal punte, naamlik 34 teenoor Stellenbosch, wat tweede gekom het, se 22. In hierdie jaar lewer die Universiteit ook sy eerste Atletiekspringbok op, naamlik W. Gerhardt (naellope) wat ingesluit is in die span na die Rykspele in Kanada.

Twee persone wat veral verantwoordelik was vir hierdie bloeitydperk in Tukkieatletiek, was Matt Maré en Japie Kruger. Albei was veelsydige atlete, hoewel eersgenoemde meer in die naellope en die springnommers presteer het en laasgenoemde veral in die halfmyl. Ook nadat hulle die Universiteit verlaat het, het hulle besonder baie bygedra tot bevordering van atletiek in die algemeen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die prestasie van 1930 is nie herhaal nie. In 1931 kom U.P. derde, hoofsaaklik omdat M. Maré en J. Kruger nie kon saamgaan nie. Daar word egter twee van die span gekies vir die universiteitespan se mededinging teen 'n span besoekende Amerikaanse atlete, naamlik Gerhardt en Matthews.

Op die Dalrymplebyeenkoms van 1937 wat weer eens in Pretoria gehou is, het N. (Klasie) Wessels 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord vir die myl opgestel. Dieselfde jaar is J. Gerber en Wessels vir die Suid-Afrikaanse span gekies om op te tree teen die besoekende Oxford- en Cambridge-span. Albei het by die geleentheid 'n eerste plek verower: Gerber in die verspring (22 vt. 10¼ dm.) en Wessels in die myl (4 min. 26.8 sek.). Hulle is dus die volgende twee atletiekspringbokke wat na Gerhardt deur die Universiteit opgelewer is.

In 1938 was Klasie Wessels lid van die Springbokspan na die Statebondspele in Australië.

Gedurende die oorlogsjare, d.w.s. van 1942 tot 1946, is in die plek van die Dalrymple-byeenkomste 'n jaarlikse byeenkoms blykbaar net tussen Afrikaanssprekende Universiteite deur die Studenteatletiekbond gereël. Die Tukkiespan, waarvan W. J. S. le Roux die kaptein vir daardie jare was, het in 1942 die kompetisie gewen. Daar is meegeding om die Volkskasbeker en die Dippenaar en Reynekebeker.

In 1948 is die Dalrymple-byeenkoms op die voortreflike nuwe atletiekbaan van die U.P. gehou wat met die geleentheid in gebruik geneem is. Die Tuksatlete het uitstekend gepresteer teen sterk opposisie. Maar in die laaste nommer, die 220, doen H. V. Lombard 'n spierbesering op wat hom van 'n sekere eerste plek berowe en U.P. verloor die Dalrymple met een punt. Weer eens lewer die Universiteit 'n Spring-



T.U.K.-atletiekspan, wenners van Dalrymplebeker, 1928.
V.l.n.r. agter: O. Galgut, E. Beyers, P. J. Quin, P. W. E. Muller, I. Matthews.
Voor: J. P. Duminy (*president*), J. J. N. Kruger, R. Steven, M. H. Maré (*kaptein*), A. Getz, F. E. Clase, S. Hallat (*sekretaris*).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



U.P.-damesatlete, wenners van die Dyasonskild, 1959.
V.l.n.r. agter: E. PRETORIUS, J. WOEST.
Voor: H. KRUGER, E. MAREE, C. JANSEN (*kapteine*), G. BESTER.

bok op: A. van Heerden, wat in die span na die Olimpiese spele in Helsinki ingesluit is.

Vanaf 1949 het die U.P.-damesatlete op die voorgrond gekom deur op die Dalrymple-byeenkoms eerste in hulle afdeling te kom. Die prestasie word in 1950, 1951, 1952 en 1959 herhaal; vanaf 1951 is dit die Roger Dyasonskild wat in hierdie afdeling uitgeloof is.

Ander Springbokatlete van die jare vyftig was Dudley Meyer (halfmyl) teen die Amerikaanse toerspan in 1950 en Hannes Botha wat in 1958 aan die Statebondspele deelgeneem het. Laasgenoemde is die huidige Suid-Afrikaanse kampioen en rekordhouer in die gewigstoot.

Oud-Tukkies wat later Suid-Afrika verteenwoordig het, is Eric Grimbeek, Willie Nel en Franco Malan.

Ere-presidente en presidente wat oor die jare die atletiekklub gedien het, is prof. L. C. de Villiers, mnr. J. B. Osborn, prof. J. P. Duminy, adv. A. A. Roberts, mnr. J. J. N. Kruger, prof. M. W. Henning, mnr. M. Maré, mnr. W. le Roux, prof. H. L. Gonin en prof. Claude Smit.

KRIEKET

Die eerste krieketklub is in 1912 gestig maar voor dit nog erkenning van die V.S.R. kon kry, het dit weer verdwyn. Krieketspelers onder die studente, en daar was sulkes, het toe meestal maar by ander klubs in die stad aangesluit.

En toe is in 1919 weer 'n krieketklub gestig waarvoor hoofsaaklik die kaptein, E. L. Ettling, verantwoordelik was. Die jaarboek van 1920 bevat die volgende aan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kondiging: „'n Krikketklub (sic) is gesticht in verband met 't Kollege en spannen worden ingeschreven in de Eerste en Tweede Afdelingen van de wedstrijden der Pretoriase Krikketvereniging. Twee goede oefenbanen zijn aangelegd op 't Kollegeterrein, en zowel de staf als de studenten stellen levendig belang in 't spel."

Uit die name van die ampsdraers van 1919-1920 is dit duidelik dat die personeel 'n aansienlike aandeel in die klub gehad het. Erevoorsitter was prof. A. C. Paterson, voorsitter dr. L. C. de Villiers, ondervoorsitters A. A. Roberts en D. G. Hafner en onderkaptein, J. B. Osborn.

Toe die Heys-beker vir interkoshuismededinging in verskillende sportsoorte ingestel is, is krieket ook daarby ingesluit. Dit het die belangstelling laat toeneem. Gewoonlik het die finale stryd tussen Dagstudente en Buxton-koshuis gelê. Tog het die spel 'n kwynende bestaan gevoer as gevolg van die lang somervakansie wat 'n behoorlike deelname aan ligawedstryde onmoontlik gemaak het. En dan begin die seisoen gewoonlik ook net wanneer daar ernstig aan die eksamens gedink moet word.

Omstreeks 1947 kom daar 'n herlewing in die klub onder die kapteinskap van N. Louw en na 1950 van mnr. Tobie Louw. Laasgenoemde is tans nog voorsitter van die klub. Sedertdien word vir die plaaslike liga gespeel en ook deelgeneem aan die jaarlikse S.A.U.-Kriekettoernooi.

Hokkie

Hoewel volgens die studenteblad reeds in 1914 'n poging aangewend is om 'n hokkieklub aan die T.U.K. te stig, het hokkie eers in 1918 werklik sy intrede aan die inrigting gemaak. Toe is die T.U.K.-dameshokkieklub gestig na aanleiding van die eerste dameshokkieliga wat die jaar in Pretoria ontstaan het.

'n Mans-hokkiespan het in die jare 20 tot stand gekom ondanks die feit dat daar nog geen liga was nie. Toe die liga eindelik tot stand gekom het, kon Tuks nie daaraan deelneem nie, aangesien dit 'n Sondagsliga was. Dit is vandag nog die geval. In 1930 slaag die manshokkie eers daarin om deur die V.S.R. erken te word as deelhebbers aan die inter-koshuismededinging waarvoor mnr. R. Barry die volgende jaar 'n beker geskenk het.

Die damespan het gaandeweg verbeter en belewe van 1941 tot 1945 'n bloeitydperk. In 1941, 1942, 1943 en 1945 is hulle die Noord-Transvaalse kampioene. In hierdie jare was dr. M. Mes die ere-presidente — sy was in 1924 kapteine van die span. Sy is seker een van die persone wat die meeste vir hokkie aan die U.P. gedoen het.

Intervarsity-botsings was daar baie, beide wat dames- en manshokkie betref, maar die gegewens is so onvolledig dat dit gevaarlik is om 'n samevatting daarvan te probeer gee. Benewens die intervarsitywedstryde word daar ook min of meer gereeld aan die interuniversitêre toernooie deelgeneem.

Uit bostaande oorsig blyk dit dat hokkie nooit 'n besonder sterk klub was nie, maar daar was 'n bestendigheid deur die jare heen. Daar sal seker altyd studente wees wat met krom stokke agter 'n bal aan hardloop.

Boks

Hoewel die ledetal van die Universiteit se boksklub nooit in honderde getel kon word nie, is daar weinig klubs wat soveel presteer het en soveel roem ingeoes het.

In 1914 is eintlik vir die eerste keer „bokshandskoene onder die studente ingebring" deur die jong C. P. Bresler wat sy bokskennis onder die Engelse leëroffisiere


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op Potchefstroom opgedoen het. Die oefenlokaal was in Prospecttehuis, toe nog die manskoshuis, maar na Kollegetehuis in 1915 betrek is, het dit die bokshoofkwartier geword. Nog 'n geesdriftige was Dowling. Hy en Bresler het albei later regters geword.

In 1925 het adv. O. Pirow president van die klub geword en adv. Bresler onderpresident. Onder genoemde twee advokate het die klub van krag tot krag gegaan. Hulle bly onderskeidelik president en onderpresident van die klub tot diep in die jare dertig toe adv. Pirow reeds minister was.

In 1930 slaag die Tuksspan daarin om die Hadleyskild, wat in 1923 deur mnr. Hadley, L.P.R. van Transvaal, tussen die universiteite uitgeloof is, vir die eerste keer te verower. Die prestasie is hierna telkens herhaal: in 1940, 1941, 1947, 1951, 1954, 1957 (saam met U.K.), 1958 en 1959. In 1930 lewer die klub sy eerste Springbok, toe J. N. Smith gekies is om Suid-Afrika op die Statebondspele in Kanada te verteenwoordig. In 1939 beskik die klub weer oor die dienste van J. S. Joubert, die Springbok wat die vorige jaar ingesluit is in die Suid-Afrikaanse span na die Statebondspele in Australië. Vermelding verdien ook veral die prestasie van A. Meiring wat vir die langste periode universiteitskampioen (ligswaar-gewig) was, van 1945 tot 1951.

Die interuniversitêre kampioenskappe van 1958 het ook gedien as proefwedstryde vir die samestelling van 'n Suid-Afrikaanse Universiteitspan wat aan die einde van die jaar na Engeland sou vertrek. Vyf Tukkies is vir die span gekies, dog twee kon die toer nie meemaak nie. 'n Ander Tukkie wat reserwe was, is toe ingesluit sodat die volgende vier aan die toer deelgeneem het: J. Lötter (kapokgewig), A. Coetzer (ligweltergewig), W. Engelbrecht (weltergewig) en J. van Schalkwyk (swaargewig).



T.U.K.-boksspan, 1930, *wenners van die Hadleyskild.*
V.l.n.r.: J. VENTER, G. FAWDRY, W. ROUX, F. GLATTHAAR, O. SCHULTZ (*kapt.*), P. DU TOIT, H. VENTER.
Inlas: Adv. C. BRESLER (*vise-pres.*), *adv.* O. PIROW (*pres.*).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Eersgenoemde twee het al hulle gevegte in Engeland gewen terwyl Van Schalkwyk, hoewel hy een geveg verloor het, deur Britse kritici as die beste bokser van die span beskou is.

As presidente van die boksklub het die volgende opgetree: dr. C. F. Hugo in die jare veertig, prof. C. Smit sedert 1950 en mnr. A. Keyter sedert 1958.

Skyfskiet

Die eerste skietvereniging aan die T.U.K. het omstreeks 1920 onder leiding van prof. W. P. de Villiers en dr. F. Tromp tot stand gekom, waaraan, behalwe studente, ook die meerderheid van die personeel behoort het. Daar is 'n skietbaan op die Proefplaas aangelê waar gereeld geoefen is.

Blykbaar het hierdie skietvereniging in die jare twintig doodgeloop, want in 1930 word weer 'n skyfskietklub aan die Universiteit hoofsaaklik as gevolg van die optrede van luitenant H. P. Smit gestig. Die klub was 'n aantal jare besonder aktief. Aan verskeie intervarsities, hoofsaaklik teen P.U.K., is deelgeneem waarin die Taksspan afwisselend sukses gehad het. In plaaslike wedstryde is redelik goed gepresteer; die Maggsbeker wat tussen Pretoria se klubs uitgeloof is, is een- of twee keer gewen. Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die klub blykbaar opgehou om te bestaan.

In 1958 herleef dit weer met mnr. G. Erasmus as voorsitter. Reeds in die eerste jaar van sy bestaan het die klub goed gepresteer, want op 'n interuniversitêre skyfskiet op Bloemfontein het Tukkies se eerste en tweede span ook eerste en tweede gekom. Die prestasie word in 1959 herhaal.

Melding moet ook gemaak word van 'n Dames-rewolwerklub wat omstreeks 1933 aan die Universiteit deur samewerking van maj. E. Eckmann en dr. L. E. Schilz gestig is. Wat die klub presies uitgevoer het behalwe om te oefen en raak of mis te skiet, is nie uit te maak nie. Teen 1934 verdwyn dit weer.

Sokker

Sokker is een van die eerste sportsoorte wat aan die T.U.K. beoefen is. Toe die rugbyklub tot stand gekom het, was die sokkerklub reeds daar, d.w.s. in 1909 of miskien al in 1908.

Met 'n ledetal van slegs 14 in 1910 was dit onmoontlik om ver te kom in die tweede liga waarvoor ingeskryf is en toe is besluit om in die sg. Wednesday League te speel waarin hulle daardie jaar vierde geëindig het. Kaptein van die klub (in 1910) was W. F. Candy, wat ook daardie jaar sekretaris van die studenteraad was.

Die Sokkerklub het egter nie lank bestaan nie. Reeds in 1911 lui dit: „The Soccer Club seems to have died out".

Na 42 jaar het die klub egter herleef toe in Mei 1953 weer 'n sokkerklub gestig is met prof. H. W. J. Wijnholds as ere-president. Net die volgende maand neem die pasgestigde klub aan die jaarlikse interuniversitêre sokkertoernooi deel en eindig derde in die reeks, wat almal hoogs tevrede gestem het.

Twee jaar later, in 1956 naamlik, slaag U.P. werklik daarin om die gemelde sokkertoernooi te wen en daarmee die Malcolm Taylortrofee te verower. Dit was die eerste keer dat 'n Afrikaanssprekende universiteit daarin geslaag het om hierdie toernooi te wen. Die klub neem ook elke jaar deel aan die algemene intervarsity teen Wits.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat die plaaslike ligakompetisie betref, het die klub aanvanklik vir die tweede liga ingeskryf, maar weens goeie prestasie is Tukkies se eerste span in 1958 bevorder tot die eerste liga.

Gholf

Die eerste gholfklub aan die Universiteit is in 1929 gestig hoofsaaklik as gevolg van 'n uitdaging van die gholfspelers van Wits. Dit was ook altyd die belangrikste gebeurtenis in die gholfgeledere, die jaarlikse wedstryd teen Wits. Daar is selfs 'n trofee tussen die twee universiteite uitgeloof, die Brintonskild wat U.P. blykbaar in 1931 en 1933 gewen het.

Na 1933 het die gholfklub, na dit voorkom, opgehou om te bestaan, maar herleef weer in 1947 met prof. Barnetson as president. Mnr. H. Grant Mackenzie het toe 'n beker vir die plaaslike kampioenskappe beskikbaar gestel.

In die jongste tyd word jaarliks aan die interuniversitêre toernooi deelgeneem.

Swem

Dat Tukkies eers begin swem het toe in 1929 'n swemklub tot stand gekom het, is moeilik om te glo. Van die begin af was daar ongetwyfeld die swemlustiges onder hulle, maar of daar ooit 'n vereniging of 'n span bestaan het wat namens die inrigting aan wedstryde deelgeneem het, is nie vas te stel nie. Waarskynlik is in die jare twintig swemwedstryde om die Heysbeker tussen die koshuise gehou.

Die swemklub wat in 1929 gestig is, was nie eintlik 'n klub in die werklike sin van die woord nie en is nie by die Noord-Transvaalse Swemvereniging geaffilieer nie. Eintlik het die klub maar net bestaan om spanne na die intervarsitybyeenkomste te stuur. Nietemin het die klub in 1930 al 'n Suid-Afrikaanse kampioen gehad in die persoon van mej. M. Weir wat die jaar op die interuniversitêre swemgala in Kaapstad die 100 en 220 treë gewen het.

Die U.P.-Swemklub het gedurende die jare dertig en die grootste deel van die jare veertig maar 'n wisselvallige bestaan gevoer. Jare van geesdrif word afgewissel met jare wanneer daar skaars 'n rimpeling op die water te bespeur is. Na 1947 kom daar egter 'n blywende oplewing en word weer met toenemende sukses aan intervarsity-swemgalas deelgeneem, veral in die manspanreisies.

Blykbaar as gevolg van hierdie sukses het die Tukkies toe besluit om 'n behoorlike swemklub te stig wat in Augustus 1953 met 'n eie konstitusie tot stand kom. Dis besluit dat die klub geslote sal wees en affiliasie is verkry met die Noord-Transvaalse Swemvereniging, die Waterpolo-afdeling en die Lewensreddingsvereniging.

Wat die prestasies van die swemklub na 1953 betref, kan in die algemeen gesê word dat besondere sukses behaal is op die interuniversitêre galas. In 1954 en 1955 wen die manspan die Fergusonskild. In 1954 het Felicity Loveday, wat later aan die klub behoort het, Springbokkleure verwerf. Tydens die Statebondspele in Vancouver was sy lid van die aflosspan wat aan Suid-Afrika 'n goue medalje besorg het.

In 1956 het die lewensredderspan weer 'n skild verower, terwyl Alan Brown op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe die 220 treë bors- en vlinderslagnommer ingepalm het. Die prestasie het hy in 1957 herhaal. Dieselfde jaar het Santa Pienaar die Suid-Afrikaanse borsslag-kampioene oor die 220 treë geword. Die waterpolospan het onder afrigting van die oud-Tukkie R. Lautz goed gepresteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Korfbal en Netbal

Korfbal is een van die sportsoorte wat 'n baie wisselvallige bestaan aan die U.P. gehad het.

Nadat in 1909 en toe weer in 1932 tevergeefs geprobeer is om 'n korfbalklub aan die lewe te hou, het daar eindelik in 1934 een tot stand gekom.

Die klub het redelik goed gepresteer, veral in die begin van die jare veertig. Dit word toegeskryf aan die afrigting van mej. Ria Hugo en mnr. T. Slabbert. Intervarsities, uitsluitlik teen Afrikaanssprekende universiteite, is min of meer gereeld gespeel.

Aangesien die meeste ander universiteite sedert 1949 netbal in plaas van korfbal gespeel het, is ook aan die U.P. oorgeskakel en in 1948 kom 'n netbalklub met prof. Claude Smit as erepresident tot stand. Dit het onmiddellik goed gegaan; reeds in 1948 word die Transvaalse eerste liga gewen terwyl in 1949 Wits, P.U.K. en U.K.O.V.S. almal in intervarsitybotsings oorrompel word.

Hierdie hoë peil is in die jare vyftig gehandhaaf. Dikwels het Tukkiespelers in die Noord-Transvaalse span 'n plek gekry.

Skaak

Die eerste skaakklub is blykbaar in 1928 gestig met prof. A. E. du Toit as erepresident en D. Gould as president. Sedert 1930 was dr. Schilz 'n aantal jare erepresident. Behalwe vir die gesellige aande onder mekaar — in 1933 het die V.S.R. 'n medalje uitgeloof vir die beste speler — is min of meer gereeld intervarsities teen Wits gehou, soms twee keer per jaar.

In 1939 loop die klub dood om in 1946 te herleef, blykbaar net om 'n intervarsitybotsing teen Wits te verloor, want in 1948 word dit alweer gestig. Dit staan toe onder voorsitterskap van D. R. de Villiers terwyl wyle mnr. A. Lubowski, bekende Pretoriase skaakkenner, die ere-president was.

Tafeltennis

Aan die begin van 1939 is die eerste tafeltennisklub deur bemiddeling van die V.S.R. gestig met mnr. H. Snyman as kaptein. Dit geniet populariteit en daar is selfs vir die Noord-Transvaalse liga ingeskryf, maar ten spyte van hierdie goeie begin het die klub spoedig hierna weer verdwyn.

Toe is weer in 1954 oorgegaan tot die stigting van 'n Binnemuurse Tafeltennisklub wat in die daaropvolgende intervarsity teen Wits deelneem. In 1936 het die buitemuurse studente die klub oorgeneem en behalwe vir intervarsities ook vir die Transvaalse ligakompetisie ingeskryf.

Die klub het hierna weer gekwyn, maar in 1959 herleef dit as 'n volwaardige universiteitsklub wat erkenning van die U.P.S. gekry het.

Amateurstoei

Die U.P.-amateurstoeiklub is in 1940 gestig met J. A. J. van Vuuren, D. Bosman en J. Pretorius aan die stuur van sake. Van daardie tyd af het stoei aan die U.P. van krag tot krag gegaan. Sedert 1943 is gereeld aan intervarsities deelgeneem asook aan die Noord-Transvaalse stoeiliga en stoeikampioenskappe en gaandeweg is beter gepresteer, o.a. is meegeding om die Schweickerdtbeker. 'n Besondere prestasie is dié van P. T. Jacobs wat in 1948 die S.A. Veergewigkampioenskap ingepalm het. In 1941

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is hy genomineer om Suid-Afrika in Nieu-Seeland te gaan verteenwoordig, maar weens gebrek aan fondse moes hy tuisbly.

Sedert die instelling van die Suid-Afrikaanse Universiteitstoeikampioenskappe het die U.P.-stoeiklub hierdie jaarlikse toernooi oorheers. Van 1953 af word die Rembrandtskild, wat as wisseltrofee in dié kampioenskappe uitgeloof is, jaar na jaar verower, met die uitsondering alleen van 1957, toe hulle dit met Stellenbosch moes deel en 1958 toe hulle dit moes afstaan aan U.K.

Belangrike ampsdraers wat hierdie sportsoort tot so 'n bloei aan die universiteit gebring het, was die presidente, prof. L. C. Mostert in die beginjare, J. A. J. van Vuuren vanaf 1948, M. Jooste vanaf 1952 en mnr. P. J. du Plessis as afrigter.

JUKSKEI

Met die opkoms van die jukskeispel in die jare veertig was dit te verwagte dat die skeie ook op die Universiteit vroeër of later sou begin klap. In 1941 is 'n jukskeilaer, die Lunsriemlaer, aan die Universiteit gestig. Daarna hoor mens niks meer van jukskei nie tot in 1945 weer gemeld word dat daar 'n laer gestig is. Intussen is daar darem seker elke jaar gespeel, want in 1946 kla die sekretaris van die jaar dat hulle al vyf jaar lank op tydelike bane speel en dat drie bane te min is.



Amateur-Stoeiklub, 1959.
Agter (*l.n.r.*): W. PRETORIUS, J. BLIGNAUT, P. NAUDÉ, G. BASSON, K. GORDON.
Middel (*l.n.r.*): M. E. JOOSTE (*afrigter*), T. J. KRUGER (*sekretaris*), J. A. J. VAN VUUREN (*afrigter*), J. M. VAN STADEN (*kapt.*), P. J. DU PLESSIS (*afrigter/bestuurder*).
Voor (*l.n.r.*): N. VAN DEVENTER, F. VAN STADEN, B. PRETORIUS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Intervarsities is teen die Potchefstroomse, Vrystaatse en Stellenbosse Universiteite gespeel. Ook in hierdie geval het die lang somervakansie deelname aan die plaaslike liga bemoeilik. Dit en miskien nog ander oorsake het belangstelling in jukskei laat kwyn en in 1956 het dit aan die universiteit doodgeloop.

Bofbal en Sagtebal

Soos te verwagte was, het hierdie twee sportsoorte na hulle in die jare veertig skielik populêr in Suid-Afrika geword het, ook hulle intrede aan die U.P. gedoen. Maar soos dit met alle somersport aan die Universiteit gaan, het die lang somervakansie ook hier ontwrigtend gewerk. Dit het die deelname aan plaaslike ligas erg bemoeilik en byna onmoontlik gemaak. Dit is miskien die hoofrede waarom bofbal en sagtebal net 'n aantal jare aan die Universiteit bestaan het en toe weer verdwyn het.

'n Bofbalklub is in Augustus 1946 aan die U.P. gestig met dr. G. H. Scheepers as president en P. Rothman as afrigter. Presies 'n jaar later het 'n Sagtebalklub ontstaan met mnr. Maclean as president.

'n Aantal intervarsitybotsings, teen Wits, Stellenbosch en U.K., en deelname aan die interuniversitêre toernooi in 1954 en 1955 maak omtrent die hele geskiedenis van die bofbalklub uit. Na laasgenoemde jaar het die klub opgehou om te bestaan.

Met sagtebal was dit omtrent dieselfde hoewel net 'n korter storie, want reeds na 1951 word niks meer van die klub verneem nie.

Gewigoptel

Die U.P.-gewigoptelklub is in 1949 gestig met prof. Claude Smit as president en mnr. K. A. Schrecker as afrigter. Later het mnr. P. J. du Plessis afrigter en prof. P. V. Pistorius president van die klub geword.

Sedert 1953 neem die klub deel aan die interuniversitêre kampioenskappe. In 1954 word hierin die Du Plessisskild vir die eerste keer verower, terwyl Manie Claassen die beker vir die deelnemer met die beste styl verower.

Tot dusver het U.P. drie Suid-Afrikaanse juniorkampioene opgelewer: C. Pistorius (veergewig) in 1956 en in 1959 E. Kruger (swaargewig) en R. Pistorius (veergewig).

Skerm

Hoewel die U.P.-skermklub eers in 1950 gestig is, was daar reeds voor die tyd 'n geesdriftige skermer in die persoon van mnr. Nick Wasserthal wat in 1946 en 1947 teen 'n toerspan van U.K. se skermklub opgetree het. Gedurende sy jarelange belangstelling en aktiewe deelname het hy seker meer vir hierdie sportsoort aan die Universiteit beteken as enige ander persoon.

Toe die klub in 1950 gestig is, is adv. O. Pirow as erepresident gekies, terwyl mnr. U. Monticelli van Johannesburg as afrigter opgetree het. Die volgende jaar het sersantmajoor Smit en mnr. Andy Malherbe met baie sukses die afrigtingswerk op hulle geneem.

Sedert 1951 neem die U.P. deel aan die jaarlikse interuniversitêre skermtoernooi waar die damespan in 1956 en 1957 eerste gekom het.

Hoewel die klub in 1954 weens finansiële moeilikhede ontbind is, het dit in 1955 herleef. Toe is die dienste van prof. Teague as afrigter verkry wat aan die U.P.-skermklub verbonde was tot sy dood in 1958.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1957 is vir die eerste keer 'n Tukkie gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig en wel teen Rhodesië. Hierdie eer het mej. T. Preys te beurt geval. Die volgende jaar is sy en Nick Wasserthal gekies vir die studentespan wat in 1958 'n toer na Europa onderneem het.

U.P.-GIMNASTIEKKLUB

Die U.P.-gimnastiekklub moet beskou word as 'n direkte uitvloeisel van die departement Liggaamlike Opvoedkunde. Hoewel die klub eers in 1951 gestig is, het mnr. K. A. Schrecker, senior lektor in genoemde departement, reeds voor die tyd gimnaste afgerig vir deelname aan die jaarlikse Suid-Afrikaanse Gimnastiek-kampioenskappe.

Gedurende die eerste twee jaar van die bestaan van die klub het dit maar moeilik gegaan. Die ledetal was nooit baie hoog nie en byna uitsluitlik tot studente van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde beperk. Opleidingswerk is deur senior studente van die departement onder toesig van mnr. Schrecker waargeneem. Later het mnr. M. Jooste bygekom, terwyl mej. G. Oertli die dames afgerig het.

Dat die opleidingswerk uitstekend was, het spoedig aan die lig gekom, toe die klub tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in beide die dames- en mans-afdeling eerste gekom het. In 1956 het die damespan weer gepresteer deur eerste in die spankompetisie te kom.




U.P.-skermspan, 1958.
V.l.n.r. Agter: A. v. Dam, E. v.d. Walt, F. Boyazoglu, K. Skawran, N. Wasserthal, H. Voigts, T. Preys, H. Hitzeroth, H. Rheeder.
Voor: E. Retief, J. Noble, J. von Krosigk, K. Seifart.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

JUDO

Die U.P.-amateur-judoklub is een van die jongste maar ook een van die aktiefste sportklubs aan die Universiteit. Dit is in 1955 gestig met prof. Claude Smit as erepresident en J. C. Jerling as eerste kaptein. Toe die klub nog skaars 'n maand oud was, het die eerste intervarsitybotsing teen Rhodes plaasgevind. Rhodes het alreeds sedert 1949 'n judoklub gehad en sy span het hooggegradeerde judokas besit teen wie U.P. dan ook nie opgewasse was nie.



U.P.-judo-span, wenners van S.A.U.J.V.-trofee, 1957.
L.n.r. agter: B. H. BESTER, J. C. JERLING (*kapt.*), P. J. MOHR. *Voor:* J. J. JOUBERT, A. WESSELS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eerste intervarsitybotsings vind in 1955 teen Rhodes en in 1956 teen Natal plaas, waarvan die laaste gewen word. Kort hierna is die judosport op 'n interuniversitêre basis geplaas deur die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Universiteite-judovereniging. J. C. Jerling van U.P. het die eer te beurt geval om vir drie jaar agtereenvolgens voorsitter van die vereniging te wees. Onder beskerming van hierdie vereniging word nou jaarliks interuniversitêre judokampioenskappe gehou. Hierdie kampioenskappe is tot dusver deur U.P. oorheers deur elke keer die meeste punte te behaal. Elke jaar is die beker vir die „beste judoka" ook deur 'n Tukkie gewen; in 1956 was dit J. J. Wessels, in 1957 P. J. Mohr, in 1958 J. H. Joubert en in 1959 J. Alberts.

Belangrik is die nasionale graderingskampioenskappe waaraan U.P. se judomanne elke jaar deelgeneem het. Oor die jare is verskeie gordels deur Tukkies verower. Die grootste triomf het Piet Mohr te beurt geval toe hy tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe van 1959 daarin geslaag het om die veelgesogte swart gordel te verower. Hy is nou een van die ses hoogste gegradeerde judomanne in die land en die eerste student in Suid-Afrika wat die peil bereik het.

Tans, in 1960, is die klub nog baie sterk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

HOOFSTUK XI

HIERVANDAAN VERDER

— C. H. RAUTENBACH.

IN 't verleden ligt 't heden, in 't nu wat worden zal!

Hierdie Hollandse spreekwoord gee uitdrukking aan die historiese siening. Aan elke gebeurtenis of toestand gaan omstandighede vooraf wat daardie gebeurtenis of toestand meebring, bepaal of veroorsaak. Hede is gevolg van verlede en oorsaak van toekoms. Ons aanvaar verder dat persone se bedrywighede medeoorsake is van gebeurtenisse, dat dit nie net mét 'n mens of ondánks 'n mens gebeur nie maar ook déur 'n mens. Die gedenkboek het die Universitiet van Pretoria laat sien as ontwikkelingsproduk, bewerkstellig deur die sameloop van omstandighede en deur die persone wat toestande uitgebaat en 'n wending veroorsaak het.

Omstandighede en persone sal ook die toekoms bepaal. In die Suid-Afrika van 1960 word allerweë gevra: wat sal die toekoms bring? Wie die tekens van die tyd reg lees, kry 'n begrip van toekomsmoontlikhede. Wie in die sake betrokke is, het 'n mate van aanspreeklikheid vir die toekoms. In rustige en bestendige tye word 'n gladde toekomstige verloop van gebeurtenisse verwag. Maar wie is bereid om te verklaar dat huidige omstandighede gekenmerk word deur stabiliteit?

Die onderwysinstellings van 'n land weerkaats die heersende tendense van die gemeenskap, berei daarop voor en oefen op die beurt 'n invloed daarop uit. Die wêreld, Afrika en Suid-Afrika van 1960 is iets anders as dié van 1910. Magtige verskuiwings het plaasgevind. 'n Groot tydperk van die geskiedenis is afgesluit en ons verkeer in 'n nuwe era. In dergelike oorgangstydperke is dit uiters moeilik om die invloede wat aan die gang is en voorbodes is van die toekoms goed na te speur. 'n Volslae breuk met die verlede kan daar ook nie wees nie, want dit sou 'n diskontinuïteit beteken wat die historiese siening nie sal aanvaar nie. Die menslike natuur bly deurgaans tog maar dieselfde en gee wellig kontinuïteit te midde van baie wisseling.

Ons staan, ook in Suid-Afrika in 1960, voor 'n veel gekompliseerder en ingewikkelder wêreld as vyftig jaar gelede. Dit is goed dat ons op die drempel van die tweede halfeeu van ons bestaan as universiteit voorraadopname hou en ernstig vra: wat lê vir ons voor?

Die klein halfwasse universiteitskollege van 1910 het 'n selfstandige universiteit geword wat volgens Suid-Afrikaanse maatstawwe groot is, maar volgens die norm van groot universiteite van die wêreld nou eers toegetree het tot die kring van middelslaginrigtings. Die V.S.A. het in 1959/1960 minstens 25 universiteite wat meer as 10,000 voltydse studente hanteer en minstens 25 wat meer as 15,000 voltydse en deeltydse studente het. Daar is heelwat Europese en Kanadese universiteite wat ook oor 10,000 studente het. Australië het ook al twee wat hier aan die deur klop. Met 7,323 studente in Desember 1959 is Pretoria die grootste universiteit van die Dietse wêreld. Daarna volg die Amsterdamse Stedelike Universiteit wat in 1957/1958 6767 studente gehad het en Delft met 5,511. Die T.U.K. van 1910, van owerheidsweë 'n Engelse kollege vir studente van landelike, Afrikaanse herkoms, het 'n Afrikaanse universiteit geword vir Afrikaanse en ander studente, noual grootliks van stedelike oorsprong. Die Afrikaner het sy kultuurstryd gewin en het sy oorwinning al aan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sienlik gekonsolideer. Hierdie stryd sal nie weer oorgeveg word nie en daardeur sal die tweede halfeeu baie verskil van die eerste. Maar al vir meer as vyf-en-dertig jaar het industrialisasie in Suid-Afrika ingetree en met industrialisasie ook urbanisasie met sy nuwe vraagstukke. Ook beteken dit die koms van die tegniek met sy gevolge vir universiteite en onderwysinstellings. Universiteite moes hulle betreklike isolasie verbreek om in die middel van die maatskaplike werskaf te staan te kom en diens te lewer. Tans is universiteite nie meer bloot 'n kulturele belegging nie maar 'n belangrik materiële belegging. Kennis beteken ook voorspoed, materiële gerief en veiligheid. 'n Herwaardering van universiteite in sodanige terme met al die risiko's daaraan verbonde, word voltrek. Dit is universeel. Maar ons vasteland, Afrika, het ook sy eie veranderinge. Die Unie van Suid-Afrika kom te staan te midde van 'n reeks selfstandige, meestal swart Afrika-state. Wie kon dit 50 jaar gelede droom? In sy eie huishouding aanskou die Unie ook groot verandering. Die voorpunt van ons swart landgenote het so mondig geword dat hulle in ons jubileumjaar begin met hulle eie staatsuniversiteitskolleges beter toegerus en met 'n sterker personeel as waarmee blankes ooit in Suid-Afrika begin het. Die laaste vier dekades van hierdie eeu sal die lot van ons beskawing in Suid-Afrika finaal beslis, indien dit nie elders in die botsing tussen die groot moondhede beslis word nie. Ons gaan 'n riskante bestaan tegemoet. Die onderwysinstellings sal dit weerkaats. Ons land sal 'n geleide ontwikkeling moet deurmaak en die universiteite sal hulle plek daarin moet neem of ontruim vir iets anders. Ons staan ook voor 'n verandering van staatsvorm as afsluiting van 'n staatsregtelike ontwikkeling.

Dit alles is te oorweldigend en ingewikkeld om in 'n kort bestek veel te sê oor toekomsmoontlikhede.

Die Universiteit van Pretoria word 'n groot universiteit wat in 1963/1964 met normale groei sy 10,000 studente sal hê. Die staatstoelae aan universiteite is in 1959 hersien vir die vyf jaar wat in Oktober 1958 begin het en sal dus standhou tot aan die einde van 1963. As gevolg daarvan kan dit langs die weg van verdere inkortings van subsidie op groot en toenemende getalle nie as 'n betekenisvolle remskoen vir ontwikkeling tot die einde van 1963 gebruik word nie. Dit is moontlik dat daarna 'n groot worsteling gaan opkom oor kunsmatige getalbeperking by die komende vyfjarige hersiening van staatsubsidie, want dit is 'n middel wat volgens voorspooksels wat al te bespeur was, te berde mag kom. Met oorleg sal ook sulke hinderpale oorwin word!

Die uitgesproke beleid van U.P. is om die deure vir studente oop te hou op voorwaarde dat doeltreffende onderwysgeriewe beskikbaar bly. Solank as wat die huidige finansiële toebedeling deur die Staat standhou met sy opwaartse tendens, kan die onderwysgeriewe daarmee tred hou en selfs verbeter word. Die dekade 1950-1960 het ons die agterstand laat inhaal, sodat fisiese geriewe, voorlesinglokale, personeelkantore, laboratoria, biblioteke e.d.m. in die begin van 1960 seker die beste van die afgelope veertig jaar sal wees. Voortaan kan makliker tred gehou word met uitbreiding van fisiese geriewe. Die uitgebreider personeelvoorsiening is ook al twee jaar aan die gang en sal nou met versnelde tempo aangepak kan word. Dit moet liefs aan die outonome universiteite self oorgelaat word om verantwoorde beslissings te neem oor selfbeperking. Ons kan dit betwyfel of 'n verantwoordelike landsowerheid deelgenoot sal wees aan 'n regstreekse of onregstreekse willekeurige beperking. Ons staan nog by die siening van Gardiner, president van die Carnegie Corporation of New York: „It is depressing to find people believing that the big university is important just because it is big. It is equally depressing to find people trafficking in pious generalities about the virtues of smallness". In hierdie opsig word in Suid-Afrika

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

heelwat gehoor wat deprimerend is. Dit loon die moeite om met die oog op ons toekoms te verneem watter tien voldrae universiteite in die V.S.A. in die akademiese jaar 1958/1959 volgens konsensus die meeste roem geniet het volgens die aantal beroemde departemente en daarby wat die studentetalle was.

Universiteit	*Beroemde departemente*	*Studentetal*
California (Berkeley)	23	19,000
Chicago	22	8,585 (5,705 voltyds)
Yale	21	7,742
Harvard (Radcliffe ingesluit)	21	12,769
Columbia	16	25,865 (11,836 voltyds)
Princeton	13	3,756
Michigan	12	20,549
Wisconsin (Madison campus)	11	17,145
Cornell	8	11,678
Stanford	9	8,405

As die beste tien regsopleidings in voldrae universiteite is genoem Harvard (12,769 studente), Chicago (8,585), Yale (7,742), Columbia (25,865), Michigan (20,549). California-Berkeley (19,000), Wisconsin (17,145), New York (40,817 waarvan 13,300 voltyds), Illinois (29,591), Northwestern (16,161 waarvan 8,000 voltyds). Die tien universiteite of institute met die beroemdste ingenieurskole is: M.I.T. (6,259), Cornell (11,678), Michigan (20,549), California-Berkeley (19,000), Columbia (25,865), Caltech (1,259), Yale (7,742), Wisconsin-Madison (17,145).

Van hierdie inrigtings is beroemd volgens enige standaard instellings wie se personeel al 7 tot 8 keer Nobel-pryse gewen het. Groot getalle hoef dus geen nadeel te wees vir gehalte nie, trouens, indien statistiek iets aandui, is dit een van die gunstige faktore.

Die samestelling van die studentetal van Pretoria is ook van betekenis. Volgens die Oktober-November 1959-eksamens kry ons die 7,300 studente in onderskeie vakke, gegroepeer onder die volgende eksamengroepe:

Klasse met:		
1 tot 10	studente —	204
11 „ 20	„ —	93
21 „ 25	„ —	49
26 „ 50	„ —	95
51 „ 75	„ —	46
76 „ 100	„ —	23
101 „ 150	„ —	20
151 „ 200	„ —	12
201 „ 250	„ —	7
251 „ 300	„ —	2
301 „ 400	„ —	6
401 „ 500	„ —	2
551	„	1
848	„	1
886	„	1
		562

M.a.w. van klasse met 1 tot 25 studente, is daar 346 groepe.

Voorts moet daarmee rekening gehou word dat die Buitemuurse getal staan op 1,780 en die buite-uurse groep vir B.Sc. met die vakke Chemie, Wiskunde, Fisika en Toegepaste Wiskunde op 420, sodat al die grootste groepe reeds onderverdeel is en vir onderwys ook al weer verder verdeel is. Dit is vir 'n jong land gevaarliker om klein te dink as om groot te dink. Ons moet waak teen versteende gedagtes en benepe denkwyses.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Maar meteens dui dit op 'n wending wat die toekoms moet bring vir Suid-Afrikaanse universiteite. Ons bedoel groter prominensie wat verleen sal word aan navorsing en navorsingsprogrammas saam met versterking van die nagraadse opleiding. Ons sal die weg opgaan van die jong lande van die wêreld. In die V.S.A. het die „Association of American Universities" in 1912 tot stand gekom om die universiteite en instellings met ambisieuse en gevestigde nagraadse opleiding saam te snoer. Dit het tans 41 lede onder nagenoeg 2,000 inrigtings vir hoër onderwys waarvan 140 volgens Amerikaanse definisie voldrae universiteite is. Die oudste universiteit van die V.S.A. dateer uit 1636. Hierdie aksentverskuiwing het dus later eers gekom. Maar dit sal in Suid-Afrika nie so gemoedelik rustig kan geskied as die voorafgaande ontwikkeling van die onderwysfunksie van die universiteite of soos in ander lande of vroeër tye nie. Ons prestige en voortbestaan is so intiem daarmee gemoeid dat dit in die toekoms met versnelde tempo en uitgebreider omvang sal geskied as wat ons op die oomblik kan vermoed. Ons tree 'n fase tegemoet waar die peil van universiteitswerk sal styg, veral op nagraadse vlak.

Baie radikale veranderings op voorgraadse gebied moet nie verwag word nie. Verhoging van die matrikulasie-slaagpersentasie, selfs tot 50%, is nie uitgesluit nie. Verlenging van die skooljare van 'n 12- tot 'n 13-jaarstelsel raak weg van die gesigseinder, veral wanneer besef word dat by die Russe met die skool van 7 tot 17, en daarna die universiteit indrukwekkend presteer, maar die hoërskool aldaar het in sy slotjare 'n 33-uur skoolweek. Wat wel met spoed in aantog is, is 'n sentrale onderwysbeleid, want daarsonder kan daar geen sprake wees van 'n geleide of beplande ontwikkeling nie en sonder laasgenoemde is daar in problematiese Suid-Afrika geen toekoms nie. Die kwaliteit van die hoërskool bepaal die aanvangsonderrig van die universiteit. Ons kry verandering aan die bestaande stelsel (differensiasie e.d.m.), maar die model sal dié wees van die nuwe wêreld (Noord-Amerika, Australië, Nieu-Seeland e.d.m.) en nie die kontinentale nie wat nie sonder sy eie vraagstukke is nie. Die Nederlandse Gimnasium het voor die Goudoorlog van 1899-1902 wortel geskiet in Pretoria, maar is deur die anneksasie met wortel en al uitgetrek, en 'n ander patroon is gevolg wat in sy wese sal bly. Die moontlikheid van 'n sentrale onderwysbeleid sal ook die hoërskole se universiteitsvoorbereidingsfunksie in suiwerder perspektief stel en doelmatiger lei.

Die wêreldwye verskuiwing van humanistiek en sosiale wetenskappe na suiwer en toegepaste natuurwetenskappe word in Suid-Afrika ook voltrek. Die Afrikaanstalige universiteite het deur hulle jonkheid die verskuiwing eers later ondervind. In Pretoria was die verhouding Humanistiek en Sosiale Wetenskappe teenoor suiwer en toegepaste natuurwetenskappe in 1938, 1948, 1958 en 1959 soos volg: 60%: 40%; 48%: 52%; 50%: 50%; 50%: 50%. Ons verwag dat die volgende dekade dit mag bring tot naastenby 46%: 54%. Die gunstige ligging van die Universiteit van Pretoria met betrekking tot navorsingsinrigtings van natuurwetenskaplike aard sal dit in die hand werk, veral nagraads. Die onmisbare, algemene mensvorming deur die universiteit sal die inslag van humanistiek en sosiale wetenskappe in die universitêre firmanent kwalitatief kan laat toeneem.

Die geleide en beplande ontwikkelingspatroon van die Pretoriase Universiteit bring ook weer die residensiële karakter met betrekking tot voltydse studente toenemend terug. 'n Omvattende studentehuisvestingsprogram is reeds aan die gang om dit te bewerkstellig. Ook dit word 'n teenwig vir massale hantering.

Die Universiteit het op vyf terreine of campusse ontwikkel: Hillcrest, Buitemuurs, Onderstepoort, Hospitaalheuwel (Medies) en Donkiekamp (Tandheelkunde). Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sesde terrein waar ons aanvanklik manstehuise en landbouhuisvesting vind, is reeds op die Proefplaas aangelê. Dit sal die oostelike eindpunt van die universiteitstad van die toekoms wees wat mag strek met 'n smal strook vanaf die ou terrein tot aan die proefplaas.

Ons sien 'n toekoms tegemoet wat die voordele van groot getalle inhou en die nut van hantering in kleiner groepe terugbring, sodat die onderwys-, ondersoek- en opvoedingstake kwalitatief reg behartig word tot diens en voordeel van die gemeenskap.

So sal ons volhard met die bereiking van die doel en 'n skakel wees in die ketting wat strek uit verlede deur hede na die toekoms.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VOLLEDIGE INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD v

I AANVANGSJARE: PRETORIA EN DIE HOËR ONDERWYS VOOR 1910 1

Pogings voor 1899 1
Die „Transvaal Technical Institute" 4
Smuts en die T.U.K.: 1907 — 1908 8
Die „Pretoria Centre" van die T.U.K.: 1908 — 1910 11
Die Selfstandige T.U.K. in Pretoria: 17 Mei 1910 22

II DIE TRANSVAALSE UNIVERSITEITSKOLLEGE (1910 — 1930) 25

Die eerste jare 25
Beheer en bestuur 27
Die eerste rektorkwessie 30
Finansies (1910 — 1930) 35
Op pad na onafhanklikheid 40

III VOERTAAL EN AFRIKAANSWORDING 48

„Ons hoop, ons ideaal" 50
'n Vlag word verbrand 52
„A hot-bed of nationalism" 54
'n Nuwe hand aan die Stuur 56
Die „Vyftig-vyftigbeleid": teorie en praktyk 58
Wilfred Saint-Mandé 60
Prof. Du Toit neem die leiding 65
Onmin met die Stadsraad 68

IV DIE WEG VAN DIE UNIVERSITEIT (1930 — 1960) 74

Die Skraal jare 76
Die rektorkwessie (1934 — 1935) 81
Aarselende vooruitgang tot 1940 84
Die rektorskap van prof. M. C. Botha (1941 — 1947) 89
Die nuwe begin 94
Kanseliers van die Universiteit van Pretoria 101
Onderkanseliers (1930 — 1960) 101
Rektors van die T.U.K. en die U.P. 102
Voorsitters van die Raad van die T.U.K. en die U.P. 102
Voorsitters van die Senaat (1908 — 1960) 103
Presidente van die Konvokasie (1930 — 1960) 103
Grade (Honoris Causa) deur die U.P. toegeken (1930 — 1960) 103

V DIE FAKULTEITE 105

Lettere en Wysbegeerte 105
Geskiedenis van die Fakulteit 105
Dekane van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 108
Die Departemente 108

Wis- en Natuurkunde 130
Die Fakulteit en sy verlede 130
Dekane van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde 131
Die Departemente 132

Landbou 143
Die Geskiedenis van die Fakulteit 143
Die T.U.K.-tydperk: 1916 — 1930 143
Die „Inlywing" van 1940 146
Die Fakulteit en die Transvaalstreek na 1950 148
Die Proefplaas 150
Dekane van die Fakulteit Landbou 154
Die Departemente 154

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

GODGELEERDHEID 163
AFDELING A. — NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA 164
DIE STIGTING VAN DIE FAKULTEIT 164
DIE DEPARTEMENTE 166
AFDELING B. — NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 170
STIGTINGSGESKIEDENIS 170
DIE DEPARTEMENTE 172
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT GODGELEERDHEID 175

REGSGELEERDHEID 176
DIE GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT 176
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT REGSGELEERDHEID 183
DIE DEPARTEMENTE 183

HANDEL EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE 188
DIE FAKULTEIT EN SY ONTSTAAN 188
DIE INSTITUUT VIR BESTUUR EN ADMINISTRASIE 190
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT HANDEL EN PUBLIEKE ADMINISTRASIE 190
DIE DEPARTEMENTE 191

VEEARTSENYKUNDE 196
DIE FAKULTEIT EN SY ONTSTAAN 196
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE 203
DIE DEPARTEMENTE 203

OPVOEDKUNDE 215
GESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT 215
DIE KINDERLEIDINGINSTITUUT 218
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE 219
DIE DEPARTEMENTE 219

GENEESKUNDE 221
DIE EERSTE AFRIKAANSE MEDIESE FAKULTEIT EN SY ONTSTAANSGESKIEDENIS 221
DIE FAKULTEIT SEDERT 1943 227
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT GENEESKUNDE 229
DIE DEPARTEMENTE 229

TANDHEELKUNDE 235
STIGTINGSGESKIEDENIS 235
DEKANE VAN DIE FAKULTEIT TANDHEELKUNDE 239
DIE DEPARTEMENTE 239

INGENIEURSWESE 241
STIGTINGSGESKIEDENIS VAN DIE FAKULTEIT 241
DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT INGENIEURSWESE 246
DIE DEPARTEMENTE 246

VI BUITEMUURS 249
DIE BUITEMUURSE AFDELING VAN DIE T.U.K. 249
DIE VERSKUIWINGSGEDAGTE (1923 — 1956) 254
GROEI EN HUISVESTING NA 1930 259

VII TERREIN EN GEBOUE 264
DIE HOOFTERREIN 264
DIE BINNEPLEIN 272

DIE GEBOUE VIR DIE ONDERWYS 274
HUISVESTING VIR STUDENTE 284

VIII DIE NIE-DOSERENDE AFDELING 297
DIE SENTRALE ADMINISTRASIE 297
DIE EERSTE SEKRETARIS 297
DIE POS REGISTRATEUR 298
ADMINISTRATIEWE PERSONEEL 301
HUISVESTING VAN DIE SENTRALE ADMINISTRASIE 302
UITBREIDING VAN WERKSAAMHEDE 303

DIE TEGNIESE AFDELING 306
DIE BIBLIOTEEK 307
HUISVESTING 307
BEHEER 312
GROEI VAN DIE BOEKEVOORRAAD 315
VERSAMELINGS EN SKENKINGS 318
TAKBIBLIOTEKE 320

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

IX STUDENTELEWE 323
STUDENTEBESTURE 323
BINNEMUURSE STUDENTERAAD 323
BUITEMUURSE STUDENTERAAD 326
DIE SENTRALE STUDENTERAAD 328
DIE S.S.R. IN FUNKSIE 331
TREK 331
PERDEBY 334
KONING JOOL 337
LENTEDAG 343
TUSSEN-UNIVERSITÊRE BETREKKINGE 346
GELUKBRINGERS EN STROOPTOGTE 349
STRYDKREET EN LIED 353
DIE UNIVERSITEITSKLEURE 359
DIE UNIVERSITEITSWAPEN 363
DIE UNIVERSITEITSLEUSE 366
DIE NAAM VAN DIE UNIVERSITEIT 368
STUDENTERADE OP EIE WERF 369
ONDERLINGE VERHOUDINGE 369
VERHOUDING TOT UNIVERSITEITSOWERHEDE 371
OPTREDE NA BUITE 375
ONTGROENING 377
VERMEULENSTRAAT SE MENSE 381
STUDENTEVERENIGINGS 381
VERENIGINGS MET 'N KULTURELE INSLAG 382
VERENIGINGS MET 'N GODSDIENSTIGE INSLAG 397
VERENIGINGS VERBIND AAN 'N BEPAALDE DEPARTEMENT OF FAKULTEIT 399
ANDER VERENIGINGS 402
GEESTELIKE BEARBEIDING VAN STUDENTE 405
BOND VAN OUDSTUDENTE 408
VOORSITTERS VAN STUDENTERADE 417
X TUKKIESPORT 419
ALGEMENE ONTWIKKELING EN ORGANISASIE 419
SPORTVELDE 421
DIE SPORTKLUBS 427
XI HIERVANDAAN VERDER 446
VOLLEDIGE INHOUDSOPGAWE 451
ILLUSTRASIES 454
REGISTER 456

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ILLUSTRASIES

1. FOTO'S VAN PERSONE (ALFABETIES).

ABERNETHY, WALTER 252
ADAMSON, J. E. 5
ANDERSON, MEJ. GRACE (MEV. BATTISS) 360
BATEMAN, H. W. 306
BOEZAART, T. P. C. 408
BOSMAN. I. D. 112
BOSMAN, J. C. 220
BOXWELL, J. 111
BREYTENBACH, J. C. V. 301
CANDY, W. F. 324
CILLIERS, C. H. 358
CLARK-POWELL, H. 160
COETZEE, P. C. 333
DAVEL, H. B. 160
DAVIDTSZ, MEJ. M. J. 142
DE HAAS, W. G. 230
DE VILLIERS, L. C. 137
DE VILLIERS, STEVE 345
DE VILLIERS, W. P. 117
DE VOS, P. J. G. 231
DU PLESSIS, P. G. 335
DU TOIT, A. E. 34
DU TOIT, M. L. 127
DU TOIT, P. J. 211
ELBRECHT, B. 139
ENGELBRECHT, S. P. 168
ENGELENBURG, F. V. 49
ERLANK, W. J. DU P. 53
FAURE, J. C. 158
FOURIE, P. J. J. 206
GARIBALDI, ... 349
GEMSER, B. 169
GOUDRIAAN, J. 195
GREYVENSTEIN, J. H. J. A. 166
GUNDRY, P. G. 133
HAFNER, D. G. 298
HECTOR, J. M. 156
HENNING, M. W. 360
HERTZOG, J. B. M. 72
HOFMEYR, J. H. 72
HOLLOWAY, J. E. 53
HOOGENHOUT, N. M. 32
HUGO, T. J. 114
JANSE, A. J. T. 158
JANSON, T. N H. 383
JANSSEN, E. 234
JOUBERT, P. B. M. 239
KEET, D. J. 173
LE ROUX, F. J. 412
LE ROUX, T. H. 115
LOMBAARD, B. V. 413
LOUW, A. J. 78
MACFADYEN, W. A. 113
MACKENZIE, H. B. GRANT 411
MALAN, D. E. 138
MALHERBE, D. F. DU T. 50
MALHERBE, I. DE V. 397
MARITZ, G. J. 67
MES, MARGARETHA, G. 140
NESER, C. P. 206
OOM GERT 351
ORTLEPP, R. J. 214
PARKIN, B. S. 207
PATERSON, A. C. 29
PELLISSIER, G. M. 174
PHINEAS 351
PLUMMER, F. E. 120
PONT, D. 184
PURVES, J. 312
PIJPER, A. 231
QUIN, J. 208
QUINLAN, J. B. 212
RAUTENBACH, C. H. 93
REDELINGHUYS, S.A. 371
REININK, H. TH. 109
RISSIK, HEINRICH 359
RISSIK, P. U. 359
ROBERTS, A. A. 299
ROBINSON, E. M. 210
ROOS, J. DE V. 22
ROOS, TIELMAN J. DE V. 77
SCHMIDT, C. F. 84
SHERWOOD, E. T. G. 141
SMUTS, J. C. 8
SPRUCE, C. 313
STOFBERG, P. J. P. 361
STRELEN, MEV. B. 116
TE GROEN, L. J. 233
TE WATER, CHARLES 95
THEILER, A. 210
THERON, J. J. 156
VAN BROEKHUIZEN, H. D. 64
VAN DER BIJL, H. J. 81
VAN DER LINGEN, J. S. 365
VAN DER MERWE, C. V. 383
VAN ROOY, D. J. 50
VAN TONDER, A. J. 247
VAN WYK, LOUIS 336
VEALE, H. P. 42
VILJOEN, H. G. 109
VOSS, V. 134
WALLIS, J. P. R. 110
WESSELS, J. W. 24
WOLMARANS, H. P. 167

2. FOTO'S VAN GROEPE, GEBOUE EN ANDER (IN VOLGORDE VAN BLADSYE).

DIE OU LETTEREGEBOU ..... TEENOOR TITELBLAD
DIE DRIELEDIGE SMUTSPLAN 10
DIE EERSTE VIER PROFESSORE, 1908 12
DIE SCHOEMANSTRAATSE INGANG VAN DIE T.U.K. (KYA LAMI), 1908 14
DIE EERSTE STUDENTE EN DOSENTE VAN DIE T.U.K. VOOR KYA ROSA, 1908 18
DIE GEBOU VAN DIE STAATSGIMNASIUM 20
PERSONEEL EN STUDENTE, 1910 25
DIE HOEKSTEEN, OU LETTEREGEBOU 27
PERSONEEL EN STUDENTE, 1914 36
PROKLAMASIE VAN DIE STIGTING VAN DIE U.P. 45
OORHANDIGING VAN STIGTINGSOORKONDE 46
DIE EERSTE RAAD VAN DIE U.P. 1930 46
DIE OSSEWATREK VAN 1938: WAENS BY DIE UNIVERSITEIT 86
DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE SENAAT, 1950 97
DIE UNIVERSITEITSRAAD, 1955 100
DIE INGANG UIT SUIDSTRAAT NA DIE PROEFPLAAS, 1920 151
OP DIE PROEFPLAAS 152
ONDERSTEPOORT 197
DIE FAKULTEITSGEBOUE VIR VEEARTSENYKUNDE, ONDERSTEPOORT 202
HOEKSTEENLEGGING VAN DIE NUWE CHEMIEGEBOU DEUR DR. H. J. VAN DER BIJL, 1942 224
HOEKSTEENLEGGING VAN DIE TANDHEELKUNDE GEBOU DEUR DR. D. F. MALAN, 1950 238
DIE REKTOR (PROF. C. H. RAUTENBACH) IN GESPREK MET DIE EERSTE MINISTER, SY EDELE ADV. J. G. STRIJDOM TYDENS DIE INGEBRUIKNEMING VAN DIE INGENIEURSGEBOU, 1957 244
DIE ERASMUSGEBOU OP KERKPLEIN 250
DIE BUITEMUURSE GEBOU IN VERMEULENSTRAAT, 1925 253
DIE BUITEMUURSE GEBOU, PROESSTRAAT 263
DIE KOLLEGETERREIN IN DIE JARE TWINTIG 267
LUGFOTO VAN UNIVERSITEITSTERREIN, 1959 270
INGANGSPOORT MET SUILE 273
DIE OU LETTEREGEBOU KORT NA VOLTOOIING 274
DIE LANDBOUGEBOU 276
DIE REKTOR, PROF. C. H. RAUTENBACH, LÊ DIE HOEKSTEEN VAN DIE NUWE LETTEREGEBOU, 1950 281
DIE A. E. DU TOIT-AUDITORIUM 283
KYA ROSA AS DAMESKOSHUIS 286
DAMESKOSHUISGANGERS UIT DIE BEGINJARE 287
DIE DAMESKOSHUIS TYDENS INGEBRUIKNAME, 1926 288
PROSPECTTEHUIS 289
ASTERHOF 293
DIE AULA EN STUDENTESENTRUM 294
ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT TYDENS OPENING VAN DIE AULA 295
DIE EERSTE MANSKOSHUIS OP DIE PROEFPLAASTERREIN 296
DIE ADMINISTRASIEGEBOU 303
DIE VOORPORTAAL VAN DIE BIBLIOTEEK IN DIE OU LETTEREGEBOU 308
GENL. SMUTS AAN DIE WOORD TYDENS DIE HOEKSTEENLEGGING VAN DIE MERENSKYBIBLIOTEEK, 1937 309
BIBLIOTEEK-INTERIEUR 310
DIE MERENSKYBIBLIOTEEK 311

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

EERSTE STUDENTERAAD SAAMGESTEL OP 17 MAART 1909 323
DIE EERSTE BUITEMUURSE STUDENTERAAD 327
DIE STUDENTE-UNIE, 1928 329
DIE SENTRALE STUDENTERAAD, 1950 331
GROENTJIES ADVERTEER DIE HEEL EERSTE JOOLPOGING 336
DIE SIERWA VAN MEJ. PAT HAMMAN, JOOLKONINGIN IN 1955 337
NAGTE SE MOEISAME ARBEID 338
'N KOLLEKTANT IN KENMERKENDE MONDERING 339
JOOLTONEEL 339
DIE KAFETERIA 342
ASSIE KABALLIS, GUNSTELING VIR DIE „DONKIE-DERBY" 344
PAULINE BESTER, EERSTE LENTEKONINGIN EN HAAR GEVOLG 346
„OOM PAUL" EN SY STROPERS 350
JANNIE MALAN EN „OOM GERT" SAAM MET DIE WITSIES WAT „OOM GERT" ONTVOER HET 352
DIE V.S.R.-EREMEDALJE 361
DIE WAPEN VAN DIE T.U.K. DIE WAPEN VAN DIE U.P. 364
DIE STUDENTERAAD GASVRY DEUR MEV. RAUTENBACH ONTHAAL 374
DIE FAKKEL BRANDENDE SEDERT 1938 376
TWEE GROENTJIES VAN 1927 OP KERKPLEIN 378
DIE „LOUIS TRICHARDT"-wa 384
OORHANDIGINGS-OORKONDE VAN DIE UITTREDENDE V.S.R. AAN SY OPVOLGER 385
DIE GEDENKPLAAT WAT OP LENTEDAG 1947 ONTHUL IS 386
DIE PROGRAM VAN DIE DEBATSVERENIGING VIR 1908 390
DIE PROGRAM VAN *She Stoops to Conquer* 392
'N TONEELTJIE UIT *She Stoops to Conquer* 393
TEATERKRING, 1948 394
LUGKADETTE A. S. MAXWELL EN TAFFY HEROLD 403
NO. 1 MASJIENGEWEER-ESKADRON, 1932 404
DIE STOELE IN DIE AULA DEUR OUD-STUDENTE GESKENK 415
DIE TWEE KANTE VAN DIE MUNTKALENDER VAN DIE FEESJAAR 1960 416
T.U.K.-RUGBYSPAN, 1909 422
LUGFOTO VAN DIE L. C. DE VILLIERS-SPORTSTADION TYDENS DIE INGEBRUIKNEMING 1 JUNIE 1959 426
EERSTE RUGBYSPAN, 1917 427
EERSTE RUGBYSPAN, 1948 430
T.U.K.-TENNISSPELERS, 1910 432
T.U.K.-ATLETIEKSPAN, WENNERS VAN DALRYMPLEBEKER, 1928 434
U.P.-DAMESATLETE, WENNERS VAN DIE DYASONSKILD, 1959 435
T.U.K.-BOKSSPAN, 1930, WENNERS VAN DIE HADLEYSKILD 437
AMATEUR-STOEIKLUB, 1959 441
U.P.-SKERMSPAN, 1958 443
U.P.-JUDO-SPAN, WENNERS VAN S.A.U.J.V.-TROFEE, 1957 444

3. GRAFIEKE EN TEKENINGE.

GROEI VAN DIE TOTALE STUDENTEBEVOLKING (1908-1959) 75
PERSENTASIEGROEI VAN DIE AANTAL STUDENTE IN ALLE FAKULTEITE, UITGEDRUK T.O.V. DIE TOTALE STUDENTETAL 106
PERSENTASIE (T.O.V. DIE TOTALE STUDENTETAL) VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE, MAAR IN ANDER FAKULTEITE GEKLASSIFISEER 131
GROEI VAN DIE BINNE- EN BUITEMUURSE STUDENTEGETALLE (1924-1959) 260
PLANNE VAN DIE UNIVERSITEITSTERREIN IN BROOKLYN (1921, 1943 EN 1960) 258
269
GROEI VAN DIE BOEKEVOORRAAD 316

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REGISTER

(Bladsynommers wat vet gedruk is, het betrekking op onderskrifte van foto's)

Aanhou Wen 286
Aansteeklike Siektes 199, 232
Aardkunde (sien ook Geologie) 136
Aardrykskunde 100, 119, 120, 143, 277, 278
Aardrykskundige Vereniging 400
Aberdeen, Universiteit 157
Abernethy, Walter **252**, 252, 302, 314, 321
Accipe Daque Fidem 367
Ackermann, Mej. E. M. 142
Ackermann, W. J. **430**, 431
Ackhurst **422**
Adamson, Sir J. E. **5**, 5, 8, 9, 15, 18, 21, 22 24, 25, 26, 30, 32, 42, 48, 79, 102, 144, 205 215, 219, 298
Adamsonformule 79, 80, 85
Adamsonkomitee 9, 11
Adamsonverslag 37, 38, 79, 80
Ad Destinatum 357
Adelaar, Dr. A. 237
Adelaar, Dr. T. F. 208
Administrasiegebou 145, 264, 265, 279, 302, **303**
Administrasie van T.U.K. en U.P. ..... 28, 277 297 — 305
Administratiefreg 185
Administratiewe Roetine 191
Admirable Crichton 391
Adviserende Komitee i.s. Mediese Fakulteit 226
Adviserende Komitee oor Universiteite 212
Adviserende Senaatskomitee vir Ingenieurswese 245, 246
A.E. du Toit-auditorium 100, **283**, 283, 407
Afdeling Hospitaaldienste 107
Africana 319
Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis ..... 124 127 — 128, 129
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde 116, 125, 126
Afrikaanse Hoërseunskool 424
Afrikaanse Jongspan, Die 61
Afrikaanse Konvokasie Unie 410
Afrikaanse Kultuurgeskiedenis 124, 275, 307
Afrikaanse Kultuurraad 61
Afrikaanse Kuns en Kultuur 394
Afrikaanse Kuns en Kultuurgeskiedenis 117, 124, 127 129, 221
Afrikaanse Letterkunde 125, 126
Afrikaanse Mediese Genootskap 225
Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Filologie 116
Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde 115 125, 126
Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) 51, 53, 56, 57 58, 330, 382, 383, 384, 386, 387, 388, 389, 391, 393 394, 396
Afrikaanse Studentevereniging 383
Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie 127
Afrikaanse Tandheelkundige Woordelys 239
Afrikaanse Verbond, Die 61
Afrikaans-Hollandse Leesunie 61
Afrikaanse Nasionale Konvokasie Bond 411
Afrikaans-Nasionale Studentebond (A.N.S.) 78, 328 333, 334, 343, 344, 347, 369, 371, 373, 382, 386, 387 388, 394, 395, 396, 400, 405
Afrikaanswording v, 48 — 73, 74, 81, 146, 147 177 — 181, 183, 194, 222, 343, 344, 346, **386**, 387
Afrikanerbond 95
Afrikaner-Broederbond 127
Afrikanerkring 61
Agar-Hamilton, J. A. I. 112
Agrariese Reg 176
Agricultural Development Association 146
Agricultural Faculty Committee 152, 157
Agronomie 157, 159, 161, 162
Akkerbou 148, 154
Aktevervaardiging en Notariaatsreg 183
Aktiewe Burgermag 403, 404
Alberts, J. 445
Albertyn, J. R. 104
Alexander, Prof. R. A. 212, 403
Algemeen Nederlansch Verbond 128
Algemene Geskiedenis van Onderwys en die Teorie van Onderwys en Opvoedkunde 212, 220
Algemene Hospitaal 90, 144, 228, 233, 237, 280, 292 305, 307, 398
Algemene Plantkunde 140
Alice, Prinses 39, 146, 341
Allan, A. 306
Allan, Ma 341
All Blacks 430
Alma Mater 355, 357
Amateurstoei 419, 440, 441
— span (1959) **441**
Ambulante Kliniek 208, 213
Amsterdam, Universiteit 47, 138, 164, 446
Amundsen, Prof. E. O. 160
Anatomie 90, 143, 157, 199, 201, 204, 205, 212, 226, 227 229, 241, 278, 280
Anatomie, Skool vir 226, 229
Ancient History 15
Anderson, Prof. E. 155
Anderson, Mej. Grace **360**, 360
Andrew, J. L. 332, 372, 417
Andrews, H. G. 389, 418
Andrews, H. T. 418
Andrews, Prof. W. H. 199, 207, 208
Andries Pretoriusgebou 261
Andries Pretorius-wa 87
Anestesiologie 228, 235, 280
Anglikaanse Kerk 290
Annecke, Dr. D. H. S. 104
Anorganiese en Analitiese Chemie 132
Anorganiese en Fisiese Chemie 132
A.N.S., sien Afrikaans-Nasionale Studentebond
Antieke Kultuurgeskiedenis 112, 118
Antropologie 122
Applied Science 16
A-ra-ra-rattio 355
Arbeidskorps 386
Arcadia 264, 285
Argeologiese Komitee 123, 138
Argitektuur en Bourekenkunde (Boukunde) 142, 143 257, 283, 292
Argitektuurgebou 98, 100, 283, 425
Arizona, Universiteit 155, 161
Armoedsvlakte 198, 205, 210, 211
Arms and the Man 391
Arndt, Prof. E. H. D. **46**, 83, 104, 188, 190, 193, 195 253, 254, 255, 256, 257, 258, 308, 313, 314, 319, 321 411
Arts and Science, sien Lettere en Wetenskap.
A.S.B., sien Afrikaanse Studentebond
A.S.B.-toneelvereniging 393
Asiatebuurt 262
Asterhof 100, 292, **293**, 293, 349
Athlone, Graaf van 39, 146
Athol (proefstasie) 154
Atletiek ..... 419, 420, 422, 423, 424, 425, 426, 433 — 435
— span **434**, 435
Auckland, Universiteit 20, 31
Aula 100, 101, 272, 293, **294**, 294, **295**, 368, 388, **415**, 415
Avondrus 290

Badgaste 391
Bailey, Sir Abe 67
Baker, Sir Herbert 275, 302
Bakteriese en Tropiese Siektes 215
Bakteriologie 157, 203, 204, 205, 209, 212, 227, 230, 279 280, 306
Balliol Kollege 4
Bankeksamen (Bankers Examination) 188, 192
Banking Law 188
Bankwese 193, 195
Bantoe-etnologie 187
Bantoegewoontereg 122, 187
Bantoeïstiek 122, 187, 192, 275
Bantoekunde 107
Bantoekundige Vereniging 401
Bantoelogie 122
Bantoereg 99, 122, 130, 182, 186, 187, 192
Bantoestudies (Bantu Studies) 121, 122, 186, 187
Bantoetale 121, 122
Bantu Ethnology 121
Bantu Studies Society 400
Bantu Study Circle 400
Barberton (katoenstasie) 154
Barnard, Baron **344**
Barnard, F. J. H. 418
Barnard, H. **329**
Barnes, Prof. S. R. 188, 193, 194, 195, 249, 251, 254, 256
Barnetson, Prof. J. 230, 231, 439
Barry, R. L. **46**, 300, 436
Basel 210
Basson, G. 431, **441**
Bateman, H. W. 136, 279, 281, 286, **306**, 306, 322
Battiss, Mev. 360
Beattie, Sir Carruthers 47
Bedford Grammar School 95
Bedryfsekonomie 190, 194, 195, 196
Bedryfsingenieurswese 245, 248
Bedryfsleer 194
Bedryfsreg 186
Beeldende Kunste 107, 121, 129, 394, 396
Beezhold, Prof. W. F. 141, 241, 242, 245
Behrens, H. P. H. 388
Beit, Sir Alfred 3, 6, 7, 8, 9, 144

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Beit, Otto 40
Beitplan 7, 176
Bekker, H. P. J. **430**
Bekker, O. **329**
Bekker, Adv. S. P. 73
Bell-John, Prof. H. 142, 143
Berlyn, Universiteit 16, 211
Bern, Universiteit 209
Beroepsleiding 218
Bertha Stonemanfonds 140
Bertha Stonemanleerstoel in Plantfisiologie 140
Besselaar, G. 15, 16, **18**, 18, 115, 116, 117, 399
Besselaar, Dr. H. J. 232
Bester, B. H. **444**
Bester, Mej. G. **435**
Bester, Pauline 345, **346**
Bethalfonds 99
Beukes, Gerhard 393
Beukes, Dr. W. T. H. 122, 123, 187
Beyers **422**
Beyers, E. **434**
Beyers, Mev. (genl.) 123
Biblical Hebrew 111
Biblioteek (sien ook Merenskybiblioteek) ..... 80, 86, 196 261, 274, 275, 293, 297, 307 — 322, **308**, **309**, 363 368
— Huisvesting ..... 307 — 311
— Beheer ..... 312 — 315
— Boekevoorraad 315, **316**, 317, 318
— Versamelings en Skenkings ..... 318 — 319
— Takbiblioteke ..... 320 — 322
— Buitemuurs 310, 319
Biblioteekkomitee 28, 312, 313, 321
Biblioteekkunde 107, 126, 314, 315
Bibliotekaris 312, 313, 314, 315
Binneplein 272, 273
Biochemie 162, 199, 209, 214, 229, 278
Biofisika 134
Biologie 114, 313
Bisschop, Mev. A. D. R. 123
Bisschop, Prof. J. H. R. 214, 403
Blackwood Villa 262
Blignaut, J. **441**
Bloemfontein 4, 127, 159, 353, 382, 383, 384, 387, 406 433, 438
Blommaert, Prof. W. 83
Board of Studies (T.T.I.) 4, 17
Boast, G. A. 302
Boezaart, T. P. C. **46**, 65, 66, 354, 355, 357, **408**, 408 409, 410, 411, 412
Bofbal 419, 425, 442
Bokhorst, Prof. M. 112, 128, 129, 319
Boks 419, 420, 436, 437, 438
Boksspan (1930) **437**
Boldriehoeksmeting 247
Bon, Gerrit 121, 396
Bond Suid-Afrika 61
Bond van Afrikaanse Moeders 340
Bond van Dienaresse 375
Bond van Oudstudente ..... 408 — 417
Bonsma, Prof. F. N. 155, 163
Bonsma, Prof. J. D. 154, 155
Bonsmarabeesras 150
Borberéki, Zoltan 283
Bosch, D. J. 418
Boshoff, Dr. S. P. E. 66, 80, 83, 101, 216
Bosman, Prof. A. M. 18, **46**, 63, 64, 65, 66, 103 145, 151, 154, 155, 197, 214, 368, 372
Bosman, D. 440
Bosman, Ds. H. S. 26, 320
Bosman, Prof. I. D. 87, 94, 103, 108, **112**, 113, 217, 219 220, 290
Bosman, Prof. J. C. 18, 215, 216, 217, 219, **220**, 220, 267 289
Bosman, J. J. 127
Bot, A. K. 104
Botha **427**
Botha, Hannes 435
Botha, H. P. 247
Botha, Prof. J. P. 163
Botha, Genl. Louis 8, 24, 138, 143, 276
Botha, Mev. Louis 26
Botha, L. 418
Botha, Prof. M. C. 83, **88**, 88, 89, 90, 91, 92, 93 101, 102, 103, 125, 137, 223, **224**, 225, 226, 227, 229 241, 271, 278, 280, 301, 373, 374, 413
— as rektor 342, 374, 379
Botha, P. H. 418
Bothakomitee 211, 223
Boukomitee (Building, House and Equipment Committee) 27, 226, 237, 265, 280, 292, 294
Boukundige Studentevereniging 401
Bourekenkunde 142, 143
Bourekenkunde en Argitektuur 259, 261
Bourke, E. F. 5, 15, 24, 25, 26
Bourquin, Eerw. C. 121, 122, 187
Boxwell, Prof. J. 18, **111**, 111, 112, 325, 364, 370, 417, **432**
Boyazoglu, F. **443**
Boys' High-skool 13, 15, 19, 20, 21, 22, 264, 266 422, 424, 425
Brandstofnavorsingsinstituut 243, 267
Brandt, A. 418
Brandt, Ds. L. E. 45, **46**, 127
Brandversameling 319
Brandwag, Die 319
Brebnerkommissie 236
Bremekamp, Prof. C. E. B. 138, 139, 162, 279
Bremer, Dr. J. K. 232
Bremer, Dr. Karl 104
Bresler, Regter C. P. 409, 436, **437**, 437
Breyer, Dr. H. G. 3, 4, 8, 9, 15, 135, 136, 320
Breytenbach, J. C. V. 93, **97**, **224**, 300, **301**, 301
Brink **422**
Brink, Prof. C. 229
Brink, Dr. C. v.d. M. 133, 421, 431
Brink, Strauss 279, 292, 303, 425
Brintonskild 439
Bristowe, Regter L. S. 290
Bristowesaal 291
British Library Association 314
Britse Rugbytoerspan 430
Broers, Mev. S. 223
Bronkhorst, J. G. S. 264
Broodryk, H. H. 431
Broodryk, Mej. 332
Brookes, Prof. E. H. 54, 55, 114, 121, 122, 180, 185 186, 187, 188, 190, 191, 192, 250, 251, 252, 256, 334 403
Brown, Alan 439
Brugman, A. P. 34, **46**, 66, 73, 102
Bryntirion 285
Buchanan, Regter 113
Buitemuurse Afdeling ..... 29, 39, 42, 43, 74, 114, 189 191, 192, 249 — 263, 297, 299, 301, 314, 320, 321 389, 400, 449
Buitemuurse Boufonds 261
Buitemuurse Dansvereniging 403
Buitemuurse Geboue 29, 39, 45, 98, 100, 146, 177 218, **253**, 258, 262, **263**, 283, 302, 321
Burger, W. J. 332
Burgers, Pres. T. F. 1
Burg, Lodge en Burg 278, 281
Burton, Mej. Mary G. 312
Business Management and Economics 193
Buxton, Lord 290
Buxton Amateur Theatrical Society (B.A.T.S.) 391
Buxtonjaarblad 68
Buxtontehuis 57, 68, 114, 255, 289, 290, 291, 369, 391 419, 436
Bybelstudie 397

Caledonian Society 31
Caledonian-terrein 421, 423, 433
Caltech, Universiteit 448
Calvinistiese Studiekring 405
Cambridge, Universiteit 4, 12, 15, 95, 299
Camphor, R. F. 104
Candy, W. F. **323**, **324**, 324, 359, 370, 417, **432**, 438
Cape School of Mines 4
Carltonbeker 427, 428
Carnegie Corporation of New York 318, 319, 320, 447
Casabianca 384
Castalia 333, 334, 394, 396
Castalides 333
Castalides-Kunsvereniging 387, 394
Celliers, I. B. 15
Celliers, Dr. Izak 136
Celliers, Jan 355, **356**, 384
Chamberlain, Joseph 221
Chappel, E. 26, 288
Chartered Company 313
Chemie (sien ook Skeikunde) ..... 4, 9, 12, 130 132 — 133, 135, 243, 275, 278, 448,
Chemiegebou 90, 98, 100, 225, 240, 275, 278, 280
Chemiese Ingenieurswese 278
Chemiese Patologie 209, 280
Chemies-tegnologiese Ingenieurswese 243, 245, 248
Cherry Orchard 389
Chicago, Universiteit 448
Child Welfare Council 337
Chirurgie 201, 203, 208, 212, 213, 228, 232, 241, 280
Chittenden **432**
Choral Society 395
Christelike Etiek 166, 170, 173
Christelik-Maatskaplike Raad van Pretoria 219, 340
Christelike Nationale Onderwijs (C.N.O.) 6, 32
Christenstudenteklub 397
Christen Studentevereniging (C.S.V.) 391, 397
Christian Brothers' College (C.B.C.) 266, 424
Churchill, Winston 389, 421
Cilliers, C. H. (Bags) 97, 99, **358**, 358, 413, 431
Cirencester 16, 133
Claassen, Manie 442

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Clark 26
Clark, Dr. B. M. 233
Clark, Charles 70
Clark, Prof. R. 208
Clarke, Eerw. W. E. C. 13
Clark-Powell, Prof. H. **160**, 160
Clase, F. E. **434**
Classical Society 399
Clegg, W. H. 252
Cleland, Mnr. 274
Coetzee, J. 328, 418
Coetzee, Prof. J. N. 230
Coetzee, Dr. P. C. 126, 313, 314, 315, 332, **333**, 405
Coertse, Mimi 296
Coertze, Prof. L. I. 85, 97, 181, 183, 185, 186, 192
Coertze, Prof. P. J. 122, 258
Coetzer, A. 437
Coetzer, P. J. 418
Coleman-kommissie 277
Coles, Prof. J. D. W. A. 214, 215, 362
College Choral Society 120
Collins, R. D. 21
Columbia, Universiteit 6, 15, 193, 448
Combrinck, J. M. **430**
Connell, Prof. John 120, 121, 396
Cooke, J. J. 73
Cornell, Universiteit 448
Crawford, H. 24, 26, 265
Criminal Law 17
Cronjé, Prof. G. 94, 97, 108, 124, 129, 217, 218, 220
Cronjé, H. 377
Cross **422**
Cruywagen, Willem 336
C.S.V., sien Christen-Studentevereniging
Cullen, Mnr. 23
Cum Animo 387, 401
Curriebeker 428
Curson, Prof. H. H. 204, 214
Dalrymplebeker 423, **434**, 434
Dalrymplebyeenkomste 423, 425, 433, 434, 435
Dalrymple, Sir Wm. 433
Dameskoshuisgangers **287**
Dames, Losies vir 285, 286, 287, 288, 292, 293
Damestehuis 286, 287, **288**, 292, 299, 349, 350, 369
Damestehuis, Nuwe 100
Daneel, Dr. J. 431
Dansvereniging 387, 403
Dart, Prof. R. A. 222
Davel, Prof. H. B. 93, 94, 147, 148, 154, 156, 159 **160**, 267, 271, 277, 411, 420, 424, 430, 431
Davel, Prof. J. G. A. 234
Davidtsz, G. J. 388, 418
Davidtsz, Prof. M. J. 141, **142**, 142
Davis, Adv. 54, 55
Dawson, E. S. 152
Deale, Mev. F. **350**, **379**, 379
Debatsvereniging 12, 387, **390**, 391
De Boom, Prof. H. P. A. 204
De Bruyn, C. L. **100**, 241, 243, 263
De Bruyn, H. A. J. **100**
De Bruyn, T. B. **430**
De Bruyn-vleuel 263
De Haas, Prof. W. G. 229, **230**
Dehnke, H. 388
De Jager, Prof. C. L. 237, 239, 240, 433
De Klerk, Dr. P. J. S. 71
De Kock, Prof. G. v. d. W. 18, 199, 203, 204, **205**, 205 208
De Kock, P. J. 15, 26, 177
De la Bat, Mnr. 360
De la Harpe, Mej. Y. **329**
De Lange, Dr. M. 213
Delft 446
De Loor, Prof. B. **100**, 135, 136, 191, 196, 244, 245 256, 411, 413
Demosthenes-trofee 400
Dento-maxillêre Chirurgie 237
Deo Gloria-Vereniging 398
Departement van Arbeid 13
Departement van Bosbou 266
Departement van Buitelandse Sake 107
Departement van Justisie 178, 179, 182
Departement van Landbou 145, 146, 147, 148, 153, 154 155, 159, 161, 162, 163, 198, 200, 201, 202, 210, 215 277, 291, 425
Departement van Lande 146
Departement van Mynwese 20, 81, 136
Departement van Naturellesake 204
Departement van Onderwys
(Transvaal) 11, 15, 17, 32, 114, 137, 249, 250
(Unie) 122, 142, 144, 217, 242, 248, 298, 304
Departement van Openbare Werke (D.O.W.) 19, 21 22, 201, 254, 265, 266, 274, 276, 277, 286, 298, 306 422
Departement van Pos- en Telegraafwese 245
Departement van Sensus en Statistiek 193
Depressie 40, 74, 78, 79, 80, 146, 171, 179, 187 189, 267, 302, 303, 318
Derde Gebou vir Geesteswetenskappe 284
Derde Wis- en Natuurkundegebou (Nuwe) 282
De Ridder, Mev. Cecile 395
Derksen, Prof. C. H. 232
Dermatologie 228, 232
De Salverda, Prof. 16
Desfontaine, Mej. L. **329**
Deutscher Literaturverein 388
Deutscher Studentenverein 320, 388
De Villiers, C. G. S. (Con) 137
De Villiers, D. R. 440
De Villiers, Dr. F. J. **100**, 190, 241, 244
De Villiers, Hoofregter Jacob 320
De Villiers, Prof. L. C. 16, 21, **36**, 52, 136, 137 137, 267, 270, 277, 402, 426, **427**, 427, 430, 431, 433 435
De Villiers, Prof. Melius 16
De Villiers, Ds. M. L. 359
De Villiers, P. C. 44
De Villiers, P. R. 408, 431
De Villiers, S. M. **345**, 345, 348, 418
De Villiers, T. N. 15, 24, 144, 265
De Villiers, Prof. W. P. 64, 115, 116, **117**, 117, 150 170, 289, 290, 388, 400, 404, 438
De Vos, Prof. D. W. 248
De Vos, Prof. P. J. G. **231**, 231
De Vries, Christo 71, 341
De Vriesbeker 428, 433
De Waal, Regter D. 179
De Waal, Prof. H. L. 132, 133, 242, 245, 247
De Waal, J. H. H. 103
De Waalverslag 181, 187
De Wet, Genl. C. R. 313, 377
De Wet, J. 332
De Wet, J. H. 417
De Wet, Prof. J. S. 136, 241, 247, 305
Deweystelsel 312, 314
Dey, F. 44, 47, 58, 69, 70
Dey, J. B. 276
Diagnostiese Radiologie 228
Dickson, Dr. John 362
Didaktiek 220
Dieetkunde 141
Die Herder 398
Dierefisiologie 208
Dieresorg (-versorging) 213, 214, 215
Die Peswolk 391
Dierkunde ..... 9, 16, 54, 120, 137 — 138, 154, 158 211, 213, 229, 274, 275, 278
Diesel, A. M. 212
Die Skerpioen 334
Die Spookhuis 391
Die Staat 401
Die Vrees 393
Diggers 427
Dinkelmann, E. 428, **430**, 430, 431
Diocesan College Trustees 291
Diocesan-kollege 25
Dippenaar, Prof. B. J. 157
Dippenaar en Reynekebeker 434
Dissiplinêre Komitee van die Senaat 375
Dogmatiek 166, 173, 174, 175
Dogmatiek en Christelike Etiek 169, 170, 174
Doke, C. M. 121
Donkiekamp 38, 144, 145, 150, 151, 280, 449
Dornam, S. 122
Dorps- en Streeksbeplanning 245, 248
Dowling, G. B. 104
Dowling, Regter 437
Dragt, A. R. 302, 411, 418
Dramaleer 121
Dramatic Society 393
Dresden, Keiserlike Skool vir Tegnologie 81
Dreyer, Dr. P. S. 115
Dreyer, Thomas (later ds.) 342
Dublin, Universiteit 205, 207, 212
Duits 6, 9, 12, 15, 16, 54, 115, 116, 117, 118 125, 127, 274, 388
Duits-Afrikaanse Studentebond van die Universiteit van Pretoria (D.A.S.U.P.) 388
Duitse Letterkunde 117, 118
Duitse Taalkunde 118
Duminy, Prof. J. P. 83, 132, 135, 141, 247, 267, 411 433, **434**, 435
Duncan, Patrick 5, 7, 37, 277
Dunnottarlughawe 352
Du Plessis, D. P. 418
Du Plessis, Prof. G. T. C. F. 240
Du Plessis, Prof. J. 319
Du Plessis, Org. **335**, 335
Du Plessis, P. H. C. 161
Du Plessis, P. J. **441**, 441, 442
Du Plessis-Kerksaak 171, 172
Du Plessisskild 442
Du Plessisversameling 319

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Du Preez 427
Du Preez, Prof. A. B. 173, 174, 175
Du Preez, J. J. 61, 418
Du Toit 432
Du Toit, Prof. A. E. 31, 32, 33, **34**, 34, **36**, 43 44, **46**, 56, 57, 58, 59, 62, 63, 64, 65, 66 73, 77, 79, 81, 82, 92, 101, 102, 103, 108, 111 117, 127, 131, 135, 141, 165, 170, 180, 196, 216, 217 221, 247, 256, 278, 306, 312, 343, 357, 366, 368, 372 440
— as rektor 62, 68, 179, 367, 410
Du Toit, Prof. A. L. 103
Du Toit, Prof. C. A. 245, 248, 405
Du Toit, Donnie 358
Du Toit, H. 66
Du Toit, Prof. H. D. A. 172, 174, 406
Du Toit, Dr. J. D. 103
Du Toit, Prof. J. J. 220
Du Toit, Prof. M. L. 117, **127**, 127, 128, 129, 319, 388 394
Du Toit, P. 437
Du Toit, Prof. P. J. 30, 31, 83, 91, 199, 203, 209 **211**, 211, 212, 318
Du Toit, Prof. R. M. 213
Du Toit, Mej. Serena **350**, 379, 379
Du Toit, S. G. 34
Du Toit, Ds. S. J. 1, 2, 3
Duxbury, Adv. W. S. **46**, 66, 184
Duxburybeker 433
Dyason, R. **100**
Dyasonskild **435**, 435
Eagle, P. 22, 274
Ebenhaezerskool 21
Eckmann, Maj. E. 438
Economic Geography 119
Economic Society of South Africa (Pretoria Branch) 402
Edgar, Prof. John 16
Edinburg, Universiteit 29, 95, 110, 351
Educational Functions Committee 28, 165, 193, 198
Eendrachtskool **6**, 15, 32
Eerste Afrikaanse Taalbeweging 32, 34, 319
Eerstejaars en kleure 363
Eerstejaars en stemreg 325, 328
Eerste Observasieregiment Suid-Afrikaanse Artillerie B.M. 404
Eerste Wêreldoorlog 61, 74, 197, 239, 250, 276, 370 388, 427
Eerwaarde Erasmus Smitgebou 261
Eeufeesgedenkbundel (U.P.) 87
Eiendomskomitee 308
Eierheffingsfonds 215
Eikestad-beker 432
Eiselen, Prof. W. M. M. 122, 217
Ekologiese Plantkunde 203, 215
Ekonomie 52, 54, 114, 130, 161, 188, 189, 191, 192 193, 195, 249, 250, 313
Ekonomiese Geskiedenis 54, 192, 193, 195, 249
Ekonomiese Vereniging 387
Elandspoort (No. 193) 264
Elbrecht, Prof. B. 138, 139, 279
Elektrotegniese Ingenieurswese 243, 244, 245, 248
Eloff, Fanie 319
Eloff, Prof. F. C. 138, 421, 431
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie 81
Eloff-landgoed 150
Elsenburg, Landboukollege 155, 207
Embriologie 203, 204
Engela **422**
Engelbrecht **422**
Engelbrecht, Prof. B. J. 166, 169, 407
Engelbrecht, Prof. J. A. 122, 217
Engelbrecht, Prof. S. P. 47, 64, 83, 85, **97**, 118 165, 167, **168**, 168, 175, 318, 319, 368, 400
Engelbrecht, W. 437
Engelenburg, Dr. F. V. 5, 24, 26, 28, **49**, 49, 103 120, 164, 165, 265
Engelmöhr, H. 302
Engels ..... 6, 9, 11, 15, 54, 110 — 112, 113, 116 147, 274
Engelse Taal en Letterkunde 110
English Law 17
English Literary Society 389
Ensiklopedie van die Teologie 169, 170
Entomologie 54, 138, 143, 158, 159, 277
Erasmus, G. 438
Erasmus, H. J. 418
Erasmus, L. J. 71
Erasmussaal (-gebou) (sien ook eerste Buitemuurse gebou) 37, **250**, 251, 252, 253, 258
Eregrade, Lys van 15, 77, 84, 94, 175, 103, 104
Eremedalje, V.S.R. **361**, 361
Ererol 381
Erlank, Prof. W. J. du P. (Eitemal) 52, **53**, 53, 389
Etheridge, Mej. 364
Etiek 54, 112, 113
Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte 94, 114 115
Ettling, E. L. 435
Eugenetiek 114
Eybers, Ds. J. H. 171
Experto Crede 362
Express, De 3

Fagan, Adv. H. A. 309
F.A.K., sien Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.
Fakkel 87, 88, **376**, 376, 377
Fakkelveldkornetskap 405
Fakulteit (ontstaan) 16, 28
— (aantal) 74, 101
F.A.K.-Volksangbundel 358
Fant, Die 287
Farmakologie 203, 205, 207, 208, 215, 229, 233, 234 241, 280
Farrar-fonds (George) 38, 146
Faure, Mej. B. 312, 317
Faure, Prof. J. C. 18, 32, 33, 154, **158**, 158, 213 277
Faure, Mej. Stephanie 391, 393
Faure, Mej. T. **323**, 324, 389
Fawdry, G. **437**
Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings 61, 67 115, 127
Federasie van Amateurverenigings van Suid-Afrika 393
Felsteadt, P. 431
Ferguson, Milton, J. 318
Fergusonskild 439
Fichardt, Dr. T. 234
Filmburo 387, 395
Filosofie (sien ook Wysbegeerte) 9, 11, 15, 313
Filosofiese en Pedagogiese Vereniging 400
Filosofie van die Opvoeding (Opvoedkundige Wysbegeerte) 221
Finansies (T.U.K.) ..... 15, 30, 32, 35 — 40, 42
— U.P. 74, 76 — 81, 84 — 87, 90 — 92 94, 96 — 101, 144, 145, 146, 150, 151, 223, 225 226, 237, 243, 274 — 296, 299, 303, 304, 305, 308 309, 311, 315, 317, 424, 425
Finansies- en Eiendomskomitee 129, 258, 263, 271 295, 420, 423
Finansieskomitee 27, 94, 259
Findlay, Adv. G. S. 69, 70, 177, 183, 184, 408, 417
Fischer, Mev. Abraham 26
Fischer, H.A.L. 16
Fisiese Chemie 132, 278
Fisiese, Tegniese en Anorganiese Chemie 132
Fisika 4, 9, 13, 15, 16, 130, 132, 133, 134, 135 140, 243, 275, 278, 282, 312, 313, 448
Fisiologie 90, 143, 201, 208, 209, 226, 229, 241, 280
Fisioterapie 218, 228
Fitzpatrick, Sir Percy 9
Fölscher, Prof. W. J. 156
Fonetiek 129
Fort Hare 347
Fouché, Prof. Leo 16, 22, 26, 30, 32, 64, 102 112, 113, 118, 192, 313, 368, 400
Fourie **427**
Fourie, D. J. 247
Fourie, Dr. H. C. M. 103
Fourie, J. (Josie) 431
Fourie, J. P. (July) 419, 430, 431
Fourie, Prof. P. J. J. **97**, 201, 203, 205, **206**, 206, 207
Frankenwald 6, 7, 8, 9, 23, 24, 144
Frans ..... 6, 9, 11, 15, 16, 54, 61, 115 — 117 125, 274
Frans **427**
Franszen, Prof. D. G. 193
Freeman **422**
Galgut, O. **434**
Gamble, R. E. 120
Gardner, Dewald (Ark) 349, **350**
Garibaldi **349**, 349
Garnett, Prof. E. 215, 216
Geboue-komitee (House, Building and Equipment Committee) 265, 276, 284
Gedenkpoort (sien ook Ingangspoort) 266, 274
Geestelike Bearbeiding van Studente ..... 405 — 408
Geestelike Gesondheidsorg 24, 218
Gekose Komitee 63
Geldenhuys, Dr. F. E. **100**
Geldenhuys, Dr. F. E. O'B. **100**
Geldenhuys, Dr. F. G. 233
Gelukbringers ..... 349 — 353
Gemeenskaplike Komitee vir Professionele Eksamens 177, 180, 247, 248
Gemser, Prof. B. 64, 112, 118, 165, 168, **169**, 169, 175 367
Geneeskunde-Fakulteit 3, 71, 84, 86, 89, 90, 91 92, 95, 98 — 101, 124, 130, 221 — 235, 236 237, 239, 278, 280, 284, 292, 297, 301, 341, 362, 369 373, 395, 415
— Departemente ..... 229 — 235
— Dekane 229

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Geneeskunde (tydskrif) 228
Geneeskundige Etiek 233
Geneeskundige Raad (S.A. Mediese Raad) 223, 235
Genetika 162
Genootskap van Regte Afrikaners 34, 319
Gent, Universiteit 16
Geologie (sien ook Aardkunde) 9, 13, 15, 16, 54 132, 135, 136, 154, 274, 275, 278, 282, 313
Geologiese Opname 137
Geologiese Vereniging 402
George Watson-kollege 95
Gerber, J. 434
Gereformeerde Kerk 407
Geregtelike Geneeskunde 228, 232
Gerhard, W. 433, 434
Gericke, Prof. A. M. M. 161
Germaanse Filologie 116
Geskiedenis 15, 16, 54, 112, 113, 118, 274, 282, 313
Geskiedenis van die Christendom 167, 168, 170
Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg 173
Geskiedenis van die Godsdiens 167
Geskiedenis van die Onderwys in Suid-Afrika 219, 220
Geskiedkundige Vereniging 400
Getz, A. **434**
Gewigoptel 419, 442
Geyer, Prof. J. W. C. 154, 159
Geyser, Prof. A. S. 166, 170, 335, 418
Geyser, Hendrik 344
Gey van Pittius, Prof. E. F. W. 97, 190, 191, 192, 257 258, 313, 320, 344, 382
Gey van Pittius, Regter J. H. F. E. R. C. 176, 184
Gholf 419, 439
Gibbs, Mnr. 312, 332
Gie, Dr. S. F. N. 44, 46, 142, 216
Gildenhuys, Antonie 341
Gimnastiek 419, 420, 443
Ginekologie 213, 226
Gioia, L. 429
Giovanetti, C. W. 38, 44, **46**, 77, 144, 287
Giovanetti-fonds, Albert Harcourt 38
Girls' High-skool 120, 286
Gladstone, Burggraaf Herbert (Lord) 26
Gladstone, Lady 26
Glaholm, E. **327**
Glasgow, Universiteit 209, 212
Glatthaar, F. 431, **437**
Glen, Landbouskool 205
Godfrey, Mnr. 26
Godgeleerdheid, Fakulteit ..... 3, 81, 82, 84, 94, 108 114, 118, 133, 163 — 175, 275, 281, 282, 298, 313 335, 368
— Afdeling A ..... 164 — 170
— Departemente ..... 166 — 170
— Afdeling B ..... 166, 167, 170 — 175
— Departemente ..... 172 — 175
— Dekane 175
Godsdienswetenskap 173, 174, 175
Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap 166, 167, 170
Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap en Amptelike Teologie 173, 174
Goedhals, Mnr. 289
Goedhalshuis 290
Goetheversameling 320
Gonin, Prof. H. L. 112, 181, 421, 433, 435
Goodenough, Genl. (Luit.-Goew. van Tvl.) 24
Gordon, J. B. 66
Gordon, K. **441**
Gorges, Mnr. 286
Göttingen, Universiteit 16
Goudprodusentekomitee 243, 282
Goudriaan, Prof. J. 194, **195**, 195, 245
Gould, D. **329**, 372, 388, 408, 418, 440
Graf, Prof. H. 203, 209
Grant, C. C. 44
Grant Mackenzie, H. 363, **408**, 408, 411, 412, 439
Gravemeyer, Dr. K. H. E. 104
Greefswald 123
Green, Prof. H. H. 199, 209, 214
Gregg, Robert 362
Grey-Universiteitskollege 25, 54, 114, 198, 382, 429 432
Greyvenstein, Prof. J. H. J. A. 64, **100**, 103, 104, 165 **166**, 166, 169, 170, 175, 368, 398
Grieks ..... 9, 11, 54, 108 — 110, 115, 165, 274
Griekse Gemeenskap van Pretoria 226
Griekse Geskiedenis 9
Griekse Kultuurgeskiedenis 108
Grimbeek, Eric 435
Grobbelaar **427**
Grobbelaar, N. 140
Grobler, H. 417, 427, 431
Grobler, J. **427**
Groenewald, Dr. C. F. 115
Groenewald, Prof. E. P. 97, 172, 173, 175
Groenewald, Prof. J. W. 214
Grondkunde 155, 156
Grondtegnologie 156
Groningen, Universiteit 169, 318
Grootfontein 205
Grosskopf, Prof. J. F. W. 161, 162
Grünewald, Berdine 351
Gubbinsversameling 319
G.U.K.-universiteitskollege, sien Grey-Universiteitskollege.
Gundry, Prof. P. G. 16, 21, **25**, **36**, 102, 130, 131, **133** 133, 135, 140, 275, 278, 404
Gunning, Dr. 26
Haarhoff, Prof. T. J. 83
Haar Plig 391
Hadley, Mnr. 437
Hadleyskild **437**, 437
Hafner, D. G. 13, 20, 26, 297, **298**, 298, 299, 302, 436
Hahn, Prof. P. D. 12
Hall, Mej. C. M. **327**
Hallat, S. 418, **434**
Halle-Wittenburg, Universiteit 12
Hamburg, Universiteit 127
Hamiltons 362
Hamman, Prof. E. M. 182, 183, 186, 191
Hamman, Mej. Pat **337**
Handel 2, 187, 195, 255, 313, 321
Handel en Administrasie 249
Handel en Publieke Administrasie, Fakulteit van ..... 28, 43, 56, 119, 122, 123, 130, 143, 186 188 — 196, 251, 254 — 258, 368, 402
— Departemente ..... 191 — 196
— Dekane ..... 190 — 191
Handel, Geld- en Bankwese 195, 196
Handelsreg 176, 182, 185, 186, 196
Handelswiskunde 189, 196
Handelswiskunde en Statistiek 135
Handhawersbond 61, 405, 410
Hannover, Universiteit 212
Harding, P. W. 195
Hartman, Anton 396
Hartnavorsingseenheid 280
Hartebeestpoort, (No. 304) 151, 264
Harvard, Universiteit 448
Haylett, Prof. D. G. 159
Hebreeus 9, 11, 12, 29, 118, 165, 168, 169
Hector, Prof. J. M. 64, 138, 146, **156**, 156, 157
Heel- en Verloskunde 203
Hele-Shaw, W. 7
Hellenistiese en Patristiese Grieks 110
Helmintologie 203, 213, 214
Helpmekaarvereniging 225, 377
Hematologie 280
Henderson, A. L. 26
Hengelklub 419
Henning **427**
Henning, Dr. C. R. 65, 66, 221
Henning, Fatty 408
Henning, Prof. M. W. 157, 204, 267, 292, 341, 342, **360** 360, 405, 420, 423, 435
Henrico, S. J. 334
Herdenkingsdag (Commemoration Day) 343, 344, 345 409, 432
Herman Costerfonds 128
Herold, Taffy **403**
Hervormde Teologiese Studies 169
Hertz, Eerw. J. H. 6, 15, 113
Hertzog, Dr. Albert 638
Hertzog, Genl. J. B. M. **72**, 72, 87, 376, 377
Hervormde Kerk, sien Nederduitsch Hervormde Kerk.
Hervormde Studentevereniging 398
Heslinga, H. 418
Hesseling, D. C. 103
Heymann, Prof. F. G. 248
Heymans, Julius 39
Heymansbeurs, Julius 146
Heys, G. 419
Heys-beker 420, 433, 436, 439
H. G. Viljoensaal 110
Hiemstra, L. W. 127
Higiëne, Algemene 199, 203, 205, 209, 211, 213, 214, 215
Higiëne en Diereversorging 205
Higiëne en Infeksiesiektes 199, 209
Hillstraat-dameskoshuis 285
Histologie 204, 230
Historiese Monumentekommissie 212
Historiese Pedagogiek 220
Historiese Vereniging 400
Hitzeroth, H. **443**
Hoek, Prof. P. W. 194
Hofmeyr **427**
Hofmeyr, Prof. C. F. B. 213
Hofmeyr, G. M. 198
Hofmeyr, Prof. J. D. J. 162
Hofmeyr, J. H. 32, 42, 70, 72, 73, 83, 92, 223, 254
Hofmeyr, Dr. J. H. 234
Hofmeyr, J. M. 418
Hokkie 12, 419, 422, 424, 425, 426, 436
Holfordskema 259

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hollandse Taal en Letterkunde 115
Holloway, Prof. J. E. 30, 31, 32, 33, **46**, 52, **53** 55, 57, 104, 161, 171, 188, 190, 192, 193, 195, 249 251, 254, 287, 400
Holloway-kommissie 98, 242
Hölzerbeker 433
Honey, Mev. C. 20, 21
Hoogenhout, C.P. 32, 319
Hoogenhout, Dr. N. M. 29, **32**, 32, 33, 34, 45, **46** 77, 102, 103, 216, 254, 299, 319
Hospitaalraad 337, 338
Howard, Adv. H. A. 391
Howell, J. 418
Hugenote-kollege 25, 279
Hugo, Dr. C. F. 120, 438
Hugo, G. D. 300, 302
Hugo, Mej. R. 440
Hugo, Prof. T. J. 61, 64, 71, 81, 85, **114**, 114, 115 119, 217, 221, 267, 325, 368, 382
Hugo, Prof. W. J. 163
Huisgenoot, Die 109, 319
Huishoudkunde 39, 120, 141, 142, 147, 277, 278
Huishoudkundefonds 99
Huishoudkundegebou 98, 100
Huishoudkundige Vereniging 400
Huisvesting (Studente) 13, 19, 20, 21, 22, 98, 99 100, 284 — 296
Humanistiek 449

Ikeys 351
Illinois, Universiteit 423, 442
Imperial Chemical Industries 162
In die Wagkamer 391
Infeksiesiektes 203, 205, 209, 210, 211, 212, 214
Ingangspoort (ook Gedenkpoort) 272, 273
Ingenieursgebou 98, 100, 244, 246, 262, 272, 273, 425 432
Ingenieurstekene 245
Ingenieursvereniging 402
Ingenieurswese, Fakulteit van ..... 1, 4, 6, 7, 101 120, 136, 158, 223, 241 — 248, 282, 320
— Departemente ..... 246 — 248
— Dekaan 246
Inligtingspamflet 331
Inlywingseremonie 337
Inlywingsreglement 379
Insektenavorsingsgebou 277
Instituut vir Bestuur en Administrasie 190, 194, 195
Instituut vir Kindergeneeskunde 228, 233
Instituut vir Liggaamlike Opvoeding 125, 271, 424
Instituut vir Patologie 90, 227, 230, 231, 234, 236, 279 281, 322
Instituut vir Siektekunde (ook Instituut vir Patologie) 297 305
Instituut vir Siviele Ingenieurs 242
Interhuis-kompetisies 362
Internasionale Studieklub 401
Interne Geneeskunde 228, 232, 241, 280
Intersaal 274, 275
Interuniversitêre Fotografiese Salon 395
Intervarsity 266, 348, 351, 352, 362, 375, 425, 428, 429 432, 433, 436, 438, 440, 441, 442, 445
Intervarsityblad 349
Iowa, Universiteit 246
Italiaans 110

Jackson, Prof. C. 204
Jackson, D. C. (Mary) **427**, 431
Jacobs, P. T. 446
Jacobs, S. P. E. B. 431
Jacobsz, Prof. C. 132, 136, 241, 242, 243, 244, 245, 246 247, 248, 307
Jacobsz, F. C. K. 62, 222
Jacobsz, Louis 71
Jacobsz, S. P. E. 62
Jagger, J. L. 252
Jameson. Mej. 360
Janse, Dr. A. J. T. 16, 137, **158**, 159
Jansen, Mej. C. **435**
Jansen, Dr. E. G. 71, 83, 222, 223, **295**, 295
Jansen, Mevr. M. M. 71
Janssen, Prof. E. 229, 233, **234**, 234
Janson, Murray 336
Janson, T. N. H. 330, 348, **383**, 418
Jeppe **422**
Jeppe, Carl 26, 320
Jerling, J. C. **444**, 445
Jesus van Nasaret 398
Johannesburg ..... v, 3, 4, 6, 7, 8, 9, 11, 12 14, 15, 16, 48, 49, 52, 61, 170, 177, 223, 232 235, 254, 351, 368, 406
Johannesburg (T.U.K.) 14, 16, 17, 23, 24, 26 41
Johannesburg, Universiteitskollege 198, 199
Johannesburgse Mediese Skool 222
Johnson, Andrew 36
Jonker, W. D. 336, 418
Jonkman, Dr. H. F. 3
Joodse Raad van Afgevaardigdes 408
Jool ..... 228, 331, **336**, 337, **338**, 339, 337 — 343, 345 362
Joolblad 338, 340, 375
Joolkoningin 338
Jooste, J. P. 71
Jooste, M. E. **441**, 441, 443
Joubert, D. 26
Joubert, Prof. D. M. 163
Joubert, J. H. 445
Joubert, J. J. **444**
Joubert, J. S. 306, 437
Joubert, P. 418
Joubert, Prof. P. B. M. 237, **239**, 239, 240
Joubert, Genl. P. J. 2
Jorissen, Dr. E. J. P. 1
Judas Iskariot 398
Jukskei 419, 425, 426, 441
Juridiese Vereniging 387, 400
Juta, Magistraat 26

Kaap(stad) 16, 20, 33, 35, 37, 41, 42, 43, 44 63, 65, 70, 88, 89, 114, 144, 177, 197, 205, 211 223, 235, 236, 351
Kaballis, Assie **344**
Kafeteria **342**
Kalender-(jaarboekkomitee) 28
Kalifornië, Universiteit 161, 162, 246
Kalifornië (Berkeley), Universiteit 448
Kamers van Koophandel en Nywerhede 70, 190
Kan, Dr. 26
Kanseliers 47, 76, 77, 81, 95, 101
Katzenellenbogen, Maurice (beurs) 39
Keet, Dr. B. B. 103, 171
Keet, Prof. D. J. **46**, 65, 66, 171, 172, **173**, 173, 175
Keizer, G. **329**
Kellerman, Prof. J. H. 162, 214
Kemp, K. 429
Kemp, Dr. J. 237
Kemp, Genl. J. C. G. 145, 146
Kerk- en Dogmengeskiedenis 167, 168
Kerkplein 62, 251, 253, 258, 338, 376, 378
Kerkreg 173
Kermis ..... 37, 39, 85, 99, 146, 340 — 342, 420
Kerr, R. A. 280
Kestell, Dr. J. D. 103
Ketelby, Harold 121
Kew 140
Keyter, A. 438
Kieser, Dr. A. W. 240
Kieser, Dr. J. A. 222
Kindergeneeskunde 228, 229
Kinderhospitaal 228, 340
Kinderleidingkliniek 123, 218, 219, 220
Kindersorg 405
Kinderwet (1937) 89
Kirkness, J. J. 22, 26, 58, 70, 274
Kitzinger, B. 38, 146
Klassieke 11, 12, 250
Klassieke Grieks 109
Klassieke Tale 110, 111
Kleure, sien Universiteitskleure
Kleuteropvoeding 217, 218, 220
Kleynhans, W. A. 330, 418
Kliniese Fisiologie 229, 234
Kliniese Gebou 90, 226, 228, 234, 280, 307, 322
Kliniese Geneeskunde 232
Kliniese Kindersielkunde 218
Kliniese Patologie 230
Kliniese Vereniging 402
Klopper, Mnr. 386
Kloppers, Prof. P. J. 232
Klubsaal 262, 272, 283, 288, 291, 292, 342, 423
Kocks, Prof. 3
Koedoespoort 151, 153
Kok, Barry 349, **350**
Kok, J. B. 431
Kok, Prof. O.V.S. 235
Kolbe, F. F. H. 163
Kollegetehuis 21, 27, 52, 93, 140, 145, 264, 267 272, 285, 288, 289, 292, 296, 302, 349, 358, 369, 419
Komaan! 355
Komitee oor Mediese Opleiding in S.A. 89
Komitee oor Universiteitsfinansies 211
Komitee van Onderkanseliers 126
Komitee vir Algemene Doeleindes 70
Komitee vir Dissipline 61, 62, 66
Komitee vir Pre-Advies (Tandheelkunde) 236, 237
Komitee vir Voorligting van Eerstejaars 380
Kommissaris van Geestesgesondheid 231
Kommissie oor Koördinering van Mediese Navorsing in S.A. 211
König, Mej. C. **323**, 324, 355, 370

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie 237, 239
Konvokasie 47, 77, 113, 300, 409, 412, 414
Konvokasie, Presidente van 103
Korfbal 419, 421, 424, 425, 439
Korrespondensiekursusse 179, 191
Kotzé, P. J. 263
Kotzenberg, H. 431
Kriek, Dr. J. C. 234
Krieket 419, 420, 425, 426, 435, 436
Krige, Uys 374
Kriminologie ..... 107, 123, 124, 129 — 130
Kritzinger, Prof. J. H. 172
Kritzinger, Prof. M.S.B. 115, 125, 126
Krüger, Dr. B. R. 407
Kruger, E. 442
Kruger, Mej. H. **435**
Kruger, Japie 433, **434**, 434, 435
Kruger, M. 431
Kruger, Pres. S. J. P. 2, 3, 62, 367, 384, 386
Kruger, T. J. **441**
Krugerdag 47, 384, 387
Krygskunde 2
Kunsgeskiedenis 107, 124, 128, 129
Kunslesing 398
Kunssentrumterrein 262
Kuschke, G. A. C. 257
Kuyper, Dr. Abraham 2
Kya Lami **14**, 287, 288
Kya Rosa 13, 14, 17, **18**, 19, 20, 158, 285, **286** 287, 288, 297, 298, 307, 315, 324, 421
La Grange, Prof. A. J. 199, 281
Lamont, Dr. A. McE. 231
Lamont, H. P. 60, 61, 62, 63, 116, 117
Lamontsaak 60, 61, 63, 110, 179, 180, 181
Lamsiektenavorsingslaboratorium op Vryburg 157, 210
Lance, W. F. 14, 23, 24, 102
Landbou, Fakulteit ..... 2, 7, 9, 24, 28, 38, 40, 42, 55, 80, 85, 105, 130, 133, 141, 143 — 163, 176, 197, 198, 199, 202, 204, 208, 214, 245, 246 266, 267, 277, 298, 299, 341, 368
— Departemente ..... 154 — 163
— Dekane 154
— Inlywing ..... 146 — 148
— Uitlywing 149
Landboudepartement, Transvaalstreek ..... 148 — 150 154, 156, 157, 159, 162, 277
Landbou-ekonomie 159, 161, 192
Landbou- en Veeartsenykundige Vereniging 400
Landbougebou 37, 77, 120, 138, 144, 145, 153, 275, **276** 277, 302, 303
Landbouingenieursaal 276
Landbou-ingenieurswese 159, 241, 243, 244, 245, 246 247
Landboukollege 4, 7, 9, 23, 24, 38, 42, 143 144, 145, 150
Landbounavorsing 149, 150
Landbounavorsingsinstituut 147, 148, 159, 277
Landbouplantkunde 130
Landboureg 154
Landbouskeikunde 145, 155, 157, 325
Landbou-uitbreidingsvereniging 39
Landbou-Vereniging 400
Landbouvoorligting 163
Landdiensklub 386
Landdiensvereniging 386
Landmeetkunde 1, 9, 241, 245, 247, 248, 282, 425
Langenhoven, C. J. 384
Langerman, S. M. 141
Langley, Thomas **374**, 380, 418
Lapelwapens 416
Lategan, Dr. A. W. 413, 418
Latham, Kingsley 409
Latyn 9, 12, 29, 30, 111, 112, 117, 118, 165, 182, 325 367
Laubscher, N. J. A. **327**
Laurence, Sir Perceval Maitland 41
Laurence-kommissie 35, 41
Lautz, R. 439
Law of Contracts and Torts 17
Law of Evidence 17
Lawley, Sir Arthur 4, 5
L. C. de Villiersmuseum 137
L. C. de Villiers-stadion 137, 153, 417, **426**, 426 429, 430
Leeds, Universiteit 157
Leemann, Prof. W. G. 248
Leiden, Universiteit 16, 128, 185, 186
Leipoldt, C. L. 384
Leipzig, Universiteit 81, 209
Leith, Gordon 266, 287, 302, 303
Lemmer, Mnr. 358
Lenie 391
Lentedag ..... 331, 343 — 346, 373, **386**, 396
Lentedagprogram 387
Lentefeeste 362
Lentekoningin 345
Leppan, Prof. H. D. 64, 159, 161, 162
Le Roux, F. J. 93, **100**, 103, 408, **412**, 412, 413
Le Roux, Prof. L. J. 133, 244, 404, 405
Le Roux, Ds. L. M. 407
Le Roux, Mev. (ds) 407
Le Roux, Prof. P. M. 157
Le Roux, Prof. T. H. 16, **25**, **36**, 102, **115**, 115, 116 117, 314, 368, 399
Le Roux, W. J. S. 418, 434, 435
Le Roux, Z. P. 418
Lestrade, Prof. G. P. 122, 256, 319
Lettere (Arts) 1, 4, 6, 8, 28, 250
Lettere en Wetenskap, (Arts and Science) 6, 9, 16, 23, 24
Lettere en Wysbegeerte, Fakulteit ..... 98, 100, 105 — 130, 143, 164, 165, 169, 177, 182, 191, 192, 193, 196 215, 216, 217, 221, 234, 255, 256, 257, 258, 282
— Ontstaan van 28, 105
— Aantal studente 98, 100, 105
— Dekane 108
— Departemente ..... 132 — 143
Letterkundige Debatsvereniging 389
Letters, Mnr. 331
Leuse, sien Universiteitsleuse
Lewensreddingsvereniging 439
Lewis en Marks 253
Leyds, Dr. W. J. 2, 103, 319
Lied van die T.U.K. 355
Liga 334
Liggaamlike Opvoedkunde ..... 91, 107, 125 — 126 217, 218, 221, 271, 280, 281, 420, 424, 443
Liggaamlike Opvoedkunde-Vereniging 402
Liggaamsopvoedinggebou 91, 98, 280, 281, 420, 425
Lilienfeldbeker 427, 428
Lindsay Robb, R. 162
Literary and Debating Society 389
L. J. te Groen-medalje vir Ginekologie en Obstetrie 233
Local Committee of Senate 14
Lodge, C. F. 280
Loftus Versveldterrein 351, 423
Logika 9, 16, 112, 114, 191
Logika en Metafisika 114, 115
Logopedie 107, 129
Lombaard, Prof. B. V. 93, 132, 137, 373, 411, **413** 413, 424
Lombard, D. J. 418
Lombard, H. V. 434
Lombard, I. M. 127
Lombard, J. H. 421
Lombard, Prof. S. H. 160
Londen, Universiteit 19, 60, 62, 140, 205, 209, 212 299, 365
Loonraad 193
Loots, Adv. J. H. 188
Loquela-vereniging 318, 391, 399
Lorents, Dr. H. A. 46
Losperfontein (proefstasie) 154
Lötter, J. C. 418, 437
Loubser, Prof. C. J. N. 232, 431
Louis, Wessel 2, 136
Louis Bothaleerstoel vir Plantkunde 37, 138, 140
Louis Trichardt-wa 87, **384**, 386
Louw **427**
Louw, Ds. A. J. 77, **78**, 78, 81, 101, 170, 171, 216
Louw, C. F. 418
Louw, Prof. H. H. 236, 237, 240, 281
Louw, Dr. J. G. 209
Louw, Koos 433
Louw, N. 436
Louw, Prof. S. A. 116
Louw, T. H. 143, 247, 436
Loveday, Felicity 439
Lubbe, Dr. W. J. G. 336, 341, 418, **430**, 430, 431
Lubowski, A. 440
Lydia-Vereniging 398
Lynnwoodtehuise (sien ook Manskoshuise, Proefplaas) 296
Maatskaplike Werk 218, 401
MacDonald, Dr. W. 26
Macfadyen, Prof. W. A. 3, 4, **36**, 102, **113**, 114, 118, 119, 120, 188, 191, 192, 195, 215, 249, 251 254, 290, 312, 319, 321, 408
Macfadyenbiblioteek 263
Macfadyensaal 39, 146, 188, 251, 255, 261, 321, 391
MacKenzie, H. B. Grant **408**, 408, 411, 412
MacKintosh, Prof. R. H. 232
Maclean, Mnr. 442
MacMillan, Prof. E. 64, 165, 166, 167, 170, 171
Maggs, C. **46**, 58, 66, 69, 70, 253, 254, 261, 284 290, 291, 418
Maggsbeker 433, 438
Maidens Hope 290
Maja, Jonas 302
Major Barbara 391
Majuba 369
Malan, Prof. A. I. 209, 214
Malan, Prof. D. E. 46, 61, 64, 65, 66, 131, 138 158, 267, 313, 372

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Malan, Dr. D. F. 33, 34, 40, 45, **46**, 71, 78, 83, 86, 87, 92, 104, 127, **238**, 281, 345, 373
Malan, D. J. 138
Malan, Franco 435
Malan, F. S. 26, 40, 44, 144, 164, 170, 290
Malan, Jannie **352**, 407
Malan, L. C. 418
Malan, P. J. **430**
Malananneks 291
Malcolm Taylortrofee 438
Malherbe, Andy 442
Malherbe, Prof. D. F. 83
Malherbe, Prof. D. F. du T. **12**, 12, 13, 14, 15, 16, 18, 18, **25**, **36**, 42, **50**, 50, 51, 52, 64, 102, 103, 104, 131, 132, 133, 135, 136, 144, 145, 150, 170, 171, 222, 275, 289, 368, 369,
Malherbe, Dr. F. E. 133
Malherbe, H. L. 15, 24, 26, 102
Malherbe, I. de V. 325, **397**, 397, 417
Malherbe, Mev. Mabel C. **46**, 71, 104
Malherbe, Dr. W. D. 207
Malherbe, Prof. W. M. R. 104
Malherbe-Rautenbach-kommissie 314
Manchester, Universiteit ..... 113 — 221
Manskoshuise, Proefplaas (sien ook Lynwood koshuise) 98, 100, 153
Manstudente, Losies vir ..... 287 — 293
Mansvelt, Dr. N. 3
Mapungubwe 123
Mara (proefstasie) 154
Marais **427**
Marais, Prof. B. J. 94, 173, 284, 406
Marais, Eugène N. 384
Maré, Prof. J. A. G. 182, 187, 330, 418
Maré, Matt 433, **434**, 434, 435
Maré, W. 245, 247, 248
Maree, Mej. E. **435**
Maree, P. 377
Maree, W. L. 330, 418
Margaretha Mes-instituut vir Plantfisiologiese Navorsing 140
Maritz, Regter, G. J. 61, 65, 66, 67, 102
Marks, Samuel 35
Martin, Mev. 20
Martin, Sydney 289
Masjiengeweereskadron (No. 1) **404**, 404
Mason, Regter, A. 30, 319
Materia Medica 205, 208, 213
Matthee, Prof. J. J. 159
Matthews, I. **434**
Matthysen, J. L. **430**
Maxwell, A. S. **403**
Mazureik, J. 279
McDonald, Ds. André 406
McIntosh, W. G. 104
McMurray, N. F. 302
Meadley, L. W. 417
Mears, J. E. 264
Mediese Biblioteek 99, 100, 228, 233, 280, 311, 321, 322
Mediese en Tandheelkunde-uitbreidingsfondse 99
Mediese Fakulteit, sien Geneeskunde Fakulteit.
Mediese Fakulteitsfonds 225, 278
Mediese koshuis 100, 292, 326, 402
Mediese Sielkunde 231
Mediese Studente Christelike Vereniging 399
Medisyne (vak) 199
Meerkotter, F. W. 242, 244, 245, 306
Meester, A. **323**, 324, 408, **422**
Meganiese Ingenieurswese 243, 244, 245, 248
Meintjes, E. P. A. 264
Meiring, A. 437
Meiring, Prof. A. L. 143, 242, 272, 280, 282, 283
Meiring en Naude 281, 282
Mentz, Kol. H. 71
Merensky, Dr. Hans 103, 280, 308, 309, 322
Merenskybiblioteek (sien ook Biblioteek) 85, 87, 100, 110, 126, 140, 272, 275, 284, **309**, 309, **310**, 310, 311, 321
Merenskyprojek vir Kankernavorsing 280
Mes, Prof. M. 139, 140, 140, 279, 438
Messina (proefstasie) 154, 155
Metaalkunde 240
Metafisika 114
Metallurgiese Ingenieurswese 243, 245, 248
Mettan, Prof. R. W. 204
Meyer, Dr. A. M. T. 115
Meyer, Prof. B. J. 229
Meyer, Dudley 435
Meyer, Dr. F. **100**, 101, 102, 104, 241, 243, 282, **295**
Michigan, Universiteit 448
Middelberg, G. A. A. 16
Middleton, J. J. I. 79
Mikrobiologie 230, 241, 286
Militêre Kollege 107, 404
Militêre Wetenskap 107
Millar-fonds, Patrick 38
Million Shilling Fund 39, 141
Milner, Lord Alfred 4, 5, 29
Mineralogie en Petrografie 136
Minister van Binnelandse Sake 386
Minister van Landbou 68
Minister van Lande 262
Minister van Onderwys 33, 35, 37, 40, 43, 45, 51, 65, 70, 71, 92, 93, 122, 144, 179, 180, 187, 215, 218, 222, 223, 226, 229, 235, 242, 243, 244, 265, 285, 288
Minister van Openbare Werke 285, 288
Modern Drama Circle 389
Moderne Geskiedenis 15
Moderne Tale 6, 9, 11, 15, 16
Modern Languages 29, 313
Moederkunde 405
Moerdyk, G. **46**, 65, 66, 83, 102, 271, 278, 284, 292, 309, 424, 425
Moerdyk en Watson 278, 279
Mogg, A. O. D. 215
Mohr, P. J. **444**, 445
Molengraaff, Dr. G. A. F. 4
Moll, A. M. 127
Mondchirurgie 240, 241
Mondchirurgiese hospitaal 239
Mönnig, Dr. H. O. 100, 102, 104, 213, 236
Monticelli, U. 442
Montreal, Universiteit 94
Monumentkoppie 376, 386
Monument Tehuise 340
Moorrees, Dr. Dio 406
Morgan, M. 116
Morice, Adv. George T. 5, 6, 16
Mostert **427**
Mostert, Prof. L. C. 117, 118, **430**, 431, 441
Mostert, Mev. (Prof.) L. C. 293
Motorklub 419
Mulder, Prof. E. S. 100, 118, 169, 175
Muller, A. H. T. 15, 16, 135
Muller, Dr. H. 103, 333, 413, 418
Muller, Prof. P. J. 164, 320
Muller, P. W. E. **434**
Muller, Prof. (mev.) Tobie 229, 230
Mullan, F. W. 418
Munisipale Administrasie 192
Munisipale Bestuur en Administrasie, Somerskool 192
Munisipale Higiëne 205, 214
Muntkalender **416**, 416
Murray, Charles 265
Murray, Mej. K. **323**, 324
Murray-Seath, Mej. **329**
Musical Society 395
Musiek 29, 99, 107, 114, 255
Musiekklub 395
Musiekkring 396
Musiekkringkoor 396
Musiekvereniging 395, 396
Musiekwetenskap ..... 120 — 121
Mynboukunde 4, 6, 9
Mynboukundige Ingenieurswese 243, 245
Mijnschool der Z.A.R. 3

Naam van die Universiteit ..... 368 — 369
Naglawaai 290
Nasionaal Sosialisme (Nazisme) 88
Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (N.A.R.L.O.) 125
Nasionale Afdeling Akkerbou en Weiding 163
Nasionale Bank van Suid-Afrika 38, 39
Nasionale Bemarkingsraad 161
Nasionale Jeugbond 382, 405
Nasionale Klub 71
Nasionale Padraad 84
Nasionale Party 71, 95, 96
Nasionale Studentebond (N.S.B.) 382
Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (Nusas) 328, 334, 335, 374, 382, 387, 388, 400
Nasionale Veldtrust 95
Natal (Natalse Universiteit) 3, 35, 170, 207, 212, 429
Native Law and Administration 121
Naturelleadministrasie 122, 123, 186, 187, 191, 192
Naturelleonderwys 217
Naturellereg 180, 186, 187, 191
Naturellesorg 123
Naturelletale 99
Natuurwetenskaplike Studentevereniging, (N.W.S.V.) 399
Naudé, Dr. C. F. B. 406
Naudé, P. **441**
Naudé, Dr. S. M. **100**, 310
Nederduitsch Hervormde Kerkbiblioteek 318
Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, (Ned. Geref. Kerk) 61, 78, 81, 84, 92, 163, 164, 165, 167, 170 — 175, 281, 289, 290, 292, 398, 406

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ... 3, 39 45, 52, 92, 94, 163, 164, 165, 166, 167, 168, 169 170, 171, 291, 398, 407
Nederlands ... 6, 9, 11, 12, 16, 52, 88, 108, 115 274
Nederlands en Moderne Tale ... 116
Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut ... 128, 309
Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging ... 2 128, 319
Nederlandse Kultuurgeskiedenis ... 124, 127, 129
Nederlandse Kultuurhistorie ... 128, 129
Nederlandse Kunsgeskiedenis ... 129
Nederlandse Letterkunde ... 125, 126
Nederlandse Taal en Letterkunde ... 125
Neethling, Dr. Chris ... 431
Neitz, Prof. W. O. ... 212
Nel, Prof. B. F. ... 97, 218, 219, 220
Nel, Dr. H. J. ... 242
Nel. J. ... 417, 418
Nel, J. G. ... 360
Nel, J. P. ... 100, 302
Nel, Minister M. D. C. de W. ... 104, 329, 361, 400 401, 408, 418
Nel, Ds. Paul ... 80, 171, 172
Nel, P. R. ... 282, 294
Nel, Willie ... 435
Nell, Johny ... 374
Nelson, Dr. H. M. A. ... 232
Nelspruit, Proefstasie ... 161
Neser ... 422
Neser, Prof. C. P. ... 157, 199, 205, 206, 206, 207
Neser, T. B. ... 323, 324
Neser, Adv. V. H. (Boet) ... 431
Netbal ... 425, 426, 439
Neuro-Chirurgie ... 232
Neurologie ... 232
New York, Universiteit ... 448
Nicol, Dr. Wm. ... 83, 87, 92, 93, 95, 100, 102, 127 170, 171, 406
Nicolkomitee ... 301
Nicolson, M. G. ... 73
Niemeyer, Elsa ... 332
Niemeyer, E. P. ... 408
Niemeyer, G. ... 194
Nieu-Testamentiese Eksegese en Teologie ... 173
Nieu-Testamentiese Grieks ... 108, 118
Nieu-Testamentiese Wetenskap ... 166, 169
Nieuwoudt, Charles ... 330, 418
Noble, Mej. J. ... 443
Nolte, A. J. ... 335, 418
Non sibi sed patriae humanitatique ... 367
Noodhulp ... 405
Noordelike Universiteit ... 368
Noord-Transvaalse Rugbyunie ... 424, 431
Noord-Transvaalse Swemvereniging ... 439
Noord-Transvaalse Voetbalsubunie ... 424
Normaalkollege, Bloemfontein ... 382
Normaalkollege, Heidelberg ... 128, 139
Normaalkollege, Kaapstad ... 95
Normaalkollege, Potchefstroom ... 382
Normaalkollege, Pretoria ... 1, 2, 4, 8, 11, 12 18, 20, 26, 29, 32, 33, 69, 137, 139, 215, 216 217, 229, 255, 285, 287, 302, 325, 326, 329, 372, 382 391, 398, 399, 407, 414, 417, 420, 432
Normaalkollege, Steynsburg ... 382
Northwestern, Universiteit ... 449
Norval, Prof. A. J. ... 64, 188, 189, 194, 195, 255, 256
Notarial Practice ... 17
Nuffield, Burggraaf ... 104
Nusans ... 334
Nutt, P. L. ... 418
Nuwe Letteregebou 87, 98, 219, 265, 275, 281, 281, 284 303, 306, 424, 425
Nuwe Patriot, Die ... 387
Nuwe Perdeby, Die ... 336, 414
Nuwe Wis- en Natuurkundegebou ... 136, 272, 278, 283
Nywerheidstatistiek ... 196
Oberholzer, Prof. C. K. ... 114, 115, 221
Oberholzer, Prof. P. C. J. ... 154, 161
Obstetrie en Ginekologie ... 228, 232, 233
Odendaal, W. A. ... 430
Oertli, Mej. G. ... 443
O'Grady, Dr. H. ... 109, 111
Oktrooi (Onafhanklikheid) ... 40, 43
Olimpiese Spele ... 435
Onderkanselier (Vise-) ... 83, 85, 101
Onderstepoort 28, 133, 196, 197, 197, 198, 199, 200, 201 202, 204, 205, 206, 207, 208, 209, 210, 211, 212, 213 277, 326, 330, 362, 403, 420, 449
Onderstepoort-koshuis ... 291, 322
Ondersteuningsraad van Pretoria ... 340
Onderwyskollege, sien Normaalkollege.
Ons Laer ... 369
Ons Toekoms ... 383, 387
Ontgroening ... 378, 377 — 381
Oogheelkunde ... 228, 234
Oom Gert ... 349, 350, 351, 352, 352
Oom Paul ... 349 — 350, 350
Oor- Neus- en Keelheelkunde ... 228, 234
Oost, Harm ... 44
Oostelike-sportterrein ... 354, 421, 424
Oosterhof, Dr. F. M. P. ... 117
Oosthuizen, Ds. A. J. G. ... 291
Oosthuizen, G. J. ... 419
Oosthuizen, Prof. S. F. ... 93, 100, 234, 236, 237
Oosthuizenhuis ... 291
Operatiewe Tandheelkunde ... 237
Opvoedkunde Fakulteit 54, 113, 114, 124, 125, 126, 129 133, 215 — 221, 275, 282
— Departemente ... 219 — 221
— Dekane ... 219
Opvoedkunde (vak) ... 215, 216, 220
Opvoedkundige Etiek ... 221
Opvoedkundige Psigo- en Sosiale Patologie 217, 218, 220
Opvoedkundige Sielkunde ... 217, 220
Opvoedkundige Sosiologie ... 124, 220
Opvoedkundige Studies ... 218
Orchestral Society ... 395
Organiese Chemie ... 132, 133, 278
Oriental Missionary Society ... 398
Ortlepp. Prof. R. J. ... 213, 214, 214
Ortodonsie ... 237, 239, 240
Ortopedie ... 232
Osborne, J. B. ... 342, 408, 420, 423, 435, 436
Osrin, Mej. L. ... 302
Ossewabrandwag ... 87, 382, 405
Ossewatrek ... 86, 87, 114, 309, 386
Otto, Dr. J. C. ... 100
Ou Biblioteeksaal ... 275, 303, 307
Ou Chemiegebou ... 22, 26, 27, 132, 138, 265, 274, 278 284, 298, 306, 307
Ouditeursraad ... 190
Ouditeursklerkevereniging ... 402
Ouditkunde ... 190, 193, 249
Oudstudentebond van die Universiteit van Pretoria 99 414
Oud-Studente en Konvokasie Bond ... 413
Oud-Studente en Konvokasiebond van die Universiteit van Pretoria ... 412, 413
Oud-Studente en Konvokasie Unie ... 410, 411, 412
Oudstudente en Konvokasie Unie van die Universiteit van Pretoria ... 409, 410
Oudstudente kleurbaadjie ... 362
Oudstudente kleurbaadjie — amptelike beskrywing van tot 1952 ... 409
Oudstudente Vereniging ... 365, 409, 410
Ou Letteregebou ... 21, 22, 26, 27, 27, 87, 88, 133 136, 138, 219, 265, 266, 267, 274, 274, 275, 279, 281 284, 298, 302, 303, 307, 343, 376, 387
Oupa Saliger ... 393
Ou Raadsaal ... 376
Our Husband ... 393
Ou Tale ... 313
Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie ... 172
Ou-Testamentiese Vakke ... 165, 168, 169
Ou-Testamentiese Wetenskap ... 118, 168, 169
Ou Wis- en Natuurkundegebou 98, 134, 136, 138, 272 277 — 278, 282, 306
Oxford- en Cambridge-atletiekspan ... 434
Oxford- en Cambridge-rugbyspan ... 429, 430
Oxfordgroepbeweging ... 167
Oxford, Universiteit ... 4, 12, 16, 26, 29, 113, 136
Parasitiese Siektes ... 213
Parasitologie ... 199, 213, 214
Parkin, Prof. B. S. ... 207, 207
Parlementêre Debatsvereniging ... 387, 391
Partridge, Dr. A. C. ... 111
Paterson, Prof. A. C. ... 11, 12, 12, 14, 15, 18, 18 22, 25, 26, 29, 29, 30, 31, 33, 34, 37, 57 101, 103, 111, 112, 113, 117, 118, 145, 165, 168, 170 249, 299, 324, 343, 364, 400, 436
— as rektor ... 29, 30, 409
Paterson, John ... 29
Patologie 199, 204, 205, 209, 210, 226, 228, 230, 279, 306
Patologie en Histopatologie van die Mondholte 240, 241
Patologiese Anatomie ... 199, 230, 231, 241, 280
Patologiese Fisiologie ... 203, 205, 207
Patriot, Die ... 12
Pattison, Mnr. ... 285
Paul Kruger-Universiteit ... 368
Pauw, Dr. S. ... 124
Pawnshop ... 288, 289, 354
Pedagogiese Vereniging ... 400
Pedi ... 121
Pediatrie ... 228
Pellissier, Prof. G. M. ... 104, 167, 171, 172, 174, 174, 175
Pelser, G. M. ... 418
Pelzer, Prof. A. N. ... 108, 113, 220, 382, 431
Perdeby, Die ... 331, 333, 334 — 337, 375, 414, 416
Perold, J. ... 408
Perry, N. ... 430
Phil Joubertsaal ... 240
Phillips, Mnr. ... 26
Phillips, Mej. C. G. ... 15, 105

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Phineas 350, **351**, 351, 352
Pienaar, A. J. 163
Pienaar, Dr. Jan **430**, 431
Pienaar, Genl. J. J. 280
Pienaar, Prof. P. de V. 129
Pienaar, Santa 439
Pienaar, S. W. 379, 418
Pierneef. J. H. 104
Pietermaritzburg-kollege 16, 26, 38, 41, 174, 192
Pigeon, The 391
Pirates-Grootuitdaagbeker 427
Pirow, Adv. O. 53, **437**, 437, 442
Pistorius, C. 442
Pistorius, Prof. P. V. 110, 442
Pistorius, R. 442
Pitt, S. A. 318
Pittman, Prof. W. 16, 17, 104, 176, 177, 183, 184, 185 188, 249, 253, 254, 320
Plaaskomitee 152
Planteteelt 157
Plantfisiologie 139, 140, 307
Plantfisiologie, Gebou vir 98, 100
Plantfisiologiese Laboratorium 306
Plantfisiologiese Navorsingsinstituut 139, 140, 279
Plantkunde 9, 16, 37, 137, 138 — 140, 154, 162, 215 274, 275, 277, 279
Plantkundegebou 85, 279
Plantpatologie 157
Plantsiekteleer en Mikrobiologie 156, 157
Pleinfunksie 338
Pluimveesiektes 200, 201, 215
Pluimveeteelt 161
Plummer, Prof. F. E. **120**, 120, 247, 266
Pohl, Mej. A. 384
Politics 55
Pont, Prof. A. D. 168, 350, 353, 418
Pont, Prof. D. 64, 83, 177, 178, 179, 180, 181, 182, 183 **184**, 184, 185, 255, 256, 257, 313, 319, 372, 400
Pont, Prof. dr. J. W. 128
Postma, Dr. F. 82, 83
Postmus, Dr. J. 103, 225, 271
Potchefstroomse (Universiteit en Kollege) 299, 348, 382 391, 405, 429, 438, 440, 442
Potchefstroom 3, 5, 383, 398, 405, 406
Potchefstroomse Landboukollege 155, 212
Potgieter, Dr. Carel (Boekery) 182, 320
Potgieter, Dr. D. J. J. 162
Potgieter, Ds. Kobus 375, 407
Practical Banking and Business Management 193
Praetor 332, 335
Praktiese Afrikaans 111
Praktiese Bankleer 195
Praktiese Engels 111
Praktiese Fisiologie 229
Praktiese Teologie 166, 172, 174, 175
Preller, Mev. Gustav 123
Presbiteriaanse Kerk 38, 163, 165, 167, 170
Press, The 13
Pretoria ..... v, 1 — 17, 22 — 25, 32, 36, 40, 41 42, 43, 48, 49, 52, 53, 61, 70, 78, 79, 83 87, 94, 96, 97, 109, 110, 123, 127, 128, 134, 136 137, 143, 164, 170, 176, 177, 178, 179, 184, 198, 201 232, 233, 236, 243, 251, 264, 285, 298, 315, 318, 337 338, 340, 343, 347, 348, 352, 354, 359, 366, 368, 369 371, 381, 382, 383, 384, 389, 398, 403, 406, 407, 410 417, 423, 433, 434, 446, 448, 449
Pretoria Branch of the Transvaal Teachers Association 69
Pretoria Centre of the T.U.C. 11, 14
Pretoria- en Noord-Transvaalse Kreupelvereniging 340
Pretoria Kindersorgvereniging 340
Pretoria Law Society 319
Pretoria News, The 70, 71, 404
Pretoria-Oos Gemeente 171, 172, 173, 290, 406, 407
Pretoria Regional Group of the Institute of Public Administration, The 401
Pretoria Standing Committee 13, 14, 15, 25 297
Pretoria-Volkshospitaal 340
Pretoriase Afrikaanse Sakekamer 259
Pretoriase Kamer van Koophandel 253
Pretoriase Kommando 403
Pretoriase Landbougenootskap 144
Pretoriase Ouervereniging 219
Pretoriase Regiment 403
Pretoriase Tandheelkundige Kliniek 237, 240
Pretorius, Andries 369
Pretorius, B. **441**
Pretorius, Mej. E. **435**
Pretorius, J. 440
Pretorius, Dr. J. C. 104
Pretorius, W. **441**
Preys, Mej. T. **443**, 443
Princeton, Universiteit 448
Prinshof 145, 150, 151
Prinsloo, C. W. 431
Prinsloo, Ds. J. J. 291
Prinsloo, W. 371, 417
Privaatreg 185, 186
Pro Arte 396, 397
Proefplaas 24, 38, 79, 100, 144, 145, 147, 150, **151** 152, 153, 154, 155, 157, 161, 245, 271, 277, 296, 425 426, 438, 450
Propagandaburo 387
Propagandakomitee 37, 80, 85, 222, 223, 225, 241 357
Propagandakomitee van Geneeshere 222, 223, 225
Propagandasekretaris 85, 86, 90, 99, 308
Pro Patria-fonds 63
Prosesreg en Bewysleer 182, 187, 188
Prospecttehuis (*House*) 21, 140, 287, 288, **289**, 421
Protetika 237
Protetika en Tandtegnika 240
Protosoölogie 203, 209, 211, 212
Provinsiale Volkspelekursus 395
Prozesky, O. 431
Psigiatrie 231
Psigo-neurose 228
Psigopatologie en Sosiale Patologie 119
Publieke Administrasie 187, 189, 191
Pullen, Prof. A. R. 159
Punivfonds 71, 222, 223
Purves, Prof. John 6, 9, 11, **12**, 13, 15, **18** 18, **25**, 26, **36**, 102, 112, 116, **312**, 312, 315, 364
Pijper, Prof. A. **46**, 103, 230, **231**, 231, 279, 280
Quin, Prof. J. I. 203, **208**, 208, 403
Quin, P. J. **434**
Quinlan, Prof. J. B. 2, 12, **212**, 212, 213
Quirlie, F. 389
Raad ..... 15, 16, 17, 18, 19, 23, 24, 26, 27, 28 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39 40, 41, 42, 43, 44, 45, 47, 48, 49, 51, 52 55 — 59, 61, 65 — 69, 70, 71, 72, 111 116, 118, 121, 124, 125, 127, 128, 135, 140, 144, 145 146, 147, 150, 152, 153, 164, 165, 166, 172, 174, 179 188, 193, 194, 201, 217, 219, 222, 227, 230, 241, 242 243, 245, 249, 251, 254, 256, 257, 259, 262, 265, 266 267, 271, 277, 284, 289, 295, 296, 299, 300, 303, 305 307, 308, 312, 315, 325, 340, 343, 345, 364, 365 — 369, 374, 380, 384, 409, 410, 411, 419, 420, 421
Raad van die Volkshospitaal 340
Raad van Handel 194
Raad van Handel en Nywerheid 194
Raad van T.T.I. 4, 5, 6, 7
Raad van Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop 7 40, 41
Raats, Mev. Dolla 395
Rabie, J. M. **100**
Radcliffe, Universiteit 448
Rademeyer, Dr. Jannie 408
Radio-isotope 234
Radiologiese Terapie 228
Radioterapie 228, 234
Radloff **432**
Radloff, B. 432
Radloff, G. 389
Raikes, H. R. 47, 49
Randall, George, ... 349, **350**
Raubenheimer, F. 330, **430**
Raubenheimer, F. J. 418
Rautenbach, B. H. **430**
Rautenbach, Prof. C. H. 71, **93**, 93, 94, **97**, **100** 101, 102, 108, 114, 115, 119, 170, 221, **244**, 259, 279 **281**, 283, 285, 294, 295, 305, 322, **374**, 382, 389, 398
— as rektor 95, 96, 97, 98, 310, 322, 324, 326, 375 380, 415, 425
Rautenbach, Mevr. **374**
Rautenbach, G. P. 324
Rautenbach, H. R. 418
Rautenbach, L. J. 410
Rautenbachsaal 87, 100, 101, 293, 294, 295
Reading Universiteitskollege 157
Rebelkoning 371
Rebelliebloubloek 112
Reckbeker 428
Reddingsdaadbond 405
Redelinghuys, S. A. 341, **371**, 372, 417
Red Revolt 403
Reëls vir Studente 370
Regeringstoelae (Staatstoelae, Staatsubsidie) 76, 78 79, 85, 91, 98, 99, 100
Registrateur, Benoeming van 28, 30
Registrateur, Pos ..... 298 — 301
Regsboekery 182, 183, 184
Regsgeleerdheid (Law) 1, 3, 6, 7, 9, 16, 17 28, 107, 249, 250, 255
— Fakulteit 130, 176 — 188, 192, 255, 256, 257, 258 282, 313, 320, 370
— Departemente ..... 183 — 188
— Dekane 183
Regsleer 185
Reinink, Prof. H. Th. 3, 6, 11, **12**, **18**, **25**, 26 28, 31, **36**, 54, 102, 103, 105, 108, **109**, 109, 115 312, 323, 400
Reinink, Mev. Dr. 26

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Reitz, Dr. Hjalmar 44, 63
Reitz, Dr. Rolf 185
Rekeningkunde 188, 190, 193, 194, 249, 320
Rekeningkunde en Ouditkunde 193, 194
Rekenmeesters, Opleiding van 189, 190
Rektor, Benoeming van 29, 80, 82
Rektors, lys van 102
Rektorskwessie ..... 30 — 35, 42, 81 — 84, 85 92, 93
Rembrandtskild 441
Repatriasiefonds 24
Republikeinse Studentebond 382
Retief, D. F. 430
Retief, D. P. J. 245
Retief, E. 443
Rewolwerklub 419, 438
Reyersbach, L. 38
Reynders, Prof. H. J. J. 195
Rheeder, Mej. H. 443
Rhodes, T.A.F. 418
Rhodes Universiteit (kollege) 25, 41, 113, 318, 429 445
Richter, Mej. 332
Rissik, Heinrich 353, 359, 360, 408, 417, 431
Rissik, Johan 5, 26
Rissik, P.U. 46, 359, 417
Rissik, Ulrich 360, 408
Roberts, Adv. A. A. 28, 30, 31, 46, 47, 54, 66 69, 77, 103, 299, 300, 301, 302, 303, 307, 408, 409 410, 411, 432, 432, 435, 436
Roberts, Mev. A. A. 357
Roberts, Austin 103
Robertson, Alfred, G. 24
Robinson, Prof. E. M. 199, 209, 210, 210
Robinson, Sir, J. B. 290
Robinsonhuis 290
Roger Dyasonskild 435, 435
Romantic Age, The 391
Romeinse Geskiedenis 9
Romeins-Hollandse Reg (Roman Dutch Law) 5 17, 130, 176, 177, 180, 183, 184, 185
Romeinse Reg (Roman Law) 17, 130, 176, 180, 182 183, 184, 185
Rooibruin Blare 393
Roorda Smit, Dr. J. A. 1
Roos, Gideon 358
Roos, J. de V. 15, 21, 22, 22, 24, 76, 80, 84 127, 265, 274, 319
Roos, Mev. J. de V. 26
Roos, Tielman J. de V. 47, 53, 76, 77, 101
Rooskommissie 28, 113, 124, 211, 218, 257, 300
Roosversameling 319
Roosverslag (1934) 80, 82
Rorke, W. B. 194
Ross, G. E. N. 194
Ross, Prof. J. C. 83, 154, 155, 156, 162, 267, 313
Rosseau, Dr. J. Z. H. 127, 221
Rosset, G. P. 116
Rossouw, Dr. G. H. S. 121
Rotariërklub 235
Rothman, P. 442
Rotterdam Handels Hoogeschool 194, 300
Roux, Dr. A. J. A. 242, 245
Roux, J. P. 65, 66
Roux, J. W. J. Wessel 44
Roux, P. 46, 177
Roux, W. 437
Royal Agricultural College 133
Ruben Simonskild 429
Rudd, C. C. 195
Rugbykleure 428
Rugbyvoetbal ..... 12, 298, 417, 419, 420, 421, 422, 423 — 431
Ruiterklub 419
Rupert, A. E. 104, 344, 376, 386, 418
Saalboufonds 397
Saalboufondskomitee 342, 343
Sabbagha, N. G. 111
Sagtebal 419, 442
Sandrock, Brian 278
Sanlam 262
Samlamgebou 278
Sargant, E. B. 4
Sarge Bourke 349
Savage, Dr. 26
Sayce, R. U. 120
Scheepers, Prof. G. H. 120, 430, 431, 442
Schepers, Prof. G. W. H. 227, 229
Schilz, Prof. W. E. 97, 132, 133, 241, 242, 247, 404 438, 440
Schlebusch, Prof. B. J. 119
Schmidt, C. F. 83, 84, 84, 88, 101, 102, 103, 279
— as rektor 85, 357, 412
Schoeman, G. P. 418
Schoeman, Johann 70
Schoeman, K. 100
Schoeman, Prof. P. J. 240
Scholtz, Dr. D. L. 136, 402
School of Aviation 404
School of Music 120
Schoonraad, J. H. 430
Schrecker, K. A. 442, 443
Schultz, O. 437
Schultz, Prof. K.C.W.A. 205
Schutte, J. F. 264
Schwarz, Mnr. Leo 408
Schweickerdt, Prof. H. G. W. J. 139, 140
Schweikerdtbeker 440
Schwellnuss, Eerw. P. E. 121, 122
Searle, Regter Malcolm 42
Seifart, K. 443
Selborne, Lord 6
Semitiese Tale 118, 169
Senaat 16, 17, 19, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34 36, 43, 47, 51, 55, 56, 58, 61, 65, 66, 67 105, 110, 111, 112, 121, 132, 144, 147, 188, 193, 194 197, 200, 201, 217, 219, 222, 241, 245, 247, 249, 257 258, 259, 261, 267, 274, 277, 298, 299, 301, 303, 312 315, 323, 324, 325, 327, 328, 330, 345, 361, 365, 368 369, 370, 371, 372, 373, 376, 380, 384, 403, 404, 419 432
Senaat van Univ. van S.A. 41
Senate, Local Standing Committee of 17
Send her Victorious 393
Sendingkring, ... 298
Sendingwetenskap 167
Senekal, F. J. 421
Sentrale Eerstejaarskomitee (S.E.K.) 380, 381
Sentrale Joolkomitee 338
Sentrale Sportkomitee 420, 421
Sentrale Studenteraad ..... 326, 328 — 331, 331, 333, 341 343, 353, 361, 362, 369, 375, 379, 381, 405, 421
Sepedi 187
Shaw, Bernard 391
Shepstone, Sir Theophilus 21
Sherwood, Prof. E. T. G. 135, 140, 141, 141, 247, 288 314
She Stoops to Conquer 391, 392, 393
Sielkunde ..... 9, 16, 93, 94, 112, 113, 114, 118 — 119, 220, 275, 277, 282
Sielkundige Vereniging 402
Sielsieke Verpleging 228
Sinclair, Prof. W. J. 221
Sistematiese Fisiologie 229
Sistematiese Geneeskunde 232
Sitrusnavorsing 150, 160
Siviele Ingenieurswese 243, 244, 245, 248
Skaak 440
Skaapteelt en Woltegnologie 155, 163
Skakelbeampte 99, 295
Skakelblad 99, 414, 415, 416
Skakelbladfonds 99
Skakelkomitee 330, 347
Skakelraad 387
Skakels 387
Skawran, Mej. K. 443
Skawran, Prof. P. R. 119, 217, 220
Skeikunde (sien ook Chemie) 50, 54, 133, 154 155, 313
Skenkingsfondse 23, 37, 38, 39, 42, 79, 80, 81 85, 91, 99, 101, 146, 148
Skerm 419, 442, 443
— Span (1958) 443
Skone Kunste, Fakulteit van 121
Skyfskiet 403, 419, 420, 438
Slabbert, T. 440
Slade, Mev. 342
Slade, W. H. 422, 431
Smit, Prof. Claude 125, 221, 271, 420, 421, 424, 425 435, 438, 440, 442, 445
Smit, Erasmus 369
Smit, F. P. 383
Smit, H. P. 438
Smit, Adm. J. S. 61, 62, 65, 66, 102
Smit, Kosie 344
Smit, Sersant-majoor 442
Smit, Prof. W. A. P. 128
Smith, D. J. G. 162
Smith, F. B. 5, 9, 24, 25, 26
Smith, G. H. 431
Smith, J. N. 437
Smith, Nico 336
Smuts, Genl. J. C. 5, 7, 8, 8, 9, 10, 11 13, 14, 15, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 26, 30 31, 37, 39, 77, 87, 103, 138, 225, 274, 276, 309 309, 389
Smuts, Martin 100, 243, 301, 302, 305
Snyman, H. 440
Snyman, Prof. H. W. 229, 232
Snyman, Prof. P. S. 205, 214
Society of Accountants 188
Sokker 419, 426, 438
Solomon, E. P. 22
Solomon, I. 46, 73

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Solomon, Sir Richard 6
Sondagsriviervallei 150, 160
Sonop 93, 113, 255, 289, 290, 344, 349, 352, 373, 419
Sons of England Society 54
Soötegniek 200, 203, 208, 214, 215
Sosiale Antropologie 122, 187
Sosiale Wetenskappe 107, 449
Sosiologie 119, 130, 218, 282
Sosiologie en Maatskaplike Werk 124
Sosiologie en Toegepaste Sosiologie 123, 129
Sosiologiese Kring 387, 401
Sosiologiese Vereniging 401
Sotho 122
S.A.A. Athletic Association 423
S.A. College of Music 120
South African School of Mines and Technology 23
42, 48, 144, 254, 307, 429
Spekulum 402
Spencer, Norman 46, 77, 146
Spesiale Onderwys 217
Sport ..... 270, 419 — 445
— Algemene Ontwikkeling en Organisasie ..... 419 — 421
— Velde ..... 421 — 426
— Klubs ..... 426 — 445
Sportvereniging (T.U.K.) (TUC. Sports Association) 39, 292, 341, 420 423
Spraakleer 121
Spraakleer en Spraakterapie 129
Spraakpatologie 129
Spraakterapie 129
Spraakwetenskap en Spraakheelkunde 107, 129, 234
Sprinkaannavorsing 150, 158, 277
Spruce, C. 308, 313, 313, 314, 363
Staatsadministrasie 189, 401
Staathuishoudkunde 113
Staatkundige Vereniging 387, 401
Staatsbeheer oor Veesiektes 214
Staatsdienskommissie 202, 250
Staats- en Munisipale Higiëne 205
Staatsgimnasium 3, 11, 275, 279, 289, 298, 307
Staatsleer 2, 9, 112, 113, 114, 118, 130, 189, 191 192, 401
Staatsleer en Publieke Administrasie 185, 187, 191 192
Staatsmodelskool 13, 21, 262, 389, 421
Staatsmijnschool 136
Staatsreg 180, 185, 186, 192
Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg 185
Staatstoelae, sien Regeringstoelae
Staatsubsidie, sien Regeringstoelae.
Staatsveterinêre Medisyne 203, 204, 205, 206, 212
Staatswetenskappe 107
Stadsbeplanning 114
Stadsraad van Pretoria ..... 5, 19, 24, 35, 38, 40 54, 68 — 73, 79, 80, 91, 121, 143, 144, 145 150, 151, 152, 153, 221, 222, 225, 243, 262, 271, 282 286, 309, 342, 352, 424
Staking (1922) 31
Stals, Dr. A. J. 235
Stanford, Universiteit 448
Stanley, Prof. 9
Stap- en Toerklub 387
Star, The 66
Starke, Prof. J. S. 155, 163, 411
Starke, Prof. N. C. 213
Statebondspele (Rykspele) 433, 435, 436, 439
Statistics and Actuarial Science 196
Statistiek 143, 189, 196, 282
Statute Law 17
Staz, Prof. J. 240
Steck, Dr. F. W. 208
Stednam, A. J. 327
Steel, Lady 38
Steenekamp, C. van H. 391
Steenkamp, Prof. W. F. J. 93, 189, 194
Stegmann, Mej. 393
Steinberg, H. 431
Stellenbosch 1, 32, 34, 35, 37, 41, 44, 47, 77 81, 88, 107, 117, 118, 144, 146, 147, 162, 170, 171 172, 174, 177, 182, 185, 193, 197, 199, 204, 212, 236 248, 300, 318, 319, 348, 382, 383, 398, 429, 433, 441 442
Sterrekunde 140, 247
Steven, R. 434
Steyn, Prof. D. G. 207, 233
Steyn, F. S. 86, 308, 386, 411
Steyn, G. M. 418
Steyn, K. 245
Steyn, L. 430
Steyn, Madder 333
Steyn, Pres. M. T. 384
Steyn, Mev. (pres.) 376
Steynberg, Coert 211
Stigtingsoorkonde, Oorhandiging van 45
Stofberg 422
Stofberg, P. J. P. 330, 361, 362, 418
Stokes-Waller, W. P. E. 252, 254, 301, 320, 327
Stoneman, Dr. Bertha 139, 279
Straatsburg, Universiteit 32
Strachan, A. S. 103
Strafreg 180, 185, 186
Stratigrafie en Paleontologie 136
Strelen, Mev. B. 116, 117
Strooptogte ..... 349 — 353
Struben, Archie 289
Struben, F. E. B. 150, 151, 262, 264, 296
Struben, R. H. 44
Strydkrete ..... 331, 353 — 355
Strijdom, Adv. J. G. 95, 104, 123, 236, 244, 244, 282 345
Strydom, P. L. 431
Stuart, C. H. 100, 302
Studenteatletiekbond 434
Studenteblad 50 51, 329, 355, 408
Studenteblad van die T.U.K. 332
Studente Forum 334
Studentegetalle 17, 18, 27, 44, 74, 75, 76, 84, 86 90, 91, 95, 96, 97, 98, 106, 130, 131, 131, 146 148, 149, 177, 189, 228, 237, 239, 242, 245, 246, 260 278, 282, 284, 285, 296, 304, 428, 448
Studente Joodse Vereniging 389
Studentekoerant 334, 335
Studente-Kunsteater 393, 394
Studenteleraar 285, 380
Studenteliedere 331
Studentenblatt 388
Studente-opstand ..... 34, 57, 371 — 375
Studenteraad, Binnemuurs ..... 55, 56, 61, 67, 295, 323 323 — 326, 327, 329, 330, 331, 332, 334, 335, 337 340, 342, 343, 344, 345, 347, 355, 357, 358, 359, 360 363, 364, 365, 367, 369, 370, 371, 372, 373, 374, 375 377, 378, 379, 380, 382, 383, 385, 386, 387, 391, 395 396, 399, 414, 417, 419, 420, 435, 436, 438, 440
Studenteraad (Binnemuurs), skorsing van 332
Studenteraad, Buitemuurs ..... 56, 67, 68, 86, 251, 255 258, 261, 326 — 330, 327, 333, 334, 347, 357, 369 381, 389, 414
Studenteraad (Normaalkollege) 329, 330, 347, 357
Studenteraad, Voorsitters van ..... 417 — 418
Studentesaal 99
Studentesentrum ..... 100, 101, 272, 293 — 296, 425
Studentesorgkomitee 380
Studente-unie 329
Studentevaria 331
Studenteverenigings ..... 301 — 405
Student's Forum Publishing Company, The 334
Students Forum, The 334
Student's Highly Select Society (S.H.S.S.) 371, 405
Studiebeurse 18, 35, 36, 38, 39, 146, 148
Studiekringe 386, 387
Sturrock, F. C. 44
S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns 33, 116, 235 242, 245
S.A. Biblioteekvereniging 126, 310, 399
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde 153
S.A. Gimnastiekkampioenskappe 443
S.A. Instituut van Argitekte en Bourekenaars 142
Suid-Afrikaanse Kollege (South African College) 1 4, 7
S. A. Kunsvereniging 95
S.A. Lugmaggimnasium 107
Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheidsorg 219
S.A. Noodhulpliga 405
S.A. Nywerheidsontwikkelingskorporasie 81
S.A. Raad vir Liggaamlike Opvoeding 89
S.A. Raad vir Sosiologiese, Opvoedkundige en Humanitêre Navorsing 89
S.A. Reserwebank 225
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 89, 153
S.A. Universiteite — Atletiekfederasie 433
S.A. Universiteite — Judovereniging 445
S.A.U. Kriekettoernooi 436
S.A. Universiteitstoeikampioenskappe 441
S.A. Verpleegstersraad 107
Suid-Afrikaanse Vrouefederasie 123, 218, 219
S.A. Yster- en Staalkorporasie 81, 136, 190, 225, 243 282
Suiwelbereiding 159, 160, 277
Suiwelnavorsing 159
Suiwelnavorsingsgebou 277
Suzman, Saul 423
Suzmanskild 433
Swaarmasjienelaboratorium 246
Swart, Ds. P. J. 37, 292
Swart, Steyn 431
Swartwitpense (toerspan) 429
Swem 419, 420, 439
Swembad 99, 241, 419, 423, 424, 425
Swembadfonds 340
Swemmer, E. 389
Swiegers, D. 430, 430, 431

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tafeltennis 419, 440
Tandanatomie, -fisiologie, -histologie, -patologie en -histopatologie 237, 240
Tandheelkunde, Fakulteit ..... 94, 96, 101, 130, 235 — 241, 242, 281, 297, 301
— Departemente ..... 239 — 241
— Dekane 239
Tandheelkunde, geboue vir 144, 326
Tand- en Mondheelkunde, Hospitaal vir 98, 235 237, 240, 281, 297, 306, 322, 340
Tandheelkundige Kliniese Vereniging 402
Tandtegnika 237, 307
Teague, Prof. 442
Teaterkring 393, 394, 394, 396
Tegniese Adviseur 98, 136
Tegniese Afdeling 297, 306, 307
Tegniese Kollege, Pretoriase 17, 136, 142, 179, 245 374
Tegnologie 9
Te Groen, Prof. L. J. 97, 104, 222, 229, 233, 233
Telingsleer 155
Tennis 12, 14, 19, 420, 422, 423, 424, 425, 432 433
Teologiese Fakulteit, sien Godgeleerdheid.
Teologiese Vereniging — Van der Hoff 398
Teoretiese Fisika 135
Terpstra, Dr. F. J. 136
Terrein (Universiteit) ..... 22, 26, 27, 35, 144, 145, 264 — 267, 267, 268, 269, 270, 271, 272, 301, 421, 422
Te Water, Adv. Charles ..... v, 62, 95, 95, 101, 295, 431
Te Water, Dr. Marie 123, 124, 218
Te Water, Dr. Tom 95
Theiler, Sir Arnold ..... 30, 83, 157, 158, 196 — 199 201, 203, 204, 210, 210, 211, 213, 362
Theiler, Dr. Gertrud 211
Theron, Prof. J. J. 97, 144, 154, 155, 156, 156, 427 431, 433
Theron, L. J. 431
Theron, P. 431
Thespians, The 391, 393
Theunissen, N. H. 302, 332
Thomas, Prof. A. D. 204, 205
Thomas, G. L. 15, 18
Thomas, J. T. 18
Thomson-kommissie 35, 315
Tikka 51
Titlestad, Prof. R. M. 111, 433
Toegepaste Natuurwetenskappe 76
Toegepaste Sosiologie 124
Toegepaste Volkekunde 122, 123
Toegepaste Wiskunde 134, 135, 140, 141, 275, 282
Toga 325, 370
Toksikologie 199, 207, 208, 215, 234
Tomlinson, Prof. F. R. 100, 162
Toneelvereniging 343, 387
Toraks-chirurgie 231
Totius 384
Town Block 255
Town Lands Ordinance 264
Towoomba, (proefstasie) 154
Trans-Oranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys 340
Transvaal Higher Education Commission 22
Transvaal School of Mines 23
Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese 243 282
Transvaalse Landbou-unie 24
Transvaalse Onderwysersvereniging 32, 61, 228
Transvaalse Onderwyswet (1907) 35
Transvaalse Provinsiale Administrasie 107
Transvaalse Uitvoerende Komitee 32
Transvaal Society of Accountants 249, 319, 320
Transvaal Teachers' Association 216
Transvaal Technical Institute (T.T.I.) 4, 5, 6 7, 136, 315
Transvaal Universiteits Kollege Oud-studente Vereniging 408
Transvaal University College Past Students Association 408
Transvaler, Die 227
Trek ..... 331 — 334, 335, 355, 416
Trichardt, G. W. H. 62
Trinity College 4, 318
Tromp, Prof. F. J. 64, 131, 132, 155, 313, 438
Tropiese Medisyne 203, 204, 209, 210, 211, 212
Trümpelmann, Dr. G. P. J. 118
Truter, Sir Theodore 70
Tübingen, Universiteit 134
T.U.C. Central Building 255
T.U.C. Interhostel Sports Union 419, 433
T.U.C. Law Society 400
T.U.C.-Monogram 266
T.U.C. Student Jewish Association 388
T.U.C. Students Magazine 332
Tuinbou 148, 160, 161
Tuisverpleging 405
T.U.K. Afrikaanse Kultuur en Toneel Vereniging 391
Tukkie-groet 371
T.U.K.-lugeskadron 404
T.U.K., selfstandigwording 15, 16, 22, 23
T.U.K. Wetenskaplike Vereniging 399
Tussen-universitêre Betrekkinge 346
Tweede Vryheidsoorlog 3, 272, 313, 324, 370, 389
Tweede Wêreldoorlog 76, 78, 81, 84, 87, 88, 89 119, 135, 148, 199, 221, 225, 241, 247, 279, 280, 284 304, 376, 388, 403, 429, 434, 438
Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg 181
Uitbreidingsfonds 69, 73
Uitvoerende Raad (Z.A.R.), (Tvl.) 4, 6
Union Castle-Leerstoel 160
Union Castle-Maatskappy 39, 146, 159
Universiteit in Z.A.R. 3
Universiteitskleure ..... 359 — 363
Universiteitskoor 396
Universiteitsleuse ..... 272, 366 — 368
Universiteitslied ..... 355 — 359
Universiteitsnuus 86, 411
Universiteitsorkes 396
Universiteitswapen 45, 272, 363, 364, 366
Universiteitswording (selfstandigwording) ..... v, 177, 354
Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (University of the Cape of Good Hope) v, 1, 3, 6, 7 9, 19, 24, 25, 35, 40, 41, 42, 49, 50, 144 154, 176
Universiteit(skollege) van die Oranje-Vrystaat (sien ook Grey-Universiteitskollege) 122, 133, 186, 220 348, 383, 405, 429, 440, 442
Universiteit van die Witwatersrand 4, 17, 43, 44 47, 48, 59, 96, 111, 113, 129, 142, 143, 177, 204 212, 232, 235, 240, 266, 320, 330, 346, 347, 348, 352 375, 391, 402, 429, 432, 438, 439, 440, 442
Universiteit van Kaapstad (sien ook Kaapstad) 44, 47 88, 89, 96, 122, 134, 136, 212, 235, 236, 306, 318 350, 388, 429, 441, 442
Universiteit van Pretoria (Selfstandigwording) ..... 37 40 — 47, 81
Universiteit van Pretoria Amateur Filmburo (U.P.A.F.) 395
Universiteit van Pretoria Argitek- en Hoeveelheids-opnemings-studente Vereniging (U.P.A.Q.A.) 401
Universiteit van Pretoria-Sportkomitee (U.P.S.) 421
Universiteit van Pretoria-wet ..... 43 — 47, 76
Universiteit van Suid-Afrika v, 19, 48, 50, 89, 105, 115 129, 130, 144, 176, 177, 178, 198, 209, 211, 254
University College Johannesburg (U.C.J.) 42, 43
Uniewinkels, Beperk 363, 416
Union Jack 52, 377, 405
University of Central South Africa 7
Urologie 232
Utrecht, Rijksuniversiteit 128, 138, 167, 168, 212, 239 318
Uys, C. J. 121
Vaderland, Die 63
Van Alphen, Prof. G. 128
Van Alphen, I. 26
Van Belkum, Ds. Jac. 165
Van Biljon, F. J. 418
Van Blommestein, Freddie 408
Van Boeschoten, Sir Johannes 5, 15, 24, 26, 70 141
Van Boeschoten, Lady 39, 141
Van Breda, L. P. 418
Van Breda, Mej. 21
Van Broekhuizen, Dr. H. D. 33, 44, 46, 63, 64, 64 66, 104
Van Bruggen, Jochem 104
Van Bruggen, J. R. L. (Kleinjan) 354, 408, 429
Van Dalsen, Mnr. 286
Van Dam, A. 443
Van den Berg, A. 329
Van den Berg, A. J. 314, 315, 329
Van den Berg, Ds. C. L. 407
Van den Heever, Toon 408
Van der Bijl, Dr. H. J. 81, 81, 95, 101, 224, 278
Van der Horstkommissie 254
Van der Horstverslag 43, 211, 255, 318
Van der Keessel, D. G. 181
Van der Lingen, Prof. J. S. 132, 134, 241, 247, 365, 365 366
Van der Merwe 422
Van der Merwe, C. 330, 383
Van der Merwe, Dr. C. 431
Van der Merwe, Prof. C. F. 222, 223, 227, 232, 236
Van der Merwe, C. V. 383, 418
Van der Merwe, Dr. G. S. 222
Van der Merwe, J. 5
Van der Merwe, Dr. J. H 135
Van der Merwe, J. L. A. 418
Van der Merwe, J. X. 417, 431
Van der Merwe, Dr. N. J. 44
Van der Merwe, R. 66
Van der Spuy, A. 431
Van der Spuy, Mej. Marieta 374

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van der Walt, Mej. E. 443
Van der Walt, J. H. 431
Van der Walt, Prof. K. 207
Van der Wath, Dr. J. G. 292
Van der Watt, Mej. Lydia 374
Van der Westhuysen, Prof. H. M. 128, 129, 394
Van Deventer, N. 441
Van Erkom, Oubaas 350
Van Erkoms, Tabakwinkel 349
Van Heerden 422
Van Heerden, A. 435
Van Heerden, Kol. C. J. 212
Van Heerden, H. J. 302
Van Heerden, Prof. J. S. 216
Van Heerden, Dr. Paul 431
Van Heerden, W. 71
Van Leer (Boekwinkel van) 62
Van Loggerenberg, S. 418
Van Rensburg, R. W. J. 425
Van Rensburg, Prof. S. W. J. 213
Van Rhyn, Dr. A. J. R. 83
Van Riebeeck, Jan 366, 367
Van Riebeeckstandbeeld 376
Van Rooy, Prof. D. J. 50, 50, 377
Van Rooyen, K. 100
Van Rooyen, Prof. L. A. 161
Van Ryneveld, Sir Pierre 404
Van Schalkwyk, J. 437
Van Selms, Prof. A. 118, 169
Van Staden, D. J. 418
Van Staden, F. 441
Van Staden, J. M. 441
Van Tonder, Prof. A. J. 241, 246, 247, 247
Van Tonder, C. 359
Van Tonder, Rikus 343
Van Trotsenburg, I. 26
Van Trotsenburg, Mev. 26
Van Velden, Dirk 290
Van Vuuren, B. J. (Koos) 429, 430, 431
Van Vuuren, J. A. J. 440, 441, 441
Van Vuuren, J. P. J. (Fire) 349, 350
Van Warmelo, Prof. P. 182, 185
Van Warmelo, Willem 396
Van Wermeskerken, W. 195
Van Wouw, Anton 103
Van Wyk 411
Van Wyk, Arnold 397
Van Wyk, Louis (Louis Perdeby) 336, 336
Van Zyl, A. H. 336, 386, 405
Van Zyl, Prof. F. J. 167
Van Zyl, G. J. 430, 431
Van Zyl, J. C. 430
Van Zyl, Thys 429
Veale, Dr. H. P. 15, 21, 24, 26, 33, 34, 40, 42, 42, 46, 77, 102, 103, 144, 254
Veale-Findlay-Roos-komitee 302
Veeartsenykunde, Fakulteit ..... 24, 28, 42, 68, 80, 130 144, 147, 149, 157, 196 — 215, 234, 291, 322, 362 368, 400
— Departemente ..... 203 — 215
— Dekane 203
— Vak 197, 199, 204
Veeartsenykundige Plantkunde 207
Veeteelt 54, 148, 150, 155, 163
Veglia, Dr. F. 213
Veldbeheer 214, 215
Veldekologie en -beheer 162
Veldnavorsing 157
Venter, H. 437
Venter, Prof. H. J. 124, 130
Venter, J. 437
Vercueil, P. C. 324
Vereniging van Rekenmeesters, Transvaalse 188, 193
Vereniging van Staatsamptenare 259
Vereniging vir Blindes, Pretoria-tak van die 340
Vereniging vir Ekonomiese Wetenskappe 402
Vereniging vir Evangeliediensgesindes (V.E.G.) 387, 399
Vergelykende Anatomie 204
Vergelykende Godsdienswetenskap 167
Verleger, Prof. H. 134, 242, 245, 282
Verloren van Themaat, Prof. J. P. 186
Vermeulenstraat 253, 255, 257, 261, 328, 381
Verloskunde 213, 228, 233
Verloskunde en Vrouesiektes 228, 233
Vermooten, Prof. I. R. 231
Verpleegkunde 107, 228
Veterinêre Entomologie 213
Veterinêre Korps 403
Veterinêre Medisyne 205, 206, 207
Victoria-kollege 1, 25, 34, 81, 83, 144, 135, 211
Vierkleur 376
Viljoen, Ds. Dirk 407
Viljoen, F. V. 418
Viljoen, Gerrit 330
Viljoen, Prof. H. G. 64, 83, 85, 88, 101, 103, 108, 109 109, 110, 112, 217, 241, 313, 314, 319
Viljoen, Min. J. H. 242, 243
Viljoen, P. J. 329
Viljoen, P. J. J. 329, 418
Viljoen, Prof. P. R. 147, 157, 197, 198, 199, 204, 205, 206 212
Viljoen, Prof. S. P. du T. 193, 411
Viljoen, Dr. W. J. 32, 42, 49, 53, 83, 88
Viljoen-du Chaillon, Mev. 117
Virologie 212
Virussiektes 212
Visagie, J. 431
Vise-Kanselier (Univ. van S.A.) 43
Vise-Kanseliers, sien Onderkanseliers.
Visser 384
Vlakfontein 398
Vleis- en Melkhigiëne 200, 205
Vocamur in Imperium 366, 367
Vocator 332
Voedingsleer 200, 214
Voertaalbeleid (Mediumkwessie) 40, 48 — 73, 82 108, 157, 176, 178, 179, 180, 181, 182, 221, 227
Voetbal, sien Rugbyvoetbal.
Vogel, Dr. J. C. 242
Voigts, H. 443
Volkebondsunie 334
Volkekunde 99, 122, 187, 192, 275, 307
Volkekunde, Toegepaste 99, 122, 192
Volkekundige Vereniging 387, 401
Volkereg 185, 192
Volksgesondheid 228, 233, 405
Volkskasbeker 434
Volkspelelaer 395
Volksteater 383
Volksstem, De, ... 2, 26, 32, 70, 146, 164
Von Krosigk, Mej. J. 443
Voorlopige Geneeskundige Woordelys 213
Voorslag 358
Voorslaggeselskap 395
Voorslag-vereniging 395, 396
Voortrekkerbeweging 405
Voortrekkereeufees 293
Voortrekkermonument 87, 309, 368, 386
Voortrekkers 61, 332, 368
Voortrekkers Universiteits Gedenksaal 293
Voortrekkertehuis 290, 291, 369
Voortrekkeruniversiteit 87, 261, 332, 368, 369
Voortrekkerwa 345
Vorster, J. 90, 395, 413
Vorster, Prof. J. A. 242, 244, 245, 246
Vorster, J. H. 405, 433
Vorster, M. Steyn 62
Vorster, P. J. C. 104
Voss, Dr. V. 134, 135, 312, 422
Vriendekring, ... 219
Vroue-Nasionale Party, ... 63
Vrouesiektes en Verloskunde 286
Vrugtenavorsingstasie, Stellenbosch 162
Vryburg, ... 157, 198, 205, 210
V.S.R., sien Studenteraad.
V.S.R. van Wits 347, 353
V.V.O. 95
V.V.O.-Kinderfonds 340
Vyftig-vyftigbeleid ..... 58 — 60, 65, 66, 70, 110
Waaksaamheidskomitee 68
Waarheen 381
Wager, Prof. H. A. 16, 21, 25, 36, 137, 138, 139 279
Wagner, A. 323, 324
Wagner, Hettie 355
Wagner, Dr. L. H. 222
Walker, H. S. 327, 418
Walker, Prof. W. J. 320
Wallabies 430
Wallis, Prof. J. P. R. 42, 62, 63, 64, 65, 66, 69 108, 110, 110, 111, 219, 313, 319, 372, 391, 410
Walwyn, Mej. A. 432
Wapen, Sien Universiteitsleuse.
War, Wine and Women 60, 61, 62, 63
Ware, Fabian 4
Ware-kommissie 4
Wassenaar, A. D. 404
Wassenaar, Dr. Theo 71, 127, 221, 222, 223, 225, 227
Wasserthal, Nick 442, 443, 443
Waterjool 341
Watermeyerhuis 291
Waterpolo 419, 439
Weavind, Eerw. 26
Webber, H. P. 193, 195
Weerkunde, ... 120, 154
Weerkundekantoor 264, 271
Weidingsleer 155, 162, 163
Weinthal, Leo 13
Weir, Mej. M. 439
Weiss, Dr. P. F. D. 118
Wepener, F. J. 296, 310, 322
Werkgemeenskap ter Bevordering van die Opvoedkunde as Wetenskap 218
Weskoppies 231, 280

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wesleyaanse Kerk 153, 165
Wesleyaanse Sending 150, 151
Wessels, Mej. 332
Wessels, A. **444**
Wessels, B. Z. 243, 302
Wessels, J. J. 445
Wessels, Sir Johannes W. 7, 9, 15, 17, 21, 23 24, 24, 40, 48, 102, 145, 176, 299,
Wessels, N. (Klasie) 434
Wessels, W. G. 431
Westerdijk, Prof. Johanna 279
Wet No. 5 van 1858 1
Wet No. 13 van 1873 1
Wet No. 4 van 1874 (Z.A.R.) 1
Wet No. 1 van 1882 (Z.A.R.) 1
Wet No. 8 van 1892 (Z.A.R.) 3
Wet No. 6 van 1896 (Kaap) 3
Wet No. 1 van 1910 (Tvl.) (Transvaalse Universiteit-inlywingswet ..... v, 23, 25, 40
Wet No. 2 van 1910 (Tvl.) 23, 24, 143, 144, 145
Wet No. 4 van 1910 (Tvl.) 23
Wet No. 12 van 1916 ..... v, 41
Wet No. 20 van 1917 ..... 24, 36, 42
Wet No. 13 van 1930 ..... 44, 92
Wet No. 27 van 1930 92
Wetenskaplike Blad 333, 334
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.) 134, 153, 212, 228, 239, 243, 304
Wetenskaplike Raad vir Afrika besuide die Sahara 212
Wet op Beskerming van Name, Uniforms en Wapens 363 366
White Elephant 393
Wiehahn, Dr. B. S. 194
Wie, Wat, Waar 380
Wilcocks, Prof. R. W. 83
Wilcocks-trofee 432
Wilfred Saint-Mandé ..... 60 — 63
Wilkinson, Dr. **46**
Willemse, Dr. J. 137
Willemse, Prof. W. A. **119**, 119, 217, 218, 220, 386
Winter's Tale, The 12
Wis- en Natuurkunde, Fakulteit ..... 3, 8, 28, 76 90, 96, 119, 126, 130 — 143, 153, 196, 198, 215 226, 229, 241, 242, 245, 247, 248, 272, 280, 299
— Departemente ..... 132 — 143
— Dekane ..... 131 — 132
Wiskunde ..... 4, 9, 13, 15, 16, 114, 130, 132, 133 135 — 136, 140, 141, 448
Wiskundige Statistiek 130
Witsies **352**, 352, 356
Witwatersrand Council of Education 4, 5, 7
W. J. Leyds-Historiese Vereniging 400
Woest, Mej. J. **435**
Wolmarans, A. D. W. 3
Wolmarans, Prof. H. P. 165, **167**, 167, 175, **427**
Wonderboom-kiesafdeling 35, 44
Woordkuns 394, 396
Wyers, Mej. Dien 408
Wijnholds, Prof. H. W. J. 196, 438
Wysbegeerte (sien ook Filosofie) ..... 6, 15, 16, 93 94, 113 — 114, 117, 118, 119, 165, 191, 249, 282
Wysbegeerte van die Godsdiens 166, 167, 170
Wysigingswet op Wet No. 13 van 1930 (1957) 76
You never Can Tell 391
Young, S. E. 373, 418
Yskor, sien S.A. Yster- en Staalkorporasie.
Yskor-instituut vir Bestuur en Administrasie 263

Zeeman, M. M. 431
Zeerust 93
Ziady, Dr. F. 431
Zietsman, P. J. 136
Zimbabwe 309
Zimbabwekultuurgebied 123
Zoeloe 121, 122, 187
Zoete Inval 341
Zorn, P. W. 18, 26, 110, 388, **432**
Zoutpan (weidingstasie) 154, 201
Zuid-Afrikaansche Hospitaal en Diakonessenhuis 340
Zuid-Afrikaansche Republiek 1, 3, 164, 196, 210 264
Zürich, Universiteit 211

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DIE NOMMER VAN HIERDIE BOEK IS: NR. 24

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021